

1988

01 01



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - BIBLIOTEK



\*198804518501220100013\*

D I E O W E R H E I D S T A A K.

deur

FRANCOIS JAKOBUS HENDRIK WESSELS, M.A.

Akademiese Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad van Doctor Philosophiae in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte (Departement Staatsleer) aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein, Augustus 1957.

Promotor : Prof. H.J. Strauss, Drs. Jur. ( V.U. Amsterdam).

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

- 7 MAR 1958

KIT 320.1 WES

No.

BIBLIOTEEK

WOORD VOORAF:

Met die indiening van hierdie proefskrif is dit 'n behoefte van die hart om my dank te betuig aan my promotor, Prof. H. J. Strauss, vir die geduldige en toegewyde prinsipiële leiding, wat die studieveld wat ek moes dek toeganklik en verrykend gemaak het.

Aan my vrou, wie se opofferinge deur die lange jare van studie, my inspirerend geskraag het, wil ek verder dank betuig.

Boweal my dank aan God, die Allerhoogste, vir die genade om die Skrifgeloof te kan indra in my wetenskaplike arbeid.

Aan Danie en Annatjie, wat later sal verstaan, wil ek hierdie werk opdra met die bede dat die reformatoriese waarhede — wat op 'n dieper dimensie as die rede geleë is — deur Gods genade ook hulle deel sal wees.

---

Bloemfontein,  
Februarie 1957.

I N H O U D S O P G A W E .

bls.

INLEIDING ... .. i-v

HOOFSTUK I.

PRINSIPIËLE GRONDSLAE VAN DIE BENADERING VAN  
DIE OWERHEIDSTAAK IN DIE LIG VAN DIE CALVINIS-  
TIESE WYSBEGEERTE ... .. 1 - 166

A. SIGNALERING VAN 'N KRISIS IN DIE WESTERSE  
BESKAWING :

(I) Ter Inleiding	1
(II) Aprioriese Verantwoording	7
(III) Toenemende Ontkerstening	12
(IV) Struktuurverwoesting	17
(V) Die Gesagskrisis	23
(VI) Beskawingsontwikkeling in die lig van die Christelike Wysbegeerte:	
(a) Prinsipiële Begripsbepalings	31
(b) Primitiwiteit en Ontsluiting	36
(c) Beskawing en Kultuur	42
(d) Periodisering in die Beskawings- ontwikkeling	61

B. DIE CHRISTELIKE LEER VAN DIE STRUKTURE VAN DIE  
MENSLIKE SAMELEWING :

(I) Inleidend : Die Individualiteitstruk- tuur van die Tydelike dinge	69
(II) Die Individualiteitstruktuur van die menslike samelewingsvorme :	
(i) Begripsbepalings	74
(ii) Verbandsteorie van die Immanen- siefilosofie	76
(iii) Die normatiewe individualiteit- struktuur van die samelewing- vorme	85
(iv) 'n Tipiese bioties-gefundeerde verbandstruktuur	89
(v) (a) Samelewingsvorme met ongedif- ferensieerde Bestemmingsfunk- sie	92
(b) Institutêre en Maatskaplike Verbandsvorme	97
(vi) Die Individualiteitstruktuur van die Staatsverband :	
(a) Inleidende Opmerkings	103
(b) (i) Die Staatsverband : Fundering	109
(ii) Die Staatsverband : Bestemmingsfunksie	114
(c) Soewereiniteit in eie kring, Universaliteit en Enkapsis	125

C. DIE OWERHEID:

(I) Die Owerheid en die Staat	138
(II) Die Owerheid — Algemene Taak	146
(III) Die Owerheid — Geheeltaak	156
(IV) Slotopmerkings	164

/Hoofstuk II.....

## HOOFSTUK II.

<u>DIE OWERHEIDSTAAK -- ANTIEKE MONARGIE TOT</u>		bls.
<u>DIE RENAISSANCE</u> .....	167-304	
(I) Inleidend .....	167	
(II) Die Antieke Monargie .....	170	
(III) Die Semitiese Staatsorganisasie -- Israel 'n Keerpunt .....	186	
(IV) Die Klassieke Burgerstaat .....	197	
(V) Die Romeinse Imperium .....	211	
(VI) Die Koms van die Christendom -- 'n Nuwe Era .....	227	
(VII) Die Middeleeue : (a) Die Vroeg-middeleeue .....	245	
(b) Die Middeleeuse eenheidskultuur -- Die Staatlike Owerheidstaak misken..	257	
(VIII) Die Renaissance .....	281	

## HOOFSTUK III.

<u>DIE OWERHEIDSTAAK -- ONTWORSTELING AAN DIE</u>		
<u>ABSOLUTISME</u> .....	304-388	

### AFDELING I.

#### DIE REFORMASIE.

A. Inleiding .....	304
B. (i) Religieuse Stellingname .....	308
(ii) Martin Luther .....	313
(iii) Die Owerheidstaak by Calvyn .....	323
(iv) Die Monargvegters .....	336

### AFDELING II.

#### DIE HUMANISME.

##### A. VOORTGESETTE STAATSABSOLUTISME :

(I) Inleiding .....	341
(II) Die Antiek-monargale lyn voorgesit in Staatsraison : (i) Filosofiese grondslae .....	343
(ii) Merkantilisme as konsekwensie van staatsraison...	350

##### B. DIE HUMANISTIESE REGSTAATSGEDAGTE :

(I) Filosofiese denkrigtings.....	364
(II) Verset teen merkantilisme ..	371

### AFDELING III.

##### A. DIE REVOLUSIONÊRE TYDPERK .....

##### B. DIE WERELDBEEELD AAN DIE EINDE VAN DIE 18de EEU .....

## HOOFSTUK IV.

DIE OWERHEIDSTAAK IN DIE 19de EN 20ste EEUE.... 389-507.

### AFDELING I.

#### REAKSIE EN LIBERALISTIESE KONSOLIDASIE :

A. (i) Inleidend ... ..	389
(ii) Filosofiese Tendense — juridiese absolutisme en relativisme :	
(a) Religiöse Historisme .. ..	393
(b) Historiese Idealisme ...op weg na Universalisme .. ..	402
(c) Juridiese Staatsrelatiewe in sy liberalistiese fase — die Utilitarisme ... ..	414
B. <u>DIE OWERHEIDSTAAK VAN DIE REAKSIE IN SY PRAKTIESE BESLAG :</u>	
I. Die Reaksionêre Beleid ... ..	424
II. Die vestiging van Konstitusionele Demokrasie ... ..	432

### AFDELING II.

#### A. DIE VERVAL VAN DIE DEMOKRATIESE REGSTAAT :

I. Opkoms van die Sosialistiese Staatsfilo- sophie in die lyn van juridiese Staats- absolutisme ... ..	441
II. Utopiese Sosialisme ... Voortgesette nihilisme ... ..	445
III. Die Proletariese en Wetenskaplike Sosialisme-Totalitarisme ....	449
IV. Die Nasionaal Sosialisme — Trans- personalisme van die totalitêre, nasionale solidariteit .. ..	458
V. Die Fasjisme en die Falangisme — Voortgesette Staatsoewereiniteit, soteriologies-absoluut gekonsipi- eer, Pluralisties na die formele sy...	461

#### B. LIBERALISTIESE EN REVOLUSIONÊR-DEMOKRATIESE VERWEER TEEN DIE TOTALITARISME ... ..

I. Politieke Pluralisme (Korporatiewe)...	476
II. Planning — Die Welsynstaat — Revo- lusionêr-demokratiese verweer ... ..	487
III. Die Groepisme — 'n Middeweg .. ..	496

#### C. SAMEVATTING EN KONKLUSIE ... ..

HOOFSTUK V.

	bls.
<u>DIE OWERHEIDSTAAK -- TEORETIESE BENADERINGS EN PRAKTIESE NEERSLAE IN DIE MCDERNE TYD...</u>	508-621.
A. INLEIDEND...	508
B. <u>DIE LIBERALE VISIE OP DIE OWERHEIDSTAAK :</u>	
(I) Ter Inleiding .....	509
(II) Die 19de Eeuse Liberalisme in 'n Tweede Fase .....	510
(III) Die Liberale Visie- Aftakeling van die Klassieke Natuurregsleer.....	514
(IV) Die Neo-Liberalisme -- Sosiaal-liberale ombuiging met relativering van die regstaatsidee .....	520
(V) Slot ...	540
C. <u>DIE SOSIALISTIESE VISIE OP DIE OWERHEIDSTAAK.:</u>	
(I) Ter Inleiding .....	545
(II) Funksionele Desentralisasie bied geen begrensing van die owerheidstaak nie ...	547
D. <u>DIE THOMISTIESE VISIE OP DIE OWERHEIDSTAAK:</u>	
(I) Ter Inleiding .....	560
(II) Die Subsidiariteitsbeginsel as begrensing van die Owerheidstaak .....	563
(III) Die Neo-Thomisme ...	577
E. <u>PRAKTIESE ASPEKTE VAN DIE OWERHEIDSTAAK IN DIE 20STE EEU :</u>	
(I) Ter Inleiding ...	584
(II) Die Owerheidstaak en die Gesinsverband .....	586
(III) Opheldering ten opsigte van Staatstoetrede tot die Ekonomiese en Bedryfslewe in die 20ste eeu ,.....	604
(IV) Klassifikasie in die kader van die Owerheidstaak .....	617



HOOFSTUK VI.

	bls.
<u>DIE ONTWIKKELING VAN DIE CALVINISTIESE VISIE OP DIE OWERHEIDSTAAK</u> . . . . .	622-748
A. TER INLEIDING . . . . .	622
B. I. Dr. Abraham Kuyper : Breë Uitstippeling . . . . .	627
II. Die Owerheidstaak by Anema, Talma, Sikkel en Colyn . . . . .	643
III. Die Owerheidstaak by Smeenk . . . . .	663
C. I. Die Owerheidstaak by Prof. Herman Dooyeweerd . . . . .	672
II. Die Owerheidstaak by K. Groen en W. Berghuis . . . . .	681
III. Die bydrae van Antonie Donner . . . . .	692
IV. Die Owerheidstaak by G.H. Polet . . . . .	703
V. Die Owerheidstaak by Ir. H. van Riessen . . . . .	708
D. <u>DIE BYDRAE VAN SUID-AFRIKAANSE CALVINISTE</u> :	
I. Prof. L.J. du Plessis . . . . .	716
II. Die Owerheidstaak by Prof. Herman Strauss . . . . .	732
E. <u>SLOTOPMERKING</u> . . . . .	748

HOOFSTUK VII.

<u>DIE OWERHEIDSTAAK — KONKLUSIE EN TOE- SPITSING</u> . . . . .	749-785
A. <u>DIE GRONDGEDAGTES UIT CALVINISTIESE HUIS</u> . . . . .	749
(I) Soewereiniteit in eie kring . . . . .	750
(II) Die Owerheidstaak en beskawingstoestand . . . . .	754
(III) Die Owerheidstaak en die owerheids- persoon . . . . .	757
(IV) Die Owerheidstaak en die Algemene Belang . . . . .	761
B. <u>TOESPITSING OP ENKELE SUID-AFRIKAANSE PROBLEME</u> :	
(I) Die Beskawingsprobleme . . . . .	763
(II) Arbeidsprobleme . . . . .	772
(III) Toetrede van die Staat tot die Nywerheidslewe . . . . .	774
(IV) Algemeen . . . . .	780
C. <u>SLOT</u> . . . . .	782
BOEKELYS . . . . .	785-809

## I N L E I D I N G.

Ons beleef 'n tydperk waarin die opkomende sosialisme, in sy totalitêre gewaad, die ganse lewe vinnig verstaatlik. Alle owerhede wat sig in hierdie stroomversnelling bevind, doen lustig mee aan praktyke wat daarop dui dat aan die beginsel van individuele inisiatief, ook in die Westerse demokrasië, nog slegs lippediens bewys word, en juis omdat ons samelewingsorde struktureel so verwoes is deur die voorafgaande heerskappy van die individualistiese humanisme, is dit beslis 'n moeilike probleem om vas te stel waaraan die owerheid prakties sy hand mag lê en waaraan nie.

Die vraag na die owerheidstaak was derhalwe nog nooit so aktueel as vandag nie. Nie alleen dring die atoom-eeu nuwe tegniese take op aan die owerhede nie, maar steeds meer en meer word besef dat die opkoms van die sosialistiese strominge, wat na 'n totalitêre owerheidstaak strewe, 'n gevaarlike eindbestemming het. Duidelik word die humanitas-owerheid, weer soteriologies gekonsepioneer, ja dit het die nuwe afgod geword. So word ons gekonfronteer met die situasie waarin die Christendom sig aanvanklik bevind het — die keisergod teen die ware God; die diktator teen die Here, die anti-chris teenoor die Christus.

Teoreties-prinsipiëel moet ons dus daarna strewe om 'n owerheidstaak te postuleer wat hierdie totalitêre neiging in die wortel kan afsny, en terselfdertyd reg laat geskied aan die faktiese behoeftes van die staatsvolk van elke owerheid. Hier doem twee aspekte na vore : eerstens die taak van die owerheid in algemene sin, soos dit te bespeur en te ontdek is in die normatiewe struktuur van die staatsverband en sy verhouding tot nie-staatlike lewensvorme; en tweedens die taak van elke bepaalde

owerheid in besondere sin. Hier word vereis dat die taak en verantwoordelikheid van die ampsdraer in elke situasie verreken word, waar nie alleen die posisie van die burgery meetel nie, maar ook gewaak moet word daarteen om te skuil agter 'n onpersoonlike staat, want die hele onpersoonlike inslag in ons politieke denke is die gevolg van 'n humanistiese ontvlugting van alle verantwoordelikheid voor God.

In ons benadering van die owerheidstaak wil ons dan rekening hou met die struktuur van die samelewingsorde, en die geindividualiseerde lewensvorme, teneinde vanuit die struktuurprinsipe van die staat sy tipiese taak te bepaal, maar om terselfdertyd die begrensing van daardie taak teenoor die nie-staatlike lewensvorme — wat aan ons naiewe ervaring so reël voorkom — te bepaal. In hierdie opsig wil ons dan beklemtoon dat ons die strukturele probleme benader vanuit die hoek van die Calvinistiese kosmologie.

Hierdie eerste tetiese benadering van die owerheidstaak wil ons egter vooraf eers histories ook toets aan die praktyk van staatsowerhede, teneinde te illustreer dat die tipiese owerheidstaak deur alle eeue heen gehandhaaf is. Waar ons egter binne die raam van ons geheelbeeld, ook die raakpunte tussen staat en nie-staat naief ervaar, sal ons die probleme van enkaptiese vervlegting moet verreken, waardeur die staat wel sferes bestryk wat buite die grense van sy juridiese bestemmingsfunksie geleë is. Hierdie aspek van die owerheidstaak verdien egter nadere toeligting en opheldering.

Daarom is dit nodig om 'n basis te vind waarop 'n owerheid buite die kader van die strukturele grense van die staatsverband moet optree. Ons meen dat ons in hierdie studie en in dié opsig veral die aandag sal kan vestig op die intieme verband wat daar sowel histories

as prinsipieel aan te dui is tussen die beskawingstoestand van die burgery en die owerheidstaak, in soverre as wat die taak van dié owerheid wat oor 'n betreklike selfstandige en veerkragtige staatsvolk regeer, 'n heerliker en makliker taak is, as die taak van die owerheid van 'n onaktiewe burgery, soos geillustreer in die primitiewe gemeenskappe, of by die moderne humanistiese ontworteldes met hulle swewende ongeloof.

Daarom is dit nodig dat ons spesifiek aandag skenk aan beskawingsontwikkeling, en dan wel soos dit ten diepste bepaal word deur die religie. Dit is trouens juis ons doel om aan te dui dat die Christelike religie die enigste bolwerk teen totalitarisme bied. In hierdie verband is dit nodig dat ons die breë grondslag wat deur Dooyeweerd gelê is vir 'n Christelike siening van die proses van beskawingsontwikkeling, nader uitwerk — die verantwoordelikheid daarvoor is natuurlik ons eie. Aan die hand van 'n beskawingsontwikkelingsteorie, wil ons dan die historiese praktyke van owerhede noukeurig naspeur, teneinde hierdie verband tussen religie, beskawing en owerheidstaak aan te dui. Trouens dit is nou ook nodig om in die lig van die Christelike religie 'n tweede aspek van die owerheidstaak te beklemtoon, naamlik die taak van elke owerheid as geroepene van die Allerhoogste, binne die kader ook van die priesterskap van alle gelowiges. Daartoe bied alleen die Christelike religie die moontlikheid.

Dit is trouens een van die onderskeidende kenmerke van die Calvinistiese konsepsie van die owerheidstaak, dat die owerheidspersoon as geroepene van God, verreken word. Daarom sal ook ons in die lig hiervan alle verwysing na 'n onpersoonlike staat vermy, en 'n geheeltaak-konsepsie van die owerheid handhaaf, as noodsaaklike opheldering van die struktureel-kosmologiese benadering daarvan.

Rekenskap sal gegee moet word van die opvattinge van staatsfilosowe deur die eeue heen, juis omdat ons meen dat die staatsfilosofiese gedagtes in engere sin, gepaard met die breë religieuse strominge waarin dit ingebed was en is, die praktiese gang van state alleen in soverre gerig het as wat die beskawingstoestand van die burgery, daarvan vergestaltung was. So sal ons inderdaad twee grondlyne moet volg : eerstens, 'n samehang tussen owerheids-taak en beskawingsontwikkeling, en tweedens die samehang tussen owerheidstaak en religieuse onderbou. Vanuit hierdie laaste hoek sal ons dan moet verreken die visie op die owerheidstaak, soos dit vanuit eie religieuse grondmotief, aangebied word deur elk van die vernaamste moderne strominge — Calvinisme, Rooms-katolisisme, liberalisme en sosialisme. In besonder sal ons die ontwikkelingsgang van hierdie strominge moet naspur, totdat ons almal eindelijk teenoor die Calvinisme weeg, en so die vraag na die owerheidstaak ook langs dié weg verder ophelder.

Die breë opset van ons studie, en die omvangryke materiaal wat daartoe verwerk moes word — sowel filosofies as histories — word daarin geregverdig dat by die toepassing van die transsendentale kritiek, ons die praktyk van owerhede deur die eeue heen kan bepaal aan die hand van die vier religieuse grondmotiewe, wat die Westerse beskawingsontwikkeling ten diepste bepaal het. Met hierdie metode is dit wel moontlik om 'n helder visie te verkry, in oorweldigende en oënskynlik verwarrende historiese data. Daarom bied ons nie 'n relaas van die hele beskawingsgeskiedenis nie, maar slegs sprekende en verteenwoordigende voorbeelde van owerheidsoptrede in die lig van die beskawingstoestand van die burgery en die religieuse bepaaldheid van sowel die burgery en die owerheids-persoon, as die beskawing wat hulle deelagtig is.

Ten slotte wil ons ons teitiese benaderinge toespits op enkele Suid-Afrikaanse probleme. Juis omdat ons burgery op wisselende stadia en koers van beskawingsontwikkeling verkeer, sal die verband tussen religie, beskawingsontwikkeling en owerheidstaak hierduidelik spreek. In laaste instansie wil ons deurgaans aandui dat beskawingsverval steeds gepaard gaan met 'n religieuse wortel-verval, en dat ons Westerse beskawing, in 'n krisis verkeer as gevolg van 'n wortelontaarding. Dit verklaar die aanleuning van die burgery teen die owerheid, wat as gevolg van massalisasie en élitevorming onder die burgery, 'n alomvattende owerheidstaak aanvaar. Hierin veral die verowering van ekonomiese mag, wat tesame met die funderende swaardmag, aan die staat 'n Leviathans-posisie gee, wat dui op die eindstaat van die anti-chris.

Deurgaans wil ons dan die antitese handhaaf, waarin die owerheidstaak steeds religieus gerig sal wees in 'n beslissende stellingkeuse, tussen die ryk van Christus en die ryk van die anti-chris.

---

## HOOFSTUK 1.

### PRINSIPIËLE GRONDSLAE VAN DIE BENADERING VAN DIE OWERHEIDSTAAK IN DIE LIG VAN DIE CALVINIS- TIESE WYSBEGEERTE.

#### A. SIGNALERING VAN DIE BETEKENIS VAN DIE KRISIS IN DIE WESTERSE BESKAWING VIR DIE STAAT.

##### 1. TER INLEIDING :

"Het is door den geest der eeuwen, dat  
de geest der eeuw moet worden geoordeeld."

(Groen van Prinsterer.<sup>1)</sup>)

Groen se beskouing van die revolusie is gedra deur die oortuiging dat die geskiedenis voor alles die verwerkliking is van beginsels en begrippe. Die gebeurtenisse is dan inderdaad die omtrek en vorme waarin die gestadige werking van die tydsgees sig openbaar.<sup>2)</sup> Immers die eerste helfte van ons eeu is gereed om beoordeel te word. Die katastrofale tydperk, in sy hoogtepunte en laagwatermerke, sy golwing en deining, moet onder die sistematiese insig, die revue passeer, teneinde die verskil in drakrag en trefwydte van die probleme (en dit wat ter oplossing aangebied is) te ontdek, maar boweal om relief in die oënskynlik onoorsigtelike veelheid te verkry. Voor ons staan ge-ets, die uitstaande gebeurtenisse en struktuurvorme van die samelewingsorde van 'n tydperk, waarin 'n mensheid in die gewaad van humanistiese oormoed, geen plek vir Gods leiding in die wêreldhistorie ingeruim het nie,<sup>2(a)</sup>

1) Diepenhorst P.A., bewerkt door, Ongeloof en Revolusie, Mr. Groen van Prinsterer, Kampen, 1922, bls.29.

2) Dooyeweerd H., 't Historische Element in Groen's staatsleer, Groen's Ongeloof en Revolusie, Wageningen, 1949, bls.25.

2a) Dooyeweerd H., Wysbegeerte der Wetsidee, Vol.II, H.J., Paris, Amsterdam, 1935, bls.218-9. "In het ruime perspektief der wereldgeschiedenis vervliegt de schijn, dat het vormingsproces wetteloos zou verlopen en dat de mensch soverain over de historische roepingsmacht zou kunnen beschikken." Sien ook bls.186-7 vir die "romantisch quietistiese" opvatting wat deur die Calvinisme verwerp word. Vgl. A New Critique of Theoretical Thought, Vertaling Freeman en de Jongste, Uitgevers Paris, Amsterdam, 1955, bls.290.

en tog nou reeds, onttooi van sy selfversekerdheid, onder die druk van die katastrofes van twee wêreldoorloë, dobber die-selwde Faustiese mensheid ankerloos op die grimmige golwe van sy nihilistiese afval-religie. 'n Vertwyfelde kultuur-mens wat in die uitsigloosheid van sy bestaan,<sup>3)</sup> ook nog dië perspektief ontbreek, dat die geskiedenis die slagveld is en bly tussen die ryk van God en die ryk van die duisternis.<sup>4)</sup>

Op staatkundige gebied het die deterministiese wetenskaps-beskouing in hierdie tydperk vergestalt in die totalitêre staatsvorm. Rusland verkeer sedert 1918 in die wurggreep van ekonomiese materialisme, waarin hy 'n kettingreeks satelliete — van Berlyn tot Wladiwostok — meegesleur het. Italië — bakermat van die rooms-katolisisme — gee homself tussen die jare 1922-1945 oor aan die korporatiewe staat van Mussolini. Die Nazi-régime in Duitsland (1933-1945) demonstreer die ont-sporing van gesag en ontaarding van die maatskaplike struktuur ten beste. Spanje verkeer sedert 1936 nog wesenlik onder die hiel van daardie kombinasie van nasionalisme, sindikalisme en tradisionalistiese rooms-katolisisme, bekend as die Falangisme. Is die totalitarisme in hierdie voorbeelde bruut en skerp geteken, dan is sy onheilige intog in die Westerse demokrasië, daarom nie veel minder kenbaar nie. Hoewel nog in die ge-waad van 'n engel van die lig, is dirigisme, beplanning, burokratisering, regimentasie, staatsosialisme — die uiter-like kentekens van die „Welfare State“ — die naakte totali-tarisme.

3) Spier J.M., Calvinisme en Existensie-philosophie, J.H. Kok, Kampen, 1951, bls.7.

4) Dooyeweerd H., De Crisis in de Humanistische Staatsleer in het licht eener Calvinistische kosmologie en kennis-leer. Boekhandel W.Ten Have, Amsterdam, 1931, bls.133. Vgl. Ook A New Critique of Theoretical Thought Vol.11, bls.294. „In the religious root of our cosmos (hence also in the root of the whole of historical development) irreconcilable war is waged between the civitas Dei and the civitas terrena.“



Die beloofde verlossing van die mens, deur verwydering van sy materiële nood, het geskied tenkoste van sy vryheid en geloof. Die almagtige staat, die nuwe Leviathan, het die milieu geskep "Waarin de zorgen weggenomen zijn, en de buiten de mens om verschafte bestaanszekerheid de boog der vryheid ontspannen heeft — dat is het milieu van de massamens." 5)

Waar die totalitêre staat die omtrek en vorm van die tydsgees van ons eeu vergestalt, moet ons daaruit eerstens die ontwikkeling van die samelewingsorde leer ken, en tweedens die tendense wat in 'n bepaalde rigting glooi. Hiervoor het ons egter meer nodig as net kennis van feite. Die geselekteerde feite moet geïnterpreteer word, en juis hierin sal die lewens- en wêreldbeskouing van die ondersoeker beslissend wees. Derhalwe sal ons vooraf rekenskap moet gee van die toetssteen aangelê by ons ondersoek. 6) Huizinga kla tereg dat die historiese wetenskap ly "aan het euvel van een onvoldoende formulering der vragen." 7) Ons meen dat die probleem in der waarheid daarin geleë is dat interpretasie in die lig van die religieuse apriori van die historikus, agterweë bly as gevolg van 'n valse objektiwiteitswaan. Ons gaan ook die weg volg van deskripsie en analiese — insameling en groepering van feite. Ons evaluasie (beoordeling) sal egter geskied in terme van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing. 8) Ons toekomspektief sal verder nie gegiet wees in abstrakte, selfgeformuleerde teorieë (utopies!) nie, maar as transsendentale sekerheid, uit die Goddelike Woordopenbaring — "in U lig" — , sal ons verwagtinge in aanskoue oorgaan.

5) Van Riessen, Ir.H., de Maatschappij der Toekomst, T. Wever, Franeker, 1952, bls.201.

6) Van Riessen, Ir.H., a.w., bls.77.

7) Huizinga P., Wetenschap der Geschiedenis en Histiografie, Verzamelde Werken, Vol.VII, Haarlem, 1935, bls.54.

8) Teenoor die bekende metode van Seeley — Description, inductive reasoning, factual data — analysis — waarop inwerk theory, deductive reasoning, abstract concepts — evaluation, sien Lipson L., Great Issues of Politics, Prentice Hall, New York, 1954.

Die tendens van totalitarisme wat ons opmerkzaamheid nie kan ontsnap nie, is tiperend van die samelewingsvorme. Met behulp van wetenskap en tegniek word die wiekslag van die owerheidstaak alomvattend gemaak en die daarmee gepaardgaande ordening, beplanning, kontrolering, dissipline, kollektivering en nivellering van alle lewensvorme roep 'n geestesgesteldheid by die mensheid na vore, wat sig openbaar, "als een plaatsmaken van de mens die zekerheid vraagt en verantwoordelijkheid overdraagt." <sup>9)</sup> Ten diepste gaan dit egter alles om 'n konsentrasie van bevoegdhede <sup>10)</sup> en verantwoordelikhede wat die burgery verloor na gelang die owerheid sy ekspansie-sug uitbrei van die politieke na die ekonomiese terrein en vandaar na alle ander lewensterreine. Wie deur normloosheid aangetas is, weet uiteindelik nie meer waar die grense van welvoeglikheid lê nie. Hierdie stelling is mutatis mutandis ook op staatkundige terrein waar.

'n Betroubare regstaatsidee kan die humanistiese denkers en staatsmanne nie lewer nie, en vraagstukke word opgelos deur wisselende praktiese insig -- 'n twyfelsug wat ook in godsdiens, sedelikheid en reg merkbaar is. <sup>11)</sup> By gebrek aan norme en strukturele grense, moet ons konstateer dat dit duidelik merkbaar is dat die knooppunte in die magsverdeling oor die vitale dele van die gehele samelewingsorde in verbasend korte tydsbestek, in die hande van die staatsowerheid beland het. <sup>12)</sup> Daardeur het die owerheid ook die verantwoordelikheid aanvaar

9) Van Riessen Ir.H., a.w., bls.62. (Oms kursiveer). Immers 'n normlose, passiewe massa kan in sosiale sin beheers word en tot sosiale marionet word. Vgl. Andre Siegfried, Een Nieuwe Wereld, Echo, Junie 1947, bls.423. Die verlies van vryheid sien hy as alles omring word met "geboden en verboden", waarmee wetenskaplike "planning" saamhang. Hy dink aan kollektivering t.o.v. water, gas, lig ens.

10) Röpke W., Masz und Mitte, 1950, bls.106. Hy ag hierdie konsentrasie van gesag die grootste probleem van ons tyd.

11) Diepenhorst P.A., Ongeloof en Revolusie, bls.12.

12) Van Riessen Ir.H., Reeping en Probleem der Techniek, J.H. Kok, Kampen, 1952, bls.48.

vir die instandhouding van ekonomiese welvaart en verskaffing van bestaansbeveiliging aan die bevolking.<sup>13)</sup> Die afhanklikheid van die Europese burger van die staat, het in die jongste tyd die tradisionele middelklas laat verdwyn — "a slow erosion over half a century, though accelerated by the war, and epitomized by the garrison state of modern totalitarianism, it is not just a phenomenon of dictatorial nations, past or present."<sup>14)</sup>

Toenemende owerheidsbemoeiing bring na die mening van talle skrywers, dus 'n geestelike disintegrasie,<sup>15)</sup> waardeur dwang van owerheidsweë byvoorbaat uitgeskakel word deur dié mens wat self aandring op oordrag van verantwoordelikheid, en aldus langsaam opgaan in die kollektiwiteit, d.w.s. in veruitwendiging en historiese ontworteling.<sup>16)</sup> In die loop van hierdie studie meen ons egter dat ons sal kan aantoon dat hierdie geestelike erosie nie bloot gevolg van owerheidsbemoeiing is nie, maar eers oorsaak en dan gevolg. Die Westerse samelewing het juis opgebloei danksy die vrymaking van die mens van owerheidsoorheersing — sowel wat betref sy persoon as wat betref sy samelewingsvorme.<sup>17)</sup> Dit was die voorwaarde vir die ontstaan van 'n ryke verskeidenheid van inisiatief wat sig manifesteer het in 'n kleurvolle skakering van kultuurhandelinge. Hierdie erfenis word tans gesloop.

13) Mills F.C., The Outlook for Freedom, Proceedings of Academy of Political Science, Vol. XXIV No.1, 1950, bls.38.

14) Neumann S., Statism in Europe, Acad. of Pol. Science, Vol. XXIV No.1, 1950, bls.20.

15) Vgl. vir S. Afrika onder andere Cilliers A.C., Life on the Sigmoid Vol. I, The Problem of Growth, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1946, bls.262. "It is basically a moral crisis and not primarily an economic crisis." "Deflationary dissatisfaction follow in the wake of inflationary satisfaction." (Ons kursiveer).

16) Van Riessen Ir. H., Maatschappy der Toekomst, bls.200.

17) Sien veral Kuyper A., De Overheid, Locus de Magistratu, J.H.Kok, Kampen, en Het Calvinisme Oorsprong en Waarborg onzer Constitutionele Burgervryheden, Amsterdam, 1874. Vergelyk ook Robert H. Carr, Liberty and Government, Academy of Political Science, Vol. XXIV, No.1, 1950, bls.4. "The evolution of man's social institutions has been largely concerned with a search for a satisfactory equilibrium between authority on one hand and liberty on the other."

Engeland en die Westerse demokrasië „are but a small 25 years behind the totalitarian states..... in their socio-political and economic methods. With traditional laissez-faire on their banners, nevertheless have their feet shuffling along the road leading straight to state socialism.”<sup>18)</sup>

In hierdie uiterlike manifestasies van die gees van ons tyd meen ons derhalwe reeds te ontdek het 'n religieuse geestesgesteldheid wat grensoorskrydende owerheidsopptrede uitlok. Van die eertyds, in wetenskaplike selfversekerdheid deur 'n selfgenoegsame redegeloof gekraagde, individualistiese mensheid, wat hom in sy humanistiese oormoed self sou red, sien ons slegs die geestelik- en religieus-verpauperde massas — die vrye persoonlikheid reeds genivelleer —, deur die angste bygedryf, sit op die puinhope van nihilisme, — alles „umsonst“ — „Es friert sie wenn sie nicht zu Tausenden sind.“ — Hulle wag reikhalsend op verdere kollektivering, want vryheid het 'n ondraaglike las geword, hulle geestelike leiers het ontaard in kulturele boemelaars,<sup>19)</sup> en oordrag van verantwoordelikheid inderdaad 'n verligting! Hierdie geestelike verrottingsproses meen ons te kan opspoor langs die weg van afval van God, en ons sal dit derhalwe signaleer as 'n proses van ontkerstening.

Ons meen verder in die toenemende verstaatliking van die samelewingsorde, 'n struktuurverwoesting en daarmee samehangende grensoorskryding van die owerheid op alle nie-staatlike terreine, te sien. Ons sal hierdie struktuurverwoesting derhalwe moet signaleer in samehang met die gesagskrisis wat gevolg en oorsaak is van die verwoesting aangerig in die samelewingsvorme deur die individualistiese humanisme (liberalisme en rewolusionêre-demokrasie). Die owerheidsgesag,

18) Cilliers .A.C., a.w., bls.246.

19) Gesien die brute nihilisme — die walging as grondstemming — kan ons Sartre byvoorbeeld nie anders tipeer as 'n kultuurhobo nie.

Vgl. Van Riessen Ir.H., Maatschappij der Toekomst, bls.201.

kontraktueel afgelei van 'n soewereine, met fundamentele regte, begiftigde mens, het sy eie negasie bereik. Immers, 'n burgery — geestelik verarm en religieus ontwortel —, is in sy aanhanklikheid, selfs vir 'n humanistiese owerheid, skaars 'n eerbare bron van gesag!

Eindelik meen ons in die struktuurvorme van ons tyd 'n beskawingskrisis te ontdek. Kultuurfilosowe soos Spengler, Jaspers, Toynbee, Berdiajev en Ortega Y Gasset, hoewel bewus van die krisis, bied ons nie veel meer te beluister as die swakke eggo van die aloue humanistiese ideale nie.<sup>20)</sup> Die remedie deur hulle aangebied, wissel van die troostelose, pessimistiese ondergangstemming van Spengler, na die brutale nihilisme as hoogste wysheid vir 'n mensdom wat in sy wortel desperaat is (Sartre),<sup>21)</sup> terwyl die self-verlossende optimisme van Toynbee, vir die minder verslae humanistiese geeste 'n "reuk ten lewe" is.<sup>21a)</sup>

Die beskawingsverval is mede die gevolg van die krisis in die humanistiese lewensbeskouing, waarvan tereg gesê kan word "no civilization has ever survived the death of its basic religion"<sup>22)</sup> — 'n Beskawing wat reeds 'n eie styl begin verloor, solidariteit van gees en besieling, harmonie en verhewe rus ontbeer.

## II. Aprioriese Verantwoording :

Alvorens ons 'n deurgevoerde signalering van die probleme van ons tyd wat aanleun teen die owerheidstaak aandurf, moet ons as eerste stap in die reeds aangeduide metode, rekenenskap gee van ons religieuse apriori, wat as toetssteen dien by

20) Van Riessen, Ir. H., Roeping en Probleem der Techniek, bls. 10.

21) Sien Spier J.M., Calvinisme en Existentie Philosophie, bls. 165, vir Eksistensie-filosofie as krisis-filosofie. Rien na jamais auciene importance — sê Sartre. (Niks het ooit enige betekenis nie).

21a) Waar Huizinga ook nog optimisme toon "de fleur van de zekerheid is eraf, het aroma van de heroïsche de Faugische mens der Westerse kultuur is vervlogen in de storm der crisis." — Van Riessen, Maatschappij der Toekomst, bls. 23.

22) De Beus, J.C., The Future of the West, Harper Bros., New York, 1948, bls. 174.

Faint, illegible text, possibly bleed-through from the reverse side of the page. The text is too light to transcribe accurately.

die beskrywing en keur van historiese data, maar prinsipieël ook die waardebeplanning (evaluasië) daarvan sal rig in die raam van die wêreldgebeure as volvoering van Gods-Alwyse skeppingsplan. Immers dit is tevergeefs om in die werkplase van hierdie geskape wêreld te filosofeer, tensy die mens geleer het om hom te onderwerp aan die dwaasheid van die kruis, na vernederd te wees deur die prediking van die evangelie.<sup>23)</sup> Niks sal ons vind wat ons tot God verhef „zoolang Christus ons niet in zijn school heeft opgenomen. Op de wagen van Christus' kruis worden wy boven alle hemelen opgeheven, nadat wij opgedoken zijn uit de diepste hel.“<sup>24)</sup>

Die taak van die wysbegeerte is die opheldering van die onderskeie modaliteite van die tydelike werklikheid in hulle onderlinge verhouding, samehang en diepere eenheid. Dit is die omvatting daarvan in 'n teoretiese totaliteitsblik. Sonder 'n totaliteitsidee is geen wysbegeerte in die ware sin moontlik nie. Die idee lê aan iedere filosofiese stelsel as bewuste of verborge apriori ten grondslag. Hierdie totaliteitsblik vereis 'n uitgangspunt (Archimedespunt by die Wysbegeerte der Wetsidee genoem), verheve bo die, in die teoretiese denke uiteen — en teenoorgestelde, modaliteite. Die keuse van hierdie uitgangspunt is geen suiwer teoretiese daad nie. Selfs die verabsoluttering van die teoretiese analiese, by die immanensiefilosofie, „is eene religieuse stellingkeuze van de denkende ik-heid, die als zoodanig haar denkfunctie transcendeert.“<sup>25)</sup> Daar bestaan geen religieus-neutrale

23) 1 Kor.1. Die mens rebelleer vanuit die gees van selfverlossing teen die idee van radikale en totale verlorenheid van die mens-in-eie krag, en derhalwe teen die smadelik vernederende kruis — dit is die antitese tussen Christen en humanis — Ook Nietzsche het besef dat ons weë by die kruis skei. Daarom is die kruis vir hom simbool van die diepste vernedering van die menslike geslag, die ergste dekadensie — die kultuur van die swakke — Vgl. Van Riessen Ir. H., a.w., bls.17.

24) Haitjema Th.L. Vruchten der Reformatie voor de Cultuur. Cultuurgeschiedenis der Christendom, Vol.III. bls.357.

25) Mekkes J.P.A., Proeve eener critische beschouwing van de ontwikkeling der Humanistische Rechstaatstheorieën, Libertas Drukkery-Amsterdam, 1940, bls.9.

werklikheidservaring nie. Immers reeds die naiewe, voor-  
teoretiese werklikheidservaring is religieus gefundeerd, en  
derhalwe kan ook in die „gegevene“ daarvan geen basis vir 'n  
neutrale instelling gevind word nie.<sup>26)</sup> Ons stel ons op die  
transsendensiestandpunt, waar ons uitsig toring oor die sin-  
totaliteit, in geen funksie van die tyd begrepe is nie, maar  
in die bc-tydelike wortel van die skepping, Jesus Christus,  
aan wie die herbore mens deel het in die totaliteit van sy  
selfheid — naamlik in die hart.<sup>27)</sup> Hiermee is duidelik gestel  
dat die Archimedespunt nie in die Wysbegeerte self gegee is  
nie, maar slegs te vinde is in die absolute „voor iedere wys-  
begeerte noodzakelijke religieuse apriori.“<sup>28)</sup>

Op die sentrale vraag, wat is die arché van die sin-  
totaliteit en sin-verskeidenheid van ons kosmos na subjek- en  
wetsy, antwoord ons dan onbeskroomd : „Die soewereine, heilige  
Skepperswil van God, wat sig in Christus geopenbaar het.“<sup>29)</sup>

Op die vraag wat nou eigenlijk die sin-totaliteit van ons kos-  
mos is, is die antwoord : In Christus na sy menslike natuur,  
as wortel van die herbore mensegeslag, is die sin-volheid,  
die sin-totaliteit van geheel die kosmos.<sup>30)</sup> Hierdie  
transcendente sin-totaliteit word slegs bely in die reli-  
gieuse afhanklikheidsverhouding tot die volstrekte, Zijn  
van God.<sup>31)</sup> In die Skepperswil van God, vind ons die oor-  
sprong vindende wet as universele, onoorskrybare grens tussen

26) Dooyeweerd H., De Crisis.....bls.85-86.Voetnoot. Die teoretiese vervalsing van die naief-realistiese instelling wyt hy daaraan dat by apostatiese instelling van die selfbewussyn die mens nie meer tot sy ware transcendente selfheid deurdring nie. Die selfbewussyn hang afgodies aan die tydelike, verstrooid in die sin-verskeidenheid van die kosmos, mis dit die ware konsentrasie in die brandpunt van die bestaan : die diens van God. Vgl. Spier J.M., Inleiding in de W.de W., J.H.Kok, Kampen, 1950., bls.25. Sien ook Dooyeweerd H., W.de W.vol.III, bls.12,13,14, / die sg. neutrale naiewe ervaring.

27) Dooyeweerd H., A New Critique of Theoretical Thought, Vol.11, Vertaling Freedman D.H., en Young W.S., H.J. Paris, Amsterdam, 1953, bls.6,7 en 8. Klein val op deelname van die mens in die totaliteit van sy selfheid. „In my central selfhood I must participate in the totality of meaning, if I am to have the idea of it in my philosophical thought.“ Sien ook a.w.bl.59.

28) Dooyeweerd H., de Crisis.... bls.93.

29) Dooyeweerd H., De Wijsbegeerte der Wetsidee, Vol.1, bls.66. Sien ook Dooyeweerd H., A New Critique Vol.1, bls.61.

30) Dooyeweerd H., W.de W. Vol.1, bls.64.

31) Dooyeweerd H., W.de W., Vol.1, bls.64.



die Syn van God en die sin van Sy skepping.<sup>32)</sup>

Ons keuse van 'n Archimedespunt' gaan dus die wetenskap te bowe — gaan derhalwe ook ons wetenskaplike ondersoek vooraf. Met hierdie uitgangspunt is ons wysbegeerte in die religie, in die diens van God met geheel die hart, gegrond.<sup>33)</sup>

In die hart waar die lewe ongedeeld is, konsentreer die ganse menslike bestaan sig, en hier word die verhouding tot God bepaal. As die sentrum van ons hele bestaan, as die diepste kreatuurlike vooronderstelling van ons denke, kan die hart ook nooit neutraal wees nie, en sal die Goddelike Woord in geheel die lewe van hom wat God soek, 'n sentrale plek inneem en ook sy wetenskaplike arbeid beheers.<sup>34)</sup> Alle tydelike aktiwiteite van die mensegeslag wat nie uit dié sonde-lose, religieuse wortel voortkom nie, is afgodediens, want in Christus as hoof van die herbore mensegeslag lê die bitydelike religieuse sin-volheid van alle werklikheid. Geen menslike aktiwiteit is "an sich", neutraal, los van die wortel te fundeer nie.<sup>35)</sup> Alle tydelike teoretiese waarheid is volgens Christelike belydenis slegs 'n tydelike sin-breking van die absolute, bo-tydelike waarheid oor die verhouding van Skepper en skepping, soos in Christus geopenbaar--- daarom kan die Christelike denke geen neutraliteitspostulaat aanvaar nie.<sup>36)</sup> Waar op die weg van die positivisme die wetenskap "waarde vry" geag word, moet êrens daarin derhalwe die

32) Mekkes J.P.A., Hum. Rechstaatstheorieën, bls.10.

33) Vgl. Spier J.M., W. de W. bls.27., Sien ook bls.32.

34) " " " " , W. de W. bls.26 en Strauss H.J, Christelike Wetenskap, Roeping en Stryd, Sacum, Bloemfontein, 1953. bl.1-2 en Hoofstuk IV bls.45-59.

35) Dooyeweerd H., de Crisis — bls.92.

36) " " " " de Crisis — bls.92-3.

Vgl. Nederlandse staatkundige en maatskaplike lewe nadat in 1550 die hegemonie in protestantisme op die Calvinisme oorgaan.— Met die Bybel as rigsnoer vir geloof en lewe, kry ons 'n radikale oriëntasie van die religieuse lewe oor geheel die linie op die Bybel, sodat geheel die menslike lewe eigenlijk religie word — Hier geen ruimte vir 'n neutrale denkhandeling nie. Bavinck J.H., De Zending in Cultuurgesch. der Chr. Vol.IV bls.363-5. Vgl. verder die staatkundige beginsels van Paul Kruger, wat nerens neutraal of los van Godswoord staan nie. du Plessis J.S., Pres. Kruger aan die Woord, Sacum, Bfn.1952.

onafhanklikheid tenopsigte van die Christelike lewensbeskouing geponeer word.<sup>37)</sup> In die plek van hierdie humanistiese grondmotief van 'n selfverlossende, tot soewereine heerskappy oor die werklikheid voorts krydende mensheid, wat sig projekteer in die moderne wetenskap as middel tot selfverlossing, bely ons, dat Christus ook Heer van die wetenskap is, en dat Hy dit in ons wetenskaplike arbeid en kennis bevestig wil sien.<sup>38)</sup>

Die mens oefen invloed uit op die gang van sake, en dié invloed is afhanklik van sy hart, waaruit die uitgange van sy lewe is. Ook in die historie is dit derhalwe nodig om telkens die religieuse grondmotief wat 'n bepaalde beskawing stu, wat 'n bepaalde owerheid se doen en late rig, wat 'n bepaalde mens se persoonlikheid beheers, te verreken. Immers die religieuse grondmotief is die geestelike dryfkrag wat uit die sentrum van die lewe alle lewensuitinge beheers. In die geval van die Christelike religie word aldus alles gerig op Hom, die Oorsprong van alle bestaan, in die afval-religie word alles gerig op die owerste van die duisternis.<sup>39)</sup>

Waar ons derhalwe rekenskap van ons Christelike religieuse grondmotief, skepping, sondeval en verlossing gegee het, sal ons die transsendentale kritiek toepas op die wysgerige denke van die staatsfilosowe met wie ons in ons historiese ondersoek na die owerheidstaak moet afreken. Elke religieuse grondmotief sal ook lig werp op die bepaalde houding van die staatsmanne ten opsigte van die optrede teenoor die burgers en die nie-staatlike lewensvorme.<sup>40)</sup>

37) Van Riessen Ir.H., Maatschappy der Toekomst, bls.144.  
Sien Spier J.M., W.de W., bls.29.

38) van Riessen Ir.H. a.w., bls.145, Spier J.M., W.de W., bls.19,26,27.

39) Vgl. Venter E.A., Die Ontwikkeling van die Westerse Denke, Sacum, Bfn., 1955, bls.1.

40) Polet G.H., De Staatstaak by Goddelijke Ordinantie, Anti-Rev. Staatskunde, Vol.25/9 September,1955, bls.262, "Het is inderdaad een geloofsoordeel, waardoor de werkelijke stand van zaken in het leven by voorbaat een bepaalde interpretatie krijgt opgedrukt."

So sal ons dan by die Antieke, Griekse en Romeinse owerhede die grondmotief Vorm-Materie, vrug van die konflik tussen voorvaderlike natuurreligie en die nuwe kultuurreligie, as toetssteen aanlê. By die Thomisme, sal die Natuur-Genade skema, resultaat van die sintese van die heidense vorm-materie grondmotief en die Christelike grondmotief, ons veelal kan lei in die beoordeling van die owerheidstaak in die Middeleeue, en die huidige nu-Thomistiese staatsbeskouing.

Die staatspraktyke van die 19de en 20ste eeue staan veelal in die lig van die humanistiese grondmotief van Natuur-Vryheid en die staatsteoretiese denke en praktyk van die owerhede sal daarvolgens beoordeel moet word.<sup>40a)</sup>

So bied ons ook 'n waardeskatting (evaluasië) van geselekteerde feite, wat allesins met die besondere tyd-historiese toestande rekening hou, sonder om dit los te maak van die religieuse voedingsbodem en kulturele agtergrond.

### III. Toenemende Ontkerstening:

Twintig eeue is haas verby nadat die Christelike religieuse grondmotief van Skepping, Sondeval en Verlossing, die eerste skrede gedoen het ter verowering van die leiding in die beskawingsproses. Dit was egter in die Middeleeue dat die Roomse grondmotief, produk van die sintese van die Christelike grondmotief met die paganisme van die Griekse wêreld, die primaat verower. In die hervormingseeu (16de eeue) neem die suiwer Christelike grondmotief weereens die leiding, en skep in Wes-Europa gedurende drie eeue 'n tradisie, 'n beskawingserfenis, 'n mondige burgerskap sonder weerga in die wêreld-historie. 'n Erfenis waarop die opkomende individualisme en revolusionêre-demokrasie vrylik geparasiteer het, en het daardeur vir hulle self die onverdiende stempel van egtheid toegeeien. Die liberale laissez-faire staat kon byvoorbeeld

-----  
40a) Sien Venter E.A., Die Krisis in die Westerse Beskawing, Die Bult, No.2, 1954, bls.77 ('n Herdruk van Prof. Venter se Professorale Rede aan die U.V. 1954).

sukses behaal met die veerkragtige en verantwoordelike burgery — die 16de en 17de eeuse reformatoriese produkte — Geleidelik is die protestantse erfenis, en byname die suiwere vertolking van die Christelike religieuse grondmotief as kultuurmag, verdring deur die humanistiese grondmotief van natuur en vryheid.<sup>41)</sup>

Hierdie humanistiese strominge wat gedurende die afgelepe drie eeue, die Westerse beskawing van sy Christelike stempel beroof het, kan in laaste instansie teruggevoer word na René Descartez (1595-1650). "Hy is die vader van die moderne wysbegeerte-in-die-afval, die filosofie van die gesekulariseerde mens."<sup>42)</sup>

Tiperend van die geestelike spankrag van die Calvinisme, is dat juis die Calvinis, Gysbert Voetius as tydgenoot, met Descartez in die polemieke tree.<sup>43)</sup> Die ontkerstening van die wêreld op die gebied van wetenskap, kultuur, denke en samelewingsvorm, is reeds in die 14de eeu deur die sekularisme en nominalisme begin. Immers die Thomistiese sintese-filosofie bied die regte geesteklimaat vir indringing van verdere paganistiese gedagterigtings. Descartez sluit in sy wysbegeerte direk aan by "die ontkerstende, gesekulariseerde

41) Vgl. Venter, E.A., Die Ontwikkeling van die Westerse Denke, bls.93.

42) Venter E.A., a.w., bls.93. Vgl. sy eerder aangehaalde in-treerede "Die Krisis in die Westerse Beskawing," Die Bult, bls.77. "Soos die ou Griekse filosofie sy logiese voltooiing en bekroning gevind het in die Stagiriet, Aristoteles; en die middeleeuse skolastieke denke tot skoonste uitdrukking gekom het by die Doctor Angelicus, Thomas de Aquino; so het die Humanisme oor drie eeue heen niks gelewer wat nie reeds in beginsel gegee is in Cartesius se filosofie nie. Dit is 'n feit wat na ons beskeie oordeel nog nie ingesien word deur kontemporêre vorsers nie. Descartez het die patroon neergelê wat wysbegeerte en wetenskap in die komende eeue sou volg. Sy skaduwee hang swaar en donker oor die Westerse beskawing van ons tyd." (Ons kursiveer). Dit is Prof. Venter se besondere verdienste dat hy in hierdie rede Descartez in juiste perspektief plaas.

43) Die Calvinisme van vandag is dan ook weer die eerste om te waarsku teen enige nuwe breinspinsel van die humanistiese ongelowiges. Die Calvinisme adem steeds die gees van behoudendheid, teenoor elke stroming wat die menslike denke of ander kosmiese gegewe, vergoddelik. Vgl. Spier J.M., W.de W., bls.36.

denke wat 'n vrug is van die middeleeuse Romanisme."<sup>43a)</sup>  
Tot die ontstaan van die humanistiese wysbegeerte het die Thomisme derhalwe bygedra vanweë die dualisme in die grondmotief, die sekularisering van die wêreld wat uit dié innerlike antinomieë vloei, en die daaropvolgende proklamering van die rede as dogma.<sup>44)</sup> Die Renaissance, simptoom van beskawingsverval, 'n hartstogtelike terugkeer tot die paganisme, ondergrawe die middeleeuse eenheidsstruktuur en laat 'n golf van sekularisme oor Europa stroom. Met die soewereine rede en die eie-wetlikheid van die mens reeds op die troon van dogma, het Descartes die juiste geestesklimaat gevind vir sy optrede. Die opkomende natuurwetenskappe skep nou die verwagting dat die mens se beheersingstrewes die wegwysers sou word. "Die mens, onafhanklik van enige hoër mag en onafhanklik van enige outoriteitsgeloof, sou die waardigheid en vryheid van sy persoonlikheid verwerklik deur natuurwetenskaplike beheersing van die kosmiese totaliteit. Vryheid deur natuurbeheersing (of ook : die persoonlikheidsideaal en die wetenskapsideaal) het also die religieuse grondmotief geword wat die Westerse wysbegeerte, wetenskap en beskawing beslissend sou lei in die komende eeue."<sup>45)</sup> Die dualisme in die grondmotief, sou egter meebring dat primaat heurtelings aan die twee pole sou toekom. Ook op staatsfilosofiese gebied sou die spanning hom laat voel — vandaar die vertakking in magstaat- en regstaatsteorieë. Vir die persoonlikheidsideaal hou die verabsoluttering van die natuurwetenskaplike metodes (wat die begrippe kousaliteit en eksaktheid op die normatiewe aspekte

43a) Venter, E.A., a.w., bls.95. Toe Thomas, in sy strewes na eenheid van denke, 'n sintese tussen Christendom en Aristoteles probeer bewerk het, het hy die weg berei vir die cartesiese mens. Die religieuse grondmotief van natuur en genade moes immers noodwendig uitloop op 'n dualisme, 'n dialektiese spanning tussen 'n Christelike en 'n nie-Christelike terrein. Op eersgenoemde gebied kom gesag en geloof wel tersprake, op laasgenoemde is die rede alleen aan die woord. (Juis hierdie rede is deur die sekulariste van die 14de eeu outonom verklaar).

44) Venter E.A., a.w., bls.96. Sien veral ook sy Die Krisis van die Westerse Beskawing, Intreerede by U.V.2472/54 in Die Bult, No.2, 1954, bls.77-82.

45) Venter E.A., Die Krisis van die Westerse Beskawing, in die Bult, No.2, 1954, bls.78.

van die tydelike werklikheid. toepas) 'n gevaar in, deurdadig onvoldoende ruimte gelaat word vir 'n "selfgenoegsame" persoonlikheid.<sup>46)</sup> Die superstruktuur van Hobbes verswelg die enkeling onherroepelik, die gewaande persoonlikheidsoewereiniteit is daarmee heen, en die burger is berowe van burgervryhede en medeseggenkap in 'n staat met vorsabsolutisme.

Die proklamasie van die soewereine rede, is egter ook 'n ontkenning van uitwendige gesagsbindinge. Sonder enige transsendente norm, met die vastepunt van sy vertrouwe herlei tot 'n enkele kosmologiese grondnoemer, -- "die eis van naturalistiese gelykshaking oor die ganse linie heen,"<sup>46a)</sup> lei dié religieuse grondmotief die Westerse beskawing in die reeds gesignaleerde nivelleringsproses.<sup>46b)</sup> Waar die verskeidenheid van die skeppingsorde uitgewis word, as noodwendige resultaat van ongeloof, is dié beskawingsverval oorsaak en gevolg van grensoorskryding, en verkragting van die eie aard van die selfstandige samelewingsvorme (kerk, gesin, ens.) deur die staat. Die owerheidstaak vertoon gevolglik 'n totalitêre alomvattendheid. Vir die humanitasowerheid, 'n taak om die produkte van massalisering en depersonalisasie te regeer en te lei, teneinde minstens 'n teoretiese basis (hoewel bykans sonder sin!) vir sy gesag te behou in die lyn van sogenaamde volksoewereiniteit. Vir die christenowerheid 'n reuse taak van herkerstening en reformatie van die burgery tot verantwoordelike, mondige individue.

Hierdie ontkersteningproses sal ons veral moet verreken wanneer ons handel oor die owerheidstaak in die 19de en 20ste eeue want dit impliseer

-----  
46) Sien my Vrouestemreg, 'n Staatsfilosofiese Studie, Sacum, 1953, bls. 29.

46a) Venter E.A., Die Krisis in die Westerse Beskawing, bls. 80.

46b) Vgl. van E. H. de Maatschappij der Toekomst, bls. 276. "De geschiedenis van de Westerse beschaving is immers in hoofdlijnen die van een kerstening die beskawing, gevolg deur een naar omvang en intensiteit toenemende ontkerstening, die de weg naar de eindcatastrophe begeleidt."

vir die christenowerheid 'n taak om by versaking van ons verstandsgeloof,<sup>47)</sup> was solank reeds die gemeenskapsmotief was, en in die skriftuurlike geloof ingedring, en ons so gevange gehou het — die lyn met Gods beeld weer op te neem.<sup>48)</sup> Want die mens, geskape na Gods beeld, durf nie verdwyn in die gelykvormigheid van moderne massaliteit nie. „Deze adeldom roept ons tot een taak, die ons slechts als in een schemerachtig licht voor ogen staat — maar zo zegt de psalmist: Ik zal in gerechtigheid U aangesicht aanskou, en by het ontwaken my verzadigen met Uw beeld.”<sup>49)</sup> Ook die kerk het 'n ernstige taak in so 'n ontredderde wêreld, waar die boodskap van Christus gereduseer word tot die van sosiale geregtigheid,<sup>50)</sup> — die sogenaamde praktiese christendom van sosialis, kommuniste en hulle geesverwante. Die utopië strand egter almal op die waarheid dat die mens as sondaar, God nie van nature soek nie.<sup>51)</sup> Die moderne manifestasie van die humanistiese afvalreligie,<sup>51a)</sup> wat in sy brute aanstootlikheid besig is om beslag te lê op die sinne van die Europese mens, en helaas ook in ons vaderland reeds sy verskyning gemaak het, — die eksistensie-filosofie<sup>52)</sup> is die filosofie van die ondergang. Die gees wat die paleis sloop, sal die skamele hut van die dagloner nie ontsien nie.<sup>53)</sup> Die menslike gees verdra geen

47) Die God van die Antieke wysbegeerte wat die skolastiek met die God van die Bybel wil vereenselwig was 'n dooie denkgod. Die denkmens ná so 'n beeld gefantaseer, kan met sy God dit ook net denkend eens word. Mekkes J.P.A., Boekbespreking (Van der Kooy) A.R. Staatskunde. Vol.25, No.7/8, bls.249.

48) Mekkes, J.P.A., t.a.p., bls.250.

49) Mekkes, J.P.A. t.a.p.

50) Van Riessen Ir.H., Maatschappij der Toekomst, bls.114.

51) Rom. 8 vers 7 en Titus 3 vers 3.

51a) Die gees van selfhandhawing en verlossing wat die geërgerde jood, die wyse griek, die aristokratiese Romein, die verstokte humanis en die radelose Farao beheers en verbind. Wanneer die verlossing uitbly is almal „op het slop van radeloosheid, brutaal cynisme en noodlotsberusting“ bevange — Van Riessen Ir.H., Maatschappij der Toekomst, bls.18.

52) Die nihilisme is 'n ooreenstemming met 1 Joh.2 en 2 Thes.2 Die gees van die Anti-Christ.

53) Groen van Prinsterer.

vakuüm nie. Waar ons beskawing die ongeluk gehad het om daardie sublieme inspirasie wat dit eenmaal besit het te verloor, sal dit volgens Toynbee vroeër of later gryp na enige ander "spiritual fodder that it can find — however coarse and unsatisfying this new fodder may be, rather than remain without any spiritual sustenance at all." 54)

Deur die loop van hierdie studie sal ons die verlies van die religieuse-grondmotief in die verskillende historiese gegewens derhalwe steeds moet bywerk en verreken, om 'n juiste uitsig op die doen en late van die owerheid te kry, en vandaar tot 'n formulering van die owerheidstaak van daardie betrokke owerheid, in die lig van die beskawingstoestand, te kom.

#### IV. Struktuurverwoesting:

Die krisis in die moderne samelewing is daaraan te wyte dat die verskillende lewensfere sig nie in harmonie met mekaar ontwikkel nie — "Het is de disintegrasie, het uit het geheel losgemaakt zijn der delen, waaraan het te wijten is dat deze deelen een op zichzelf staand leven gaan leiden, tot schade van de deelen en het geheel." 55) Dit is tiperend van die ongedifferensieerde samelewingsorde dat een of ander lewensvorm die primaat monopoliseer. Gesin - Kerk - Staat -, elkeen het op sy beurt in die pelgrimstog van die mensheid, op een of ander stadium van ontwikkeling, hierdie opsigselfstaande lewe gaan lei, en die ander lewensvorme totalitêr verswelg, assimileer en met sy eie primêre karakter nivelleer. 56)

54) Toynbee A.J., War and Civilization, Selected by A.V.Fowler from A Study of History, Oxford U.Press, 1950, bls.18.

Hier het ons te doen met die eensaamheid van Godverlatenheid, waarvoor Adam reeds terugdeins. Die mens wat sy band met die grond en perspektief van sy bestaan afgesny het, behelp hom nou met afgodery, gesekulariseerde norme, valse perspektiewe. Aan die einde beland hy by die atheïsme, by die besef van die norm- en sinloosheid van sy bestaan, by die nihilisme. Vgl. Van Riessen, Maatskappy der Toekomst, bls. 259.

55) Van der Ploeg J.G., Streven naar een hernieuwde Christelijk Samelewing, Cultuur Geschiedenis der Christendom, vol.V, bls. 80.

56) Vgl. Lipson L., Great Issues of Politics, bls. 411. "A church, a corporation, or family was always handicapped by its inability to unify society in any other fashion than by assimilating every association to its own primary characteristic, with the result that society then wears the guise of a congregation, or business or clan writ large." (ons kursiveer).



In die huidige samelewingsorde het ons te doen met 'n relativering van die historiese gewordene, van die selfstandigheid van die samelewingsvorme, en die vervanging van die neweskikking deur bo- en onderskikking. In hierdie hiërargiese kollektivering tot 'n totaal-verband, die staat, al het dit aanvanklik met die ekonomiese betrek, tref ons die dirigistiese tendens aan "die met de verstoring van de balans tussen gesag en vrijheid samenhangt."57) Die hiërargiese integrasie van die samelewing neem die voorwaardes vir herstel inderdaad weg. Kuyper kla dan ook dat waar die oorspronklike historiese geleidinge verwerp word, menslike instellinge in die plek daarvan kom. Dan word die staat byvoorbeeld as mistieke wese beskou, waarin die hoogste idee van menslike lewe sig verwesenlik, en só die moeder word van alles, selfgenoegsaam, en derhalwe vir plaaslike outonomie geen plek meer inruim nie — "Staatsmag dryft tot staatsbemoeiing."58)

Dit behaag God dat mense, lewende uit die geloof in Christus die samelewingsorde moet verwerklik.59) Waar die geloofspanning egter verswak, en lewensterreine onttrek word aan die leiding van die geloof, sodat die ongeloof derhalwe die leiding verwerf, bly dié verwerkliking in geheel of ten dele uit. Dan word die ontplooiing van die samelewingsorde nie alleen afgerem nie, maar, ook afgebogen naar misvorming! 59a) Dit is inderdaad 'n versteuring van die harmonie tussen samelewingsvorme, wat sowel deur die magsoormoed van een bepaalde vorm, as "door verlies aan geestelijke spankracht van de kringen"60) veroorsaak kan word. Konsentrasie van mag "sowel vanwege de gezagdragers in een kring, als door de neiging tot verantwoordelijkheidsoverdracht by de

57) Van Riessen Ir.H., Maatschappy der Toekomst, bls.95.

58) Kuyper, Dr. A., De Overheid — Locus de Magistratu, J.H. Kok, Kampen, 2de Druk, bls.299. (Voortaan afgekort. Locus.)

59) Dooyeweerd H., A New Critique, vol.II, bls.249.

59a) Van Riessen Ir.H., Maatschappy der Toekomst, bls.94.

60) Kuyper A., Scewereiniteit in eigen Kring, bls.18 (Ons kursiveer).

ondergesichten"<sup>61)</sup> kan miskenning van grense veroorsaak.

Dit is twee kardinale gedagtes wat ons nou reeds moet onderstreep. Gesagsoormoed kom enersyds van die kant van 'n sondige owerheid, maar word andersyds uitgelok deur 'n onmondige burgery.

'n Diepgaande en verstrekkende struktuuromwenteling is besig om in ons samelewingsorde te voltrek,<sup>62)</sup> sodat daar terwyl geen ag gegee word op die Goddelike struktuurnorme vir die samelewingsorde nie, ook roekeloos oor selfs die historiese struktuurvorme heengestap word, in die rigting van 'n totalitêre "maatskappy" waarin die grense tussen staat en nie-staat geheel en al uitgewis word.

In die voorafgaande liberalistiese en revolusionêre-demokratiese heerskappy, is die verskillende samelewingsvorme deur 'n individualistiese infeksie, reeds innerlik grondig ondermyn. Gesagsontkenning aan die kant van die enkeling breek af na binne en berei so die weg vir usurpasie van buite. Die oorspanning van die ekonomiese sou in die 19de en 20ste eeue, hierdie misvorming van die samelewingsorde verder aksentueer. Daar is 'n tendens om die sin van die lewe af te buig na die materiële vlak. Dit bied ruimte ook aan alomvattende ekonomiese, politieke en sosiale bedrywighede van die staatsowerheid, wat reeds die stadium bereik het waar van 'n wêreldhuishouding gepraat word.<sup>63)</sup>

Staatsbelang, volksbelang, nasionale belang -- is drie begrippe waaronder die staat letterlik sy hand aan enigiets mag lê. Die staatsraison van Bodin en Machiavelli lei dan ook die leer van die politiese a- moraliteit van die staat in. Daardeur word sowel die Christelike, as die volkeregtelike grondslae vir 'n nasionale (en internasionale) pligteleer

61) Van Riessen Ir. H., a.w., bls.95.

62) Van Riessen Ir. H., Maatschappij der Toekomst, bls.28.

63) Vgl. Pogings tot Europese Integrasie, Benelux, Europese Staal en Steenkool Unie ens.; Vgl. ook van Riessen, Ir. H. a.w., bls.263.

afgesny. 'n Staat, wat aldus teoreties selfstandig staan, bied ruimte aan 'n owerheid wat sig aan geen sedelike norme onderwerp nie. -- 'n Volslae selfgenoegsaamheid dus vir die terrein van die politiek -- 'n staat en owerheid wat bloot beoordeel word "naar zijn succes als handhaving van macht."<sup>64)</sup> In hierdie koers is daar geen waarborg vir die behoud van die historiese gewordene nie. Op 'n proses dus, waarin die selfstandigheid van die samelewingsvorme (beginnde by die ekonomiese) eers gelikwider word, volg 'n oorspanning van die gesagsektor, deur toe-eiening van bevoegdhede en magsmiddele van die aldus vernietigde samelewingsvorme. Die soewereiniteit van die ekonomiese is in die 19de eeu reeds deurbreek, terwyl kerk en gesin minstens ernstig bedreig is. In die 20ste eeu sien ons inderdaad 'n organisatoriese magsvorming van die kant van die owerheid, wat alle soewereiniteit in eie kring negeer op die weg van sentrale leiding en globale beheersing van die ekonomiese lewe. Die snelgroeiende omvang van die owerheidstaak op hierdie gebied is dan weer beide oorsaak en gevolg van die proses wat ons aangemerkt het as verwoesting van die struktuurvorme van die samelewingsorde, soos hulle histories geindividualiseer het, in die proses van beskawingsontwikkeling, in algehele ontkenning en verontagsaming van die struktuurnorme in die skeppingsorde gegee. Die bedreiging van die soewereiniteit in eie kring is minstens ook 'n innerlike konsekwensie van wat deur die moderne sosialisme begeer en bevorder word. Die organokrasie is 'n oorspanning van die natuurwetenskapsideaal, waarin sentrale beheersing van die menslike samelewing, soos deur Comte gepredik, voltrek word. Daardeur word die owerheidstaak, in 'n toestand van oorspanning gelaat. Waar daar derhalwe geen plek ingeruim

64) Vgl. Karl Mannheim, Versamelde Werke, Vol. VII, bls. 110, 111, "als sie entdeckt haben das für die Beziehung der Staaten, noch aussen hin die Christliche und bürgerliche Moral nicht gelte."

65) Huizinga P., In de Schaduwen van Morgen, Versamelde Werke VII, bls. 379.

word vir die selfstandige bestaan van lewenskringe nie, volg verstaatliking, en gevolglike verregaande owerheidsbemoeiing. In ons studie sal ons derhalwe moet rekening hou met die bestaan van afsonderlike samelewingsvorme. Gesagsaanmatiging van een enkele samelewingsvorm sal ons moet signaleer, terwyl ontvoogding (individualisering) van lewensvorme ontleed moet word teneinde vas te stel waarom die owerheidstaak juis op daardie tydstip minder of meer verstrekkend was.

Toenemende verontagsaming van die strukturele kenmerke van, en verskille tussen verbands- gemeenskaps- en maatskaps- strukture binne die samelewingsorde, is ook inderdaad 'n wegwyser van beskawingsverval. Derhalwe sal die beskawingsmondigheid van die burgers verreken moet word. Daarmee is ook intiem verbonde die religieuse grondmotief, wat byvoorbeeld geen dusdanige strukturele onderskeidings erken nie. (Vgl. die sosialistiese opvatting van die maatskappy). Dit mag egter ook wees dat 'n bepaalde religie besig is om sy houvas op die leiding van die beskawingsproses te verloor. Verder sal die afsonderlike lewensvorme self onder die soeklig moet kom teneinde enige tekens van innerlike verval na te speur en te verreken by die beoordeling van owerheidsbemoeiing met die bevoegdhede van 'n bepaalde lewenskring. Sodra kollektivering inderdaad die oorhand kry, begin die samelewingsvorme wat nie op eenselfde stramien borduur is nie, tekens van ontbinding te toon. Dit is asof hulle assimileer en versmelt, soos veral die gesinsverband in ons tyd demonstreer.<sup>66)</sup>

Die struktuurverwoesting is egter ook sigbaar waar die owerheid sig aktief gaan bemoei met die kultuur assulks. Die kultuurgedagte het self reeds sover verskuif dat dit nie meer van die staat los gedink word nie.<sup>67)</sup> Steeds meer

66) Van Riessen Ir.H., Maatschappy der Toekomst, bls.196.

67) Huizinga, Geschonden Wereld, Vers.Werke, vol.VII, bls.582.  
"De idee cultuur zelf vershuift voor ons onwillekeurig in de richting van een concept cultuur in de staat."

kultuurkragte is in diens van die staat betrek, en die staat versterk telkens sy aanspraak om oor hierdie kragte te beskik; derhalwe nader in supremasie van die politieke lewe bo die kulturele, wat die owerheidstaak na vore dwing in 'n uiters delikate veld.<sup>68)</sup> Staat en industrie in sy greep na mag, beheer dan ook die hele wetenskap, soos die bekende Lysenko-skandaal ten opsigte van 'n selfstandige wetenskap in die Soviet illustreer het. Dit word 'n probleem van beplanning — die dilemma van Karel Mannheim — beplanning vir vryheid of beplanning vir die gansepas.<sup>69)</sup> Immers wetenskap en tegniek bied die intrinsieke moontlikhede om die samelewing intensief en ekstensief te beheers. In die proses van konsentrasie en sentraliserende mags- en gebiedsoorskryding van die staat, sien Van Riessen die nadering van die laaste struktuur tipe — die gruwel van die verwoester.<sup>70)</sup>

In ons studie meen ons telkens vanuit die religieuse grondmotief te kan aantoon welke ontoereikende momente ook daarin te vinde is van struktuurhandhawing, soos byvoorbeeld die onbevredigende bepaling van kerklike en wêreldlike gesag in die Middeleeue op hierdie stadium ten beste illustreer,<sup>70a)</sup> waar die staatsopvatting in beginsel nog die van die heidendom is,<sup>71)</sup> (vanweë sintese) totalitêr gekonsipieer, wat 'n stempel moes afdruk op die lewe van die burgers, deur tradisioneel geykte, struktuur tipes. Dit sal egter daarom lonend

68) Vgl. Huizinga, Geschonden Wereld, Vers. Werke, Vol.VII, bls 582. Die bemoeiing van die Soviet-staat in Rusland met die letterkunde, kuns, musiek, toneel en film is demonstrasie van 'n toestand waar 'n staat totalitêr oor alle kultuurkragte beskik : Vgl. ook Dippel C.J., De Bedreiging van de Universiteiten door de stryd om macht over de Wetenschap, Wending, Jan., 1951, bls.640.

69) Polet G.H., De Staatstaak by Goddelijke Ordinantie, Anti Rev. Staatskunde, Vol.XXV, No.9, Sept.1955, bls.265.

70) Van Riessen Ir.H., Maatschappij der Toekomst, bls.33.

70a) Vgl. Bryce, Viscount, The Holy Roman Empire, McMillan & Co., London, 31ste druk bls.1922, bls.336. Probleem is : "maintaining of a religious community in dependence on, or in legal connection with the civil government, without at the same time injuring its spiritual freedom." Hierin het die Oos Romeinse Ryk sowel as Katolieke Weste gefaal.

71) Kohnstamm Ph., Ontoereikende Momente in Middel Euse Zijnthese, Cultuurgeschiedenis der Christendom, Vol.III, bls.31. Vgl. Dooyeweerd, W. de W., Vol.III, bls.150-4.

wees om die Christelike leer van die samelewingsorde en soewereiniteit in-eie kring in besonder te ontleed, teneinde 'n basis van vergelyking, by uiteindelijke beoordeling te kan monster. Dit sal ons in Afdeling II van hierdie hoofstuk doen.

Daarmee het ons slegs die tendens van struktuurverwoesting in die samelewingsorde uitgestippel. Voldoende egter om aan te toon dat die invloed van strukturele grense op die owerheidstaak onvermoeide aandag in ons studie allesins gebiedend maak, en veral in sy historiese perspektief, getoets moet word aan religieuse-grondmotief en beskawingstand. So kan ons dan rekenskap gee van die taak van 'n besondere owerheid op 'n besondere tydstitu.

Die historiese ontwikkeling van die owerheidstaak is nie reglyning nie, waar veral individualistiese en kollektivistiese tydperke kenbaar is. Vryhandel en proteksie is byvoorbeeld in wisselende tydsomstandighede aan te dui. 'n Geleide ekonomie tref ons reeds by Hammoerabi 2250 v.C. in hoë mate aan.<sup>72)</sup> Daar is sinverrykende lyne en sinversteurende lyne in die beskawingsgang, net soos daar tendense is wat struktuurhandhawend en struktuurverwoestend is.

#### V. Die Gesagskrisis :

Naas struktuurverwoesting het ons ter inleiding ook 'n gesagskrisis in die uiterlike manifestasies van die twintigste eeu gesignaleer.

Wie sy hoop vestig op planmatige organisasie, loop gevaar om die gesag - vryheid skema te versteur. Waar die natuurwetenskapsideaal die primaat verower, is die selfstandigheid van die samelewingsvorme soos ons so pas aangedui het, in gedrang. Beide die hiërargiese kollektivisme, en totalitarisme is met die beginsels van gesag en vryheid in stryd.<sup>73)</sup> Gesag bestaan sodat die mens sy roeping in die

72) Vgl. Van Riessen Ir.H., Maatschappy der Toekomst, bls.28.  
Sien ook Smeenk C., De Ontwikkeling der Maatschappij,  
J.Kok, Kampen, 1955, bls.1.

73) Van Riessen, Maatschappy der Toekomst, bls.191.

samelewingsorde op ordelike wyse kan vervul, d.w.s., „In vryheid en met een direkte verantwoordelijkheid teenover God te leven en te werken.“<sup>74)</sup> Waar die owerheid egter sy grense oorskry (al word dusdanige grense deur die heersende religieuse grondmotief nie erken nie) skuif dit sig tussen die mens en sy Skepper in, en vereng also die veld van die mens se verantwoordelikheid. 'n Krimpemde bevoegdheidsfeer by die nie-staatlike lewensvorme beteken na verhouding 'n toenemende komplikasie en intensifikasie van die owerheidstaak.

Die skema gesag-vryheid, deur die eeue in die middelpunt van die staatsfilosofiese denke, in terme van die vraag na die gesag van die owerheid en die vryheid van die onderdaan, staan derhalwe andermaal by 'n grondverskuiwing — waar gesag die primaat verower het. In die lig van die heersende religieuse grondmotief kan ons die voortdurende spanning begryp, want geen gesag is veilig anders as by die erkenning dat dit gewortel is in, en beperk is deur die soewereiniteit van God nie. Ewe-eens sal geen vryheid opbloeï of kontinueer word, anders as op die fondament van die verlossingswerk van Christus nie.<sup>75)</sup>

Die onoplosbare konflik tussen die natuurwetenskapsideaal en die persoonlikheidsideaal, as inherente antinomie van die humanistiese lewens- en wêreldbeskouing,<sup>76)</sup> was trouens verantwoordelik vir 'n vertakking van die staatsfilosofiese denke in twee hoofrigtings.

Eerstens dan 'n magstaatrigting, waarin elke owerheidsdaad in staatsbehoud geregverdig word. Die heerser is hier onder sy eie hartstogte gebind in naturalisties-deterministiese sin, en sodoende die staat aan die hartstog van 'n

74) Van Riessen, Maatschappij der Toekomst, bls.120. Sien ook Dooyeweerd, W.de W., Vol.II, bls.186 en A New Critique, vol.II, bls.248.

75) Vgl. van Riessen, Ir.H., a.w., bls.97. Vgl. Galateë 5 vers 1 „Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het.“

76) Sien Dooyeweerd H., De Beteekenis der Wetsidee voor Rechtswetenschap en Rechtsfilosofie, J.H.Kok, Kampen, bls.14,60.

sondige mens. Onder die primate van die natuurwetenskaps-ideaal word die begrippe kousaliteit en eksaktheid op die normatiewe aspekte van die tydelike werklikheid toegepas, waardeur haas geen ruimte gelaat word vir 'n "selfgenoegsame" persoonlikheid nie. As Descartes nog kapituleer voor die persoonlikheidsideaal, voer Hobbes die kontinuïteitspostulaat van die natuurwetenskapsideaal deur tot sy uiterste konsekwensies, en erken hy geen grense vir die matematiese metode nie.<sup>78)</sup> Hy konstrueer dus 'n staat uit enkelinge, met eindresultaat 'n superstruktuur waarin dié enkelinge onherroeplik verswelg word! Verlore is dan die persoonlikheidsowereiniteit van die individu!

Teenoor die magstaatskonsepsie poneer die regstaat-teoretici die vrye persoonlikheid. Die unieke waarde van die individu, soos deur die reformatoriese denke beklemtoon, word nou gesekulariseer en verabsoluteer — tot hoogste norm verhef! Op die basis van 'n fiktiewe voor-historiese gesaglose toestand, waarin die individue kontraktueel verenig in 'n staatsverband, word die owerheid mandataris van gesagdraende enkelinge, waarmee ook die staat weer in beginsel prysgegee is.<sup>79)</sup> Ook hierdie regstaat bied geen waarborg vir die strukturele en funksionele begrensing van die owerheidsgesag nie, en daarom is agtereenvolgens die hipotetiese kontrak, fundamentele grondwet, (konstitusie), drie-delingsleer en algemene

78) Dooyeweerd H., Beteekenis der Wetsidee.... bls.6-7. Dooyeweerd sê egter dat hoewel die innerlike antinomie vir die grondslae van die humanitiese lewens- en wereldbeskouing sy eerste ruwe beliggaming kry in die stryd tussen die idealisme van Descartes en die materialisme van Hobbes, daar inderdaad geen diepere prinsipiële skeidslyn tussen die twee humaniste bestaan nie. Idealisme en materialisme was bloot polêre spannings binne dieselfde veld — Wetenskapsideaal en persoonlikheidsideaal. Die een kan ongemerk oorgaan in die ander!

79) Sien ons Vrouestemreg, bls.31. Sien Mekkes, J.P.A., Proeve Eener Critische Beschouwing van de ontwikkeling der Humanistische Rechtsstaatstheorieën, Libertas Drukkeryen, Utrecht-Rotterdam, 1940, bls. 226-28.



stemreg aangewend, om die vrye individu te vrywaar van die meerderheidstirannie. Vir die owerheidstaak impliseer dit egter 'n minimum inmenging met die individu — die nihilisme van die liberale staat.

Die gesagsoorspanning, selfs in die regstaat-konsepsie tree egter heel gou weer na vore as Rousseau se "algemene wil", wat altyd reg is, omdat dit die meerderheidswil is, die soewereine enkeling finaal verswelg. Daarmee is die revolusionêr-demokratiese beskouing, met gelykheid en individualisme reeds op die weg van transpersonalistiese staatsabsolutisme.<sup>80)</sup>

In die lig van die innerlike antinomie, die spanning tussen wetenskaps- en persoonlikheidsideaal, moet die huidige gesagsoorspanning eintlik as 'n sintese poging gesien word.<sup>81)</sup>

Die vryheidsleer van die individualisme, word nou in universalistiese gewaad gehul! Teenoor die individualistiese konsepsie van die menslike persoonlikheid, plaas Fichte (1762-1814) die universalistiese van 'n transpersonele persoon.<sup>82)</sup>

Vryheid van die individu sal voortaan slegs denkbaar wees as omslote deur die totaliteit van 'n bo-individuele gemeenskap. Hierdie konsepsie sou uiteindelik kulmineer in die siening van die staat as die "totaliteit van alle menslike aangeleenthede, hulle samevatting tot 'n lewendige geheel."<sup>83)</sup> Op dieselfde lyn staan Hegel se staatsabsolutisme, waar die staat in sy historiese ontwikkelingsgang die hoogste verwerkliking is van die "absolute gees." Hier weer Machiavelli se staatsraison, wat egter hoegenaamd nie in konflik met natuurreg staan nie — albei is tot sintese gebring in die dialektiese ontwikkeling van die wêreldhistorie!<sup>84)</sup> Binder se meer

80) Sien Vrouestemreg.... bls.33. Sien ook Dooyeweerd H., De Beteekenis der Wetsidee... bls.13. Mekkes J.P.A., a.w., bls.230-265, Vir driedelingsleer van de Montesquieu.

81) Sien Strauss H.J., Nasionaal Sosialistiese Staatsfilosofie, Diktate, U.V., 1954.

82) Strauss H.J., Nasionaal Sosialistiese Staatsfilosofie, Diktate, U.V., 1954, bls.2.

83) Adam Müller (1729-1829). Vgl. Strauss H.J., a.w., bls.4.

84) Dooyeweerd H., De Beteekenis der Wetsidee.... bls.13.

organiese transpersonalisme illustreer die sintese in sy finale vorm. Die individuele persoonlikheid word nou organiese deel van die staatsgeheel. Die staatswil is die lewende wil van die volk, waarin die individu organies opgeneem is "zoo wil dus het humanistiesch transpersonalisme de voleindiging van het personalisme zijn, wat het inderdaad ook tot op zekere hoogte is!"<sup>85)</sup> Daarmee beland ons in 'n magstaatsgedagte waarby die vryheid van die individuele persone in die staatspersoonlikheid opgeneem is en die laaste grense tussen individu en gemeenskap resloos opgehef is.<sup>86)</sup> Die persoonlikheidsideaal, omgewoel in transpersonalisme, wil die staatsgesag met die idee van die vrye persoonlikheid identifiseer, en trag om op dié wyse 'n skans op te werp teen die staatsabsolutisme. Dit terwyl die persoonlikheid self hier niks vermag nie, want in die wil van die gemeenskap is die wil van die individu reeds opgehef!<sup>87)</sup>

Die konsekwensies vir die owerheidstaak is hier nie ligtelik te oorskat nie. Elke gesagskrisis kan nie sonder meer bloot as 'n politieke probleem gesien word nie "doch (als) een religieus stellingnemen tegenover den Christus aan de Rechterhand des Vaders."<sup>88)</sup> Die owerheid is in dié sin bekleed met gesag, wat opgeneem en ingeskakel is in die eskatologiese heilswerk van God, en derhalwe is alle owerhede betrokke in die "dynamisch ingrypen Gods ter verlossing."<sup>89)</sup> Die prismaat van die natuurwetenskapsideaal en in besonder die universalistiese sintese-poging om die polêre spanning uit te te wis, het die mondige individu, — wat deur God, as owerheidspersoon in die amp geplaas word — resloos in die staatsverband geassimileer. Daarmee is die owerheidspersoon in

85) Dooyeweerd H., De Beteekenis der Wetsidee, bls.58. Vgl. ook bls.104-106 vir Binder.

86) Dooyeweerd H., De Beteekenis der Wetsidee, bls.58.

87) Dooyeweerd H., De Beteekenis der Wetsidee, bls.59.

88) Prof. Holwerda, aangehaal deur Mekkes J.P.A., Antithese Heden, Anti-Rev. Staatskunde, 1948, bls.46.

89) Prof. Holwerda, aangehaal Mekkes J.P.A., t.a.p.

beginsel reeds gedepersonifieer en word die owerheid bloot staatsapparaat.<sup>90)</sup> Geen religieuse, juridiese of strukturele grense kon nou gestel word vir so 'n onpersoonlike staatsowerheid nie. Met bloot tegiese, finansiële en territoriale beperkings (naas die reste van historiese geledinge gesin, kerk, bedryf, wat nog vir 'n tydjie sal rem) is die owerheids-taak totalitêr in sy onbegrensheid. So kan die onpersoonlike staatsowerheid op sy beurt weer opgaan in 'n wêreldhuishouding as finale stap in die proses van transpersonifikasie!

Het die signalering van die gesagskrisis vanuit die religieuse grondmotief ons instaat gestel om apriori te bepaal welke antinomie<sup>91)</sup> in die uitgangspunt sig sal afspeel, dan stel die Christelike wysbegeerte ons verder instaat om teenoor die humanisme 'n gesagsleer te poneer waarin bevoegdheids- en grensoorskryding deur die owerheid in die wortel afgesny word.

'n Gesagsleer, een van die fundamentele probleme van die primêre natuurreg, kan alleen op die hegte fondament van die Calvinistiese wetsidee gestel word. Deur die aksentuering by die gereformeerde kerkleer van die amps-karakter van alle gesag, en die republikeinse trek van die ou Calvinistiese owerheidsleer, loop eenselfde grondgedagte wat ter laaste instansie in die Calvinistiese wetsidee fundeer is.<sup>92)</sup> Dooyeweerd stel vas dat dit Calvyn se besondere verdienste is dat hy teen die humanistiese meganisering van die gesagsinstituut, weer

90) Berghuis W.P., De Gemeente in de Frontlyn, A.R. Staatskunde, 1951, bls.375. Die gedagte van apparaat neem ons van Berghuis. Die owerheid moet owerheid bly en nie 'n apparaat word nie. Die burger moet mens bly en nie 'n persoonskaart word nie. Die demokrasie moet lewend bly en nie 'n formule nie.

91) Dit is wat Dooyeweerd noem die „heuristiese“ waarde van die wetsidee — wat ons in antiteiese sin in staat stel om die verskillende uitgangspunte te ontdek en apriori te bepaal welke tipes van wetsidee tot antinomieë in regs-wetenskaplike en regswysgerige denke moet lei. Sien : De Beteekenis der Wetsidee....bls.67.

92) Dooyeweerd, De Beteekenis der Wetsidee bls.70. Hiermee is ook gegee die „metodiese“ waarde van die wetsidee.

met alle nadruk op die organiese karakter van die staats-  
instituut, en op die kosmiese samehang met die ander lewens-  
kringe gewys het.<sup>93)</sup> Owerheidsgesag ontleen sy geldingsgrond  
aan goddelike regsordinansies -- dit is die gesag van 'n amp  
binne die regsorde, nie in 'n persoonlike wil nie, maar in 'n  
soewereine ordening van God gegrond.<sup>94)</sup> God almagtig is die  
oorsprong van alle gesag van mens oor medemens en van die mens  
oor benede-menslike.<sup>95)</sup> "Gods majesteuse Heerserswil is  
de Grond aller Gronden, de Norm aller Normen!"<sup>96)</sup> Alle skepsel-  
gesag is dan afgeleide gesag en van begrensde kwaliteit. Alle  
ware gesag is dan ampsgesag, wat alleen die Christus-gelowige  
korrek kan gebruik vanweë sy begrepenheid in Christus as  
Ampshersteller, omdat daar geen mag op aarde is as deur Hom  
nie.<sup>97)</sup> Alle gesag sal dus vir ons nooit absoluut wees nie,  
maar slegs tydelik <sup>98)</sup> onselfgenoegsaam<sup>99)</sup> en verantwoordelik,  
want dit is ampsgesag. Naas die taakstellende karakter van  
gesag, in die sin van voortdurende uitoefening daarvan, moet  
ons dit tipeer as onvervangbaar, omdat die gesagstruktuur van  
die staatsverband deur geen ander gesag verplaas of vervang  
kan word nie. Daarby is owerheidsgesag ondeelbaar, sodat elke  
verband net één owerheid, net één hoof kan hê. Maar ook is  
owerheidsgesag begrensd, eerstens teenoor God en tweedens  
teenoor ander nie-staatlike gesagsfere, wat soewerein-in-eie  
kring is.<sup>99a)</sup>

93) Dooyeweerd, De Beteekenis der Wetsidee bls.70. Sien ook aantekeninge op bls.111-112 in verband met Althusius se bydrae.

94) Dooyeweerd, De Beteekenis der Wetsidee, bls.71. Sien ook A New Critique, Vol.II, bls.246-7.

95) Kuyper sê datmer in den mensch niets is waardoor hij over een ander overhoogheid zun kunnen bezitten" -- Locus de Magistratu, bls.162.

96) Diepenhorst P.A., Groen's Ongeloof en Revolutie, bls.23. Vgl. ook Kuyper A., Ons Program, J.H.Kruyt, Amsterdam, bls.26

97) Romeine 13.

98) "Geen zin zijde der werkelijkheid gaat de tijd te boven," Spier J.M., W.de W. bls.59. Hy alleen is God die in de wigheid woont" W.de W. bls.30.

99) "Het zin karakter der werkelijkheid duidt dus aan haar betrekkelijkheid, haar relativiteit". Spier, W.de W. bls.59.

99a) Die gevaar van misbruik van gesag is altyd daar. Dooyeweerd sê "Doubtless, every power given in the hands of man implies a serious risk of abuse. But this state of affairs can only accentuate its normative meaning, it can never justify the opinion that power in itself is an evil." A New Critique, Vol.II, bls.247.

Die antwoord op die aanvangsvraag na die verhouding gesag-vryheid, word nou gegee as in die vry wees van onregmatige owerheidsbemoeling, soos gewaarborg in die beginsel van soewereiniteit in eie kring, 'n strukturele begrening, en juridiese integrering, 'n funksionele begrening.<sup>100)</sup> Vir die owerheidstaak impliseer die Christelike gesagsleer/<sup>100)</sup> 'n begrening, 'n afperking. Waar staatstotalitarisme, d.w.s. ongebreidelde owerheidstaak die politiese wysheid van die humanistiese kontinuïteitspostulaat (wetenskaps-) is, stel die Calvinisme teenoor hierdie menslike wysheid, die Goddelike wysheid van soewereiniteit in eie kring, d.w.s. begrensde owerheidstaak. Die algemene belang het hier alleen 'n polities-houdbare sin, wanneer dit primêr in die beginsel van regshandhawing (vergelyding) gefundeer is, en sekondêr deur die soewereiniteit van ander wetskringe en lewensvorme begrens is.<sup>101)</sup>

By ons ondersoek na die owerheidstaak sal die vraag na die aard van gesag, soos beslis in die religieuse grondmotief, derhalwe telkens verreken moet word. Staatspraktyke sal getoets moet word, nie bloot op historiese of politieke noodwendigheid nie, maar volgens die gesagsleer, gewortel in die religieuse stellingname van die owerheidspersoon, wat sy optrede in 'n bepaalde tydperk bepaal, en dus as „regmatige“ owerheidstaak beskou word.

100) Sien ons Vroestemreg, bls.44.

101) Dooyeweerd H., De Beteekenis der Wetsidee, bls.72. Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.136, 144-5. Soewereiniteit is alleen in God arche-typisch en wesenlik en by alle skepsele is dit ectypisch en afgelei, en „alle dwaling op het stuk van het gezag word daaruit geboren, dat men den aard van en de bepaling voor het gezag ontleent aan wat ectypisch in den mensch is, in plaats van wat arche-typisch (arche-begin ) is in God.“ Vandaar die beginsel van begrensde soewereiniteit en begrensde owerheidsgezag by Kuyper in die lyn van Calvyn, en van Kuyper na die hedendaagse Calvinistiese staatsleer. Menslike mag oor enige produk is slegs gedeeltelik, slegs nabootsing van die skeppingsmag wat God oor sy skepsele het. Locus, bls.140-3.

VI. Beskawingsontwikkeling in die lig van die Christelike

Wysbegeerte :

(a) Prinsipiële begripsbepalings : Die sin van die historiese.

Nadat in die voorafgaande paragrafe reeds 'n tentatiewe aanduiding van die besondere implikasies van die beskawingsontwikkeling vir die owerheidstaak gegee is, <sup>102)</sup> moet ons nou rekenskap gee van die beskawingsontwikkelingsproses, en die besondere vertolking daarvan vanuit die Christelike wysbegeerte. Die begrip „beskawingsontwikkeling“ is intiem verbonde aan die begrip historie of geskiedenis, ook in die naiewe, voor-teoretiese ervaring. Dit is egter noodsaaklik dat ons in die teoretiese denke rekenskap gee van hierdie naiewe ervaring. Twee belangrikke vrae moet daartoe beantwoord word, naamlik die sin van die historie en die ontsluitingsproses.

Die modale struktuur van 'n wetskring word primêr uitgedruk in die kontinue samehang van sy sinkern en sy terugwysende momente, insoverre dit in die kosmiese orde substraatkringe het. <sup>103)</sup> Hierdie verhouding tussen sinkern en retrosipasies gee aan ons die primêre strukture van die modale sin. Op hierdie stadium is dit heeltemaal moontlik dat die heenwysende funksies (antisipasies) van die modale sin nog geslote lê binne die tydelike werklikheid. <sup>104)</sup> Die primêre sin van 'n wetskring word in sy volle systase (samehang van

- 102) Vgl. Dooyeweerd H., W. de W., Vol. II, bls. 196, „De postivering van rechtsbeginselen is niet mogelijk zonder inachtneming van de historische cultuurontwikkeling. De mate waarin de rechtstaat in de volle zin des woords kan worden verwerkelijkt word mede bepaald door de feitelijke sociaal-economische, culturele, morele en religieuse toestand binnen de statelijke samenleving. Hoe dieper de kennis van Gods geboden en het streven naar gehoorzaamheid daarvan in een volk wortel hebben geschoten, destemêr kan ook in het staatkundige de rechtsidee worden benaderd.“ Vgl. A New Critique, Vol. II, bls. 190 e.v. Sien veral bls. 191 vir 'n nuwe paragraaf, nie ingesluit, in W. de W., Vd. II, nie.
- 103) Dooyeweerd, A New Critique, Vol. II, bls. 181. Vgl. D., W. de W., Vol. II, bls. 126. Die samehang word deur die kosmiese tyd gewaarborg, en nie deur die teoretiese denke nie. Dit is die primêre, maar tegelyk primitiewe uitdrukking van die modale sin. Vgl. ook Spier, J. M., W. de W., bls. 101.
- 104) A New Critique, Vol. II, bls. 182. So is die ontsluiting van die modale sin van vergelding noodsaaklik voordat 'n daad as onregmatig bestempel kan word. Vgl. W. de W., Vol. II, bls. 127.

kern en retrosipasies) eers verdiep deur die modale antisipasies. Vooraf bevind dit sig nog in starre, restriktiewe funksie.<sup>105)</sup> Sodra die heenwysende momente ontsluit, word die modale sin verdiep, en word daar gepraat van 'n verdiepte of ekspansiewe funksie.<sup>106)</sup> Ontsluiting is alleen moontlik onder leiding van die geantisipeerde wetskringe — 'n moontlikheid wat latent in die modale sinstruktuur van alle kringe, wat die laaste grenskring voorafgaan, beslote is.<sup>107)</sup> Die modale antisipasies word dan geleide sinfunksies en die modale sinfunksies van die geantisipeerde kring die leidende funksie, genoem. Hierdie leidende funksie wys dan die rigting aan die geleide funksie.<sup>108)</sup> Dit alles dui daarop dat die sinkern van 'n bepaalde wetskring derhalwe geen selfgenoegsaamheid by sin-ontsluiting het nie, en dus ook geen selfwaarborg vir modale antisipasie nie.

Op die onderskeiding tussen primêre (d.w.s. restriktiewe) en verdiepte (ekspansiewe) sin berus die belangrikke onderskeid tussen begrip en idee van 'n spesifieke aspek. Daar volgens kan in elke wetskring 'n teoretiese begrip en 'n teoretiese idee van sy modale sin gevorm word.<sup>109)</sup>

Die geslote funksie word gevat in die begrip, maar die ontslote, verdiepte funksie kan slegs benader word in 'n idee van sy sin, wat as transsendentale hipotese "seizes upon the anticipated modal structures in advance."<sup>110)</sup>

Die idee is egter 'n transsendentale grens-begrip<sup>111)</sup>, wat in antisiperende rydsrigting wys, en derhalwe nie in die tyd

105) W. de W., Vol. II, bls. 129. Vgl. A New Critique, Vol. II, bls. 184.

106) W. de W., Vol. II, bls. 129. Vgl. Spier, W. de W., bls. 101.

107) W. de W. Vol. II, bls. 129.

108) A New Critique, Vol. II, bls. 186, W. de W., Vol. II, bls. 131. "Guided or directed" en "guiding or directing functions."

109) A New Critique, Vol. II, bls. 186.

110) A New Critique, Vol. II, bls. 186. Die ruimte-begrip en die ruimte-idee, omvat egter altyd die modale sin van dieselfde wetskring.

111) A New Critique, Vol. II., bls. 187. "The theoretical idea is a transcendental limiting concept."

afgesluit kan word nie. Die wysgerige denke wys in elke modale idee heen na die religieuse sinvolheid, waarin alle tydelike sin-verskeidenheid die diepste eenheid en bo-tydelike sinvervulling vind. Weer 'n onverbreekbare relasie tussen heenwysende en terugwysende tydsrigting, word hiermee uitgedruk, want ongefundeerd, d.w.s. sonder substraatkringe, kan die ontsluitingsproses sig nie voltrek in transsendentale rigting nie,<sup>112)</sup> daarom moet elke leidende normatiewe funksie eers sy eie antisiperende kringe ontsluit, alvorens dit aan die kosmies vroeëre modale sinfunksies hulle rigting in die sin-ontsluiting kan gee. By analiese van die historiese antisipasie van die regsgevoel, word dit duidelik dat 'n gedifferensieerde regsgevoel, 'n hoër stadium van ontwikkeling veronderstel. Hierdie antisipasie begin blykbaar in die modale sin van die historiese "which has already opened out its own anticipatory spheres."<sup>113)</sup> Daarmee bly die hele ontsluitingsproses blykbaar vassit in die laaste grenskring, d.w.s. die pistiese wat geen modale antisipasies het nie. Hierdie stand van sake is veral in die historiese wetskring geïllustreer, en bewys dat die gehele ontwikkelingsproses in die normatiewe aspekte afhanklik is van 'n hoëre, historiese ontwikkelingspeil. Derhalwe moet die modale sin van die historiese sig verdiep deur ontsluiting van sy heenwysende momente, en in laaste instansie sy leidende funksie in die pistiese ontdek.<sup>114)</sup>

So behels die vraag na die beginpunt van die ontsluitingsproses, die tydsorde in beide rigtings. In funderende tydsrigting moet ons derhalwe 'n normatiewe wetskring aanwys

112) Waar die normatiewe sin-modaliteit nog in restriktiewe geslote struktuur is, dra dit 'n formele karakter. Vgl. die karakter van die primitiewe sosiale struktuur. Die onveranderlikheid van die primitiewe reg is 'n ander voorbeeld. Vgl. die enigszins uitgebreide verduideliking van ēwa(aew) in die Voetnota bygevoeg in New Critique, vol.II, bls.188.

113) A New Critique, Vol.II, bls.179, "So we are confronted with a kind of complexity in the anticipatory structure of this law-sphere, which seems to point in the direction of the boundless, the apeiron."

114) A New Critique, Vol.II., bls.189. Vgl. W.deW., Vol.II, bls.135.



aan die modale sinontsluiting waarvan die gehele ontsluitingsproses van die orige normatiewe kringe afhanklik is, en waarin die denke 'n voorlopige ruspunt kan vind.<sup>115)</sup> In transsendentale tydsrigting het ons reeds ontdek dat die funksionele leiding by alle normatiewe sinverdieping uitgaan van die pistiese. In funderende tydsrigting stuit ons weer op die historiese/wetskring, insoverre alle normatiewe sinverdieping in die wetskringe die verhoging van die historiese ontwikkelingspeil tot funderende hipotese het.<sup>116)</sup> Daarmee is die plek van die historiese in die beskawingsproses reeds duidelik,<sup>117)</sup> maar ons moet daarop let dat die betekenis daarvan alleen korrek te verstaan is, in die insig dat historiese ontwikkeling as sulks, slegs in een wetskring beslote is, en dus 'n ontwikkeling van modale --- in eie kring soewereine --- "zinbijzonderheid".<sup>118)</sup> Die historiese wetskring word dan ook deur Dooyeweerd beskrywe as die "knooppunt van heel de normatiewe zin-dinamiek binnen den tyd."<sup>119)</sup>

Slegs die vraag na die modale sinkern van die historiese bly nou wag op nadere omskrywing.

- 
- 115) 'n Ruspunt wat egter weer deur die transsendentale tydsrigting vervang word --- daarsonder sou dit egter ook rigied en sinloos wees --- A New Critique, Vol. II, bls. 190.
- 116) Daarmee is tewens nogeens die onselfgenoegsaamheid van die gehele tydelike proses van sin-ontsluiting aangedui --- W. de W. , Vol. II, bls. 137.
- 117) In transsendentale tydsrigting is die ontsluiting van die historiese voorvereiste vir die logiese. Maar die ontsluiting van die historiese kan nie in die logiese gesoek word nie, want die sin-ontsluiting van die logiese is eers moontlik op hoër historiese ontwikkelingspeil! W. de W. Vol. II, bls. 137. A New Critique, vol. II, bls. 191. Die besondere posisie van die historiese blyk daaruit dat ontsluiting in alle substraatkringe eensydig afhanklik is van sinontsluiting van die historiese. Vir dié kringe dus in transsendentale rigting, terwyl dit vir na-historiese kringe 'n hipotese in beide rigtings het.
- 118) W. de W. Vol. II, bls. 138.
- 119) W. de W., Vol. II, bls. 137, A New Critique, Vol. II., bls. 190. "The nodal point of the entire normative meaning dynamics within cosmic time."

Die begrip wording is deur Robert Fruin, Nederlandse historikus gebruik, waar hy Geschiedenis beskrywe as "the science of becoming."<sup>120)</sup> Die begrip, wording, (genesis) het self verskillende modale betekenis — in biologiese sin, asook psigologies, linguisties, ens. Teenoor wording is dan wel ook evolusie gebruik. Maar ook evolusie word in organiese sin gebruik, d.w.s. toegepas op die fenomene in alle modale aspekte in die biotiese wetskring, gefundeer,<sup>121)</sup> en kan derhalwe geen modale sin-betekenis gee nie. Dooyeweerd omskrywe die modale sinkern van die historiese as "beheersende vorming van een gegeven, aanleg of structuur, of toestand tot iets dat zich niet vanzelf ontwikkelt, en in normatiewe vryheid in het subjektiewe proces der beschaving verwerkelijkt."<sup>122)</sup> Streng gesproke is dit dan 'n designasie van beheersing, omdat die addisionele moment (moulding the social process) reeds weer van heenwysende aard is. Beheersing (control, mastery) is in sy oorspronklike sin "an irreducible modal manner of formation according to a free project."<sup>123)</sup> Dit is dan presies ook die origienele sin van beskawing, wat algemeen

120) A New Critique, Vol.II, bls.138.

121) A New Critique, Vol.II, bls.194.

122) W.de W., Vol.II, bls.143. "The Controlling manner of moulding the social process." A New Critique, Vol.II, bls.195.

123) A New Critique, Vol.II., bls.195:

Die gangbare benadering van die probleem het geen rekenskap van die modale sin van die storie gegee nie. Vanuit immanensie standpunt word geen modale wetskringe erken nie. Die natuur-vryheid skema verskeur die insig in modale sin-structuur. Comte sien storie as progressiewe evolusie, onderworpe aan sosiologiese wette, wat hy verkeerdelik as natuurwette aandui. Die neo-Kantiaanse rigting sien dit as transsendentaal-sintetiese relasie van menslike oordeel. Die empiriese realiteit (waarde vry, wertblind) word met universeel aanvaarde waardes (staat, kuns, religie) in verband gebring, en is assulks gemoeid met die individualiteit van fenomene. Hierteenoor staan die natuurwetenskaplike metodes (generaliseerend) blind vir waardes. Hegel sien in storie die sinswyse van die geestelike werklikheid self, waarin die immanente "objektiewe gees" sy sinrykdom ontplooi. Elke fenomeen is 'n irrasionele gestalte deur die gees aangeneem in sy dialektiese gang deur die wêreldgeskiedenis, welke gestalte slegs in samehang met die geheel te verstaan is.

Spengler sien die storie as 'n lewenstroom wat deur die eete parallele, geslote beskawingstipes voortbring, wat sonder onderlinge samehang, groei ryp word en sterwe soos organismes. By die Eksistensialisme is die storie weer die tipiese sinswyse van die menslike bestaan. So word die geskiedenis die suiwer subjektiewe en individuele betekenis van die vrye projek van die mens se persoonlike eksistensie; daarmee is die objektiewe sosiale sin vir die historiese wetenskap verlore. Sien A New Critique, vol.II, bls.194-5.

gebruik word om die „Gegenstand“ van die historiese wetenskap aan te dui in onderskeiding met die natuurwetenskaplike veld. Daarmee is die taakgebied nog nie volledig afgebaken nie, want die historikus bemoei sig met die proses van beskawingsontwikkeling.<sup>124)</sup> Waar die modale sinkern van die beskawingsontwikkeling slegs te vinde is in „beheersende vorming,“ impliseer hierdie sinkern assulks 'n roeping en taak „which can only be accomplished in a successive cultural development of mankind in its temporal social existence.“<sup>125)</sup> Die beskawingsmodaliteit, met sy sinkern beheersing gee dus aan die historiese en die storie, die pregnante sin van 'n onherleibare aspek van menslike ervaring.<sup>126)</sup> Daaronder bestaan geen historiese wetskring nie.<sup>127)</sup> Beheersing in sy modale sin, verhef sig bo dit wat gegee en geaktualiseer is volgens 'n vaste patroon sonder menslike ingrype. Dit impliseer 'n vrye projek van beheersende vorming, met ryke variasie moontlikhede.

#### B. Primitiwiteit en Ontsluiting:

Primitiwiteit word deur die Christelike wysbegeerte nie gesien as die hipotetiese beginpunt van die menslike samelewing nie, maar as 'n toestand van verval, degenerasie, afval van God, die gevolg van die vloek van God wat die volkere verstrooi en verwar het. Afgesny van die beskawingsverkeer, het die mens allengs gedegenerereer en vervreem van Gods woordopenbaring, wat oorspronklik bedoel is vir die hele menslike

124) Kulturele proses van Ontwikkeling — A New Critique, Vol.II, bls.196.

125) A New Critique, vol.II, bls.196. Hierdie is nuwe paragrafe nie vervat in W. de W., Vol.II nie.

126) A New Critique, Vol.II, bls.196.

127) Etimologies het die historiese geen spesifieke modale sin nie. Die modale begrensing vereng egter geensins die historiese taakgebied nie. Intendeel word 'n delikate en vrugbare veld geopen waar die kosmies latere modaliteite nou as leidende funksies antisipeer word. Maar hoe die vakwetenskappe hulle bepaalde teoretiese begrippe en idees ook al leen tot vrugbaarmaking, bly die historiese gekwalifiseer deur die modale moment van beheersing.

geslag.<sup>128)</sup> In hierdie primitiewe kultuurtoestand, kan van 'n ontslote, in die wêreldgeskiedenis opgenome, historiese ontwikkeling nie gepraat word nie. Die hele lewe dra 'n geslote karakter, star aan die natuursubstraat gebonde. Dit ontbreek die gevalle mens selfs die bewustheid van sy eie transsendensie bo die natuur. In sy geloofsfunksie rig hy sig tot die vergoddeliking van natuurkragte, waardeur normatiewe antisipasie kringe nie kan ontsluit nie.<sup>129)</sup> Die natuurkragte word vir hom godhede (goeie, sowel as destruktiewe) wat versoen of afgeweer moet word deur religieuse rites. Die geloofsfunksie, in sy restriktiewe sin, is die uiterste transsendentale punt bereik deur die afval-geloof. Dit is die stadium van vergoddeliking van natuurkragte -- d.w.s. die bioties-sensoriese substraat van 'n geslote gemeenskap.<sup>130)</sup> Die menslike hart lei dus die geloof hier in sy restriktiewe, afval- toestand. Die menslike persoonlikheid disintegreer onder hierdie toestand, van starre eenvormigheid van oorlewering en ystere tradisiegebondenheid, waar die maghebbers buitendien angsvallig die poorte bewaak!

128) Vgl. Spier J.M., W. de W. bls.103. Sien A New Critique, Vol.II, bls.263. Die idee van 'n origienele natuurstaat, en die evolusionistiese gedagtegang loop vanaf Protagaros oor Plato, en word gedra deur die wetenskapsideaal na Darwin en die syne. Kuyper sien die storie van die Paradys na die Sondvloed as "een afgaande, als doorwerking van de energie der zonde -- degressus i.p.v. progressus -- de storie was toen een benedenwaarts hellende stroom, totdat de barbaries en de degraderende ontwikkeling niet verder kon en die zondvloed intrad," Locus, bls.40. Vgl. Ook bls.42. Darwin kan uit klimatologiese en geologiese gegewens die verskil in die menslike natuur nie verklaar nie. Dit is 'n straf van God oor die mensheid, wat indien gehoorsaam was, vandag nog 'n eenheid sou gewees het.

129) A New Critique, Vol.II, bls.315.

130) A New Critique, Vol.II, bls.315. Vgl. Kuyper, A. Locus de Magistratu, bls.53. Daar is 'n impulsis divinus in die volkere aanwesig, waardeur hulle tot afgodery kom. Maar God het die volkere ook oorgegee (paradosis) wat 'n uitbarsting van menslike selfverlaging ten gevolg het, want na 'n aanvanklike behoud van "het soeken na God" tree daar nou volkome verstarring in die godsdiens in. Die afgodery word gesistematiseer, en die paradosis volg.

Na 'n periode van primitiewe, difuse natuurgeloof is daar tog tekens van ontsluiting in afvallige-rigting. Dit hang saam met die opkoms van die volkere uit die primitiewe toestand. Die geloofsfunksie, ontkluister aan die natuurgode, rig sig nou op die vergoddeliking van die normatiewe funksies van die menslike persoonlikheid. Wanneer die afvallige mens, bewus van sy vryheid om sy eie afgod te ontwerp in die beeld van sy eie vergoddelikte normatiewe funksies, tot kultuurgeloof kom, het daar 'n verdieping (ontsluiting) van die geloofsfunksie plaasgevind -- verder in die afval. Die afvallige selfheid leer sigself ken uit sy afgode.<sup>131)</sup> Is die geestestoerusting eenmaal ontsluit, al is dit dan in negatiewe rigting, is die weg gebaan vir beskawingsontwikkeling. Die mens kom tot vryheidsbewussyn en selfbewussyn. Waar die individu vroeër geheel opgaan in stamverband, wat hom in al sy lewensfere omsluit, kry hy nou 'n selfstandige karakter, sy persoonlikheid.<sup>132)</sup>

Hierdie proses van beskawingsontwikkeling openbaar sig volgens die modale struktuur, in ooreenstemming met die historiese subjek-objek verhouding. Dit word ook aangedui as "Personkultur" en "Sachkultur".<sup>133)</sup> Mag oor mense en mag oor dinge. Elke mens het 'n historiese subjeksfunksie om te vervul in die vorming van objekte. Die subjektiewe proses verloop egter volgens normatiewe beginsels, waarvan eerstens "de roeping tot macht over en vorming van de natuur-zijden der werkelijkheid wat sig in de tegniek verwerkelijk," genoem

131) Vergelyk die estetiese-humanisering van die Griekse politeïsme sedert Homeros en Hesiodos. Dit lê reeds op ontslote beskawingspeil. Die pistiese funksie is nou gerig op die vorming van persoonlike, kultuurgode. As die nuwe religie 'n historiese magbasis in die volksoortuiging vind, tree die norm van historiese individualisasie navore. Die sosiale, juridiese/morele wetskringe ontsluit, en die Griekse Stadstaat gaan sy bloeitydperk binne. A New Critique, Vol.II, bls.251.

132) Spier, J.M., W. de W., bls.104.

133) A New Critique, Vol.II, bls.198-9.

moet word.<sup>134</sup> Hier moet ons reeds die tegniek kwalifiseer as 'n meer uiterlike gegewe van die beskawingsproses.

'n Tweede normatiewe beginsel vind ons in die van kontinuiteit, die onafgebroke vordering van beskawingsontwikkeling, in aansluiting by die verlede, waardeur niemand sig radikaal van die verlede kan losmaak nie. Selfs God het na die sondeval die mensdom nie opnuut geskape nie.<sup>135</sup> Wie totaal wil breek is revolusionêr, terwyl reaksie of reprimasie, die lewenshouding is van diegene wat die proses van beskawingsontwikkeling in die tru-rat wil gooi.

Die derde beginsel is die van differensiasie,<sup>136</sup> waarin die ontplooiing van volke, samelewingsverbande en die individua na vore tree. Die proses word dan ook die van individualisasie genoem. Solank ons te doen het met die modale sin van die storie het ons geen plek vir inmenging van die individualiteit gehad nie, omdat dit in die primêre, modale sin geen samestellende element kan wees nie. Maar in die ontsluitingsstruktuur kry die individualiteit 'n besondere modale betekenis, want die individualiseringsproses lê in die transsendentale tydsrigting van die historiese ontwikkeling.<sup>137</sup> Ons het reeds aangedui hoe die individuele karakter in primitiewe beskawingskringe, beslote bly in tradisionele gelykvormigheid. By die ontsluitingsproses word die dinamiese, individualiserende neiging kenbaar. Telkens verskyn nuwe beskawingsgestaltes, die individualiteit van historiese vormers kom na vore, as onmiskenbare tekens van

134) Spier, J.M., W. de W., bls.86.

135) Spier, J.M., W. de W., bls.86.

136) Spier, J.M., W. de W., bls.87. Vgl. Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.18-19, 527 e.v.

137) w. de W., vol.II, bls.203.

beskawingsontwikkeling.<sup>138)</sup> Die opkoms van nasionaliteite manifesteer ook die verdiepte sin van historiese individualiteit.<sup>139)</sup>

Ons moet verder die integrasië norm onderskei. Die proses van differensiasie, ongebonde deurgevoer behels weer die gevaar van verbrokkeling en gevolglike beskawingsverval en daarom is integrasië nodig. Dit is 'n taakstellende norm wat deurwerk in alle bindingsvorme soos taal, bodem, lewens- en wêreldbeskouing, regsbestelling ens.

As modale norm van die ontsluitingsproses in die historiese wetskring, is die norm van differensiasie en integrasië, terselfdertyd 'n norm van individualisasie. Die beginsels het 'n onbreekbare wedersydse samehang, sodat die individualisasienorm byvoorbeeld nie los van die ander antisiperende beginsels gesien moet word nie.<sup>140)</sup> Weereens moet ons aandui dat die primitiewe gemeenskap 'n ongedifferensieerde geheel is. Daar is derhalwe nie gedifferensieerde beskawingskringe wat onder die tipiese leiding van 'n logiese, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, morele of geloofs-funksie staan nie. Sodra differensiasie begin, word die taak

138) A New Critique, Vol. II, bls. 273. Vgl. hier Kuyper A, Locus de Magistratu, bls. 149-50, vir die vereistes vir die mens om causa secunda in wêreldplan te wees, naamlik hoëre, ryper en voller ontwikkeling van die mens, waardeur die bewussyn sy absolute vorm bereik en 'n hoë ontwikkeling van wilskrag openbaar, soos Alexander en Napoleon inderdaad as causa secunda was. Dit strook wel met die ontluiking van die individualiteit van historiese vormers of maghebbers en vir Kuyper beteken dit dan ook beskawingsontwikkeling! Onthou moet word dat Kuyper daarby poneer dat die ruimte gelaat aan die causa secunda, wel weer in die eindresultaat van die daad "in Gods bestel ligt opgesloten" -- bls. 150.

139) A New Critique, Vol. II, bls. 274. Hierdie is 'n nuwe gedagte ingevoeg deur Dooyeweerd. Daarmee word nasionaliteite, en derhalwe nasionalisme na ons mening in die juiste perspektief gesien. Juis in 'n verdieping van die historiese, kan die nasionaliteit opkom vanuit die primitiewe, politiekemagsformasies -- Onthou moet word dat daar kritiek op Dooyeweerd uitgeoefen word, dat sy wysbegeerte geen ruimte laat vir nasionalisme nie.

Sien in die verband verder W. de W., Vol. III, bls. 406-413.  
140) Sien ook W. de W., Vol. III, bls. 207-8.

van individuele talent duidelik. "The individual dispositions and talents of peoples, nations, and individual formers of history must expand in the process of cultural development in their typical cultural spheres, and this expansion is set mankind as a normative task."<sup>141)</sup> Dooyeweerd wys daarop dat dit nie ontken kan word nie, dat die historiese wetenskap alleen kennis neem van beskawings, wat opgeneem is in die historiese proses van individualisasie.<sup>142)</sup>

Ons sal op hierdie stadium nie poog om die voorafgaande gedagtes nou toe te pas in 'n preliminêre ontleding van die owerheidstaak in primitiewe beskawings nie. Ons kan dit met meer vrug en rustigheid in Hoofstuk II doen, waar ons besondere aandag daaraan sal gee. Ons wil hier net volstaan deur daarop te wys hoe in die ontsluitingsproses die verskillende lewensvorme nou ook tot hulle reg kom. Die taak van die primitiewe vervlegtingsvorm in 'n restriktiewe toestand, word nog deur een of ander samelewingsvorm self vervul. Juis omdat die onderskeie individualiteitstrukture, wat in die vorm van patriargale en matriargale familie, stam, sibbe ens., met mekaar verweef is, nog nie tot afsonderlike samelewingsvorme gedifferensieer is nie, maar slegs in één primitiewe verbandsvorm verwerklik is.

Een van die fungerende struktuurprinsipes (familie of primitiewe politieke struktuur) kry hier die rol van leidende struktuurprinsipe. Daar heers dus 'n geheel-deel verhouding, waarin soewereiniteit in eie kring nog nie na vore tree nie.<sup>143)</sup>

141) A New Critique, Vol.II, bls.275.

142) A New Critique, Vol.II, bls.275. Wie hierdie voorafgaande paragraaf aandagtig lees, sal daarin weereens duidelik sien dat daar wel ruimte vir nasionalisme in die W.de W. is!

143) W. de W., Vol.III, bls.580. Sien ook bls.300-312, vir struktuurvervlegting in primitiewe gesin. Sien bls.312-5 vir 'n toestand waar die politieke struktuur die leiding kry. Vgl. Lipson L., The Great Issues of Politics, Prentice Hall, New York, 1954, bls.152 e.v. Hy spreek van "coordinators". Waar die familie as koördinator optree, vorm dit 'n ekonomiese eenheid, versorg siekes en armes terwyl onderwys, godsdienste, huwelik, staat (bloedvete, vendettas) ens. almal binne sy taak gebied val! Die familie as koördinator dra dan sy eienskappe oor op die maatskappy soos in Oosterse gemeenskappe wel tenbeste illustreer word. Vgl. Scalapino A, Democracy in Pre-war Japan, Univ. of California Press, Berkley, 1953, bls.120 e.v.



By ontsluiting en gevolglike hoër peil van beskawingsontwikkeling sal hierdie toestand aansienlik gewysig word, en sal die feitlik totalitêre owerheidstaak,<sup>143a)</sup> wat voorvereiste is vir die primitiewe geheel-deel verhouding, ook verandering ondergaan, waar die verskillende verbande hulle eie interne verbandsreg handhaaf en die taak van die staatsverband die van juridiese integrasie word. Daarmee moet egter verstaan word dat die tipies histories-gefundeerde samelewingsvorm "die als zodanig niet van alle tijden zijn"<sup>144)</sup> konstante struktuurprinsipes besit, wat self nie 'n in die tyd, variabele karakter kan vertoon nie.

Die primitiewe maatskapsverkeer is egter ook van dieselfde afsluitende, begrensde aard, wat die samelewingsvorme vertoon. Dit is dan ook inderdaad stamvorme, want elke stam het sy eie, vertikaal individualiserende, afgeslote orde. Daarteenoor staan die moderne geindividualiseerde samelewingsorde, wat in sy positiewe struktuurorme 'n neiging vertoon om sy geldingsgebied horisontaal ekspansief oor die wêreld te laat geld.<sup>145)</sup> Selfs die staatsverband kan aan hierdie horisontale ekspansie geen vertikale grense stel nie,<sup>146)</sup> maar tog open dit 'n baie delikate gebied vir die owerheidstaak.

### C. Beskawing en Kultuur :

Reeds is aangedui dat beskawing assulks onderskei word in die begrippe "Personkultuur" en "Sachkultuur"! Maar ons moeilikste probleem is die onderskeid tussen beskawing en kultuur as begrippe. Veral Spengler het na vore gekom met kultuur en beskawing as die innerlike teenoor die uiterlike.<sup>147)</sup> Kultuur is

- 
- 143a) "When an association that originates with a finite function broadens out to the indefinite horizons of society, it tends to apply to its larger task the criteria of its initial limits (both integration and straightjacketing)." Lipson sê egter "It cannot integrate society merely by refashioning every other association in its own image." Lipson, Great Issues in Politics, bls. 154.
- 144) "De historiese ontwikkeling bring den staat in de noodzakelijkheid zelve het horizontale integreeringsproses in handen te nemen. Dooyeweerd De Crisis, bls. 165. Vgl. ook W. de W., Vol. III, bls. 209.
- 145) W. de W., Vol. III, bls. 531.
- 146) Vergelyk in die verband die mode.
- 147) Brockhaus Edisie, 1931 "Inneres zu Ausserem, Gewordenes zu Gemachten, Organismus zu Mechanismus, Zweck zu Mittel."

dan die egte lewende, edele, oorspronklike gewas van die menslike gees, 'n gemeenskap waarin die menslike samelewing ont-plooi, terwyl beskawing (zivilisation) die aard van 'n eind-produk dra, waarin kultuur steriel geword, verstar het.<sup>148)</sup> Maar Spengler sien tenonregte in beskawing die mindere, want beskawing spreek van die mens as staatsburger en regsgenoot, van die mens wat van sy volle waarde bewus geword het, "het spreek van orde, wet en recht" en sluit barbarisme uit.<sup>149)</sup>

Dooyeweerd meen egter dat die onderskeid nie van die modale struktuur van die beskawingsaspek afgelei kan word nie. Die terme het vir hom dan betrekking op die psigologie van beskawing, eerder as op beskawingsontwikkeling self.<sup>150)</sup> Dit wil ons Dooyeweerd toegee as hy in algemene sin oor die beskawingsontwikkeling spreek, maar in spesifieke sin vertoon beskawingsontwikkeling egter ook 'n sosiale moment, — waar die historiese heenwysende momente het —. Beskawing kan dan ook vorme toon, wat net uitwendig geappropieer kan word (goeie maniere, mode, ens.), maar wat tog altyd in beheersing gefundeer is, want "the controlling manner of social shaping of the human mind and human behaviour on which they are based has not the modal meaning of fashion, courtesy etc."<sup>151)</sup>

Die regsmag het byvoorbeeld dan 'n intrinsiek juridiese, en nie 'n beskawingsin, nie. Die leidende rol van die hoër kringe in menslike verhoudings is dan 'n analogie van beheersing in sy oorspronklike sin.<sup>152)</sup> In die W. de W., Vol.II, stel

148) Huijzinga P., Geschonden Wereld, Versamelde Werke, Vol.VII, bls.488.

149) t.a.p.

150) A New Critique, Vol.II, bls.199. Hy sê die begrippe is nog algemeen nog eenduidig. Die oorsprong van beskawing sien hy in die Griekse "Polis" konsepsie, draer van die Olimpiese kultuurreligie, "an essential condition for the complete development of the essential form". Dan word beskawing die teenstelling van barbaros (voetnota nie in W.de W., Vol.II, opgeneem nie, hoewel hy in die teks die oorgang na die burgerlike staat genoem het.)

151) A New Critique, Vol.II, bls.199.

152) Dooyeweerd, A New Critique, Vol.II, bls.199. Die leidende funksie moet in die historiese mag gefundeer wees. 'n Revolusie kan egter die historiese-magsformasie uitwis, en die leidende posisie van die maghebbers omverwerp.

Dooyeweerd vas dat „beskawing“ en „kultuur“ in teoretiese sin as terme neutraal is tenopsigte van hoër of laër — ons praat dan tereg van 'n hoër of laër kultuur. Hy self verkies om van „beskawing“ te praat, bloot omdat kultuur in die heersende geskiedenisfilosofie as gangbare term die meeste belaa is.<sup>153)</sup> 'n Voorkeur wat hy in „A New Critique“ glad nie herhaal nie. Hy erken dat beskawing in konkrete en materiële sin gebruik kan word, „but this does no derogate from the modal character of the aspect in which this collectivity of concrete culture can only present itself as such.“<sup>154)</sup> Hy wil veral beskawing nie as 'n soort supra-modale konsentrasiepunt van die ervaringswerklikheid, beskou nie.<sup>155)</sup> Beskawingsontwikkeling wys egter heen in transsendentale rigting na die verdiepte sin van kosmies latere wetskringe<sup>156)</sup> en derhalwe maak Dooyeweerd die onderskeiding estetiese kultuur, politieke kultuur, ens.

Dat Dooyeweerd 'n noodsaaklike onderskeiding hier sonder meer „afmaak“ is jammer, veral daar die vertaling deurgaans die term „culture“ gebruik, sonder inagnam van sy eie voorkeur vir beskawing<sup>157)</sup> (civilization), veral daar kultuur reeds aan die begin van hierdie eeu die Nederlandse voorkeurbegrip

153) W. de W., Vol.II, bls.143.

154) A New Critique, Vol.II, bls.204.

155) D. ontken in 'n gedifferensieerde samelewing 'n kollektiwiteit van konkrete kultuur as 'n sosiale geheel. Dit sou 'n individualiteitstruktuur vereis om die gedifferensieerde aspekte in 'n tipiese totaalverband saam te vat of daar moet 'n tipiese gemeenskap aangedui word wat as die integrerende mag alle beskawingsfere sal deurdring met sy heersende gees en leidende idees. In primitiewe toestande en M.Eeue kan dit wel so wees, maar in die Weste sien hy geen dusdanige „uniting power“ nie bls.204, A New Critique, Vol.II,

156) A New Critique, Vol.II, bls.216.

157) W. de W., Vol.II, bls.143.

word.<sup>158)</sup> Die vrees vir aanduiding van uiterlike en innerlike is na ons mening ongegrond. Immers civilitas dui op die hoogste kwaliteit van menslike gemeenskapslêwe by die Romein, min of meer soos die Griekse ἡλιθία. In die "New Critique" uitgawe word Dooyeweerd se beskawingsontwikkeling egter deurgaans vertaal deur "culture." Die Engelse taal het egter nog altyd die pregnante begrip civilization om 'n bepaalde graad van "culturedness" aan te dui, soos tenbeste deur die Oxford Dictionary illustreer word.<sup>159)</sup> Sonder om in filologiese argumente verstriek te raak, moet ons handhaaf dat in die modale sin van die gehele beskawingsproses, dit gebiedend noodsaaklik is om minstens twee aspekte te onderskei.<sup>160)</sup>

Die gehele beskawingsproses strek in transsendentale tydsrigting op die verdiepte sin van kosmies latere gegewe. Die historiese wetskring is trouens die knooppunt van die

-----

158) Huizinga, Schaduw van Morgen, Versamelde Werke, Vol.VII, bls.481. Die internasionale terme is culture, civilisatie, civilta. Beskawing wyk egter etimologies af van civil- sasie en kultuur. Die gedagte van bou en kweek ontbreek. Dit is egter skynbaar vertaal uit eruditio — verfyn, veredel. Civilization het die begrip van "een objektief te constateeren historisch verskijnsel" geword. (Dr. Johnson maak civility van civilitas).

Cultura het vir Spengler sinryke verband met cultus — cultus is van dieselfde stam, as colere, kweek, bou. Cultura dui dus op versorging, bebouing, kweek. Cicero pas dit egter reeds toe op geestelike dinge, cultura animi philosophia est! Kultuur, (Duits-Bildung) begin die beskawing van 'n besondere persoon te word. Vgl. Jacob Burchhardt, Die Cultur der Renaissance in Italien.

159) Culture word in Concise Oxford Dictionary aangedui as : Tillage, rearing, production. Improvement by (mental or physical) training. Intellectual development. Latyn : colere; bls.291, civilization word op bls.215 aangegee as — Making or becoming civilized, advanced stage in social development. Civilize — Bring out of barbarism, enlighten, refine. Civil — bring ook na vore — polite, obliging, not-rude, civility.

160) Waar Spengler voorkeur gee aan kultuur bo beskawing Civilisation, moet ons onthou dat hy die Angelsaksiese begrip nie korrek verstaan in sy milieu waar die militarisme oorheers en zivil dus die laëre orde is, nie. Vgl. Huizinga, Schaduw van Morgen, Vers. Werke, Vol.VII, bls.489. Kultuur het vir Huizinga weer 'n sinryke element (verbou, kweek, versorg) wat beskawing nie het nie. Beskawing het in Nederlandse spraakgebruik ook nog die implikasie van skaaf, poleer.

normatiewe sin-dinamiek. Die ontsluiting van die menslike persoonlikheid staan egter steeds onder leiding van die geloof, en juis hierdie leiding van die geloof verg 'n meer subtiële benadering van die beskawingsbegrip.<sup>161)</sup> Die mens se toekomsverwagtinge is immers intiem verbonde met sy kulturele werksaamhede, sodat naas die sigbare simbole, die „diesseitige“, daar ook rekening gehou moet word met dit wat „jenseitig“ is. So is die geopenbaarde religie nie 'n produk van die menslike gees nie, maar dit bly tog steeds in die tyd en in die lewende menslike persoonlikheid begrepe. Hierdie toestand sal ons moet verreken in ons religieuse grondmotief. Die Christen se kultuuraktiwiteite, sy vervulling van sy normatiewe roeping tot mag oor en die vorming van die natuur-sye van die werklikheid, staan steeds in die teken van sy „innerweltliche Askese“<sup>162)</sup> — Nie sy rykdom aan kultuurgoedere nie, maar sy roepingsvervulling — daarom sal die nadruk op die ontplooiing van die menslike aktiwiteit en daarby die besondere designasie van die menslike verantwoordelikheid teenoor die geopenbaarde wil van God, opsigself reeds die verwagting motiveer dat die Gereformeerde tipe van reformatie

161) dr. P.C. Boeren stel in Cultuur Geschiedenis der Christendom, Vol. II, bls. 458, drie forme vas waarin die beskawingsproses verloop. (i) die maatskaplike proses — bepaal deur menslike instikte.

(ii) die Beskawingsproses — verstandelike, wetenskaplike, tegniese en artistieke ontwikkeling.

(iii) Die proses van Kulturbeweging of Aggregasie — die deurdringing van die voorafgaande met 'n geestelike inhoud. Die kerk was dan meer tuis in die derde proses waar dit aanspraak op volle leiding gemaak het. Sonder om dr. Boeren se skema te aanvaar, (veral daar hy skynbaar die eerste twee prosesse eers voltooi en dan deurdring, terwyl ons stelling is dat die religie van die begin af die leiding het — sy skema sou egter pas in 'n natuur-genade konstellasië waardeur ons tog sy probleemstelling — onderskeiding van die aggregasie-proses, van sy meer sigbare maatskaplike en beskawingsprosesse.

162) Calvyn is as askeet bestempel (Max Weber, Ernst Troeltsch) „aus der jenseitigen Zeitbestimmung und der spröden Trennung von Gott und Kreatur folgende asketische.“ Haltung“ Haitjema Th.L., <sup>Calvyn</sup> en het Calvinisme in Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 334-5. Josef Bohatec in „Calvins Lehre von Staat und Kirche“ meen dat daar egter nie van „innerweltliche Askese“ gepraat moet word nie, maar van „organiese askese“ na aanleiding van die kerk as liggaam van Christus. Die gemeente van Christus is 'n organisme. Vgl. Haitjema Th.L., a.w., bls. 337.

vrugbare beskawingsarbeid sou verrig. Ook in die kultuurwerk, nie om kultuur as sodanig nie, maar enkel en alleen om die Genadewerk van God en tot Sy diens.<sup>163)</sup> Hierdie houding sal derhalwe beslissend wees ook in die vervaardiging en gebruik van kultuurobjekte. Waar die kultuurgoedere van die heiden- dom en Christendom derhalwe in alle opsigte ooreenkoms kan toon, is in laaste instansie nog die motivering vanuit die religieuse grondmotief ook daar deurslaggewend — in diens van God of in diens van die owerste van die duisternis.

Immers die positiewe en beslissende invloed van die Christelike religie op die ontwikkeling van ons beskawing word deur talle humaniste toegegee,<sup>164)</sup> hoewel daar nog gangbaar die opvatting heers dat „human liberty has grown in proportion as ecclesiastical power has decreased.”<sup>165)</sup> Teenoor die antieke lediggang, bring die Christendom die mens se bestemming waarvan sy beskawingsarbeid neerslag is, onder die soeklig. Daarmee word die lewe vrygemaak, die antieke kultuurplafon deurbreek, en met die opening van ryke perspektiewe kry die

- 
- 163) Die Westerse mensheid word so 'n gonsende byekorf. Van Riessen Ir.H., Roeping en Probleem der Techniek, bls.134. Haitjema Th.L., Cult.Gesch. der Chr. Vol.III, bls.333, vergelyk die praktiese daadkrag van die Engelse volkskarakter onder invloed van puritanisme. Ook Prof. van Schelven, De Levenstijl van het Calvinisme tref hierdie konklusie. Immers die Christelike opvatting van beheersing en vooruitgang is gebaseer op Gen.1 en 2 „En de praktijk van die idee, met behulp van die practische en later ook Wetenschappelijke kennis, heeft tot de bloei der Westerse cultuur geleid” Van Riessen Ir.H., Maatschappy der Toekomst, bls.20. Vgl. Tawney R. Religion and the Rise of Capitalism — arbeid is vir die puritein 'n asketiese tug. Vgl. Kohnstamm P.H., Ontoereikende Momente der Middeleeuwse Synthese, in Cult. Gesch. der Chr. Vol.III, bls.41.
- 164) o.a. Jaspers. Vir hom is die nood van ons tyd „het zonder geloof zijn.” (Nie skrifgeloof nie maar eksistensiële geloof). Vgl. van Riessen Ir.H., Maatschappy der Toekomst bls.22.
- 165) Fisher H., Studies in History and Politics, Oxford U. Press 1919. bls.90. Fisher wys daarop dat Lord Acton egter die teenoorgestelde poneer en sien die geskiedenis van die „gradual emancipation of man from every species of servitude in proportion as the influence of religion became more penetrating and more universal!”

beskawingsproses vaart en ontwikkeling.<sup>166)</sup> Die natuur- en bo-natuur skema van die rooms-katolisisme bring egter weereens beskawingsarbeid op die tweede vlak. Eers in die reformatoriese calvinisme is hierdie skemas deurbreek, en word die weg gebaan tot 'n ryke beskawingsontwikkeling. Die groeiende oortuiging dat die mens geroepe is om die natuur te beheers, bring in die Westerse/beskawing die vooruitgangsidee, veral waar sy huidige drie religieuse strominge, dit daarin eens is dat die mens die natuur moet onderwerp. "t zij dat hem daarby godsdienstige ootmoed dreef, 't zij humanistiese overmoed."<sup>167)</sup>

In die ontsluitingsproses het ons aangedui dat modale ontsluiting in laaste instansie in die pistiese, as grensfunksie kulmineer. So word die hele proses deur die geloof gelei, sonder dat dit self deur 'n kosmies-latere sinfunksie gelei word. As 'n subjeksfunksie is die geloof die grensfunksie van die menslike bestaan in transsendentale tydsrigting. Die sinkern van die geloofsfunksie is deur Dooyeweerd omskrywe as "transsendentale zekerheid in de tyd omtrent de Vaste Grond aller dingen, in gegrepenheid in het hart onzer existensie door een openbaring van de oorsprong."<sup>168)</sup> Waar hierdie sekerheid bowe sigself uitwys, is dit in laaste instansie 'n vraag na die vaste grond, waarvoor dan ook openbaring van die Oorsprong nodig is. "Alle geloof appeleert op Openbaring "hetzij men die openbaring zoekt in het Woord van de enige ware God of in vermeende openbaring van zijn

-----  
166) Dit is in die Westersebeskawing wel vertraag om verskeie redes (i) die harte moet eers vir Christus gewen word; (ii) die pretensie van alléén godsdien bring die bundeling van alle heidense religies teen die Christendom. (iii) Die Chr. as staatsgodsdien het sy nadele gehad. (iv) Die Chr. kom orent in 'n dekadente Romeinse Ryk se oorloë en krisistye. (v) Aansluiting by heidense religies en Griekse filosofie waarin die beskoulike hoër geag word as die aktiewe lewe. Dit beteken degradasie van arbeid. Vgl. van Riessen, Maats. der Toekomst, bls.101.

167) Van Riessen, a.w., bls.104.

168) W. de W., Vol.II, bls.230.

afgod."<sup>169)</sup> Daar is dus geloof in die afval, sowel as die ware geloof, wat slegs deur die Heilige Gees geleer word,<sup>170)</sup> "but both function within the modal structure of a law-sphere, implanted in human nature at creation."<sup>171)</sup> Immers indien die geloofsfunksie by Christen en nie-Christen nie dieselfde was nie, sou ons ook geen antitese kon stel met die teenoorgestelde rigtings en die van die Christelike geloof nie.<sup>172)</sup>

-----  
169) Spier J.M., W. de W., bls.98.

170) Spier J.M., W. de W., bls.98.

171) A New Critique, Vol.II, bls.298.

Dr. Kuyper het opgemerk dat Hebreërs 11 vers 1 ("die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie") na die geloof verwys, nie in sy spesifiek soteriologiese sin nie, maar eerder na die geloofsfunksie as sodanig ongeag die rigting waarin dit sig manifesteer. (Encyclopedia der Heilige Godgeleerdheid, deel II, 2de Druk, 1909, bls.74). Dooyeweerd sê dat hy twyfel of Hebr.11 wel in die algemene sin bedoel is, maar wys daarop dat die geloofsfunksie wel 'n modale struktuur het, wat in die tydelike skeppingsorde gegrond is. Kuyper ontwikkel egter die gedagte dat die geloof 'n breër funksie as die eng soteriologiese het. Die oorspronklike geloofsfunksie gaan nie by die sondeval verlore nie. God handhaaf die essensiële struktuur in sy gemene gracie maar "owing to the radical antitheses between the spiritual dynamis of apostasy and that of the Holy Ghost, it now develops in an apostate as well as in a soteriological direction." A New Critique, vol.II, bls.300. Kuyper sny derhalwe alle verpsigolisering van die geloof tot 'n gevoelsfunksie, verlogisering in 'n intellektuele daad (Aquinas) in die wortel af. Ook die transsendentaal psigologiese visie van geloof as 'n religieuse apriori (Troeltsch), van die moderne irrasionalistiese-idealisme. bls.300- A New Critique, vol.II.

172) Dooyeweerd, A New Critique, Vol.II, bls.300.

Dooyeweerd wy besondere aandag aan Karl Barth wat weer die geloof sien as 'n louter transsendente, alleen van Gods kant komende genade — werksaamheid, sonder enige aanknopingspunt in die geskape menslike natuur. "The subject of Christian belief originates from a new creation, since it is only constituted by the relation of this belief to Jesus Christ." Op Bybelse gronde meen Dooyeweerd is dit nie te aanvaar nie — new beteken vir hom eerder renewed, regenerasie in Christus is nie 'n skepping nie want daar word geen nuwe geloofsorgaan toegevoeg nie. Die geloofsfunksie bly dus dieselfde by Christen en nie-Christen, en sonder dit sou daar dus geen antitese wees nie! Die natuur-genade konsepsie werk hierdie dualisme by Barth eerstens in die konsepsie van regenerasie as 'n nuwe skepping, en tweedens in die ontkenning van enige verband tussen die Christelike geloof en die ingebore (innate) funksie van geloof wat aan die tydelike orde van die menslike bestaan behoort). Vgl. bls.301-2. A New Critique, Vol.II.



In albei moet ons onderskei tussen die subjek-funksie (die prinsipe, inhoud, rigting) en die wortel van die geloof. Die geloofsfunksie assulks mag nie met die religieuse wortel van ons tydelike bestaan, met die hart, waaruit die uitgange van die lewe is, vereenselwig word nie, want die religieuse wortel van geheel ons bestaan is nie 'n funksie nie.

Die geloof self moet derhalwe ook nie met die religie vereenselwig word nie. Die religie is naamlik die diens van God met die hele hart, en dus ook alle lewensfunksies wat uit die hart voortkom. Die grond van die religie, is die verbond van God, wat betrekking het op ons ganse bestaan. Deur vereenselwiging van geloof en religie word die lewe verwêreldlik, en 'n groot deel daarvan aan die diens van God onttrek. Soos reeds aangedui, is die geloof eie aan alle mense, ook aan die ongelowiges.<sup>173)</sup> Die modale aspek van die pistis behou derhalwe sy transsendentale karakter in 'n restriktiewe struktuur, d.w.s. in die afval van God. In sy geslote toestand is die rigting op die Oorsprong omgekeer in die verabsoluttering van die geskapene.<sup>174)</sup> Die hart lei die geloofsfunksie dus ook in die rigting van die afval. Alle self-kennis is afhanklik van God. So kom ook die afvallige persoonlikheid tot selfkennis deur sy afgode, waarin sy tydelike normatiewe funksies verabsoluteer is.<sup>175)</sup> Die tydelike geloofsfunksie, word in die bepaling van die koers van die ontsluitingsproses van die vroeëre wetskring self gestu deur die religieuse gronddotief, waarin vir die Christen die radikale stryd voltrek word tussen die civitas Dei en civitas terrena — Dit gee aan die idee van beskawingsontwikkeling sy ware en enigste moontlike sin-vervulling in die religieuse denke van die

173) A New Critique, Vol.II, bls.300, Spier J.M., W. de W., bls.97. Ons het reeds melding gemaak dat die geloof in restriktiewe sin, nie 'n positiewe ontwikkeling en verdieping van die geloofsfunksie kan wees nie, meer eerder 'n restriktiewe struktuur in die afval —

174) A New Critique, Vol.II, bls.309.

175) " " " " , Vol.II, bls.323.

Christen. Ook die historiese beskawingsontwikkeling kan alleen sy sin handhaaf in sy absolute afhanklikheid van sy religieuse volheid. Menslike beheersing het sy waarborg in die oorwinning van Christus.

Teen hierdie agtergrond gesien bring die leiding van 'n religieuse grondmotief, aspekte van die beskawingsproses, en van die begrip beskawing assulks navore, wat dit noodsaaklik maak om 'n duidelike onderskeid tussen die meer uiterlike, voorwerplike produkte van dié proses en die meer innerlike, subjektiewe gegewe daarvan te maak.<sup>176)</sup> Wanneer ons met religieuse grondmotiewe in die beskawingsproses begin opereer, is ons meteens besig met die begrip van die direkte verhouding van die mens tot God.<sup>177)</sup> Religie is ook 'n alles-beheersende taak vir die primitiewe mens, wat sy hele lewe beheers in al sy uitinge en gedraginge. Daar is geen skeidslyn tussen die religieuse en die profane nie, want dié gebiede vloei van alle kante inmekaar. Vandaar ook die hegte en innige betrokkenheid tussen die menslike persoonlikheid en die natuur waarin dit gewortel is. Van sy wieg is dié mens, "begrepe in de stuwning die door de natuur heen golft, en die alle wezens regeert."<sup>178)</sup> Derhalwe gaan die mens aarselend daartoe oor om brutaal, dwingend in natuurgebeure in te gryp, en is alle handelings t.o.v. die natuur begelei met uitgebreide rituele. Hier is die enkele persoonlikheid in kollektiewe stamverband vasgevang, oral is dwingende reëls, en juis

-----  
176) Vgl. Strauss H.J., Beskawing, Staatsvorm en Stemreg in Suid-Afrika, die Gereformeerde Vaandel, deel XX No.3, Junie 1952., bls.136. "dat kultuur innerlike en uiterlike aspekte vertoon sal niemand ontken nie. Om egter voortdurend met "innerlik" en "uiterlik" te opereer is baie lastig en daarom gebruik ons "beskawing" wanneer die innerlike en "kultuur" wanneer die uiterlike aspekte van die saak bedoel word. Beskawing is 'n innerlike gegewe, meer subjektief; kultuur daarenteen 'n uiterlike gegewe, meer objektief en dus die produk van beskawingsaktiwiteit."

177) Kohnstamm P.H., a.w. in Cultuur Gesch. der Chr., Vol.III, bls.31.

178) Bavinck J.H., De Zending, Cultuur Gesch. der Chr., Vol.IV, bls. 372-3.

in die navolging van voorvaderlike sedes vind hy sekerheid en 'n besef van gerustheid.<sup>179)</sup> Die sede bepaal sy huwelikstyl, sy huisbou ens. Isolاسie van die stamverband beteken onkunde. Die geslote stamlewe is die basis waarop die hele lewe, moreel, godsdienstig en ekonomies rus.

Die menslike persoonlikheid hang so intiem saam met die hele lewe van die stam, dat afsnyding van die religieuse band; en aanknoping by 'n nuwe moment, 'n revolusionêre ingryping in die sosiale en kulturele lewe beteken. Daarom is sendelinge en filantropie dikwels daaraan skuldig dat hulle die beskawingserfenis negeer, en die kerk so die status kry van 'n afsonderlike saak, wat met die daaglikse lewe niks te maak het nie.<sup>180)</sup> In dieselfde trant moet betoog word dat die lewenstyl van die Christelike gesin, nie sonder meer oorgedra kan word op die van die Sjinees of Hindoe nie, want onder leiding van die bepaalde religies, het daar 'n besondere lewenstyl ontspring wat ons slegs van uit die religieuse grondmotief kan verklaar en beoordeel. Naas die uiterlike huweliksvorme

179) Bavinck J.H., a.w. vol.IV, bls.373. Die solidariteit van die groep is kenmerkend van primitiewe beskawings. Carlyle wys op die "High degree in which moral responsibility and religion are conceived of as qualities of the group, of the family, the tribe or even the state, rather than the individual." Vgl. 2de Gebod met Esegïel 18 vers 20 vir oorgang van groepskonsepsie na individuele konsepsie. Carlyle A.J., A History of Medieval Pol. Theory, Vol.V, Blackwood & Son, Edinburgh, 1929, bls.444. Seneca en Esegïel sê Carlyle "overstates their case the wisest and best man is not self-sufficient." — ook sy kinders ly nog vir misdade van die vaders.

180) Vgl. Bavinck J.H. a.w. in Cultuur Gesch. der Chr., Vol. IV, bls.376-79.

181) Vgl. Anshen R.A., The Family in Transition, Its Function and Destiny, Harper Bros., New York, 1948, bls.6-7. Die Westerse beskawing het veel krisis in die gesinslewe gehad. (Griekse-, Romeinse- en ons huidige krisis). Ander groot beskawings is dit gespaar — Waarom? In Sjina heers Confucianisme se stelsel van li (konsep van moraliteit en etika) as "frame of reference and guiding power." Die Hindoe gemeenskap word van sy insepsie beheers deur die Ramayana epos as bron van outoriteit. "The religious, the moral, and the legal codes with all their interrelations and the similarity between these codes and the family which are manifest in the Near Eastern society — in Semitic and Arabic culture, in Persian, Egyptian and Babylonian social institutions — reveal their adherence to the same family patterns for thousands of years."

en gesinspatroon, is daar derhalwe dieperliggende, subjektief-innerlike, deur die religieuse-ingesteldheid gerigte en bepaalde faktore, wat ewe-eens 'n onderskeiding in beskawing en kultuur regverdig en noodsaaklik maak. Dit is daardie dinge wat tot die gemoed deurgedring het.<sup>182)</sup> Die uitsprake van talle filosowe en historici bevestig hierdie vermoede, dat ons weldeeglik die innerlike van die uiterlike moet skei.<sup>183)</sup> Dink spesifiek aan die afdwing van die Christelike huwelik op die naturel in Suid-Afrika, en die verwoestende gevolge wat dit vir die huwelikslewe gehad het.<sup>184)</sup> Hoewel uiterlik gekonformeer met die monogame vorm, is die innerlike lewenstyl daarvan, die van die Bantoe lobola-huwelik. Geen wonder dat Spengler sinies kan uitroep "a religion has never yet altered the style of an existence!"<sup>185)</sup>

Die menslike persoonlikheid, in sy ontplooiing, word gelei deur die hart, waarop 'n bepaalde religie beslag gelê het. Deur Christus in die hart gegryp, kom die lewensuitgange almal onder leiding van Christelike beginsels. Hier in die hart is die lewe nog een en ongedeeld, want hier lê Christus beslag op ons volle lewe. Hier word ons lewe op God gerig of van Hom afgekeer.<sup>186)</sup> Daarom ontbrand nou oor die hele linie die religieuse stryd, waar geloof en ongeloof aan elke sektor

182) Slegs die beskawing word geer wat tot die gemoed deurgedring het, Pelgrimstocht der Menschheid, Red. Berkelbach van der Sprenkel, Prof. A. Cohen, Egipte en Voor-Azië, bls.38.

183) Buckle : Beskawing is "Moral and Intellectual progress."  
Emerson : Beskawing is "Progress."

Bertrand Russel : Progress and predominance of science."

Vgl. Swain J.E., A History of World Civilization, New York, 1947, 2 Edisie, 4de druk.

Prof. Thorndike stel beskawing as "The product of our higher qualities as exercised first by original and superior individuals, and then accepted or followed by a sufficient number of human beings to make it a social fact."

A Short History of Civilization, Crofts, 1926, bls.3.

De Beus : Sien egter beskawing "a creative power" wat indien verloor, die essensie van verrotting is. The Future of the West, bls.84-85.

184) Sien in dié verband my Vroue Stemreg bls.83-87, waar ons 'n samevattende beeld gegee het soos die saak deur voor-aanstaande deskundiges op daardie gebied uiteengesit word.

185) Sien de Beus, a.w. bls.38.

186) Strauss; H.J., Christelike Wetenskap, bls.11.

radikaal teenoor mekaar staan.<sup>187)</sup> In die kultuuropdrag van die mens — vul, onderwerp en beheers, — sien die Christen sy lewe dus onderworpe aan Goddelike ordinansies, en sal die kultuurgoedere wat hy voortbring wees tot eer van God. Sou die uiterlike manifestasies van die ongelowige kultuurvorming dit ewenaar of selfs oortref, en is die beskawingsvorme so almal gelykgeskakel in tegniese/vaardigheid en wetenskaplike natuurbeheersing, dan nog moet ons let op die motief, gesindheid en doel van die Christen.<sup>188)</sup> Juis die anti-Christelike magte in hulle gereedmaking vir die eind-stryd, kan die Christelike beskawings in moordtuig vóór wees. Daarom moet ons naas die uiterlike objeksgoedere voortgebring in die proses van beheersende vormgewing, ook die subjektiewe proses verreken.

Die gangbare onderskeiding tussen Tegniek en Kultuur, is verdere illustrasie van die probleem waarmee ons te doen het. Ons het reeds aangedui dat die roeping tot vorming en mag oor die natuursye van die werklikheid in die tegniek werklik word.<sup>189)</sup> Nou het ons te doen met diegene wat beweer dat die tegniek neutraal is, met die norme van Christendom niks te make het nie, en dus a-Christelik is,<sup>190</sup> veral as getel word op die tegniese prestasies van die humanisme, en vroeëre heidense en moderne nie-Christelike volkere. Daar-teenoor poneer ons dat voor Christus geen neutraliteitstandpunt in hierdie wêreld gehandhaaf kan word nie, want daardeur sou die mens uit die wêreld en uit sy werk getrek word. Die Christen stry tot eer van God op alle gebiede en „zo zal men het dus ook aan ons werk in de techniek moeten kunnen zien,

-----  
187) Strauss H.J., Christelike Wetenskap, bls.11.

188) Die vraag is byv. wat word met die atoombom gedoen? Word dit gebruik in diens van God? Dan is dit beskawingsbevorderlik — word dit gebruik in diens van die anti-Christ? dan is dit beskawingsverval.

189) Sien Spier, J.M. W. de W., bls. 86.

190) Van Riessen Ir. H., Roeping en Probleem der Techniek, J.H. Kok, Kampen, 1952, bls.13.

dat Gods Geest ons by het bouwen leide. Het zal geen neutraal stuk werk zijn."<sup>191)</sup> Immers in tegniek en wetenskap het ons te doen met die vormende, skikkende mens, en die resultate daarvan. Die tegniek is 'n boubedryf in die werklikheid — met gereedskap en materiaal uit die natuur. Maar as menslike produk is dit onderhewig aan die sondegebrokenheid van ons werklikheid,— die mens kan ook daarin faal en misvorm — derhalwe is ook dié gebied nie anti-normatief, neutraal nie, ook hier moet die skaal tussen waarheid en leuen gebalanseer word.<sup>192)</sup> Die geheim van die heerskappy van die mens oor die natuur is die gereedskap, die instrument wat die mens in sy werk tussen hom en die natuur plaas.<sup>193)</sup> In die lyn van die geskiedenis is uitbreiding van heerskappy te verstaan uit die ontwikkeling van gereedskap. So ontstaan 'n tegniese milieu, wat met die natuurlike milieu vervleg. Daar is nou teenstelling tussen die onbekende en die bekende. By ons minder merkbaar, omdat die natuur haas oorwonne is, maar by die Grieke byvoorbeeld was die konflik tussen vorm en materie nog oorheersend.<sup>194)</sup> Dus die natuur is/<sup>die</sup>bedreiging en tegniek is die oorwinning. Maar van meet af is ook nog ander elemente van belang. Ortega Y Gasset sê dat die blote bestaansvraag ondergeskik was aan „de lust tot het, zich wel bevinden” op aarde.<sup>195)</sup> Ook daarmee is nog nie alles gesê nie. Die materiële voorspoed is vir die Christen nie deurslaggewend nie, en moet „de vicieuze cirkel, van het zich wel bevinden van de mens, in religieuze zin” deurbreek word.<sup>196)</sup> In die heidense kulture is die hele menslike doen en late gevat in sy religieuse bestemming. Ook by ons was daar manne wat die religieuse roeping diep deurleef het, vir wie hulle uitvindinge tot eer

-----  
191) Van Riessen Ir. H., a.w., bls.15.

192) Vgl. van Riessen, Maatschappy der Toekomst, bls.132-3.

193) Kuyper A., Pro Rege, bls.133.

194) Van Riessen Ir.H., Maats. der Toekomst, bls.134.

195) Ortega Y Gasset; Betrachtungen über die Technik, (Vert.) 1949, bls.29.

196) Van Riessen Ir.H., Maatschappy der Toekomst, bls.134.

van God bygedra het, en hulle heerskappy nog 'n rentmeesterskap was.<sup>197)</sup> Die terugwin van hierdie gesindheid is die enigste lewenskans vir die Westerse beskawing.<sup>198)</sup>

Die neutraal-verklaring van die tegniek<sup>199)</sup> onderskei sig dan weer in wese van die Christelike kultuuropvatting, wat ook in Gods wet die lig vir die tegniek soek. Gegee twee volmaakte tegniese produkte, dan moet in die produk van die Christen-beheersing nog die motief, die gesindheid verreken word, asook die doel waartoe dit gebruik gaan word, en dan sal ook hier blyk die antitese — God of Satan! Daarby moet ons onthou dat die moderne tegniek die eienskap het om tegniese analfabete in staat te stel „haar aan de gang te zetten en van haar resultaten te profiteeren, zonder dat zij enig inzicht hebben in wat er nu eigenlijk in technische zin gebeurt.“<sup>200)</sup> Weens die uiterlikheid van die kultuurgoedere kan enige vreemdeling homself maklik daarin vind, maar dan ook bloot 'n uiterlike tuiste, lekker en gerieflik — „maar in die geestesonderbou kan hy homself nie so maklik insluit nie, omdat hy deur blote kulturele aanpassing geen aandeel aan die beskawingserfenis verwerf nie.“<sup>201)</sup> Immers tegniese-vaardigheid,

197) Van Riessen Ir.H., a.w. bls.135.

198) Biskop Lilje vra dan of die weg na God nog oop is vanuit die yster kultuur!

199) Rickert, Jasperse.a. Die tegniek is nie goed of sleg nie. Pederson, O., God en Techniek, bls.47, handhaaf die skolasiese onderskeiding (agere) wilshandeling en (facere) maak wat in die tegniek optree. Die laaste is nie betrokke op 'n sedelike waarderingsoordeel nie. Dus ook vir die Katoliek is Tegniek neutraal. Die verlossing van die wêreld is gesoek in die tegniek, 'n geestesgesteldheid wat neutraliteit afgesny het. „Zij was een stuk religie“ sê van Riessen, Roeping en Probleem der Techniek, bls.16.

200) Van Riessen Ir.H., Roeping en Probleem der Techniek, bls.5.

201) Strauss H.J., a.w. in Geref. Vaandel, Junie 1952, bls.136. Vgl. Van den Heever, C.M., Die Stryd om die Ewig, Nas. Pers, 1941, bls.54. „Die man wat die masjien volmaak bewerk, mag hom dit verbeel, maar aan die ontdekker van daardie masjien sal hy nooit gelykvormig word nie.“ Voorheen was die tegniek gebonde aan die vaardigheid en krag van die mens in bediening van die gereedskap, en daarmee is ook sy moontlikhede beperk. Maar die moderne tegniek het apparaat ontdek om die energiebronne van die wêreld in bruikbare vorm om te sit en die menslike beperktheid so vervang. Op elektrisiteitsgebied het die mens self geen moontlikhede nie. Vgl. Van Riessen., Roeping en Probleem der Techniek, bls.26.

oorskadu reeds die beskawingsmondigheid van die massas. In Suid-Afrika met sy onmondige nie-blanke bevolkingsdeel, sal blote tegniese aanpassing van die Bantoe 'n sloping van ons beskawing meebring, reg in die smaak van nihilistiese-gelykmakers, wat juis in die neutrale tegniek hulle aanknopingspunt vind.<sup>202)</sup> Want die humanistiese oorwinningsroes het nie neutraal buite die tegniek bly staan nie, maar sy spore getrap in die gees van selfverlossing.<sup>203)</sup> Die tegniek is reeds besig om die skeppingsopdrag te vervals na 'n kultuurmag van die mens wat onafhanklik wil wees van God, en sy medemens wil verkneg,<sup>204)</sup> want tegniese ontwikkeling is vir die primitiewe mens en die humanis te snel vir beskawingsontwikkeling, indien dit soos aangedui buitendien nog die gerigtheid op God ontbeer. Reeds smag die mens na vorme waarin hy die tegniek kan beheers, t.w. ekonomiese, sosiale, politieke, kulturele en godsdienstige vorme.<sup>205)</sup>

Nogeens wil ons herhaal dat die tegniek, as beheersende vorming van die natuursye, beslis in die beskawingsbegrip onderskei moet word. 'n Volk of burgers is nie ineens opgegroeï, mondig nie (*ἀνθρώπων τελευτή*), sê Kuyper,<sup>206)</sup> en ons wil daaraan toevoeg dat konformasie tot die uiterlike, objektiewe kultuurgoedere van 'n ander beskawing, die proses van mondigheid ook geensins voltrek nie! Dit is 'n dwaalbegrip

202) Vgl. Brinkman D., Mensch und Technik, 1946, bls. 94. Van Riessen Ir. H., Maats. der Toekomst, bls. 135. Juis op hierdie punt sondig die integrasië beleid van die Verenigde Party in Suid-Afrika.

Sien ook ons Vrouestemreg, bls. 130-1.

203) Vgl. van Riessen, Roeping en Probleem der Technik, bls. 16.

204) Van Riessen, Roeping en Probleem — bls. 30.

Vgl. de Beus, a.w. bls. 49. "The improved technique absorbs all energy. The Society becomes its slave, instead of its master."

205) Van der Ploeg J.C. Streven naar een hernieuwde Christelijke Samenleving in Cult. Gesch. der Chr. Vol. V, bls. 81-85.

Die tegniek het die towerleerling van Göthe geword. Hy wys daarop dat die ekonomiese orde ver te kort skiet by tegniek. Op Sos. gebied, is die reekse van wetgewing voorbeeld van die naartoe pogings om die agterstand in te haal. Daar is ook die politieke aanpassing waar proletariërs politieke regte eis. — Vakunies, kiesreg, korporatisme, Benelux, Wes Europese Unie, V.V.O — almal voorbeelde van politieke aanpassing by tegniese ontwikkeling.

206) Kuyper A., Locus de Magistratu, bls. 315.



wat ons byvoorbeeld aantref by die sogenaamde beskawings-  
toetse, waarmee die revolusionêre-demokrasie en die liberalis-  
me in Suid-Afrika, die stemreg aan nie-blankes gaan toeken  
het.<sup>207)</sup> Getoets aan 'n weinig skryfkennis en 'n hoeveelheid  
materiële inkomste en besit, is sonder meer aanvaar dat enig-  
een wat daaraan voldoen inderdaad ook die wese van die burger-  
staat sou begryp, en die daaruitvloeiende verantwoordelikheds-  
gevoel ten opsigte van politieke medeseggenskap sou aanvaar.  
Kuyper het baie duidelik ingesien dat by 'n volk op 'n laë  
trap van ontwikkeling "de Overheid alles zelf inrichten en  
regelen, maar by een volk dat zich zelf bewust is en voelt,  
wat in zijn eigen leven omgaat, moet de overheid met het volk  
consulteren."<sup>208)</sup>

Die bewuswording van 'n individu of volk impliseer 'n  
innerlike ontsluiting, wat nie aan uiterlike gegewens gemeet  
kan word nie. In ons studie van die owerheidstaak, is dit  
juis hierdie subjektief-innerlike geestesgesteldheid van  
die volkere wat ons moet konsidereer. Dit is juis hierdie  
innerlike mondigwording van die individu, wat voorvereiste  
is vir die volle differensieering van die samelewingsvorme.  
Die ontwikkeling en handhawing van soewereiniteit in eie kring  
hang intiem saam met die geestelike rypheid, beskaafdheid  
van die burgery. Dit is juis treffend dat terwyl uiterlike  
kulturele vorme op 'n hoë peil staan, die proses van

-----  
207) Sien ons Vrouestemreg, bls.136-8, asook bls.139-143.  
Sien ook ons Beskawingstoetse, 'n Humanistiese/onder  
die soeklig, Die Calvinis, 1953, bls.3. <sup>praktijk</sup>  
208) Locus de Magistratu, bls.317.

beskawingsverval reeds ingetree het.<sup>209)</sup> Vandaar dat van verskeie kante ons huidige tegnologiese ontwikkeling met verbystering gadeslaan word, veral tenopsigte van die invloed daarvan op die menslike persoonlikheid, en gevolglik beskawingsverval.<sup>210)</sup>

Solank as die vrye samelewingsvorme, vrye kuns en vrye wetenskap, — die hoogste goedere van die beskawing — nog nie aan 'n burgersy toevertrou kan word nie "zoolang heeft de sentrale staatsregering voor die hoogere kultuurbelangen te zorgen, en deze zoo noodig te regelen."<sup>211)</sup> Dan behoort alle inisiatief aan die owerheid — op alle terreine, sedelik, intellektueel, en ekonomies! Dit was Bismarck se ideaal vir die staat! Kom die burgersy daarenteen tot innerlike rypheid, d.w.s. tot beskawingsmondigheid, kan die staat homself terug-trek. Maar indien deur allerlei oorsake, — massalisasie, verlies van arbeidsvreugde, oordrag van verantwoordelikheid, ens.,<sup>212)</sup>

209) Vgl. Toynbee, A Study of History, D.C.Somerwell, New York, 1947.

- i) Die paleolitiese eeu het 'n fyn kuns gehad, terwyl die Neolitiese eeu die fyn geslypte gereedskap en wapens gehad het!
  - ii) Die Hinoaanse Beskawing, kry sy genadeslag, op 'n stadium toe tegniek 'n hoogtepunt bereik — ysterswaarde van Doriërs.
  - iii) Die Mayaanse beskawing in Sentraal Amerika, het sonder metale gebloei, terwyl latere beskawings wat dit wel gehad het nie daarmee vergelyk kan word nie. Hy sê dan "Technological advance is synchronous with a cultural interregnum" — Sonder om die stelling te aanvaar, erken ons dat tegniek en beskawing nie sinoniem is nie. Vgl. War en Civilization, Selected, A.V.Fowler, Oxford, U.P., 1950, bls.133.
  - iv) Ook die Hellinistiese beskawing het 'n groot tegniese vooruitgang getoon, toe die volk reeds geestelik ontreddeerd was.
- 210) Sien van Riessen Ir. H., Roeping en Probleem der Techniek. Asook Huizinga, Ortega Y Gasset, Pederson, e.a.
- 211) Polak, A.W., Beknopte Geschiedenis der Staatshuishoudkunde in Theorie en Praktyk, 2de Druk, Wêreld Biblioteek, Groningen, 1919, bls.357.
- 212) Sien van Riessen Ir. H., Roeping en Probleem der Techniek, bls.38. "Wie de zin van zijn werk niet meer verstaat, beleeft de arbeid niet meer als een zegen en een roeping!" Dit was juis pligsbesef teenoor arbeid wat die Westerse kultuur tot hoogste bloei bring. Wanneer 'n belangrike deel van die burgersy hulle roepingsbesef verloor, dreig die kultuur self om te verval. Deur spesialisasie verloor die arbeider uitsig op die geheel, die verantwoordelikheid word steeds deur die leiding geneem. "De devaluasie van arbeid is een facet van de ontwikkelingsrichting in de geheele Westerse cultuur. De spits dezer richting doelt in het verschieft op een toestand die men o.a. met deperonalisasie, collectivisme en dirigisme aan kan duiden." bls.42.

—, die burgery meer en meer teen die owerheid begin aanleun, is hierdie tekens van beskawingsverval te bespeur in toenemende owerheidsbemoëing. En juis die uiterlike kultuur-goedere, die tegniek word nou deur die owerheid aangewend om dié buitengewone taak te verrig! Temidde van 'n ryke verskeidenheid van verbluffende tegniese prestasies, verarm die burgery geestelik, en kom beskawingsverval.<sup>213)</sup> Tereg merk Huizinga op „de som van alle wetenskap is in ons nog niet cultuur geworden.“<sup>214)</sup> Die kulturele prestasies, die uiterlike en kenbare resultate van die mens se beheersings en vormingsarbeid, moet eers 'n homogene eenheidstrewer vertoon.<sup>215)</sup>

Uit voorefgaande meen ons voldoende bewys te gelewer het vir die noodsaaklikheid om in die beskawingsproses twee aspekte te onderskei naamlik kultuur, as die objektiewe, meer sigbare, uiterlike produkte van die mens se beheersingsarbeid, en beskawing, die subjektiewe innerlike neerslag,<sup>216)</sup> 'n produk van 'n verborge geesteswasdom, op religieuse wortel vergroei met die beskawingsontwikkeling deur apperseptiewe geesteswerk — saamhede van ontelbare generasies — Indien, soos ons reeds aangedui het daar filologiese argumente aangevoer kan word teen ons terminologie, (hoewel ons ook reeds sodanige argumente binne die ruimte tot ons beskikking voldoende konsidereer het) dan bly dit nogtans gebiedend om die onderskeidende

213) Vgl. Van Riessen, Roeping en Probleem der Techniek, bls. 46. „Als de arbeid in plaats van de mens op de proef te stellen, zijn capaciteiten bevriest doordat zijn persoonlijk initiatief niet of nauwelijks gevorderd wordt, staat de ontwikkeling van onze gehele cultuur op het spel.“ Dit dui op beskawingsverval, terwyl juis die hoogste tegniese ontwikkeling dit moontlik gemaak het.

214) Huizinga P., Schaduwen van Morgen, Versamelde Werken, VII, bls. 338. Let wel dat Huizinga by cultuur, beskawing in breedste sin bedoel.

215) Huizinga sê: „Cultuur moet metafysisch gericht zijn, of zij zal niet zijn“, bls. 334, Vol. VII, Versamelde Werke. Die ideaal wat die gerigtheid van kultuur bepaal moet uitgaan „buiten en boven de belangen van de gemeenschap zelve die haar draagt.“

216) Sien Strauss, H. J., Beskawing, Staatsvorm en Stemreg, Geref. Vaandel, Vol. XX, No. 3, Junie, 1952, bls. 136.

inhoud van die terme te behou<sup>217)</sup> en sal ons voortaan onder beskawingsmondigheid van die burgery, beslis nie bloot let op konformasie met uiterlike, d.w.s. kulturele/prestasies (tegniek ens.) nie.

(d) Periodisering in die beskawingsontwikkeling:

In die lig van ons transsendentale metode van beoordeling van die beskawingsgeskiedenis, waar ons die religieuse grondmotief — waarin die menslike aktiwiteit en daarmee die owerheidstaak in breëre sin ingebed was — telkens verreken, spreek dit vanself dat ons rekenskap moet gee van die gangbare periodiseringsmetode. Intiem hiermee verbonde is die evolutionistiese ontwikkelingsgedagte.

Hierdie gedagte het sy ontstaan in die denke van humaniste van voorafgaande eeue. Die gedagte van doelmatige, langsame, ongewilde wording van beskawingstoestande en verskynsels<sup>218)</sup> het reeds in die gedagtes van Voltaire en Turgot en Condorcet vorm aangeneem.<sup>219)</sup> So sien de Montesquieu die lewe van volkere as beheers deur ontwikkelingswette, wat sig ooreenkomstig die innerlike struktuur van die volksgeheel laat geld.<sup>220)</sup> Nicolaas van Cusa (1725- ) het reeds gesoek na 'n innerlike ontwikkelingsbeginsel van die gemeenskapslewe.<sup>221)</sup> Dit sou egter Giovanni Battista Vico, wees wat in die groei van regsinstellinge en staatsopvattinge van verskillende volke, 'n analoë ontwikkeling met die van die individu sien,<sup>222)</sup> en daarvolgens sy siklusse vir die wêreld-

217) Beskawing is immers altyd veel meer as 'n losse groep lewensuitinge, maar in haar diepste wese is dit 'n uit één wortel opgroeiende en alle gawes en betrekkinge omspannende krag, wat tegelyk stuwing en normering, élan en vorm verleen. Bavinck J.H., De Zending in Cultur. Gesch. der Chr. Vol. IV, bls. 409. Vgl. ook Huizinga P., Geschonden Wêreld, Vers. Werke, Vol. VII, bls. 495. Ons moet onthou dat die term beskawing slegs 'n stempel is „dien onze hedendaagsche geest op de traditie van het verleden drukt, een begrip dat ons ontglipt, zoodra wij het meenen te vatten.“

218) Huizinga, Vol. VII, bls. 49-50.

219) Vgl. H.G. Wells, Outline of History, en Huizinga, Vol. VII. Sien ook Van Duinkerken A., Secularisatie in Cultuur Gesch. der Chr., Vol. IV, bls. 131.

220) Van Duinkerken A., Secularisatie in Cult. Gesch. der Chr. Vol. IV, bls. 131.

221) Van Duinkerken A., a.w., bls. 131.

222) Van Duinkerken A., a.w., bls. 131.

historie opbou. Die ontwikkelingsgedagte kry voller en diepere sin in die gees van Herder, van die Duitse Romantici en tenslotte by Hegel. Die begrippe transformasie, verandering en voortgang, word veelal geheel en al vervang met 'n ontwikkelingsgedagte op organiese lees geskoei. Die evolusie (of die biologiese aspek) vul ontwikkeling aan. <sup>223)</sup> Daarmee is die leer van reglynige evolusie in die beskawingsgeskiedenis ingedra "an inevitable movement in one direction — the progressive, evolutionary development, extending from its hypothetical origin into the future."<sup>224)</sup> Hiervolgens sal die owerheidstaak gesien word as bloot 'n ontwikkeling van die simplistiese na die komplekse<sup>225)</sup> Voortgang word nou verhef tot die status van hoogste ideaal, en sny aldus alle waarheid tenopsigte van menslike verbandslawe in die wortel af. Dit word 'n proses sonder doel en derhalwe sonder sin, sodat die dinamiek bloot valse skyn is. Waar geen ewige norm en wet geld nie, kan geen doelgerigtheid wees nie. Die reglynige evolusie-gedagte stem dus nie ooreen met die skriftuurlike wêreldbeskouing nie, en kan daarin ook geen beginpunt vind nie. Dit onderskat die demoniese magte in die mens, en verval so in die optimisme van 'n mens wat uit eie krag sy bestemming reglynig sal benader!<sup>226)</sup> Die reglynige leer is juis daarom 'n illusie, omdat God sig bedien van swakke en sondige mense,<sup>227)</sup> en die weg na die eindbestemming deur diepte en branding heen na die hoogtes voer. Die reglynigheid hou ook nie rekening met die historiese starheid in menslike ontwikkeling nie. Dit neem byvoorbeeld sewe eeue van Augustinus tot Pous Gregorius VII om die middeleeuse sisteem te vorm.

223) Huizinga, Versamelde Werke, Vol.VII, bls.49-50.

224) Anshen, R.A., The Family :its Function and Destiny, Harper Bros. New York, 1948, bls.5.

Vgl. Dooyeweerd W.de W., Vol.II, bls.298, vir Verwerping van optimistiese geloof in 'n gestadige voortgang.

225) Vgl. Herbert Spencer se A Data of Ethics.

226) Vgl. Kohnstamm P.H., Ontoereikende Momente der Middeleeuwse Synthese in Cultuur Gesch.der Chr., Vo.III, bls.35.

227) Kohnstamm P.H., a.w. Cultuur Gesch.der Chr., Vol.III, bls.36.

Dit beheers die wêreld vir drie eeue, en dit neem daarna nog vier eeue om dié beginsels waarop dit berus het te verdring met ander beginsels.<sup>228)</sup>

Hierby moet ons verder rekening daarmee hou dat alle buite-Christelike en anti-Christelike wêreldvisies gekenmerk word deur die verering van beweging terwille van beweging.<sup>229)</sup> Dit het reeds sy rol gespeel in die materie-skema van die mees primitiewe natuurreligies, waar die vegetatiewe lewende simbolies is van die ewige kringloop van die werklikheid. Toegepas op die samelewingsorde is hierdie leer van 'n wêreldsiklus „het sich' steeds herhalen van dezelfde kringloop, die niet op een doel gericht is, en waarin ook de onderscheiding van goed en kwaad geen zin heeft.“<sup>230)</sup>

'n Beskawingsfilosofie gebaseer op hierdie kringloop-gedagte sal dan alle gebeure, ook die taak van die owerheid gaan dwing in 'n voorafbepaalde keurslyf-opkoms, verval en ondergang! — So 'n rigiede organiese konsep van beskawings tref ons veral by Spengler aan, waarin die mens gereduseer word tot 'n willose werktuig in die hande van die beskawings self.— Noodlot (Schiksal<sup>1</sup>) kry dan die ereplek in die menslike doen en late. Die metode is steeds vergelyking van beskawings, en die opspoor van ooreenkomste in neigings, en stadia van ontwikkeling; dit word dan as voldoende bewys beskou vir die kringloop-gedagte. Dit is egter bloot ooreenkomste in essensiële, uiterlike objektiewe kultuurprestasies, sonder om deur te dring na die kern. Die metode is wel nuttig, maar daar moet altyd onthou word dat die besonderhede van enige twee historiese gebeurtenisse nooit gelyk is nie.<sup>231)</sup>

228) Bryce, Viscount James, The Holy Roman Empire, McMillan & Co., London, 31ste Druk, 1922, bls.504.

229) Kohnstamm, P.H., a.w. in Cultuur Gesch. der Chr., Vol. III, bls.35.

230) Kohnstamm, P.H., a.w. Vol. III, bls.35.

231) Vgl. de Beus, a.w., bls.40-42.

Ook Toynbee sien die ooreenkomste in die ontwikkeling van verskillende beskawings raak, en lees daarin die idee van ritme, met uitdaging en antwoord as die vernaamste vorm.<sup>232)</sup>

Dit kan dus die vorm aanneem van versameling van alle kragte om te antwoord op die uitdaging (rally and response), of dit mag sig onttrek en deur 'n reinigingsproses gaan "to return enriched and strengthened."<sup>233)</sup> Toynbee verwerp dus die

teorie van determinisme en noodwendige verval van 'n beskawing. Sy skeppende minderheid (creative minority) produseer as't ware die magte om die uitdaging die hoof te bied. Maar 'n verval kom (breakdown) wanneer die minderheid nie meer dié skeppende krag kan voortbring nie, dan verloor hulle die ondersteuning van die massas, want hulle kan alleen heersers bly deur mag of outomatiese mimesis.<sup>234)</sup> Nou neem 'n deel van

die massa 'n houding van afvalligheid aan en vorm 'n interne proletariaat, wat die begin van disintegrasie aandui.<sup>235)</sup> Die

disintegrasie begin dus in skisma tussen heersers en interne proletariaat, maar dit beteken ook 'n skisma van die siel,

waarin die diepere skeppende krag vervang word met lediggang.<sup>236)</sup>

In die tydperk van beroering (time of troubles) moet die heersende minderheid die antwoord vind op die uitdaging van die interne en eksterne proletariaat, en die antwoord kom in die

232) Vgl. Toynbee, A Study of History, Abridgement, Somerwell, bls.41. Ook De Beus a.w., bls.46. Van 30 beskawings het 21 volgroei. Vyf het tot stilstand gekom (arrested) en vier het nooit vorm gekry nie (abortive). Sewe bestaan nog t.w. (Hindoe, Islam, Verre Ooste, Bisantynse, Russiese-Bisantynse, Westerse). Gestorwe is Egiptiese, Andeaanse, Sinise, Minoaanse, Sumeriese, Mayaanse, Yacetaanse, Meksikaanse, Hettietiese, Siriese, Babiloniese, Iranese, Arabiese, Hellenistiese beskawings. Vgl. De Beus, a.w. bls.44.

233) De Beus, a.w. bls.46.

234) Die massa imiteer uitkyk en houding van leiers -- dit is mimesis. Vgl. ook De Beus, a.w. bls.51.

235) De Beus, a.w., bls.52. Die proses mag egter vertrap word (arrested) en die beskawing versteen (stage of petrification) (Verre Ooste, Egipte).

236) Vgl. A Study of History, Abridgement by C. Somerwell, New York, 1947, en De Beus a.w., bls.53. "Creativity replaced by either abandon or selfcontrol, mimesis by truancy or martyrdom, a sense of drift and a sense of sin replace the former creative élan -- a sense of promiscuity and a sense of cinity, the former sense of style -- the differentiation which was a mark of growth is replaced by standardization, a mark of decay."

vorm van 'n universele staat. Die proletariaat ontwikkel 'n eie ideologie —, 'n universele kerk. Die universele kerk is nie deel van die ou beskawing nie, en sterf dus nie saam nie, maar trek terug en kom navore as nuwe krag in die nuwe beskawing.<sup>237)</sup>

Toynbee kom met dit alles nie los van die siklus-gedagte nie, en waar dit wel moontlik en noodsaaklik is om die sin van die beskawingsontwikkeling te bepaal, kan dit nooit in 'n rigiede en onbuigsame patroon, wat sigself steeds herhaal, gedwing word nie.<sup>238)</sup> Daarmee word geensins rekening gehou met die verbond van God met die mens nie. Die verbond word nie op 'n bepaalde moment in die geskiedenis gebore nie. Dit word slegs op 'n bepaalde oomblik uit Gods raadsbesluit ontvou.<sup>239)</sup> Immers nog die behoudende genade, nog die wederbarende genade van God kry 'n plek in hierdie patroon, waarin 'n ewige sirkelgang, 'n ewige herhaling uiteindelik 'n drukken-de las sal word, en die persoonlikheid uitgeblus word in 'n ewige niks, soos by Schopenhauer.<sup>240)</sup> In hierdie ewige terugkeer van dinge word dan die sin van die lewe en die wêreld gesoek. Dat dié soektog in sinloosheid kulmineer, bewys Spengler se kulture wat dein soos golwe, 'n hoogte bereik en dan ondergaan sonder kontinuïteit.<sup>241)</sup> As Toynbee in sy optimisme, nog 'n antwoord (response) aanbied, dan moet ons onthou dat dit nog net sal kom van 'n „creative minority“. Daarmee is sy optimistiese mensbeskouing, waarin die mens homself red,

237) „Withdraws and re-emerge, as the generating force of a new civilization, it is the cocoon in which the essence of civilization is preserved in order that another civilization of greater beauty and higher development may be born of it,“ De Beus, a.w., bls. 56.

238) Vgl. De Beus, a.w., bls. 59.

239) Vgl. Baak J.C., Het Calvinisme, Oorsprong en Waarborg onzer constitutioneele Burgervryheden, W. Ten Have, Amsterdam, 1945, bls. 21.

240) Die terugtrek van die religie in 'n kokon kan nie assulks beskou word nie — Soos by Toynbee.

241) Vgl. Kohnstamm P.H., a.w., Vol. III, bls. 35. Immers die evolusionisme slaan in 20ste eeu oor in pessimisme na die uitbarsting van twee groot wêreld oorloë — Vgl. Dooyeweerd H., W. de W., Vol. II, bls. 298-9 vir verwering van 'n pessimistiese relativistiese historisme.



alreeds beperk tot 'n elite groep, Nietsche se "Supermense" as't ware. Ook sy bekoring vir die humanisties-ontwortelde mensheid het daarmee die glans verloor en vervaag tot 'n mirage van selfverlossing vir die dwalende mens in die woestyn van ongelooft.

Die periodisering, waarvan ons egter kennis moet neem sal bepaal word deur afgrensing van periodes waarin bepaalde religieuse-grondmotiewe oorheers het, maar ook steeds weer getemper deur hulle onderlinge wisselwerking en beïnvloeding, d.w.s. permeasie,<sup>242)</sup> waardeur afgrensing ook weer moeiliker word. Nietemin meen ons is die korrelasie van beskawingsperiodes en religieuse wortel en religieuse koers steeds waarneembaar. Veral wanneer ons moet erken dat die grense van periodes in hulle krisis en ondergangskonflikte geleë is, en nie in die verwesenliking van hoogtepunte nie. Diē Hervorming opsigself is byvoorbeeld geen grens nie<sup>243)</sup> maar die toppunt van 'n periode, en wel 'n periode waarin die Christelike religie beslissend oorheersend was en tot suiwerste bloei kom. Hierteenoor is die Westerse wêreld volgens Toynbee sedert die 16de eeu (godsdiensoorloë) in "one long process of disintegration",<sup>244)</sup> sonder dat hy enige rekenskap gee van die stuwende kragte wat juis in die 16de eeu tot volle bloei kom, naamlik die protestantse Christendom wat dan ook aan die suiwer Christelike-religieuse grondmotief andermaal die leiding van die Westerse beskawing bied. Ons kan inderdaad Toynbee eers begryp in die opsomming wat hy gee van die remedies deur die eeue aangewend teen disintegrasie, naamlik "escapism, archaism, (verheerliking van die verlede) futurism, utopia, detachment (Buddha) and transfiguration." Die Utopia beyond this world behels onder

242) Vir permeasie sien Bavinck J.H., De Zending in Cult. Gesch. der Chr. Vol. IV., bls.384-6.

243) Spangenberg A., Die perioden der Weltgeschichte, Historischen Zeitschrift 127, 1926, bls.372.

244) Vgl. Prof. Geyl in Can we know the Pattern of the Past bls.16, soos aangehaal De Beus, a.w., bls.68.

andere ook Christus. Hierdie gelykshakeling beteken ook geringskatting van die Christelike religie en van religie in die breë sin. Nou nie meer 'n semen religionis (Calvyn) nie, maar 'n antwoord op 'n uitdaging, en dus 'n menslike produk, en daarby nog 'n krisisproduk wat die stempel van improvisasie dra. Enige betekenis wat Toynbee dan in die Christelike religie sien is 'n bloot humanistiese ydeldroom — 'n gryp na die laaste strooiham.

Enige ooreenkomste in die opkoms van verskillende beskawings moet dus gesien word in die gelyksoortige vervulling van die beheersende vorming. Die evolusionistiese reglynigheid moet ons verwerp op grond daarvan dat 'n gegewe aanleg, struktuur of toestand sig nie vanself ontwikkel nie, maar in normatiewe vryheid verwerklik word in die proses van beskawingsontwikkeling.<sup>245)</sup> Aanvaarding van evolusionistiese reglynigheid sny inderdaad die vervulling van 'n historiese subjeksfunksie af, en daarmee vir ons die benadering van die owerheidstaak as verantwoordelike roeping en taak tot verder vorming van die beskawing, soos inderdaad deur historiese maghebbers (Volksleiers, ens.) in die ontplooiing van die beskawing deur die eeue vervul is, in die onderskeie lewensvorme waarin hulle die leiding geneem het.<sup>246)</sup>

Inderdaad sal ons in beskawingseras wat ons gaan benader en ondersoek na die owerheidstaak dus moet afwyk van die gangbare periodes indien sulke periodes nie ooreenstem met die tydperke waarin ons meen bepaalde religieuse grondmotiewe werksaam was nie. Veral sal ons besondere belangstelling gaan oor die periodes waarin die Christelike grondmotief die primaat verower het. Daaruit meen ons te kan put ook vir die beoordeling van praktyke wat gangbaar is, selfs nadat die Christelike grondmotief geleidelik deur die humanisme verdring word.

245) Dooyeweerd, H., W. de W., Vol. II, bls. 143.

246) Vgl. ook Spier J.M., W. de W., bls. 85.

Daarmee het ons dan nou die riglyne uitgestippel waarvolgens ons die historiese beskawingsproses gaan beoordeel, en daarbinne kan ons dan die owerheidstaak afsonder. Waar ons in ons besinning op die krisis in die Westerse beskawing duidelik aangedui het dat na ons mening daar 'n struktuurverwoesting kenbaar is, moet ons nou daartoe oorgaan om die Christelike leer van die samelewingsvorme te verreken. Daarmee bepaal ons dan die strukturele, sowel as die funksionele grense van elke lewensvorm, soos dit ideaal-tipies uit die Christelike verbandsleer blyk. Daarmee sal ons ook die owerheidstaak, binne die kader van die staatsverband kan beskou. Daarna kan ons daartoe oorgaan om bepaalde periodes, waarin ons bepaalde religieuse grondmotiewe in primaatsposisie erken, te ondersoek, en owerheidsbemoeling te toets aan oorskryding, al dan nie, van hierdie ideaaltipiese grense, in die lig van die beskawingsmondigheid van die burgers.

AFDELING B.

DIE CHRISTELIKE LEER VAN DIE STRUKTURE  
VAN DIE MENSLIKE SAMELEWING.

I. INLEIDEND --- DIE INDIVIDUALITEITSTRUKTURE VAN DIE  
TYDELIKE DINGE.

Voortdurend is die teoretiese denke gebonde aan die gegewens van die voor-teoretiese, naïewe werklikheidservaring. Waar die teoretiese denke aktief uiteen -en teenoorstellend besig is, word die voorwetenskaplike kennis verdiep.<sup>1)</sup> So sien die naïewe ervaring die werklikheid in kosmiese samehang, en wel in die tipiese totaalstrukture van konkrete dinge, handeling en samelewingsverhoudinge. Juis binne hierdie totaalstrukture kom die sin-individualiteit van die verskillende aspekte op tipiese wyse tot uitdrukking.<sup>2)</sup> Daarom is dit so onontbeerlik om 'n juiste interpretasie van die voor-teoretiese ervaring te gee,<sup>3)</sup> want so kom ons ook tot rekenskap van die tipiese totaalstrukture soos hulle in die tydelike onderskei kan word.

Die groepering van verskillende aspekte tot 'n individuele geheel noem Dooyeweerd individualiteitsruktuur.<sup>4)</sup> Die struktuurverskynsel stel ons instaat om 'n konkrete ding of samelewingsvorm, ongeag wisseling van sy lede, tog as dieselfde ding of samelewingsvorm te ervaar.<sup>5)</sup> In die naïewe ervaring word ons die modale funksie-verskille intuitief gewaar, en so ervaar ons ook die werklikheid in sy konkrete, plastiese

1) Dooyeweerd H., W. de W., Vol. III, bls.1.

2) W. de W., Vol.II, bls.343. Die dingstruktuur is die sin-individuele struktuur van die kosmiese realiteit, Vgl. De Crisis — bls.107.

3) Sien in die verband Voetnota in De Crisis, bls.85-6 en W. de W., Vol.III, bls.10, 14-32. Die immanensiefilosofie plaas die werklikheid onder die soewereiniteit van die sin-sintetiese denke, en derhalwe berus dit op 'n verkapte logos-hipostase. Let veral op D. se afwysing van die naïewe ervaring as afbeeldingsteorie.

4) W. de W., Vol.III, bls.2, 3, 33.

5) W. de W., Vol.III, bls.2, Vgl.Vol.II, bls.488.

dingstruktuur sonder teoretiese analiese.<sup>6)</sup> Veral let ons daarop dat ons/<sup>'n</sup>konstante struktuur gewaar word, wat die eenheid van ding of samelewingsvorm bepaal. 'n Toestand derhalwe waar ons te doen het met konkrete dinge, wat met bo-willekeurige struktuur en interne eenheid, aan bepaalde struktuurnorme onderworpe is.

Vanweë die feit dat die naëwe ervaring die dingstruktuur sistaties belewe,<sup>7)</sup> en aan die plastiese horison gebonde is, is die dingbegrip ook nog sintuiglik gebonde<sup>8)</sup> sodat ons nog insig in die wesenlike individualiteitstruktuur mis. Daartoe is deurdringing van die modale funksie begrip noodsaaklik, teneinde teoretiese insig in die strukture waarin die tydelike dinge sig aan die naëwe ervaring vertoon, te verkry.<sup>9)</sup> Slegs van Christelike kant is wesenlike insig in die struktuur van dinge in die plastiese horison van die naëwe ervaring gegee,<sup>10)</sup> en wel in aanknoping by die leer van die wetskringe, want dusdanige insig is sonder teoretiese analiese onmoontlik.

Die skeppingswerklikheid waarin kosmiese dinge gegee is in kosmiese tyd en in onderworpenheid aan die kosmiese wetsorde, is 'n eenheid waarin ons onderskei, maar nie skei nie. So is die individualiteitstruktuur slegs in die tyd en in samehang met die wetskringe te begryp, en dan wel dat elke dingindividualiteit 'n tydelike bestaan het, en in alle wetskringe subjeks- of objeksfunksies vervul,<sup>11)</sup> verder dat een bepaalde subjeksfunksie, met oorspronklike sin-individualiteit, die kwalifikasie van sy dingstruktuur bied.<sup>12)</sup> Geen ding-werklikheid kan in een enkele wetskring afgesluit word

6) Spier J.M., W. de W., bls.159.

7) De Crisis, bls.107.

8) W. de W., Vol.III, bls.1.

9) Dit noem D. 'n funksionele analiese. W. de W., Vol.III, bls. 56. Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.160.

10) W.de W., Vol.III, bls.53-4. Vgl.hier Scheler se poging in die impressionistiese beeld wat teenoor die wetenskaplike houding meer negatief as positief staan.

11) Vgl.D. se bekende funksionele analiese van die lindeboom, wat in sy organiese lewensfunksie, as boom kwalifiseer word. W. de W., Vol.III, bls.37.

12) W.de W., Vol.III, bls.37.

nie, want dit vind individuele uitdrukking in alle volgende modale aspekte; d.w.s. in objeksfunksie.<sup>13)</sup> Die objeksfunksies kan sonder die intieme samehang met die kwalifiserende funksie nie verstaan word nie. Ons moet egter steeds onthou dat die ding self meer is as die som van sy modale funksies, en dat die eenheid steeds behoue bly.<sup>14)</sup>

Wanneer die laaste subjeksfunksie, en dus ook die kwalifiserende funksie gesien word as individuele leidende funksie waardeur die antisipasiesfere van die vroeëre aspekte ontsluit en gerig word,<sup>15)</sup> het ons eers ware insig in die interne totaalstruktuur verwerf. Hierdie leidende funksie is sentraal in die interne ontsluitingsproses waardeur die gerigtheid en individuele doel van die subjeksfunksies blootgelê word. Die bedoelde funksies, wat aldus gerig is, verwerf onderling 'n interne strukturele samehang, teenoor die eksterne funksionele samehang van die modale sin-individualiteit binne die bepaalde wetskringe.<sup>16)</sup> Dit geskied alles met behoud van soewereiniteit in eie kring van die modale aspekte.<sup>17)</sup>

Vanweë die tipiese strukturele samehang — wat inderdaad bewillekeurig is — bly die objektiewe funksies steeds gebonde aan die interne dingstruktuur.<sup>18)</sup> Die kwalifiserende subjeksfunksie is dus as die leidende funksie, ook die bestemmingsfunksie wat inderdaad die essensiële struktuurfaktor in die innerlike bou van elke individuele ding is, en waardeur dit wesenlik van ander dinge te onderskei is.<sup>19)</sup> Hierdie leidende inwerking bly kosmologies en a fortiori vakwetenskaplik 'n ondeurgrondelike probleem, terwyl die kontinuïteit van die

13) W. de W., Vol. III, bls. 37. Die modale individualiteit van hierdie objeksfunksies is gefundeer in die oorspronklike modale individualiteit van die kwalifiserende subjeksfunksie. By 'n boom byvoorbeeld in die biotiese.

14) W. de W., Vol. III, bls. 43.

15) W. de W., Vol. III, bls. 39.

16) W. de W., Vol. III, bls. 40.

17) De Crisis, bls. 109.

18) W. de W., Vol. III, bls. 43.

19) Vgl. Spier J.M., W. de W., bls. 164, De Crisis... bls. 109., en W. de W., Vol. III, bls. 41.

kosmiese tydsorde waarin hierdie leidende werking — die individuele ontsluiting van die antisipasiesfere in die vroeëre sinfunksies van die ding plaasvind — die apriori van die kosmologiese denke self is.<sup>20)</sup>

Die interne struktuurprinsipe oorspan die singrense van die wetskringe,<sup>21)</sup> want die interne struktuureenheid van alle funksies is van beslissende betekenis, waarin die groepering deur die interne struktuurprinsipe so plaasvind, dat een daarvan tot strukturele bestemmingsfunksie gekwalifiseer word.

Waar die totaalstruktuur dan aldus gevind is, erken ons daarin 'n wesenlik tipiese struktuurwet waaraan die individuele ding in sy verganklike bestaan onderworpe bly.<sup>22)</sup> Immers alle samelewingsverhoudinge is aan dusdanige struktuurwette onderworpe, wat hulle interne eenheid en eie-aard saamvat, en aldus hulle tipiese soewereiniteit in eie kring waarborg.

Die taak is nou om hierdie struktuurprinsipes op te spoor. Daar moet eerstens die grondliggende prinsipes met volstrek elementêre karakter onderskei word naamlik die radikaal tipes,<sup>23)</sup> waardeur die individuele struktuurkringe in ryke afgegrens word. Binne die grondstruktuur van elke radikaal tipe vind ons 'n verskeidenheid van onderling onherleibare struktuurtypes, wat die strukturele eienaardighede van groepe van individue binne dieselfde ryk nader bepaal.

-----  
20) De Crisis, bls.109. Vgl. ook W. de W., Vol.III, bls.53. Die kosmiese realiteit kan in geen enkele tydelike wetskring opgesluit word nie, maar openbaar sig in alle wetskringe.

21) W. de W., Vol.III, bls.53.

22) Die konstante geldigheid hiervan, moet nooit met die verganklike individuele ding vereenselwig word nie. Dengerink J.D., Critisch Historisch Onderzoek, bls.182.

23) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.56., individualiteitsstrukturen, die zelve door geen andere meer omsloten worden, maar in haar elementer-grondliggend karakter veel-  
eer alle verdere typiciteit binnen de door haar afgegrensde invariabele struktuurkringen van individuen eerst mogelijk maken." Vgl. Spier, J.M., W. de W., bls.166.

Waar die struktuureienaardighede binne die radikaal tipe alleen deur die interne struktuurprinsipes self gewaarborg is, kan ons van stamtipes praat, met hulle stangebiede.<sup>24)</sup> So is stamtipes die engere struktuurprinsipes van dinge binne 'n bepaalde ryk, met strukturele eienaardighede, wat aan ander groepe binne daardie ryk vreemd is.<sup>25)</sup> Waar eksterne faktore die struktuureienaardighede bepaal, het ons met variabiliteits-tipes te doen.<sup>26)</sup> Stamtipes differensieër weer in ander tipes totdat ons uiteindelik aanland by die individuele ding, wat aan 'n tipiese struktuurwetmatigheid onderworpe is.<sup>27)</sup>

Dit is nou nodig om te begryp dat hierdie ryke van mekaar geskei kan word aan die hand van subjeks- en objeksfunksie.<sup>28)</sup> Daarmee is ons meteens in die ryke van subjektiewe natuurdinge. Omdat alle dinge objeksfunksies in alle wetskringe het, bestaan daar ook objektiewe natuurdinge wat deur hulle hoogste objeksfunksies binne die ryk van die natuur gekwalifiseer word, soos dit wat deur diere gevorm word ten beste illustreer.<sup>29)</sup> Die brug tussen natuur en kultuur word geslaan deur die subjeks- en objeksfunksies wat elke ding in alle wetskringe vervul. Die mens as geroepene tot vorming en beheersing van die natuur, bring die natuurdinge dan ook onder leiding van kultuurnorme. Ook hier onderskei ons dan subjektiewe en objektiewe kultuurdinge. Alle dinge van die natuur kom onder leiding van die kultuurnorme, deur die beheersende vormingsarbeid van die mens, en die gevormde dinge kry objeksfunksies op kulturele gebied. Daarnaas het ons te doen met subjektiewe kultuurdinge, want ook die samelewingsvorme is in die kosmiese orde as strukturele eenhede gegee,

24) D., W. de W., Vol.III, bls.59.

25) Spier J.M., W. de W., bls.167.

26) D., W. de W., Vol.III, bls.59. Spier J.M., W.de W., bls.167.

27) Spier J.M., W. de W., bls.167-8.

28) Vgl. D., W. de W., Vol.III, bls.70-127 vir subjek - objek verhouding in die dingstruktuur.

29) Spier J.M., W. de W., bls. 168.



met eie struktuurvorme en eie onderling onherleibare individualiteit.<sup>30)</sup> Daarmee is ons nou ook midde in die samelewingsvorme van die mens in die kosmiese orde. Die voorafgaande probleemstelling van die dingstruktuur, en die gepaardgaande individualiteitsprobleem is van wesenlike belang in 'n kosmologiese beskouing van hierdie menslike samelewingsvorme, en derhalwe van die staat. Daarom kan hierdie beginsels van struktuur en funksionering in die struktuur nou vrugbaar gemaak word in 'n deurgevoerde ontleding van die individualiteitstrukture van die menslike samelewing wat vloei uit ons reeds aangeduide subjektiewe kultuurdinge.

## II. (b) DIE INDIVIDUALITEITSTRUKTUUR VAN DIE SAMELEWINGSVORME:

### (i) Begripsbepalinge :

In aansluiting by ons reeds verworwe insig dat individuele dinge in hulle bouvorm beheers word deur struktuurprinsipes wat in die goddelike wêreldorde gewortel is, kan ons nou die individualiteitstruktuur van die tydelike vorme van die menslike samelewing ontleed. So is staat, gesin en kerk strukturele eenhede met eie aard en karakter,<sup>31)</sup> en word assulks deur die nafewe ervaring gesien. Deur die wysbegeerte moet hierdie gegewens nie vermink word nie, want juis daarin weerspieël die veelkleurige wysheid van God.

Prof. Dooyeweerd onderskei vooraf enkele belangrikke aspekte van die samelewingsorde, en wel tussen verband, maatskap en gemeenskap. Verbande is al die kollektiwiteite in die menslike samelewing wat 'n eie interne gemeenskapskarakter besit, d.w.s., „een innerlijke solidaire eenheid in de meer of mindere variabele veelheid hunner leden en orgaanfunctionarissen vertoonen, en zich naar binnen steeds door gezags- en ondergeschiktheidsverhoudingen karakteriseren, onverschillig of het gezag outoritair, dan wel genootschappelijk/<sup>word</sup> uitgeoefend.“<sup>32)</sup> Die interne verbandsverhoudinge onderskei

30) W. de W., Vol. III, bls.60.

31) Vgl. Dooyeweerd H., De Crisis, bls.111-112 en Spier J.M., - W. de W., bls.176.

32) W. de W., Vol. III, bls.130. Spier J.M., W. de W., bls.176.

sig ten skerpste van die eksterne verhoudinge waarin die mense gekoördineerd naas mekaar fungeer, sonder solidêre eenheid en sonder dat daarin gesagsverhoudinge optree.<sup>33)</sup> Hoogstens word hier individuele verskille in ouderdom, stand, posisie, aanleg ens. verreken, sonder om samebindend en integrerend in te werk. Dit is dan ons maatskapsverhoudinge, 'n toestand of betrekking van koördinasie waar die individuele lede, nie as lede van 'n enkele geheel optree nie.<sup>33a)</sup>

'n Verdere onderskeiding word gemaak in 'n lewensgemeenskap van twee persone, wat wel tot interne eenheid saamgevoeg is, maar wat so star aan die individualiteit van die fungerende persone gebonde is, dat dit verbreek word wanneer een van die persone wegval. So 'n gemeenskapstruktuur vertoon die huweliksgemeenskap, wat 'n tydelike eenheid vir die duur van die lewe het.<sup>34)</sup> Die gemeenskapstrukture ontbreek óf 'n solidêre eenheidskarakter óf 'n permanente gesagstruktuur. Die huwelik ken dus slegs 'n permanente gesagstruktuur, terwyl die volks- en familiegemeenskap slegs 'n solidêre eenheidskarakter vertoon.<sup>35)</sup> Dit is van belang dat ons daarop let dat ons by gemeenskap te doen het met 'n lewenskring wat nie temin 'n eenheid vorm, en sy lede tot 'n geheel saambind,<sup>36)</sup> teenoor die maatskapvorm van koördinasie, sonder dat die lede 'n enkele geheel vorm.

Dit is noodsaaklik dat ons nou reeds daarop let dat die volksgemeenskap 'n subjektiewe kultuurding is, soos kerk, staat, gesin, familie en huwelik. Dit vertoon soos reeds

33) D., W. de W., Vol.III, t.a.p. Vgl. Spier J.M., W.deW., bls.177

33a) Vgl. Dooyeweerd H., Een R.K. Visie op de Protestants Christelike denkbeelden inzake Bedryfsorganisasie, Anti-Rev. Staatskunde, 22/1952, bls.111. Vgl. W. de W., Vol.III, bls.132-5. Dooyeweerd wys daarop dat Tönnies se Gemeinschaft en Gesellschaft nie die onderskeiding verband en maatskap dek nie. (Vgl. Tönnies F., Gemeinschaft und Gesellschaft, 7de druk).

34) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.135. Ook genoem 'n individuele twee-eenheidsgemeenskap.

35) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.135.

36) Dooyeweerd H., Bedryfsorganisasie, A.R. Staatskunde, 22/1952, bls.111.

aangedui die solidêre eenheidskarakter onafhanklik van die wisseling van sy lede. Aan die volksgemeenskap is 'n normatiewe individualiteitstruktuur meegegee, maar van 'n permanente gesagstruktuur is geen sprake op ontslote beskawingspeil nie. Die volksgemeenskap vind voorts sy fundering in die biotiese wetskring, terwyl die bestemmingsfunksie in die historiese wetskring te vinde is.<sup>37)</sup> Ons verwerp dus enige gedagte dat die volk 'n verband is.

Die verbands- gemeenskaps- en maatskapstrukture berus almal op die eenheid van die menslike geslag, wat religieus veranker is in die oorspronklike verbondsgemeenskap, deur God in Adam met die mensheid gesluit en wat deur genade in Christus herstel is.<sup>38)</sup> Samevattend het ons te doen met struktuur- vorme waarin die verbandstrukture te onderskei is in hulle reële, kontinue identiteit, by algehele of beperkte wisseling in lede en daarby in die besit van aktuele subjek- objek- verhoudinge.<sup>39)</sup> Met die tipiese interne struktuurprinsipes, fungeer dit nietemin in alle sin-sye van die tydelike werklikheid.<sup>40)</sup>

## II.(b) (ii) Die verbandsteorië van die immanensiefilosofie:

Spier formuleer die kernprobleem tenopsigte van die samelewingsvorme, as die vraag na die waarborg van innerlike eenheid, eie strukturele geaardheid en versekering van identiteit ondanks wisseling van individuele lede.<sup>41)</sup> Dit behels dus die soektog na die onderskeie struktuurprinsipes, wat

-----

37) Vgl. Strauss H.J., Diktate Staatsleer, Nasionaal-Sosialistiese Staatsfilosofie, bls.8-10.

38) Dooyeweerd onderskei in dié verband werklikhede van die tweede orde teenoor werklikhede van eerste rang. Eersgenoemde berus op laasgenoemde. Vgl. Dengerink J.D., Critisch Historisch Onderzoek naar de sociologiese ontwikkeling der Soewereiniteit in Eigen kring in de 19de en 20ste eeu, J.H.Kok, Kampen, 1948, bls.185.

39) D., W. de W., Vol.III, bls.136.

40) D., W. de W., Vol.III, 138-9.

41) Spier J.M, W.de W., bls.177 "wat waarborgt aan de verbanden der menselijke samenleving hun innerlijk eenheid, hun eigen structurele geaardheid en waardoor is de identiteit van het verband verzekerd ondanks de wisseling der individuele leden.?"

reeds by implikasie in vooruitsig gestel is in die konstante eenheidskarakter en gesagsverhoudinge. Immers dit dui daarop dat daar beginsels moet wees, wat op die goddelike wêreldorde gegrond is, wat die struktuur van die samelewingsvorme bepaal en wat daarbinne tot uitdrukking moet kom.<sup>42)</sup>

Juis op hierdie kernprobleem het die wysbegeerte deur die eeue heen vertak in die universalisme en individualisme. Veral omdat ons by die bepaling van die owerheidstaak telkens met hierdie twee pole te doen sal kry, regverdig dit 'n saaklike opheldering.

Die universalisme erken die eenheid en realiteit van die samelewingsvorme, maar soek na 'n hoogste vorm, wat as totaliteit alle ander vorme in sig opneem as onselfstandige dele,<sup>43)</sup> waarin die dele die struktuureienskappe van die geheel dra en vir hulle bestaan daarvan afhanklik is. So word dit inderdaad 'n verhouding van middel en doel, van hoër en laër. Omdat die samelewingsvorm primêr is, gaan dit die enkeling vooraf, sodat die enkeling eers tot ware ontplooiing as mens kom as hy optree binne dusdanige samelewingsvorm, want daarbuite is hy onselfgenoegsaam. So besit die hoogste samelewingsvorm dan outarkie as doel van alle lewensontplooiing en historiese ontwikkeling. Voorts neig die universalisme tot verabsoluttering van die organiese eenheidsgedagte, waarin die analogie van die lewende organisme op die menslike samelewingsorde toegepas word. Aan die tydelike samelewingsvorm wat tot hoogste geheel verabsoluteer word, word 'n plek toegeken wat alleen aan die religieuse wortelgemeenskap van die herbore mensheid die Civitas Dei toekom.<sup>44)</sup>

42) Spier J.M., W. de W., bls.178.

43) Spier J.M., t.a.p. Vgl. Dengerink J.D., a.w., bls.187 — Hy dui aan dat Dooyeweerd se stelling inneem teen ontologiese universalisme wat die individuele mens slegs as deel van 'n tydelike sosiale geheel laat fungeer, en die geheel verselfstandig tot 'n werklikheid van die eerste orde. Verder verwerp hy sosiologiese universalisme.

44) Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.178. en Dengerink J.D., a.w., bls.192. Sien W. de W., Vol.III, bls.175, 183.

Teenoor die universalisme ontken die individualisme die werklike eenheid en wortel van die samelewingsvorme, en poneer die selfgenoesaamheid van die individu, wat die samelewingsvorme voorafgaan. Alle samelewingsvorme word in dié trant konglomerasies van losstaande enkelinge wat met bepaalde doel 'n verdrag sluit, sodat die bindingsvorm bloot uiterlik en toevallig is, waarin die getalsaspek met sy diskrete kwantiteite verabsoluteer word. Aldus geen sprake van solidêre eenheidskarakter, gesagsverhouding en individualiteitstruktuur nie.<sup>45)</sup> Die samelewingsorde word nou 'n bloot psigiese verskynsel, en die samelewingsvorme dus ook psigiese wisselwerkinge tussen individue, wat verder in praktyk 'n juridiese ooreenkoms tussen gelykes is.<sup>46)</sup>

Hierdie tweeledige benadering van ons kernprobleem kom in die Griekse filosofie reeds voor, sodat die universalisme dan ook terug te voer is na Plato en Aristoteles.<sup>47)</sup> Immers albei wysgere sien die staat as selfgenoegsame, hoogste samelewingsvorm.<sup>48)</sup> Kragtens die menslike natuur is die staat primêr, en gaan die gesin en familie vooraf. Die mens se substansiële wesensvorm sien Aristoteles in die redelike siel, wat die mens tot sosiale wese maak.<sup>49)</sup> Die individu bevind hom dus binne die staat as deel van 'n geheel, want ook sy gesins- en familiegemeenskap is organiese dele van die staat — 'n nivellering dus van die interne struktuurprinsipes van nie-staatlike lewensvorme.<sup>50)</sup> Immers Aristoteles onderskei nie op innerlike struktuurverskille nie, maar oriënteer aan

45) Vgl. Dengerink J.D., a.w., bls.192.

46) Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.179.

47) Vgl. D., W. de W., Vol.III, bls.139. Dooyeweerd onderskei hier metafisiese-realisme en rasionalisties-individualistiese nominalisme.

48) Die menslike gemeenskap is metafisies gefundeer in die substansiële wesensvorm van die mens. D., W. de W., Vol. III, bls.139. Vgl. L.J. du Plessis, die Moderne Staat, Verkennerreeks, Stellenbosch, 1941, bls.147-152, 153-155. Sien Burnet J., Greek Philosophy, Thales to Plato, McMillan, London, 1943, bls.290-305.

49) D., W. de W., Vol.III, bls.139. Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.178.

50) D., W. de W., Vol.III, bls.145.

die hoëre of laëre behoeftes van die mens, sodat 'n bestemming onafhanklik van die staatsverband inderdaad ook vir die ander samelewingsvorme uitgesluit is.

Indien Aristoteles nog die noodsaaklikheid van tussengeledingse erken,<sup>51)</sup> laat Plato die staat in 'n metafisiese idee opgaan en aldus 'n bo-tydelike en vergoddelikte bestaan voer in die wêreld van idees, sodat daar geen ruimte vir tussengeledingse is nie, want die staatsowerheid soek die welvaart en geluk van die hele samelewingsorde.<sup>52)</sup> Elke besondere *κοινωνία* word tot bestanddeel en middel in diens van die volmaakte en autarke *κοινωνία τελειότητι* gestel.<sup>53)</sup>

Vir die owerheidstaak impliseer dit algehele heerskappy oor alle ander samelewingsvorme. Immers verregaande owerheidsbemoeying by Plato blyk in sy standeindeling en tafolgenootskappe. Die realisties-metafisiese verbandsteorie is inderdaad in sy wortel universalisties, want die individu kom eers in staatsverband tot vervolmaking.<sup>54)</sup>

Hierdie konsepie van Aristoteles is juis daarom belangrik omdat in die middeleeue 'n gewysigde vorm daarvan weergegee is in die Thomistiese sintese-filosofie. Daarmee word die natuur-genade skema, wat as twee terreine in dié verhouding van laëre tot hoëre inpas, gebring. Dit dien onthou te word dat die Christelike beskouing, weer die religieuse wortel van die mensegeslag onthul, waarvan die transsendent-religieuse eenheidsband in die Skepping, in die Sondeval

51) Vgl. du Plessis L.J., a.w. bls.27. Daarmee is sy opvatting van die staat as saligheidsorganisasie beperk, al is die staat 'n volmaakte gemeenskap. Deug kan ook buite die staat bestrewe word, en hy erken die laër gemeenskapsvorme — dus soteriologiese-staatsrelativisme.

52) Vgl. Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.141. Vgl. du Plessis, L.J., a.w., bls.147. Die owerheid is 'n eenheidsinstelling tot reëling van die ganse menslike lewe — volmaaktheid en deug van menselike lewe word aan die staat in absolutisties-soteriologiese sin toegeskrywe, (bls.23).

53) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.141. Vgl. du Plessis L.J., a.w. bls.27.

54) W. de W., Vol.III, bls.144.

van die eerste hoof, Adam en die Verlossing deur die Hoof van die herbore mensegeslag, Jesus Christus, geleë is.<sup>55)</sup> Daarmee tree 'n radikale teenstelling tussen die Christelike en die heidense beskouinge van die samelewingsorde na vore. Die kerk word nie naas of desnoods bo alle tydelike samelewingsvorme geplaas as 'n hoëre trap van ontwikkeling van menslike volmaaktheid nie. Die staat word nie sonder meer geklassifiseer as die laagste —, soos die Stoa dit wel gedoen het— nie.

Immers die vryheid van die menslike persoonlikheid in Christus tas die antieke beskouing in sy wortel en wese aan, en nie bloot in sy uiterlike staatsvergoding nie.<sup>56)</sup> Vir die owerheidstaak impliseer dit nou vir die eerste keer 'n begrensing, want die leuse „God meer gehoorsaam as die mens,“ bring 'n radikale omwenteling in die totalitêr-absolute imperium-gedagte. Die bevoegdheidsgrense van die owerheidsgesag, word derhalwe beslis afgeperk teenoor die kerk, wat as tydelike instituut, sonder die wortel van die gemeenskap in sy bytydelike sinvolheid onder die Koningskap van Christus, geen sin en aansien het nie.<sup>57)</sup> Ook teenoor die gesinsverband word die afgrensing nou ge-eis, maar dit is veral die nuwe waarde van die individu wat om grense vir die owerheid roep teenoor die wortel van die persoonlike menslike lewe, die hart, waaruit die uitgange van die lewe is.<sup>58)</sup> Daarom is pogings tot grensafbakening voortaan te begrype soos byvoorbeeld die van Gelasius tussen kerk en staat.

55) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.147.

56) Dooyeweerd H., W. de W., bls.148. Du Plessis L.J., a.w. bls.35. Vir Augustinus is die staatswet feitlik waarde-loos vir die Christelike mensheid in sy geestelike stand. Daarom kan daar van 'n etiese- staatsnihilisme gespreek word.

57) D., W. de W., Vol.III, bls.149. Vgl. Du Plessis L.J., a.w., bls.35.

58) Spier J.M., W. de W., bls.180.

By die sintese filosofie, met Thomas Aquinas (1227-1274 n.C.)<sup>59)</sup> aan die spits, word die staat geplaas in die gebied van die natuur, waar dit opereer as hoogste gemeenskap. Die staatsdoel is versorging van die mens na die tydelike, materiële.<sup>60)</sup> Op die gebied van die genade, voer die kerk weer heerskappy. Die staat berus op die natuurlike sedelikheid en kan sy bestaan selfstandig ontwikkel tot 'n natuurlike volkomeheid, waarop die kerk egter as genadeinstituut voortbou, en die leiding neem, aangesien die selfstandigheid van die laëre, as voorbereiding tot die hoëre, slegs relatief is.<sup>61)</sup> Die staat is aldus 'n middel tot die hoogste doel, naamlik die kerk as genadeinstituut, wat die volmaakte gemeenskap is.

Vir die owerheidstaak is daar op dié wyse na benede geen bevoegdheidsgrense nie.<sup>62)</sup> Nog teoreties, nog prakties is daar enigiets wat die staatsowerheid sal belet om in te gryp in die interne struktuur van die sogenaamde laëre samelewingsvorme. Immers hierdie hiërargiese skema word nog in ons tyd deur die nu-Thomisme in die subsidiariteitsbeginsel gehandhaaf.<sup>63)</sup>

Die universalistiese gedagte leef voort in die nuwere wysbegeerte van Hegel.<sup>64)</sup> Hier word die staatsverband, die

59) Die sintese is reeds by die kerkvaders te bespeur. Die Stoïsynse leer van die organiese karakter van die samelewing in die sosiale en politieke instink van die mens, wat sy beslag in Aristoteles se wesensvorme kry, is heel vroeg in sintese aanvaar.

60) Spier J.M., W. de W., bls.179.

61) Du Plessis, L.J., a.w., bls.38.

62) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.153. „Het doel van den staat word gezocht in het algemeen volmakingsbelang, en dese idee van die salus publica bezit noch by Aristoteles, noch by Thomas een innerlijke structuur-begrenzing.

63) Vgl. Steenkamp, P.A.J.M., de Gedachte der Bedryfsorganisasie in Protestants-Christelike Kring, J.H. Kok, Kampen, 2de druk, 1952, bls.158-162.

64) Vgl. Strauss H.J., Nasionaal Sosialistiese Staatsfilosofie, Diktate U.V., 1955 vir Fichte, Schelling en Muller as eksponente van die universalisme.



Überperson as hoogste openbaring van die objektiewe gees. Derhalwe het ons te doen met 'n transpersonalistiese wending van die humanistiese persoonlikheidsideaal. Die bo-analietiese funksies word verabsoluteer, nie in die enkeling nie, maar in 'n transpersonele wese, 'n Gesamt-person.<sup>65)</sup> Assulks is die universalisme die basis van die nasionaal-sosialisme en fasjisme wat die volk, respektieflik die staat as vergoddelikte doel van alle menslike gemeenskap sien.

Die besondere betekenis van die verbandsteorie van die universalisme lê juis daarin dat ons in die moderne staat 'n oorskryding van grense sien, sonder inagnome van die innerlike struktuur en selfstandigheid van ander bevoegdheidsfere, juis ook onder die beginsel van funksionele desentralisasie, wat in ons land deur 'n calvinistiese skrywer soos L.J. du Plessis in sy voorkeur vir 'n korporatiewe ordening, nie sterk genoeg onderskei en afgewys word nie.<sup>66)</sup>

Die ontwikkeling van die individualistiese beskouing van die samelewingsorde kan ons ook terugvoer na die Griekse denkers.<sup>67)</sup> Vanweë 'n funksionalistiese instelling, negeer die individualistiese teorie die individualiteitstruktuur van die vorme van die samelewingsorde. So leer Epikurius reeds dat 'n gemeenskap nie van nature bestaan nie,<sup>68)</sup> en sien in die staat 'n kontraktuele vryheidsinstelling.<sup>69)</sup> Ook die latere Stoa lê die nadruk op die afsonderlike individue en dan word die staatsverband gesien as 'n uiterlike juridiese band.<sup>70)</sup> Derhalwe kan die Stoïsynse opvatting geen rekenskap

65) Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.179 en Strauss H.J., a.w. bls.3. Vgl. Dooyeweerd H., W.deW., Vol.III, bls.179 vir Giercke se Gesamtperson. Sien ook bls.150-1.

66) Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, 12de Jaargang, 1934, bls. 133 e.v. ook 14de Jaargang 1936, bls.71. Vgl. die Moderne Staat, bls.100-102. Hy praat ook van administratiewe desentralisasie en devolusie tot desentrale selfbestuur. Vgl. ook bls. 109. Organisasie van burgers in standelike verbande, volgens die hoof funksies van die menslike samelewing, met die oog op interne selfbestuur en saamverbonde volksdiens en staatsaanvulling, bls.112;113.

67) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.139.

68) Spier J.M., W. de W., bls.179.

69) Du Plessis, L.J., a.w. bls.30.

70) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.156-164.

gee van die innerlike eenheid en gesagstruktuur van die samelewingsvorme nie, want vir hulle word die individualiteit en besondere eienskappe van dinge nie deur innerlike nie, maar deur uiterlike (τόρας) —<sup>71)</sup> d.w.s. verbande wat die individue tot eenheid saambind — bepaal. Die sosiale appetyt (sosiale instink) vorm by die Stoïsyne dus nie die grondslag van die samelewingsvorme in hulle besondere innerlike struktuur nie, maar die konstruksie daarvan berus op uiterlike, funksionele aktiwiteit. Aldus is die staat nie in die wesensnatuur van die mens gefundeer nie, maar in konvensie.<sup>72)</sup> Daarmee word 'n kosmopolitiese tendens ingedra, waardeur geen grense van samelewingsvorme erken word nie, want die etiese ideaal van die mens wat geen uitwendige middel vir sy gelukzaligheid nodig het nie — en allerminste die staat —, maak hom volkome onafhanklik van positiewe menslike samelewingsverhoudinge. 'n Soteriologiese staatsnihilisme dus,<sup>73)</sup> wat onverskillig staan teenoor die owerheidstaak omdat die staat in soteriologiese sin geen waarde het nie, en bloot dien as be-teueling van menslike ongebondenheid.<sup>74)</sup>

Die humanistiese natuurregsleer van latere eeue sluit hierby aan. Immers die verabsoluttering van die individue vereis 'n samelewingsbeskouing waarin die individu behoue bly, en derhalwe is alle samelewingsvorme produkte van maatskaplike

-----

71) W. de W., Vol.III, bls.160. Die innerlike tonos. bepaal slegs die innerlike vereniging van dinge en nie hulle individualiteit en besondere kwaliteite nie.

72) Vgl. Carlyle A.J., & R.W., A History of Mediaeval Political Theory, Vol.I, bls.63. Die oorsprong van staatsgesag word gesoek in consensus populi. Vgl. D., W. de W., Vol.III, bls.164-6.

73) Du Plessis, L.J., a.w., bls.30.

74) Spier J.M., W. de W., bls.180.

kontrak. Die lyn kan gevolg word vanaf die Grieke<sup>75)</sup> oor die Romeine (Seneca, Lactantius)<sup>76)</sup> na Manegold van Lautenbach, Marsillius van Padua, John van Parys, e.a.<sup>77)</sup> Die monargverters sou die kontrakteorie Christelik probeer verantwoord in hulle stryd teen vorsabsolutisme.<sup>78)</sup> Die verdragsleer het in die gedagte van Huig de Groot, Thomas Hobbes, John Locke en Jean Rousseau voortgelewe.<sup>79)</sup> Volgens hierdie gedagtegang is samelewingsvorme blote societas, gelykgestel met die algemene wil van die individue. Enige verskil tussen die verskillende vorme sal slegs lê in hulle doelstelling. Wesenlike struktuurverskille bestaan nie. Daar word bloot afgegaan op 'n uitwendige gesigspunt, en die samelewingsvorme is slegs generiese name vir die samevoeging van soewereine enkelinge. Dat hierdie individualistiese beskouing van die samelewingsorde vir die owerheidstaak geen werklike grense stel nie — behalwe uitwendige konstitusionele beperkinge soos Magna Chartas, verklaring van fundamentele regte, ens. —<sup>80)</sup> spruit onmiddelik voort uit die ontkenning van die realiteit van die samelewingsvorme met innerlike struktuurprinsipes, onafhanklik

75) Aristoteles self meen dat wette 'n vorm van kontrak is, καὶ ὁλως αὐτὸς ὁ νόμος ἐν ἑαυτῷ τὴν ἐγγύτητα  
Reeds die Ioniërs skeep die basis vir sekulêre verbandslewe. Vgl. Burnet J. Greek Philosophy, Thales to Plato, McMillan & Co., London, 1943, bls.29. Herodotos beklemtoon gewoonte verskille, en daarvolgens sou Archelaus van Athene sy skerp onderskeid tussen konvensie νόμος en Natuur φύσις maak. Gough J.W., The Social Contract, bls.7. Wanneer φύσις (taak van wetgewer) en νόμος (wet) sinoniem word, kom die gedagte van konstruksie skerp na vore. Vgl. Burnet, a.w., bls.107. Die idee van 'n natuurstaat kom nou in kontras met die burgerlike staat waar natuurlike vryheid deur wette aan bande gelê word — die gevaar van leed deur jou bure berokken lei tot kontrak (ἐν ἑαυτῷ ἐπιλογία). Gough, J.W., The Social Contract, bls.8. Vir die Sofiste is wette ook blote ἐν ἑαυτῷ — d.w.s. gebaseer op konvensie.

76) Gough, J.W., a.w. bls.18. ipsam humanitatem is oorsaak van menslike samewoning vir Lautenbach.

77) Sien Figgis, From Gerson to Grotius, bls.6-32.

Vgl. Gough, J.W., a.w., 30-42.

78) Gough J.W., a.w. bls.48-52. Figgis, a.w., 60-153.

79) Spier, W.de W., bls.180.

80) Vgl. Ons Vrouestemreg, bls.34-5.

van menslike ordening en aktiwiteit. Grense vir die gesagsbevoegdheids van die staatsowerheid, teenoor ander bevoegdheidskringe, is dus na willekeur verskuifbaar.

Beide rigtings van die immanensie filosofie het dus gefaal waar dit die normatiewe en taakstellende individualiteitsstrukture van die menslike samelewing geld, en bied derhalwe geen antwoord op die ter aanvang geformuleerde kernvraag ten opsigte van die historiese duursaamheid van elke individualiteitstipe nie.<sup>81)</sup> Daarom sal ons nou daartoe oorgaan om die samelewingsvorme in die lig van die Christelike wysbegeerte te ondersoek.

II.(b) (iii) Die Normatiewe individualiteitsstruktuur van die samelewingsvorme.

Reeds is vasgestel dat ook die samelewingsvorme van die tydelike werklikheid wesenlike struktuurtypes besit, en dat hulle optrede in die samelewingsorde deur tipiese struktuurbeginsels gerig word. Daartoe het eerstens die gegewens van die naiewe ervaring ons gehelp, as dié eenhede sonder bedenking in 'n dingstruktuur waargeneem word.<sup>82)</sup> Deur sin-analiese moet dit dan ook erken en behou word, omdat hierdie ervaring van die onderskeie samelewingsvorme die houdbaarheid van beide universalisme en individualisme ontsenu. Tweedens het ook die insig van die universele geldigheid van die plastiese horison van die ervaringswerklikheid, waarin die struktuur van die menslike verbande deur kosmologiese sin-analiese opgehelder kan word, ons daartoe gehelp.<sup>83)</sup> So kan ons van innerlike struktuurprinsipes rekenskap gee.

Van ons reeds verworwe kennis aangaande die struktuurprinsipes van dinge weet ons dat die prinsipes van bo-modale

81) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.199 "Wat aan deze verbanden hun innerlijke eenheid en continuïteit in de wisseling der individuele leden waarborgt?"

82) d.w.s. as werklike individuele totaliteit belewe, met kontinuïteit en innerlike identiteit. Vgl.D., W.deW., Vol. III, bls.200.

83) Dooyeweerd H., de Crisis — bls.112.

karakter is, en in die kosmiese tyd alle wetskringe oorspan. Verder dat dit in die radikaaltipe aan die onderskeie funksies van diesamelewingsvorme binne hierdie wetskringe, die eerste tipies-strukturele groepering gee.<sup>84)</sup> Immers die struktuurprinsipe is teoreties ook eers te benader vanuit die struktuurfunksies, wat binne die radikaaltipe as bestemmings- en tipiese funderingsfunksie optree. Reeds is ons ook bewus van die onverbreeklike samehang tussen wetsy en subjeksy. Dit gee ons ook die insig dat die struktuurprinsipe as innerlike lewenswet van die samelewingsvorme, in samehang met die subjektiewe individualiteit van die onderskeie vorme geneem moet word, teneinde reg aan die naiewe ervaring te laat geskied.<sup>85)</sup>

Ons kan ook reeds poneer dat in die Christelike beskouing daar geen sprake van 'n persoonlikheid by 'n samelewingsvorm is nie,<sup>86)</sup> en dat die individuele menslike persoonlikheid assulks geen bestanddeel van die samelewingsvorme is nie. Trouens die menslike persoonlikheid transsendeer die tydshorison en daarmee alle tydelike dinge en samelewingsvorme. Hierin is geleë ons handhawing van persoonlike vryheid soos dit in Christus in religieuse sin-volheid verwerf is.<sup>87)</sup> Dit kan die Christen deur geen samelewingsvorm ontnem word nie. 'n Tydige teregwysing aan die individualisme wat met vryheid op die lippe, verval in grenselose versnippering van die samelewingsorde, sonder dié insig dat die religieuse vryheid slegs in Christus as nuwe wortel van die menslike geslag te begryp is.<sup>88)</sup> Derhalwe neem ons as uitgangspunt in ons

84) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.201.

85) Dooyeweerd wys daarop dat ons in ons ervaring nie 'n abstrakte tipe staat sien nie, maar 'n bepaalde staat, W.de W., Vol.III, bls.201.

86) D., W. de W., Vol.III, bls.167. Vgl. ook bls.180-1. Vir afwysing van die nominalisme se fiksie-teorie en Giercke se verbandspersoonlikheid.

87) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.203.

88) Spier J.M., W. de W., bls.180. Vgl. Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.147.

beskouing van die samelewingsorde die in Godswoord geopenbaarde religieuse wortel, waarin die eenheid van die menslike geslag geleë is — die Middelaar Jesus Christus — in Wie en deur Wie die mensheid behou word as liggaam van Christus.<sup>89)</sup> Daarin vind die hele tydelike samelewingsorde sy sinvolheid — die transsendent religieuse wortel van alle tydelike samelewingsvorme.<sup>90)</sup>

Die samelewingsvorme is steeds aangewese op die normatiewe taak van voortdurende realisering deur menslike aktiwiteit van gesagsorgane en lede.<sup>91)</sup> 'n Taak aan die mens gestel in dinamiese sin dus, want hierdie dinamies normatiewe beginsels lê ten grondslag van alle samelewingsvorme.<sup>92)</sup> So kan daar geen sprake wees van 'n statiese toestand in die proses van beskawingsontwikkeling nie, want die interne lewenswet moet in voortdurende aanpassing by die beskawingsontwikkeling gevorm en gepositiveer word. Inderdaad impliseer die normatiewe vryheid ook reeds dat prinsipes geskend en oortree kan word.<sup>93)</sup>

As dinamies-normatiewe sin-individuele dingstrukture, besit die menslike samelewingsvorme spesifieke individuele sin-substrate, waarin hulle sin-individualiteit in die laaste instansie gefundeer is. So vertoon die samelewingsvorme 'n tipiese funderingsfunksie, d.w.s. die leidende bestemmingsfunksie het nie oorspronklike sin-individualiteit nie, maar appelleer op 'n vroeëre funksie, waarin die sin-individualiteit gefundeer is.<sup>94)</sup>

---

89) Vgl. Dengerink J.D., a.w., bls.192 en Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.181.

90) Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.180.

91) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.204-5.

92) Dooyeweerd H., De Crisis, bls.122. Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.180.

93) en derhalwe ook diensbaar aan Christus of satan.

Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.184.

94) W. de W., Vol.III, bls.206. Sien ook De Crisis, bls.122. 'n Eienaardigheid ook aangetref by dierlike vorme (voortplanting).

Waar die objektiewe kultuurdinge, almal in die historiese wetskring hulle tipiese fundering vind, tref ons by die samelewingsvorme ander tipiese funderingsverskynsels aan. Trouens hier kan onderskei word dié vorme wat in 'n natuursy, en dié wat tipies histories gefundeer is, terwyl 'n derde groep met ongedifferensieerde bestemmingsfunksies onderskei kan word.<sup>95)</sup>

Op hierdie stadium moet ons reeds daarop let dat in die primitiewe samelewing die onderskeiding van strukture in hulle positiewe organisasievorme, nog inmekaar geslote en ongeartikuleerd is. Trouens die skepping van 'n samelewingsvorm van enkelvoudige struktuur vereis 'n differensieeringsproses, wat histories gefundeer is. Waar die enkelvoudige vorme vanuit die gekompliseerde geslote vorm moet differensieer, kan ons wel spreek van kiemselle van die latere ontwikkeling van geindividualiseerde vorme.<sup>96)</sup>

Met toenemende differensiasie, beland ons egter weer by die probleem van toenemende onderlinge vervlegting. Hierdie histories gefundeerde differensiasie- en integrasieprosesse, is in samehang met tydsomstandighede op menslike vorming en positivering aangewys. Juis daarom word dit aangegryp as bewys vir die veranderlikheid (variabiliteit) van samelewingsvorme, terwyl die waarheid van konstante struktuurprinsipes nie deurdring nie.<sup>97)</sup>

95) W. de W., Vol.III, bls.206, en 295-330.

96) Dit is egter geensins die universalistiese konsepie van die gesin as kiemsel van die staat nie.

97) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.209. Vgl. ook bls. 13. „Maar dit differensieeringsproses kan uiteraard slechts den positieven vorm der vergankelike werkelyke samenlevingsverbanden betreffen. De innerlyke struktuur-prinsipes dezer laatste kunnen reeds daarom geen product van dit historisch proces zijn, wyl de structurele differensieering de constante gelding dezer prinsipes voor-onderstelt.“ So is die struktuurprinsipe by die ongedifferensieerde sibbe dieselfde as by die moderne gesin.

Dit is aldus duidelik dat 'n ondersoek na die interne struktuur van die samelewingsvorme eerstens die opspoor van funderings- en bestemmingsfunksies vereis, en eers daarna moet vasgestel word hoe die interne struktuur in sy onverbreeklike verhouding van fundering en bestemming sig in die, ander wetskringe op tipies individuele wyse uitdruk.

II.(b) (iv) 'n Tipies-bioties gefundeerde verbandstruktuur :

Tot op hierdie stadium het ons onder samelewingsvorme naas die verbandstrukture, ook nog maatskaps- en gemeenskapsvorme hanteer. Afgesien van die huwelikstruktuur wat ons in hierdie paragraaf nog noem, sal ons voortaan laasgenoemde vorme daar laat, en slegs voortgaan met die verbandstrukture, teneinde so spoedig by die staatsverband aan te land. Vooraf is dit egter nodig om te oriënteer in die struktuur van ander verbande wat soewerein in eie kring bestaan, en derhalwe invloed op die owerheidstaak sal uitoefen deur dit te begrens ten opsigte van hulle tipiese verbandsreg en -bevoegdheide.

As voorbeeld van 'n tipiese biotiese fundering, geld die gesinsverband. Juis op hierdie biotiese fundering sal die gesinsfunksies in alle latere wetskringe appelleer<sup>98)</sup>. Daarby moet egter kom 'n bestemmingsfunksie vir die tipiese kwalifikasie en innerlike gerigtheid van die gesin. Dié funksie kan slegs by die plant in die biotiese gevind word. Sonder 'n bestemmingsfunksie sou ons die gesin moes stel onder die verbande met 'n ongedifferensieerde bestemmingsfunksie, waardeur ook die gesin by voorts krydende differensiasie in die historiese ontwikkeling sou verdwyn.<sup>99)</sup>

98) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.250.

99) Vgl. Anshen R.A., The Family: Its Function and Destiny, Harper Bros., New York, 1948. — In die inleiding word daarop gewys dat die evolusionistiese begrip impliseer dat die gesin steeds nuwe vorme moet aanneem, en dat die monogame huwelik geensins die finale evolusie is nie. Duidelik is dit dus dat geen innerlike struktuurprinsipe erken word nie, en bloot gelet word op die uiterlike differensieeringsproses, die konkrete, positiewe vorm van die gesinsgemeenskap, waaraan dit 'n groot verskil maak in welke mate die proses voltrek is. Vgl. die huisgemeenskap van die Grieke waarin die gesinsverband enkapties vervleg was. W. de W., Vol.III, bls.213.



Waar die Heilige Skrif die gesinsverband aan ons toon volgens skeppingsordening, moet ons in die lig daarvan die gesin sien as 'n „Typische normatiewe liefdesgemeenskap op den grondslag van de natuurlike banden des bloeds tusschen ouders en kinderen.“<sup>100)</sup> So word die liefdesband as struktuur-funksie van die gesin inderdaad die kwalifiserende, morele bestemmingsfunksie, wat aan alle vroeëre lewensfunksies normatief die interne rigting en leiding sal gee.<sup>101)</sup> Assulks is die gesin 'n konstante individuele sedelike liefdesgemeenskap, op die strukturele basis van die tipies biotiese geslagsverbinding en die natuurlike bloedverwantskap.<sup>102)</sup>

Die uitinge van die interne eenheid van die gesinsverband sal in alle wetskringe normatief beheers word deur hierdie leidende beginsel wat ons so pas vasgestel het. Die deurwerking van die sonde tas hierdie struktuurbeginself nie aan nie, maar die menslike vorming en positivering bring gebrekkige realisasie mee.

In die struktuurprinsipe lê verder opgesluit die tipiese gesagstruktuur van die gesin, wat sig uitdruk in beide die interne regsverhoudinge en die interne liefdesverhouding tussen ouer en kind. Juridies kom die gesagstruktuur na vore in die regsgesag van ouers oor kinders — 'n regsbevoegdheid wat aan geen burgerlike wetgewer ontleen is nie. In die modale sin van vergelding, word dit gelei deur die ouerliefde, en is assulks gebonde aan die ouerlike opvoedingstaak.<sup>103)</sup>

Deur die struktuurbeginself is die regsverhoudinge steeds te onderskei van die eksterne juridiese maatskapsverhoudinge sowel as van die interne regsverhoudinge van ander verbandstrukture. Die regsbevoegdhede wat vloei uit die interne gesag-

100) Dooyeweerd H., W.de W., Vol.III, bls.214— assulks 'n afskading van die liefdesband tussen die Hemelse Vader en die in Christus herbore.mens. Vgl. ook a.w., bls.218-19.

101) W.de W., Vol.III, bls.214.

102) W.de W., Vol.III, bls.215. Vgl. bls.216 veral t.o.v. die onderskeiding eros - agape.

103) Vir die interne regsverhoudinge van die gesin sien verder W.de W., Vol.III, bls.222-229.

struktuur, verskil van die burgerregtelike erkenning daarvan, sodat die probleem van juridiese bevoegdheidsgrense die beginsel van soewereiniteit in eie kring na vore roep, as enigste oplossing.<sup>104)</sup>

Die gesagsdraer in die gesinsverband tree kragtens die individualiteitstruktuur van die verband op as handhawer van die interne omgangsnorme, sowel as van die regs- moraal- en geloofsnorme, wat in die interne struktuur so intiem met mekaar vervleg is, dat almal die stempel van die interne struktuurbeginsel dra. Wie as lid van die gesin hierdie interne normgebiede oorskry, skend die geestelike eenheid van die gesin en daarmee die gehele samestel van geldende norme.<sup>105)</sup>

Met die bestemmingsfunksie in die liefdesgemeenskap is die laaste modale sinsy egter nog nie bereik nie. Omdat die gesin nie as tipiese geloofsgemeenskap gekwalifiseer is nie, is dit na sy innerlike lewenswet geen kerkverband nie. Nietemin is dit 'n tydelike strukturele uitdrukking van die religieuse sinvolheid van menslike gemeenskap in Christus. In sy subjektief tydelike werklikheid is die gesin vanweë die sonde egter dikwels 'n karikatuur van wat dit behoort te wees. Nogtans wag die antisipasiesfere van die bestemmingsfunksie op ontsluiting in transsendentaletydsrigting. So kan die leidende funksie slegs die interne struktuur van die ontsluitingsproses kwalifiseer, maar nooit kan dit van sy rigting berowe en in die tyd afgesluit word nie. Word dit subjektief tog die geval, dan is die gesin gevang in die civitas terrena. In strenge sin bly die identiteit van die gesinsverband gebonde aan die identiteit van die huweliksgemeenskap, vanweë 'n enkaptiese vervlegting waarin 'n onomkeerbare funderingsverhouding aangetref word, in die vertoning van dieselfde

104) W. de W., Vol.III, bls.228-247.

105) W. de W., Vol.III, bls.228-9.

radikaaltipe. Hoewel van die begin af intensioneel betrokke op gesinsvorming, behou die huwelik as liefdesgemeenskap egter sy eie struktuur ook in die vervlegting met die gesin,<sup>106)</sup> terwyl dit juis in die gesinsvorming sy innerlike verdieping sal vind.

Naas die bioties-gefundeerde gesinsverband en huwelik-gemeenskap, wat albei eers in die etiese-wetskring gekwalifiseer is, het ons ook nog die familie, wat as die nog lewende bloedverwante, in vaderlike en moederlike lyn, 'n onderlinge gemeenskap vorm. Die familie vorm geen samelewingsverband nie, net soos die huwelik, hoewel dit gefundeerd is in die bloedverwantskap. As natuurlike gemeenskap besit dit egter 'n eie innerlike struktuurprinsipe, wat sig in alle modale sin-sye sal uitdruk.<sup>107)</sup>

II.(b) (v)(a). Die samelewingsvorme met ongedifferensieerde bestemmingsfunksie:

'n Saaklike blik op hierdie groep is nodig alvorens ons oorgaan na die histories-gefundeerde verbande. Juis omdat soos reeds aangedui die bioties-gefundeerde en eties-gekwalfiseerde gemeenskappe en verbande, op 'n minder gedifferensieerde beskawingsvlak, dikwels vervleg is in die samelewingsvorme met ongedifferensieerde bestemmingsfunksie.<sup>108)</sup> Trouens hier word 'n delikate gesigsveld vir die begrensing van die owerheids-taak geopen, omdat historiese toestande in dié opsig nie 'n juiste omlýning van die staatsowerheid teenoor ander gesags-draers kan gee nie. Waar dit nog aan die differensiërings-proses onderhewig is, d.w.s. nog geaktualiseer word, word dit dikwels ten onregte aangedui as bewys van owerheids-bevoegdheid ten opsigte van samelewingsvorme van die sogenaamde laëre orde. Hier sondig veral die nu-Thomisme, in herhaling van die grondfout van Aristoteles — 'n basiese falsifikasie

106) Vgl. W. de W., Vol.III, bls. 253.

107) Vgl. W. de W., Vol.III, bls. 294.

108) W. de W., Vol.III, bls. 295. Sien Par.II(b)(iv). Vgl. Anshen R.A., a.w., Inleiding en W. de W., Vol.III, bls. 213.

waaraan ook die gehele universalistiese denkrigting sig nie kan ontworstel nie.

Tot die verbande met 'n ongedifferensieerde bestemmingsfunksie, word gereken al die verbande wat in ruimere of engere mate al die tipiese struktuurfunksies waarneem, waarvoor op 'n meer gedifferensieerde beskawingspeil, afsonderlike verbande met eie struktuurtypes, onderskei word.<sup>109)</sup> In hulle ongedifferensieerde gestalte, as primitiewe, aan die natuur-sy gebonde samelewingsvorme, knoop hulle veral vas aan die tipies biotiese onderskeidings, en waar hulle inderdaad histories-gefundeerd is, moet ons duidelik 'n onderskeid handhaaf in die mate van gedifferensieerdheid van hulle bestemmingsfunksies. Dit bied dan 'n struktuurtipiese onderskeid.

As primitiewe samelewingsverband sal dit nie slegs bloot die eie modale funksies nie, maar ook ander funksies verrig,<sup>110)</sup> wat op ontslote beskawingspeil alleen in die daarvoor geïndividualiseerde vorme verrig sal word.

So verrig die kerk nog gedurende die middeleeue tipiese staatsfunksies en die staat op sy beurt tipies kerklike funksies.<sup>111)</sup>

109) W.de W., Vol.III, bls.297.

110) Vgl. Calhoun G.M., The Growth of Criminal Law in Ancient Greece, Univ. of California Press, 1927 en Frisch Hartvig, Might and Right in Antiquity, Trans. Martindale C.C., deel I, Homeros to Persian Wars — Gyldendalske Boghandel, Kopenhagen, 1949, Vir die uitoefening van strafreg in die familiëgemeenskap voordat die staat inderdaad geïndividualiseer het.

111) Sien in die verband die besonder lesenswaardige werkie van Dr. H. Berkhof, De Kerk en de Keizer, Een studie over het ontstaan van de Byzantinistische en de Theocratische Staatsgedachte in de 4de Eeuw., Holland Uitgewers, Amsterdam, 1946. Vgl. veral bls.98, waar Constantijn sê "Wat ik wil, dat moet as kerkelijke wet beschouwd worden" — Daarop vermaan die biskoppe hom "de romeinsche heerschappy niet met de kerkelijke orde te vermengen." Berkhof meen dat dit juis dui op 'n begrip van die onderskeid tussen staat en kerk. Ook die weiering van Athanasius om onverhoord te veroordeel staaf dit. Vgl. die verbanning van Liberius bls.99. Dit alles dui aan dat die romeinsheidense opvatting die gedifferensieerdheid tussen kerk en staat nie geken het nie. Heel gou is dit vir die Christelike opvatting onaanneemlik, maar die historiese ontwikkelingspeil daartoe ontbreek nog. Vgl. ook Carlyle A.J., a.w. Vol.I.

Waar 'n vreemde struktuurfunksie vervul word, behou die gedifferensieerde samelewingsvorme hulle eie interne struktuur en bestemmingsfunksie.<sup>112)</sup> So bly 'n staatsbedryf na sy innerlike struktuur nog 'n bedryf, want sy noue verbondenheid aan die staat (as staatsbedryf) is vreemd aan sy eie radikaal-en stamtipe. Die posisie by die samelewingsverbande met ongedifferensieerde bestemmingsfunksie is egter anders. In beginsel kan die mees heterogene strukture verenig word volgens die wisselende behoeftes van die samelewing op 'n bepaalde primitiewe beskawingsvlak. By wesenlike ontsluiting en beskawingsontwikkeling in die gegewe beskawingsgebied, sal dit egter weer geheel en al plek maak vir gedifferensieerde samelewingsverbande.<sup>113)</sup> Hier het ons dus te doen met 'n vervlegting van heterogene struktuurprinsipes, wat slegs geïntegreer en gerealiseer en in 'n verbandsvorm vergestaltung gegee moet word. Dit is 'n magsvorming wat sig nog aan die starre gebondenheid aan die natuursye moet ontworstel, en daarom as wesenlike individuele vervlegtingsvorme van strukture beskrywe kan word.<sup>114)</sup>

As vredeverband tussen die lede van 'n stam, word 'n tipies staatlikefunksie vervul, en is die bloedwraak tewens by die groot familie en stam albei in die historiese swaardmag gefundeer.<sup>115)</sup>

112) W. de W., Vol.III, bls.298.

113) W. de W., Vol.III, bls.299,

114) W. de W., Vol.III, bls.300. Vergelyk die historiese magsvorming in die patriargale groot familie. Nog die verbandsgesag van die patriarg, nog die posisie van die eersgeborene is bioties gefundeerd, en moet die hele proses verskuif na die historiese, waar veral ekonomiese faktore konsidereer moet word, as eksterne faktor. Ook kom die politiese struktuur na vore met wapenmag, handhawing van vrede en bloedwraak. Ook die kultusgemeenskap in voorvaderlike verering, toon die struktuurprinsipe van die familiegemeenskap in die patriargale stelsel aan, en bring 'n familiegees wat die verhoudinge bepaal, en vorm inderdaad 'n sentrale en leidende struktuur. Vgl. ook Sibbe (clans) as genootskaplike georganiseerde groepe van verwante — in óf vaderlike óf moederlike lyn — Vgl. W. de W., Vol.III, bls.302-3.

115) W. de W., Vol.III, bls.306.

Met dit alles het ons hier te doen met 'n intiem saamgevoegde samelewingsverband, wat alleen tot wesenlike interne eenheid na die wetsy kan kom, wanneer één bepaalde struktuur in hierdie vervlegtingsvorm die leidende rol verower oor die orige strukture.<sup>116)</sup> Dit word dan 'n leidende struktuurprinsipe, wat die rol vervul van 'n leidende funksie waardeur die gedifferensieerde verbande en gemeenskappe gekwalifiseer is. Sonder die struktuurprinsipe van die familie, sou die stam byvoorbeeld as beskermings- en vredes-, bedryfs- en kultusverband nie kan bestaan nie.<sup>117)</sup> Ook na sy fundering in 'n historiese vorm van 'n min of meer veelsydige magsorganisasie, is die verbande ongedifferensieerd en onthul dan ook daarin 'n primitiewe vervlegtingsvorm.<sup>118)</sup> 'n Konstante monopolisering van die swaardmag, is nodig voordat die bloedwraak as familie-saak verval.<sup>119)</sup> Die bedryfstruktuur en die kultusgemeenskap staan ook nog onder leiding van die familiegemeenskap. Einde-lik is die politiese struktuur wat die leiding neem, self in stryd met die natuurlike strukture van gesin-, huweliks- en familiegemeenskap.<sup>120)</sup>

Duidelik het uit voorafgaande geblyk dat ons hier nie met 'n enkelvoudige struktuur te doen het nie, maar met individuele vervlegtingsvorme van verskillende samelewingsstrukture, waarin 'n bepaalde struktuur die rol vervul, wat normaliter in 'n gedifferensieerde toestand deur die bestemmingsfunksie vervul word. Hierin word dan ook afgereken met die universalistiese geheel-deel skema, waarin die staat as hoogste verband, alle laëre verbande eensydig in hom opneem, en in dié sin tot totaliteit van alle menslike samelewings-

116) d.w.s. politiese, of kultiese, of verbands- ens.

117) W. de W., Vol.III, bls.309.

118) W. de W., Vol.III, bls.311.

119) Vgl. Calhoun, a.w., Inleiding --

120) W. de W., Vol.III, bls.315. Vgl. inisiasie gebruike waarna die jongmanne uit die gesinsverband losgemaak word, en die sogenaamde "mannenbonden."

verhoudinge gedenatureer word.<sup>121)</sup> Vanuit die individualiteitstruktuur van ongedifferensieerde vervlegtingsvorme, kom ons inderdaad tot 'n duidelik konsepsie van die primitiewe oernorm,<sup>122)</sup> wat inderdaad die probleem van die individualiteitstruktuur is, en wat nie vereenselwig kan word met die interne struktuur-norme van 'n gedifferensieerde verband nie. Die primitiewe oernorm is self vervlegtingsvorm van die onderskeie struktuur-norme. Die kompleks van interne struktuur-norme in die stamverband is nog nie in afsonderlike verbandsvorme gedifferensieer nie, maar word eerder in ongedifferensieerde verbandsvorm gepositiveer, waarbinne weer insgelyks één bepaalde struktuur-prinsipe die leidende rol vervul. 'n Norme-kompleks, (met norme van onderskeie struktuur) wat inderdaad bestem is vir onderskeie gedifferensieerde verbande, en is in dié sin 'n kiemsel, of liever 'n knooppunt van norme in sluimerende potensiaal.<sup>123)</sup>

Vir die analiese van die owerheidstaak, in sy historiese perspektief is hierdie beginsels van primitiewe oernorm, van kardinale betekenis. As die moderne staat die beginsel van 'n staatskerk aanvaar, en die owerheid tot taak het die positivering van bepaalde kerklike verbandsnorme, dan behou beide staat en kerk nog hulle onderskeie gedifferensieerde verbandstrukture.<sup>124)</sup>

By die primitiewe oernorme het ons egter te doen met 'n toestand waar die individualiteitstrukture nog nie tot gedifferensieerde verbande gevorm is nie, maar in één

121) Toegegee al die aanknopingspunte in die historiese feitlikhede, soos reeds Aristoteles dit kon waarneem in huisgesin, huisgemeenskap ( $\omicron\upsilon\kappa\iota\alpha$ ), dorpsgemeenskap ( $\delta\epsilon\upsilon\mu\omicron\varsigma$ ) en stadstaat ( $\pi\omicron\lambda\iota\varsigma$ ) — en so sy konklusie van die gesin (buurskap en bloedsbande) as kiemsel of politieke kiem in organiesesin poneer. Vgl. W. de W., Vol. III, bls. 320-1. Dit alles is egter nog geen bewys vir die organologiese, kiemsel konstruksie in universalistiese styl nie.

122) 'n Begrip van primitiewe reg.

Felix Somló het daarmee aangedui dat primitiewe volke geen gedifferensieerde modale norm-stelsels het nie, maar dat regs-norme, moraal-norme, sosial-norme en geloofs-norme in 'n ongedifferensieerde eenheid vervleg is. Vgl. W. de W., Vol. III, bls. 323.

123) Vergelyk par. II(b)(iii) aanhaling 128 en Voetnota.

124) W. de W., Vol. III, bls. 329,

ongedifferensieerde verbandsvorm vervleg is. As ons dan by die Romeine vind dat godsdiens die saak van die gemeenskap is, d.w.s. staatsfunksie is, -- 'in groepsverbandgodsdiens<sup>125)</sup> beteken dit dat hier inderdaad wel geloofsnorme aanwesig is, maar dat die politiese die leiding verower het. Die geloofsnorme, is egter net soos die ander strukture van die normekompleks, bestem vir 'n onderskeie gedifferensieerde verband op hoër beskawingspeil, en kan van die tydelike prioriteit van 'n leidende struktuurbeginnsel geen positiewe regverdiging, vir die owerheidstaak ten opsigte van die kerklikeverband, in ons teenswoordige gedifferensieerde samelewing vasgestel word nie.

II.(b) (v)(b). Institutêre en maatskaplike verbandsvorme:

Die samelewingsverbande moet verder in twee hoofgroepe onderskei word, naamlik institutêre verbande en maatskaplike verbande.<sup>126)</sup> Eersgenoemde bedoel daardie instelling wat nie aan menslike inisiatief te danke is nie, want daar is dit wat deur God self ingestel en instandgehou word. Tot 'n sekere hoogte omvat sulke verbande die menslike bestaan, onafhanklik van die individuele wil.

So word die kind sonder eie keuse in 'n bepaalde gesin gebore, en is reeds beslis tot welke staat of kerk hy sal behoort voordat hy later uit eie vrye wil kan verander van staat of kerk.<sup>127)</sup> Juis staat en kerk bied illustrasie van die enigste histories-gefundeerde institutêre verbande.<sup>128)</sup>

- 
- 125) Berkhof H., a.w., bls.11. Sien die hoofstuk Staatsgodsdiens, Keizerverering, Rijkseenheid. In objektiewe sin word die goedgesindheid van die gode verwerf, maar die gemeenskaplike kultus bind die ryk tot eenheid, dit is die subjektiewe betekenis van die staatsgodsdiens. bls.12.
- 126) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.510-12. D. sê dat maatskaplike verbande ook sintetiese verbande genoem kan word. a.w. bls.518.
- 127) Daarmee word verdrag of kontraktuele ooreenkoms by staatsvorming tussen losstaande individue afgesny. Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.225. Vgl. Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.511.
- 128) W. de W., Vol.III, bls.513.



Maatskaplike verbande impliseer daarenteen vrye assosiasie, d.w.s. vrywillige samevoeging van mense wat in die sfeer van maatskaplike vryheid op gelyke voet staan. So is die maatskappy in die gedifferensieerde ontslote beskawingspeil van kultuurvolk, die breë vryheidsgebied, waar die mens buite die institutêre verbande met mekaar verkeer en organiseer.<sup>129)</sup> Daaruit resulteer die talle maatskapsbetrekkings tussen mense en die verbande onderling. Die maatskapsvorm is dan die gevolg van maatskaplike organisasie, en daarmee is dit reeds duidelik dat dusdanige vorme ook histories gefundeer moet wees, en tot stand kom deur positiewe vorming op die grondslag van 'n bepaalde mag — bedryfskapitaal byvoorbeeld in die ekonomiese bedryf —.<sup>130)</sup> Die bestemmingsfunksies kan telkens verskillend wees en hang intiem saam met die doel, waartoe die verband gestig is.<sup>131)</sup> Daarmee onderskei dit sig van 'n gesin wat geen filantropiese doel, of kerk wat geen algemene belange kan dien nie. Waar die doelstelling dus hier inderdaad saamhang met bestemming, sal die keuse van die doel, die bestemmingsfunksie bepaal. Die doel bly egter nie soos die bestemmingsfunksie beperk tot die interne verbandslewe nie, maar gryp buite die verband heen op die breë gebied van maatskapsverhoudings.<sup>132)</sup>

129) Spier J.M., W.de W., bls.226. Vgl. Dooyeweerd H.W.de W., Vol.III, bls.513-4. Die kategorie van "niet-institutaire gedifferentieerde samelevingsverbanden", produk van 'n individualiserings-en rasionaliseringsproses waarin die differensieering van die bestemmingsfunksie onverbreeklik saamhang met die bewuste doelstelling, hetsy in 'n vrye vereenigingsooreenkoms of in 'n eensydige stigtingsdaad van 'n enkele persoon of groep persone, waardeur die verband gevorm word.

130) Spier J.M., W.de W., bls.226. W.de W., Vol.III, bls.514.

131) W.de W., Vol.III, bls.514. Die doelstelling skep egter nie die struktuur nie, maar beteken primêr 'n vrywillige keuse van die struktuurtype en gee nadere vorm aan die struktuurtype. Wysiging van doelstelling beteken dus nie noodwendige verbreking van die identiteit van die verband nie.

132) Spier J.M., W.de W. bls.227. Vergelyk 'n dierebeskermingsvereniging wat as doel het die bevordering van humane behandeling van diere deur alle mense en nie bloot deur sy eie lede nie. Die doel word dus as 't ware oorgedra buite die interne sfeer van die bestemmingsfunksie. "De interne bestemmingsfunctie.. kan zich echter slechts in het inwendig verbandsleven openbaren, en kan zich dus nimmer met de 'doelstelling' decken," sê Dooyeweerd in Vol.III, bls.516.

Op hierdie besondere punt sal ons later ook aantoon dat met sowel doel as bestemming rekening gehou moet word by die bepaling van die taak van die owerheid. Die gevaar dat die owerheidstaak vasgekoppel kan word aan die enge kader van sy bestemmingsfunksie is ook by Christelike denkers wesenlik, waardeur nie alleen te simplisties geredeneer word nie, maar geen rekening gehou word met die gegewens van die naïef-realistiese ervaring nie, en daarmee ontspoor ook dié denke ten opsigte van die owerheidstaak.

Hierdie maatskaplike vorme kan egter alleen ontstaan in die sfeer van persoonlike vryheid in die menslike samelewing, d.w.s. buite die kader van die institutêre verbande. Dit vereis derhalwe 'n ontslote beskawingspeil.<sup>133)</sup> Hier het ons nog eens te doen met die individualiseringsproses in maatskaplike betrekkinge.<sup>133a)</sup> Op geslote beskawingsvlak word die lewe van die enkeling geheel en al absorbeer in die ongedifferensieerde stamverband, sodat maatskaplike lewe slegs in rudimentêre vorm aanwesig is.<sup>134)</sup> By die aanvang van die ontsluitingsproses in 'n primitiewe beskawing waardeur uit die ongedifferensieerde stamverband, die institutêre verbande staat en kerk en die veelheid van maatskaplike vorme differensieer, is die individualiseringsproses in die maatskaplike betrekkinge steeds aktief, om ongedifferensieerde maatskapsverhoudinge te

133) W. de W., Vol.III, bls.518.

133a) W. de W., Vol.III, bls.203. Sien primitiwiteit en Ontsluiting; Afdeling A, VI, par.(b)/W.de W., Vol.III, bls. 518-19. Vgl. ook

134) W. de W., Vol.III, bls.519. Vgl. hier Kuyper A, oor die sogenaamde causa secunda wat in onbewuste skepping afwesig is. Dit is by die kind baie gering en ook by die natuurmens, "zeer gering is zij by die volkeren die geen individualiteit kennen, maar zich in horden voortbewegen. Hoe hooger ryker en voller de ontwikkeling des menschen is, des te meer krijgt de causa secunda een peremptair karakter — dit moet wel zoo zijn want hoe hooger de ontwikkeling komt, des te meer bereikt ook het bewustzijn des menschen zijn absoluten vorm." Hoër ontwikkelde bewussyn beteken hoër ontwikkelde wilskrag — Alexander en Napoleon as causa secunda in wêreldgeskiedenis. Die ontvoogding van die natuurmens tot 'n individualiteit, is derhalwe eers moontlik op hoër beskawingsvlak, en eers dan causa secunda in Godswêreldplan. Locus de Magistratu, bls.149-150.

individualiseer.<sup>135)</sup> Dit bring egter geen individualisme van selfgenoegsame enkelinge teweeg nie, maar laat die klem eerder val op onderlinge afhanklikheid.<sup>136)</sup> wat juis resultaat is van die ontvoogding van die individu vanuit dié toestand, waar hy feitlik geheel en al in die ongedifferensieerde verbande geabsorbeer is.<sup>137)</sup>

Die veelheid van verhoudinge waarin die mens hom in die samelewing van kultuurvolke, tot sy medemens bevind, getuig van 'n sterke individualisasie van sy maatskapsverhoudinge in dié sfeer van persoonlike vryheid, wat op ontslote beskawingsvlak aan hom gewaarborg word.<sup>138)</sup> Hierdie maatskapsverhoudinge toon dan ook telkens 'n eie tipiese interne struktuur, wat sig in alle aspekte van die tydelike werklikheid uitdruk.<sup>139)</sup> Voorts word dit gekwalifiseer deur 'n bepaalde bestemmingsfunksie.<sup>140)</sup> Die fundering in die historiese spreek reeds daaruit dat dié stand van sake slegs tevinde is op ontslote beskawingsvlak. Die verhoudinge bind mense egter nie saam in 'n verbandseenheid nie. Daar is tewens ook geen organisasie aan te dui soos by maatskaplike verbande nie.<sup>141)</sup> Dit is persone wat gekoördineerd naas mekaar staan en met mekaar handel wat ons aantref in die verhouding koper - verkoper.<sup>142)</sup> Binne hierdie kader tref ons derhalwe 'n groot

---

135) Spier wys daarop dat dié proses in die stad verder gevorder is as op die platteland waar nog allerlei oorblyfsels van ongedifferensieerde verbandsverhoudinge aangetref word soos byvoorbeeld die patriargale huiskommunisme van die landbouer, bls. 227. Vgl. W.de W., Vol.III, bls.520.

136) W. de W., Vol.III, bls.521.

137) Spier J.M., W. de W., bls.227-8. Vgl.W.de W., Vol.III, bls.519, "het (gaat) dus inderdaad om een emansipering, om een erkenning van individuele vryheidssferen der afzonderlijke mensen, die als zoodanig buiten het, vroeger alle levensverhoudingen omsluitend, verband met ongedifferentieerde bestemmingsfunctie vallen." Vgl. Verder W. de W., Vol.III, bls.520-2.

138) W. de W., Vol.III, bls.520.

139) W. de W., Vol.III, bls.529.

140) W. de W., Vol.III, bls.529.

141) W. de W., Vol.III, bls.529.

142) W. de W., Vol.III, bls.530.

verskeidenheid van individualiteitstrukture aan, almal histories gefundeer, maar eerder met eie bestemmingsfunksie waardeur dié besondere struktuur gekwalifiseer word. Die vrye mark word so deur die ekonomiese funksie gekwalifiseer, met uitdrukking natuurlik onder leiding van sy bestemmingsfunksie, in alle werklikheidsaspekte. Ook hierdie maatskaplike individualiteitstrukture vertoon naas 'n integrerings-tendens — internasionale en selfs kosmopolitiese oorkoepeling — 143) ook nog 'n differensieringstendens, d.w.s. verskeidenheid binne dieselfde kader.<sup>144)</sup>

Daarmee is 'n ander delikate gebied geopen waar die owerheidstaak verreken moet word.<sup>145)</sup> Indien die owerheid op die gebied van die vrye mark (met sy ekonomiese bestemmingsfunksie) gaan optree, kan die vraag tereg gestel word of sodanige optrede, en optrede op die gebied van die mode (met sy sosiale omgangsfunksie) nie tog maar binne dieselfde kategorie val nie. Albei is maatskapsverhoudinge binne die sfeer van persoonlike vryheid, en wat vir die een geld, geld mutatis mutandis vir die ander. Juis op die gebied van maatskapsverhoudinge is die owerheidstaak baie delikaat, en is oorskryding altyd 'n dreigende gevaar. Vergelyk hier 'n bekende

143) W. de W., Vol.III, bls.532.

144) Spier J.M., W. de W., bls.228-9. Dooyeweerd W.de W., Vol. III, bls.527. Die normatiewe wet van "correlatiewe differensiering en integrering binne de maatskapsverhoudingen."

145) Dooyeweerd wys daarop dat by Hegel se opvatting van die burgerlike maatskappy (universalisties) die staat as "totaliteit der substantieele zedelijkheid" relatiewe is, en word die innerlike struktuur 'n burgerregtelike en administratiewe samestel van ekonomiese doelstellinge. So word ook die familie en burgerlike maatskappy dialekties opgehef in die totaliteit van die staatsverband — en beklee daarin slegs die posisie van 'n deel binne die geheel. Maatskaplike verbande word vir Hegel uiteindelik korporatiewe beroepstade. Die universalisme verstaan derhalwe nie die integrerings-tendens van die geïndividualiseerde maatskapsverhoudinge nie, daar dit die maatskapsvorme totalitêr deur die vergoddelikte nasionale staat laat oorkoepel, en assulks word geen rekenskap gegee van die innerlike struktuurverskeidenheid van die maatskaplike vorme nie. W. de W., Vol.III, bls.525-7.

oorlogsmaatreël in Suid-Afrika, waardeur enige motoris verbied was om petrol aan 'n ander te gee waar hy op die pad sonder brandstof raak -- 'n Maatreël waarin die sosiale omgangsvorm klaarblyklik geweld aangedoen word, en wat dan ook tereg deur die publiek opsetlik oortree is. In hierdie verband kom ook tersprake 'n organisasie verbod, waardeur persone binne 'n bepaalde maatskappy verbied word om 'n bepaalde organisasie in die lewe te roep -- 'n verbod op 'n nudisteklub byvoorbeeld in 'n plattelandse dorp! -- Omdat hier talle voorbeelde van probleme tenopsigte van die owerheidstaak opduik, is dit derhalwe van belang dat ons kennis neem van hierdie uiters delikate terrein van persoonlike vryheid van organisasie, maatskapsvorme en maatskapsverhoudinge, en juis omdat die bekende politieke partye van die eesterse demokrasië, vakunies, pers, sport, klasse verdelings, en selfs diplomatie binne die kader van tipiese maatskaplike individualiteitsstrukture val.<sup>146)</sup> Veral die politieke party, vanweë sy merkwaardige enkaptiese vervlegting met die staatsverband, is hier aktueel, vir die owerheidstaak. Dink aan die kwessie van staatsregtelike erkenning van bepaalde politieke partye (Nazi-party in Duitsland, Fasciste in Italië, ens.) maar ook aan die onwettig verklaring van ander politieke partye (Kommuniste-party in S.A.).

Die versoening tussen individuele vryheid (soos bevorder deur die individualiseringstendense) en die organisasoriese binding (soos bevorder deur die integreringstendense) kan slegs in die Christelike maatskapsidee gevind word. Trouens in die maatskaplike ontwikkeling is voortdurende spänning tussen hierdie pole en word die een dikwels oorspan ten koste van die gesonde ontplooiing van albei.<sup>147)</sup> Die Christelike maatskapsidee verwerp alle verabsoluttering van tydelike

146) W. de W., Vol. III, bls. 528, 539, e.v.

147) W. de W., Vol. III, bls. 539.

maatskapstrukture, en wys heen na die bo-tydelike wortel van die "ecclesia invisibilis,"<sup>148)</sup> die ewige bestemming van die menslike geslag — daarom sal volgens die Christelike maatskapsidee ook die owerheidstaak op die gebied van die maatskapstrukture en maatskapsverhoudinge prinsipiëel begrensd wees, en sal die strukture nie sonder meer opgehef word in universalisme nie, of teoreties gehandhaaf word onder tydelike verklarings van menseregte, handveste of selfs konstitusionele bepalinge nie. Dit laat immers die terrein van menslike vryheid nog onder die willekeur en hartstogte van owerheids-persone; of die diktatuur van die meerderheid van kiesers. Die Christelike gedagte wil dus ook hier sorg vir prinsipiële bevoegdheidsgrense vir die owerheidstaak.

II.(b) (vi). Die individualiteitstruktuur van die staatsverband:

(a) Inleidende opmerkings:

In die voorafgaande paragrawe het ons die ondersoek na die individualiteitstrukture gevoer vanaf die bioties-gefundeerde verbande, totdat ons 'n blik kon werp op die ingewikkelde vervlegtingsvorme van die ongedifferensieerde verbande. Juis hierdie ongedifferensieerde verbande het ons voor die pregnante moontlikheid van die gedifferensieerde verbande met historiese fundering gestel,<sup>149)</sup> wat alleen moontlik is op ontslote beskawingsvlak omdat die histories gefundeerde verbande sig nog moet ontworstel aan dié vervlegtingsvorme. In hierdie opsig het ons naas die institutêre verbande, ook ons maatskapsverbande en maatskapsverhoudinge verreken wat dan inderdaad ook slegs moontlik is op 'n ontslote beskawingspeil.

148) W. de W., Vol.III, bls.539. Vgl. bls.451 e.v. vir ecclesia invisibilis.

149) Vgl. De Crisis — bls.124. Dooyeweerd wys daarop dat waar in primitiewe tye die natuurlike gefundeerde verbande verskillende funksies waargeneem het, dit ons nie mag mislei om essensiële struktuurverskille tussen staat en nie-staatlike verbande uit die oog te verloor nie, soos inderdaad Preusz, Marck, Waldecker, e.a. gedoen het nie.

Onder die hoof, institutêre verbande het ons slegs twee verbande wat hulle fundering in die historiese wetskring het, naamlik die staatsverband en die tydelike kerkverband. Juis op die staat as verbandstruktuur wil ons nou ons aandag vestig, veral omdat die teorie omtrent die staatsverband, altyd verreken moet word by die bepaling van die owerheidstaak. Hiervan is die moderne totalitarisme, met sy staatsverafgoding, en tiranisering van die samelewing deurdadig alle nie-staatlike lewensvorme van hulle soewereiniteit in eie kring beroof word, sprekende bewys. Waar die beginsel van volksoewereiniteit gehandhaaf word, word die gesag van die owerheid egter ook nie afgelei vanuit die normatiewe struktuurbeginsel van die staatsverband nie.<sup>150)</sup> Hierdie miskennings van die struktuurbeginsels van die menslike samelewingsvorme, het sig nog steeds afgespeel in die humanistiese staatsleer en 'n dusdanige innerlike struktuurverwoesting aangerig, dat Dooyeweerd tereg spreek van 'n krisis in die humanistiese teorieë — ja van 'n "staatsleer sonder 'n staat."<sup>151)</sup> Waar die bo-willekeurige innerlike individualiteitstruktuur verontagsaam word, bevind die staatsleer sig in 'n innerlike tweespalt gewikkel waaruit dit nie kan ontworstel nie, omdat dit 'n vaagheid en onomlyndheid in die staatsopvatting in die hand werk.<sup>152)</sup> In paragrawe IV en V van Afdeling A van hierdie hoofstuk het ons reeds die gevaar van 'n staatsleer sonder erkenning van struktuurgrense aangedui. Ons het ook die universalisme van Plato en Aristoteles, wat opereer met die skema geheel en sy dele — waardeur die staat as totaliteit van heel die menslike samelewing beskou word — gesignaleer, omdat by dié "societas perfecta" as selfgenoegsame gemeenskap, met lewenswet in die salus publica,

150) Spier J.M., W. de W., bls.197.

151) De Crisis..... bls.5.Sien ook D., W.de W.,Vol.III,bls.349.

152) Vgl. D., W. de W., Vol.III, bls.332.

iedere struktuurbegrensing ontbreek.<sup>153)</sup> Verder ontbreek dit hier aan die insig dat die staat nie 'n natuurlike verband, d.w.s. nie in een van die natuursye gefundeer, is nie.<sup>154)</sup>

Ons het verder reeds gesien dat ook in die Middeleeue die antieke beskouing behou is, in die natuur-genade skema, waardeur die staat die hoogste verband is op die terein van die natuur. Tog is dit ondergeskik aan die kerk wat die ryk van genade is, en word daaraan diensbaar gemaak.<sup>155)</sup>

Die nominalisme van Occam ondermyn in die laat-middeleeue hierdie fondament, waar natuur nou die teenstelling van genade word. Verset kom teen oorheersing van die staat deur die kerk. Daarmee word die sekularisasieproses deurgevoer en die staat oorgegee aan eie willekeur.<sup>156)</sup> Dooyeweerd wys dan tereg daarop dat telkens waar deur die positivisme en die historisme die geloof aan 'n onveranderlike struktuurbeginsel van die politiese samelewingsverband ondermyn is, relativisme in die teoretiese staatsbeskouing die primaat gekry het.<sup>157)</sup> Hier moet egter ook aangedui word dat die teoretiese krisis voorberei word deur 'n innerlike vervaltoestand van die tradisionele staatslewe self. „Deze vervaltoestand kan zonder meer een decadentie-verschijnsel zijn, doch ook een noodzakelijke doorgang tot een nieuwe concentratie van het staatsleven betekenen.“<sup>158)</sup> As Machiavelli, dan in die

153) D. W. de W., Vol.III, bls.332. Spier skrywe dat die staat by die gemis van 'n struktuurbeginsel dan word „de grote Moloch, die alles voor zich opeis!“

Die staat rus immers op die redelike natuur van die mens as sosiale wese. W. de W., bls.198.

154) De Crisis ... bls.124.

155) Vgl. Spier J.M., W. de W., bls.198. Derhalwe nie 'n staatskerk nie maar 'n kerkstaat — die vors regeer by die gracie van die pous. Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.139. Vgl. ook bls.257-8 vir afwysing van roomse hiërargiese ordening.

156) Spier, W. de W., bls.198.

157) W. de W., Vol.III, bls.333.

158) D. W. de W., Vol.III, bls.334. (Ons kursiveer). Die krisis in die Griekse staatsheer, deur die Sofiste ingelei, was wel eersyds die geboorteur van die Griekse staatsteorie, maar andersyds spruit dit uit 'n ondermyning van die Atheense demokrasie na die Persiese Oorloë.



lyn van die Sofistiese magstaat, die middeleeuse staatsopvatting aantas, is dit bloot 'n voortsetting van die krisis reeds deur Occam gekenmerk, en beteken dit wel 'n deurgang na die moderne gesentraliseerde staat, maar daarby moet dit as dekadensieverskytsel gesien word in die ondermyning van die middeleeuse staat.<sup>159)</sup>

In die moderne humanistiese staatsteorië, word die normatiewe staatsidee, soos op grondslag van die humanistiese wetenskaps- en persoonlikheidsideaal gekonsipieer, — naamlik die idee van die burgerlike regstaat — self in sy fundamente geskud. Die stroom van relativisme, bring 'n "ware Götterdämmerung aller absolute maatstaven,"<sup>160)</sup> na vore waardeur ook die gedagte van 'n onveranderlike struktuurbeginsel vir die staatsverband geen plek meer kan vind nie,<sup>161)</sup> en dan is ons op pad na 'n a - normatiewe begrip van die staat. Dit alles geskied nou, nadat na aanleiding van die motief, natuurvryheid, in die uitwerking van die humanistiese natuurreg, die humanistiese regstaat sterk orent gekom het, en die idee van 'n maatskaplike verdrag as die hipotetiese beginpunt van die staat gedogmatiseer is. In hierdie eerste periode is die owerheidstaak dan inderdaad begrens deur die leer van die sosiale kontrak, waardeur natuurlike menseregte verseker word van georganiseerde handhawing<sup>162)</sup>

Dit laat aan die owerheid 'n taak tot beskerming van absolute regte van individue — vryheid, lewe en eendom —. Iedere oorskryding van hierdie regte is 'n aantasting van die soewereiniteit van die individu, wat tot geloofsdogma van die humanisme verhef is. Dit is die leer van staatsonthouding, waardeur die staat slegs waarborg is teen individuele ongebondenheid binne die grense van die burgerlike reg.<sup>163)</sup>

159) Vgl. D., W. de W., Vol. III, bls. 334.

160) Dooyeweerd, W. de W., Vol. III, bls. 335.

161) W. de W., Vol. III, bls. 335. Carl Schmidt en Richard Schmidt lewer albei illustrasie van deurgevoerde relativisme.

162) Spier J.M., W. de W., bls. 200.

163) Spier, J.M., W. de W., bls. 200.

Waar die historiese ontwikkeling van die volkslewe ander eise aan die staat stel, tenopsigte van die gemeenskapslewe, is die idee van die burgerlike regstaat gewysig om aan die staat wel bevoegdheid te gee om allerlei doeleindes van kultuur, volksgesondheid en volkswelvaart na te strew, maar nou slegs in strenge gebondenheid aan die wet. Waar die wetgewer egter alles wat hy wil gedaan hê, in die vorm van wetgewing kan magtig is dit ook bloot 'n fiktiewe beskerming. Daarmee beland ons dan ook in die krisistoestand waarin die regstaatsgedagte verwoes is. Daar bestaan voortaan geen juridiese grense vir die owerheidstaak nie --- staat en reg het sinoniem geword. Die praktyk van die totalitêre magstaat is daarmee gesanksioneer. Die staat is derhalwe sonder 'n normatiewe struktuurbeginsel, 'n empiriese produk van menslike willekeur.<sup>164)</sup>

Ons wil egter nog daarop wys dat slegs Calvyn radikaal met die natuur-genade skema gebreek het, deur die hele skeping aan Gods wette onderworpe te sien. Waar die Ryk van Christus beslag lê op die hart van die gelowige, sal dit ook tot openbaring kom in alle samelewingsvorme.<sup>165)</sup> Luther het nog gekleef aan die nominalisme van genade teenoor die natuur. Immers sy stryd teen die pous beïnvloed hom daarby sterk om die gesag van die nasionale vors te vergroot.<sup>166)</sup>

-----  
164) Spier J.M., W. de W., bls.201. Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.303, die magistrates inferiores verval in die pantelstieste staat, as bron van alle lewe. Vryheid is deur die staat self bepaal, en kan die staat dit weer ontneem.

Vgl. verder Spier, W. de W., bls.199. Sien ook W. de W., Vol.III, bls.349, inderdaad 'n onderwerping van alle interne lewensfere van die maatskappy aan die totale staat -- 'n renaissance van die antieke staatsidee in moderne irrasionele vorm.

165) Spier J.M., W. de W., bls.199.

166) Hattersly A., A Short History of Democracy, Cambridge, U.P. Press, 1930. bls.108, "led him to magnify the authority of the secular prince."

Ook in die teologie van Karl Barth en Emil Brunner kom die natuur-genade motief weer na vore.<sup>167)</sup> Vir ons is dit op hierdie stadium duidelik dat 'n Christelike staatsidee nie hierdie dualisme kan aanvaar nie, omdat dit óf geen oog vir die sonde het, wat ook in die staatslewe binnedring nie, óf die struktuur van die staat self as sondig beskou<sup>168)</sup> en daarmee alle prinsipiële grense nivelleer, en die owerheidstaak dan ook in soteriologiese sin oorspan, soos telkens in die wêreldhistorie gebeur het, en tans weer in die moderne tyd in die heilbrengende staat gemanifesteer word. Daarteenoor sal die Christelike staatsleer in aanvaarding van die sonde as verwoestende mag in die hele tydelike werklikheid, tog geen enkele gemeenskapsvorm per sé as sondig sien nie, omdat die struktuur van die samelewingsvorme rus in die wil van God. Waar die tydelike staatsverband ingestel is terwille van die sonde soos Romeine 13 leer,<sup>169)</sup> is ook die staat nie los te dink van Christus, die Verlosser nie, en sal die staatslewe ook deel hê aan die grondstryd — Vir of teen Christus. Die gerigtheid vir of teen Christus beteken dat die staatslewe sig anti-normatief kan vertoon, maar dit impliseer juis 'n blywende

167) Sien Spier, W. de W., bls.199. en D., W. de W., Vol.III, bls.354-358.

Brunner onderskei 'n gemeenskapsmoment — as skeppingsordinansie, 'n dwingende regsorde — terwille van die sonde, en 'n half-demoniese magselement, waarin die ware wese van die staat gesoek word. Die staat is derhalwe 'n wêreldlike ordening en is 'n Christelike staat 'n kontradiksie in terme. (bls.356). Hy sien derhalwe nie die verskil tussen 'n normatiewe struktuur beginsel, en die subjektiewe verwerkliking daarvan in die konkrete staatsbestel in 'n sondige wêreld nie. Vir hom is die struktuur self sondig. Geen wonder dat Karl Barth aanvanklik kan adviseer, "Stehen Sie ruhig unter den Hakenkreuz." Vgl. Smeenk C., De Ontwikkeling der Maatskappy, Kok, Kampen, 1955, bls.357.e.v.

168) Spier, W. de W., bls.201. Vgl. Smeenk, a.w., bls.357. Juis onder invloed van Karl Barth het die sogenaamde deurbraak na die Party van den Arbeid plaasgevind, omdat Christelike organisasie vorming vir hulle werkheiligheid is, maar tog andersyds nou die absolutistiese tendense van die moderne sosialisme aanvaar!

169) Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.66.

struktuurnorm, as uitdrukking van Gods wil, waaraan die mens nooit sy willekeur kan opleë nie.<sup>170)</sup>

Aangesien uit voorafgaande opmerkings blyk dat strukturele begrensing van die owerheidstaak van primêre en kardinale belang is vir 'n ware regstaatsteorie,<sup>171)</sup> soos immers histories gesien word in die feit dat die staat tog staat gebly het ondanks alle valse teorie, sal ons die Christelike opvatting van die staatsverband in sy fundering en bestemming nou nader beskou.

(b) Die Staatsverband : Fundering en Bestemming.

Prof. Dooyeweerd wys daarop dat dit merkwaardig is dat ons in alle moontlike staatsteorië en staatsvorme steeds die strukturele faktore mag en reg aantref, wat hoewel teoreties in verskillende konstruksies uitgedruk, tog wesenlik en blywend bly.<sup>172)</sup> Immers die onderskeiding van die staat van ander samelewingsvorme, volgens sy interne struktuurprinsipes en interne individualiteitstruktuur, was die grondprobleem van elke verbandsteorie, en daarby die „Kaap van Storms” vir elke teorie wat die struktuurprinsipes in die goddelike wêreldorde negeer het!<sup>173)</sup> Nietemin is dié twee waarheidsmomente, wat ook die humanisme en die sintese-filosofie onderskei van groot

170) Spier, W. de W., bls.202. Vir uitvoerige behandeling van die probleem van die krisis van die humanistiese staatsleer sien die pragtige werk van Prof. Dooyeweerd en die werk van Dr. Mekkes waarin die ontwikkeling van die humanistiese regstaatsteorië op voortreflike wyse geteken is. Sien ook Prof. Dooyeweerd se opmerkings in W.de W., Vol. III, bls.334-353.

171) Dooyeweerd poneer dat ons tyd op staatkundige gebied aan niks groter behoefte het as 'n insig in die konstante struktuurprinsipes van die menslike samelewingsverbande, „gelijk ze niet door de menselijke rede zijn uitgedacht, doch in de wysheid der goddelijke wêreldorde verankerd liggen.” W.de W., Vol.III, bls.354.

172) Spier W.de W., bls.202. Vgl. D., W.de W., Vol.III, bls.333. Hy wys daarop dat Plato se ideale staat in die twee politiese stande (regeerders en wagterstand) by implikasie die besondere posisie van die twee struktuurfunksies erken, wat as radikaaltipies vir die staatsverband geld. Dit is van belang teenoor die moderne historistiese opvatting, dat die staat geen onveranderlike struktuurprinsipes het nie en dus 'n blote, variabele historiese verskynsel is. Vgl. Verder bls.365,375,388. Vgl. Carlyle, Medieval Political Theory, Vol.III, bls.20 en Vol.VI, bls.506.

173) Vgl. Giercke se onderskeiding, asook die van Heller. D., W.de W., Vol.III, bls.346-7.

belang,<sup>174)</sup> omdat daarin die bestemmings- en funderingsfunksies van die staatstruktuur aan te wys is.

Waar die staat as gedifferensieerde samelewingsverband inderdaad tipies histories gefundeer is,<sup>175)</sup> word sy radikaal-tipe onderken deur die funderende rol wat die historiese vorm as sodanig daarin speel, soos dit immers by alle radikaaltipes van historiese gefundeerde samelewingsvorme die geval is. Daarmee word 'n historiese organisasie, 'n vorming as oorspronklike fondament van die interne verbandseenheid, deur die struktuurprinsipe afgedwing,<sup>176)</sup> maar die organisasie is self nie in staat om rekenskap te gee van daardie interne eenheid wat die historiese gefundeerde samelewingsverbande kenmerk nie.<sup>177)</sup> Die organisasievorm, is 'n vorm waarin die historiese magsfaktore deur doelbewuste organisering tot 'n konstante eenheid gebring word. So sal die demokratiese staat 'n ander organisasievorm vertoon as die diktatuurstaat,<sup>178)</sup> en die kerkverband 'n radikaal verskillende organisasievorm aanneem as die staat.

174) Vgl. Strauss H.J., Christelike Wetenskap, bls.83-4 — Brokstukkies waarheid van die ongelowige wetenskap. — "Bloot in die natuur dring die waarhede Gods hulself aan ons op ----telkens is die waarhede so vanselfsprekend, dat die humanis net nie kan help om in sy verwronge geheelbeeld 'n plekkie daarvoor in te ruim nie." bls.84.

175) Vgl. De Crisis — bls.124.

176) D., W. de W., Vol.III, bls.358. Organisasie assulks ontbreek byvoorbeeld in die gesinsverband. Die organisasie begrip is egter nog geen wesenlike struktuur begrip nie. Vgl. bls.358-359, vir Heller se wanbegrip, asook die organisasie begrip by Tönnies op bls.361-2. Verder Darmstaedter se organisme teenoor meganiëse organisasie.

177) D., W. de W., Vol.III, bls.359. Vgl. hier Lipson L., Great Issues of Politics, Prentice Hall, New York, 1954, bls.56. Vir hom behels die staat die owerheid as aspek van organisasie; as een van die minimum vereistes vir die bestaan van die staat. Hoewel Lipson die monopolie op die swaardmag primêr erken, bring hy tog nog die organisasie aspek, met bekende amptenare na vore. Daarmee gee hy derhalwe geen rekenskap van die interne eenheid van die staat as verband nie.

178) Spier J.M., W. de W., bls.203.

Wanneer ons nou poneer dat die staat berus op historiese-magsvorming, het ons nog nie tot die wortel van sy funderings-funksie deurgedring nie. Immers historiese mag is 'n modale begrip, wat 'n veelheid van strukture toelaat. Die organisasie as funderende historiese vorm is in die historiese gefundeerde verbande egter nie bloot modaal-histories te verstaan nie, sodat die radikaaltipe van samelewingstruktuur waarin die historiese-magsfunksie die funderende en die regsfunksie die leidende rol vervul, as sodanig nog geensins die eienaardige kenmerke van die staatsverband vertoon nie. Die staat is 'n konstante stantipe binne die omvattende struktuur van die radikaaltipe.<sup>179)</sup>

Historiese mag, as modale sin-moment, kan variërende individualiteitstrukture van mag moontlik maak, maar welke historiese-mag 'n bepaalde verband as funderingsfunksie sal besit, hang af van sy struktuurprinsipe, wat die tipe van die historiese mag bepaal.<sup>180)</sup>

Die tipiese funderingsfunksie van die stantipe staatsverband, is nêrens anders te vinde "dan in de interne monopolistiese organisasie van de zwaarmacht over een zeker territoriaal begrensde cultuurgebied".<sup>181)</sup> Dit is slegs te verstaan as 'n normatiewe struktuurfunksie wat 'n taak, 'n roeping impliseer, wat normatief of anti-normatief in gerigtheid,

-----  
179) D., W. de W., Vol.III, bls.365.

180) Spier, J.M., W. de W., bls.203.

181) D., W. de W., Vol.III, bls.366. Vgl. Lipson L., Great Issues of Politics, Prentice Hall, New York, 1954, bls.56. Hy stel onder sy minimum voorwaardes vir die bestaan van 'n staat onder andere monopolie van mag, juis omdat die staat vir hom 'n assosiasie terwille van Proteksie is. Hy sê verder op bls.54 van die aangehaalde werk, "The logic of coercion dictates monopoly." Immers die geskiedenis toon dat op die monopolie van die staat op die swaarmag nie sonder ernstige gevolge inbreuk gemaak kan word nie. Vgl. Peisistrates met sy lyfwag, of die magtige feudale-leenmanne van die middeleeuse vors. Vgl. Ludwig von Mises, Omnipotent Government, Yale U. Press, 3de druk, 1945, bls.46. "The state is essentially an apparatus of coercion and compulsion. The characteristic feature of its activities is to compel people through the application or the threat of force."

volbring kan word.<sup>182)</sup> Ter laaster instansie is elke staat na sy interne struktuur in die gewapende mag gebaseer, met die pretensie van alleenreg.<sup>183)</sup> Hoewel die staat ook beskik oor antisiperende vorme van historiese mag, wat omslote bly deur die sin-struktuur van die historiese, naamlik ekonomiese, sedelike, pistiese en ander magsvorme, is geen een van hulle op sigself tipies vir die staat nie. Immers die monopolistiese organisasie van die swaardmag word as funderende struktuur-funksie, slegs by die staat aangetref, en daardeur derhalwe onderskei van ander gedifferensieerde samelewingsverbande. Die ander magsvorme behoort tot die variabiliteitstipe van die staatstruktuur<sup>184)</sup> en vind slegs in enkapsis met ander samelewingsstrukture sy oorsprong.<sup>185)</sup>

Alle magsvorme wat tot interne bestanddeel van die staatsmag word, moet immers noodwendig die innerlike individualiteitstruktuur van die staatsmag aanneem.<sup>186)</sup> Juis daarom is die pretensie van die totalitêre staat, om "alle andere individualiteitstrukturen der macht met behoudt van haar eigen innerlik wezen -- tot interne bestanddeelen van de staatsmacht te kunnen maken,"<sup>187)</sup> prinsipiëel vals. Dit is die gevolg van die nivellerende geheel-deel skema, wat toegepas

182) W. de W., Vol.III, bls.376.

183) W. de W., Vol.III, bls.366,374. Vgl. Lipson L., Great Issues of Politics, bls.52. "Because it must employ force, the state inevitably seeks a monopoly of it — whatever force lies outside the ambit of the state amounts to a proportional diminution of the power of the state."

184) Spier, W. de W., bls.203. Vgl. Lipson L., Great Issues of Politics, bls.53. "Whenever force is available for use by associations other than the state or by persons other than the government, there exist in embryo the potential makings of a substitute state and government." Daarmee beaam Lipson natuurlik nie noodwendig soewereiniteit in eie kring nie, maar hy vestig tog die aandag op die monopolie op die swaardmag, waar die staat die "coercive force of the whole" uitoefen.

185) D., W. de W., Vol.III, bls.97— Die variabiliteitstipe wys steeds op 'n enkaptiese vervlegting van struktuurtypes.

186) Die antisiperende vorme toon self geen ekonomiese pistiese of moreele modaliteit nie. Ekon. magsvorme is dus geen interne bestanddele van die staatsmag nie.

187) D. W. de W., Vol.III, bls.370. Vgl. Spier, W. de W., bls.204.

word op die verhouding van die interne staatsmag en ander magstrukture binne die staatsgebied. Daardeur word struktuur-grense opgehef, en die staatsowerheid bo-baas gemaak op alle lewensterreine en dan kan daar van 'n begrensing van die owerheidstaak geen sprake wees nie.

Die subjek-objekverhoudings van die historiese funderings-funksie vind ons in die leër en polisiemag, respektieflik tegniese apparaat en militêre middele waarmee staatsorgane die mag uitoefen, asook die magsgebied waarop die staat bevoegdheid tot magsvorming het.<sup>188)</sup>

Ten opsigte van die funderingsfunksie moet ons net hier saaklik verwys na die poging van die nasionaal-sosialisme om die staat te fundeer in die volksgemeenskap-, as oergemeenskap waaruit alle gemeenskapslewe voortvloei — en volk en ander lewensvorme aldus gelykgeskakel word, op universalistiese wyse, in diens van die staat.<sup>189)</sup> Daarnaas het die Fasjisme met sy sedelike-etiese staatsgedagte, die pretensie dat die swaardmag sy funderende posisie verbeur, maar dit het tog beide in teorie en praktyk nie stand gehou nie.<sup>190)</sup>

Die swaardmag van die staat moet eerstens in sy goddelike institutêre struktuur verstaan word,<sup>191)</sup> en pas daarna kan ons oordeel oor die werklike, subjektiewe wyse waarop dit gehanteer word.<sup>192)</sup> Instelling van die swaardmag by die verbond met Noag word van teologiese kant geponeer.<sup>193)</sup> Immers die opname van die swaardmag in sy samehang met die leidende funksie van die staat, is slegs vanweë die sonde in die tydelike wêreldorde duidelik. Daarmee word egter geen staat in toto geskep nie, maar word normatiewe/struktuurbeginsels gegee wat

188) W. de W., Spier J.M., bls.204.D., W. de W., Vol.III, bls.377-8.

189) Spier, W. de W., bls.204. D., W. de W., Vol.III, bls.366-68.

190) D., W. de W., Vol.III, bls.377.

191) D., W. de W., Vol.III, bls.379. Vgl. Rom.13 :1-5, 1 Petr.2:13, Openb. 13:10.

192) D., W. de W., Vol.III, bls.379.

193) Genesis 9:6. Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.66, waar hy poneer dat sonder sonde daar geen owerheid en geen state-veelheid sou wees nie.



die mens moet aktualiseer, en is die afwesigheid van die geindividualiseerde staat op ongedifferensieerde beskawingspeil, of sy beslotenheid in die ongedifferensieerde vervlegtingsvorme, geensins in stryd daarmee nie.<sup>194)</sup>

Die filosofie van Thomas van Aquino het egter die staat gaan fundeer in die natuur van die mens,<sup>195)</sup> en slegs die swaardmag van die owerheid gesien in die lig van die sonde — 'n dwingende mag behorende tot die relatiewe natuurreg — So word die staat weereens totaalverband van die natuurlike menslike lewe, en kan ander samelewingsvorme daarvan slegs organiese geleidinge wees.<sup>196)</sup>

(b) (i) Die Staatsverband : Bestemmingsfunksie:

Waar ons die staat in sy tipiese fundering in die monopolistiese organisasie van die swaardmag ondersoek het, sal ons nou sy tipiese bestemmingsfunksie naspur. Daarby sal ons steeds in gedagte moet hou dat die bestemmingsfunksie in onverbreeklike samehang met die funderingsfunksie gesien moet word.

Vooraf het Prof. Dooyeweerd dit gerade geag om te onderskei tussen die bestemmingsfunksie, in die sin van 'n leidende, kwalifiserende struktuurfunksie, en die doeleindes wat langs organisatoriese weg te bereik is. Omdat ons hier met 'n besondere en pregnante prinsipiële aspek te doen het, en veral waar dit die owerheidstaak geld, moet ons enigsins breedvoerig daaraan aandag skenk.

Die leer van die staatsdoel gaan belas met velerlei interpretasie van die begrip.<sup>197)</sup> Die vorm-materie skema van die klassieke heidendom lê daarop 'n metafisies-realistiese klem, terwyl die skolastiek weer die staatsdoel gaan gebruik om die supremasie en meerderwaardigheid van die kerk te bewys!

194) D., W. de W., Vol. III, bls. 379.

195) D., W. de W., Vol. III, bls. 80. Vgl. De Crisis — bls. 124.

196) Dooyeweerd H., W. de W., Vol. III, bls. 380.

197) Dooyeweerd H., W. de W., Vol. III, bls. 382.

Vir die humanistiese natuurreg word die staat 'n middel in diens van die individu of nasionale volksgemeenskap, sodat die staatsdoel geïnterpreteer word, — óf in die sin van 'n natuurregtelike regstaat,<sup>198)</sup> óf in die sin van 'n welvaartstaat,<sup>199)</sup> óf in die idealistiese sin van die kultuurstaat.<sup>200)</sup>

Sonder uitsondering vertoon al hierdie teleologiese rigtings geen samehang met die wesenlike struktuurprinsipe van die staat as samelewingsverband nie.<sup>201)</sup> Histories besien, is die humanistiese teorië oor die subjektiewe doel van die staat slegs die ekspressie van die politieke strewe van die bepaalde tydsomstandighede waarin hulle gebore is, en derhalwe variabel en aanpasbaar by wisselende praktyke.<sup>202)</sup> Dit impliseer dat

-----  
198) Locke, Kant.

199) Wolff, Justi,

200) Fichte.

201) D., W. de W., Vol.III, bls.382.

202) Dooyeweerd onderskei drie fases in die ontwikkelingsgang van die humanistiese regstaat, as teorie van die staatsdoel, sien W. de W., Vol.III, bls.383-389.

(i) Klassiek-natuurregtelike fase (Locke, Kant). Hier word die staatsdoel, soos in die kontrak gekonstrueer beperk tot die beskerming van vryheid, lewe en eiendom, d.w.s. aangebore, absolute regte, die oud liberale leer van laissez-faire! Die dwangkarakter van die staat raak verlore in die Trias Politica waarin die magte teenoor mekaar uitgekanselleer word, vandaar die afwysing van Admin.reg. (ii) Die periode van die Formele wetstaat. Reg is nie langer doel van die staat nie, maar slegs die vorm waaraan die staat in nastrewe van kultuur en welvaartsdoeleindes moet konformeer — 'n strenge regsbegrensing waarin die uitvoerende mag ondergeskik aan wetgewende mag word. Die wet beskerm die burgers teen willekeur van die administrasie — 'n skeiding tussen formele reg teenoor materiële reg word daarmee ingedra. Admin. reg is dus bloot 'n formele Schranke waarbinne die owerheid bevry van materiële regsprinsipes, sy kultuur en welvaartsdoeleindes kan nastrewe. Geen innerlike begrensing in strukturele sin van die staatsdoeleindes bestaan meer nie, behalwe formele grense van wetgewing. Daarmee kom doelmatigheid in plek van laissez faire —

(iii) Die derde fase toon die volkome ontaarding van die regstaatsgedagte. Nou nie meer 'n politiese idee van regsbegrensing van die staatstaak nie, maar 'n volkome identifisering van staat en reg. (Kelsen). Elke staat moet dus as reg begryp word, en daarmee word die diktatoriale magstaat, ook regstaat! So beweer die nas.sosialisme, fasjisme en kommunisme, waar geen bevoegdheidsgrense van die staatsgesag erken word nie, tog ook dat hulle ware demokrasie (regstate?) is. Daarmee sanksioneer die humanisme nie alleen die totalitêre magstaat nie, maar hef dit die teorie van die regstaat resloos op. —

daar geen staatsdoel vir alle tye, volke, en beskawingstoestandebepaal kan word nie. Indien gepoog word om met die staatsdoel alleen te opereer, kan ons nooit daarin slaag om rekenskap te gee van die konstante, interne struktuur van die staat nie. Insig in die interne struktuur van die regsfunksie as bestemmingsfunksie van die staat word derhalwe onontbeerlik. Daaronder is daar geen verweer moontlik teen die voortsykrydende totalitarisme nie en veral sodra die historiese ontwikkeling die staatslewe voor nuwe eise stel, wat nie meer gedek word deur die heersende teorië nie.<sup>203)</sup> Met beperkte staatsdoeleindes, kan totalitarisme nie getemper word nie, want daarmee word die „noodwendig variabele, aan die historiese ontwikkeling gebonden, politisch denkbeelden over den uitwendigen omvang van de staatstaak,“ verwar met die „invariante interne struktuur van alle staatslewen.“<sup>204)</sup>

Immers die vraag na die subjektiewe doeleindes wat die staat in wisselende tydsomstandighede en geografiese gebiede nastrewe, moet vanuit die normatiewe bestemmingsfunksie benader en beoordeel word.<sup>205)</sup> Anders sou ons die toestand hê van 'n staat wat doeleindes stel, terwyl hyself nie bestaan nie! Die staat kan geen werklike bestaan hê, behalwe binne die kader van sy interne struktuurprinsipe nie. Daarom kan die Christelike staatsbeskouing ook nie die staat as doel in homself (Selbstzweck), — soos deur Hegel geponeer — en waardeur die staat vergoddelik word, aanvaar nie.<sup>206)</sup> Nog minder is enige poging om die staat te verstaan vanuit 'n objektief-kosmiese doel, waaraan die staat self diensbaar is, vir ons aanneemlik.<sup>207)</sup>

203) D., W. de W., Vol. III, bls. 388-9.

204) D., W. de W., Vol. III, bls. 389. Vgl. hier die kritiek van Dooyeweerd se medestanders dit gedoen het, dan toon hierdie aanhaling dat Donner nie hiervan voldoende kennis geneem het nie. Bydrage tot de Discussie over de Staatstaak, Rechtsgeleerde Opstelle, J.H. Kok, Kampen, 1951, bls. 179. Vgl. Berghuis, De Taak der Overheid, A.R. Staatskunde, XIX<sup>e</sup> jaargang, 1949, bls. 14.

205) Spier J.M., W. de W., bls. 205.

206) D., W. de W., Vol. III, bls. 390.

207) Dooyeweerd H., t.a.p.

Daarmee dien egter nou reeds gewaarsku te word dat ons nie sonder meer moet verstaan dat die doel van die staat, radikaal verwerp word nie. Inteendeel poneer ons bloot dat die interne struktuur, en daarom die bestemmingsfunksie, primêr is vir bepaling van die owerheidstaak. Terselfdertyd open die terrein van die doel van die staat, 'n uiters delikate veld, geweldig in omvang, waarin ons nie alleen teoreties-prinsipiëel die owerheidstaak onderskei van die van 'n kerkraad of 'n gesinshoof, ens., nie, maar waarin ook die faktiese posisie van die owerheid ten opsigte van sy onderdane en hulle beskawingstoestand moet verreken word. Ons kan derhalwe wel nou twee aspekte onderskei, naamlik 'n owerheidstaak in algemene sin, en die taak van dié of daardie owerheid in besondere sin, soos mede bepaal deur die beskawingstoestand van die staatsvolk, krisistoestande, ens. Hierop kom ons onder die hoof owerheid en staat, weer terug in Afdeling C.

Soos dan self ook deur die immanensie filosofie toegegee word, is die struktureel gekwalifiseerde funksie van die staatsverband, modaal beskou, slegs in die juridiese wetskring te vind. Die staat is in die eerste plek as regsgemeenskap gekwalifiseer.<sup>208)</sup> Die leidende funksie is egter slegs te verstaan in die kosmologiese sinsamehang, met die funderende sin-individuele funksie, in casu, die heerskappyfunksie.<sup>209)</sup> Daarmee word reg en mag die twee pole van die struktuur van die staatsverband, as bestemmings- en funderingsfunksie respektieflik. Sonder 'n regsbestemming sou die staat 'n georganiseerde rowersbende wees. Derhalwe moet die onverbreeklike,

208) Dooyeweerd, W. de W., Vol.III,bls.391. Vgl. Spier W.de W., bls.205 en ook Dooyeweerd, De Crisis..., bls.129. "Het is de zin-individuele, door publiek-rechtelijke beginselen genormeerde overheidsrechtsfunctie, welke in zinsamenhang met de zin-individuele historisch heerschappy functie de zinstructuur van het staatsverband qualificeert, en al zijn ander functies in de realiteit richt op de zin-individuele eenheid eener normatieve, dynamische dingstructuur."

209) Dooyeweerd... De Crisis..., bls.128.

intern-tipiese struktuursamehang tussen reg en mag tot uitdrukking kom in die gesagstruktuur, wat in die staatsgesag inderdaad owerheidsgesag oor onderdane is.<sup>210)</sup> Die interne verbandsreg van die staat is dan volgens sy struktuur, "territoriaal owerheidsverbandsrecht, dat met den sterken arm word gehandhaafd,"<sup>211)</sup> en wat ten opsigte van die owerheidstaak sy innerlike bevoegdheidsbegrensing in die struktuur van die staatsverband self vind. Dit is 'n prinsipiële misduiding om die staat te soek in die owerheid.<sup>212)</sup> Elke wesenlike staat is owerheidstaat, en die staatsvolk behoort ook wesenlik tot die staat, want nadat die primitiewe volks- en stamverbande ontbind is in die proses van beskawingsontwikkeling, bestaan die volk slegs in staatsverband,<sup>213)</sup> waarin dit met die owerheid 'n onlosmaaklike eenheid vorm. Die volk self word in die owerheid-onderdaan organisasie eers pas 'n politieke eenheid.<sup>214)</sup>

By die ander radikaal-tipes van samelewingsvorme tref ons wel ook interne regsfunksies aan, maar die regsfunksies is tipies gekwalifiseer deur 'n buite-juridiese bestemmingsfunksie, teenoor die regsfunksie in die staat wat deur geen ander funksie gekwalifiseer word nie, omdat dit self die kwalifiserende funksie is.<sup>215)</sup>

Juis hierom is dit onmoontlik om die buite-juridies gekwalifiseerde samelewingsvorme, (weens hulle individualiteitstruktuur) tot die staatlike struktuur te herlei, soos die geheel-deel/skema van die universalisme inderdaad doen.

210) D., W. de W., Vol. III, bls. 391. Immers 'n staat sonder onderdane is 'n fiksie.

211) D., W. de W., Vol. III, bls. 391. Vgl. De Crisis.. bls. 143-4. Territoriaal moet hier nie in die Geo-Politiese sin opge- neem word nie. Staatsgebied is en bly louter sin-funksio- neel te verstaan, dus kan eers op die basis van 'n kos- mologiese struktuurteorie 'n staat moontlik wees, en word die sin-individualiteit van die staat nie bepaal deur sy subjektiewe ruimtelike funksie nie, (bls. 144), soos Henning (Geo Politiek 1948) beweer nie.

212) Spier J.M., W. de W., bls. 205.

213) D., W. de W., Vol. III, bls. 391-2.

214) D. de W., Vol. III, bls. 393.

215) "De bestemmingsfunctie van den staat ontbeert een typische buiten-juridische gerichtheid, want dat de funderende machtsfunctie haar geen typische richting kan wijzen, weten wij nu wel genoegzaam". D., W. de W., Vol. III, bls. 393.

Elke staat organiseer 'n staatsvolk in 'n territoriale, heerskaplike verband met 'n tipiese juridiese kwalifisering. Die staatsvolk is 'n tipiese „alheid“, wat heengryp oor alle verskille en aldus 'n tipiese integreringseenheid vorm wat tenspyte van alle verskille deur die staat gekonstitueer word.<sup>216)</sup> Hierdie integrering bly egter steeds gebonde aan die tipiese staatstruktuur self, waarin die „territoriale heerschappelijke, ,publieke rechtsgemeenschap de leidende functie is.“<sup>217)</sup>

Juis kragtens dié struktuurprinsipe, kan van alle ge-differensieerde samelewingsvorme alleen die staat binne sy territorium 'n universele regsverband, bo alle nie-juridies gekwalifiseerde vorme, organiseer. Hierdie integreringsfunksie kan die interne kerkreg byvoorbeeld nie vervul nie, hoe omvattend sy wiekslag dan ook al is (staatskerk byvoorbeeld).

Trouens die bestemmingsfunksie van die kerkverband is in sy tipiese besonderheid, begrens as juridiese verbandstruktuur, en kan daardeur geen universele integrerende karakter soos die staat, as tipiese regsgemeenskap vertoon nie.<sup>218)</sup> Derhalwe moet alle regsbelange wat elk 'n eie besondere kwalifikasie het, in die sin van publiek regtelike verbandsvergelding, ewewigtig geharmoniseer word in algemene regsbelang, volgens die behoeftes van die hele volk, en in eerbiediging van die soewereiniteit in eie kring van die nie-staatlike samelewingstrukture.<sup>219)</sup> Daardeur bestaan daar geen enkele belang binne die staatsgebied, waarmee die staat à priori niks te doen het nie. As regsgemeenskap het ons juis by die staat 'n universaliteit ontdek, wat die samelewingsvorme in

216) W. de W., Vol.III, bls.394.

217) W. de W., Vol.III, bls.395.

218) D., W. de W., Vol.III, bls.395, Vgl. Bracton se stelling „that all authority represent some essential principle of justice and equity, that an unjust authority is no authority.“ Carlyle A.J., Vol.III, bls.36. Ook Vol.VI, bls.506. „The first and most fundamental quality of political society was the maintenance of justice“— en is as sulks gestel deur Aristoteles, Plato, die juriste, kerkvaders van 9de eeu, middeleeuse teoretiese siviliste, kanoniste en Augustinus.—„Immers politieke beskawing beteken „pursuit of justice.“

219) D., W. de W., Vol.III, bls.395.

die sin van publieke reg, oorkoepel! Daarmee word aan die owerheidstaak hier geensins 'n universalistiese toegewing gemaak nie, omdat dit 'n strukturele begrensing inhou teenoor die interne reg van die nie-staatlike samelewingsvorme,<sup>220)</sup> wat aanspraak maak op beskerming van hulle belange teenoor die uitbreidingsug van ander samelewingsvorme — d.w.s. dat ruimte aan hulle verskaf word vir rustige ontwikkeling.<sup>221)</sup> 'n Besondere roeping van die owerheid in die staat as regsverband,<sup>222)</sup> wat steeds onder die indruk moet verkeer dat in die modale sin van die reg, geen absolute, onbegrensde bevoegdheidsfeer vir enige regsvormer bestaan nie,<sup>223)</sup> en dat daar derhalwe steeds 'n ewewigtige afgrensing en harmonisering van die onderskeie materiële bevoegdheidsgrense geëis word, omdat dié materiële grense nie afhanklik is van menslike willekeur nie, maar in die strukturnorme van die samelewing te vinde is.<sup>224)</sup> Die juridiese-positivisme, wat slegs formele bevoegdheidsgrense ken,<sup>225)</sup> kan derhalwe nie rekenskap van die onderlinge verhouding van bevoegdheidsfeere —, wat selfs naief realisties erkenbaar is,<sup>226)</sup> gee nie omdat alle reg afgelei word van die wil van die wetgewer, wat assulks geen juridiese bevoegdheidsgebied het nie!

-----  
220) Vgl. Spier, W. de W., bls.207. wat andersoortig is.

221) Vgl. G.H.Polet, De Staatstaak, Anti-Rev. Staatskunde 25/9 Sept.55, p.263 en D., W. de W., Vol.III, bls.396. Sien I Tim. 2:2. Immers juis die optrede van eenselfde funksie in verskillende verbande, openbaar die verskillende karakters van die verbande. G.H. Polet, a.w., bls.263. Vgl. Dooyeweerd, De Crisis — bls.147.

222) Vgl. Groen, K., in Regsgeleerde Opstellen, bls.80. "De staat zal rechstaat zijn in den zin der souvereiniteit in eigen kring, of hy onttaardt in despotie over alle lewenssfere — aangehaal uit Dooyeweerd — Eigendoms. Opvatting bls.39. Vgl. Spier, W.de W., bls.206.

223) Mekkes, J.P.A., De Ontwikkeling der Humanistiese Regstaats-teorieën, bls.18 e.v.

224) Vgl. Dengerink J.D., Critisch-Historisch Onderzoek, bls.11.

225) Formeel in die sin dat dit self die produk van menslike regsvorming is.

226) Vgl. Mekkes, J.P.A., De Hum. Regstaats-teorieën, bls.18.

Daarmee het die Christelike staatsbeskouing nou ook reg om aanspraak te maak op 'n wesenlike publiekregtelike integrering van land en volk, solank die interne grense, -- wat die struktuur van die staat self aan die interne publieke verbandsreg stel -- gehandhaaf word. 'n Ware publiekregtelike integrasie is derhalwe slegs moontlik binne die struktureel-juridiese bevoegdheidsgrense van die staat.<sup>227)</sup> In hierdie opsig vorm soewereiniteit in eie kring dan 'n strukturele begrensing, terwyl juridiese integrasie die funksionele begrensing bied.<sup>228)</sup> Hierdie begrensing vorm die kern en wese van die Christelike regstaatsgedagte teenoor die humanistiese reg- en magstaatsgedagte wat geen strukturele begrensing ken nie. Trouens by die magstaat word die staatsgesag buite die reg gestel, sodat die staat 'n onbegrensde magswese word. By die regstaat word wel naarestiglik gepoog om die soewereine enkeling te red met menslike instellinge<sup>229)</sup> wat op hulle beurt weer steeds in elke

227) D., W. de W., Vol.III, bls.397. Vgl. Dengerink, Critisch Historisch Onderzoek...bls.11.

228) Spier J.M., W. de W., bls.80.

229) Vgl. Mekkes J.P.A., Hum. Rechstaatstheorieën, bls.688 e.v. vir 'n materiële begrensing van die owerheidstaak as eis vir die regstaat. Waar dit egter op formeel-organisatoriese waarborge moet reken om die onderdaan teen die owerheid te beskerm, en die wiekslag van die owerheidstaak te beperk (onafhanklike regspraak, administratiewe regspraak, kiesreg, petisiereg ens.) strand dit juis daarop dat geen menslike instelling vir alle eeue geldig is nie. Vgl. ons opmerkings in Vrouestemreg, bls.34-5 "Uitgaande van ons geloof aan die skepselonderhorigheid en beperktheid kan ons nie 'n onherroeplike konstitusie regverdig nie. Elke mondige burgers is geregtig om vir die bepaalde eise van sy tyd medeseggenkap te hê, vry van beperkinge wat sy mondigheid beklem en die verantwoordelikheid ontnem om die owerheid onder die Wet van God te plaas en nie onder menslike konstruksies nie. Anders word die staat 'n empiriese produk van menslike willekeur. Vgl. ook die Voetnota op bls.35 soos aangehaal uit Groen's Ongeloof en Revolusie, Smitskamp e.a., bls.278, ten opsigte van Stahl se uitspraak "naar gelang van tyd en plaats is de grondwet verschillend, en zij moeten steeds weer met het nationale rechtsbezeft in overeenstemming worden gebracht." Derhalwe kan 'n grondwet geen onveranderlike en uitputtende stelsel van staatsreg wees nie, nog minder 'n finale begrensing van die owerheidstaak.



vesting kapituleer voor die welbekende „algemene belang.”

Inderdaad, want ook die algemene belang moet georiën-  
teer wees aan die struktuurprinsipe van die staatsverband,  
anders sal dit tot werktuig van ongebreidelde staatsabsolutis-  
me of tot beliggaming van 'n willekeurige opvatting van die  
uitwendige omvang van die owerheidstaak ontaard. As politiese  
beginsel, het die algemene belang wel 'n algemeen-geldige sin,  
wat elke werklike staatsbeleid innerlik begrens, ondanks die  
feit dat die positiewe, gevormde inhoud daarvan na buite saam-  
val met die historiese ontwikkeling.<sup>230)</sup> So word ook algemene  
belang 'n politiese integreringsbeginsel, „dat heel de staats-  
werkzaamheid onverbrekelyk bindt aan de typische leiding van  
de idee der publieke verbandsgerechtigheid in de territoriale  
overheids-onderdanen betrekkingen.”<sup>231)</sup> Hierdie struktuur-  
begrensing van die algemene belang self is van kardinale be-  
lang, en is geheel en al afwesig in die humanistiese begrip  
„algemene belang.”<sup>232)</sup> By gebrek aan juridiese begrensing,  
was dit die hefboom waarmee die magstaatsidee die mees ver-  
ankerde vryhede uit hulle fundamente gelig het.<sup>233)</sup> „Het  
schrikwekkende geluid van den Leviathan, van den Behemoth  
klinkt in het woord ‚algemeen belang’ door,”<sup>234)</sup> want algemene

230) D., W. de W., Vol.III, bls.400-401. Daarby moet onthou  
word dat positivering van norme vanweë die sonde-  
gebrokenheid inderdaad vals, onjuis en a-normatief kan  
wees, en verkeerd gerig word deur valse teorieë — (in al-  
gemene belang ontnem Plato en Fichte aan ouers hulle  
kinders.)

231) W. de W., Vol.III, bls.401. Vgl. Mekkes J.P.A., Humanis-  
tische Rechstaats Theorieën, bls.32.

232) Vergelyk Mekkes J.P.A., Humanistische Regstaats Theorieën  
bls.32.

233) So het „algemene belang” gefigureer in die antieke uni-  
versalisme, dit was rigsnoer van staatsraison en natuur-  
regtelike polisiestaat, en ook die lewensbeginsel van  
Hobbes en Rousseau se natuurregtelike staatsabsolutisme,  
maar veral in die klassiek-liberalisme en moderne totali-  
tarisme is die algemene belang die alleensaligmakende leer.  
Vgl. Vol.III, W. de W., bls.398-400. Salus publica suprema  
lex esto — sê Wolf. Op dié beginsel het Rousseau alle  
tussengeledinge (tussen individu en staat) verbreek.

W.de W., Vol.III, bls.399-400.

234) W. de W., Vol.III, bls.399.

belang is identies met 'n noodreg van die staat<sup>235)</sup> So.  
het Rousseau met sy volonté generale<sup>236)</sup> bloot staatsabsolu-  
tisme gesanksioneer op alle lewensterreine, selfs oor die  
openbare eredienste — en dit alles as uitdrukking van die  
salus publica.<sup>237)</sup>

Na buite kan ons, soos reeds opgemerk, die owerheids-  
taak nie op algemeen-geldige wyse begrens nie, en daarby  
fungeer staat as verband in alle sin-sye van die tydelike  
werklikheid.<sup>238)</sup> Ongeag 'in welke sin-sye van die tydelike  
werklikheid die staat tot uitdrukking kom, bly die staatsop-  
trede steeds kragtens sy interne verbandstrukture onderworpe  
aan die innerlike lewenswet, wat in sy struktuurprinsipe in-  
gebed is, en daarmee word die integreringstaak van die staat  
„in die algemene belang,” prinsipiëel begrens deur eerstens  
soewereiniteit in eie kring en tweedens deur die tipiese lei-  
ding van die idee van publieke geregtigheid, d.w.s. ewewigtige  
harmonisering van 'n veelheid van regsbelange.<sup>239)</sup> Daarmee

- 
- 235) Wolff — necessitas non subditur legi — Jus Naturale, VIII, I, par.117. Aangehaal D., W.de W., Vol.III, bls.399.
- 236) Vgl. Mekkes J.P.A., Humanistiese Regstaatstheorieën, bls. 285. Vir volonté generalé deur Rousseau J.J. The Social Contract, J.M. Dent, London, 1947, bls.20 e.v.
- 237) Rousseau J.J., The Social Contract, J.M.Dent, London, 1947, bewerk deur G.H.D.Cole, bls.114. „There is therefore a purely civil profession of faith of which the Sovereign should fix the articles” — hy beroep hom op Cato en Cicero se kritiek op Caesar se pleidooi vir Catilina. Vgl. verder bls.115, „whoever dares to say: „Outside the church is no salvation' ought to be driven from the state, unless the state is the church, and the prince the pontiff.” (Ons kursiveer).
- 238) Sien in die verband W. de W., Vol.III, bls.406-450. Vgl. Spier, W. de W., bls.207-212, asook D., De Crisis... bls.135. Vgl. G.H. Polet, De Staatstaak by Goddelijke Ordinantie, A.R.Staatkunde, 1955, bls.270.
- 239) D., W.de W., Vol.III, bls.401. Vgl. De Crisis, bls.174 e.v. Dooyeweerd beklemtoon dat by beoordeling van die toepassing van soewereiniteit in eie kring op juridiese gebied, hy nie spreek oor politieke wenslikheid nie, maar oor die strenge materiële regsgrense van die interne staatsoewereiniteit. Vgl. veral bls.178-9. Sien Mekkes, J.P.A., Humanistiese Regstaatstheorieën, bls.32 e.v. — Die algemene belang kry dan as politiese integreringsbeginsel 'n skerp omlynde juridiese betekenis. Vgl. verder Groen K., in Regsgeleerde Opstelle bls.80. „Die idee van de salus publica word noodzakelijk tot machtsleuze van het staatsabsolutisme, wanneer zij niet als een wezenlijke publieke rechtsidee is gévat, welke aan de competentie der overheid de prinsipiële grenzen stelt, anderzijds door de innerlijke structuur der niet-staatkundige samenlevingsvormen zijn bepaald.”

sny ons enige verwisseling van die leidende (juridiese) funksie, in sy tipies heerskaplike territoriale magsfundering, met die leidende funksie van die bedryf, kerk of welke ander geïndividualiseerde samelewingsvorm ook al, in die wortel af. So verwerp ons die Marxisme wat die produksieproses onder integrerende ekonomiese gesigspunt plaas, en op dié wyse die gehele samelewingsorde — ook die staat — daarmee wil vernietig. Op hierdie punt is die Marxisme minstens eerlik genoeg om te erken dat daar onder primaat van die ekonomiese vir die staat in beginsel geen plek meer is nie!<sup>240)</sup>

Ons verwerp verder die korporativisme of politieke pluralisme<sup>241)</sup> wat die staat prysgee vir 'n federasie van onderling onafhanklike sindikate of korporasies wat elk in die ekonomiese 'n bepaalde tak van die publieke dienste administreer, en so elk vir die eie belange waak. So word die politiese beginsel van „algemene belang“ afsonderlik georganiseer, en moet dit noodwendig uitloop op ekonomiese monisme,<sup>242)</sup> waarin vir 'n wesenlike staat geen plek meer is nie. — „Die staat is dood“ het die Franse sindikalis Berth gesê, en dit geld ook, mutatis mutandis vir alle vorme van korporativisme.<sup>243)</sup> Die calvinistiese staatsbeskouing word juis prinsipieël van alle politieke pluralisme daarin onderskei, dat dit die, in Gods soewereiniteit gegronde kosmiese struktuurwette vir die samelewingsvorme (waarin hulle soewereiniteit in eie kring gefundeer is) handhaaf. Immers die gesagstrukture in die staatsverband kan nie rus op dieselfde basis as die sinindividuele gesagstruktuur

240) „The State withers way“ — Engels. Sien Sabine H., A History of Political Theory, 3de Druk, Harrap & Co., London, 1952, bls.628-658.

241) 'n Begrip deur Laski ontleen aan James.

242) Hisiao, K.C., Political Pluralism, a study in contemporary political theory, 1927, bls.122 e.v. Vgl. Dooyeweerd, De Crisis — bls.156 e.v.

243) Het staatkundig pluralisme is in wezen een staats-nihilisme, in zooverre het althans in beginsel, de zin-structuur van het staatsverband volledig ter syde stelt.“ De Crisis — bls.155. (Ons kursiveer). Vgl. D., W. de W., Vol.III, bls.404.

in die ekonomiese bedryfslewe nie. <sup>244)</sup> Die verekonomisering van die leidende funksie van die staat, beteken die vernietiging van die staat as verband, net soos die oorspanning van enige ander funksie, ook die staatstruktuur resloos sou ophef. Daarmee is nogeens beklemtoon dat ook die owerheidstaak primêr in sy tipiese uitdrukking, sowel struktureel (in soewereiniteit in eie kring) as funksioneel (juridiese integrasie) begrens is. Ook waar die owerheid optree in algemene belang, word geen vrypas verleen tot ongebreidelde bemoeiing nie, <sup>245)</sup> want ook hier word <sup>dit</sup> deur juridiese harmonisering van 'n veelheid van regsbelange in beginsel struktureel begrens. Steeds moet daarmee rekening gehou word dat die uitwendige posivering en vorming van die politiese beginsel bepaal word deur die beskawingsontwikkeling, mate van gedifferensieerdheid, en daarby die mondigheid en veerkrag van die burgers. 'n Owerheid wat waak oor die belange van 'n mondige en veerkragtige burgers het voorwaar 'n ander taak as die owerheid wat te doen het met primitiewe rasse, humanistiese ontworteldes of roomse lediggang.

(c) Soewereiniteit in eie kring, Universaliteit en Enkapsis:

Teneinde 'n volledige blik te kan werp op die omvang van die owerheidstaak, moet ons kortliks die bekende begrip van soewereiniteit in eie kring, <sup>246)</sup> in sy samehang met universaliteit in eie kring en enkapsis in oënskou neem. Juis wanneer uit die oog verloor word dat die skepping 'n wondervlegwerk is,

244) De Crisis — bls.158. Mirken - Getzewitsch Die rechtstheoretischen Grundlagen des Sowjetstaates, 1929, bls.50, toon aan dat selfs in die soviet nie verteenwoordiging van produksie faktore bestaan nie, maar inderdaad politieke verteenwoordiging in die heersende politieke party, wat alfa en omega van die staatkundige stelsel is! So laat die kosmiese struktuurprinsipe van die staatsgesag sig weer nie deur teorieë tersyde stel nie! Daarom kan met klem beweer word dat dit nooit binne die bevoegdheid van die owerheid kan val om in te meng in die interne struktuur van die bedryf nie. Vgl. De Crisis — bls.179.

245) Vgl. in die verband Osgniach A.J., The Christian State, Milwaukee, 1943, bls.88. Dit sou beteken dat daar i.p.v. 'n generiese doel inherent aan alle state, net soveel diverse doeleindes sou wees as wat daar state is. Dit laat die staat allesins oor aan die menslike willekeur.

246) Spier J.M., W.de W., bls.53 wys daarop dat s.i.e.k. 'n skrifbeginsel is en noem o.a. (i) elke ding geskape na sy aard, (ii) afgrensing van ampte, priester, profeet en koning by Israel, (iii) Christus weier om as regter op te tree, (iv) die apostels meng sig nie in in sake van die owerheid nie. (slawerny).

en dat ook die staatsverband tot uitdrukking kom in alle sin-  
sy van die werklikheid, geskied daar nie reg aan die deli-  
kate gebied wat vir die owerheidstaak hier geopen word nie.

Immers alle probleme van die staat moet benader word  
vanuit die tipiese uitdrukkingswyse van die staatsverband in  
die afsonderlike wetskringe. So kry ons vaderlandsliefde,  
tussenstaatlike verhoudinge, ekonomiese, sosiale linguïstiese,  
historiese, logiese aspekte — elk 'n besondere uitdrukkings-  
wyse in 'n besondere wetskring.

Die ontwikkeling van die beginsel van soewereiniteit in  
eie kring word op meesterlike wyse deur Dengerink behandel,<sup>247)</sup>  
en dit is geensins binne die omvang van ons huidige taak om  
van hierdie beginsel histories rekenskap te gee in protestant-  
se kringe nie. Enkele prinsipiële gedagtes is egter nood-  
saaklik, omdat die beginsel na ons mening die skriftuurlike  
benadering is van die probleem van die onderlinge verhouding  
tussen individue en samelewingsorde, en tussen die verskillen-  
de samelewingsvorme onderling.<sup>248)</sup> Uitgaande van die fundamen-  
tele gedagte dat die veelheid van sosiale verhoudinge waarin  
die mens hom bevind, reële, konstitutiewe elemente van die  
menslike persoonlikheid is, wat almal inherente sin het, sien  
ons dan die interne ordening en bepaling van die prinsipes,  
nie onderhewig aan die vrye diskresie van die mens nie, maar  
in gebondenheid aan die Goddelike skeppingsorde.<sup>249)</sup>

So bestaan die tydelike werklikheid dan in 'n religieus  
gefundeerde onverbreeklike kosmiese samehang van in-eie -kring-  
soewereine sfere, elk afgegrens deur 'n onherleibare sin-  
struktuur,<sup>250)</sup> soos ons tewens reeds in ons ondersoek genoegsaam

247) Critisch Historisch onderzoek naar de sociologische ont-  
wikkeling van het beginsel der soevereiniteit in eigen  
kring" in de 19de en 20<sup>e</sup> eeuw, J.H.Kok, Kampen, 1948. —  
Akademiese Proefskrif, Vrye Universiteit onder persoonlike  
promotorskap van Prof. Dooyeweerd.

248) Dengerink J.D., a.w., bls. 264-5.

249) Dengerink J.D., a.w., bls. 265, Vgl. Spier W.de W., bls. 44 e.v.

250) De Crisis, bls. 94. Die onherleibaarheid van die regsfunksie,  
wat sigself onaantasbaar bly handhaaf teenoor alle ander  
funksies, waarborg aan die staat sy onherleibaarheid, sy  
s.i.e.k., G.H. Polet, De Staatstaak —, A.R. Staatskunde 1955,  
bls. 264.

bepaal het by die individualiteitstrukture. Immers die beginsel van soewereiniteit in eie kring word so die sleutel tot ons Christelike kosmologie, wat gewortel is in 'n waarlik harmoniese wets- en subjeksídee, en wat in beginsel die vraag na die diepste oorsprong, onderlinge verhouding en samehang van alle tydelike sinsye van die werklikheid, beantwoord.<sup>251)</sup>

Uitgaande van die onselfgenoegsaamheid van die tydelike werklikheid, wat eers in die religieuse sin-volheid sy oorsprong vind, het ons reeds geponeer dat die kosmiese sinsamehang tussen die wetskringe sig primêr openbaar in 'n kosmiese orde, waarvolgens die wetskringe mekaar ooreenkomstig die struktuur van hulle algemene sin, fundeer. Hierin vind ons die tydelike sinsamehang met alle ander strukture van elke bepaalde wetskring, wat 'n eie sinkern,<sup>252)</sup> -- en derhalwe 'n waarborg van soewereiniteit in eie kring -- besit, maar deur analogië en retrosipasies, substraat en superstraatkringe na al die ander kringe heenwys, en aldus 'n ordesamehang vertoon waaraan geen enkele kring onttrek kan word nie.<sup>253)</sup> In hierdie universaliteit in eie kring, weerspieël elkeen in onderworpenheid aan sy eie grondwet, met behoud van die eie karakter, steeds die geheel. 'n Wonderbou van goddelike oorsprong, -- waarin die kringe teenoor mekaar oorspronklik, maar tog 'slegs in samehang kan bestaan.<sup>254)</sup> Juis hier tree die beginsel van s.i.e.k. ons tegemoet as skeppingsbeginsel<sup>255)</sup> en tewens as

251) De Crisis, bls.94. Immers s.i.e.k. moet nie verstaan word as 'n sekere selfgenoegsaamheid van die wetskringe nie. Spier, W. de W., bls.54.

252) Dooyeweerd, De Crisis, bls.96, Die sin-struktuur van elke wetskring is 'n weerspieëling in eie kring van die sintotaliteit. Soewereiniteit in eie kring vind haar, tegenbeeld in de universaliteit in eigen kring van iedere wetskring gelijketijd naar zijn zin." Vgl. ook bls.104.

253) Vgl. D., W. de W., Vol.III, bls.586-7.

254) "In de verdiepte aanschouwende intuïtie aanschouwt het kosmologisch, zelfbewustzijn den zin-samenhang in logisch gearticuleerde discontinuïteit" -- De Crisis bls.103. Immers die onherleibaarheid van skeppingsfunksies voer tot die onherleibaarheid van skeppingsverskille. Polet G.H., De Staatstaak by Goddelijke ordinantie, A.R.S. 25/9, Sept.55, bls.264.

255) G.H. Polet, a.w., bls.264, 270.

wegwyser in die enkaptiese vervlegting van die gehele skeping.<sup>256)</sup> Daarmee word die sinverbondenheid kragtiger namate dit dieper gefundeer is in die verbondenheid van alle verbandslede, 'n geestelike band wat verder reik as die spesifieke sin van elke gekwalifiseerde samelewingsvorm, waarin hulle bymekaar is, en wat op 'n breër fondament teruggaan as bloot verbondenheid binne een bepaalde samelewingsvorm — sodat almal in die laaste religieuse sin en grond van hul bestaan één is.<sup>257)</sup> Hierdie eenheid beteken egter in geen opsig dat een lewenskring tot geheel verhef word, en die res as sy dele beskou word nie, soos wat inderdaad in die outonomie-begrip van die geheel-deel verhouding impliseer word nie.<sup>258)</sup> So is die provinsie van die Oranje Vrystaat 'n outonome onderdeel van die Unie, omdat dit na innerlike aard 'n eenheidsorganisasie vertoon, maar die grense en omvang van daardie outonomie staan nie vir alle tye vas nie.<sup>259)</sup> Dit is derhalwe onmoontlik om 'n wesenlik materiële — in die innerlike geaardheid van die outonomie onderdeel (O.V.S.provinsie) gegronde — kriterium vir dié outonomie aan te gee.<sup>260)</sup> Outonomie is dus variabel, en moet begryp word as afhanklik in 'n geheel-deelskema, en het inderdaad met die beginsel van s.i.e.k. niks gemeen nie. Hier is dit ook waar Dr. Hanekom (Redakteur van die Kerkbode) ernstig mistas as hy plaaslike bestuur in Suid-Afrika gaan gelykstel met die magistrates inferiores van Calvyn.<sup>261)</sup> Trouens ons plaaslike besture besit slegs

256) Vgl. Van Riessen Ir.H., De Maatschappy der Toekomst, bls.15.

257) Vgl. Van Riessen Ir.H., a.w., bls.156.

258) Groen K., in Regsgeleerde Opstellen, Verdam e.a., bls.84.  
Vgl. Steenkamp P.A.J.M., De Gedachte der Bedryfsorganisasie bls.90-91, vir die Thomisme.

259) Sien in die verband die Z.A.Wet 1909, asook Gey van Pittius, Plaaslike en Sentrale Bestuur in S.A. vir hierdie outonomie van ons Provinsiale Rade, wat geen oorspronklike bevoegdheid assulks besit nie, maar dit slegs besit binne die deur die grondwet omraamde perke soos dit reeds van tyd tot tyd gewysig is deur die sentrale regering in die verskillende Provinsiale verhoudingswette, ens.

260) Groen K., In Regsgeleerde Opstellen, bls.84.

261) Sien die Kerkbode 15 Sept., 1954.

outonomie insoverre as wat dit van tyd tot tyd deur die sentrale regering gedelegeer word — vandaar die variabele karakter van outonomie —, en daarby dien onthou te word dat die eweknie van die magistrates inferiores in ons gedifferensieerde samelewing nie meer bestaan nie.<sup>262)</sup> Juis die handhawing van die selfstandigheid van die Provinsiale Raad wat in die lig van die Calvinistiese staatkunde, sy outonomie moet behou op sy terrein soos Dr. Hanekom dit vasstel,<sup>263)</sup> moet ons verwerp, omdat daarin geen struktuurgrense aan te dui is nie; en dit ons terugplaas by die denke van Groen wat s.i.e.k. en outonomie gelykskakel, en die beginsel aldus denatureer tot 'n bloot, in die historiese volksaard gegronde, feitelike gegewe.<sup>264)</sup> Ook Kuyper het s.i.e.k. gaan toeken aan provinsies en gemeentes, en daarby aan die volk as outonome geheel.<sup>265)</sup> Daarmee het hy gevange gebly in die historisme en deels in die natuur-genade dualisme.<sup>266)</sup>

Trouens Dengerink toon voldoende aan dat die beginsel van s.i.e.k. inderdaad eers by Dooyeweerd tot sy volle kosmologiese ontwikkeling en helderheid kom.<sup>267)</sup> Trouens eers in 'n

262) Vgl. Strauss H.J., in die briefwisseling in die Kerkbode oor plaaslikebestuur 6/10/54.

263) Die Provinsiale Raad en Calvyn, die Kerkbode, 20/10/54 en sy annotasie by Ds. Rosslee se skrywe oor die saak 29/9/54, in die Kerkbode, bls. 407. „Daar gaan dit oor die selfstandigheid van die Provinsiale Raad wat, gesien in die lig van 'n Calvinistiese staatkunde, sy outonomie moet benou op sy terrein.” (Ons Kursiveer).

264) Vgl. ook Dr. K. Groen in Regsgeleerde Opstellen, bls. 85. Sien ook Groen's Ongeloof en Revolusie, Dooyeweerd e.a. bls. 61 e.v.

265) Vgl. Dengerink J.D., a.w., bls. 155. „Immers sy konsepsie van volk en staat as twee in sich soewereine lewenskringen” werk deur in sy opvatting van volksverteenvoordiging.”

266) Vandaar sy beroep op die subsidiariteitsbeginsel vir die verdeling van die owerheidstaak en die andere lewenskringe — J.D. Dengerink, a.w., bls. 160. Sien sy „Ons Program. Vir sy Historisme sien „Anti-Revolutionaire Staatkunde”, waar hy die volk en staat as soewereine lewenskringe afgrens

267) 'n Wysgerige werklikheidsleer het inderdaad by Kuyper ontbreek. Sien in die verband Dengerink se behandeling van die beginsel van s.i.e.k. by Dooyeweerd op a.w., bls. 160-228. Vgl. veral bls. 227. „Prof. Dooyeweerd heeft dus aan het beginsel der Soewereiniteit in eigen kring, gelyk het in den modernen tyd weer door Kuyper is ontdekt, een scherpe, wetenschappelijke precisering gegeven, doordat hy het in een wysgerige werklikheidsleer heeft uitgewerkt, en op den grondslag daarvan ook een nieuwe methode van sociologisch onderzoek heeft aangegeven.”



gedifferensieerde samelewing is wesenlike s.i.e.k. moontlik. Vooraf is geen prinsipiële verskil in innerlike geaardheid aan te dui tussen die ongedifferensieerde samelewingsvorme nie, omdat die onderskeie strukture nog in een ongedifferensieerde vervlegtingsvorm begrepe is. Die Romeinse familia en civilitas, die middeleeuse ambagsgilde, buurskappe en markte, kan teen die Romeinse staat, kerk en feudale leer geen s.i.e.k. laat geld nie, maar sig slegs „naar een formeel kriterium afgegrensde outonomie” beroep op privileges eens gegee en wat nie terwille van die salus publica opgeoffer word nie. — 268) Derhalwe is dit duidelik dat in 'n gedifferensieerde samelewingsorde, slegs wesenlike dele van die staat outonomie (gedelegeerde bevoegdheid) besit, en daarby is hierdie dele almal van die innerlike struktuur en geaardheid van die staat afhanklik, maar lewensvorme wat in innerlike aard (d.w.s. in funderings- en bestemmingsfunksies) en weens hulle normatiewe individualiteitstruktuur, prinsipiëel van die staat verskil, kan nooit as organiese geledinge van die staat fungeer nie. Juis besit die verbande en gemeenskappe s.i.e.k., terwyl 'n tiperende kenmerk van elke ongedifferensieerde samelewing die „imperium in imperio” is. 269)

Solank die beginsel van s.i.e.k. nog 'n vaag omlynde politieke leuse was <sup>270)</sup>, was daar wel die beeld van 'n geslote deur, waaragter die soewereiniteit van die staat ophou. Waar Dooyeweerd egter die begrip juridies vrugbaar gemaak het deur die universeel-kosmologiese betekenis van die beginsel van soewereiniteit in eie kring te poneer, en daarvolgens 'n kosmologiese struktuurteorie opbou, het ons nou 'n skerpe materiële maatstaaf vir die verbandsbevoegdhede. Die materiële sinkriterium vir die beginsel van s.i.e.k., op juridiese gebied

268) Groen K., in Regsgeleerde Opstelle, bls.84.

269) Sien ons Vrouestemreg, bls.119.

270) o.a. by Groen en Stahl. Kuyper se uitwerking daarvan het nog 'n werklikheidsleer ontbreek, maar sy kragtige verkondiging daarvan het beslag gelê op die gehele Nederlandse staatsbestel — ja op die hele wêreld—.

formuleer Prof. Dooyeweerd as volg : „Ieder verband is juridisch soewerein in eigen kring ten aanzien van zijn intern verbandsrecht. Onder intern verbandsrecht hebben wij te verstaan dat innerlijke strukturrecht, dat naar zijn zin niet is los te maken van die individuele leidende funksie van het verband in onverbrekelijken, zinsamenhang met zijn zin-individuele funderende funksie.“<sup>271)</sup> Daarmee kry ons helderheid ten opsigte van die materiële bevoegdheidsgrense van die staat teenoor die nie-staatlike lewensvorme, d.w.s. van die gehele staatsregtelike soewereiniteitsprobleem.<sup>272)</sup> Die trefkrag t.o.v. die owerheidstaak is duidelik in die sinsamehang van fundering en bestemming, van uitdrukking van die universaliteit in eie kring, en die wonderlike enkaptiese<sup>273)</sup> vervlegting, waarin die verskillende verbande na hulle eksterne funksie met mekaar te doen kry. Veral die beginsel van korrelatiewe enkapsis en genetiese samehang<sup>274)</sup> vind ons ook tussen die staatsverband en samelewingsorde. Sonder 'n ontslote samelewingsorde geen staatslewe en omgekeerd — daarom omskrywe Dooyeweerd dan ook die samelewingsorde „als de in beginsel onafsluitbare enkaptiese vervlechtingsamenhang van alle bizondere maatschapsstrukturen.“<sup>275)</sup>

Net soos die individuele natuurdinge nie „an sich“ buite betrekking met mekaar voorkom nie, maar in ware enkapsis in meer gekompliseerde sin-individuele dingstrukture ingaan, (met behoud van eie dingstruktuur) bestaan daar ook die sin-funksionele samevlegtinge tussen verbandstrukture onderling en die maatskapstruktuur.<sup>276)</sup> In die staatsverband het alle,

271) De Crisis— bls. 150.

272) De Crisis— bls.147-151.

273) Enkapsis ontleen aan 'n uitdrukking van Theodor Häring, wat dit weer ontleen het aan enkapsis — einkapselung van die bioloog Heidenhain.

274) Spier W.de W., bls.238. .Sien W.de W., Vol.III, bls.586-9.

275) W. de W., Vol.III, bls.487.

276) Vgl. Groen K., in Regsgeleerde Opstellen, bls.85. Hoewel nie as dele van die staat aangemerkt nie, is hulle verbind in 'n vervlegting van formele aard. Vgl. die uitwendige organisasievorm waarin die staat alle ander lewenskringe bind.

nie-staatlike samelewingsvorme 'n individueel-strukturele funksie, sonder om daardeur as sodanig in die staatstruktuur op te gaan. Dit geld ook vir die maatskapsbetrekkinge tussen die verbandslede onderling.<sup>277)</sup>

Vir die owerheidstaak het ons daarmee aangeland by 'n bepaalde begrensing in soewereiniteit in eie kring, maar tewens by 'n omvattende wiekslag soos gegee in universaliteit in eie kring en enkapsis, in die onderlinge verbondenheid deur subjeks- en objeksfunksies. Daarvolgens behou elke nie-staatlike lewensvorm sy eie identiteit, sy partikuliere selfstandigheid, sy soewereiniteit in eie kring, maar deur juridiese integrasie word alle samelewingsvorme in hulle eksterne regsverhoudinge saamgebind en in 'n juridies gekwalifiseerde enkaptiese verhouding tot die staat geplaas. Daarmee het ons onteenseglik bewys dat daar in Gods skeppingsorde vaste grense gestel is vir die owerheid, eerstens in die normatiewe individualiteitstruktuur van die staatsverband, en tweedens in die soewereiniteit in eie kring van nie-staatlike lewensordeninge.

Die beginsel van soewereiniteit in eie kring staan in skrilte kontras met die subsidiariteits beginsel van die rooms-katolieke sosiologie.<sup>278)</sup> Hier word die staat die totaalverband van die natuurlike samelewing, waarin alle laëre kringe in 'n hoëre eenheid georden is. Sy taak is om die mens dit, — maar ook alleen dit — vir sy natuurlike welsyn te verskaf, wat hy nie as individu en in die laëre lewenskringe kan

-----  
277) De Crisis — bls.135.

278) Groen K., in Regsgeleerde Opstellen, bls.89, "aan de redelijke menselijke natuur is op dat zij haar natuurlijke volmaking kan bereiken de sociale aandrift ingeplant, welke zich trapsgewijze realiseert in de menselijke samenleving in een reeks levenskringen welke onderling in de verhouding van lager tot hoger en van middel tot doel zijn geordend." Die staat is dan die hoogste gemeenskap op natuurlike terrein, wat alle laëre gemeenskappe as outonome dele in sig insluit. Vgl. Steenkamp P.A.J., a.w., bls.90. Quadragesimo Anno no.79.

deelagtig word nie.<sup>279)</sup> 'n Konsepsie wat nie aan die skrif-  
tuurlike skepping van dinge na hulle aard ontleen is nie,  
maar aan Aristoteles se visie van die samelewing as 'n  
hiërargiese ontplooiing van die sosiale instink van die rede-  
like natuur.<sup>280)</sup> Daardeur word die rooms-katolieke ordenings-  
gedagte volledig beheers. So word die outonomie van alle  
laëre gemeenskappe ingeorden in die staat as geheel, en op sy  
beurt in sy Christelike signatuur, in die kerk as totaal-  
verband van die Christelike genadelewe. So sal die kerk in  
die laaste instansie die hoogste seggenskap erlang. Daarmee  
word die outonomie geensins oorspronklik nie, want wat sub-  
sidiêr toegevoeg word, hang nie af van die innerlike aard  
van die lewensvorme nie, maar is 'n quaestio facti.<sup>281)</sup> Der-  
halwe is die rooms-katolieke konsepsie van die algemene be-  
lang nie in 'n innerlik, publiek-regtelike sin begrens nie,  
maar is in prinsipe totalitêr omdat die staat in dié hiër-  
argiese onderordening én fakties én teoreties-prinsipiëel sy  
eie skeppinge kan oorheers.<sup>282)</sup> Die subsidiariteitsbeginsel is  
onwrikbaar verbonde met die hiërargiese konsepsie<sup>283)</sup> en beskerm  
geensins die laëre lewensvorme teen verregaande ingryping van  
bo, terwyl hulle terselfdertyd opgeneem word in die grotere  
geheel nie. Waar die algemene belange nie oorweeg nie, moet  
die staat egter hierdie laëre gemeenskappe eerbiedig en so

279) Groen K., in Regsgeleerde Opstellen, bls.89. Vgl. hier Steenkamp P.A.J., De Gedachte der Bedryfsorganisasie, bls. 160. Hy betreur dit dat ons nie voldoende notisie van dié outonomie van laëre gemeenskappe neem nie, want die subsidiariteitsbeginsel is die rem op staatsmag, en steun juis op die selfstandigheid van hierdie laëre gemeenskappe. Hy erken egter dat die hiërargiese ordening gevare in sy boesem hou!

280) Vgl. Steenkamp P.A.J., a.w., bls.91. "Dit principe gaat er vanuit dat in de natuurlijke orde een hiërarchie bestaat, waarin de staat de hoogste gemeenschap, de societas perfecta is en waarbij deze als zodanig de behartiging van het algemeen welzijn tot taak heeft."

281) Groen K., in Regsgeleerde Opstellen, bls.89.

282) Groen K., in Regsgeleerde Opstellen, bls.90. Vgl. Osgniach A.J., a.w., bls.110—"The notion of the common good is very elastic — hence it cannot be determined a priori — It varies according to places, times, development of the active faculties of the people, unfolding needs of society."

283) Steenkamp P.A.J.M., a.w., bls.163.

kry algemene belang dus in die rooms- katolieke visie weer 'n sleutelposisie.<sup>284)</sup> Nietemin sien die Thomisme<sup>285)</sup> in die subsidiariteitsprinsipe 'n bruikbaarere en ruimer verweer teen totalitarisme en meen dat dit in sy praktiese toepassing die reformatoriese en sosialistiese grondbeginsels saamvat, maar as grondslag bo s.i.e.k. en funksionele desentralisasie te verkies is.<sup>286)</sup>

Nadat ons nou ook kennis geneem het van die subsidiariteitsbeginsel teenoor soewereiniteit in-eie-kring, moet ons tenslotte ons aandag wy aan die owerheidstaak soos gesien deur die heersende sosialistiese denkrigtings teenoor hierdie soewereiniteit in eie kring en die subsidiariteitsbeginsel.

Na analogie van die posisie van outonome provinsies, en die sentrale regering word die beginsel van funksionele desentralisasie op alle lewensvorme toegepas. Vir die behoud van demokrasie en tot hulp van die owerheid in sy steeds meer en meer gekompliseerde taak, — veral op ekonomiese gebied — eis die sosialisme desentralisasie teneinde die wetgewende instellinge beter te organiseer. Desentralisasie behels onder andere publiek-regtelike bedryfsorgane op nie-territoriale grondslag wat die wetgewing kan aanvul, d.w.s. wat self juridiese wetgewende bevoegheid besit. Hierdie desentralisasie

-----  
284) Sien Steenkamp, a.w., bls.161.

285) Vir die uitwerking van die beginsel sien Quadragesimo Anno no.79. "even als datgene, wat de individuen op eigen initiatief en door eigen energie kunnen tot stand brengen hun niet ontnomen en niet in handen ener gemeenschap mog gesteld worden, zo is't ook een onrechtvaardigheid en tevens een ernstig nadeel, ja een verstoring van de juiste orde, datgene, wat door kleine lichamen van ondergeschikten rang kan verricht en verschaft worden, over te dragen op grotere van hogere orde." Vgl. Steenkamp, a.w., bls.91.

286) Steenkamp, a.w., bls.162, sien ook bls.91. Volgens hom laat s.i.e.k., 'n onaantasbare soewereiniteit aan gemeenskappe, terwyl sosialisme hulle alle selfstandigheid ontnem.

Thomisme staan dus tussen hierdie visies deur albei aspekte te verenig in die deel-geheel skema. Maar 'n wesenlike afgrensing ontbreek ook hier. Steenkamp erken dat daar wel deur die een of ander oorheersers sal word, "maar de omstandigheden zullen daarin moeten beslissen." Daarmee sal die owerheidstaak hier variabel en afhanklik van menslike willekeur word. Vgl. hier Spier, W.de W., bls.54 — s.i.e.k. beteken nie selfgenoegsaamheid van kringe nie. Steenkamp neem dus geen kennis van enkapsis nie.

is dan 'n desentralisasie van funksies wat — na die mening van die sosialisme — die deskundigheid, soepelheid en belangstelling vir die gang van sake by die deelhebbendes sal aanwakker.<sup>287)</sup>

Die staat skep dus steeds nuwe organe, aan wie die owerheid die funksies wat hy self reeds aanvaar het — en nou onttrek aan sy bestaande verteenwoordigende organe — opdra. In hierdie organe sal belanghebbendes en deskundiges sitting neem met raadgewende, besturende of wetgewende funksies.<sup>288)</sup> Dit word dus 'n kwessie van organe deur die owerheid geskep en aan wie bevoegdhede gedelegeer word. Die gevaar van 'n te ver deurgevoerde sentralisasie, veral t.o.v. die ekonomiese mag (wat volgens die sosialisme nietemin aan die staat en sy organe behoort), moet dan deur desentralisasie verhoed word, waar wenslik! Die ware draer van hierdie bevoegdhede wat aldus gedentraliseer word, is en bly egter steeds die owerheid, en die nuwe gedentraliseerde organe bly ook owerheidsorgane, en daar bestaan dus weinig onderskeid tussen desentralisasie op politieke, territoriale, of ekonomiese gebied. Immers die feit dat die deskundige steeds naas belanghebbendes staan, toon reeds die vrees vir skade aan die algemene belang. Daarby dien onthou te word dat die sosialisme die selfstandige geledinge tussen owerheid en individu, soos deur die Franse revolusie vernietig, en soos aanvaar deur beide die reformatoriese en katolieke gedagte-wêreld, geheel en al ontken.<sup>289)</sup> Daarmee is die staat bo-baas, en is funksionele desentralisasie eigenlijk 'n verderestap tot algehele sosialisasie, 'n poging om die laaste oorblyfsel van inisiatief

287) Steenkamp P.A.J.M., a.w., bls.161.

288) Josephus-Jitta A.C., Functionele Decentralisasie, bls.13. Vgl. Steenkamp P.A.J.; De Gedachte der Bedryfsorganisasie, bls.89.

289) Steenkamp P.A.J., a.w., bls.90. Hy wys daarop dat dit opmerklik is dat beide liberalisme en sosialisme, wat uit die rewolusionêre idees opkom, hierdie tussen geledinge 'n eie bestaan ontsê, en albei tot die beginsel van funksionele desentralisasie kom.

op te dam en te kanaliseer in die rigting van die „planning“  
ideaal, -- die maatskappy wat deur elite (deskundiges!) be-  
heer sal word.<sup>290)</sup>

Nadat ons nou s.i.e.e.k. voorlopig afgegrens het teen-  
oor die twee ander leidende gedagterigtings ten opsigte van  
die owerheidstaak<sup>291)</sup> moet ons daartoe oorgaan om aandag aan  
die owerheid self te gee, juis omdat ons nie beweer dat ons  
met soewereiniteit in eie kring 'n uitputtende en finale hand-  
leiding om elke praktiese geval te dek, gegee het nie. Die  
owerheidspersoon sal in elke nuwe situasie waar die verhouding  
tussen samelewingsvorme geraak word, opgevorder word tot be-  
sinning op en interpretasie van die eie aard van die betrokke  
samelewingsvorme.<sup>292)</sup> Wanneer egter die wegwysers uit die grond  
gehaal word, en die owerheid op sy eie insig wil vertrou, sal  
ons vind dat „zonder verankering, die de beginselen bieden,  
glijdt men mee met de stroom van het maatschappelijk gebeuren“<sup>293)</sup>

Omdat soewereiniteit in eie kring inderdaad 'n algemene  
beginsel is, en grenssituasies assulks nie finaal wil afhandel  
nie, word beweer dat die beginsel onbruikbaar is, maar daar  
word vergeet dat ook in 'n kleure spektrum tussen rooi en

290) Immers telkens sien ons dat in die proses van funksionele  
desentralisasie, bestaande deur privaat inisiatief instand-  
gehoude instellinge, binne gehaal word as sogenaamde  
kern, maar heel gou daarin verdwyn sodat slegs die staats-  
orgaan bly. Vgl. hier ons eie Mielieraad wat geleidelik  
die monopolie verwerf het! Selfs die Vleisraad het as  
suikerpil begin, totdat die private slagter vandag 'n  
verloorstryd stry vir eie behoud.

291) In 'n latere hoofstuk sal hierdie afgrensing trouens meer  
in besonderheid moet geskied.

292) Van Riessen, Ir. H., Maatskappy der Toekomst, bls.93.

293) Van Riessen Ir.H., a.w., bls.93-4. Van Riessen sê die  
owerheid maak op sy „fyne neus“ staat en laat dan sinies  
volg dat die neus sig ewegou gewen aan 'n parfuum-  
winkel as aan 'n koeistal!

oranje 'n vervaging kan wees, sonder om die bestaan van beide kleure te ontken.<sup>294)</sup>

Met soewereiniteit in eie kring as wegwysers en juridiese integrasie as vlymskerpe lem in die hand van die owerheid, kan inderdaad oor die algemene belang — in systruktureel-juridiese begrensde sin — gewaak word.

-----  
294) Sien van Riessen Ir.H., Maatschappy der Toekomst, bls.94.



AFDELING C.

DIE OWERHEID.

C.I. DIE OWERHEID EN DIE STAAT :

Reeds het ons vasgestel dat die interne verbandsreg van die staat, volgens sy struktuur territoriale owerheidsverbandsreg is, wat met sterke arm gehandhaaf word, en wat ten opsigte van die taak van die owerheid sy bevoegdheidsbegrensing in die struktuur van die staatsverband self vind. Daarby het ons gewaarsku dat dit 'n prinsipiële misduiding is om die staat te soek in die owerheid, want elke wesenlike staat is owerheidstaat. Immers die staatsvolk behoort ook wesenlik tot die staat, omdat na die verval van die stamverband, die volk slegs in staatsverband bestaan, en daarin 'n onlosmaaklike eenheid vorm met die owerheid.<sup>1)</sup> Die volk self word eers in die owerheid-onderdaan organisasie 'n politieke eenheid.

Die verhouding van die owerheid tot onderdaan binne die staatsverband het deur die eeue die staatsfilosofiese denke oorheers in die vraagstuk gesag-vryheid — die gesag van die owerheid — die vryheid van die onderdaan. Trouens die staatsfilosofiese denke, geïnspireer deur die breëre religieuse strominge waarin dit ingebed was, het hierop antwoorde aangebied wat wyd en uiteenlopend is. Daarmee was die vraag na die owerheid, sy instelling en bevoegdhede telkens in die gedrang. Nietemin moet onthou word dat dergelike vrae eers op 'n betreklik rype beskawingstand gestel is, nadat die burgerry van homself bewus geword het.

1) Sien ons aantekeninge in Afdeling B.— Staatsverband: fundering en bestemming. By Calvin is owerheid en volk albei onderdele van die burgerlike regering, want die volk besit naas die vors 'n eie posisie alhoewel geen eie regte nie. Institusies IV XX 17-2<sup>4</sup> aangehaal Baak J.C., Het Calvinisme Oorsprong en waarborg onzer Burgervryheden? W. ten Have, Amsterdam, 1945, bls.18. Daarmee het die volk nie die taak tot beperking van willekeur van die vors nie, maar die taak word opgedra aan mindere owerhede, volksmagistrate (Efore, Tribunes, Demarchen Stende) Baak J.C. a.w., bls.19.

Die instelling van die owerheid is wel deur die antieke heidendom in 'n soteriologiese sin verklaar, maar eers die Judaïsme sou dit as Goddelike instelling in sy skriftuurlike waarheid poneer.

Dit is geensins binne die bestek van ons taak om hier 'n historiese ontleding te gee van die verskillende teorië ten opsigte van die instelling van die owerheid nie, en daarmee natuurlik van die vraag na die ontstaan van die staat nie. Tot hiertoe het ons egter reeds aangedui dat die Christelike staatsbeskouing wesenlik verskil van die kontrak-teoretiese en evolusionistiese beskouinge.

Ons beklemtoon veral dat in ons voorafgaande ontleding van die staatsverband, ons bewys het dat daar kosmologies 'n invariabele normatiewe struktuur vir die staat bestaan. Na die wetsy kan ons derhalwe geen wisselende teorië ten opsigte van die oorsprong erken nie, want juis daarom vertoon alle historiese state die grondtrekke van die monopolistiese swaardmag en juridiese integrasie, omdat ons te doen het met prinsipes wat onveranderlik vasstaan, ondanks valse afgodiese en ongelowige teorieë. Die vraag na die oorsprong van die staat moet derhalwe nie verwar word met die variante manifestasies van die normatiewe vryheid van die mens in die aktualisering van struktuurprinsipes nie, wat vanweë die sondegebrokeheid van ons tydelike werklikheid en onder dwang van die valse religie, telkens staatsvorme na vore bring wat wissel na gelang van tyd, volk, beskawingstand, en selfs geografiese en fisiese omstandighede.

Daarmee is dit duidelik dat ons weldeeglik moet onderskei tussen die oorsprong van die staat na die wetsy en die ontstaan van die staat, na die subjeksy. Na die subjeksy kan ons verskeidenheid regverdig, en aldus reg laat geskied aan die normatiewe vryheid van die mens, wat as wetsubjek gehoorsaam is aan die staatlike struktuurorme. Na die wetsy is

die staat egter geen menslike vinding nie, maar 'n skeppings-  
gegewe waaraan die mens homself moet onderwerp. Daarmee word  
ook verklaar waarom alle historiese state in monopolistiese  
swaardmag en juridiese integrering ooreenstem, en daardeur  
inderdaad state is en was.<sup>2)</sup>

Enige teorie wat die staat na die wetsy nie erken nie,  
kan geen verklaring bied vir die vraag na die oorsprong en  
ontstaan van die staat assulks nie, want dit moet noodwendig  
die staat bloot kosmies konstrueer, sonder erkenning van die  
staat, na die wetsy, as gegewe van Gods skeppingsorde — die  
fundamentele dwaling van elke kosmosentriese verklaring vir  
die feit dat die staat deur die eeue heen staat gebly het

Die probleemstelling waarvoor ons nou staan is dan ook  
die verhouding van staat tot owerheid. Immers die twee radi-  
kaal-funksies van die staatsverband mag en reg vind in die  
beskouing van die Christelike staatkunde in die wil van God  
hulle oorsprongseenheid en selfgenoegsame sinvolheid,<sup>3)</sup> en geen  
staat kan hierdie strukturele openbaring van God uit sy wese  
sny nie. Dit is die polities-pistiese openbaringsbeginsel  
waaraan elke staat in sy geloofsfunksie onderworpe bly, —  
'n onverbreeklike politiese geloofsnorm dus. Hierdie open-  
baringsbeginsel, geleë in die innerlike struktuur van die  
staatsverband, kan nie losgemaak word van die Woord-  
openbaring nie, waar die staatstruktuur onthul word as 'n

2) Vgl. Strauss H.J., Diktate vir Staatsleer I, Afdeling II  
bls.29. Sien D., W. de W., Vol.III, bls.444. "God open-  
baart zich in den staat als zoodanig als de Souvereine  
Oorsprong van alle overheidsgezag, als de Heilige, Al-  
machtige wreker der ongerechtigheid, in Wiens Wil de  
beide radicaal-functies van het staatsverband macht en  
recht, hun oorsprongseenheid en zelfgenoegsame zijnsvol-  
heid vinden."

3) W. de W., Vol.III, bls.444.

instituut terwille van die sonde,<sup>4)</sup> en assulks in geloofsverband gestel word met die sondeval van die ganse heelal en die verlossing in Christus Jesus.<sup>5)</sup> Daarom verloor die politiese geloöfsbelydenis van die soewereiniteit van God oor die staatslewe — so kenmerkend van die Calvinistiese staatsbeskouing — alle Christelike sin indien dit verstaan sou word in die betekenis van 'n natuurlike, d.w.s. van die Woordopenbaring afgevalle, geloof. Trouens die soewereiniteit van God oor die staatslewe is slegs te verstaan binne die kader van die regnum Christi,<sup>6)</sup> Na sy religieuse wortel is die staat onderworpe aan die koningskap van Christus, welke koningskap in die interne staatslewe tot eie tipiese uitdrukking behoort te kom. Die staatstruktuur assodanig val dus nie buite die koningskap van Christus, as die owerste van alle owerhede van die aarde nie.<sup>7)</sup>

Hiervolgens kan die aardse owerhede geen absolute gesag uitoefen nie, want God is die oorsprong van alle gesag.<sup>8)</sup> Daarmee is die posisie van die owerheid as gesagsdraer binne die raamwerk van die staat getipeer — beklee met afgeleide

- 4) Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.177 e.v. Vgl. verder bls.212 e.v., De origine magistratus. Vgl. ook bls.65 e.v. oor instelling van owerheid. Vgl. Carlyle A.J., a.w., Vol.V, bls.451. "The christian doctrine of the divine origin and nature of government was therefore a statement under terms of religion that the end of government was a moral one — the maintenance of justice." Vgl. verder Nauta D., Calvyn en de Staatkunde, A.R. Propaganda-commissie, Friesland, bls.13. Indien ons in die ongeskonde natuur, soos God dit geskape het, gebly het, sou die regsorde nie nodig wees nie "zodat er geen dwang nodig was om ons binnen de orde te houden."
- 5) Die openbaringsbeginsel word buite die Woordopenbaring tot 'n wet van die vlees. 'n Wet van sondige afgodediens. Die politiese geloöfsafval lê in die lyn van 'n pistiese verdiepingsproses, waar die staatstruktuur self sig eers op 'n ontslote beskawingspeil kan realiseer. D., W. de W., Vol. III, bls.444. Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.200 e.v.
- 6) Vgl. W. de W., Vol.III, bls.445. Vgl. hier Kuyper A., a.w., bls.136-7, vir sy onderskeiding Regnum Christi en Regnum oeconomicum.
- 7) D., W. de W., Vol.III, bls.445 — Vgl. Psalm 2. Vgl. verder Christus as Koning van die Konings, en Heere van die leërskare — Regter in die eindoordeel —
- 8) Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.136-7.

gesag, draer van begrensde bevoegdheid —.<sup>9)</sup> Die historiese verloop van hierdie afgeleide gesag kan as volg aangedui word: Adam in die staat van regtheid is ampsdraer van God en in hom in beginsel die ganse mensegeslag. Adam word beklee met ampsgesag en kry 'n amptelike opdrag om die aarde te vul, te onderwerp en te beheers. Met die sondeval egter val Adam uit die amp,— en in beginsel die hele menslike geslag —. Eers in Christus ons Verlosser word dié amp herstel, want Hy is die Maghebber van tyd en ewigheid — daar is geen mag op aarde as deur Hom nie. Maar die Christen is in Christus begrepe en daarom staan hy in die amp van die gelowige ook as priester, profet en koning. Juis uit die koningskap van Christus ontstaan alle menslike gesag, en soos ons reeds aangedui het is die staat na sy religieuse wortel onderworpe aan die koningskap van Christus.<sup>10)</sup>

Ook die ongelowige owerheid ontvang sy gesag van God, bevestig deur die koningskap van Christus.<sup>11)</sup> 'n Gesag wat gode-welgevallig gebruik kan word, of wat in diens van die magte van die duisternis gestel kan word. Waar ons owerheidsgesag aldus as ampsgesag getipeer het (met die implikasies wat dit inhou t.o.v. begrenstheid, onvervangbaarheid, ondeelbaarheid ens.) staan ons voor die situasie dat dié gesag deur mense d.w.s. owerheidspersone beoefen word. Assulks staan hulle gelyk met die ander burgers en „in hun persoon als arm zondaar even ellendig als wij.“<sup>12)</sup> Die verhouding van die owerheid

9) Strauss H.J., Diktate vir Staatsleer I.J.V. Afdeling I. „in alle schepsel is de soevereiniteit nooit anders dan ectypisch en afgeleid,“ Kuyper A., a.w., bls.136. Vgl. ook bls.143.

10) Strauss H.J. Diktate vir Staatsleer, U.V., Afdeling I. Vgl. Kuyper A., a.w., bls.200 e.v.

11) Die nie-Christelike owerheid is ook 'n owerheid en kan haar taak vervul in die lig van die natuur. Die Magistratuur behoort tot die ryk van die natuur — 'n algemene instelling vir alle mense. Selfs heidene beskou wetgewing van owerhede — ex inspiratione deorum — Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.331.

12) Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.325. Vgl. hier verder a.w., bls.155-9 vir vraag na gesag van mens oor medemens buite die soevereiniteit van God.

tot God word ten beste aangetoon in Romeine 13 verse 1-7.

Kuyper sien die verhouding van die owerheid as "dienaresse Gods" (διδκονός)<sup>13)</sup> en die verhouding van owerheid en onderdaan in ἄντιουρχοί<sup>14)</sup> d.w.s. werk ten behoeve van die volk.

Die owerheid is dus ἄντιουρχοί "omdat zij door God aange-stelde personen zijn om voor't welzijn van het gemeentebest, van het volk zorg te dragen, en niet om als executeurs het volk te bestraffen, te bedwingen en in toom te houden."<sup>15)</sup>

Duidelik is ook die toetsteen van goed en kwaad in die hande van hierdie owerheid, want die owerheid is dienaar van God jou ten goede.<sup>16)</sup> Objektief is die owerheid 'n instelling ter bestryding van die kwaad, 'n wreker, wat die swaard nie te vergeefs dra nie, maar dit word subjektief getemper deur gehoorsaamheid terwille van die gewete.<sup>17)</sup>

Die owerheid se gesag is relatief, in die sin dat dit as orgaan en instrumentele soewerein, die mag van 'n ander waarneem en beoefen,<sup>18)</sup> maar die oprigting van die owerheids-amp, benoeming, aanstelling ens. is die werk en taak van die burgery self, — aktualisering van die staatstruktuur na die subjeksy, wat variante sal oplewer! Die keuse van die owerheidspersoon vind dus plaas deur die toedoen van mense,

13) Vers 4.

14) Vers 6.

15) Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.215.

16) Θεὸν γὰρ διδκονός ἐστιν εὐεὶ εἰς τὸ ἀγαθόν  
Rom.13 vers 4. Revised Version, Oxford Clarendon Press, 1881. Vgl. Nauta D., a.w., bls.33.

17) Verse 4 en 5. Vgl. Kuyper, Locus de Magistratu, bls.216. Vgl. Nauta D., Calvin en de Staatskunde, bls.45.

18) Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.217. Vgl. Kuyper se behandeling in die Locus van die uitoefening van die soewereine gesag. Daarin poneer hy dat soewereine gesag in sy wese nie oordraagbaar is nie, maar dat God as soewerein sig bedien van mense wat hy oor mense stel. Die uitoefening van die soewereine gesag deur mense is deel van die skepingsplan, soos gesien in patria potestas en die daaruitvloeiende inskakeling van die mensdom onder potestas patriarchalis. Vanweë die sondeval kom egter afsonderlike organe, en kom die potestas magistralis naas potestas patria op, en naas albei genoemde kringe 'n sfeer met eie potestas, die gebied van Gratia specialis in die lewe van die kerk. bls.160 - e.v.

word deur menslike daade in stand gehou wat tewens ook beslis oor die vorm van regering.<sup>19)</sup> Daarmee het ons deurgedring tot 'n wesenlike onderskeid tussen die suiwer strukturele begrensing van die owerheidstaak in die kosmologiese grense van die staatsverband, en die owerheidstaak soos beoefen deur sondige mense, inbegrepe in die sonde gebrokenheid van ons tydelike werklikheid, maar ook inbegrepe in Christus as priester, profeet en koning, dienaars van God ons ten goede, draers van die swaard, wrekers van ongeregtigheid. Wie derhalwe suiwer van die staatstaak spreek, doen na ons mening tekort aan die Goddelike instelling van die owerheid soos Romeine 13 ten beste illustreer.<sup>20)</sup> Daarmee beland diesulkes in die gangbare depersonalisasie van die owerheidsamp. 'n Ontvlugting van die ampsverantwoordelikheid en 'n verskansing agter 'n onpersoonlike owerheid, waarin die ware taak van die Christen as priester, profeet en koning geensins verreken word nie. Want die wese van die amp is diens, dienaar van Christus en dienaar van die gemeente — en elke ampsdraer is geroepe om te volg in die voetspore van die Meester — nie om

19) Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu bls.219.

Kuyper poneer "i) dat het overheidsampt door het toedoen van menschen tot stand komt.

ii) Dat het door menshelijke daden in stand wordt gehouden.

iii) Dat door menshelijke beslissing de vorm er van word vastgesteld — 'n *κτίσις ἀνθρώπων* in die volle sin van die woord dus.

Die argitektoniese opbou van die owerheidsamp is aan die mens opgedra en moet aldus uit die volk kom — wat beslissende keusevryheid impliseer tenopsigte van die owerheidspersoon.

Vgl. Ross, W.A., Aristotle, bls.239. Waar Aristoteles die staat as natuurlik beskrywe, bedoel hy nie onafhanklikheid van menslike wil nie. "It is by human volition that it was formed and maintained, and by human volition it can be moulded nearer to the hearts' desire". Maar waar dit in die natuurlike is, is dit gewortel in die aard "(nature") van dinge "and not in man's caprice." — Die subjektiewe vryheid bly daarmee bestaan.

20) Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu bls.321, princeps propter Deum populi ergo.

gedien te word nie, maar om te dien <sup>21)</sup> Daarby moet ont-  
hou word dat die betekenis van die amp as orgaan van Christus  
in kerk of staat, dit onttrek aan iedere vorm van volksheer-  
skappy<sup>22)</sup> en waar die owerheid volgens die Skrif onreg en  
onderdrukking moet bestry, mag daar selfs gekonkludeer word  
dat elke owerheidspersoon behoort te waak teen die ontstaan  
van skerp sosiale teenstellinge tussen verskillende volks-  
groepe en teen 'n geestelik sedelike, sowel as sosiaal-  
ekonomiese pauperisme wat die welstand van die samelewing be-  
dreig.<sup>23)</sup> Verder sal hierdie geponeerde beginsel in verskil-  
lende periodes, by wisselende beskawingstand en burger-  
mondigheid 'n variabele praktiese taak vir die owerheid na  
vore roep. Juis hierdie geheel-taak van die owerheidspersoon,  
wat in die amp van die gelowige staan, maak 'n vasstelling  
van die geldingsgebied van 'n owerheidstaak vir alle tye on-  
moontlik en onwenslik, want veel sal hier afhang van die be-  
skawings- en ontwikkelingspeil van die burgery,<sup>24)</sup> maar ook  
van die heersende religieuse koers, en laaste maar nie die  
minste, die religieuse ingesteldheid van die owerheidspersoon  
self en sy toegewydheid aan sy amp.<sup>25)</sup> Juis hierdie laaste

-----  
21) J.L. Koole, De Kerk treedt op in de Wereld in Cultuur  
Gesch. der Chr. Vol. I, bls. 439. Vgl. Mekkes J.P.A.  
Anti Rev. Staatskunde 25/7/8 Aug. 55 bls. 247.

Vgl. Nauta D., a.w., bls. 33-5. Calvyn poneer ook die  
bedienende karakter - 1 Sam. 8 :11-22.

22) Vgl. Kuyper A., Locus .... bls. 318. Die owerheid as  
dienaar van God, beteken dat die owerheid aan God ver-  
antwoordelik is, "eenerzijds voor de eere Gods recht  
onder het volk, anderzijds voor het welzijn van het volk,  
waarover God haar het bewind heeft toebetrouwd." Assulks  
beklee God die owerheid met gesag en mag, "en maakt het volk  
aan haar onderdanig." Daarmee is die "qualiteit van onder-  
daan der Overheid, ipsa rei ratione begrens en beperkt."  
Vgl. verder Nauta D., a.w., bls. 30. Wanneer dit op sekere  
aspekte aankom, bly die volk buite rekening. "Het is een  
zedelijke verantwoordelijkheid die by het voeren van de  
heerschappy op de overheid rust."

23) Immers maatreels vir 'n rustige en ordelike gemeenskaps-  
lewe moet steeds deur die owerheid geneem word, Nauta D.,  
a.w., bls. 33.

Vgl. ook Smeenk C., De Ontw. der Maatschappy, bls. 433.

24) Vgl. Smeenk C., a.w., bls. 359.

25) Vgl. Konstantyn se optrede ten gunste van die Christe-  
like kerk.



persoonlike aanduiding van die owerheidspersoon verg ons nadere aandag.

C.II. DIE OWERHEID -- ALGEMENE TAAK.

Soos in ons voorafgaande afdeling geïllustreer, moet die doeleindes deur die staatsverband nagestrewes, benader word vanuit die normatiewe bestemmingsfunksie van die staatsverband. Ons weet reeds dat die bestemmingsfunksie sig nie laat bepaal deur wisselende doeleindes nie, juis daarom kan die doeleindes deur 'n verband nagestrewes, nie gelyk stel word met sy bestemmingsfunksie nie. Daarby moet duidelik begryp word dat hoewel die interne struktuur van die bestemmingsfunksie, in sy gebondenheid aan die normatiewe struktuur van die staatsverband, primêr is, dit ook verkeerd sou wees om die owerheidstaak te gaan vaskoppel aan die enge kader van daardie bestemmingsfunksie. Trouens soos reeds aangedui kan die staatsdoeleindes wissel na gelang die owerhede onder ander historiese omstandighede sy taak moet vervul. Dit dien egter steeds onthou te word dat die doeleindes en die wyse waarop hulle binne die kader van die normatiewe vryheid (na die subjeksy) bereik en verwerklik word, gebonde bly aan die struktuur van die staatsverband in bestemming en fundering. Die juridiese bestemmingsfunksie gee dan 'n regsfunksie -- die reg van die gehele staatsverband, en nie van die owerheid of volk alleen nie -- wat deur die owerheid bestel en gehandhaaf moet word oor die hele staatsgebied.

Daarmee het ons die owerheidstaak wat tipies<sup>26)</sup> -- arche-

26) Vgl. Dooyeweerd H., Een R.K. Visie op de Protestants-Christelijke denkbeelden inzake Bedrijfsorganisatie en de recente discussie over de grenzen der Overheidstaak, A.R. Staatskunde, Jaargang 22, 1952, bls.73. Dooyeweerd onderskei hier die tipiese van die a-tipiese taak van die Staat.

tipies d.w.s. oertipies —<sup>27)</sup> die staat as regsgemeenskap kwalifiseer in die ewewigtige harmonisering van alle regsbelange binne die staatsgebied. Reeds het ons ook gevind dat die regsverband 'n eie universaliteit besit, waardeur dit 'n universele regsverband word wat in bepaalde sin alle ander samelewingsvorme oorkoepel — d.w.s. in publiek-regtelike sin. Dit is geen universalistiese siening nie, maar beskerming van alle regsbelange, verskaffing van ruimte vir die positiewe ontwikkeling en funksionering aan alle lewensvorme.<sup>28)</sup> So is dit die spesiale roeping van die owerheid as bewaker van 'n regsharmonie — die politiese integrerings — of totaliteitsbeginsel dus.<sup>29)</sup> Hierdie tipiese (of archetipiese) taak van die owerheid om in publiekregtelike verbandsvergelding, alle nie-staatlike regsbelange ewewigtig te harmonieer, kan dan aangedui word as die algemene taak van die owerheid. 'n Taak wat minstens deur alle owerhede in toenemende mate aanvaar sal word, indien individualisering van selfstandige lewensvorme in voortgaande beskawingsontwikkeling verreken word.<sup>30)</sup> Hierdie taak bly egter steeds begrensde eerstens territoriaal, maar fundamenteel deur soewereiniteit in eie kring — d.w.s. interne regsfeer waarvan die kriteria deur die interne struktuurprinsipes gegee word.<sup>31)</sup>

27) Die term arche-tipies is Kuyper sin. Hy gebruik dit in sy behandeling van soewereine gesag. In sy aanduiding van menslike gesag oor enige produk stel hy vas dat dit (i) „slechts gedeetelijk (ii) Nooit anders dan nabootsing van de Scheppingsmacht die God over het creatuur heeft“ is. Die mag bestaan dan archetypisch in God en alleen ectypisch in die mens — Ons gebruik die term „archetypisch“ hier egter bloot in die sin van archetipies as eerste, innerlike struktuur kriterium, of oertipiese taak van die owerheid.

28) Vgl. I Tim. 2:2 voorbidding moet gedoen word „vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stillewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.“

29) Spier J.M., W. de W., bls.206.

30) Vgl. Kuyper A., Locus..., bls.305. Die staat verskaf reg by kringbotsings en grensoorskryding.

31) So het ons s.i.e.k. as wegwyser teenoor sosialistiese, hiërargiese en kollektivistiese tendense. Vgl. Ir. H. van Riessen, Maatschappij der Toekomst, bls.78.

Daarmee het ons ook enige universalisties-totalitêre staatsgedagte afgesny, waarmee ons reeds by Aristoteles te doen kry.<sup>32)</sup> Trouens vir hom het ons met die begrip staat, te doen met alles wat ons verstaan onder staat en nie-staatlike samelewingsvorme, ja selfs die religie — "a spiritual bond, not a mere piece of governmental machinery," want die staat bestaan "not only to make life possible, but to make life good."<sup>33)</sup> Vir Aristoteles lê die taak van die owerheid van sy ideale staat, in opvoeding tot deug, en lê die aard en identiteit van die staat derhalwe in die aard van sy opvoedingsproses.<sup>34)</sup> Die staat is hier dus bron van alle lewe en mag, en nêrens is hier sprake van 'n deurgevoerde principium wat teenoor die principium van die staat "als eigengerechtigd te staan kom" nie.<sup>35)</sup> Derhalwe bepaal die staat self welke mate van vryheid elke persoon en kring sal geniet; en behou implisiet die reg tot vervreemding.<sup>35a)</sup> Duidelik is dit dus dat ons staatsbeskouing hierteenoor tot sy hoogste bloei en vervolmaking kom op 'n beskawingspeil waar die lewensvorme tot innerlike krag en rypheid gekom het.<sup>35b)</sup>

32) Ross W.D., Aristotle, Methuen Co., London, 1923, bls.237. "The state which is the supreme and all-embracing community, must aim at the supreme good."

33) Strong C.F., Modern Political Constitutions, Sidgwick-Jackson, London, 1949, Third Revised Edition, bls.15. Hoewel Aristoteles die staat as saligheidsorganisasie beperk, bly dit nietemin vir hom 'n volmaakte gemeenskap. Tog erken hy reeds in beginsel die moontlikheid van deugbestrewing buite of bo die staatsgemeenskap, en reeds word selfstandige laêre samelewingsvorme soos die familie onderskei. Du Plessis L.J., Die Moderne Staat, bls.27. Vgl. Ross W.D., a.w., bls.238-9.

34) Du Plessis L.J., a.w., bls.28. Vgl. Ross W. D., a.w., bls. 236-7. "He assumes... the identity of the nature of a thing with the end towards which it is moving."

35) Kuyper A., Locus.....bls.303 en Ross W.D., a.w., bls.239. "We miss however a recognition of the other communities of which man is a member — his church etc.,"

35a) Daarmee verval by die panteïstiese staat enige vraag na magistrates inferiores, Kuyper A., Locus — bls.303.

35b) Vgl. Ross W.D., a.w., bls.240. Waar die funksie van die ander samelewingsverbande by Aristoteles sonder meer aan die staat toeval.

Oor hierdie tipiese owerheidstaak van regshandhawing is daar nietemin 'n fundamentele verskil tussen die visie van Kuyper en die Calvinisme na hom, en die humanistiese begrip van 'n regstaak. Die historiese verloop van die owerheidstaak word gangbaar in humanistiese kringe gesien, "as an advance from protection and order to justice and welfare,"<sup>35c)</sup> en daarom worstel denkers met die probleem van mag teenoor welvaart — van fisiese sekuriteit na 'n etiese ideaal dus.<sup>36)</sup> Maar in ons moderne wêreld blyk bomskuilings (fisiese) weer van kardinale belang te wees en is die evolusie weer in die trurat gegooi! Nogtans word ook aanvaar dat "to render justice" die primêre (tipiese) funksie van die staat is.<sup>37)</sup>

Wanneer ons deur die strata van regeringsaktiwiteite gedring het, bereik ons die rotsbodem van regshandhawing. Tereg merk Augustinis op dat indien geregtigheid agterweë bly, die koninkryke van die wêreld rowerbendes sou wees.<sup>38)</sup> Orde is nie genoeg nie, die mens wil voel dat daar geregtigheid is.<sup>39)</sup> Ons het reeds voorheen rekenskap gegee van hierdie waarheid wat ook die ongelowige denkers beet het. Dit sterk ons egter in ons standpunt, dat die owerheidstaak primêr geleë is in die regsbedeling, maar daarby blyk dat ons dit breër en in heerliker perspektief plaas — in die harmonisering van regsbelange, in 'n veelheid van selfstandige lewenskringe, wat juis orent gekom het as gevolg van beskawingsontwikkeling en burgermondigheid.

---

35c) Vgl. Lipson L., Great Issues..... bls.412.

36) Want welfare behels — "Economic prosperity, moral well-being and the whole system of values that compose a civilization!" Lipson L., a.w., bls.412.

37) Vgl. Osgniach A.J., a.w., bls.88. Vgl. Verder Lipson L., a.w., bls.49. Deïoces, seun van Phraortes het volgens Herodotos koningskap deur regspraak bereik — Vgl. Carlyle a.w., Vol.III, bls.31. "The history of mediaeval society constantly impresses upon us the conviction that the real difference between a barbarous and a civilised political system lies in the fact that the latter has an almost automatically working administrative and judicial machinery, while the former is dependent upon the chance of the presence of some exceptionally competent and clearsighted individual ruler..." (Ons Kursiveer)

38) City of God XIX, IV 6.

39) Lipson L., a.w., bls.51.

Wanneer ons die tipiese owerheidstaak dan aldus gekenskets het, moet daar steeds in gedagte gehou word dat die praktiese neerslag daarvan, ondanks alle struktuurnorme, en ondanks die feit dat God die causa principalis efficiens is van alle owerheidsgesag, gevind word in die menslike uitoefening daarvan.<sup>40)</sup> Deur God ingestel en gesanksioneer sal ook die amp van die owerheid positivering erlang, wat primêr bepaal en gerig sal word deur die religieuse stellingname van die persoon wat die amp beklee.

Die taak van die owerheid in algemene sin, sy roeping as't ware, moet derhalwe in sy breëre religieuse inslag gesien word. As gawe van God, is dit die taak van die owerheid om rus en vrede te verseker, want sonder owerheid sou eindelose anargie geheers het. Soiets het egter nêrens histories voorgekom nie, want danksy die vrug van die konserverende genade van God is daar oral burgerlike geregtigheid in wisselende stadia van ontwikkeling aangetref.<sup>41)</sup> Hierdie rustige bestaan is voorvereiste vir die bestaan van die kerk van Christus op aarde en die verkondiging van die evangelie.

Daarmee het ons voldoende aanduiding gegee dat die opsomming van die owerheidstaak onder die noemer van salus publica vir ons doel te vaag is.<sup>42)</sup> Trouens die postulering

40) en aldus menslike werk bly. Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.213.

41) Vgl. Kuyper A., Locus — bls.222. Kuyper verwerp beide kontrak- en magsteorie. Daar is immers Godgegewe momente in die menslike natuur — patria potestas en familie waaruit die staatsbegrip kon opkom. Hy erken sonde en heerskappy van geweld wat dwing tot 'n gevestigde toestand en alhoewel dit menslike handeling impliseer, gee God self die momente daartoe in die menslike natuur. Vgl. ook a.w., bls.226. Sien vir Calvyn se standpunt Nauta D., a.w., bls.30.

42) Vgl. Groen K., In Regsgeleerde Opstellen, bls.80, waar hy Dooyeweerd se Eigendoms Opvatting bls.39, aanhaal. Salus publica word magsleuse van die staatsabsolutisme as dit nie as wesenlike publieke regsïdee geneem word nie, „welke aan de competente der Overheid de principiële grenzen stelt, welke enerzijds door de innerlijke structuur van het staatsverband en anderzijds door de innerlijke structuren der niet-staatkundige samelevingsvormen zijn bepaald.”

van die owerheid en die kwalifisering daarvan in Genesis 6 verse 5 en 6 bly die grondordinnansie vir alle volkere van die aarde<sup>42a)</sup>, soos tewens weer in Romeine 13 bevestig word. 'n Algemene aanduiding van die owerheidstaak as ewewigtige harmonisering van 'n veelheid van regsbelange kry eers waarlik diepgang waar dit gesien word in die lig van die amps-gedagte, die instelling van die owerheid, en die toekenning van die swaard aan die owerheid om aangewend te word deur 'n dienaar van God jou ten goede.

Die taak van die owerheid as regsbesteller in algemene sin kan deur beskawingsontwikkeling dusdanig — in 'n ge-differensieerde samelewing natuurlik — geoutomatiseer word, dat, (veral in die verduistering deur die trias politica) dit verwar word met die engere funksie van regsbestelling deur die judisiële organe. Maar Carlyle wys tereg daarop dat in 'n minder ontwikkelde politieke stelsel, dié funksie afhanklik is van „the chance of the presence of some exceptionally competent and clearsighted individual ruler.”<sup>43)</sup>

Daarmee is eerstens die posisie van die owerheids-persoon in die handhawing van reg getipeer in sy oorspronklike vorm, en wat oorspronklik bly te alle tye, ondanks wisselende organisatoriese manifestasies daarvan. Daar kan derhalwe ten opsigte van die owerheidstaak onder geen omstandigheid gespreek word van 'n oorspanning van die regstaak (in die juridiese integreringsbeginsel)<sup>44)</sup> nie. Maar tweedens kan ons in Carlyle se gedagtegang verder onderskei ons standpunt ten opsigte van beskawingsontwikkeling en die invloed daarvan

-----  
42a) Vgl. Handeling 15, Waar hierdie essensiële onderworpenheid aan die Noagitiese verbond gehandhaaf word.

43) Vgl. bls.31, a.w., Vol.III. Sien aanhaling 37. Vgl. Kuyper se standpunt ten opsigte van die Algemene Genade en sy uitspraak dat die handhawing van 'n deurlopende lyn van die Goddelike geregtigheid onder andere openbaar word in die toekenning van besondere juridiese bekwaamhede aan enkele persone, sien sy Locus de Magistratu bls.62-3.

44) Vgl. o.a. Donner in Regsgeleerde Opstellen -- Bydrage tot de discussie over de Overheidstaak.

op die owerheidstaak, want waar die administratiewe en regsprekende masjinerie geoutomatiseer is, — d.w.s. deur gebruik en konvensie funksioneer —, word die taak van die owerheidspersoon verlig en vervang deur ewewigtige harmonisering van regsbelange.<sup>44a)</sup>

Indien die gangbare beskouing ten opsigte van die owerheidstaak dan probeer om staatsfunksies in chronologiese perspektief te plaas — monisme (in stadstaat), beperkte staat (4<sup>de</sup> eeu tot 15<sup>de</sup> eeu) monisme (15<sup>de</sup> eeu tot 1776) beperkte staat (1776 -1914 monisme en beperkte staat in krisis (1914-1950)—<sup>45)</sup> dan het dit daarmee nog nie tot die wese van die ware owerheidstaak deurgedring nie, maar in die algemeen eerder tendense aangedui, wat beoordeel moet word in die lig van die mondigheid ten opsigte van die beskawing van die burgery in die genoemde periodes. Derhalwe kan nog steeds gestel word dat die fundamentele algemene taak van die owerheid soos deur ons poneer nog onaangetas bly, terwyl ook reeds die noodsaaklikheid geïllustreer word om die owerheidstaak nie bloot te gaan sien as 'n deskripsie, en numering van regeringsfunksies nie, maar veral normatiewe beoordeling toe te pas, omdat mense in hulle besprekings oor die staat hulle eie voorkeure<sup>46)</sup> — soos beïnvloed deur die besondere religieuse grondmotief — ten opsigte van die staatsfunksies indra. Daarom sal 'n blote beskrywing van die historiese verloop van die owerheidstaak ons nie verder bring nie, tensy ons die religieuse grondmotief en beskawingsontwikkeling tege-lyk verreken nie.

-----  
44a) Wette kan as voorbeeld dien van outomatisering. In die wette het Calvyn egter „'n stomme owerheid" gesien. Maar daarby is die owerheid as lewende wet daar om aan hierdie „wette" die nodige krag by te sit en om „haar een werkzaam leven(te) medegeven." Nauta D., Calvyn en de Staatkunde, bls.38.

45) Lipson L., Great Issues.... bls.156.

46) Vgl. tot hier Lipson L., a.w., bls.147.

Immers in die benadering van die owerheidstaak word ook nie rekening gehou (of onvoldoende) met die selfstandigwording van die verskillende lewensvorme nie. Ook nie met die invloed daárvan op regshandhawing in 'n veelheid van regsbelange nie, en die besondere integreringstaak wat te doen het met eenheid in veelheid, grensoorskryding, botsings<sup>47)</sup> en samewerking tussen in-eie-kring soewereine lewenskringe. Kortom die hele probleem van enkaptiese vervlegting word negeer. Trouens die regstaak word juis hierdeur nie alleen gekompliseerd en uitgebreid nie, maar ook delikaat. Die probleme van gesinsreg, reg van ouer op kind, huweliksreg ens., moet nou die algemene regstaak beïnvloed. Daarby kom nog die kerkreg met al sy konsekwensies en die reg van die private korporasie, die vrye vereniging, die universiteit ens.<sup>48)</sup> 'n Toestand wat radikaal verskil van 'n onontwikkelde samelewingsorde, waar die owerheid sig letterlik alles toe-eien.

In die vrye burgerlike lewe, met ryk gevarieerde maatskaps- en gemeenskapsverhoudinge ontwikkel immers die selfbewussyn van die verskillende sfere, en staan die burgery steeds onder daardie magtige selfbewussyn wat sig stel teenoor die owerheidsgesag, indien die owerheid sou fungeer op die onderskeie gebiede van die nie-staatlike lewensvorme, wat betref hulle interne verbandsreg — in enige ander sin as juridiese integrasie. Trouens juis uit hierdie bewuswording van die burgery en hulle botsing (natuurlik ook van uit hulle eie posisie binne die nie-staatlike lewensvorme)

-----  
47) Vgl. Kuyper A., Locus .... bls. 305 e.v.

48) Vgl. Kuyper A., Locus ..... bls. 305-313.



met die staatsowerheid is konstitusionele staatsinstellinge gebore.<sup>49)</sup> Waar die humanistiese staat wel die bestaan van enige principium erken wat teenoor die staat op eie reg kan aanspraak maak, is dit meer de facto as de jure, omdat daarmee nog geen waarborg vir soewereiniteit in eie kring gegee is nie, en dit derhalwe 'n beskrywing van die owerheidstaak as die van juridiese integrasie — in tipiese sin — nie waarborg nie.

Daarby moet ons nou reeds stel dat ook die rooms-katolieke beskouing intrinsiek totalitêr is,<sup>50)</sup> vanweë sy verankertheid in die Aristoteliaanse visie van die staat as omvattende totaalverband, waarvan die wese — soos in sy doel, naamlik algemene welsyn duidelik blyk — onbegrensd is.<sup>51)</sup>

Die algemene taak van die owerheid word prinsipieel eers suiwer in sy volle implikasie van regsharmonie - harmonisering in 'n veelheid van regsbelange — sonder die gevaar van staatstotalitarisme — deur die Calvinisme geponeer in soewereiniteit in eie kring en enkapsis. Daarmee is die algemene taak van die owerheid in sy beperktheid sowel, as sy juridiese universaliteit gepostuleer. Die integreringsfunksie bly steeds gebonde aan die struktuurprinsipe van die staat, wat as tipiese verbandstruktuur vanweë die sonde alleen

49) Die plakkaat van Verlatinge 26 April 1581 bevat hiervan die kerngedagte. Vgl. Baak J.C., a.w. bls.31. Vgl. ook Kuyper A., Locus, bls.180, en Nauta D., a.w., oor Kuyperse Calvinisme. Die kerngedagte van Calvinistiese oorsprong is die grondwet as objektiewe staatsreëling wat aan owerheid en volk elk 'n eie plek aanwys en wedersyds regte en pligte vaslê.

50) Vgl. Dooyeweerd H., Een Nieuwe Rooms-Katholieke Visie op de Staat en het Recht, A.R. Staatskunde, 25/11 Nov., 1955, bls.290.

51) Vgl. Dooyeweerd H., t.a.p., bls.291 oor Loeff J.J., Verhouding Staat en Rechtsgemeenschap mede in verband met de traditioneel Katholieke Staatsleer, H.E. Stenfert Kroese N.V., Leiden, 1955. Loeff self stel dit as volg dat „het ieder, die onbevangen dit probleem benadert, zonder meer duidelijk (moet) zijn, dat deze staatsleer (d.w.s. r. katolieke) op zich beschouwd of in thesi, de beginselen geeft voor een extreem staatsabsolutisme" — 'n Besondere erkenning vir so 'n prominente rooms-katoliek.

die tydelike uitdrukking is van die bo-tydelike worteleenheid van owerheidsmag en owerheidsgeregtigheid in Christus as Koning en Heerser oor die staatslewe en as Verlosser van die ontbindende werking van die sonde in die lewe van die volkere — d.i. „als Koning der gemeene Gratie.“<sup>52)</sup> In sy bestemmingsfunksie van owerheidsregsgemeenskap het die staat „een algemeen-soterische roeping in het behoud der tydelijke samenleving.“<sup>53)</sup> Die gemene gracie bestaan juis in die handhawing van die tydelike wêreldorde met al sy strukture teenoor die ontbindende werking van die sonde. Die besondere genade raak die vernuwing van die bo-tydelike religieuse wortel van die skepping in Christus as hoof van die herbore mensegeslag. So is die een grondslag van die ander, en is daar inderdaad geen grond vir twee terreine nie. Christus is as Herskepper van geheel die Kosmos, as Middelaar van die Genade verbond in sy religieuse volheid, die Wortel van die algemene genade, en die civitas terrena kan geen enkele lewensgebied as eie besit teenoor Hom handhaaf nie. Sy Koningskap strek immers oor geheel die tydelike lewe. Die handhawing van die ampstruktuur in 'n afvallige staatswese — hoewel voortkomende uit die civitas terrena — behoort tot die ryk van Christus, in sy Hoofskap van die herbore mensegeslag.<sup>54)</sup>

52) Dooyeweerd H., W.de W., Vol.III, bls.447. Dooyeweerd wys daarop dat Kuyper tereg die staat, net soos die huisgesin en ander nie institutêr-kerklike samelewingstrukture sien as behorende tot die algemeen-tydelike wêreldlewe. Die staat kom dus as instituut terwille van die sonde op uit die gemene gracie.

53) D., W.de W., Vol.III, bls.448, en vind dus nie in 'n Christelike geloofsgemeenskap sy tipiese bestemming nie. Vgl. Nauta D., a.w., bls. 33. Die doel en taak van die owerheid is allereers die verheerliking van God, tweedens die algemene welsyn van die mensdom waarvoor rus en ordelike gemeenskapslewe nodig is.

54) Dooyeweerd H., W. De W., Vol.III, bls.448-9. Vgl. Spier, J.M., W.de W., bls.212.

In die beginsel van die Christelike staat is na sy interne struktuur, die hele staatslewe dus op Christus gerig, en word ook die leidende publiekregtelike struktuur-prinsipes in hulle positiewe vorming ontsluit tot 'n uitdrukking van die Koningskap van Christus.<sup>55)</sup> Daarom moet die historiese magsvorming binne die volksgemeenskap deurdring word met die Christelike staatsbeskouing, sodat owerheids-persone in die amp geplaas kan word wat hierdie taak sal aanvaar in die volle religieuse trefwydte daarvan.

### C.III. DIE OWERHEID -- GEHEELTAAK.

Reeds het ons die owerheidsamp de facto uit die nood van 'n sondegebrokenheid sien opkom, en met Goddelike sanksie beklee word. Daarmee is aanvaar dat hoewel die uitoefening van die owerheidsgesag menslike handeling impliseer, God steeds die causa principalis efficiens daarvan bly.<sup>56)</sup> Derhalwe meen Calvyn dat die ware taak van die owerheid is, "te bewerk en dat God aanbeden en gediend worde"<sup>57)</sup>.

Daarby het ons reeds poneer dat op grond van die algemene priesterskap van die gelowige, die owerheidspersoon binne die sondegebroke bedeling 'n taak het wat meer verg as die blote swaardmagapparaat in die bekamping van die kwaad.<sup>58)</sup> So bestaan daar talle raakpunte tussen die owerheidsamp in staat en nie-staat. Verder vind ons die besondere vervlegting van die algemene owerheidstaak en die geheeltaak van die mens as geroepene van God.

55) Vgl. Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.449.

56) Kuyper A., Locus ..... bls.213.

57) Vgl. Nauta D., a.w., bls.35. Selfs heidene het dit erken en aanvaar in die aanbidding van hulle gode en dit derhalwe as behoefte aan 'n regsorde gelykgestel. Vgl. ook Ned. Geloofsbelydenis 1561 artikel 36. Die owerheid tree op as beskermmer van die ware religie met die swaard. Sien Pater J.C.H., Anti-Rev. Staatskunde 1940, bls.193-227. Vgl. verder Nauta D., bls.24. Sien oor art.36 verder Visscher H., De Staatskundige Beginselen der Ned. Geloofsbelydenis, J. Bout, Huizen N.H., 1939., bls.279. e.v. Sien ook Rapport in sake Art.36 van die Ned. Geloofsbelydenis, aan die Eerw.Gen. Sinode van die Geref. Kerk in S.A., 26 Jan, 1949 e.v.d.

58) Nauta D., a.w., bls.41. "Het valt onmogelijk te ontkennen dat ook ten aanzien van de religie de vorsten een bepaalde taak hebben."

Hierdie geheeltaak van die owerheid bring ons dan midde in die delikate veld van die taak van 'n bepaalde owerheid in besondere omstandighede en tye. So het Luther hom ook geen voorstelling gemaak van die onpersoonlike owerheid van die moderne staat nie.<sup>59)</sup> Hy het wel die volle dra-krag van kerkregtelike probleme wat sou ontstaan as die owerheid sy individuele karakter gaan verruil vir 'n kollektiewe abstrakte staatsbegrip, nie gepeil nie.<sup>60)</sup> Die owerheidspersoon kan die hoogspanning tussen Christpersoon en Weltpersoon nie dra nie, en derhalwe moes Luther sig weer spoedig verweer teen regeringskommissies vir kerklike sake.<sup>61)</sup> Hy wil geen ingryping in die kerk hê nie, maar binne die kader van die algemene priesterskap van die gelowiges kan die owerheid (vors), as lidmaat sy taak vervul. Tog moet die keurvors onderskei tussen sy politieke taak en daardie roeping as lidmaat.<sup>62)</sup> Luther roep dus die owerheid (vors) persoonlik in as vooraanstaande lid van die gemeente. Daarmee word ook impliseer dat Luther geen Quiëtisme predik nie, maar dat die wêreldryk sy afhanklikheid van Christus as Skepper en Verlosser moet erken.<sup>63)</sup>

59) Vanuit die priesterskap van alle gelowiges konkludeer hy die bevryding van die gelowige teenoor elke geestelike gesag, maar hy ken uitdruklik die onderwerping aan die burgerlike owerheid. Art. XVI Augsburgse Konfessie 1530. "Van Polizei und weltlichem Regiment wird gelehret daßs alle Obrigkeit in der Welt und geordnete Regiment und Gesetze, gute Ordnung von Gott geschaffen und eingesetzt sind." Vgl. Baak J.C., a.w. bls. 11.

60) Kooiman, W.J., Luther in Cultuur Geschiedenis der Chr., Vol. III, bls. 321.

61) Luther wou dit beperk hou tot die reeling van die huweliksreg onder andere.

62) Vgl. Kooiman, W.J., a.w., in Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 320.

63) Kooiman, W.J. a.w., in Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 317. Luther se, "Von weltlicher Obrigkeit, wie weit man ihr Gehorsam schuldig sei—" dui op sy aanvaarding van die ampsgedagte wat bestaan in die delegasie van wêreldse mag van God, en alle egte outoriteitsordening is van Goddelike oorsprong. Vgl. Baak J.C., a.w., bls. 11.

Die persoonlike inslag van die owerheidstaak is dan hiermee vanuit die hoek van die Lutherisme reeds beklemtoon. Die owerheid is so self aan Gods gebooie onderwerpe. Polet wys daarop dat indien die owerheidspersoon as Christen daarvan oortuig is dat ons die sabbat moet heilig en as rusdag moet hou „dan zal men dit geloof ook als overheidsoutoriteit in de eigen overheidswerksaamheden hebben te belyden.“<sup>64)</sup>

Daarmee is dit duidelik dat daar sonder enige sprake van onderwerping van owerheid aan kerk of omgekeerd inderdaad gedink moet word aan 'n volk of samelewingsorde waarin die owerheidspersoon en die profeet of leraar organies naas mekaar 'n plek vind.<sup>65)</sup> Of anders gesê daar sal wedersydse bevrugting wees, maar die owerheidspersoon sal daarmee eensins oor kerk of gesin as kerkraad of vader optree nie. In hierdie opsig het ons met die besondere taak van 'n bepaalde owerheid te doen, soos bepaal deur die geheeltaak van die Christen as priester, profeet en koning.<sup>65a)</sup>

Hier het ons nou aangeland by die variabele in die owerheidstaak, die optrede van die of daardie owerheid in konkrete situasies. Noodtoestande sal bepaald meer verg as rustige tye. Maar selfs noodtoestande sou ook steeds wissel— hongersnood, pessiektes, sedelike dekadensie ens. bestaan wel in die vroegste tye, maar ekonomiese depressies, epidemies in die moderne stad en sedelike verrotting sal in ons tyd die term noodtoestand inderdaad oorspan.<sup>65b)</sup> Trouens in die ontwikkeling van die moderne staat is dit duidelik

64) Polet G.H., De Staatstaak by Goddelijk Ordinantie, Anti-Rev. Staatskunde 25/9, Sept., 1955, bls.271.

65) Nauta D., Het Calvinisme oorsprong en waarborg onzer Burgervryheden? bls.53.

65a) Baak J.C., „Het Calvinisme oorsprong en waarborg? bls. 15. Ondersteuning van die uiterlike godsdiens is deel van die taak van die owerheid, daarby kom beskerming van die gesonde leer van vroomheid ens., Institusies IV, XX, 2.

65b) In tye van hoog konjunktuur daarenteen meen Dr. Diemer behoort die tyd ryp te wees om „de bemoeiingen van de overheid met zovele zaken in ons leven wat in te perken.“ Binnelandse Oorsig, A.R. Staatskunde 25/12 Des.55, bls.378.

dat juis hierdie besondere taak wat die owerheidspersoon toekom vanuit sy geheeltaak as Christen, nie algemeen geldig afgebaken kan word nie. Dit kan onbepaald inkrimp of uitbrei volgens omstandighede <sup>65c)</sup> na dié mate waarin die volksgemeenskap in sy verskillende geledinge self meer voldoen aan die vereistes van die handhawing van die interne verbandsreg in gesin, kerk ens., is daar vir die owerheid minder te doen. Ons moet egter onthou dat die eise van regshandhawing weens die kompleksiteit van interne en internasionale verhoudinge, tegniek ens., die kragte van die volksgemeenskap soms te „boue gaan, en die owerheid sy terrein van optrede sal moet verruim. <sup>65d)</sup>

In ons tyd is dit veral op die ekonomiese terrein waar die behoefte die grootste is, vir steun van die kant van die owerheid. <sup>66)</sup> Daarmee het ons egter iets aangetref wat in die dae van Hammoerabi reeds as 'n geleide ekonomie aangemerkt kan word. <sup>67)</sup> Trouens dr. Colyn poneer dat die owerheidstaak verskil na tyd en plek. Na die tyd, insoverre as die toenemende volksontwikkeling steeds hoër eise stel aan die owerheid; na die plek, in soverre as wat die een gebiedsowerheid minder moet doen as wat in 'n aangrensende gebied gedoen word. <sup>68)</sup> Dieselfde gedagte spreek Kuyper uit as hy sê „de historie toont dan ook dat by voortgaande volksontwikkeling allerlei bedryven, die eeuen lang een geheel particulier karakter droegen juist dank zij de rijker volksontwikkeling, door de Overheid moesten ge-eigend worden.“ <sup>69)</sup>

65c) Vgl. Du Plessis, L.J., Die Moderne Staat, bls.80.

65d) Du Plessis L.J., Die Moderne Staat, bls.80. „Maar alle magistraatspersone (owerhede) en regters moet dit onthou, dat zij weten mogen dat hun taak al hun vermogen te boven gaat en dat zij daarmede nooit tot een goed einde zullen komen, tenzij dat God hun zijn Heiligen Geest geeft...“ Vgl. Deut:17:14-18, Nauta D., a.w., bls.48.

66) Du Plessis L.J., a.w., bls.80.

67) Smeenk C., De Ontwikkeling der Maatschappy, J.H. Kok, Kampen, 1955, bls.7.

68) Saevis Tranquillus in Undis, N.V. Dagblad Drukkers, De Standaard, Amsterdam, 1934, bls.262.

69) Anti-Revolutionere Staatkunde, bls.420-1.

Dit dui na ons mening veral op die toenemende bemoeïing by individualisering van die staat, wat sy funksies wat in die ongedifferensieerde toestand deur ander samelewingsvorme onderneem is, geleidelik oorneem. Kuyper is derhalwe altyd versigtig en poneer dat elke bemoeïing opsigself beoordeel moet word.<sup>70)</sup> Elke terugkeer na private inisiatief moet gesien word as gevolg van toenemende selfstandigheid by die burgery. So wys Colyn veral op die veerkrag van die Switserse, Nederlandse, Skotse en Amerikaanse volke wat inderdaad nog altyd selfdoen jaloers beskerm het teen die strooptogte van die staat op die burgererf.<sup>71)</sup>

Verder moet steeds onthou word dat die heersende gedagterigtings op sosiale en politieke gebied die omvang van die owerheidstaak noodwendig sal beïnvloed. In 1890 wys Gladstone die sorg vir werkloosheid in skerp bewoording af, as 'n saak wat die regering ten enemale nie aangaan nie.<sup>72)</sup> Vergelyk daarmee die omvattende skemas ter voorkoming van werkloosheid en versekeringskemas ter leniging van die nood van die werklose wat ons vandag nie alleen in die Engeland van Gladstone aantref nie, maar oor die hele wêreld.

Onder die invloed van algemene stemreg het die politieke magsvorming gelei tot 'n algehele omwenteling op die gebied van die besondere taak van die owerheid. Politieke demokrasie is langsamerhand oorskadu deur sosiale demokrasie.

70) a.w., bls.421.

71) a.w., bls.265. Dit alles as gevolg van de "ongelooflijke inisiatief dat Calvijs geest haar inboezemde." Vgl. hier die Anti.-Rev. Party se 1956 Verkiesingsprogram waarvan die sentrale gedagte is "dat steeds weer gespeurd wordt naar reikwydte en begrenzing der owerheidstaak, een owerheidstaak die te bescheidend kan zijn naarmate onder het volk zelf de verantwoordelijkheidszin word gewekt en gekweekt." Diemer G., Binnelandse Oorsigt, A.R.— Staatkunde, 25/12 Des., 55, bls.379. (Ons kursiveer).

72) Vgl. Colyn H., a.w., bls.263. Vgl. Büchler, Public Finance, bls.30. Die omvang van staatsfunksies word vir hom bepaal deur "the degree of civilization attained by the community" en "the prevailing social Philosophy." (Ons Kursiveer).

Laasgenoemde het waarskynlik meer belangstelling getoon in die sosiale nood, maar terselfdertyd minder verantwoordelikheid openbaar ten opsigte van finansies en die omvang van die owerheidstaak. Immers die massas nie-besittendes se stem kan alleen behou word as die politieke staat oorgaan in versorgings- of welsynstaat — as regsowerheid dus inderdaad 'n ekonomiese owerheid word.<sup>73)</sup> Dit blyk dus dat ideologiese invloede van bogenoemde aard as't ware welig tier op burgeronmondigheid!

Dit alles kan egter die primordiale roeping van die owerheid nie wysig nie, want in besondere sin kom dit op uit die wese van die volkslewe. Die volkslewe is dan ook nie te sien as die resultaat van private ooreenkoms van die onderdane nie,<sup>74)</sup> maar dit wortel in 'n verlede met eeuoue tradisie, uit 'n gemeenskaplike aard en karakter wat deur generasies op die nageslagte oorgedra is, en assulks verskil van die nasionale karakter van ander nasies.<sup>74a)</sup> Hierdie volkslewe sal 'n, op sy besondere behoeftes ingestelde, owerheidsroeping na vore dwing. Dit is juis hier waar die pad van die bestemmingsfunksie van die staat, ons as't ware in die steek laat, aangesien ons hoegenaamd nie alle funksies verrig deur die owerheid sonder meer as regshandhawing kan gaan bestempel nie. Juis in hulle andersoortigheid verskil hierdie funksies van die tipiese (algemene) regstaak van die owerheid.

Kuyper het dan ook tereg besef dat dit onmoontlik is om die beskermende taak van die owerheid juis af te baken.<sup>75)</sup>

Die noodwendige taak ter beskerming van swakker groepe,  
-----

73) Vgl. Kuyper A., Anti-Rev. Staatskunde, bls.421.

74) Calvin verwerp uitdruklik 'n kontrak tussen volk en owerheid. Die owerheid ontvang sy opdrag van God, en moet die bepaalde amp in sy diens vervul.—Vgl. Nauta D., a.w., bls.30.

74a) Vgl. Kuyper A., Anti-Rev. Staatskunde, bls.421.

75) In sy standaard artikels 1908, 1910. Juis daarin blyk sy dinamiek as politikus. Volgens Nauta het ook Calvin as realis omstandighede van tyd en plek verreken by wetgewing. Sien a.w., Sien ook Baak J.C., a.w., bls.15.



werkverskaffing, ordening van produksie en konsumpsie en probleme van monetêre aard (ook internasionaal) kan nouliks sonder meer gerangskik word onder die regstaak en beskermende funksie van die owerheid.<sup>76)</sup>

Indien die owerheid nooit uit ander motiewe optree as beskerming van die publieke geregtigheid nie,<sup>77)</sup> is daar geen ruimte vir beplanning in die moderne sin van die woord nie. Welvaartsbevordering deur ekonomiese en sosiale reëlinge dwing die owerheid vandag om sy wiekslag te verbreed; immers vanuit die staatsvolk, word die behoefte juis dringend gevoel. Tereg het die rapport van die Anti-Revolusionêre Party van 1947 owerheidsinmenging op ekonomiese terrein bestempel as soms van blywende noodsaaklikheid.<sup>78)</sup> Dit kom ons insiens neer op 'n regulerende taak in die ekonomiese lewe. Sonder om dit oor die boeg van publieke geregtigheid te gaan gooi, wil dit dus voorkom asof hierdie taak opkom uit die besondere taak van 'n bepaalde owerheid op 'n bepaalde tydstip, en derhalwe sal aanvaarding daarvan geen afbreuk doen aan die eerste tipiese (algemene) taak van alle owerhede te alle tye, nl. regshandhawing in 'n veelheid van regsbelange nie. Hierdie

76) Vgl. hier ook Steenkamp P.A.J., a.w.;, bls.152.

77) Vgl. Kuyper se drie punte in Stone lesings — Ons Program bls.190 e.v. Die owerheidstaak is beperk tot drie gevalle  
(a) by oorskryding van die grense van die een lewenskring deur ander organisasies of persone (hypertrophie);

(b) ter beskerming van de zwakke individuen in de afzonderlijke kringen tegen overmacht en misbruik binnen de kring.

(c) dwangmag om belastings te vorder, asook diensplig. Vgl. Berghuis, de Begrenzing der owerheidstaak — bls. 34 e.v. Vgl. verder Nauta D., Calvin en de Staatkunde, bls.41, die taak van die owerheid is volgens Calvin nie beperk tot handhawing van die tweede tafel nie. Calvin verwerp die gedagte dat die owerheid sou kan volstaan met regspraak — "men moet er aan vasthouden dat de overheid een roeping heeft m.b.t. beide tafelen van Gods wet." Eerste tafel behels afgodery bestry d.w.s. uiterlike beoefening van die godsdienst. Die tweede tafel bestel van reg en geregtigheid.

78) Rapport i/s het vraagstuk der bedrijfsorganisatie bls.4 Uitgebracht aan het Central Comite van Anti-Rev. Kiesverenigingen, 's Gravenhage, 1947.

Vgl. ook Steenkamp P.A.J.: a.w., bls.156-7. Vgl. Nauta D., Calvin en de Staatkunde, bls.60. "Het is duidelijk dat Calvin niet leert den neutralenstaat."

aspek wil ons dan ook in die volgende hoofstukke onder 'n besondere soeklig plaas, as synde deel van die owerheids-taak, wat na die subjeksy gesien die variante na vore bring — die a-tipiese van die owerheidstaak teenoor die tipiese,<sup>79)</sup> algemene taak soos na die wetsy konstant, invariabel spreek uit die struktuur van die staat, — na sy fundering en bestemming —. Immers ons het te doen met die geheel-taak van die owerheidspersoon, waarin sy besondere roeping nooit uit die oog verloor mag word nie, maar waarin die besondere behoeftes van die staatsvolk steeds verreken moet word, sonder om aan die volk assulks enige verbandstatus daarmee toe te ken. Maar indien uit die behoeftes van 'n homogene staatsvolk 'n omvattende owerheidstaak na vore kom, spreek dit vanself dat die taak van dié owerheid wat regeer oor 'n bevolking met rasse-heterogeniëteit of waarvan die verskillende komponente op verskillende stadia van beskawingsontwikkeling staan, tereg as uiters gekompliseerd aangemerkt moet word. Binne dieselfde regsbestelling moet ruimte gelaat word sodat aangepas kan word by selfs ongedifferensieerde regstelsels van primitiewe volkere. Die besondere taak van die owerheid in S.-Afrika sal derhalwe wesenlik verskil van die van die owerheid van Nederland byvoorbeeld, want die optrede van die owerheid moet ook gesien word in die lig van beskawingsprobleme.

---

79) Vgl. Dooyeweerd H., Een R.K. Visie op die gedachte der Bedryfsorganisasie, A.R. Staatskunde, 22/1952, bls.73. „maar de moeilijkheid is nu juist deze, dat de staat noodzakelijk ook externe functies in de menselijke samenleving vervult die wel buiten zijn oorspronkelijke competentiesfere als publiekrechtelijk verband vallen, maar van zijn taak niet zijn los te maken.— M.a.w., het in wezen politieke vraagstuk van de staatstaak voert ons by kritische toepassing van het beginsel der soevereiniteit in eigen kring, juist midden in de uiterst gecompliceerde vervlechtingen der sociale levenskringen. En dan blijkt het onmiddellijk noodsaakelijk te onderscheiden tussen typische en a-typische zijden van de staatstaak.”

SLOTOPMERKINGS :

Daarmee het ons ter inleiding enkele riglyne aangedui waarlangs ons 'n ondersoek na die owerheidstaak sou moet onderneem. Aanvanklik het ons baie duidelik gestel dat in ons ondersoek ons nie bloot met die historiese orde of menslike oorweginge, voornemens of dade besig sal wees nie,<sup>80)</sup> maar dat ons daarin sal erken dat ons geloofsoordele, ook in ons wetenskaplike denke verweef sal wees, nie as blote versiering van ons verworwe kennis nie, en ook nie as 'n bloot subjektiewe vooroordeel waarvan die ondersoeker sig nooit geheel kan losmaak nie „doch een bewuste, op God en de goddelijke Openbaring betrokken inhoud van de wetenskaplike methode waarmee de onderzoeker zijn veld tot ontsluiting brengt.“<sup>81)</sup> God dus aanwesig in die veld van ondersoek, wat buite Hom nie geken kan word nie. As onmiddellike gevolg van ons stellingkeuse, sal ons sentraal in ons veld van ondersoek derhalwe steeds moet stel ook die stellingkeuse van 'n bepaalde owerheid ten opsigte van die owerheidstaak. Trouens die Christen moet in die geskiedenis 'n dinamiek erken wat vertikaal in dimensie vertoon in die nadering tot of die afkeur van God.<sup>82)</sup> Binne daardie dinamiek speel menslike handeling en keuse 'n beslissende rol in ontsluiting of verstarring. Die beginpunt van hierdie dinamiek kan die Christen nêrens anders ontdek dan in die geloof van die mense — gehoorsaam of afvallig — wat die geskiedenis vorm in die posisies waarin hulle geplaas word<sup>83)</sup> — ook as owerhede.

So sal op die bodem van elke wetenskaplike relasie wat sig binne die geskiedenis kenbaar onderskei, die transsendentale vraag na die betekenis van Christus op die voorgrond moet kom, want sonder Hom is geen aanraking met die probleem

80) Vgl. Smit Dr., M.C. — Het Goddelijk Geheim in de Gesch. — Bespreking van Mekkes J. P. A., A.R. Staatskunde 25/10 — Okt. 55, bls. 310.

81) Smit M.C., Het Goddelijk Geheim der Geschiedenis, bls. 17.

82) Smit M.C., a.w., Sien A.R. Staatskunde, 25/10, Okt. 55, bls. 313. Vgl. ons gedagtes in Afdeling A ten opsigte van periodisering.

83) Smit M.C., a.w., bls. 28.

moontlik nie. Sonder Hom geen uitsig of oplossing nie.<sup>84)</sup>

In ons volgende Hoofstuk wil ons dan die owerheidstaak by die Antieke Monargie, die Klassieke Burgerstraat en die Romeinse Politargie ondersoek, teneinde vas te stel of daar reeds die tipiese en a-tipiese sye daarvan te bespeur is. Juis hier sal dit ook vir ons duidelik moet word in hoeverre menslike handeling en keuse 'n beslissende rol speel in die dinamiek van die geskiedenis, en in hoeverre die dryfveer van alle owerheidsoptrede in die religie van die bepaalde owerheid te ontdek is. Immers vanuit die daeraad van die menslike geskiedenis, waarin die menslike persoonlikheid nouliks in al sy aspekte ontsluit is, en die samelewingsvorme ineengestremgel lê in ongedifferensieerdheid, sal die geleidelike beskawingsontwikkeling ons oë kan open vir bepaalde aspekte van die owerheidstaak in sy tipiese sowel as a-tipiese gesigspunt.

Daar moet ontdek word die owerheidstaak in al sy omvattende probleemlewing soos ons in voorafgaande bladsye probeer aantoon het.

Daarmee het ons slegs 'n beknopte oorsig gegee van die velerlei aspekte wat by die verruiming of afgrensing van die owerheidstaak verreken moet word. Dit is inderdaad 'n moeilike weg wat ons moet opgaan om die struktuurbegrensing van die staatsverband, wat vanweë die verduistering daarvan deur afvallige teorieë, soms skaars herkenbaar is, na te speur. Maar dit is nog moeiliker — en in 'n ontkerstende wêreld ongewild — om die volle drakrag van religieuse en beskawingsprobleme op die owerheidstaak te beoordeel — selfs by daardie owerhede wat doelbewus dusdanige invloede ontken. Ons bewandel egter die weg in die vaste oortuiging dat daar tussen ons Christelike beskawing en ander beskawings van vergane geslagte prinsipiëel 'n onoorbrugbare kloof bestaan

-----  
84) Smit M.C., a.w., bls.28.

in gerigtheid -- d.w.s. ontsluiting in positiewe of negatiewe sin. Soos Calvyn, uitgaande van die soewereiniteit van God, besien ook ons objektief, die wêreld as Skepping en plek van die Herskepping, en neem ons burgerlike regeerings (owerhede) volledig op in daardie wêreldbeeld.<sup>85)</sup>

Daarom sal ons alle owerhede se doen en late onder hierdie soeklig moet laat passeer. Immers alleen hieruit sal ons kan beoordeel in hoeverre owerhede van alle tye sig bewus was van hierdie politiese geloofsnorm binne die kader van die eie religieuse grondmotief.

---

85) Vgl. Baak J.C., a.w., bls.19. Vgl. ons vorige opmerkings Afd.C.I insake die politiese geloofsnorm, waar ons ponêr dat die staat as instituut terwille van die sonde in geloofsverband gestel word met die sondeval van die ganse heelal en die verlossing in Christus Jesus.

HOOFSTUK II.

DIE OWERHEIDSTAAK — ANTIEKE MONARGIE TOT

DIE RENAISSANCE.

I. INLEIDEND.

Die skynbaar intieme verbondenheid van die vroegste staatsvorme met die familiegemeenskap, moet soos vooraf prinsipieel aangedui is, gesien word as 'n toestand van geslotenheid, waaruit die staat assulks geleidelik besig is om te individualiseer. Immers, in die newelagtige verlede is in die huisgesin ook opgesluit die eerste kerk. Hier bestaan wel 'n vorm van patria potestas<sup>1)</sup> en die hoof van die familiegemeenskap/<sup>het</sup>skynbaar ook reg op lewe en dood. Nietemin is doodslag en bloedwraak nog geen aanduiding daarvan dat geregtigde aanwending van magsmiddele as straf, reeds bekend is nie.<sup>2)</sup> Wanneer die beginsel van geregtigde strafbepaling intree, vind ons dan die eerste begrensing van die owerheidstaak, want geen straf sonder misdad, is 'n regsbeginnsel wat noodsaaklike erkenning verg, voordat magsaanwending deur die owerheid kan geskied.<sup>3)</sup> Die uiterlike toepassing van hierdie eerste tipiese, (arche-tipiese) taak van die owerheid sou egter gevorm word in die ontplooiing van die menslike geskiedenis. Juis hierdie eerste

- 
- 1) Dooyeweerd wys egter daarop dat vanweë sy fundering die ouerlike gesag vanself verval in die familiegemeenskap. W.de W., Vol.III, bls.293.
  - 2) Eers in die Noagietiese verbond word dit bepaal, en daarmee die staat in beginsel. Vgl. du Plessis L.J., Die Moderne Staat, bls.4.
  - 3) "But although the restriction of personal vengeance has been the first care of every government from Hammoerabi to Moses and Mohammed, yet, when there is a period of social decline, there is a reversion to the unsystematized practice of collective group action, and bloodrevenge, still remains the custom of the desert." Cook S.A., Cambridge Ancient History, vol.I, bls.211.(Ons kursiveer).

basiese aspek van die regshandhawing deur die owerheid dui op 'n mate van ontwikkeling. Selfs in die Homeriese tydperk vind ons reeds prosedure, bepaal deur gewoonte, vir beslegting van geskille tussen individue. Want aansienlike vooruitgang is reeds gemaak in die beskerming van privaat belange voordat die konsepsie van misdaad, "as an offence against the social order is consciously formulated."<sup>4)</sup> Juis kriminele reg, in die ware sin van die woord veronderstel 'n betreklik gevorderde beskawingsontwikkeling.<sup>5)</sup> Daarvoor is derhalwe nodig dat aanvalle op private persone en eiendom gesien moet word as skendings van die openbare vrede en rus.<sup>6)</sup> Verder is 'n gepaardgaande eis die nodige staatsmasjienerie om dergelike oortredinge te straf.<sup>7)</sup>

Die patriargale vorm bied egter, vanweë die begrensheid van bloedverwantskap as basis van gesag en vanweë die uiterste konserwatisme daarvan -- ook in religieuse sake --<sup>8)</sup> geen ruimte vir beskawingsontwikkeling nie. Talle van die aanvanklike, historiese state baseer dan ook hulle eie staatsorganisasie op die patriargale vorm, en lê aldus die grondslag vir die verstarring daarvan.<sup>9)</sup> Die onafhanklike lewensordeninge soos huwelik, gesin, staat, kerk en vrye verenigings, is almal ineengestremgel onder 'n vader-keiser,<sup>10)</sup>

4) Calhoun. G.M., The Growth of Criminal Law in Ancient Greece, Univ. of California Press, Berkeley, California, 1927, bls.1.

5) Vgl. Calhoun, a.w., bls.3. Criminal law presupposes a fairly advanced condition of society."

6) Die familie-eer is daarvoor nog geen voldoende basis nie.

7) Calhoun G.M., a.w., bls.5. Vgl. Carlyle A., a.w., Vol.III, bls.31 t.o.v. "an automatically working administrative and judicial machinery" — sitaat 37 Hoofstuk I, Afdeling CII, Vgl. Verder Frisch H., Might and Right in Antiquity, From Homer to the Persian Wars, Vertaling C.C. Martindale, Gyldendalsche Boghandel, Kopenhagen, 1949.

8) Vgl. du Plessis L.J. a.w., bls.4-5. Vgl. Hattersly A., A History of Democracy, Cambridge U.Press, 1930, bls.15. "Immemorial custom and group sentiment made machinery of Government unnecessary." Vgl. Kidd B., Social Evolution, New York, 1902, bls.110-111.

9) du Plessis L.J.; a.w., bls.5. Die patesi of priesterkoning verskil hiervan.

10) Vgl. ons Vrouestemreg, bls.4.

patriargale gildes, kaste, ens. Daar is inderdaad so 'n sterke eenvormigheid in oorlewering van geslag tot geslag, dat alle dinge in onverbreekbare tradisie vasgelê is, en die stamhoof kan dit dan ook met ysterhand handhaaf.<sup>11)</sup> Waar die patriargale hoof, kultus en tradisie in homself verenig, bestaan geen burgerlike vryheid en mondigheid nie,<sup>12)</sup> want by dié toestand ontstaan die vraag na magistrates inferiores nie — die owerheid is bron van alle lewe en mag,<sup>13)</sup> en bied derhalwe geen verligting in die alomvattende wiekslag van dié owerheidstaak nie. Want religie, ekonomie, sosiale lewe, insluitende huwelike en militêre sake, is geheeltaak van die patriargale stamowerheid.<sup>14)</sup> Voorbeeld hiervan is die mitologiese heersers van Sjina tot ±3000 v.C. Die eerste heerser wat enigszins afwyk is Fu Hsi, wat volgens oorlewering aan sy volk huwelik, skrif, musiek, vissery ens., geleer het. Die Shang en Chan dinastië bly egter priester-konings. Immers die verdere invloed van die Confucianisme (551-478 v.C.) dui nog steeds op burgeronmondigheid en omvattende owerheidstaak. Mencius (372-289 v.C.) verkies juis daarom 'n monargie, omdat dit onmoontlik is om die massas op te voed — „correct what is wrong in the princes' mind—“ as die prins reg is, sal die koninkryk rus en vrede belewe.<sup>15)</sup>

-----  
11) Vgl. Sjina en die Oos Indiese Gebiede.

12) Weliswaar is daar vroeg tekens van raadpleging met raadsmanne (Homeros)soos ons dit inderdaad by die soeloehoof en sy indoenas kry. Hattersby meen dit „may not in-appropriatory be described as democratic,“ a.w., bls.15. In die lig van die geringe waarde van die enkeling en die onbeskermdede status van raadsman (en indoenas) is dit o.i. rgesog.

13) Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.303.

14) Vgl. Dooyeweerd H., W.de W., Vol.III, bls.321. T.o.v. politieke kiem aanwesig in bloedsverwantskap en buurskap soos illustreer in Griekse huisgemeenskap.

15) Swain, J.E. A History of World Civilization, McGraw Hill Book Coj., New York, 2de Edisie 4de Druk, 1947. bls. 228. Vgl. weer Carlyle A., a.w., Vol.III, bls.31, t.o.v. „a clearsighted individual ruler, exceptionally competent.“ Vgl. hier die Babiloniese spreuk „If the king does not heed the law, his people will be destroyed, his power will pass away!“ Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.213. Dit is derhalwe 'n neiging by alle meer aristokratiese regimes, waar die klem val op die gedrag van verteenwoordigende individue — priesters, priesterkoning in die oudste politieke stelsels, of koning met priesterlike magte.



Die verstarring wat dit op organisatoriese gebied meebring, word egter oorskadu deur die invloed van die persoonlike taak aan die heerser (owerheid) opgedra. Naas sy tipiese taak as regshandhaver, nog 'n a-tipiese taak ten opsigte van 'n onmondige burgery, aan wie se opvoeding selfs die groot geestelike leiers twyfel. Voorwaar 'n duidelike illustrasie dat burgeronmondigheid, 'n alomvattende owerheidstaak na vore dwing.

## II. DIE ANTIEKE MONARGIE.<sup>16)</sup>

Waar die primitiewe natuurreligie van volkere, hulle binne die patriargale vorm gevange hou of nog verder laat degenerereer tot hordevorming, selfs in matriargale lyn,<sup>17)</sup> gee die opkoms van kultuurgodsdienste en die geleidelike verdringing van die patriargale organisasie deur die differensiasie van die ware staatsvorm, aan die begin van die historiese tydperk, impetus aan beskawingsontwikkeling. Die Antieke Monargie is dan inderdaad die eerste staatsvorm, deur die mens tot stand gebring in sy subjektiewe organisasie vryheid.

Dit wil voorkom asof die ontstaan van hierdie staatsvorm saamhang met die ontwikkeling van welvaart en kultuur, opkoms van 'n adelstand, en meer gevestigde gewoontes en gevolglike urbanisasie. Werklike of vermeende afstamming dien dan nie meer as basis vir gesag van die owerheid nie, maar eerder leierskap — veral militêr, sosiaal of ekonomies<sup>18)</sup>

16) Ons neem die begrip Antieke Monargie oor soos deur L.J. du Plessis bedoel in sy "Moderne Staat", bls.6.

17) Sien Dooyeweerd H., W.de W., Vol.III, bls.285 — "De moederregtelijke verschijnselen in het licht der cultuur-historische onderzoekings-methode en van de theorie der individualiteitstrukturen." Die matriargaat ontstaan eers in die "met hakwerktuigen gedreven bodemcultuur." Die posisie wat ontstaan as die vrou haar eie tuiste nie wil verlaat nie, bring mee die avunculaat, 'n merkwaardige ekstern-familieregtelike verhouding waar die kinders onder die oudste broer sorteer. Dooyeweerd toon egter aan dat hierdie moederregtelike verskynsels nie sorteer onder die interne gebied van huweliksgemeenskap en gesinsverband nie. (bls.287).

18) Vgl. Du Plessis L.J., a.w., bls.6.

Die patriarg word nou koning, en van gedeelde gesag is daár voortaan geen sprake nie — Hierdie monisme van gesag impliseer dat die volle gemeenskapsgesag in een persoon saamgevat word, behalwe miskien die suiwer vaderlike gesag in gesinsverband.<sup>19)</sup> Die uitbreiding van hierdie gesag oor aangrensende territoriale gebiede bring verandering in die patriargale stagnasie, deurdadig die koning homself opdring aan die gemeenskap in regspraak, wet en wetboek, beambtedom, priesters, ens. „So verskaf dit 'n hefboom vir beskawingsontwikkeling“ sê L.J. du Plessis.<sup>20)</sup>

Vir die owerheidstaak het hierdie ontwikkeling 'n akute betekenis. Die vors sou in absolutistiese trant sy hand prakties aan alles slaan, in die bevordering van sy imperialistiese uitbreidingsug. Namate sy gebied groter word, word sy persoonlike kontak minder en sy administratiewe masjienerie meer ingewikkeld en omvattend. Die monargie ontwikkel egter die beskawingspeil van die burgers soos in die toenemende gees van selfstandigheid te bespeur is,<sup>21)</sup> en as gevolg daarvan kon meganiese dwangmetodes nie die eenheid op die lang duur bewaar nie.

Die religieuse denke is op hierdie stadium beslissend<sup>22)</sup> omdat die nuwere kultuurreligie die mens wel tot beskawingsontsluiting in negatiewe sin kan bring.<sup>23)</sup> Namate die geestestoerusting dan ontsluit, word die beskawing soos gebring deur die antieke monargie wel deeglik verinnerlik. Babilonië, Mesopotamië, ± 2872-539 v.C.<sup>24)</sup>

Die beskawing van Mesopotamië teen 2092 v.C. toon dan ook nie meer die primitiewe en naïewe van 'n beskeie

19) Vgl. du Plessis L.J.a.w., bls.6.

20) a.w., bls.7.

21) Vgl. du Plessis L.J.a.w., bls.7. Daarmee is die gesagsmotief oorspan.

22) Cook S.A., Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.211.

„Authority is based upon religious rather than upon political ideas of kingship.... Even in the secular and highly developed code of Hammurabi certain difficult cases must come before God (ilu)“

23) Vgl. Spier, W. de W., bls.103.

24) L.W. King, Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.75-6.

begin nie, maar illustreer reeds uiterste verfyning in kuns en tegniek.<sup>25)</sup> Die religieuse denke is politeïsties-magies,<sup>26)</sup> wat inderdaad die hele samelewing deurdrenk. Die owerheid — hoewel reeds 'n politiese owerheid — is inderdaad „teokraties” en despoties. Die koning is seun en stadhouer van die gode<sup>27)</sup> — het self 'n goddelike natuur, en derhalwe is sy wil die hoogste wet — 'n tomelose despotisme waardeur die vors na willekeur beskik oor die lewe en eiendom van die volk.<sup>28)</sup> Geen vaste gedragslyn of patroon vir die owerheid kan bepaal word nie, omdat die gode se wil onbekend is,<sup>29)</sup> — 'n owerheids-taak dus wat van sowel 'n etiese as naturalistiese; d.w.s. 'n natuurgebonde sedelike oordeel van die vors afhanklik is — Waar die vors dan nog patesi d.w.s. priesterkoning is, soos inderdaad in Lagasj ±3000 v.C., impliseer dit 'n omvattende administratiewe, judisiële, en religieuse taak.<sup>30)</sup> Die bekende Urukagina van Lagasj (±2800 v.C.) het naas sy priesterkoningskap, spoedig absolute vors geword. Die omvattendheid van die owerheidstaak blyk uit sy aktiwiteite in watervoorsiening en algemene regspraak.<sup>31)</sup> Immers sy kode is voorloper van die Soemeriese kode vyf eeue later.<sup>32)</sup> Daar is

- 
- 25) Edelkoort H., Eenheid van Oud en Nieuw Testament in Cultuurgeschiedenis der Christendom, Vol.I, bls.11-12. Vgl. ook die Soemeriese beskawing voor ± 3000 v.C.
- 26) Edelkoort H., a.w., bls.11-12. Vgl. Prof. Dr. J. de Zwaan, De Volheid der Tijden in de Volkerenwêreld, Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls.115. Vgl. Cook S.A., in Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.199. Hy meen dat in Hammoerabiese politeïstiese kode reeds die kiem vir monotheïsme, die bydrae van die Semiete, teenwoordig is.
- 27) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.214. Die heersers tipeer of simboliseer die gode. So suggereer hulle konsepsies van gode, „and the arbitrariness of fierceness of the gods accords with the temper of the oriental despot.”
- 28) Edelkoort H., a.w., bls.12. Oosterse soewereiniteit is wel getipeer as „despotism tempered by assassination.” Vgl. Cook S.A., Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.216.
- 29) Edelkoort H., a.w., bls.12.
- 30) Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.379. Akurgal van Lagasj is treffend hiervan illustrasie.
- 31) Cohen D., Egypte en Voor Azië, in De Pelgrimstocht der Mensheid. Red. Berkelbach v.d. Sprenkel. W. de Haan, Utrecht, bls.33-4.
- 32) Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.374 e.v. Vgl. Dooyeweerd H., W de W., Vol.III, bls.289.

wetgewing om die arm eienaar teen die ryke te beskerm, en om die weduwee en wees van belasting vry te stel. Voorts verskaf die owerheid spys en drank vir die dooie op sy lang reis na die onderwêreld<sup>33)</sup>

Die tydperk van Hammoerabi (<sup>34/</sup>†2250 v.C.) lewer egter 'n pragtige illustrasie van die owerheidstaak in die antieke monargie. Binne 'n samelewing wat beïnvloed word deur die Soemeriese gedagte, met plaaslike sowel as kosmiese gode, waardeur met die toename van die mag van 'n stad ook sy bepaalde god se verering toeneem<sup>35)</sup>, kom 'n relativering van die absolute pretensies van één bepaalde god. Naas die politisme sou verder die bepaalde ontwikkelingspeil van die samelewingsorde as stukrag dien om die noodsaaklikheid van algemeen geldende regsreëls te beklemtoon. Die maatskappy toon 'n aristokratiese trek in 'n koning en drie stande<sup>36)</sup> wat onderskei word in besit, lewensonderhoud en regsposisie, sodat dieselfde vergryp begaan teenoor 'n vryman strenger gestraf is as teenoor 'n slaaf.<sup>37)</sup> Nogtans is die kode van Hammoerabi beskou as 'n wet deur die koning ontvang van die songod self.<sup>38)</sup> Waar die koning vir alles sorg, gaan die regspraak as't ware terug op ouerlike reg. Daar volg dan voorskrifte vir elke deel van die menslike lewe. Hoe barbaars dit nou wel ook voorkom, is hier egter vordering te bespeur in die sin dat daar nou vaste reëls teen willekeur en onsekerheid is.<sup>39)</sup>

33) Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.387. Dit bewys die taak van die owerheid t.o.v. religie.

34) Smeenk C., Ontw.der Maatschappy, bls.7. Volgens L.W.King en Thompson † 2123-2081 v.C. en volgens Meyer en Jastrow 1958-1916 v.C. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.156.

35) Byv.Mardok in Babel, Vgl.Cohen D., a.w., bls.38.

36) Vryes, Middestand, Slawe.

37) Cohen D., a.w., bls.47.

38) Cohen D., bls.35. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.211.

39) Vgl. ons opmerkings t.o.v. 'n owerheidstaak wat van sowel 'n etiese, naturalistiese, en atomistiese, as 'n natuurgebonde-sedelike oordeel van die vors afhanklik is— Nietemin bly die vors nog bron van die reg, al is dit dan as tussenganger tussen burgery en gode.

Want die wetboek behels regspraak, landbou, arbeid, handel en kontrakte, familiereg, slawe, burgerlike reg, huwelik en egskeiding, adopsie en erfreg, sowel as strafreg. Interessant is dat bloedwraak uitdruklik verbied word. Daarmee monopoliseer die staat reeds die wraak in moordsake.<sup>40)</sup> Waar ten tyde van Homeros manslag beskou is as 'n misdad teen die individue of familie, en nie 'n misdad teen die staat nie,<sup>41)</sup> is daar van dié ontwikkeling wat ons reeds by Hammoerabi sien geen sprake nie.<sup>42)</sup> Die judisiële funksies van die koning het volgens Calhoun ontwikkel as gevolg van die beslegtingsgewoonte.<sup>43)</sup> Die idee van „injury to the community is not found in the earliest interference of the state through its tribunals — The state conceived itself to be wronged, and the popular assembly struck straight at the offender with the same movement that accompanied its legislative action.”<sup>44)</sup> Dus eerder 'n massa-reaksie (mob-optrede!) teenoor die geordende tribunale in die klassieke periode,<sup>45)</sup> waar „perversion of justice” as 'n bedreiging van die hele gemeenskap beskou word, soos deur Hesiod geponeer.<sup>46)</sup> Daarmee voor spel Homeros en Hesiod reeds dat die owerheid sonder geregtigheid, en monopolie op die swaardmag, geen rûs en vrede kan verseker nie.

Die wette van Hammoerabi is mede as gevolg van politestiese verwarring, suiwer juridies, teenoor Moses se kode

-----  
40) Vgl. Cohen D., a.w., bls.36.

41) Calhoun a.w., bls.11, Bonner R.J. & Smith G., The Adminis. of Justice from Homer to Aristotle, Chicago, U.P., 1930, bls.15.

42) Immers waar alle manslag deur die bloedverwante hanteer word, is straf van misdad nog nie 'n bewuste staatsaksie en monopolie nie.

43) Soos beskrywe in Illiad deur Homeros, XVIII, 497. Calhoun a.w., bls.19. Vgl. Bonner R.J. en Smith G., The Administration of Justice from Homer to Aristotle, Chicago, U.P. 1930, bls.31 e.v.

44) Calhoun, a.w., bls.23.

45) Hesiod en die liriese digters, Vgl. Calhoun, a.w., bls. 24-30.

46) Calhoun, a.w., bls.31, Vgl. Bonner & Smith, a.w., bls. 47 e.v.

wat 'n streng godsdienstige karakter vertoon met klem op die etiese.<sup>47)</sup> Nietemin het Hammoerabi deurgedring tot die tipiese, (arche-tipiese) owerheidstaak van regshandhawing. Kenmerkend van hierdie antiek -- monargale staatsvorm is egter die absolutistiese beheersing van die gehele lewe. So beheers ook die vorste van die Fenisiërs, deur die heersende religie gesteun, die lewe van die volk, wat vanweë die afwesigheid van 'n onsterflikheidsgeloof aardsgebonde is, en assulks tevrede is met hulle aardse bestaan.<sup>48)</sup>

Klein Asië vorm die brug vir die oorgang van hierdie beskawing van die Ooste na die Weste. Na die betreklike min invloed van die Hettiete en Chaldeërs<sup>49)</sup> sou die Mede en Perse hierdie oosterse absolutisme ten beste illustreer. Nietemin tref ons by die Hettiete en Chaldeërs 'n staatsvorm aan waarin die koning as opperbevelhebber, hoëpriester en opperregter met goddelike gesag bekleed staan, en siviele en strafreg inderdaad gereël word, maar daarnaas ook nog pryskontrole!<sup>50)</sup>

Die Mede en Perse toon die ontwikkeling van die owerheidstaak, soos dit later in die worsteling met die klassieke burgerstaat, gekontrasteer is. 'n Vors ongenaakbaar en absoluut, is opperbevelhebber en opperregter wat op die bloed en

---

47) Cohen D., a.w., bls.36. Hoewel Hammoerabi se kode sekulêr genoem kan word, bevat dit tog egter nog godsdienstige elemente deurdat sekere sake vir ilu, die god, uitgehou word, Vgl. aanhaling 22. Vgl. verder Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.473, e.v. en veral bls.508-528, vir Hammoerabi se kode.

48) Cohen D., a.w., bls.58. Vgl. Smeenk C., a.w., bls.7. So bestaan daar 'n ontwikkelde muntwese, depositobanke, wissels, ens. 'n Reëling van die kredietwese van owerheidsweë bestaan, sowel as gildes.

49) Cohen D., a.w., bls.58.

50) Moord, doodslag, onopsetlike moord, word reeds onderskei. Ons staan nou ±1750-1200 v.C. Vgl. Cohen D., a.w., bls. 61-62. Vgl. Verder Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.269. Die Teokratiese heersers het egter die wette gekodifiseer. Die kode kom soms ooreen met Hammoerabi se kode, veral ten opsigte van vroue en slawe, pryskontrole, regulering van landbou, erfregte, en straf vir seksuele vergrype. 'n Omvattende owerheidstaak dus!

sweet van die volk sy glorie uitbou, en vir sy eie doel, paaie aanlê, poswese organiseer, en vir 'n hoë peil van administratiewe ontwikkeling in staatsmasjienerie sorg.<sup>51)</sup>

Duidelik is dit uit voorafgaande dat in die antieke wêreld nie 'n kerk afsonderlik van die staat staan nie.<sup>52)</sup>

Religie is die eiendom van die groep, familie, stam of nasie. Die sosiale-aspek van so 'n religie word as't ware hierin oorspan. Dit is dan inderdaad ook eers by die Judaïsme, en dan ook eers na die ballingskap dat daar van individuele en persoonlike godsdiens gepraat kan word.<sup>53)</sup> Die belangrikheid van die individuele konsepie wat by Esegïël na vore kom is onbekend in die antieke.<sup>54)</sup> Vandaar dat hier van die individualisering van die kerk as samelewingsverband geen sprake is nie. Godsdiens is staatsaak, d.w.s. owerheidstaak, en by voortgaande differensiasie hoogstens familiesaak.

Indien ons by die antieke-monargie 'n alomvattende owerheidstaak kry, meen ons tog dat eerstens onderskei kan word 'n algemene, archetipiese taak, naamlik regshandhawing. Daarnaas in die kader van die geheeltaak, vind ons die besondere manifestasies van die taak van elke individuele vors, wat bepaal word deur 'n komplekse aantal faktore. Nietemin onderskei ons die taak van die antieke monarg ten opsigte van die religie, verering van gode en tempelbou, binne daardie geheeltaak, as gevolg van die bepaalde konsepie, van religie as eiendom van die nasie as geheel, d.w.s. klem op die sosiale aspek. Waar die owerheid daarnaas wetgewing voorberei vir die gehele lewe, moet dit gesien word in die lig van die algemene ontwikkelingspeil van die burgers. So het Urukagina van Lagasj († 2800 v.C.) in sy hervorminge

51) Vgl. Cohen D., a.w., bls.62-67.

52) Carlyle, A., a.w., Vol.V, bls.452.

53) Vgl. Jeremia, Esegïël en die latere Psalms waar 'n persoonlike en individuele verhouding tot God na vore kom. Vgl. Carlyle A., a.w., Vol.V, bls.452.

byvoorbeeld die heersende poliandrie vervang met 'n monogame huweliksvorm.<sup>55)</sup>

KRETA:

Verdere voorbeelde van 'n a-tipiese owerheidstaak naas die tipiese taak van regshandhawing, kan ons vind in die beskawing van Kreta (± 3000 v.C.) en veral die Minoaanse beskawing wat ±2000-1400 v.C. sy hoogtepunt bereik.<sup>56)</sup> Dit is veral in hierdie vroeë Griekse beskawings waar ons die so bekende huisgemeenskap ( οἶκος ) aantref.<sup>57)</sup> Dit is juis hierdie ongedifferensieerde samelewingvorm, wat naas huweliksgemeenskap en gesin ook die slawe omvat, wat Aristoteles ingedagte het, as hy oor die huisgesin spreek, en nie die moderne gedifferensieerde gesinstruktuur nie.<sup>58)</sup>

Die dorpsgemeenskap, wat by die Doriërs as κῶμη en by die Ioniërs as ἔθνος bekend staan, beskou Aristoteles weer as 'n buurskap gegrond op 'n ongedifferensieerde verband van verskillende huisgesinne. Sy konsepie van die stadstaat of polis beantwoord nie aan die moderne staatsbegrip nie, maar behels soos reeds aangedui die hele georganiseerde samelewing binne die gebied van die stadstaat. Die natuurlike ontwikkeling van hierdie polis as totaalverband uit die

54) Esegieël XVIII.

55) Vgl. Dooyeweerd H., W.de W., Vol.III, bls.289. Vgl. ook Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.387.

56) Vgl. Glotz Gustav, The Aegean Civilization, Alfred Knopf, New York, 1925, bls.131. e.v. Aanvanklik 'n stamregering en elke familie of stam voorsien in eie verdediging. Die priesterkoning tref ons ook hier aan. Ver al Minos is so 'n presbiter, verteenwoordiger van die bulgod (minotaur) Die vors konfereer direk met die gode, religieuse investituur van so 'n vors is duidelik in legendes te bespeur. Gesentraliseerde administrasie, bestaan om die hoof roeping van Minos op aarde, te vervuul nl. handhawing van geregtigheid. "The judicial function of Minos, which grew out of his religious function, contributed largely to his glory," a.w., bls.152. Daar is aanduidings van die bestaan van 'n goedbeheerde finansiële stelsel sowel as 'n staande mag. Maar veral was Kreta 'n seemag -- sy thalassokrasie. bls.159. Vgl. ook Thomson G., Studies in Ancient Greek Society, Lawrence & Wishart, London, 1949.

57) Vgl. Dooyeweerd H., W.de W., Vol.III, bls.320. Vgl. Thomson, G., a.w., bls.58 e.v. vir nomenklatuur van "kinship". Vgl. Thomson, G., a.w., bls.111 e.v. veral Seehohm H.E. se verklaring van ontstaan van οἶκος.

58) Dooyeweerd sien hierin die metafisies gefundeerde konsepie van die sogenaamde organiese verbandsteorie. Vgl. Ross W.D., Aristotles, bls.241 e.v.



familiegemeenskap en buurskap<sup>59)</sup> vind dan inderdaad aanknoping by die huisgemeenskappe.

Die Attiese en Doriese „phylen“, as afdelinge van die stamme was inderdaad onder eie hoofskap (*φυλοβασιλείς*), gekies uit die patrisiërs (*εὐγενεῖς*)<sup>60)</sup>. Die phratiën (broederskappe), wat by die Doriërs as *ὄβαι* bekend was, waarin die „phylen“ opgedeel was, het die vaderregtelike *γένη* (gentes)<sup>61)</sup> en die afsonderlike gesinne omvat. Tot met Solon was die „phylen“ en die twaalf phratiën in samehang met die *γένη* die grondpeilers van die Attiese staatstruktuur.<sup>62)</sup>

Waar hierdie ongeindividualiseerde staatsvorm dus nog sterk onder die patriargale tradisie staan, is die owerheidstaak derhalwe geensins beperk tot regshandhawing nie, maar

- 
- 59) Vgl. Thomson G., a.w., bls.87 e.v. vir ontwikkeling van stam na staat. Vgl. bls.125 waar sekere praktyke te Hallikarnassus dui op oorgang van stamkultus na staatskultus. Aristoteles sê dan ook dat kenmerkend van die demokrasie is dat dit die aantal kultusse verminder en terselfdertyd toeganklik maak vir die volk. Vgl. Thomson G., a.w., bls. 126. Hierin kiem die gedagte dat by voortgaande beskawingsontwikkeling die individu mondig word en sy persoonlike verhouding tot die gode derhalwe verreken moet word.
- 60) W. de W., Vol.III, bls.320-21. Vgl. Thomson G., a.w., bls. 104. Verder Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.583, e.v.
- 61) Kinship, kind, birth, breed, race -- Vgl. Thomson G., a.w., bls.105. Aristoteles sê daar was 4 stamme, elk met drie broederskappe, elk weer met 30 „clans“ en elke „clan“ dertig man.
- 62) Selfs by Solon bly hulle nog die politiese funksie van afstamming bepaal, as voorwaarde vir staatsregtelike burgerskap. Vgl. W.de W., Vol.III, bls.321. Die demokratiese grondwet is opgetrek om die eksterne kenmerke van die ou stelsel na te boots -- die oorspronklike Attiese stamme was „so many independent war-bands.“ Die broederskappe was, „voluntary associations, composed in the first instance of comrades-in war“ -- Die clans, was „sectional associations“ -- sê Gardiner E.A., Cambridge Ancient History vol.III, bls.584-5. Vgl. ook Adcock F.E., in Vol.III, bls.688. So is volgens die Illiad die Achaeaanse leërs gemonster in stamme en broederskappe. Vgl. Thomson G., a.w., bls.107 e.v. Vgl. verder Cambridge Ancient History Vol.III, bls.584 e.v. Die phylobasilés of stamkonings was inderdaad assessore van die koning in verhoor van moordsake. Vgl. Böckh, The Public Economy of the Athenians Vert. A. Lamb, Brown & Coy, 1857. Vgl. ook Andreades, A History of Greek Public Finance, Vol.I, bls.212 e.v. (Harvard Univ. Press, 1933). Vgl. ook Bühler A.G., Public Finance, McGraw-Hill, New York, London, 1940. 2de edisie bls.14-15.

sal veeleer omvattend word juis omdat in hierdie toestand ook geen ware geïndividualiseerde gesinsverband bestaan nie. Kleisthenes sou die staatsregtelike posisie van die „phylen“ en „phratidiën“ egter finaal ophef, iets wat die Solonistiese vermoënsklassewetgewing nie kon doen nie.

EGYPTIE: Waar Asië bevrugterend werk op ander kulture, bly Egipte meer in die afsondering, en mis die verbreding van die gedagtegang soos aanwesig in Babilonie, Persië en selfs Palestina. Juis hier in die aanvanklik betreklike afsondering en gebrek aan bevrugting deur beskawingsverkeer met ander kultuurvolkere<sup>63)</sup> vind ons 'n studieveld vir die owerheids-taak, waar die worsteling van die owerheid en onderdaan oor die vryheidsprobleem, inderdaad nietig is in die lig van religieuse onderstrominge.

Omstreeks 4240 v.C. vorm geheel Egipte reeds 'n eenheidstaat.<sup>64)</sup> Die eerste dinastie van Menes ±3300 v.C.<sup>65)</sup> vorm een van die periodes van eenhoofdigheid, of eenheidsbestuur, waarin partikularisme as gevolg van die bestaan van plaaslike gode, oorwin word. Hierdie tydperke van eenhoofdigheid is bloeiperiodes, en die verslapping van die sentrale gesag beteken steeds ekonomiese agteruitgang. Dit is waar van sowel die Ou Ryk (±3000-2300 v.C.) en die Midde-ryke (±2100-1780) as die Nuwe Ryk (1580-1085 v.C.)<sup>66)</sup> Sentrale bestuur deur 'n hooggeplaasde eenheid word onontbeerlik gemaak vanweë die noodsaaklikheid om stroomverdeling en kanale in die Nyl te reël.<sup>67)</sup> 'n Treffende voorbeeld waar 'n geografiese verskynsel die owerheidstaak in 'n bepaalde land belas met iets wat nêrens anders tot daardie taak gereken word nie. Moderne voorbeelde hiervan is poldering en dyke in

63) Vgl. Spier W.de W., bls.105.

64) Cohen D., in Pelgrimstocht der Mensheid, a.w., bls.4.

65) Altesaam tel ons 31 Dinastië tot 30 v.C. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.265, wat dit aandui as ±4241 of 4238 v.C.

66) Vgl. Smeenk C. Ontw. der Maatschappy, bls.8.

Nederlande, Engeland, en ander Noordsee gebiede.<sup>68)</sup>

Die tydperk ±3000-2300 behels die historiese taakvervulling van die 2<sup>de</sup> tot 6<sup>de</sup> dinastië waarin Imhotep<sup>69)</sup> by uitstek as boumeester na vore kom. Gedryf deur hulle besondere sonaanbidding,<sup>70)</sup> word in hierdie dae die piramiedes gebou. Die burgery bly self egter onmondig en „van streven naar vryheid is nog weinig of geen sprake; men was tevreden als men onbezorg leven kan; de democratische gedachte zou pas later komen“<sup>71)</sup> Die volk is gelukkig in hulle diensbaarheid, wat in hulle tyd welvaart en sorgeloosheid gebring het. Die vors, omring deur 'n skaar van amptenare bring 'n sterk sentralisasie in die administrasie, en voldoende sorg word gedra vir onderlinge kontrole — Polisie vir veiligheid, volkstellinge, belastings, pag, waterwerke, ens. is onder die bykans moderne funksies aanwesig. Trouens die vors is ook beliggaming van alle regspraak.<sup>72)</sup>

Die Midderyk (±2100-1788)<sup>73)</sup> kenmerk die tydperk waarin afsondering verbreek word en kontak met ander volkere herstel word.<sup>74)</sup> Die Hyksos bring naas die heersende politesme, die nuwe, meer oosterse, gedagte van monotheïsme. Apopi III dien alleen die god Sutehk, 'n woestyngod,<sup>75)</sup> 'n gedagte vreemd aan die Egiptiese religie. Die beskermende

68) Vgl. Cook S.A. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.206.

„The Rivers of Mesopotamia led as naturally to Union of cities as did the Nile or Egypt. In both lands the physical conditions compelled co-operation, and made for a certain unity and homogeneity of life and thought.“

69) Tydens die regering van zoser — Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.276.

70) „The distinguishing work of the Vth Dynasty (2965-2825 v.c.) is its special devotion to the sungod of On of Heliopolis, Ré —“ Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.284.

71) Cohen D., a.w., bls.7.

72) Cohen D., a.w., bls.8. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.279 vir die administrasie.

73) Cambridge Ancient History gee ook aan ±1580 as einde en 2400 v.C. as begin met hoogtepunt 2212-2000 v.C. Vol. I, bls.316.

74) Cohen D., a.w., bls.8.

75) Die Hyksos-tydperk is hier belangrik. Die finale verdrywing van die Hyksos vind plaas in die XVIII<sup>de</sup> dinastie onder Ahmose. (Die verdrywing word deur sekulêre skrywers verbind met die Eksodus-verhaal). Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.311.

taak van die owerheid tree in hierdie tydperk sterk na vore. Ook die regstaak word geleidelik gemonopoliseer. Senusret III verbied erflike jurisdiksies, en die opkomende middelklas bevorder sy burokrasie, deurdat voldoende amptenare beskikbaar word. Daarom het ons teen die 18de dinastie 'n ingewikkelde burokratiese staatsorganisasie, waarin die visier reeds 'n sterk posisie verower. Veral het die gedurige oorstromings, landmeting en herstel van bakens as taak meegebring.<sup>76)</sup> Die waters van die Nyl dwing die owerhede om allerlei reëlins te tref. Die bekende Labyrinth van die mitologie word aangeneem 'n water reservoir by Fajoin te gewees het.<sup>77)</sup> In hierdie tydperk het die nuwere Osiris-diens ook aan invloed gewen<sup>78)</sup> en die mummifisering het opgebloei. Daar is ook tekens van die opkoms van 'n professionele priesterklas wat die ou adel vervang wat tot hiertoe die ampte bekleed het.<sup>79)</sup> Daarbenewens is die opkomende feudalisme in die Midderyk illustrasie van 'n disintegrerende neiging, ondanks sterk sentrale burokrasie.

Nadat Ahmose (1580-1557 v.C.)<sup>80)</sup> die Hyksos verdrywe het, skep hy as't ware nuwe adel, wat aan hom verplig is deur grondpakte en titels, en assulks bloot administratiewe, militêre of hof-amptenare is. Derhalwe verdwyn die ou feudale here vir alle praktiese doeleindes, en hulle gronde val terug aan die kroon.<sup>81)</sup> Die ou adel het voorheen die administratiewe raamwerk gevorm, maar voortaan word geheel Egipte die persoonlike eiendom van die Farao.<sup>82)</sup> Die vors beskik nou reeds oor 'n sterk leër wat hy in sy stryd gebruik het,

76) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.319.

77) Cohen D., a.w., bls.8.

78) Vgl. die piramide tekse wat naas Sonaanbidding tog plek inruim vir Osiris. Cambridge Ancient History, I, bls.350.

79) Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.323.

80) Vgl. Smeenk C., a.w., bls.8. Hy dui die nuwe ryk aan as ongeveer 1500 v.C. — 700 v.C.

81) Talle van die ou adel het die Hyksos ondersteun en derhalwe saam ondergegaan. Cambridge Ancient History, Vol. II, bls.42.

82) James Henry Breasted, beweer dat dit die toestand is wat in Gen. XLVII vers 19 e.v. aan Josef se toedoen toegeskrywe word. Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.41.

en Egipte word voortaan 'n militêre staat, waarin die Farao aktief deelneem. Naas sy visier het hy ook 'n tesourier, wat die regspraak en finansies respektieflik beheer.<sup>83)</sup> Sake van administratiewe aard hou die vors besig. Ook die offisiële kultus in die groot tempels eis meer van sy tyd.<sup>84)</sup> Die groot doel van sy aktiwiteite is om die land ekonomies sterk en produktief te maak.<sup>85)</sup>

In hierdie tydperk verskyn ook die ware professionele priesterklas, wat geleidelik weer politieke mag verwerf in hulle priesterlike organisasies, en die taak om die staatsgodsdienst instand te hou val op hulle skouers.<sup>86)</sup>

Egipte staan as gevolg van hierdie deeglike administrasie ten tyde van Totmes III (1501 v.C.—)<sup>87)</sup> gelyk met die groot moondhede van sy tyd; as eerste ryks-bouer word hy dan ook onthou.<sup>88)</sup> Amenhotep IV, sou 'n aspek in die owerheidstaak na vore bring wat slegs vergelyk kan word met die begin van monotheïsme ten tyde van die Hyksos. As geniale dromer, besef hy dat Egipte uit sy isolasie gedwing word tot internasionale verhoudinge, waarmee ook die heersende religie moet rekening hou,<sup>89)</sup> verhoudinge waarmee die songod intiem gemoeid is.<sup>90)</sup> Inderdaad was in die Antieke Ooste monotheïsme niks anders as imperialisme in die religie nie.<sup>91)</sup> As Amenhotep nou die Amondiens vervolg, en Aton as enigste

83) Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.13.

84) Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.43.

85) Sien Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.43-48, vir funksies ens. verrig deur visier.

86) Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.50.

87) En sy vrou Hatsheput.

88) Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.50.

89) Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.110.

90) Imperiale mag word sinoniem met die universaliteit van die songod se ryk as fisiese feit. Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.111.

91) Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.111-2. Die mees antieke simbool van die songod was die piramide, en die voël (falcon) wat egter slegs daar verstaanbaar was. Amenhotep het 'n wyer arena in die oog en daarom nou die nuwe simbool van die son met strale " a masterly symbol suggesting a power issuing from its celestial source, and putting its hand upon the world and the affairs of men."

God proklameer, verander hy selfs sy eie naam na Ichnaton! Die priester opstand dui vir ons egter dat hier enigsins 'n besef was van die oorskryding van sy bevoegdhede deur die owerheid.<sup>92)</sup> Nietemin kan daarin tog weer die ongedifferensieerdheid gesien word, waarin die owerheid ook die gehele religie as taakgebied het, en die universele karakter van hierdie natuurgod, dui voorts op 'n gedagtegang waarin die gehele lewe deur een religieuse motief beheers moet word.<sup>93)</sup> Die owerheid(vors) is verpersoonliking van die hoogste en mees universele mag van die natuur, wat die omvang van sy taak dan ook bepaal. Derhalwe is nêrens van 'n beperkte owerheidstaak sprake nie — 'n amptenare staat dus waarin handel, industrie, landbou en godsdiens tot owerheidstaak gereken word.

Nogtans is die instelling van die Atondiens en die priester opstand belangrik omdat dit tog daarop dui dat die owerheid in die religieuse, sy taak oorspan of dan minstens forseer het.

Die antieke monarg het inderdaad die gesagsmotief oorspan.<sup>94)</sup> Daar is ongeag die aanvaarding van 'n owerheidstaak, tenopsigte van regshandhawing in arche-tipiese sin, nogtans geen sprake van die owerheid as dienaar van die reg teenoor onderdane en ander volke nie. Vandaar die grenselose despotisme teenoor die onderdaan en die imperialisme teen ander volkere.<sup>95)</sup> Derhalwe geen sfeer vry van staatsinmenging nie,<sup>96)</sup> want die tirannie van die staatsowerheid is selfs nog ten tyde van Sokrates, duidelik oor die sfeer van die gewete.<sup>97)</sup>

92) Vgl. Cohen D., a.w., bls.9. Die monotheïsme van Ichnaton was dan as dogma gerig teen antropomorfisme. Vgl. verder in die verband Reneb Kakau van die tweede dinastie wat die diens van die Apis-bul te Sakharah begin het. Ancient History, Vol.I, bls.274.

93) Vgl. Cohen D., a.w., bls.11.

94) Du Plessis L.J., a.w., bls.7.

95) Van Nispen tot Sevenaar C.M.O. Demokratie en Verdraagzaamheid in Cult. Gesch. der Chr., Vol.V, bls.128.

96) Van Nispen tot Sevenaar C.M.O. a.w., Cult. Gesch. der Chr., Vol.V, bls.128.

97) Kohnstamm P.H., Democratie in de Branding, bls.82.

Immers die heidense wêreld was so ingerig dat die geluk van uitverkorenes slegs moontlik was deur die legioene van misrabele uitgeworpenes.<sup>98)</sup> 'n Diepe eerbied vir die menslike persoonlikheid sou onder die natuur- en kultuurreligies nêrens tot werklikheid word nie, hoewel Ichnaton wel deur die intellektuele ontwaking van sy tyd, die ou tradisies verbreek en in terme van 'n breër en groter wêreld begin dink, en as die eerste individu in menslike geskiedenis aangemerkt word.<sup>99)</sup> So 'n mensbeskouing—wat diametraal staan teenoor die latere Griekse en Romeinse heidendom, sowel as van die Judaïsme en Christendom,<sup>100)</sup> sou burgermondigheid nie bevorder nie, want steeds bly die individu deel van 'n groep of groter geheel, hoewel daar reeds hoogstens eksklusiewe groepe in die maatskappy onderken word.<sup>101)</sup> Die ingesteldheid van die owerheid teenoor en sy besondere taak ten opsigte van die individuele mens, soos begryp deur beide die humanisme en Christendom, ontbreek derhalwe in die antieke wêreld as 'n geheel. So is geen formele of politieke of sosiale demokrasie daarin kenbaar nie.<sup>102)</sup>

Aangesien ons geensins alle antieke monargië en beskawings in ons studieveld kan betrek nie, meen ons dat voorafgaande as voldoende illustrasie kan dien van die owerheidstaak onder die spesifiek heidense monargië wat onder leiding van natuur- en kultuurreligië dit nie verder bring

98) G. Kurth, L'Eglise aux tournants de l'histoire. Aangehaal deur van Nispen tot Sevenaar, a.w.,. Cult. Gesch. der Chr. Vol.5, bls.127. „le paradis terrestre des elics avait pour corrélatif l'enfer terrestre des multitudes.”

99) Cambridge Ancient History, Vol.II, bls.107.

100) Die Stoa se menswaardering staan byvoorbeeld hoog, en nie sover van die van die Christendom nie. Vgl. D. Loenen, Handelingse Vereniging van Wysbegeerte des Rechts, 1938, 2de gedeelte.

101) Van Nispen tot Sevenaar, Democratie en Verdraagzaamheid, in Cult. Gesch. der Chr. Vol.V, bls.127.

102) Van Nispen tot Sevenaar, a.w.,. Vol.5, bls.131.

Formeel in die sin van een of ander vorm van selfbestuur teenoor outokrasie, Politiek en Sosiaal in die sin van die reëling van die verhouding tussen lede van die gemeenskap en die diverse groeperinge na die eise van regverdigheid d.w.s. heerskappy van die reg.

as 'n magstaat sonder burgervryhede en politieke medeseggen-  
skap nie,<sup>103)</sup> en daarby nêrens 'n beperkte owerheidstaak aan-  
vaar nie. Immers die individu sowel as die samelewingsvorme  
lê ineengestremel of word deur een of ander verband  
geusurpeer. Waar ons dan wel die staat uit die patriargale  
familie sien individualiseer, behou dit andersyds 'n tota-  
litêre greep op die hele samelewingsorde, en veral kerk en  
gesin staan steeds onder die staatsowerheid.<sup>104)</sup> Die rudi-  
mentêre vorme van vrye vakorganisasies word wel hier en daar  
aangetref, maar daarby is staatsondernemings en staatsmono-  
polie die reël, en kan ons weldeeglik van 'n geleide ekono-  
mie by sowel Urukagina van Lagasj en Hammoerabi as by die  
Farao's van Egipte spreek.

Teenoor hierdie natuurgebonde geslote, of halfontslote  
toestande, waar die heersende kultuurreligie die mens tot  
selfbewussyn bring<sup>105)</sup> in 'n beskawingsontwikkeling in nega-  
tiewe — d.w.s. weg van God gerigte — sin, totstand bring,  
en derhalwe vanweë die afvallige rigting geen intrinsieke  
krag tot perpetuering besit nie,<sup>106)</sup> wil ons nou plaas 'n  
beskawing wat geleidelik, op die Woordopenbaring gebaseer,  
in gerigtheid op God, sou ontplooi. Ons dink hier aan Israel  
aan wie God sig andermaal na die sondeval en toringbou sou  
openbaar in die roeping van Abraham. Volgens ons beskawings-  
filosofie, soos in hoofstuk I nader ontleed, het ons hier  
wel reeds te doen met 'n positiewe gerigtheid in die be-  
skawingsgang. Daarby sien ons die opkoms van die owerheid

103) Vir verdere besonderhede t.o.v. die antieke monargie,  
sien die eerste drie volumes van Cambridge Ancient His-  
tory.

104) Vgl. Spier, W. de W., a.w.,. bls.105. Vgl. hier Ich-  
naton of Amenhotep IV.

105) Die primitiewe natuurbeheersing „die zich in zulke  
culturen ontwikkel, is niet in staat den mensch zijn  
uitgaan boven de natuurdingen tot bewustzijn te brengen”.  
Dooyeweerd H., W. de W., Vol.II; bls.225. Vgl. A New  
Critique, Vol.II, bls.297.

106) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.II, bls.226. A New  
Critique, Vol.II, bls.297.



vanaf die patriargale tot die monargale vorm in Israel ten beste geïllustreer. Verder bied Israel treffende illustrasie van isolasie temidde van 'n omringende heidendom, maar ook permeasie van ander kulture, sowel as self die slagoffer daarvan te wees. Vanweë die intieme verweefdheid met die beskawings van die Ooste, wat terselfdertyd die teenvoeter van die klassieke burgerstaat uitmaak, behandel ons Israel egter in verband met 'n volgende paragraaf.

## II. DIE SEMITIESE STAATSORGANISASIE — Israel 'n Keerpunt.

Die roeping van Abraham, soos reeds aangedui, moet aangemerkt word as 'n doelbewuste ingryping van God in die proses van beskawingsontwikkeling. Die verstrooiing van die volkere ná die toringbou was die begin van hulle degenerasie en natuurgebondenheid.<sup>107)</sup> Onder leiding van eers die kultuurreligie vind ontsluiting plaas, maar in negatiewe sin.<sup>108)</sup> Dit is derhalwe 'n belangrike beslissing wat gevel moet word ten opsigte van die gerigtheid van die proses, wat alleen begryp kan word indien onthou word dat daar 'n afvallige geloof is, en 'n geloof wat alleen deur Gods Gees in die mens werksaam kan word.<sup>109)</sup> Derhalwe moet die beskawings van die antieke heidendom beoordeel word in die lig daarvan dat die modale sin van die geloof in die restriktiewe funksie, wel sy wesenlike transsendentale grenskarakter behou, maar dat die ware rigting op die absolute oorsprong omgekeer is in die verabsoluttering van die skeppingsgegewe.<sup>110)</sup> In hierdie restriktiewe

107) Sien Dooyeweerd H., W.de W., Vol.II, bls.225. „De mensch heeft hier niet zijn uitgaan boven de natuurdingen, zijn persoonlijkheidsbesef is diffuus, verstrooid, incorporeert de persoonlijkheid zelfs zonder bezwaar in dieren, planten, of levenloze dingen, mist ook de richting op de individualiteit der persoonlijkheid, en is besloten in het starre verbandsbesef.” Vgl. A New Critique, Vol.II, bls.297.

108) Sien Spier W.de W., bls.105 en Dooyeweerd H., W.de W., Vol.II, bls.126 e.v. A New Critique, Vol.II, bls.181 e.v.

109) W. de W., Vol.II, bls.227, A New Critique, Vol.II, bls.297.

110) H. Dooyeweerd, W. de W., Vol.II, bls.237, A New Critique, Vol.II, bls.309,310.

sin geneem, kan dié afvallige geloof dus nooit die aanknopingspunt wees vir die positiewe ontwikkeling en sinverdieping van die geloofsfunksie nie, maar moet eerder as transsendentale grenspunt in die devolusie, die verbastering en verwildering van die ware aard van die geloof gesien word,<sup>111)</sup> hoewel dit tog kan fungeer as aanknopingspunt vir transsendentale sinverdieping in die proses van geloofsafval. Daarteenoor moet die aanknopingspunt vir die positiewe ontwikkeling en sinverdieping van die geloofsfunksie tot die volheid van die Christelike geloof in skriftuurlike lyn gesoek word in die struktuur van die geloof, soos dit deur God in die menslike natuur ingeskape is, en wel in sy primêre ontslotenheid vir die Goddelike Woordopenbaring. Maar Dooyeweerd poneer dat na die sondeval 'n primêre ontsluiting slegs moontlik is deur die genadige werking van Gods Gees in die ontsluiting van die hart.<sup>112)</sup> Juis omdat die afvallige geloofsfunksie assulks geen aanknopingspunt bied vir 'n ontwikkeling tot Christelike geloof nie, moet die religieuse wortel self omgekeer word, — 'n radikale omsetting van die rigting van die geloof. dus — waar toe die afvallige mens self onmagtig is.<sup>113)</sup> Vandaar ons stelling dat by die verrekening van die owerheidstaak ons by Israel, met sy rigting op God, soos gegee in die Goddelike roeping van Abraham, met 'n geheel ander materiële inhoud van die taak moet reken, indien dit dan wel nog na die formele sy ooreenstem, as wat die geval is by die omringende beskawings met hulle negatiewe gerigtheid.<sup>114)</sup>

111) Dooyeweerd, W. de W., Vol.II, bls.238, A New Critique, Vol.II, bls.310. Vgl. ook hier Kuyper se Gemene Grafie deel II, bls.255/6.

112) W. de W., Vol.II, bls.239, A New Critique, Vol.II, bls.310.

113) W. de W., Vol.II, bls.239, A New Critique, Vol.II, bls.311.

114) Want selfs die waarheidsmomente in die inhoud van die afvallige geloof blymagteloos teenoor die radikaal-valse rigting, wat die pistis deur die sondeval aangeneem het. W. de W., Vol.II, bls.239, A New Critique, Vol.II, bls.311.

Die geskiedenis en ontwikkelingspeil van die Ur van die Chaldeërs is derhalwe weldeeglik vir ons van belang, in die roeping van Abraham. Maar daarby is die koers en rigting van al die semitiese beskawings van belang nl. Sirië, Babilonië, en Assirië, Arabië en Moab sowel as die van die Fenisiërs. Verder is die drakrag van hierdie ou beskawings merkbaar in die latere Persiese Ryk ± 538 v.C., wat as tydgenoot van die Atheense burgerstaat ten opsigte van die owerheidstaak, vergelykende materiaal kan verskaf.

Kenmerkend van die semitiese staatsinrigting is dat dit 'n verreikende interkonneksie openbaar van religieuse en maatskaplike, politieke en ekonomiese lewe.<sup>115)</sup> Die posisie van die man binne die gesin as ba'al word treffend weer-gegee in die latere patriargale grootgesin soos Abraham as herdersvors<sup>116)</sup> inderdaad ten tyde van sy roeping handhaaf! Immers Abraham se afsnyding van sy huis en haard beteken nie noodwendig ook afsnyding van alle kulturele erfenisse nie, maar die koers en rigting daarvan sou radikaal verander vanweë die ware religie wat nou vir die eerste maal deur Gods genade aan die mensheid heropenbaar word. Dus waar die uitgangspunt en wortel van alle owerheidsgesag in Gen.III vers 16 aangedui word,<sup>117)</sup> vind ons in die geskiedenis van Kain dat daar van God self 'n betuelende mag uitgaan met betrekking tot die heidenwêreld, maar ook dat God self die elemente van reg in die wêreld indra en private wraak, wat as reg wil poseer, teenhou.<sup>118)</sup> Hierby kan Abraham in sy unieke posisie

115) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.209. "Semitic social-political theory is fundamentally bound up with religious ideas."

116) Vgl. Edelkoort H., a.w., Cult. Gesch. der Chr. Vol.I, bls.11-12.

117) Omdat God inderdaad hier vir die eerste maal aan een mens oor 'n medemens mag en seggenskap gee. Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.31.

118) Kuyper A., Locus.... bls.32.

aansluit,<sup>119)</sup> sodat die ware skriftuurlike sin van die owerheid in sy instelling en taak vir die eerste keer nou geponeer word.

Die patriargalestelsel soos ons dit by Abraham vind, is dan uitvloeisel van die patria potestas in sy verdiepte sin.<sup>120)</sup> Waar Israel (in Abraham in prinsipe reeds beliggaam) uitsluitlik nou onder die besondere openbaring lewe, is dit die enigste ware manifestasie van die teokrasie, d.w.s. God oefen self regstreeks Sy gesag oor die mense uit,<sup>121)</sup> soos by implikasie in Jesaja 33 vers 22 staan „Die Here is ons Regter, die Here is ons Aanvoerder, die Here is ons Koning; Hy sal ons verlos.“<sup>122)</sup> Die taak van 'n menslike owerheid is daarmee in die wortel afgesny, daar is geen wetgewer onder die mense nie, want Israel ontvang sy wet en reg van God.<sup>123)</sup> Juis daarom is dié Torah geen menslike breinwerk nie, en daarby oefen God as Koning van Israel sy gesag regstreeks uit deur die urim en thummen en deur die instelling van die profetedom — die oordelende en leidende taak van die owerheid kom God dus alleen toe.<sup>124)</sup> Hy word nie as God van verre aangeroop om providensiële hulp, soos by die omringende heidendom nie, maar is teenwoordig in die Heilige der Heilige.<sup>125)</sup> Indien hier van 'n owerheidstaak gespreek mag word, sal dit wel die enigste suiwere en ewige manifestasie van die ware bedoeling van God vir die taak van

119) De roeping van Abraham is dus „het laten uiteengaan van de Gratia Specialis en de Gratia Communis ze krijgen nu elk een eigen terrein.“ Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.46. Ons kursiveer. Hier noem ons slegs Dooyeweerd se waarskuwing in sy voorwoord tot Vol.III, dat hier nie sprake mag wees van 'n deurgevoerde dualisme nie.

120) Kuyper, Locus....bls.175 e.v.

121) Kuyper A., Locus....bls.258 e.v. Teokrasie beteken, die ~~ἰσχυρὸν~~ van God, sine mediis interpositis. (Flavius Josephus gebruik die begrip waar hy verklaar dat Israel aan God ~~ἰσχυρὸν~~ en ~~κατατὸς~~ oorlaat).

122) Vgl. Kuyper A., Locus...bls.259. Die statevertaling sê „Wetgewer“ vir „Aanvoerder“, die Engelse vertaling gebruik ook wetgewer - Lawgiver.

123) Soos blyk uit die wetgewing op Sinaï — God is self wetgewer. Hy dra die soewereiniteit en is Opperste Maghebber.

124) Vgl. die oordeel oor Korag en Abiram.

125) Vgl. Kuyper A., Locus....bls.260.

die owerheid wees, waarvan ons vanweë sondegebrokenheid en beperktheid van insig en kennis, geen korrekte beeld kan vorm nie. Daar bestaan in Israel, afgeskei van die ryksregering van God (*κράτος* en *ἀρχή*), ook egter aangewese hoofde in vele geledinge as gevolg van die patriargale element. Israel is inderdaad 'n groot huisgesin<sup>126)</sup> met onderverdeling in organiese vertakkinge.<sup>127)</sup>

Interessant is dat ons slegs by Israel onder die teokrasie die verdeling tussen die staatlike en kerklike funksies kry. Moses is die instrument deur wie God sy teokratiese regering uitoefen,— Aäron was die Hoë-priester. As die koningskap in die latere bedeling wegval, ontstaan daar geen anargie nie, maar bly die patriargalestelsel bestaan, soos dit selfs in die ballingskap bewys is.<sup>128)</sup> Die teokrasie bestaan egter nie in die gesinslewe nie, omdat die vader deur skeppingsordinansie as hoof van die gesin en draer van gesag gestel word, en dit kan inderdaad slegs in die geval van 'n rykseenheid tot uiting kom.<sup>129)</sup> Daarmee is onder die teokrasie in beginsel die Goddelike instelling van die gesin bevestig en sy eie innerlike verbandsprinsipes erken. By die huweliksluiting was nóg die owerheid nóg die kerk gemoeid, en die kerklike en staatkundige owerheid laat sig nie in met die trouseremonie nie.<sup>130)</sup> Nietemin bestaan daar in die wet van Israel allerlei bepalinge ter beskerming van die huwelikslewe en die regte van man en vrou en kind.<sup>131)</sup>

- 
- 126) Vgl. die uitdrukking *ביתו של* — Huis van Israel. Vgl. Kuyper A. Locus....bls.262.
- 127) Eers Huis van Israel dan *ביתו של* en *ביתו של* — d.w.s. alle seuns van Israel, dan kleinseuns, en at agterkleinseuns. Vgl. Kuyper, a.w., bls.262.
- 128) Alexander die Grote beeindig dit inderdaad eers met die *Βουλή* in die stede van Jerusalem.
- 129) Kuyper A., Locus.... a.w., bls.267.
- 130) van der Merwe A., Die Huwelik, Sacum, 1953, bls.22-3. Vgl. Wielenga B., Het Huwelijk als Inzetting Gods— J.H. Kok, Kampen, 1936, bls.42.
- 131) Vgl. Kuyper A., De Gemeene Gratie, 4de Druk, J.H.Kok, Kampen. Vgl. ook van der Merwe A., a.w., bls.23. Vgl. ook die betrokke gedeeltes in Levitikus.

Intussen het God dit beskik dat die religieuse isolement van Israel,<sup>132)</sup> geskied binne die beskawingsverkeer met ander volkere en kulture. So sou Israel sy eie kultuur verryk met die tegniek van Egipte,<sup>133)</sup> maar ook verlaag in sommige gevalle. Die uittog beteken egter 'n algehele breuk met die Egiptiese kultuur.<sup>134)</sup> Die verblyf in die woestyn sou egter geen kultuurloosheid beteken nie, maar eerder 'n volle diensbaarmaking van die gehele volk aan die religie soos blyk uit die wetgewing (Eks.20-23), waarin die gehele geestesbesit van die volk bewaar en beskerm word in die vorm van absolute imperatiewe.<sup>135)</sup> As Israel hom isoleer van die Oosterse kuns en kultuur, moet onthou word dat die kuns 'n religieuse uiting was, en assulks heidens en pervers in sy sedeloosheid en bedwelming.

Eers as Israel die kultuur en religie van die heidene begin aanneem, verbaster die Goddelike heerskappy, deurdat die volk dit self afsny, en dié religieuse verval bring die eis om 'n koningskap mee. Ons kan wel spreek van die kananitiesering van die religie, maatskappy en staatlike instellings.<sup>136)</sup> Die instituut van die koningskap is verraad aan die teokrasie, en vanweë kulturele en religieuse verval, sou die koning met Goddelike eer bekleed word en verval in onbegrensde despotisme, soos die konings van Kanaän (1 Sam. 8:11-18). Maar die koers en rigting van die beskawingsontwikkeling tree nou beslissend op, en sou sowel die formele struktuur, as die materiële inhoud van die koningskap hier wesenlik anders wees. Die Koning van Israel sou geen god wees nie, maar sou self aan Gods wette gebonde wees (1 Sam.10 vers 25). Al sou die owerheidstaak soos aanvaar deur Saul en sy opvolgers, na die

132) „Van meet af zijn beide Jodendom en Christendom één in het exklusief en absoluut-karakter hunner religie de groote ergernis van het pluriforme heidendom.“ Hommes N.J., Cult Gesch.der Chr. Vol.II,bls.7

133) Min of meer 4 eeue is daar deurgebring.

134) Edelkoort H., a.w., Cult.Gesch.der Chr.,Vol.I,bls.14.

135) Vgl. hierteen Hammoerabi se sekulêre kode as gewone kultuurprestasie. Edelkoort H., a.w., bls.17.

136) Edelkoort H., a.w., Vol.I.,bls.23.

formele veel ooreenstemming toon met die heidense praktyke van die antieke monargie, is die materiële inhoud daarvan, soos immers blyk uit Gods oordele en profete-optrede, wesenlik begrensd.<sup>137)</sup>

Met die koningskap is Israel se isolement egter nou nog net religieus, want die handel en verkeer sou 'n sterk uitwisseling van kultuur meebring, ook van vreemde gebruike en sedes. Israel word opgeneem in die stroom van die wêreld-kultuur, en maak deel uit van die internasionale lewe.<sup>138)</sup> Die kultuur infiltrasie lei tot 'n heillose sinkretisme waardeur die „geheel enig karakter van Israels bezit aan openbaaring Gods verloochend werd.“<sup>139)</sup> Immers die permeasie in die godsdienste van Israel van 'n heidense kultuur, blyk noodlottig te wees. So is die grootheid van Salomo 'n skynglorie, na Oosterse analogie, gekoop met die bloed, sweet en armoede van die volk.<sup>140)</sup> As die volk ekonomies hiervan bewus word, as gevolg van hulle toenemende mondigheid, volg die verdeling van die monargie na sy heerskappy.<sup>141)</sup> Die stryd van die religie van die openbaring en die kultuur van die omringende heidenwêreld, sien ons skerp geteken in die stryd tussen Elia en Achab.<sup>142)</sup> Elia verset sig teen 'n despotisme en tree op as pleitbesorger van die reg en die owerheidsamp soos gegee in die geopenbaarde religie. Trouens Israel kan alleen meedoen aan die heidense kultuur mits sy eie religie ook verword is, sonder enige sedelike norme.<sup>143)</sup>

-----  
137) Vgl. Achab en Nabot, David en Nathan. Vgl. ook Saul en die offerande.

138) Edelkoort H., Cult.Gesch.der Chr., Vol.I, bls.28.

139) Edelkoort H., a.w., Vol.I, bls.29.

140) Edelkoort H., a.w., Vol.I, bls.30.

141) Rehabeam se afgodediens illustreer die verwerde kultuur van die omringende heidendom ten beste.

142) Edelkoort H., a.w., Vol.I, bls.31.

143) Vgl. Amos. 2 vers 7 en 8. Sy prediking is 'n protes van „de waaragtige religie teen 'n vooze kultuur“; Edelkoort H., a.w., Vol.I, bls.36.

Die hoogkonjunktuur van die Assiriese beskawing val omstreeks 730-630 v.C.)<sup>144)</sup> Israel se kontak met die Assiriese kultuur kom as gevolg van Ahas se vriendskap met die heiden- dom (2 Kon.16 :10-16.)<sup>145)</sup> Maar Jesaja as verteenwoordiger van Israel se wettige religie, stry teen infiltrasie van hierdie kultuur, wat sy bedwelming op die volk meebring (Jes.28 vers 7). As gevolg van die Assiriese invloede sou die koning veel meer 'n despotiese pretensie teenoor die begrensing van die owerheidstaak, soos vervat in 1 Sam.10 vers 25, daarop nahou. Juis die Assiriese ryk word gekenmerk deur grenselose despotisme, waarin van 'n selfstandige priesterlike amp byvoorbeeld geen sprake is nie.<sup>146)</sup> Ook op administratiewe gebied het die Assiriese vorste 'n grenselose energie aan die dag gelê, — stede bou met uitstekende waterwerke vir Nineve is onder die moderne(!) take onderneem. Nuwere ondersoekers meen dat die politieke en sosiale stelsels van Babilonië en Assirië waarskynlik heelwat verskil het.<sup>147)</sup> Vir ons doel is dit egter belangrik om te weet dat 'n onderskei- dende teologie slegs bestaan het in die Ashur-diens van die Assiriërs.<sup>148)</sup> Assirië vorm inderdaad 'n volk, want die land van Ashur kan slegs deur een vors regeer word, en wel deur die amp van limmu.<sup>149)</sup> Die koning se herbevestiging deur die god,

144) Edelkoort H., a.w., Vol I, bls.36. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.1-30 vir die voorgeskiedenis van Assirië 1100-900 v.C. — onder Asurbanipal en Salmaneser III. Die Hoogkonjunktuur begin inderdaad met die werk van Tiglath-Pileser III 745-727 v.C.

145) Vgl. Verder Mannassa. 2 Kon.21.

146) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.45. Derhalwe kan die konflik tussen priester en militaris soos in die geval van Sargan II en Tiglath-Pileser III beweer is, nie bestaan het nie.

147) Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.89.

148) Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.90.

149) Ashurdiens, beheers die Assiriërs, wat "more gloomy and fanatical" — in hulle godsdiens was. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.92.



Ashur, en die gepaardgaande religieuse seremonies het duidelik „great significance in supporting a central, national authority.”<sup>150)</sup>

Die gesag van die vors was in teorie onbeperk, maar in praktyk het wel 'n begrensing bestaan soos in die geval van Croesus, of van die Griekse tiranne. Die vors se posisie binne die kader van die religieuse, verg dat hy persoonlik die leiding van die gode in sake van nasionale belang soek. Die orakels van die gode, gee aan die aristokratiese klas, wat alleen die amp van priester kan beklee, egter 'n politieke gesag, wat die beleid van die vors indirek kan beïnvloed. 'n Begrensing van die omvang van sy taak en mag vind aldus plaas deur dat meer persone se mening erken is. Daarby was die politieke welvaart van Assirië, tot 'n groot hoogte afhanklik van die toestand van sy laërklasse,<sup>151)</sup> wat in die behoeftes van die staandemag moes voorsien, gevolglik vind ons wetgewing om armoede te verlig. Vanweë die voortdurende oorlogstoestande, vind ons omvattende wetgewing ten opsigte van vrouens wie se mans krygsgevangenes is,<sup>152)</sup> en die sorg, -- ook waarskynlik vir ander armes, -- was 'n staatsverantwoordelikheid.

Die gehele regspraak berus by die vors, en die magistrade is bloot sy verteenwoordigers. Die Assiriese kode ±1300 v.C. het egter reeds voorgangers gehad,<sup>153)</sup> en is inderdaad 'n juris se kommentaar op die administrasie van gemeenereg.<sup>154)</sup> Die beskawingstoestand het 'n baie ingewikkelde maatskaplike lewe beliggaam, derhalwe bestaan uitgebreide huwelikswetgewing,<sup>155)</sup> asook deurtastende reëls ten opsigte

150) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.93, „the eponym official of the year” -- Eers verrig die vors die religieuse funksie, daarna sy hoogste amptenare in suksessie.

151) Die proletariaat was bekend as khubshi.

152) bls.98 van Cambr. Ancient History, Vol.III.

153) Die invloed van Hammoerabi word egter ontken.

154) Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.105.

155) Twee soorte huwelike word erken. In een voeg die vrou haar by die man, in die ander bly sy by haar ouers.

van vroue.<sup>156)</sup> Die gesag van die vader word steeds erken, maar met hierdie heterogene huweliksgewoontes, is owerheidsbemoëing met die huwelik beslis gebiedend. Die aantal wette teen onnatuurlike en onwettige geslagsgemeenskap toon dat die owerheid wel met 'n immorele gemeenskap te doen het, en daarby vind ons ook nog wette teen abortus provocatus,<sup>157)</sup> wat weer daarop dui dat die owerheid hier 'n a-tipiese taak aanvaar teneinde 'n beskaafde sosiale en morele standaard daar te stel, veral daar intensionele aborsie as misdad teen die staat en teen moraliteit gesien word. Naas sy taak as regshandhawer aanvaar die Assiriese owerheid derhalwe nog bykomende take ten opsigte van die beskawing van die volk.

Na die val van die Assiriese ryk, kom die nuwe Babiloniese ryk wat op sy beurt weer plek maak vir die Perse. Babiloniese supremasie onder Nebukadneser is belangrik vanweë die kontak daarvan met die geopenbaarde religie in die tyd van Jojakim en die val van Jerusalem in 597 v.C.<sup>158)</sup> Die finale ondergang van die ryk word gestel op 539 v.C.<sup>159)</sup> Die Persiese ryk staan dan sterk op die voorgrond ten tyde van die klassieke burgerstaat in Athene en elders.

Opsommend vind ons in hierdie Semitiese staatsinstellings dan 'n aanvaarding deur die vors (owerheid) van sy taak as

-----  
156) Vgl. bls.106 Cambridge Ancient History, Vol.III, Vgl. verder wetgewing ten opsigte van die sluiers by vrou en die ontsluiting van prostitute.

157) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.106-7.

158) Vgl. 2 Konings 24. Asook Jeremia 23.

159) Vgl. Daniël 5 vers 30. Cambridge Ancient History, Vol.I, bls.107 e.v. Waar die profete van Israel in dié tydperk anti-kultureel optree is dit vanweë die gevaar wat skuil vir die suiwerheid van die religie in oorheersing deur konkreet heidense kulture. Vgl. Edelkoort H., a.w., Vol.I, bls. 42-8. Jesaja en Esegël staan afwysend teenoor die Babiloniese beskawing, waar die volk in ballingskap, 586 v.C. onder die beheersende invloed van dié hoë beskawing staan. Immers die profete verlang na 'n beskawing onderworpe aan die ware God.

regshandhawer, maar dan in die onbegrensde sin daarvan. Op meer gevorderde beskawingsvlak vind ons 'n byna oorspannende a-tipiese, besondere taak aanvaarding ten opsigte van religie en gesinslewe. Veral die moraliteit van die volkbaar sorg, en ons is nie verbaas om owerheidsoptrêde te vind nie. Immers in afwesigheid van die vernuwende invloed van die geopenbaarde religie soos by Israel, moes die morele peil besonder laag gewees het. Juis die demoraliserende uitwerking daarvan op Israel is bewys genoeg hiervan. Waar die owerheid van Israel, onder leiding van die ware religie, egter hiervoor die heraanvaarding deur die volk van die godsdiens en sedes van hulle vaders as positiewe taak kan aanwend, bly dit by die omringende heidendom slegs negatiewe optrede, deur wetgewing en straf.<sup>160)</sup> Weereens bewys dat, waar die owerheidstaak van Israel formeel wel met dié van Assirië, Babilonië en Persië kan ooreenstem, daar 'n diepere materiële inhoud is, wat alleen uit die geopenbaarde religie verklaar kan word. Juis die profete van Israel sou die beskawing en sy uiterlike produkte hanteer as instrument van die religie tot eer van God, sodat die ware religie louterend en reinigend kan inwerk, teneinde die nuwe beskawing, wat hoewel dit elemente ontleen aan hierdie wêreld, tog sy finale doelstelling in Gods eer te laat vind.<sup>161)</sup> Daarom het staat en kerk in 'n hegte welgegronde verband saamgewerk onder Nehemia en Esra, want afgesien van politieke aspirasies beoog hulle 'n uitsluitlike religieuse gemeenskap, 'n suiwer Joodse beskawing — vry

160) Die heidendom se Murdoks, Baals, en Astarte dien juis tot bedwelming (vgl. Jes.28 vers 7), van sinne en derhalwe seksuele eksesse, ens. Aan hierdie homoseksuele prostitusie wat die kanaanitiese tempels kenmerk het Asa byvoorbeeld 'n einde gemaak in Israel. † 730 v.C. Vgl. Edelkoort, a.w., bls.35.

161) Edelkoort H., a.w., bls.43. Israel se heil Iê in sinverandering, bekering, bls.44. 'n Beskawing wat by Israel se religie en die openbaring sou pas. Die pogings van die Nasiriërs, sowel as van Zacharia (14 vers 20) staan in die lig hiervan.

van skadelike kulturelemente.<sup>162)</sup> Voorwaar die owerheids-  
taak in Israel het 'n onpeilbare inhoud, en getuig van gees-  
telike en morele spankrag van die owerhede, wat naas die  
suiwer juridiese, ook getrou 'n geheel-taak aanvaar, ten  
opsigte waarvan die besondere posisie van Israel in die be-  
sondere genadeverbond, as ligbaken moet staan teenoor die  
omringende heidendom en sy owerheidspraktyke wat kosmosen-  
tries gerig, — vanweë die kultuurreligieuse stroom waarin dit  
ingebed is, — die glorie en eer van vorste beoog. Vandaar die  
antitese tussen Daniël en sy meesters- Nebukadneser, en  
Darius — 'n antitese van geopenbaarde religie teenoor afvallige  
kultuurgodsdiens, 'n antitese in inhoud en doel van die ower-  
heidstaak, 'n antitese in waardering van vervulde taak deur  
die owerheid — tot eer van God of tot eer van Nebukadneser.<sup>163)</sup>

Die oorspanning van die gesagsmotief by sowel die antieke  
monargie, as die Oosterse tydgenoot van die klassieke burger-  
staat, vind sy negasie in die nuwe staatsvorm wat opbloei onder  
die nuwere kultuurreligies, min of meer 'n duisendjaar voor  
Christus. Hier sou die ongebreidelde despotisme aanvanklik  
patriargaal beperk word, en vanweë die voortgaande selfstan-  
digheid en burgermondigheid sou die klem op burgervryheid val.  
Trouens die besondere implikasies van die oorsienbaarheid van  
die stadstaat op die owerheidstaak, verg ons nadere aandag.

#### IV. KLASSIEKE BURGERSTAAT (POLITARGIE)<sup>164)</sup>

Algemeen word aanvaar dat die Aegiese beskawing in-  
heems aan Europa is, en derhalwe nie ontleen aan die kulture  
van Egipte of Asië nie. Die kulturele en religieuse invloed  
van Fenisië is egter merkbaar in die religie.<sup>165)</sup> So is  
Afrodiete — afkomstig uit die Fenisiese stad Thebes — die

162) Hulle begryp dat die profete tot die eue spreek as die  
nasionale en politieke enigsins agterweë bly. Edelkoort  
H., a.w., Vol.I, bls.51.

163) Daniel 4 vers 30 - e.v. „Is dit nie die grote Babylon  
wat ek gebou het nie?“....  
Vgl. die oordeel van God. Daniel 5 vers 32.

164) L.J. du Plessis, a.w., bls.9.

165) Vgl. ook die Griekse alfabet. Vgl. Cambridge Ancient  
History, Vol.III, bls.576.

antitese tussen vorm- en materie-prinsipes te oorbrug. 169)

Die beslag wat die nuwere kultuurreligie op die gang van sake in die stadstaat <sup>170)</sup> gelê het, het egter in die staatsinstellinge bevruggend gewerk. Die instroming van patriargale gemeenskappe in die westelike gebiede van die antieke monargie, <sup>171)</sup> is oorsaak van die ontstaan van die nuwe staatsvorm. Die Attiese state, wat mede as gevolg van die landsgesteldheid opkom in die afgeslote vlaktetjies en see-engtes, is inderdaad stadskulture.

Die monargale vorm is egter soos genoem patriargaal getemper. Die absolute magte van die vors was voorheen noudliks beperk deur die adviserende posisie van die volksvergadering. Die ou patriargale families begin egter geleidelik magte verower, totdat hulle die monarg totaal verplaas en self

169) Sien verder Venter E.A., a.w., se insiggewende en bevatlike ontleding van dié sintese pogings en die primaat wat telkens aan een van die spanningskomponente toegeken word van Thales (624-545 v.C.) e.v. veral bls.19 vir ontleding van Pythagoras.

Vir 'n humanistiese ontleding van die Griekse denke, sien Burnet J., Greek Philosophy, Thales to Plato, McMillan & Co. Ltd., London, 1943. Mens soek hier egter tevergeefs na 'n verrekening van die religieuse grondmotiewe, behalwe dat op bls.12 die gedagte van intellektualisme by die Griekse wysgere verwerp word ten gunste van die religieuse.

170) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.687 e.v., vir die ontwikkeling van die stadstaat uit die patriargale toestande.— Vgl. veral bls.690-692 vir oorsake van opkoms van die stadstaat, en die begrip sympoliteia, — sharing of citizenship, bls.694. Vgl. ook bls.579 e.v. Naas ekonomiese (handel) en verdedigings vraagstukke sou sosiale vraagstukke ook die opkoms van die polis bevorder. "The development of justice is the shadow of the development of the city-state," d.w.s. wanneer regspraak nie langer die prerogatief van 'n koning is nie, maar wel van die ouderlinge of oudstes, begin die patriargale invloed die monargie temper. Vgl. Skild van Achilles — bls. 695.

171) "The ancient Greek monarchy had no depth of earth and the nobles sprang up and choked it." bls.699 Ancient History, Vol.III, Die groot Völkerwanderung van die Griekse wêreld! Die historiese Grieke kom van die noorde. Die suidwaartse trek het begin met die invalle van die Thesaliërs en na hulle die Boëtiërs. Die Doriërs verdrywe deur die Boëtiërs trek die Pelloponesos binne. Die verhuising bring mee die Aëliese migrasie (Lesbos), die Ioniese migrasie (na Asië) en die Doriese migrasie na Kreta en Asië. Die eenheid van die state vind plaas op 'n later datum en die synoikos-fees is daarvan herinnering. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.579 e.v.

eweknie van die Oosterse Astarte. Die Griekse religie is dan inderdaad 'n mengvorm van natuuraanbidding, fetisjisme en voorouerverering. 'n Verskeidenheid van gode is egter ten tyde van Homeros taamlik voorsien van persoonlike identiteit, hoewel daar nog attribute was wat verskil in die Illiad en Odyssey.<sup>166)</sup> Die natuurreligie, die voorvaderlike godsdiens van die Grieke, behou egter in die nuwe Pantheon van Olympus as religieuse grondmotief sy aanspraak, en veral één grondmotief het 'n blywende, ondergrond behou in die Griekse bewussyn. Dit is naamlik die motief van die goddelike-, ewig-vloeiende lewenstroom wat uit die aarde opkom, en waaruit in die kringloop van die tyd periodiek alles ontspruit wat vorm en gestalte besit, maar wat egter steeds die blinde, onberekenbare doodslot (Ananké) ten offer val, teneinde die voortsetting van die kringloop van geboorte, dood en herlewing van dié ewig-vloeiende en vormlose lewenstroom te verseker.<sup>167)</sup> Hierdie motief vind volmaakte uitdrukking in die Dionysosdiens. Die Pantheon van Olympus tree nou met Homeros as nasionaal godsdienslike bindingskrag na vore. 'n Nuwe kultuurreligie dus — 'n religie van vorm, maat en harmonie, soos beliggaam in die Apollo-diens.<sup>168)</sup> Waar die gewone volk wel na die uiterlike konformeer tot die kultuur-kultus, en meedoen aan die verering van die offisiële gode van die polis, hou hulle in die privaat tog nog vas aan die voorvaderlike natuurreligie met sy materie-motief. Aldus ontstaan uit dialektiese spanning, die sintese pogings van die Griekse wysgere, om die

166) Homeros is na ons mening eerder 'n kodifiseerder van die faktiese gode — sodat uit die divergensie van gelowe, die Pantheon van Olympus opgebou is —

167) Venter E.A., Ontwikkeling van die Westerse Denke, Sacum, 1955, bls.13.

168) Venter E.A., Ontwikkeling van die Westerse Denke, Sacum, 1955, bls.14.

absolute gesag verwerf in 'n Oligargie.<sup>172)</sup> So word Athene in die agste eeu v.C. 'n Oligargie.<sup>173)</sup> Die Archons verrig elk 'n besondere deel van die owerheidstaak. So is die koning-Archon die religieuse hoof en die derde Archon die militêre hoof (polemarch). Ses van die Archons is judisiële hoofde.<sup>174)</sup> 'n Tydperk van anargie eerder as van regering het gevolg vanweë die onbegrensdeheid van die owerheidsopptrede en die heersende regsonsekerheid.<sup>175)</sup> Die Draco-kode 621 v.C. het hieraan

- 
- 172) Die uitsterwe van 'n vorste huis is teken vir verdeling van monargale magte tussen die families; of anders word die vors 'n marionet, ('a figure-head) wat slegs religieuse hoof is. Vgl. Athene se Monargie wat 725 v.C. geheel verdwyn nadat die Archon en Polemarch sedert die dae van Dodrus se dood hom geleidelik terugwing na 'n religieuse prerogatief. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.590 e.v. Vgl. ook bls.695 e.v. Vergelyk bls.699 vir opkoms van adel. Vgl. ook Aristoteles se siening op bls.700.
- 173) Die stad word regeer deur 9 Archons en die Raad van Aeropagus. Dit volg natuurlik eers nadat die eenheid van Athene en die Attiese stede in die synoikosmos teweeggebring is in die 8ste eeu v.C. hoewel dit ±1000 v.C. begin het. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.580 e.v.- Die Archonskap is die vernaamste oorsaak vir die verval van die monargie. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.591.
- 174) Vergelyk hiermee die Assiriese gebruik van limmu. Sien Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.3 en bls.591 e.v. Die theisomothetae "setters or fixers of the law."
- 175) Tot 'n sekere hoogte bewaar die broederskappe 'n mate van beperking, deurdat hulle sekere funksies behou. Waar dit in die vroegste historiese tye ook Sakrale funksies verrig en veral gesamentlik verantwoordelik is vir die Dionysos-dienste, behou dit van die oorspronklike voogdyskap oor lewe en eiendom, slegs die reg tot vervolging van die moordenaar van 'n stamlid (voor die wettige tribunale!) en die verklaring van die egtheid van kinders van hulle lede. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.583.

nie veel verligting gebring nie. Die interne ekonomiese toestande, en veral die armoede van klein boere wat in skuld raak by die Eupatridae (595 v.C.†)<sup>176)</sup> en wat onder Draco se kode derhalwe as slawe verkoop kon word, loop gevaar om geheel en al as klas of groep te verdwyn. So word Solon<sup>177)</sup> in die krisis as Archon met volle wetgewende magte belas. (594 v.C.) Hy neem ingrypende maatreëls, wat vir die owerheidstaak besonder insiggewend is. Sy skuld-wette verbied die aanbieding van die persoon as sekuriteit. Daarby beveel hy die vryskelding van rente betaal deur grondhuurders.<sup>178)</sup> So is sy muntwette bedoel om ekonomiese toestande indirek te verbeter, en die wisselbaarheid op internasionale gebied te verseker. Die verdere konstitusionele hervormings sou aan die burgery 'n beslissende stem in die beheer van sake gee sonder administratiewe bevoegdhede. Die bestaande familieindelings word nou as basis vir staatsmasjienerie vervang deur sy nuwe klasse, wat volgens besit en eiendom ingedeel is.<sup>179)</sup> 'n Besondere taak deur 'n owerheid aanvaar, wat na ons mening tog illustreer dat die gehele burgery nie mondig genoeg is vir politieke

176) Vgl. Calhoun G.M.A., a.w., bls.52. Vgl. Ancient History, Vol.IV, bls.28-31.

177) Solon het reeds in Theognis van Megara 'n geesgenoot. Sy denke is in dieselfde kader as die van Solon, en weerspieël waarskynlik die denke van Hellas teen die einde van die sesde eeu v.C. Vgl. Calhoun G.M., The Growth of Criminal Law in Ancient Greece, bls.40. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IV, bls.31 e.v. vir Solon se werke. Vgl. Bonner & Smith, a.w., bls.83 e.v. vir pre-Solonistiese wetgewing en regspraak.

178) Linforth sê dit is, "temporary expedients," omdat daar nog nie sprake van redistribusie van grond is nie, aangehaal Calhoun G.M., a.w., bls.55-6. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IV, bls.36 e.v. vir Solon as ekonomiese hervormer. Solon wou nie sonder meer toegee aan die eise vir redistribusie nie. Vgl. Bonner & Smith, a.w., bls. 165 e.v.

179) Hierdie indelings wat sedert Homeros se tye bestaan reken die individue derhalwe nie mee nie, maar ekonomiese toestande veroorsaak Solon se indeling :-

- 1) Pentekosiomedimni — 500 medimni koring inkomste en daarbo.
- 2) Hippeis — (ridders) 300-500 medimni.
- 3) Zeugitae — 150-300 medimni — Eienaars van twee osse.
- 4) Thetes — onder 150 medimni; ook alle ambagslui en handelaars tensy hulle grond koop.

Vir die oorspronklike indelings in phylai (phylen) (stamme) en phratriaië broederskappe en genès (familie-groepe) sien Cambr. Ancient History, Vol.III, bls.582 e.v. Vgl. ook Calhoun, a.w., bls.48. Vgl. Vol.IV, bls. 39 e.v.



medeseggenenskap nie, vandaar die uitsluiting van die Thetes (4de groep) uit ampte, maar wat daarby ook vrystelling van belastings ontvang. Onthou moet word dat eiendom en inkomste tot in die moderne tyd as basis vir stemreg geneem is,<sup>180</sup> en dat daarmee steeds gepoog is om die minder ontwikkelde lae van die bevolking van die stemreg uit te sluit.

Die algemene wanbestuur van die oligargie was egter vir die burgery ondraaglik en vandaar die opkoms van die tiranne,<sup>181)</sup> waarvan Peisistrates 560 v.C. 'n voorbeeld is. Sy vernaamste bedrywighede was verligting van die lot van die armes. Daarby gee hy baie aandag aan die staatsgodsdienste, en stel selfs nuwe godsdienstige feeste in. 'n Bewys van die houvas van die religie op die hele Atheense staatslewe.<sup>182)</sup>

'n Volgende groot konstitusionele hervormer was Cleisthenes. Hy vermeerder die 4 stamme tot tien, opgebou in Demes, uit verskillende faksies, teneinde die stamstryd te vervang.<sup>183)</sup> Daarnaas brei hy stemreg uit na inwonende vreemdelinge en halfvrye slawe. 'n Senaat (boulé) bestaande uit verteenwoordigers van elke stam, as permanente deliberatiewe liggaam, word geskep.<sup>184)</sup>

180) Vgl. Ons Vrouestemreg, Hoofstuk I, bls.1-25. Waar die Timokrasie deur Solon in die plek van Aristokrasie geplaas word, dui dit tog op vordering, deur die erkenning dat nie net afkoms jou beskawingsmondigheid bepaal nie. Vgl. Calhoun, a.w., bls.49. Vgl. Ancient History, Vol.IV, bls.46 e.v. vir die klasseindeling. Vgl. Bonner & Smith, a.w., bls.149 e.v.

181) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.554, asook bls.700-701. "as new economic stresses broke down the easy order of" more primitive times, the governing class was tempted to use its political and legal power to exploit the rest of the community, and where this happened Nemesis followed, and aristocracy yielded or was broken." bls.701.

182) Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.550, 554, e.v. ook bls.568, vir Cleisthenes se lewe en werk. Ook Vol. IV, bls.141-171.

183) Cambridge Ancient History, Vol.III, bls.142. Die vervanging van die stam met demes, beteken 'n oorgang van bloedverwantskap na geografiese indeling of residensie, "the desire to weaken the influence of the old Eupatrid families, an influence which found its centre in the clan", bls.147, som die hele aangeleentheid op. Vgl. Bonner & Smith, a.w., bls.187, e.v.

184) Cambridge Ancient History, Vol.IV, bls.149 e.v.

Verder stel hy die Ekklesia<sup>185)</sup> in 'n sterker posisie met reg van inisiatief in alle sake van staatsbelang, en kontrole oor sowel die wetgewende as uitvoerende masjienerie. Waar die Ekklesia as geregshof sit hoor dit appélsake vanaf magistratshoue en verhoor self ook hoogverraad. Manslag word egter nog steeds deur die Aereopagus verhoor. Die Ekklesia kies sy magistrate en het die reg om hulle na verstryking van dienstyd te verhoor. Die afgetrede magistrate word lede van die Aereopagus.<sup>186)</sup>

Waar die klem nou weer val op vryheid, en direkte deelname van die burgers aan die uitoefening van die staatsgesag, beteken dit vir die burgerlike vryheid egter nie vrystelling van owerheidsbemoeling nie. Juis hier word die bemoeling van die owerheid vanweë die oorsienbaarheid van die staatsgebied besonder intensief, en waar die staatkundige beskawingsontwikkeling dus nou deur die onderdaan self gedra word,<sup>187)</sup> is dit as't ware inherent in die volkslewe. As al die volkskrigte daarin deel, kry ons die besondere intensiteit en verskeidenheid van die owerheidstaak, wat die politargie kenmerk.<sup>188)</sup> Derhalwe is geen sfeer van die samelewingsorde vry van owerheidsbemoeling nie, wat dan ook in die staatsfilosofiese denke weerspieël word, want slegs die staat omvat die volheid van die menslike samelewing. Die Griekse staatsteorie kry dan

185) Heliae as dit judisieël sit. Die Heliae is later in 10 dikasteries verdeel. Ancient History, Vol.IV, bls, 150., Vgl. Bonner & Smith, a.w., bls.224 e.v.

186) Vgl. die Romeinse gebruik in dié verband en die gedagte van magistrates inferiores by Kuyper, in Locus de Magistratu ontwikkel.

187) In teenstelling met die antieke monargie waar die monarg self hierdie taak verrig deur alle kultuurkrigte in homself te verenig.

188) Vgl. Du Plessis L.J., a.w., bls.9-10.

reeds van Sokrates sy soteriologiese inslag,<sup>189)</sup> in sy soektog na die goddelike model van menslike samelewing. Waar die antieke monargie 'n beskawingsarme gemeenskap, in totalitêre owerheidsopptrede behels, het ons in die stadstaat wel aanvanklik ook 'n gemeenskap wat én polities én religieus op algehele beheersing van die owerhede aangewys is, en derhalwe kan ons dan ook begryp waarom onder invloed van Sokrates die Griekse staatsteorie beoefen is as pistiese wetenskap.<sup>190)</sup> Indien die staat in aanpassing by die beskawingstoestand van die burgery ontwikkel word volgens die redemodel — sou daardie staat wel weer kan dien as oefenskool vir menslike volmaaktheid.<sup>191)</sup>

Dit is egter Plato (427-347 v.C.) wat aan die staatsteorie van die politargie sy beslag van soteriologiese staatsabsolutisme sou gee.<sup>192)</sup> Die tendens is monisme, want die staat is eenheidsinstelling tot reëling van die ganse

---

189) In sy stryd teen Sofisme wat die werklikheidsgrondslag van die tradisie en bestaande staatsinstellings ondergrawe. Vgl. Venter E.A., a.w., bls.23-27. Die wysgerige skeptisisme is ingedra op die terrein van teologie en sedeleer, as gevolg van die dialektiese spanning tussen die vorm-en materiemotief by Protagoras (490-420 v.C.)

Vgl. verder die onversoerbare teenstelling tussen physis en nomos, d.w.s. konvensie teenoor natuur, dit bring die besef dat nomos en thesis (die taak van die wetgewer) sinoniem is, en derhalwe word die staatslewe en ander instellings minstens gerelativeer. Hierteen waarsku Sokrates en probeer vir die nomos tog 'n physis grondslag te lê, en die nomos te hervorm na die model van physis. Du Plessis L.J. a.w., bls.22.

Vgl. ook Gough J.W., the Social Contract, bls.7. Verder Burnet J., a.w., bls.106. Herodotos het reeds gewoonte verskille by volkere beklemtoon en dus vanuit die praktyk die sofisme se stellings aangemoedig en bevestig!

190) Immers in die geestelike en sedelike ontredering aan die einde van die 5de eeu, wat deur die Sofisme in die sekularisering van die Griekse wêreldbeeld ingedra word, is die taak van die owerheid in besondere sin aktueel, vandaar die soteriologiese inslag. Vgl. Venter E.A., a.w., vir sekularisasie op bls.25.

191) Du Plessis L.J., a.w., bls.22. Vgl. Andreae W., Staatssozialismus und Ständestaat, Verlag von Gustav Fischer, Jena, 1931, bls.32, der Staat ist eine Gemeinschaft Gleichartiger zum Zweck des möglichst vollkommen Lebens."

192) Plato gee o.a. 'n teorie vir die ontstaan van die staat uit menslike natuur en samelewing, en verder 'n ontwikkeling daarvan uit die patriargale, deur die monargale tot die politargiese organisasie vorm.

lewe, en nie net sekere aspekte daarvan nie.<sup>193)</sup> Derhalwe 'n organisasievorm as selfgenoegsame eenheid ter lewering van alles nodig vir menslike saligheid. Die owerheid het in sý staat 'n taak tot organisering van die bevolking in beroepsgroepe, 'n stelsel van seleksie wat volgens moderne standarde weinig rekening hou met die individu.<sup>194)</sup> Sy owerhede (filosoof-konings) het 'n taak, wat absolutisties en totalitêr uitgeoefen word, ondanks die beperkende invloed van 'n onveranderlike grondwet. Immers daar is konfiskatoriese optrede teen rykdom, daar is perke op grondbesit, daar is maatreëls teen oorbevolking.<sup>195)</sup> Hoewel Plato se aanbevelings nie letterlik oorgeneem is nie, moet ons hulle sien in die lig daarvan dat „in these centuries the responsibility of the state for the security and well-being of its individual members is coming to be recognised.“<sup>196)</sup> Draco se kode moet gesien word teen hierdie agtergrond, en daarby was die owerheid steeds beperk deur die politieke en intellektuele stand van sy tyd — „a time when the process that was to culminate in the Athenian Democracy was barely beginning.“<sup>197)</sup> Solon sien egter ook in die ondergang van die burgerstand die grootste gevaar vir die staat, en daarin dan ook sy grootste taak. Waar hy soms optree op gebiede wat voorheen aan die owerheid wesensvreemd was, laat hy sekere aspekte van Draco se kode onveranderd. So bly manslag nog 'n familie- i.p.v. owerheidsaak. Hy het waarskynlik gehuiwer om die heiligdomme

193) „Abolish other groups and absorb their functions.“ Vgl. Lipson L., *Great Issues*..bls.1-10, vir monisme.

194) Vgl. in die verband Solon se indeling in Timokratiese groepe.

195) „So sie denn für Armut du Wert des Landloses die Grenze nachdem der Gesetzgeber dies Mass gesetzt hat, wird er zulassen, das man das zwei und driefache und bis zum vierfachen erwerbe. Wer aber mehr erwirbt durch Fund oder Schenkung oder Geschäfte... soll den Überschusz dem Staate abliefern.“ Plato. *Wette* p.740. Vgl. Andreae, W., a.w., bls.29.

196) Calhoun G.M., *The Growth of Criminal Law in Ancient Greece*, bls.37.

197) Calhoun G.M., a.w., bls.81.

van huisgemeenskap en religie binne te dring.<sup>198)</sup> Plato sou egter deurgevoerde staatsoptrede bepleit en duidlik het hy nie dieselfde huiwering as praktiese staatsmanne soos Draco en Solon nie.<sup>199)</sup> Eers onder Peisistrates en Cleisthenes sou die klassieke staat vergestalt uit die puinhope van die antieke in 'n volledige soteriologiese taak vir die owerheid, met absolutistiese grensloosheid.

Plato het self teen die einde nie meer die owerheids-taak so omvattend gesien ten opsigte van die gehele lewe nie, maar dit eerder begin beperk tot die onderbou van die lewe.<sup>200)</sup> Aristoteles (384-322 v.C.) sou dit voortsit en gevolglik 'n tydperk van soteriologiese relativisme inlei.<sup>201)</sup> Hoewel die staat vir hom nog 'n volmaakte gemeenskap is, relativeer hy reeds die saligheidstendens, deur naas die staatsgemeenskap, ook faktiese laer samelewingsvorme soos die familie te erken,<sup>202)</sup>

198) Calhoun G.M., a.w., bls.85. Vergelyk Cambridge Ancient History, Vol.IV, bls.28-29, vir die besondere religieuse inslag van die bloedwraak in die Griekse gedagte-wêreld. Derhalwe het Draco nie te diep kon ingryp nie, en poog hy eerder om die morele idees van verligting in kompromie toe te pas, sodat die bloedwraak beperk bly tot religieuse pligte. Die familie of broederskap behou egter die reg om te vervolg. Op bls.31 van Vol.IV lees ons "These laws of Draco are a skilful compromise between the claims of the family and of older religious ideas on the one hand, and a more enlightened morality and more active intervention by the state on the other." Sien ook Calhoun G.M., bls.1 t.o.v. die religieuse dogma van "pollution" en sy invloed op bloedwraak ens. Vgl. verder Ancient History, Vol.IV, bls.42 vir Solon se beweegredes, ook t.o.v. sy wetgewing oor die erfreg en wetgewing op begrafnisse.

199) Vgl. Osgniach A.J., a.w., bls.99, vir Plato as 'n antieke Machiavelliaan! Immers by hom is politieke beginsels in die abstrakte te vind, 'n normatiewe instelling teenoor die owerheidstaak -- Hoe dit behoort te wees. Vgl. Pollock, History of the Science of Politics, London, McMillan, Hersiene Edisie, 1943.

200) Du Plessis L.J., a.w., bls.26. Waar hy egter die bevoegd-hede van die gewone burger in politiek ontken, beskou hy demokrasie as swak en ondoeltreffend. Hy besef dat die absolute gelykheid in sy tyd 'n fiksie is, gesien in die lig van die beskawingstand. Derhalwe 'n aristokrasie van die intellek as owerhede. -- Vgl. Hattersly A., A Short History of Democracy, C.U.P., 1930, bls.51.

201) L. J. du Plessis, a.w., bls.26. Vgl. verder Venter E.A., a.w., bls.40.

202) Du Plessis L.J., a.w., bls.26. Nietemin laat hy die owerheid ook oor die gesin beslis, selfs in die sin van bepaling van die grootte van die gesin en selfs iets van die moderne ougenetika bly nie uit nie!"

hoewel die staat nog die opperste organisasie bly, wat die res insluit.<sup>203)</sup> Waar Aristoteles egter skrywe in die tydperk toe die klassieke politargie reeds begin verdwyn in die nuwe monargale imperialisme, kleef hy nietemin vas aan die politargie as saligheidsinstelling.<sup>204)</sup> Die imperiale monargie is vir hom eerder 'n instelling vir stoflike belange, en assulks sou ons kan konkludeer dat die monargale imperialisme verwerp word as organisasievorm vir menslike volmaaktheid. Die owerheidstaak kan derhalwe vir hom alleen in soteriologiese sin bestaan en verrig word, in die staat as 'n kollektiewe liggaam van burgers, opgebou as 'n gemeenskap van families en stamme of plaaslike groepe.<sup>205)</sup> Daarmee illustreer hy sy verlange na die verlede,<sup>206)</sup> (insoverre as wat die huisgemeenskappe, phylen en broederskappe nie langer staatsregtelike erkenning geniet nie) maar daarin lê ook sy miskenning van die interne struktuurprinsipes van die menslike samelewing, in die toepassing van die geheel-deel skema, sodat die staat as hoogste verband alle laëre ordes alsydig in sig opneem, en assulks inderdaad tot totaliteit van alle samelewingsverhoudinge gedenatureer word.<sup>207)</sup> Hoewel daarmee 'n onbegrensde owerheidstaak in beginsel gegee word, verloor dit tog die

203) „Waar in die staat die hoogste einddoel van die menslike lewe verwerklik word, is die staat deur en deur totalitêr. Vgl. Venter E.A., a.w., bls.40. Vgl. ook Osgniach, The Christian State, Milwaukee, 1945, bls.99. Die individu word aan die staat gesubordineer.

204) Daarom seggenskap vir die staat oor die ganse lewe -- Venter E.A., a.w., bls.40.

205) Vgl. L.J. du Plessis, a.w., bls.28. Aristoteles se staat bly derhalwe vasgevang in die keurslyf van die polis. 'n Minder geindividualiseerde staat as wat ons moderne begrip is! Vgl. ons vorige opmerkings t.o.v. Aristoteles in Hoofstuk I Afdeling C.II.

206) The presupposition of the Aristotelian theory arose naturally from the circumstances of Greek civilization. In general culture, and perhaps even more in political culture the Greek belonged to a different world from the races which surrounded him." Carlyle A.J., a.w., Vol.I (2de- 9 eeu) bls.7. Aristoteles staan dus diep gedrenk in die verlede van sy volk.

207) Dooyeweerd H., W. de W., Vol.III, bls.322. Vgl. Venter E.A., a.w., bls.44. Derhalwe vir soewereiniteit in eie kring geen plek nie, en gevolglike onbegrensde owerheidsbemoeking in nie-staatlike lewensvorme.

volle soteriologiese inslag, ook reeds by Aristoteles. Dit sou egter later by die Romeine by die hernude opkoms van die Sofisme en die Stoa wees, dat van 'n nihilisme in die soteriologiese inslag gepraat kan word. Immers die Sofisme het reeds vóór Sokrates die geloof in die bestaande orde ondergrawe. Skeptisisme en individualisme, -- so kenmerkend van die humanisme wanneer dit kom in die plek van die kultuurreligie -- sou by die Epikuriërs selfs in naturalisme ontaard, sodat ook die staat as instelling, bloot 'n veiligheidsorganisasie op kontraktuele basis word.<sup>208)</sup> Die verdwyning van die tradisionele grondslag van wette as van goddelike oorsprong, en die aanname van utiliteit en kontrak dui op die dialektiese inmenging van die vorm in die materie-prinsipes.<sup>209)</sup> Die totalitêre siening van die owerheidstaak is uitvloeisel van die dualisme van vorm en materie by Aristoteles.<sup>210)</sup> Vandaar 'n omvattende owerheidstaak op alle lewensterreine, sodat die materie wat nie deur die rede (vorm) onderdruk kan word nie, tog tot sy perke teruggedwing kan word, want die polis is volmaakte vorm.<sup>211)</sup> Daarom 'n owerheid, wat binne die kader van die valse religie van die Griekse wêreld, waarin die mens sy verlossing en redding soek in eie krag, 'n soteriologiese ligbaken moet wees. Trouens sonder openbaring van Bo is geen ware godskennis moontlik nie, -- ook geen ware staatsleer nie -- want 'n

208) Vgl. Du Plessis L.J., a.w., bls.30. Vgl. Gough J.W., a.w., bls.1-44. Volgens die Epikuriste bestaan geen absolute geregtigheid nie. Vgl. ook Figgis : From Gerson to Grotius, bls.6 e.v. Vgl. ook vir Protagoras se ondergraving van die grondslae van wet en reg -- Venter E.A., a.w., bls.26. By die Epikuriste (342-271 v. C.) kry ons reeds die kieme van die latere Manchesterskool en staatsonthouding.

209) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.26.

210) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.43. Aangesien die rede (vorm) nie in staat is om die moira (materie) volkome te onderdruk nie.

211) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.43-4

fundamentele dwaling in die staatkunde is die gevolg van 'n fundamentele dwaling in die religie,<sup>212)</sup> en op paganistiese standpunt was geen ander oplossing moontlik as 'n saligheidsbedienende owerheid nie.<sup>213)</sup>

Indien Athene, as leidende stadstaat, ondanks die betreklike mondige burgery en daarby lewenskragtige volksvergaderinge, ons tog nie verder bring as 'n owerheidstaak wat min of meer onbegrensd is nie, dan is die naby geleë Sparta met sy geheel ander karakter en aard slegs voorbeeld van 'n owerheidstaak wat aanpas by buitengewone toestande.<sup>214)</sup> Die Lycurgiese stelsel openbaar verbasende doeltreffendheid en seepgladde masjienerie, maar ook 'n "grand disregard for human nature."<sup>215)</sup> Trouens Sparta met sy handjievul elite, staan teenoor die omringende slawe en lyfeigenes sodat supervisie, seleksie en spesialisasie noodsaaklik is waar die vrye Spartane die hele las ter instandhouding van die ryk moet dra. Die openbare mening sanksioneer 'n dergelike omvattende owerheidstaak, anders kan ons nooit verklaar waarom 'n stelsel wat die menslike natuur so sonder meer negeer, gelyk is nie. Die vrye Spartane is almal gelykes wat hulleself moet handhaaf.<sup>216)</sup> 'n Stelsel wat inmeng met huwelik in

-----

212) Diepenhorst P.A., Ons Isolement — J.H.Kok, Kampen, 1935, bls.12.

213) Vgl. Mekkes J.P.A., Ontw. der Human. Rechtsstaatstheorieën, bls.70. Die staatswerkzaamheid (owerheidstaak) is gerig op die algemene belang, en assulks georienteer aan die totalitêre staatsidee wat geen wesenlike regs-grense vir die bevoegdheid van die owerheid erken nie.

214) Vgl. Toynbee A., War and Civilization, Selected A. Fowler, Oxford 1940, bls.30. "The conquered environment now takes its audacious conqueror captive." Gevolglik word primitiewe instelling daar weer toegepas in die stryd om bestaan.

215) Toynbee, A., a.w., bls.33. Vgl. Osgniach A. J., The Christian State, Bruce Publ. Company, Milwaukee, 1945, bls.99. Waar die antieke Machiavellisme alle individuele en familierigte absorbeer is dit nie meer 'n middel tot 'n doel nie, maar doel op sigself. Die welvaart van die geheel is hoogste wet, soos inderdaad in Rome gesê is "salus populi suprema lex."

216) Vgl. hier Toynbee A., a.w., bls.29 e.v. vir die uitdaging aan Sparta.....



belang van eugenetika, met doel die teel van 'n superras, en boetes op ongetroudes; teneinde soldate te kry, verg 'n ver-reikende owerheidsbenoëling.<sup>216a)</sup> Die hervorminge van Cleomenes kom op 'n tydstip toe die onnatuurlike spanning 'n morele ineenstorting teweegbring. Helote en perioikoi koop hulleself vry en word Spartane. Selfs die taak wat Cleomenes onderneem kan die heersende wantoestande en onnatuur-like sosiale instellinge nie meer verander nie, en word gesê „Cleomenes' surgery effectively killed a body social which it could not possibly cure.”<sup>217)</sup> Die Spartaan self is, betrou-bar, dapper en allesins toerekenbaar in oorlog. Vandaar hulle aandeel in staatsake in die Apella- of volksvergadering. Die koningskap is inderdaad deur die Gerousia eers beperk en later oorheers. Ons kan konkludeer dat baie faktore hier gelyktydig werksaam is, om 'n owerheidstaak van gemelde om-vang na vore te dwing en te regverdig. Immers die hele Spar-taanse staatsinstelling dui op koorsagtige beskerming van die Spartaanse burgery teenoor die aanvanklik onmondige helote en perioikoi. Die staat is dus hier nie slegs regshandhawer nie, maar oorspan die beskermende funksie, in soteriologiese sin — „the price of safety was unrelenting vigilance.”<sup>218)</sup> Toe Athene in 410 v.C. 'n laagwatermerk bereik het, vind ons byna identiese metodes om die disintegrasie van die bur-gerlike lewe te verhoed. Die metodes van geheime organisasies, ede ens. word gebruik om demokrasie te behou,<sup>219)</sup> maar net om spoedig onder die diktatuur van Alcibiades te verval.<sup>220)</sup>

216a) Vgl. verder die ingrypende onderwysstelsel — inderdaad 'n opvoeding tot aanvaarding van 'n owerheidstaak in totalitêre sin.

217) Toynbee A., a.w., bls.52.

218) Cambridge Ancient History, Vol.V, bls.349. Dooyeweerd wys daarop dat in Sparta die publieke reg 'n „voorbeelde-lose intensiteit en omvang” openbaar. Dus 'n ongekeerde groot gebied gedek deur wetgewing, en 'n omvangryke owerheidstaak. De Crisis, bls.169.

219) Cambridge Ancient History, Vol.V, bls.349. Vgl. ook die talle verhore tussen 410-405 v.C.

220) Cambridge Ancient History, Vol.V, bls.353.

Waar die staatsfilosofiese denke in die rigting van relativisme dui ten opsigte van die soteriologiese in die owerheidstaak, word praktiese toestande tog aangetref waar die owerheid teneinde 'n noodtoestand die hoof te bied, en mede bepaal deur die disintegrasie van die burgers, 'n taak in absolute sin aanvaar. Veral Athene in sy verval illustreer baie treffend, dat die owerheidstaak in sy besondere atipiese sin as geheel-taak, hier moet konformeer met wisselende tydsomstandighede, beskawingstand en ontwikkeling van staatsmasjienerie.<sup>220a)</sup>

#### V. DIE ROMEINSE IMPERIUM.

Die staatsfilosofiese denke na Aristoteles kan ons weldeeglik sien as die filosofie van die verval van die klassieke politargie, soos dan ook reeds genoem in die opkoms van die sofisme. Inderdaad is skeptisisme die wysbegeerte van die verval. Waar die burgerstaat gefaal het, word die menslike saligheid nou in self-assimilasie van die individu aan die goddelike wêreldrede deur studie en askese, gesoek.<sup>221)</sup> Uit die aard van die saak sou dit beperk bly tot 'n geestelike elite-groep, nie noodwendig van één staat of volk of ras nie, maar inderdaad deur 'n wêreldwye gemeenskapsvorming onder die saligheidsbestrewers.<sup>222)</sup> Onder die Romeine kry ons dan veral die Stoïsyne,<sup>223)</sup> wat die soteriologiese optimisme handhaaf, sonder om aan die staat, as vorm van geweldheerskappy, daarin

220a) Vgl. vir 'n verdere ontleding van die owerheidstaak in die Griekse wêreld aanvaar, Böckh A., *The Public Economy of the Athenians* en Bühler A., *Public Finance*, bls.14-15.

221) Du Plessis L.J., a.w., bls.30.

222) Du Plessis L.J., a.w., bls.30. Vgl. De Zwaan J., De Volheid der Tyden. *Cult. Gesch. der Chr.*, Vol.I, bls.144. Die geluksverlange is op die voorgrond, dus individualisme, en handhawing van die waardigheid van die mens, Vol.I, bls.146.

223) Zeno - 340-270 v.C. Ander bekende Stoa is Cicero, Seneca, Marcus Aurelius. Vgl. Viscount Bryce, *The Holy Roman Empire*, bls.6. Die universele stelsel van natuurreg "made minor distinctions between man and man seem insignificant." Vgl. De Zwaan J., De Volheid der Tyden, in *Cult. Gesch. der Chr.*, Vol.I, bls.141 e.v. vir Stoa.

'n plek toe te ken.<sup>224)</sup> Juis die inrigting daarvan leen sig nie tot bevordering van askese nie, nog minder tot 'n kosmopolitiese gemeenskapsideaal. Daarvoor is nodig 'n individualistiese gemeenskap, regeer deur die natuurreg as die absolute, volmaakte, oorspronklike, teenoor die historiese, relatiewe nomos, of menslike instelling.<sup>225)</sup> Hoewel in die staatsbestel van die keiserryk sonder invloed, sou die Stoa in die Romeinsereg die idee van jus gentium indra, en daardeur tog 'n dam opwerp teen 'n owerheidstaak in absolute sin. Waar vir hierdie elite die saligheid nie van die staat te wagte is nie, wil dit geleidelik die owerheidstaak terugwing in kanale, wat uitgevoer is met die ewige, onveranderlike natuurreg.<sup>226)</sup> — Voorwaar die werke van die heidendom is ydel en tevergeefs, en as God hulle uitdryf om te soek, is dit alleen Sy konserverende genade wat hierdie lig van ewige onveranderlike beginsels aan hulle skenk, — wat hulle tog ook nie in ware perspektief kan waardeer nie!

Die Romeinse politargie het inderdaad reeds meer klem op burgervryhede gelê, omdat die Romeinse burger 'n mondiger tipe is as die burger van die antieke monargie of van 'n staat soos Sparta. Daarom tref ons in Rome wel burgervryhede, sowel as politieke medeseggenkap aan, maar geen massastemreg nie. Daarvoor was die massa nog te onryp, en is burgervryhede dan ook meer beperk tot siviele regte. Kiesreg

224) Wat beteken die verantwoordelikheid van die burger vir die beleid en gees van sy vaderland in 'n beskawing wat sulke fatalisme duld, soos spruit uit die wetenskaplike humanisme van die Stoa? De Zwaan J., a.w., in Cult. Gesch. der Chr., Vol. I, bls. 151. Vgl. Lipson L. — Great Issues, bls. 160. Die Stoïsyne het monisme verwerp en 'n plek vir die individu gesoek, derhalwe moet ons in die tydperk voor die konsolidasie van die Romeinse imperium sien "a reassessment of the relative public and private activities." 'n Soeke na sekuriteit in jouself i.p.v. in die staat.

225) Vgl. ook du Plessis L.J., a.w., bls. 30. Phusis teenoor nomos.

226) Let hier weer op die dialektiese inmenging van die materie -- in die vorm-prinsipe, soos omgekeerd die geval was by die aanvaarding van 'n kontraktuele basis vir owerheid, waardeur weer vorm, maat en begrensing aan die veranderlike menslike natuur gegee is.

is beperk in die onderskeiding tussen Patrisiërs en Plebejers en die reg om te stem was ook nie op verteenwoordigende basis nie, en bowendien is die groepstem gebruik.<sup>227)</sup> Die beskawingstoestand van die gemeenskap het hier 'n belangrike rol gespeel. "The degree of civilization attained by the community was taken into account in determining the nature of privileges bestowed — some received full citizenship, others only civil rights!"<sup>228)</sup> Die eksklusiwiteit van die Romeinse burgerskap en beskawing word dan inderdaad deur die owerheid streng beskerm, nieteenstaande die Stoïsynse kosmopolitisme. Die beskawingstoets is bepaald streng as verowerde provinsies van die ryk volgens eie wette en gebruike regeer word, en slegs enkele hoogstaande individue die ware Romeinse burgerskap verkry.<sup>229)</sup>

Die verval van die regstaatvorm in Rome met die koms van keiserabsolutisme, het dan inderdaad verreikende gevolge vir die owerheidstaak, omdat die burgery nou minder mondig is, vanweë die gangbare losheid van sede en korrupsie in die hele religieuse inboedel van die Romein.

Sonder om nou die hele verloop van die Romeinse geskiedenis weer te gee, wil ons eers aan die hand van die gesin tog die verloop van die taak van die owerheid naspur.

In die vroegste dae van Rome het die owerheid sig min met die gesin bemoei. Die pater familias as "domestic judge, with a consilium, exercised supreme power, and any restraint was indirect through the Censor."<sup>330)</sup> Die familia was 'n

- 
- 227) Met min of meer dieselfde uitwerking as die blokstem. Vgl. Lakeman & Lambert, Voting in Democracies Faber & Faber, London, 1955, bls.31 e.v. Cicerō het inderdaad geheime stemming beskou as bydraende faktor tot die ondergang van die Republiek. Die stem in groepsformasie (Comitia) is slegs in stamme uitgebring. Vgl. Dr. K. Sprey, Hellas en Rome in de Pelgrimstocht, bls.123, Vgl. ook ons Vrouestemreg, bls.6 e.v.
- 228) Hattersly A., A Short History of Democracy, bls.96.
- 229) Vgl. Paulus as Romeinse Burger. Vir voorafgaande vgl. Vrouestemreg, bls.6-7.
- 230) Buckland W.W., A Text Book of Roman Law, 2de Druk, Cambridge U. Press, 1932, bls.102,103. Vgl. v.d. Merwe A., Die Huwelik, bls.46.

groep bestaande uit 'n pater familias en diegene onder sy kontrole d.w.s. kinders, (aangenome of natuurlik) en afstammelinge van manlikes wat nog nie buite die familie deur emancipasie of andersins staan nie. Verder die vrou indien die huwelik met manus gesluit is<sup>231)</sup> en slawe en burgerlike horiges (bondsmen).<sup>232)</sup> Immers ouerlike kontrole eindig nie by mondigwording nie, maar by die dood van die vader. Die begrip pater familias is essensieel Romeins en is in duur, krag en intensiteit sterker as enige ander vorm, en veral sterker as die van die Grieke.<sup>233)</sup> Die owerheid het geleidelik sy belang in 'n gesonde (en veral juridies-gesonde) gesinslewe erken en as taak aanvaar. So was blootlegging nie in die klassieke reg belet nie, maar eers deur Ulpian 370 n.C.<sup>234)</sup> Sy reg op lewe en dood, beteken voortaan oorhandiging aan die howe. So is die reg om 'n kind te verkoop reeds uitgedien voor die keiserryk.<sup>235)</sup> Die reg van veto op huwelik en kontrole van egskeiding wat voorheen tot die elemente van die pater familias behoort, begin nou via die owerheid in die gemene reg regulering vind.<sup>236)</sup> So was dit verbode vir senatore om met aktrises te trou!<sup>237)</sup> Egskeiding het ten tyde van die republiek binne die bevoegdheid van die vader geval, wat dan ook 'n huwelik kan beeindig.<sup>238)</sup> Die verslapping in die moraliteit van Rome, en die toenemende bemoeing met die gesinslewe aan die

231) Dan is sy loco filiae. Sonder manus bly sy in die familie van haar ouers. Vgl. Buckland W., a.w., bls.101.

232) Vgl. Bofante P., Grondbeginselen van het Romeinsche Recht, Walters, Groningen, 1919, asook v.d. Merwe A.a.w., bls.47-8.

233) Buckland W., a.w., bls.102.

234) Buckland W., a.w., bls.103. "The fathers' right was limited to reasonable castigation."

235) Buckland W., a.w., bls.103.

236) So kan die keiser toestemming verleen waar die vader afwesig is. Aurelius laat huwelike toe van kinders sonder toestemming van voogde in sekere spesifieke gevalle.

237) Justin het sy neef Justinianus egter toegelaat om met Theodora te trou. Justinianus beeindig dus die reël. Buckland W., a.w., bls.114. Vgl. Anshen R.H. The Family, Its Function and Destiny, Harper Bros., New York, 1948, bls. 47, 50-1, 301.

238) Buckland W. a., a.w., bls.116.

kant van die owerheid word veral bevestig in die wetgewing t.o.v. egskeidings en aanverwante sake by die koms van die Christendom, veral by Konstantyn en selfs tot by Justinianus 449 n.C.<sup>239)</sup>

Die vroegste Romeinse staatslewe toon 'n aristokratiese ordening<sup>240)</sup> en die geslagshoofde (Patres) se raad is die vroegste vorm van Senaat. Die volksindeling in geslagte en groepe van geslagte (gentes en kurieë) dui op die vroeg-patriargale ordening waaruit die staat assulks individualiseer. Maar verder let ons op die behoud van patriargale indeling in die staatsmasjienerie as beperking op die konings wie se imperium teoreties onbeperk is, as veldheer, regter en priester.<sup>241)</sup> Wanneer die konings verdwyn aanvaar die patrisieërs alle ampsbevoegdhede en priesterskap, en terselfdertyd verloor die plebejers hulle natuurlike beskermmer, sodat in die latere ontwikkeling, die stryd van die plebs om regsgelykheid en medeseggenkap, die politieke toneel beheers.<sup>242)</sup> Nietemin bly die bewind steeds in die hande van 'n owerheidselite, wat hoewel empiries, tog uiters effektief geselekteer is, en derhalwe staat en volk onbetwis lei. Vanweë beskawingsverskille binne die volk kry ons derhalwe 'n gemengde staatsvorm, sowel monargaal (magistrate) as aristokraties (seenaat) en demokraties (comitia en tribuna). Immers by die oorwonne volke word

239) Buckland W.W., a.w., bls.117. Vgl. Augustus se Lex de ordinibus maritandis t.o.v. kinderloosheid by hoër klasse. Asook Lex julia de adulteriis coercendis-- Almal beoog om die huwelikslewe te bestendig wat onder die aristokrasie verval. Vgl. v.d.Merwe A., a.w., bls. 53-4. Vgl. verder Goodsell W., Problems of Family, Century Coy., New York, 1928, bls.11,301. Ook Anshen, a.w., bls.11.

240) Die Etruskiese invloed is hier-kenmerkend, ook in die kragtige ordening van gesag (byle en roede). Vgl. Sprey K., a.w., bls.121.

241) Sprey K., in De Pelgrimstocht, bls.123. Vgl. Hattersly A., a.w., bls.58.

242) Onder die vernaamste mylpale in die stryd geld o.a. Organisasie van Plebs 494 v.C. Wykshoofde (Tribunes) met 'n veto op magistrate. Kodifikasie van Reg 450. Wet van XII tafels. Na 450 v.C. kom hele bevolking in opstand sodat Oligargie toeganklik word, en adelbestuur deur regente bestuur vervang word. Eerste Plebejers word 400 v.C. magistrate. 367 v.C. Lex Licinia bepaal dat een konsul 'n plebejer sal wees. Vgl. bls.123-128, a.w., van K. Sprey.

steeds die talentvolle uitgesoek en na bewese trou volwaardige burgers gemaak.<sup>243)</sup>

Die aanvaarding van 'n owerheidstaak, anders as bloot in die tipiese sin van regshandhawing word ten beste geïllustreer in die toestande na die tweede Puniese oorlog. Rome se konstitusie was nog steeds die van 'n stadstaat of polis. Ook die sosiale struktuur was intiem met die polis verweef. Meteens is Rome egter 'n wêreldryk -- iets geheel nuuts in die geskiedenis van die politargie, -- en die ou staatsinstellinge en staatsvorm sal meer as net slegs verstel moet word om aan te pas. Hierin sou Augustus eers inderdaad slaag, maar intussen bevind die owerheid sig geknel deur uitgediende konstitusionele vorme, wat die uitvoering van die voorhandeliggende taak strem,<sup>244)</sup> en het die wêreldryk bly bestaan as "an unparalleled excrecence on the fabric of the city state."<sup>245)</sup>

Tiberius Gracchus (133 v.C.), gekonfronteer met die ekonomiese krisis, wat ontstaan as gevolg van 'n diversiteit van faktore,<sup>246)</sup> voel ook die nawerking daarvan op die stabiliteit van die staatsvorm, as die werklose proletariaat na die stad trek en daar as't ware op hulle burgerregte kom lewe.<sup>247)</sup> Die konsentrasie van werkloses, sonder enige vooruitsig om opgeneem te word in 'n bedryfsluwe, vereis nou weer optrede om hulle minstens te verhoed om vanuit die stad die stem van die stamme waartoe hulle behoort te beslis.<sup>248)</sup> Daar is

243) Sprey K., Hellas en Rome, a.w., bls.125-8.

244) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.2.

245) Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.2.

246) o.a. grootgrondbesit, en die vervanging van akkerbou met veeteelt, die beskikbare kapitaal na die Hannibal oorloë, die goedkoop arbeid (slawe in oorloë) wat die werkersklas verdring. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.3-7.

247) Sprey K., Hellas en Rome, a.w., bls.130. Cicero meen dat geheime stemming die oorsaak is van verval. Dit was egter slegs omgekeerd. In hierdie tyd het die Romein dit verkies vanweë die korrupsie, en stemkoperie wat aan die orde van die dag was, d.w.s.Cicero verwar oorsaak en gevolg.

248) Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.8.

dan wel gesê dat Tiberius Gracchus se hoofdoel die vermindering van die pauper element in die stad was, d.w.s eerder 'n morele as 'n ekonomiese oogmerk.<sup>249)</sup> Daarom sy bekende lex sempronia agraria, waarin die bestaande bewoning van staatsgronde (ager publicus) beperk word, en die balans beskikbaar word vir hervestiging van werkloses.<sup>250)</sup> Die heersende omkoperij, korrupsie en nepotisme in regerende kringe, en die proletarisering en verwildering onder die massas, het Gracchus wel verplig tot die aanvaarding van 'n taak waarin die ekonomiese wel die politieke oorheers, in so 'n mate dat die populares buitengewone magte aan hom wil toeken.<sup>251)</sup>

Allerweë is nog altyd in Rome erken dat die owerheid diskresionêre magte toekom om in tye van krisis konstitusionele regte te suspendeer, soos onder andere in die senatus consultum ultimum 'n arbitêre mag toegeken word om die doodsvonnis te vel sonder appél na die volk.— Dit het egter voorheen slegs aan die senaat toegekom.<sup>252)</sup> Voorsiening bestaan dus vir die aanvaarding van 'n besondere taak in besondere omstandighede. So het die hongersnood van 329 v.C. die politargië oortuig dat die owerheid daarvoor moet sorg dat die voedsel voorrade voldoende en billik te koop was. Sommige Helleense stede het ook reeds vrye uitdeling gehad vir armes.<sup>253)</sup>

- 249) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.10.  
Appian sê, *οὐκ ἐς εὐτυχίαν ἀλλ' ἐς εὐχέρειαν*.  
Bell CIV., 1,11,43.
- 250) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.16 e.v. Vgl. ook Sprey K., Hellas en Rome, a.w., bls.130.
- 251) Vgl. die teenstand van M. Octavius teen sy wetgewing en sy verwydering deur 'n plebiskiet as tribune.  
Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.22 e.v. Immers Rome beleef 'n tydperk van omwenteling. "There are few examples in history of a revolution pervading so completely every sphere of religious, domestic, social and political life" sê Lecky W., History of European Morals, Longmans Green, London, 1920, Vol.II, Vgl. Sprey K., Hellas & Rome, a.w., bls.131-4.
- 252) Hattersly A., a.w., bls.67. Vgl. Bryce James Viscount, The Holy Roman Empire, bls.4-5. Vgl. ook Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls. 55 e.v. vir Gajus Gracchus se optrede om diskresionêre magte te verkry. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.731 i.v.m. senatus consultum praktyke.
- 253) Tarn, W.W., Hellenistic Civilization, 2 Edisie, London, 1930, bls.99.



Gajus Gracchus aanvaar egter bloot die verantwoordelikheid van voedsel voorsiening,<sup>254)</sup> en veral ten opsigte van prysbeheer. Sy bekende lex frumentaria is hiervan beliggaming.<sup>255)</sup> Die verminderde koringpryse sou brood binne die bereik van die volk bring. Daar is egter geen bewys dat hy hiermee die volk omkoop het deur hulle op staatskoste te voed nie. Om verder werk aan werkloses te verskaf is sy lex agraria bedoel om kolonies te stig, waarheen die surplus bevolking kan verhuis. Die keuse van die kolonies dui dan ook op 'n merkantilistiese koers.<sup>256)</sup>

Die aanvaarding van 'n owerheidstaak in voedselvoorsiening en werkloosheid deur die Gracchi (133-111 v.C.) is in skrilte kontras met Gladstone se opmerking in 1890, dat die staat geen taak ten opsigte van werkloses het nie! Die kragtige optrede van die driemanskap (60 v.C.) dui egter in daardie tyd op inperking van die Gracchi se ekonomiese sorg tot blote sorg vir die armes en behoeftiges, terwyl die gedagte van kolonisasie op groot skaal aanvaar word as metode om die werklose proletariaat terug te bring tot 'n produktiewe bestaan.<sup>257)</sup> Waar die owerheid voorheen dan slegs as orde instituut deur die beskaafde Romein, van Stoïsynse geesteklimaat of behep met die epikuriese staatsonthouding gesien is, het die ekonomiese nood en die morele en sedelike dekadensie van die burgers, aan die staat na die materiële sy weer sy reddende posisie terugbesorg. Immers Julius Caesar sou volkome diktatoriale mag in homself verenig deur alle ampte met ryksinvloed te usurpeer.<sup>258)</sup> Die uitwerking van alle vorme van caesarisme is juis dat die organiese

-----  
254) Mede as gevolg van heersende toestande -- Vgl. bls. 58, Cambridge Ancient History, Vol. IX.

255) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol. IX, bls. 57 e.v.

256) Vgl. Cambridge Ancient History, Vol. IX, bls. 68.

257) Sprey K., Hellas en Rome, a.w., bls. 131-4.

258) Kuyper A., Locus de Magistratu, bls. 285. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol. IX, bls. 727 e.v.

Gliederung in die volk vernietig word.<sup>259)</sup> Omdat Rome geen ander verval verwag (en kon bedink) het as 'n militêre katastrofe nie, het die Romein hom min bemoei met 'n ander ekonomie as 'n slawe-ekonomie.<sup>260)</sup>

In hierdie tyd het Cicero by Caesar aangedring op 'n program van sosiale en ekonomiese hervorming.<sup>261)</sup> Caesar het hom egter nie deur politieke filosofie laat lei nie. Cicero wat as stedeling opgegroeï het in die tradisie van die stadstaat en die ou tradisie van die republiek, en gedrenk was in Stoïsynse filosofie, sou hierdie man van aksie nie hoef te leer wat sy onmiddellike taak is nie. „The notable feature of Caesarian legislation are its direct and radical removal of acknowledged abuses, its insistence on order and good administration, its resource in dealing with present perplexities” sê F.E. Adcock tereg van die wyse waarop Caesar die owerheidstaak gesien het.<sup>262)</sup>

Die ware oorsaak van ekonomiese nood, die gevolg van die slawe-ekonomie, is egter nêrens deur die owerheid in die wortel aangetas nie. Immers owerheidsbemoeïing deur landboukrediet, beskerming van kleinboere en liefdadigheid is lapwerk, terwyl geen nuwe bronne van welvaart geskep word nie. Devaluasie en belastingsdruk verydel selfs die tydelike noodmaatreëls!<sup>263)</sup> Rome soek waarlik stabiliteit eerder as vooruitgang,<sup>264)</sup> terwyl sy sosiale en ekonomiese struktuur voos

259) Vgl. die gebruik van *Senatus consultum ultimum*, 'n arbitrêre regering waaronder doodsvonnis gevel kan word sonder appél na die volk. 'n Mag beoefen in tye van krisis, wat voorheen slegs in die senaat berus het. Hattersly A., a.w., bls.67. Vgl. Bryce James, a.w., bls.4-5. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.691 e.v. vir Caesar se diktatuur. Vgl. aanhaling 252.

260) Wat weer die volk degradeer en tegniese vernuf en verbeeldingskrag hoogstens aanwend vir paaie, brûe, ens. Vgl. De Zwaan J., a.w., in Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls.120. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.11.

261) Sallust, het ook in 46 v.C. aangedring op 'n program van hervorming. Vgl. Vol.IX, Cambridge Ancient History, bls.693.

262) Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls. 701.

263) De Zwaan J., a.w., in Cult. Gesch. der Chr. Vol.I, bls.121.

264) De Zwaan J., a.w., in Cult. Gesch. der Chr. Vol.I, bls.123, Rome soek veiligheid in die materiële. Vol.I, bls.130.

en onvrugbaar is.<sup>265)</sup> Volkome skeefgetrap, verbaster dit lang-  
saam tot uitmergeling en staatsdiensbaarheid, waar vertoon en  
vermaak die verdere vervlakking van die burgerlike moraal  
sou aanstu.<sup>266)</sup> Beskawing bly invoerprodukt by diegene wat  
meen dat alles met geweld en geld te kry is. In sy soeke  
na rus bou hy Sjinese-mure van militêre veiligheid ten  
koste van geestelike weerkrag.<sup>267)</sup> Dat die owerheidstaak  
derhalwe deur die begrip van beskerming oorspan word, bring  
mee dat die juridiese verdring word, en eers as die beskawings-  
verval dreig om die beskermingstaak as futiliteit te ontmas-  
ker, keer die Romeinse owerheid terug tot die werklikheid en  
poog om die verval te stuit met 'n oorspanning van die ekono-  
miese — (soos by Gracchus)<sup>267a)</sup>

Enkele opmerkings oor die taak van die owerheid ten opsig-  
te van die religieuse moet egter nog gemaak word. Die grond-  
gedagte in Rome is steeds dat die religie die siel van die  
staat is, -- die staat is die korporasie, die religie die soma.<sup>268)</sup>  
Daar is derhalwe geen selfstandige uiting van religie nie,  
alleen die staat is godsdienstig. Solank die plebejers van  
die staatslewe uitgesluit is, het hulle inderdaad geen aandeel  
aan die religie nie. In die comitia curiata en alle staats-  
instellinge tree die staatsreligie na vore.<sup>269)</sup> Daar is wel 'n  
religieuse gevoel maar geen uiting daarvan na buite nie --  
alleen die religie van die staat het so 'n uiting na buite.

265) Huizinga, Homo Ludens a.w., bls.254.

266) "With an aristocracy decayed, a populace degraded -- the  
semblance of liberty that yet survived might be swept  
away with impunity" sê Bryce J. as Septimus Severus  
homself stel as die "single centre and source of politi-  
cal power and action", a.w., bls.4.

267) De Zwaan J., a.w., Vol.I, bls.131.

267a) Vgl. Bühler A., Public Finance, bls.15.

268) Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.366.

269) Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.366. In die comitia  
tributa (net plebejers), derhalwe geen godsdienst. As die  
plebejers medeseggenskap kry tree hulle toe tot religie,  
maar eers baie later sou hulle verkiesbaar wees vir die  
pontifikaat en flaminaat, en kom dan eers burgerlik en  
religieus met die patrisieër op gelyke voet, bls.368.

So is Jupiter as staatsgod en Vesta as godin van die Romeinse owerheid, beliggaming van die regeermag. „In haar aanbad Rome sig self.“<sup>270)</sup> Derhalwe is alle owerheidshandeling, eers gods-dienstige handeling — Dit geld vir siviele, sowel as militêre sake. Die priester het geen selfstandige posisie nie — Die Religionsverein staan nie naas die staat nie, die staat is dit self.<sup>271)</sup> Die flamines en pontifices word dan deur die owerheid benoem, en is slegs arms van die staat, organe waar-deur die owerheid die innerlike lewe, wat afgelei word van die gode, na buite laat optree.<sup>272)</sup> So is die begrip staatsgods-diens uiteraard 'n Romeins-aristokratiese begrip, openbaring van Romeinse trots!<sup>273)</sup>

- Soos reeds by Sokrates duidelik blyk, het die meer beskaafde volksklasse egter die religie begin afsterwe en redding gesoek in die wysbegeerte. Dieselfde verskynsel openbaar sig by Rome.<sup>274)</sup> Vanweë die konserwatisme / word egter vasgekleef aan dit wat uitgedien is, maar immers ook omdat „de religie in Rome geempsycheerd was, in het corpus van den staat, met het wezen van den staat was saamgegreed.“<sup>275)</sup> Solang die gehele volk aan die, in die staat geinkorporeerde nasionale god glo,

270) Kuyper A., a.w., bls.366-7.

271) Kuyper A., a.w., bls.367.

272) Immers die nasionale godsdiens maak eers plek vir die gedagte van 'n algemene religie as die Romein die wêreld verower het met die swaard. Vgl. Kuyper A., a.w., bls.367. Die verowerde volke behou hulle religie, omdat hulle nie organiese deel van die Romeinse staat kan word nie, en die religie van Rome is die siel van die Staat. Vgl. Kuyper A., a.w., bls.368.

273) Kuyper A., a.w., bls. 368. Daarom wil Augustus dan ook deur staatsinvloed 'n reveil van die paganisme bewerkstellig. Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls.159, De Zwaan J.

274) Volgens aanleg en tradisie wil die Romeinse gees steeds die openbare godsdiens as stut én vir moraal én vir staat behou. Nou kom die minagting „door al de kinderachtige en gedrochtelijke dingen, die geloofd werden, terwyl haar moraal niet meer beantwoorde aan de nieuwe opvatting, die men zich van gerechtigheid gemaak had.“ De Zwaan J., in Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls.159. So verklaar Varro (116-27 v.C.) dat volksreligie bedrog is, 'n maaksel van die politici om die massas in toom te hou. Vgl. Hommes N.J. Christendom en Antieke Cultuur, Cult. Gesch. der Chr., Vol.II, bls.35-38.

275) Kuyper A., Locus...bls.368. Die sinkretisme het egter onsekerheid gebring betreffende die karakter van die gode. De Zwaan J., in a.w., Vol.I, bls.159.

was die burgery kragtig, energiek en magtig,<sup>276)</sup> maar as die volk dit ook afsterwe en die eenheidsband verbreek word, begin die „Decline of the Roman Empire“ ( Gibbon) inderdaad.<sup>277)</sup>

Die nuwe religie van die beskaafde klasse sou later weer kulmineer in die caesarisme, 'n verering van die persoon van die keiser,<sup>278)</sup> maar steeds word die lyn gehandhaaf ten opsigte van die taak van die owerheid in die religieuse soos ons inderdaad in ons voorafgaande studie van die klassieke politargie, aangetoon het. Die religie word naamlik by sowel Griek as Romein „als eene staatstaak beskouwd, niet als een tak van den staat, maar als de centrale wortel, waaruit de staatsmacht opkomt, en dat dien ten gevolge alle zaken van religie onder outoriteit sub auspiciis en secundum nutum van de overheid gedirigeerd werden.“<sup>279)</sup> Immers juis die Christendom sou die eerste groot inbreuk maak op die magsfere van die politargiese staatsabsolutisme, in die leer van 'n persoonlike verhouding van die individu tot Christus.<sup>280)</sup>

276) By beide Israel en Rome „The mingling of religious with civic patriotism had been harmonious, giving strength and elasticity to the whole body politic.“ Bryce, James Viscount, The Holy Roman Empire, bls.10. Polybius sê in 2de eeu v.C. „De Romeinsche staat onderscheid zich het meest tot zijn voordeel in de voorstelling der Goden—“ Die Godsdienstigheid is so ontwikkel en zoo in het leven van den enkeling als van den staat binnen gedrongen dat men niet verder zou kunnen gaan.“ (Historiae 6, -6-8.)

277) Kuyper A., Locus, bls.369. Maar Cicero sou mag sê dat in kontras met die buiteland Rome soms gelyk, soms agter, maar in die religie, d.w.s. in verering van die gode, Rome vër voor is. De Nat Deorum 2,8, aangehaal Hommes N.J., Christendom en Antieke Cultuur, in Cult. Gesch.der Chr., Vol.II, bls.10.

278) Kuyper A., Locus, bls.372. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.IX, bls.718 e.v. Dit word betwyfel of Caesar self die verering van sy persoon aangemoedig het. As pontifex maximus het hy die staatsgodsdien bewaar „we may then attribute to Caesar at Rome no more than a policy of laissez-faire in religious matters.“ bls.722.

279) Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.372. Vgl. Bryce, James Viscount, The Holy Empire, McMillan & Co., London, 31ste Druk, 1922, bls.10, „among the Romans religion had been an integral part of the political constitution, a matter for more of national or tribal, or family feeling than of a personal devotion to a spiritual power — In Roman jurisprudence jus sacrum is a branch of jus publicum. Vgl. De Zwaan J., in a.w., Vol.I, bls. 135, „de unieke bijzonderheid dat het tegelijk een kerk en een staat was.“ Ons kursiveer.

280) Van Nispen tot Sevenaar C.M.O., Cult Gesch.der Chr., Vol.V, bls.128.

Die Christelike gedagte sou as 'n verfrissende bries kom in die vermufte atmosfeer van die oriëntalistiese metode om die owerheidsgesag onaantasbaar te maak, as goddelike bron van alle reg.<sup>281)</sup> Juis hierdie oriëntalisme sou vanweë die graadverskil aanvaar tussen god en mens, keiserverering na vore bring, want wanneer 'n besondere mag of wysheid in 'n mens blyk te wees „dat in hem in een bijzondere maten de goddelijke geest-vuur-substansie geincarneerd is, kan en mag' hy reeds by zijn leven een 'god' genoemde worden.”<sup>282)</sup> 'n Dergelike kultus sou aan die Romeinse keiserryk 'n owerheidstaak toeken wat in wese weer as soteriologies-absolutisties aangemerkt kan word. So 'n owerheid wat self oorsprong en instandhouding van sy gesag is, en in homself elke owerheidstaak verenig, „én burgerlik én militêr,— is ook oorsprong van alle wette, en sy amptenare is slegs onder sy delegasie. Daarom grens sy persoon aan die goddelike.<sup>283)</sup> Voeg daarby die tradisionele Imperium gedagte,<sup>284)</sup> wat onbegrens en onbeperk is, en ons het die beginpunt van die latere leer van die staatsraison en tewens die inspirasie vir die absolutisme van die nasionale monargie.<sup>285)</sup>

Die skerp dualisme wat bestaan tussen die sfeer van die individuele en van die staatsmag<sup>286)</sup> hou inderdaad nie erkenning in vir die individuele waardering van die mens binne die beskawingsontwikkeling en in die binding van die kultuurgemeenskap nie,<sup>287)</sup> ongeag die feit dat die Stoa tog 'n hoë mate van menswaardering aanvaar het.

281) De Zwaan J., De Volheid der Tijden in de Volkerenwêreld, Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls.164.

282) De Zwaan J., a.w, in Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls. 164. Vgl. Alexander die Groote, Die Faroas van Egipte en ander Oosterse vorste.

283) Bryce James Viscount, a.w., bls.4-5.

284) Vgl. Hattersly, A Short History of Democracy, bls.58. „The Imperium being regarded as in its nature absolute and incapable of limitation.”

285) Vgl. ook Dooyeweerd H., De Crisis — bls.169 vir invloed van die Imperium gedagte —

286) Dooyeweerd H., De Crisis, bls.170.

287) Dooyeweerd H., de Crisis, bls.170.

Daarmee het ons die owerheidstaak ook by die politargie gesien uitkristalliseer vanuit die ongeindividualiseerde monargale vorm, eerstens in sy arche-tipiese manifestasie van regshandhawing. Aanvanklik wel slegs na die individu, sy lewe en eiendom, maar vanaf die vroegste tye ook die regsbelange van die familie as selfstandige lewensvorm in die destydse maatskaplike ordening. Van 'n veelheid van regsbelange van ander samelewingsvorme is daar nog geen sprake nie. Religie is nog staatsaak, en val assulks geheel en al binne die kader van die owerheid se kompetensiegebied.

Maar vanweë beskawingstoestand,<sup>288)</sup> gebrek aan burgerlike mondigheid, oorlogstoestande, slawekonomie, ens. vind ons tweedens die aanvaarding van 'n taak deur die owerhede wat nie onder die tipiese taak ingedeel kan word nie, maar wat moet resorteer onder die besondere taak van 'n bepaalde owerheid binne die geheel-taakkonsepsie. Immers tye van beskawingsverval het 'n intense owerheidsopptrede in a-tipiese sin uitgelok. Daarnaas het die oorsienbaarheid van die polis, ook 'n intensiewe owerheidstaak bevorder. Die oorsienbaarheid is in die moderne tyd weer aktueel vanweë die verbeterde kommunikasie metodes drukperse, radio en televisie -- derhalwe is die staatsterritorium, sowel as die volksmassa al hoe meer oorsienbaar, en veel meer in kontak met die owerheid -- plaaslik, sowel as sentraal. Daardeur kan die owerheidstaak beide ingrypender en omvattender word.

-----  
288) Onthou moet word dat die Imperium Romanum op 'n elite-kultuur gebaseer is, soos ons die elite-beskawing ook by die Hellenisme aangetref het. Die massas is gespeen daarvan -- Horatius sou uitroep dat hy die gewone burgers haat -- Odi profanum vulgus et arceo. Dit is inderdaad 'n konfessie van die geesteshouding van 'n elite-minderheid met 'n onbepaalde supremasie in 'n streng aristokraties-oligargiese beskawing. Hieraan het selfs die Stoa se kosmopolitisme niks verander nie. Vgl. Hommes N.J., a.w., Cult. Gesch. der Chr. Vol. II, bls. 5. So lewe Plinius, Tacitus en Suetonius geheel en al in die aristokratiese kultuurgemeenskap, waarvan die Romeinse staatsbestel die glorieryke summum is. bls. 8, a.w.

Die staatsfilosofiese denke van die elite-beskawing van die Romein hou deurgaans eger aan 'n soteriologiese inslag vir die owerheidstaak, veral daar die massas nie deel het aan die latus clavus-beskawing nie.<sup>289)</sup> So het Seneca wel die inherente gelykheid van die mens erken,<sup>290)</sup> maar dit was bloot teoreties, daar hy ook gevange bly in 'n elite-aristokrasie — die nawerking van Plato se antitese tussen wyse en massa: Immers die tipiese trek van die owerheidstaak in die antieke wêreld lê in staat- en staatsmansroem as summum van menslike kultuurvorming; want die staatsman wy hom aan die hoogste en verhevenste diens. Cicero verklaar dan ter illustrasie hiervan dat daar geen saak is waardeur menslike deug meer die hoogheid van die gode benader nie, dan die stigting van 'n nuwe staat of die redding van bestaande state.<sup>291)</sup> So 'n konsepsie dra vir die owerheidstaak baie gewig, want arbeid en diens aan die staat is ware aktiwiteit (negotium) terwyl alle ander arbeid lediggang (otium) is.<sup>292)</sup>

Waar staatkundige en maatskaplike lewe, ja die hele beskawingsgemeenskap gekenmerk word deur 'n religieuse pregnansie — die resultaat van 'n eeue lange proses van gewoonte en formule, — is die wesenlike grondtaak van daardie religiositeit, „zorg voor de toekomst van den staat.”<sup>293)</sup>

289) Vgl. Hommes, N.J., a.w., Cult. Gesch. der Chr., Vol.2, bls.5. Daarom bly die staat vir die massa nog steeds in soteriologies-absolutistiese sin bestaan, al het die elite dit wel relativeer.

290) Die slaaf kan moontlik 'n adel van gees openbaar.

291) Hommes N.J., Christendom en Antieke Cultuur, in Cult. Gesch. der Chr., „Allen die het vaderland gered en het belangrijke dienste bewezen had, is in den hemel een bepaalde plaats bereid; waar zij zalig de eeuwigheid genieten, want niets is den hoogsten god meer behaaglijk dan juridisch gesloten verbanden en gemeenschappen der menschen die wij staten noemen.” Hommes N.J. a.w., Vol.II, bls.8-9. Vgl. Cook, T.I., History of Pol. Philosophy, Prentice Hall, New York, 1936, bls.148.

292) Hommes N.J., a.w., vol.II, bls.9. Naas onvoorwaardelike toewyding aan die staat en smaak vir ereampste, ook eerbied vir die bestaande staatskultus-Plinius se vrees vir die Christendom sou juis gedra word uit sy „hooggehouden konstitutiewe waarden der antieke beskawing.”

293) Hommes N.J., a.w., Vol.II, bls.9.



Waar Cicero beklemtoon dat die staat op geregtigheid gefundeer moet wees "and must exist for the promotion of the common wellbeing of all citizens" word die vorm van regering bepaal deur sy doel (Vgl. Aristoteles) en solank as die welvaart van alle burgers bereik word, is die vorm van regering "comparatively immaterial"<sup>294)</sup> Nietemin het ook Cicero se denke oor die ontstaan en oorsprong van die staat, die dialektiese spanning tussen materie en vorm weerspieël in sy kontras tussen die konvensionele en natuurlike.<sup>295)</sup> So sou hy die aanvaarding van Caesar se usurpasie van alle vertakkinge van die owerheidsamp filosofies regverdig en as Stoïsynse individualis verwerp,<sup>296)</sup> want uit die dialektiese spanning in religieuse grondmotief kan geen begrensing vir die owerheidstaak prinsipiëel en struktureel geponeer word nie. Derhalwe 'n staatsabsolutisme as praktyk vir die massas, terwyl die elite-groepe hulle saligheid soek in die wetenskap, omdat vir hulle self die beoefening van die owerheidsamp slegs middel tot hoogste diens is. Nietemin kan ons onder alles die archetipiese owerheidstaak onderken, en daarnaas die oënskynlik ordelose (beginsellose) geheel-taak aanvaarding wat onder religieuse, staatsfilosofiese, ekonomiese, militêre en kulturele druk, onbegrensd, variabel en steeds aanpassend by die eise van die tyd, nogtans binne die breë kader van die normatiewe struktuur van die staatsverband behoue bly,— want na die wetsy kan valse teorieë niks afdoen aan die onveranderlike struktuur van die staat nie.

294) Carlyle, a.w., Vol.I ( 2nd to 9th Century). Immers die staat is noodsaaklik onderware toestande van die menslike natuur "if only as a remedy for the corruption of human nature" sou Seneca in die tyd van sofisme poneer, a.w., bls.29.

295) Vgl.Venter E.A., a.w., bls:26. Vgl.Carlyle a.w., Vol.I, bls. 15. Waar Cicero wel aanvaar dat die staat meer is as 'n bloot konvensionele instelling, en andersyds die natuurlike met die konvensionele kontrasteer, sien ons hom gevange in 'n spanning, waarin hyself egter meer oorhel na die konvensionele d.w.s. vorm-prinsipe.

296) Vgl.Cook T.I., a.w., bls.147.

297) Vgl. Cook T.I., a.w., bls.148.

298) Cook T.I., a.w., bls.148. "Within the state there must, of course, be government, whose purpose is to realize the basic principle for which states develop, the achievement of the good life through justice"— aldus Cook oor Cicero se staatsfilosofie.

VI. DIE CHRISTENDOM — 'n NUWE ERA.

— „Gij hebt oewerwonnen Gallilië“ — Julianus die Afvallige.<sup>299)</sup>—

Waar die owerheidstaak in die politargie reeds sowel na die militêre en ekonomiese, as na die religieuse oorspan word, is daar ten tyde van Caesar se diktatuur 'n paniekbevange strewe na religieuse eenheid in 'n keiser-kultus, teneinde aan 'n ontrêdderde massa andermaal 'n vaste vertroue te gee. Aan die anderkant het die „brood en spele“ —kreet van die massas opgegaan, wat dan ook deur die owerheid uitgebuit is, om die tradisioneel-heidense bedwelming in die religieuse te behou, want die beskawing van Rome is inderdaad „rijp en overrijp, voldragen naar de materieële zijde, maar voos van innerlijk“.<sup>300)</sup> Trouens die elite-owerhede van die trotse Romeinse Imperium sou hulleself koester in die roes van son, luukse en spele, as die ster van Bethlehem sy verskyning maak.

Die politargie het opgelos in die republiek en keiser-ryk, en gaan gepaard met 'n herlewing van die sofisme, wat sedert Sokrates se tyd die geloof in bestaande kultuurnorme ondergrawe. Die skeptisisme, individualisme en naturalisme, waardeur ook die menslike samelewing as kontraktuele veiligheidsinstelling gesien word,<sup>301)</sup> sou die staat in soteriologiese sin geheel en al verbygaan, en die menslike saligheid seek in selfassimilasie van die individue aan die goddelike wêreld-rede deur studie en askese.<sup>302)</sup> In sy vorm van geweld-

299) Aangehaal Sprey K., Hellas en Rome, a.w., bls.156.

300) Smits J., De Christelijke Kunst tot het einde der Middeleeuwen in Cult.Gesch.der Chr., Vol.II, bls.222.

301) Mekkes J.P.A., Ontw.der Hum.Rechstaatstheorieën, bls.72.

Vir Cicero se quasi pacti —Vgl.Carlyle, A., a.w., Vol.I, bls.44.

302) Noodwendig beperk tot 'n geestelike elite — Vgl. du Plessis L.J., a.w., bls.30. In die verband dien egter ook steeds die invloed van die Oosterse religiositeit wat die Romeinse ryk binnedring onthou te word. Hiermee word die verhouding van die enkeling tot één bepaalde godheid deurslaggewend (veral Isis en Osiris dienste) — Vgl. Berkhof H., De Keizer en de Kerk, Holland, Amsterdam, 1946, bls.13. Vgl. ook Huizinga, Verzamelde Werke, Vol.VII, Geschonden Wêreld, bls.496, Die Christendom moes nie net die ou heidendom van staatserediens oorwin nie, dié was reeds aan afsterwe, maar „de bedwelvende macht van de velerlei mysterie-diensten, die het Ryk sedert eeuwen waren binnengedrongen.“ Vgl. ook Sprey K., Hellas en Rome in de Pelgrimstocht. bls.150. Die volks-massa het reeds in die 2de eeu v.C. die invloed van Oosterse religiesgevoel.

heerskappy is die staat hopeloos ver verwyderd van die ideaal van die Stoa, en geensins ingerig vir Stofiese askese nie! Daarom 'n kosmopolitiese gemeenskapsideaal met 'n individualistiese samelewing van vryheid, gelykheid en broederskap gereguleer deur die goddelike wêreldrede, soos geopenbaar in die natuurreg<sup>303)</sup> dus 'n absolute, volmaakte, oorspronklike reg (physis) en nie menslike instellinge wat histories, gebrekkig en relatief (nomos) is nie. Daarom sou Seneca verder onderskei tussen absolute en historiese natuurreg.<sup>304)</sup> Die hele begrip het wel in die Romeinse reg groot invloed uitgeoefen, maar sou vir die keiserryk in praktyk weinig betekenis hê. Die staatsfilosofiese denke op die tydstop toe die Christendom aktueel word, is nihilisties in sy opvatting van die owerheidstaak veral t.o.v. die individu, en sy saligheid.<sup>305)</sup> 'n Vrugbaarder bodem vir die Christendom kon nouliks bedenk word, aangesien die staat deur die Christendom geensins soteriologies-pisties beoordeel sou word nie, maar aanvanklik bloot as etiese hulpinstituut.<sup>306)</sup> Hoedanig die Romeinse Stoa die owerheidstaak ten opsigte van die individu wou beperk in die eis om selfgenoegsame ontwikkeling, was dit nogtans weerloos teen staatsalmag, omdat dit sonder 'n ware verbandsteorie staan met die bloot funksioneel-juridiese

303) Vgl. Mekkes J.P.A., Ontw. der Hum. Rechstaatstheorieën, bls. 70-71.

304) 'n Spanning by Seneca tussen vorm en materie motief is hier baie kensketsend. Waar, in kontraktuele staatstigting, vorm maat en begrensing aan die veranderlike menslike natuur gegee word, is by Seneca verder die vrees dat ook die nomos as menslike vormgewing gebrekkig is en die oorspronklike vryheid en gelykheid van die mens mag relatieweer. Daarom nog 'n oorspronklike natuurreg as hoogste vorm wat alle moontlike relativisering sou stop sit. "Die wêreldlogos, wiese (gees) *ἵερέμια* die materie deuring met sy kenmerkende spanning (*ἔδρος*) en van buite af begrens, en wel op so 'n wyse dat alle dinge absolute verskeidenheid toon." Mekkes J.P.A., Ontw. der Humanistiese Rechstaatstheorieën, bls. 70-71.

305) Vgl. Berkhof H., De Kerk en de Keizer, Holland, Amsterdam, 1946, bls. 13. "men zoekt niet meer allereerst vrede en welvaart voor de gemeenschap maar geluk en zaligheid voor zichzelf. Op deze behoeften waren de Romeinsche staatsgoden echter niet ingesteld." (Ons kursiveer).

306) Vgl. du Plessis, L.J., a.w., bla. 31.

band wat die individue van buite saambind.<sup>307)</sup>

Die regstaatsgedagte net egter reeds in die republiek ontwikkel insoverre as die gedagte van 'n regsband as uitwendige *τὸν*, 'n erkenning is dat die leidende struktuurfunksie van die staatsverband, slegs in die juridiese te vinde is. Dit berus egter in die republiek op die grondslag van jus privatum en jus publicum in ewewig, sonder dat dit wortel in die erkenning van die eie struktuurprinsipes en bevoegdheidsfere van die nie-staatlike samelewingsvorme.<sup>308)</sup> Immers dit stoel nog steeds op die historiese magsoosisie van die ongedifferensieerde Romeinse-familia as teenvoeter van die staat, en slegs onder die skadu van die familiestruktuur is burgerlike vryheid gehandhaaf teenoor die imperium gedagte van die jus publicum, en dan wel in die dualisme van publieke en private, sonder innerlike organiese samehang tussen die twee sfere.<sup>309)</sup> Mag en grootheid van die keiserskap bly die materiële grondnorm vir die lewe in die keiserryk, — waar die laaste reste van die familiestruktuur verdwyn en alle regstaatsgedagtes nou wyk voor die keiser as bron van alle reg — soos beliggaam in die princeps, wat deur sy vergoddeliking ook nog religieuse

307) Vgl. Mekkes J.P.A., Ontw. der Hum. Rechtsstaatstheorieën, bls.71. Hy haal R. Schmidt aan bls 121 — „Denn staatsflüchtig wie sie ist, hat sie gar nicht danach gestrebt aus dem Axiom der Lebensanschauung die Konsequenzen für ein rechtliches Verhältnis des einzelnen zum Staat zu ziehen.“ a.w., bls.72. Die konsepsie van 'n natuurstaat „as lying behind the actual conditions of human life,“ gee die neiging aan die regsteorië „towards the distinction between the primitive and the conventional.“ Carlyle, a.w., Vol.I (2de-9de eeu), bls.44. Met die breëre politieke, kulturele en religieuse horison van die Hellenisme as agtergrond, is die ideaal van die eenheid van die menslike geslag 'n aansporing vir die ontvoogding van die menslike persoonlikheid. As die Stoa dus die staat as „redder“ verwerp, dui dit inderdaad op 'n mondigwording watowerheidsbemoeiing as 'n beklemming sou aanvoel. Vgl. Lindeboom J., Het Christendom in de Samenleving in Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls.428 e.v.

308) Mekkes J.P.A., Hum. Rechtsstaatstheorieën, bls.75-6.

309) Mekkes J.P.A., Hum. Rechtsstaatstheorieën, bls.76. Vgl. Dooyeweerd H., De verhouding van individu en Gemeenschap naar Rom. en Germaansche Eigendomsopvatting (1936).

betekenis van diepgaande aard verkry.<sup>310)</sup> Dit is die tydperk van aanpassing van die Romeinse staat by die behoeftes van 'n wêreldryk, waardeur die private lewe geslaan word in die benouende kerkers van 'n staatsosialistiese regime,<sup>311)</sup> soos grootliks blyk uit Augustus se administrasie,<sup>312)</sup> en soos dit kulmineer in Diocletianus (284-305). Veral ook in Augustus se stryd teen toenemende verval en burgeronmondigheid<sup>313)</sup> in huwelikswetgewing,<sup>314)</sup> slawewetgewing,<sup>315)</sup> en die stimulasie van geboortes<sup>316)</sup> en tempelherstel sien ons inderdaad die aanvaarding van 'n owerheidstaak wat op daardie tydstip weergaloos is in die geskiedenis van die mensdom, in sy politieke, religieuse, ekonomiese, sosiale en militêre (beskermings)

- 
- 310) Vgl. Lindeboom J., *Het Christendom in de Samenleving*, Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls.414. Die keiser verskyn as „soter“, redder, heiland 48 v.C. in Efesé. Julius Caesar „de van Ares en Aphrodite stammende god op aarde en algemene heiland van die menschlike geslacht“.
- Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.76-7. Vgl. *Cambridge Ancient History*, Vol.X, bls.VI. „The most striking feature was the development of the cult of the ruler, which set Rome and Emperor in its due place, neither too exalted nor too visionary in the consciousness of mankind. Herein was to be planted the conception of a religion of the state which transcended but did not challenge the deeper emotions of worship.“ — (Ons kursiveer). Vgl. verder Hoofstuk XV van Vol.X vir religieuse ontwikkeling vanaf Rep. tot Nero.
- 311) Mekkes J.P.A., a.w., bls.76-7.
- 312) Vgl. *Cambridge Ancient History*, Vol.X bls.127-157 en bls.182-216. Veral Augustus se posisie. Sy finansiële hervormings en muntwese, voedselvoorsiening, bls.201. Sien ook bls.412-424 vir ekonomiese-maatreëls. Sy sosiale beleid word baie duidelik beskrywe deur H. Last in Hoofstuk XIV van Vol.X. Vgl. verder Berkhof H., a.w., bls.13 — as middel teen skeptisisme en agnostisisme waardeur staatsgodsdien verwaarloos word, wend Augustus die herstel van die ou godsdien aan.
- 313) Berkhof H., a.w., bls.13. „hoopte hy de oude Romeinsche volkskracht en volkseeneheid te herstellen.“ (Ons kursiveer). Vgl. hiervoor verder veral Vol.X, *Cambridge Ancient History*, bls.434-5. So wou Augustus die burgergemeenskap beperk deur die roekelose vrysetting van slawe te verhoed. Lex fufia ceninia (2 v.C.) en Lex aelia sentia 4 v.C. Vgl. verder bls.434 e.v., vir beskerming van Romeinse burgers na binne, die moeilike taak „to restore the morale of an enervated people and to rid them of their own inherent ailments.“
- 314) Vgl. *Cambridge Ancient History*, Vol.X, bls.441-455.
- 315) *Cambridge Ancient History*, Vol.X, bls.431 e.v. Lex Junia 17 v.C.
- 316) *Cambridge Ancient History*, Vol.X, bls.448-450, en 452-455. Ook toelae aan ouers ens.

aspekte.<sup>317)</sup> Ondanks die heersende staatsfilosofiese denke van die Stoa, (waarby die Christendom sou aansluit) is die staat (in die persoon van die keiser) nog die hoogste saligheidsinstelling, en beoefen die owerheidspersoon inderdaad naas 'n regstaak—soos ontwikkel met wêreldhistoriese drakrag in die Romeinse reg en jus gentium—'n alomvattende geheel-taak en besondere taak onder besondere omstandighede — die skepping van 'n wêreldryk. In hierdie ryk sou alle nasionale onderskeidings vervaag in die idee van 'n gemeenskaplike burgerskap wat geleidelik uitgebrei word na verowerdes.<sup>318)</sup> Bowendien sou gelykmaking deur die vernietiging van alle onderskeiding in status of regsbevoegdheid — insoverre as wat handel, letterkunde, en religieuse verdraagsaamheid dit nog nie gedoen het nie — 'n nuwe wêreldgemeenskap skep.<sup>319)</sup> Die idee van 'n enkele imperiale nasionaliteit, word nou deur 'n nuwe lewenskragtige element versterk en geskraag, naamlik die Christendom, wat geleidelik tot 'n politieke mag, waarmee rekening gehou moes word, sou ontwikkel, en wat juis

- 
- 317) Immers tussen Augustus en Diocletianus (284-305) is hierdie taak later slegs as dwangmaatreëls gehandhaaf, so word die ryk inderdaad 'n rekwisisie gebied vir die leer en as verowerde gebied behandel. Vgl. Sprey K., a.w., bls.147-148. Die staat dwing intussen die geruïneerde boere om hulle bedryf voort te sit, en die landbevolking moet dus aan die gronde gebonde bly (coloni). Handwerkers word in dwanggilde georganiseer en dit word feitlik erflik omdat die staat hierdie dienste nie kan ontbeer nie, „zoo werd de staat een last door de onderdanen getorst ten bate van leger en burokratie.“ 'n Staat wat terwille van die burgers bestaan het verdwyn en die taak van algemene mobilisasie en arbeidspelig in noodtoestande, word deur Diocletianus gereguleer as normale toestand. bls.148. Waar 'n burokrasie die hele ekonomiese struktuur — produksie sowel as konsumpsie—reël, is burgervryheid en selfbestuur inderdaad sonder inhoud. Sprey K., a.w., bls.148.
- 318) Soos begin deur Augustus in die skepping van 'n civitas Romana waaraan eers heel Italië deel het. Vgl. Cambridge Ancient History, Vol.X, bls.425-429. Later deur Caracalla 211-217 n.C. vervolmaak deur burgerskap te gee aan alle „natives of the Roman world“. Bryce — Studies in History & Jurisprudence, Vol.I, bls.5 e.v.
- 319) Bryce, The Holy Roman Empire, bls.5.

met beroep op Handeling 5 vers 29, die keiser-kultus verwerp!<sup>320)</sup>

Die alliansie van die Christendom en die staat was 'n natuurlike uitvloeiing van die heersende praktyk van die Romein, waarvolgens sy religie 'n integrale deel van sy politieke grondwet is,<sup>321)</sup> soos ons inderdaad ook by Israel 'n vermenging van religieuse en burgerlike patriotisme kry.<sup>322)</sup> Waar die Christendom egter vroeg reeds in sy isolasie — vanweë sy eksklusiewe aanspraak as die alleen saligmakende religie<sup>323)</sup> oor sy eie regerende liggaam beskik in kerkhoofde op wie sakramentalisme en sakerdotalisme (die noodwendige konsekwensie!) steeds meer mag en gesag plaas, kan die kerklike organisasie wel nie identies met die burgerlike wees nie, maar trouens tot sy teenvoeter ontwikkel word.<sup>324)</sup> Waar die Christelike kerk nou staatskerk word, is sy as't ware oorweldig

- 
- 320) Sevenster G., Paulus, Hebreëen, De Katholieke Brieven in Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls.418. Bryce, a.w., bls.10. Immers die ou heidense godsdiens kon al die politieke maatreëls ten spyt, hierdie noodsaaklike element nie verskaf nie. — 'n Verbod op vreemde kultus 'n eeu v.C. kon individualistiese godsdiensvorme nie keer nie, maar gelukkig vir die Romeine was daar onder die nuwe godsdiens 'n één wat aanvanklik nuwe lewende inblaas nl. die keiserverafgoding wat min of meer volgehou is tot 192 n.C. (Keiser Commodus), totdat Septimus Severus 'n nuwe tydperk inlui, van godemenging. Berkhof H., a.w., bls.15-16 en 32. Ook die sinkretisme sou nie as basis vir rykseenheid bly nie. As Konstantyn sig openlik aan die kant van die Christelike Kerk skaaar (312 n.C.) is monotheïsme reeds voldonge feit ook in die heersende opvatting, en is dit terwille van rykseenheid. Berkhof, a.w., bls.36-7.
- 321) Bryce, a.w., bls.10. Vgl. Berkhof H., De Keizer en de Kerk, Amsterdam, 1946, bls.11,40. Immers godsdiens is "een staatsfunctie, een groepsverbandsgodsdiens", Van der Leeuw G., Godsdiensten der Wêreld, Vol.II, Amsterdam, 1941, bls.64.
- 322) "The mingling of religious with civic patriotism had been harmonious, giving strength and elasticity to the whole body politic," Bryce J., a.w., bls.10. Waar volk en kerk saamval, soos by Israel wat as volk één kerk vorm, en waarvolgens Moses diegene wat sig nie met die religie vereenselwig, ook geen aandeel in die volksgemeenskap het nie, is die posisie van die Christendom duidelik onder die Romeinse keiser-kultus en staatsgodsdiens. Vgl. J.L.Koole, De Kerk treedt op in de Wêreld, Cult. Gesch. der Chr., Vol.I, bls.432.
- 323) Vgl. Smits K., De Christelijke Kunst tot het einde der Middeleeuwen, Cult. Gesch. der Chr., Vol.II, bls.223. Die Christene beleef die heilige leer in die harde werklikheid as eenlinge in 'n wêreld waarin die heidense beskawing toonaangewend is. Vgl. Berkhof H., a.w., bls.21-6. Vir die eksklusiewe, aggresiewe en absolute pretensies van die evangelie in sy totalitêre penetrasie in die pluriforme menslike lewe. Vergelyk ook Hommes N.J., a.w., Cult. Gesch. der Chr., Vol.II, bls.2.
- 324) Bryce, J., a.w., bls.10.

deur die wye en geverieerde sfeer van optrede en moet derhalwe haar interne regering gaan modelleer op die sekulêre, en waar die eie masjienerie defektief is, soos in gevalle van doktrinêre dispute wat die hele Christelike wêreld affekteer, is noodsaaklikerwys die inmenging van die keiser gevra — "in all else she strove not to sink into, but to reproduce for her own ecclesiastical purposes the imperial system."<sup>325)</sup>

Onder dwang van doktrinêre en praktiese noodwendigheid ontstaan dan mettertyd 'n hiërargie van patriarge, metropolitaane en biskoppe waarvan die jurisdiksie hoewel hoofsaaklik geestelik, deur staatswette erken en afgedwing is.<sup>326)</sup>

Die tradisionele reg wat die keiser in heidense tye gehad het, soos afgelei van sy posisie as pontifex maximus, om in te meng in religieuse sake is aanvaar en erken. Geestelikes predik die burgerlike plig tot gehoorsaamheid,<sup>327)</sup> en is tevrede om die keiser te laat voor sit op rade, en om dekrete teen kettters uit te vaardig, "and testify even by arbitrary measures his zeal for the advancement of the faith and the

325) Bryce, a.w., bls.10-11. Trouens Berkhof H., a.w., bls.40 meen dat die edikte van 311 (Galerius) en 313 die staat voor drie keuses geplaas het: Eerstens, word neutraal, met vryheid van alle religies tweedens, grond die staat op die Christelike ideologie, en gee aan die kerk die plek van die Romeinse staatsgodsdienst. Derdens die kerk neem die inisiatief en trag om die staatslewe so te vorm, soos dit volgens die evangelie gebied word — Die wortels van én, neutraliteit, én staatskerk — en die ware Christelike staatkunde, en lê dus in die 4de eeu opgesluit, aldus Berkhof. Immers Konstantyn het alreeds die rigtings in een of ander wyse beproef.

326) Selfs hulle Provinsies korrespondeer gewoonweg met die indelinge van die Romeinse Ryk — Die aardse hoof van die kerk "was virtually the emperor himself" —

Bryce — a.w., bls.11. Immers vergrype teen die kerk kom op gelyke voet met misdrywe teen die staat — Vgl. Sprey K., Hellas en Rome in De Pelgrimstocht, bls.154.

327) Na aanleiding van Romeinse 13 — Vgl. Bryce, a.w., bls.11. Selfs Konstantyn behou die titel pontifex maximus, en was staatsuitinge aanvanklik neutraal. Vgl. Berkhof H., a.w., bls.46. Dit word later anders as die munt (327) die eerstekeer 'n Christelike voorstelling dra, en die Christelike kerk in asielreg, kerkreg ens., begunstig word. Veral na 324 wyk neutraliteit voor begunstiging. Vgl. verder afkondiging van Sabbat 321 deur Konstantyn. Vgl. Sprey K., a.w., bls.154.



overthrow of pagan rites."<sup>328)</sup> Dink maar aan Konstantius se optrede teen bygeloof en offers, en die sluiting van heidense tempels, en die gevolglike uiteindelijke verpligting op alle Romeinse burgers om die Christelike godsdiens te aanvaar, in die dekreet van Theodosius die Grote (27 Februarie 380), wat as die klassieke dokument vir die Christelike staatspolitiek van die keisers aangemerkt moet word.<sup>329)</sup> Die beginsel van do ut des wat nog altyd in die Romeinse staatsgodsdiens gegeld het, word deur Konstantyn se opvolgers net so oorge- neem. In kwessie van die goedgesindheid van God verwerf, eerder as hartsgrondige oortuiging!<sup>330)</sup> Nietemin is die kerstening van die samelewing nou as belangrike oorweging in die owerheidstaak veral sigbaar in die wetgewing oor huwelik, gesin, volksvermaaklikheid, slawerny, onderdrukking ens.<sup>331)</sup> Konstantyn neem die voortou in die afkondiging van die Sabbat, wetgewing ter beskerming van ongetroudes en kinderloses, beperkings op egskeidings, verbod op bloedige vermaak, op die kinderblootlegging, en konkubinaat, ens. Die Christelike invloed is onmiskenbaar, en Eusebius (313-338) twyfel daar

-----  
328) Bryce, a.w., bls.12. Eusebius sê byvoorbeeld dat Konstantyn summus episcopus is. *οτι τις κεινος εβλαβησε εκ θεου καθεταμενος ευροδους των του θεου λειτουργων ανεμποσει*. Bryce, a.w., bls.12. Konstantyn was egter afkerig van dwang t.o.v. heidene — "Constantyn weet zich zendeling. Zijn ideaal is al zijn onderdanen te doen knielen voor den eenigen waren God." Berkhof H., a.w., bls.45.

329) Tussen 380 en 438 vind ons 80 wette teen kettery, waardeur kettery assulks, as misdrywe teen die staat aangemerkt word. In 426 volg 'n verbod ook op tempels wat afgebreek en gereinig moet word. Ook in die kode van Justinianus 529, word begin met die wet van Theodosius 380. Berkhof H., a.w., bls.49.

330) Vgl. Berkhof H., a.w., bls.50 e.v.

331) Berkhof, a.w., bls.50.

nie aan nie.<sup>332)</sup> Waar sommige Christelike eise aan die owerheid ook reeds deur die Stoïsyne gestel is, is die Christelike invloed in dié owerheidstaak wel nie altyd baie duidelik nie, en is dit waar dat die keisers kerstening van die samelewingsorde nie so energiek as bewuste taak aanvaar het as uitroeiing van die heidendom en die taak om elke burger te dwing in die kultiese eenheid nie.<sup>333)</sup>

Die Christelike staatkunde sou derhalwe aanvanklik in Konstantyn se opvatting bevestiging vind, waar hy homself geen taak in die kerk toe-eien nie, maar naas die kerk "Gij zijt bischoppen over het kerkvolk; ik ben door God om zoo te zeggen aangesteld als biskop over die heidenen."<sup>334)</sup> Aanvanklik huiwerig ten opsigte van interne kerklike aangeleenthede, het hy bemoeiing solank moontlik uitgestel,<sup>335)</sup> en as hy eers inmeng wil hy nog die beslissing laat aan kerklike instansies.<sup>336)</sup> As die onenigheid egter te groot word, tree hyself op en veroordeel die Donatiste (315), en skrywe „ik zal dan eens laten zien, welke en hoedanige vereering aan de

332) Vir Christelike wetgewing sien Bakhuizen v.d. Brink, Cult. Gesch. der Chr., Vol. II, bls. 69. Vgl. Sprey K., a.w., in De Pelgrimstocht, bls. 154.

Die historiese materialisme sien natuurlik in die konkubinaat verbod byvoorbeeld ekonomiese oorweginge, — veroorsaak deur sosiale en fiskale verpligtinge wat uit standeindeling voortkom. Ook by egskeiding sien Jonkers E.J., byvoorbeeld ekonomiese oorweginge. De invloed van het Chr. op de Romeinsche wetgeving, Diss. A'dam, S.U., Wageningen 1948, bls. 104, 112. Rutgers V.H., erken die invloed by Konstantyn wel; maar poneer „een maatregel als tegen het concubinaat zou ook inderdaad niet gepast hebben bij het heidensche Rome maar wel by een bevolking, die reeds aanvankelijk gekerstend was, en die de keizer zich beijverde ten volle te kerstensen.“ — Vgl. Berkhof H., a.w., bls. 50, 51. Rutgers V.H., De invloed van het Christendom op het Romeinsche recht, Amsterdam, 1940, bls. 27 e.v.

333) „Een staatsroeping tot kerstening van het maatschappelijke leven gevoelden ze nauwelijks“ — Berkhof H., a.w., bls. 53. Bakhuizen v.d. Brink, stel in Cult. Gesch. der Chr., Vol. II, bls. 64 die vraag of Konstantyn uit staatkundige oorweging, dan wel uit innerlike oortuiging handel, en wys daarop dat Prof. Heering sê „de soldaat van Christus word metterdaad soldaat des Keizers“ De zondeval van het Christendom, 1928. Vir optrede in negatiewe sin sien Bakhuizen van den Brink, a.w., bls. 68 e.v.

334) Berkhof H., a.w., bls. 53. Vgl. Sprey K., a.w., bls. 154.

335) Vgl. die donatistiese stryd.

336) Vgl. sy antwoord aan die biskoppe van Arles, waar hy hulle beroep op hom as heidens brandmerk.

hoogste Godheid toekomt, en in welk soort cultus Hij klaar-  
blyklik behagen heeft.... wat anders staat my te doen met  
het oog op mijn ambt en op de taak des Keizers dan dat ik de  
dwalingen verdryf, alle overmoed de kop indruk en bewerk  
dat allen de ware religie en de verschuldigde dienst in een-  
heid en eendracht aan den almachtigen God bewyzen."<sup>337)</sup> As  
die kerk dus self nie die eenheid kan herstel nie, beskou  
Konstantyn hom as geroepene van God daartoe verplig.<sup>338)</sup> Die  
eerste staatsbemoeiing met die kerk het egter op die hard-  
nekkigheid van die Donatiste gestrand. Maar pas in 324 sou  
die keiser weer in die Ariaanse stryd gewikkel raak, nogeens  
in staatsbelang, in soverre as die heilsame invloed van die  
Christelike religie as 'n hegte eenheidsband in rykseenheid  
die hele staatsbestel moet deurdrenk.<sup>339)</sup>

In Athanasius sou die eerste verset teen dié verre-  
gaande owerheidsbemoeiing begin, wat in Konstantius 'n hoogte-  
punt bereik het, en vandag nog deurwerk in die lande van die

---

337) Aangehaal Berkhof H., a.w., bls.54, uit Konstantyn se  
brief aan Celsus (315 of 316). Die vraag : "is die groeps-  
gedagte nog oorheersend en is "divergence of religion a  
menace to the unity of the Empire" stel Carlyle in dié  
verband, a.w., Vol.V, bls.453.

338) Daarna volg sy maatreëls teen Donatiste sedert 316 wat  
wel in 321 misluk. Kuyper merk tereg op dat waar die hei-  
dense religie deur die Christelike religie vervang is, dit  
tog absoluut met die mag van die keiser verbonde bly "en  
veel strenger dan vroeger met de flamines het geval was  
gewees" — Locus, bls.340.

339) Vgl. sy skrywe aan Alexander en Arius "Ik wist dat, als  
ik volgens myn wensch onder alle dienaren Gods eengezind-  
heid kan stichten, ook het staatsbelang daarvan de  
vrucht zou plukken door een verandering in overeenstemming  
met aller vrome gezindheid," Berkhof H., a.w., bls.56.  
Die Ariaanse stryd sou keiserlike optrede tot 'n punt  
voer in die byeenroep van 'n konsilie (Nicaea 325) en die  
afdwing van die " seun as homo - ousios met die Vader."  
Daarna volg sy botsings met Athanasius wat hom nie wou  
onderwerp aan die kultus-politiek van die keiser nie. Vgl.  
Kuyper A., Locus de Magistratu bls.339, "werd hij er  
vanzelf toegebracht om de rechtsbedeling van het Oude Tes-  
tament, de betrekking van kerk en staat, de viering van den  
Zondag en de praebenda van de geestelijken te regelen."  
Verder op bls.339. 'n Volkome en prinsipieël opgevatte  
geniale poging om die Romeinse ryk onder 'n absolute  
monargale regeringsvorm te bring — Vgl. Bryce J., a.w.,  
bls.12.

eertydse Bisantynse ryk, en Baïkanstate.<sup>340)</sup> Immers één staatskerk en één ortodokse ryksideologie as burgerplig, is die ongelukkige uitkoms as die owerheid in sy selfbeskerming en selfhandhawing die Christelike godsdiens, in die do ut des beginsel, as taak aanvaar en dit aldus laat verword tot 'n uiterlike, algemeen-verpligte kultiese aksie.<sup>341)</sup> Waar die samehang tussen die politieke en teologiese houding van diegene wat owerheidsvoogdy oor die kerk goedkeur juis van vry-sinnige aard was, staan hulle daardeur minder krities teenoor staat en owerheid, soos inderdaad by die Donatiste en later by die Remonstrante bewys is.<sup>342)</sup>

Eers by Augustinus sou die Christelike staatsbeskouing die owerheidstaak in juiste perspektief begin sien. Die persoonlike Skeppersoewereiniteit van God deurdring die gehele wêreldorde, (lex aeterna) waarbinne in organiese verband, die staat sy plek vind. Hoewel sy seëninge op natuurlike gebied volledig erken word, kry die staat teenoor die ryk van Christus geen selfstandige waarde nie; maar staan jure divino, in diens van die aardse openbaring van die liggaam van Christus,

340) Rusland tot 1917, en die Baïkanstate in soverre hulle vandag nie deur die kommunisme van kerk beroof is nie! Immers die Oos Romeinse Ryk word veral tipeer in die caesaropapisme, Sprey K., a.w., bls.154. "Rome dat veel vryer stond dankzij de politieke omstandigheden heeft de lijn strakker gehouden en de zelfstandigheid der kerk veel beter weten te handhaven." Bakhuizen v.d. Brink, Cult. Gesch. der Chr., Vol. II, bls.69.

341) De Vrede der Kerk, Berkhof H., a.w., bls.62. Sien ook sy hoofstuk oor die kerk op weg na die Bisantinisme, waarin hy aandui dat die kerk ook nie altyd in sy verset teen keiserlike bemoeïing erns gemaak het nie, veral in die Oosterse gedeelte van die ryk, bls.63 e.v. Vgl. Venter E.A. Die Ontw. van die Westerse Denke, bls.50, oor die vraagstukke vir die kerk na 325. Vgl. Julianus se poging om die heidendom te herstel. Sprey K., a.w., bls.156.

342) Vgl. Berkhof H., a.w., bls.155. Hy sê treffend dat daar 'n revolusionêre tendens sluimer by alle ortodoksie, wat slegs in krisis tye wakker word. "Wanneer mettertyd radikaal stelling word genomen in het Woord Gods, beteekent dat tegelyk een radicaal stellen van de overheid onder dat Woord". Ons kursiveer. Vir die volledige eksposisie van hierdie gedagtes lees die betrokke gedeelte in Berkhof, bls.155.

in die kerk.<sup>343)</sup> Wanneer die staat (owerheid) sig aan hierdie taak onttrek, verval dit in die ryk van die duisternis.<sup>344)</sup> Die Christelike staat moes dus buig voor die goddelike geregtigheid, soos in die Woordenopenbaring uitgedruk, welke geregtigheid bo onderdaan en owerheid staan. Die eer kom die Christelike kerk dus toe dat dit van die begin af 'n religieus verwortelde materiële regsgrens vir die owerheidsgesag skep,<sup>345)</sup> en was dit slegs die vereenselwing van die tydelike kerk-instituut met die liggaam van Christus, en die onderskikking van staat aan kerk wat 'n suiwere uitwerking van hierdie regstaatskonsepsie in die weg staan.<sup>346)</sup> Inderdaad sou die aanvaarding van die religieuse grondmotief, skepping, sondeval en verlossing, nou sy invloed laat geld hoewel 'n eie wysbegeerte wat radikaal en integraal opkom uit daardie grondmotief, nog ontbreek het, vandaar die formele en materiële beïnvloeding van die kerkvaders deur die Griekse konsepsies van Plato, Aristoteles, die Stoa en die neo-platonisme.<sup>347)</sup> Derhalwe bestaan ook by Augustinus (354-430) die dualisme tussen stof en gees, en dit bepaal sy beskouing oor kerk en staat

- 
- 343) Die staat behoort nie tot die primitiewe toestand van die mens nie maar is 'n "divinely appointed remedy for sin," Carlyle, a.w., Vol.I, bls.128.
- 344) Mekkes J.P.A., Ontw. der Hum. Rechtsstaatstheorieën, bls. 78. Ook die ander kerkvaders deel hierdie konsepsie van die goddelike instelling van die staat, St. Irenaeus, Justinus die Martelaar, Ambrosius, Isidore van Seville. Vgl. Carlyle, a.w., Vol.I, bls.120-129. Lactantius ontken die bestaan van 'n ordelose gemeenskap — Vgl. Carlyle, a.w., bls.125, uit Divino Inst. VI, 10.
- 345) Vgl. Gierke O., Das Deutsche Genossenschaftsrecht, bls.123, soos aangehaal, Mekkes J.P.A., a.w., bls.79 — "Die idee der immanenten Schranken aller Staatsgewalt und aller Unterthanenpflicht leuchtete auf" —
- 346) Mekkes J.P.A., a.w., bls.79.
- 347) Venter E.A., Die Ontwikkeling van die Westerse Denke, bls.48. Hy toon veral aan dat die sintese hier belangwekkend is, maar ook die apologetiese, bls.49 e.v. Vgl. ook hier Carlyle A.J., a.w., Vol.I, bls.146, "they find a just meaning in the great institutions of human society, human nature being what it actually is, but they conceive of these institutions as being dominated by the end which they serve. They are intended to correct the vicious dispositions of men." Duidelik is die kontraktuele of menslike aksie in staatstigting naas die verhewe doel wat die Christendom nastreef. Vgl. hier die vereenselwing van vorm van staat en sy doel.

beslissend,<sup>348)</sup> en lei veral daartoe dat die Christendom in die waardering van die nie-kerklike lewenskringe skromelik faal, en die ryk gevarieerde wêreldlewe resloos aan die diktaat van die outonome rede uitlewer.<sup>349)</sup> Vir die owerheidstaak is die fout beslissend ten opsigte van die onbegrensdeheid van die taak van die wêreldlike owerheid op alle nie-staatlike lewenskringe, maar ook in sy eie diepgaande onderwerping aan die heerskappy van die kerklike, hoëre orde of genadeterrein. Van soteriologiese standpunt kan die owerheid geensins langer waardering erlang nie, en word dit hoogstens aksepteer in die gesigspunt van natuurlike moraal, vanweë sy regsreëling vir die sondige natuurlike samelewing.<sup>350)</sup> 'n Periode van etiese staatsnihilisme dus, in aansluiting by die laaste fase van die politargiese staatsteorie, naamlik soteriologiese staatsnihilisme.<sup>351)</sup>

Waar die Christelike kerk egter staatskerk word, word die verchristelike staatsgesag, mettertyd meer positief gewaardeer en kry die owerheid naas sy natuurregtelike taak van veiligheid, vrede, orde, natuurlike sedelikheid en uitwendige godsvrug van die gemeenskap ook nou die hoër taak om as hulp-instituut van die kerk die Christelike wet te eerbiedig en uit te voer sodra hy op geestelike terrein kom in sy bevordering van sedelikheid en godsvrug.<sup>352)</sup> Daarmee is daar enersyds 'n uitbreiding aan die owerheidstaak toegesê, en andersyds 'n prinsipiële begrensing ingedra waar die owerheid gehoorsaamheid geweier word in geval van fundamentele aanranding van die geopenbaarde Goddelike wet.<sup>353)</sup>

-----  
348) Venter E.A., a.w., bls.57. Die staat as gesagsordening van die growwe sedewet van die ordo poenalis — is waardeloos vir die Chr. mensheid en veral vir sy geestelike stand, wat beheers word deur die genadewet van die Christelike liefde, Du Plessis L.J., a.w., bls.35.

349) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.57.

350) Vgl. du Plessis L.J., a.w., bls.33.

351) Du Plessis L.J., a.w., bls.33.

352) Du Plessis L.J., a.w., bls.35.

353) Du Plessis L.J., a.w., bls.35.

Waar die Christene veral in die eerste paar eeue steeds 'n mate van losheid van die bestaande heidense maatskappy openbaar, is dit juis as gevolg van 'n groot innerlike selfstandigheid.<sup>354)</sup> Onder die vervolging, veral die van Diocletanus, het die kerklike organisasie soveel groei en mondigheid openbaar, (mede as gevolg van seleksie deur die vervolgings) dat Konstantyn „juist met de Christenen opweg kan gaan om staat en samenleving te vernieuwen.“<sup>355)</sup> So is die Christelike barmhartigheidsdiens voorbeeld van innerlike selfstandigheid,<sup>356)</sup> wat deur geen staatsvoorskrifte verwek is nie, maar „spontaan gegroei en uitermate vruchtbaar geweest (is) voor den samenleving.“<sup>357)</sup>

Waar dit van die Christene gesê word, mag die inmenging van owerheid op kerklik-konfessionele gebied derhalwe nie toegeskrywe word aan innerlike verval nie, en moet „poneer word dat ons juis hier 'n owerheidstaak aantref wat uniek is, naamlik die kerstening van die wêreld. Dat daar by die owerheids-optrede wel selfsugtige staatsbelange onderskei kan word is waar, maar dit dien ook onthou te word dat 'n gevestigde burgerlike owerheid, veilige grense en selfs rykseenheid noodsaaklik was vir die uitbreiding van die evangelie temidde van 'n vyandige heidendom.“<sup>358)</sup> Indien Konstantyn en sy opvolgers

354) Bakhuizen v.d. Brink, De Vrede der Kerk, in Cult Gesch. der Chr., Vol. II, bls. 71.

355) Bakhuizen v.d. Brink, a.w., Vol. II, bls. 73.

356) Julianus die Afvallige sou juis hierdie Christelike veerkrag aan sy mense as voorbeeld hou.

357) Bakhuizen v.d. Brink, a.w., Vol. II, bls. 74.

358) Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls. 6. „men doet er evenwel niet aan den staat naar andere principia in te richten maar nam eenvoudig de bestaande inrichting over, terwyl men slechts dit eene verlangde, dat de plaats die de paganistische religie vormen in de staatsinrichting hadden ingenomen, zou vervangen worden door de Christelijke religie.“ Geen gedagte dus dat dié religie ook op regsforme en inrigting van die staat invloed moet hê nie. Daar is vanweë gebrek aan 'n uitgewerkte filosofiese grondslag geen ware deurdrenking van die hele maatskappy nie. Derhalwe 'n voortgang van heidense vorme — „die suurdeeg is langs die deeg geplaas“ sê Kuyper.

dus hier 'n nie-tipliese taak verrig,<sup>359)</sup> is dit volledig in die raam van die geloof-taak van elke owerheidspersoon as groepene van God.

Die weerstand wat die kerkvaders egter begin bied teen die keiser toon dat die wil van staat en owerheid vir die Christen nie die laaste norm is nie.<sup>360)</sup> Dit is in skrilte kontras met Konstantyn se woorde : „wat ik wil, dát moet als kerkelijke wet beschoofd worden,”<sup>361)</sup> as die biskoppe hom vermaan „de Romeinsche heerschappy niet met de kerkelijke orde te vermengen.”<sup>362)</sup> Maar veral Liberius se stryd teen Konstantius getuig van 'n selfstandigwording van die kerkverband,<sup>363)</sup> en die beroep op Math. 22 vers 21 word nou sterk aangewend veral deur Ambrosius teen Valentinianus II, naamlik dat slegs diegene wat deur amp en reg bevoeg is, in sake van geloof of kerklike orde sou oordeel; sodoende kan die keiser nie oordeel oor die biskoppe nie.<sup>364)</sup> Daarmee breek Ambrosius met die Romeinse tradisie van godsdiens as owerheidstaak van 'n keiser wat pontifex maximus is. Later sou die Germaanse volke wat ariaans-georiënteerd is, aandrang op 'n nasionale kerk onderworpe aan die vors, omdat deur die lyn van Karel die Groote en sy opvolgers die Germaanse landskerk- en later die rykskerkideaal -- weer herlewe het. Daarteen sou die pouse sig hardnekkig verset.<sup>365)</sup> Ons sal dus in die volgende

359) Die staatsarm ingecep om paganisme te verwyder en Christendom status te gee lewer geen probleem, maar as inwendige schismata kom en die owerheid ook kettery moet bestry, moet hy weet wat kettters is! „Toen gingen de keizers als owerheid zelf uitmaken wat waarheid was en wat niet.” Kuyper, Locus, bls.7.

360) Vgl. 1 Tim.2. Daar kan geen vergoddeliking van die owerheid wees nie. Paulus oorskat nie die betekenis van die owerheid nie. Vgl. ook 1 Kor.6, en 1 Petrus 2 vers 17.

361) Berkhof H., a.w., bls.60, vgl. ook bls.98.

362) Berkhof H., a.w., bls.98. Sinode van Milaan 355. Veral Eusebius, en Lucifer van Cagliari tree sterk na vore in hierdie stryd, en laastens ook Hosius van Cardova.

363) „De kerkelijke inzettingen zijn meerder dan mijn verblijf in Rome”, aangehaal Berkhof H., bls.99.

364) Dit was ook die houding van Valentinianus I.

365) Rome se insig dat die kerk sal beslis oor waarheid, gebore uit reaksie teen owerheidsbemoeiing, gaan egter weer tot die ander uiterste.



paragraaf oor die middeleeue hierdie stryd moet verreken.

Intussen let ons nog op die enigste ander duidelik erkenbare struktuur van die gesinslewe. Heel vroeg sou die kerk sig bemoei met die huwelik, vanweë die noodsaaklikheid van 'n gesonde moraal volgens die Skrif. Die Romeinse wetgewing oor die huwelik is privaat en sekulêr, maar vanaf Konstantyn tot by Justinianus tref ons owerheidsbemoeiing aan ten einde die huwelik en gesinslewe te laat konformeer met die Christelike belydenis.<sup>366)</sup>

Samevattend mag ons konstateer dat die Christendom, met sy diametraal nuwe religieuse grondmotief die siening van die owerheidstaak op vaste grond plaas. Tereg bespeur Carlyle by die kerkvaders „the persistence of the conception that the end of the state is the attainment of justice and that the quality of justice is essential to the legitimacy of any organization of society.”<sup>367)</sup> Daarby kom 'n bewustheid dat die kerk eie wette en beginsels het, wat naas en onafhanklik van die staat staan. Voor Konstantyn het dit apart en vyandig gestaan, afhanklik vir elke publieke reg wat dit mag geniet „upon the grudging consent of the state.”<sup>368)</sup>

366) Vgl. V.d. Merwe A., Die Huwelik, bls.62. Vir wetgewing i/s die huwelik verwys ons na Konstantyn se bepaling van 331 wat eensydige (repudium) egskeidings verbied. Theodosius verwyder heelwat beperkinge in 439, sodat in 449 twaalf gronde vir egskeiding opgeteken word. Justinianus (527-565) sou egskeiding deur onderlinge ooreenkoms afskaf. Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.6, sê dat die eerste Christene sig nie veel ingelaat het met die owerheid nie, en voldoen aan die uiterlike formaliteite deur die staat bepaal ten opsigte van die huwelik, „op welke wijze zij met de overheid in contact stonden, — er werd niet verder over nagedacht.”

367) a.w., Vol.I, bls.174. So poneer Ambrosius „justice and beneficence form the ratio of the state, justice is that which builds up the state, while injustice destroys it.” — Ook in vryheid van kerklikes ten opsigte van die siviele mag sien hy geregtigheid. Carlyle, a.w., Vol.I, bls.163. Vgl. ook St. Isidore „justice is essential part of the nature of the state.” a.w., bls.172.

368) Carlyle a.w., bls.176, Vol.I. Eers indifferent t.o.v. die staat daarna antiteties, sê Kuyper, Locus, bls.7. Geen volle behoefte derhalwe om die owerheid se taak teties en positief te stel nie.

Trouens selfs wanneer dit staatskerk word, word die owerheids-  
taak in die religieuse as 'n beperkte gesien, omdat daar  
aspekte van die menslike lewe is wat nie onder die kontrole  
en outoriteit van die owerheid kan en mag val nie, want die  
religieuse ervaring transsendeer die gesag van die politieke  
owerheid.<sup>369)</sup> Voorts wyk die primitiewe en antieke groep-  
solidariteit voor die ontwikkeling van 'n nuwe waardering van  
individualiteit, onder die kragtige impuls van Christus en die  
Apostels,<sup>370)</sup> sodat die kerk inderdaad 'n beskerming word vir  
individuele burgervryhede teen die sekulêre staat, soos later  
veral na vore sou kom in die idee van verteenwoordiging in  
sinodes.<sup>371)</sup>

Vanweë die etiese kleur wat die juridiese element van  
die Stoa gekry het, word die grondslag van die owerheidstaak  
egter nog nie 'n suiwer juridiese grondslag in materiële  
sin nie, maar nietemin sou die oortuiging van die Goddelike  
oorsprong van gesag,<sup>372)</sup> en die instelling van die owerheid om  
die sonde te bekamp, die owerheidstaak tog 'n relatief hoër  
waardering verleen—hoewel dit steeds aan die kerk onder-  
georden bly op die genade terrein<sup>373)</sup> in die herskeppende en

369) Carlyle, a.w., Vol.III, bls.8. "The religious society  
as embodying this spiritual experience cannot tolerate  
the control of the state."

370) Carlyle, a.w., Vol.III, bls.8.

371) Hattersly A., A History of Democracy, bls.78. "De hier-  
archie werd geboren om het overwicht van die overheids-  
macht te breken ende kerk als 'staat in den staat' te  
vestigen," sê Kuyper, Locus, bls.7. Wanneer die kerk al-  
lus geordend staan, tree dit self oorskrydend op t.o.v.  
staatsake i.p.v. te soek na die waarheid. Geskille het  
ontstaan oor eiendomme van kloosters, en veral op die  
punt van belastings en asielreg!

372) Immers in soverre as wat getwyfel word aan die Goddelike  
oorsprong van gesag, sal daar getwyfel word aan 'n morele  
funksie en doel van die staat.— Vgl. Carlyle, Vol.III,  
bls.93.

373) Dit dien onthou te word dat die taak en doel van die  
owerheid soos deur Paulus beskrywe in Rom.XIII vers 1-7,  
Titus 3 vers 1-2 en 1 Tim.2 vers 2 — groot invloed  
sou uitoefen. Daarby kon Petrus se siening van die ower-  
heidstaak (1 Petr.II vers 13-17) en die verhouding van  
die kerk tot die Romeinse regering (Lukas 23 vers 2)  
wel deeglik nie onbetuig gebly het by die opkomende  
Christendom nie. Vgl. ook Carlyle, Vol.I, bls.90-92.

vernuwende invloed van die evangelie op die menslike samelewing. Waar die filosofe die staat dan sien as die hoogste ideale menslike ontwikkeling, is die kiem egter reeds by Augustinus aanwesig dat die staat 'n verband is „het welk aan de kranke structuur van het menschelijke geslacht is aangelegd en dat by gezondwording weer zal worden weggenomen!“ 374) Maar volgens wat Kuyper die verkeerde lyn in Art. 36 noem, word die gemeenskap in die wortel opgevat as 'n kerklike gemeente met burgerlike bestuur vir sy uitwendige belange — die dwaling van caesaropapisme, asook van die Lutherisme. Immers die Christendom in sy ware aansyn sou kerk en staat skei, teenoor die gelykskakeling van die keisertydperk. 375)

-----  
374) Kuyper A., a.w., bls.9. Vgl. Art.36 van belydenis.

375) Vgl. Kuyper, A., a.w., bls.9-11 - Regimen Ecclesiae — „is in de kerk de overheid met zorg voor de uitwendige belangen belast, niet als machthebber naast of buiten de kerk, maar als in de kerk een deel van het regiment uitvoerend.“ —

Vgl. Von Ranke L., Die Römischen Päpste, bls.7, „Der Imperator vereinigte Staat und Religion, das Christentum trennte vor allem das, was Gottes, von dem, was des Kaisers ist.“

## VII. DIE MIDDELEEUW.

### A. Die Vroegmiddeleeue (in periode min of meer 476-918).

Hoewel ons geensins meen om die gehele periode van die middeleeue in besonderhede en chronologies te dek nie, is dit uit 'n oogpunt van sistematiek wenslik dat ons minstens die vroegmiddeleeue onderskei van die latere. Ons sal onder die vroeë middeleeue aansluiting moet vind by die disorganisasie van die Romeinse Keiserryk ten tyde van die Völkerwanderung. Maar juis omdat die middeleeue as't ware die moederbodem is waarop die gehele Westerse beskawing<sup>1)</sup> gegroei het, sal ons enigsins in ekstense moet aandag skenk.

Tot die vyfde eeu stoel die Christendom op die bodem van die heidens — hellenistiese beskawing, met brandpunte in Rome, Athene, Alexandrië, Antiochië, Konstantinopel en Karthago.<sup>2)</sup> Wanneer die Germaanse stamme die ryk binnedring en Rome in 410 swig voor Alarik<sup>3)</sup> word 'n nuwe mensetipe ingedra in 'n ryk wat ondergaan vanweë burgeronmondigheid en beskawingsverval. Die Germaan is wel vir die Romein 'n barbaar sonder geesteskultuur, sonder gekodifiseerde reg, en sonder 'n eie staatsvorm,<sup>4)</sup> maar inderdaad is met Romeinse hulp juis sy kerstening ver gevorder as die Wes Romeinse Ryk in 476 v.C. ophou om te bestaan. Daarmee het die idee van Imperium Romanum nie gesterf nie.<sup>5)</sup> Sonder wortel in nasionale bodem egter is 'n beskawing wel instaat tot tegniese verfyning en kwalitatiewe uitbreiding; maar nie meer tot wesenlike nuwe bou nie. Die Germaan en Hun het in Rome dus slegs gesloop wat geen krag insigself meer kon genereer nie. Staat en samelewing het die ekonomiese reserwes verteer in

1) Troeltsch; Der Historismus und seine Probleme, Tubingen, 1922, aangehaal Huizinga, Versamelde Werke, Vol. I, bls. 50.

2) Post R.R., De Opnamen der Germanen in de Kerk in Cult. Gesch. der Chr., Vol. II, bls. 122.

3) Vgl. Sprey K., Hellas en Rome, in de Pelgrimstocht, bls. 160 e.v.

4) Sprey K., a.w., bls. 162.

5) Immers die Biskop van Rome sou die imperium op geestelike terrein voortset. —

onproduktiewe weelde en stryd, waarin die nasie opgeoffer is aan die staat en staatsvorm.<sup>7)</sup> As die staat as instituut ontspoor en krisisse die uiterlike welvaart skok, verkrummel die kunsmatig byeengehoude beskawing.<sup>8)</sup> Die elementêre kragte wat nog steeds onderdruk was, gebruik nou die ou staatsvorme, waarin hulle self lank in chaotiese vorme verpauper het, om te voorsien in die behoeftes van die nuwe Christelike en nasionale volksgedagte, soos dié strominge sedert die dae van Theodosius (379-395)<sup>9)</sup> met mekaar verenig is.<sup>10)</sup> By sowel die Oos- as die Wes Gote het godsdiens egter 'n gemeenskaps-taak gebly, wat as politieke aangeleentheid behandel word. Daarin is die keuse van die vors wel beslissend,<sup>11)</sup> maar die Germaanse opvatting oor die verhouding tussen koning en volk, blyk duidelik uit die feit dat Clovis eers sy volk raadpleeg voordat hy hom laat doop (496).<sup>12)</sup> Hierdie verhouding sou voortleef by Karel die Groote wat as hoof van die Frankiese ryk alle belange van volk en ryk as taak aanvaar, „de godsdiensdige evengoed als de materieële.”<sup>13)</sup> Die kerstening van die Germane bring nuwe draers vir die Christelike kultuur en beskawing, en hulle word aldus die skeppers van die hoogstaande middeleeuse beskawing in Wes Europa.<sup>14)</sup> Immers by die val van Rome is dit duidelik dat die reeds ver gevorderde disintegrasie

6) Sprey K., a.w., bls.163.

7) Soos sedert die dae van die Gracchi merkbaar is.

8) Sprey K., Hellas en Rome in a.w., bls.163.

9) Post R., a.w., Cult. Gesch. der Chr., Vol.II, bls.128.

10) Alarik sien in die behoud van „de hun overgeleverde godsdiens, een middel om zich als volksgroep te handhaven, waardoor zij de heerschappy in handen moesten houden.” Cult. Gesch. der Chr., Vol.II, bls.129, Post R.R.

11) Post R.R., a.w., Cult. Gesch. der Chr., Vol.II, bls.131.

12) Post R.R., a.w., Cult. Gesch. der Chr., Vol.II, bls.136. Vgl. Edwin in 627, nadat die mening van die Witenagemot gevra is, volg die volk vrywilliglik.

13) Post R.R., a.w., bls.149. Ook by die Skandinawiese volkere sou die keuse van die koning beslissend wees nadat hy die volk geraadpleeg het. Vgl. Post R.R., a.w., bls.150.—

14) „Deze geromaniseerde Germanen schenen het meest geschikt om uit de Christelijke, romeins-hellenistische en Germaanse elementen op te bouwen een eigen nieuwe bloeiende cultuur, die zou zijn de Christelijke cultuur.”— Cult. Gesch. der Chr., Vol.II, bls.158. (R.R.Post, a.w.,)

één groot behoefte het, naamlik juridiese integrasie —  
"a power strong enough and pious enough to execute justice."  
Op hierdie stadium is daar egter slegs een mag wat geweld en  
roofsug betoel — die religie,<sup>15)</sup> en almal aanvaar minstens  
die Goddelike oorsprong van gesag.<sup>16)</sup>

Waar die Christendom in die Romeinse-wêreld vanweë die  
bestaande "gebildate Gesellschaft" nie die geleentheid gehad  
het om die eie regs- en staatkundige beginsels te laat bloei  
nie,<sup>17)</sup> het die Germane nog geen gemeenskaplike staatsinstel-  
linge of stambewussyn gehad nie, en polities dit nie veel ver-  
der as die volkstam gebring nie, daar ons slegs in enkele ge-  
valle federasies van volkstamme aantref. Welliswaar was die  
Gote wel reeds verder gevorder met 'n koningskap enigsins be-  
perk deur 'n volksvergadering.<sup>18)</sup>

Waar die Völkerwanderung dan wel die geestelike, intel-  
lektuele en ekonomiese lewe versteur,<sup>19)</sup> kry die Christendom as  
vergoeding te doen met volkere in hulle eerste "naïeuen  
kinderliken staat."<sup>20)</sup> Hier neem die kerk vir die eerste  
maal 'n skeppende posisie in "en legde aan het volk haar eigen  
organisasie op, die de hoogste selfstandigheid erlangde."<sup>21)</sup>

Terwyl in die ooste die caesaropapisme vir goed ge-  
vestig is,<sup>22)</sup> sou langamerhand in die weste die hiërargiese

15) Bryce J., The Holy Roman Empire, bls.500-501.

16) Bryce J., a.w., bls.285, "all the authority that could be  
said to exist in the midst of anarchy tended to centre  
itself in the chief of the new religious society."

17) Kuyper A., Locus...bls.378.

18) Ganshof F.L., De Middeleeuwen in De Pelgrimstocht, bls.170.

19) Ganshof F.L., a.w., bls.173.

20) Kuyper A., Locus, bls.379. Vgl. Von Ranke L., Die  
Römischen Päpste, bls.10, "Es (die Christendom) hatte im  
Westen vor allem die germanschen Völker ergriffen, eine  
christliche Macht hatte sich bereits in deren Mitte  
erhoben....bereitwillige Bundesgenossen gegen alle  
Feinde."

21) Kuyper A., Locus, bls.380.

22) Vgl. Kuyper A., Locus, bls.380 e.v. In die lyn van Kon-  
stantyn, sou ook die Lutherse vorste hulleself episkopos  
noem. Hendrik VIII sou defensor fidei word, en aldus die  
kerk van Engeland aan vorstelike supremasie onderwerp, en  
so die Bisantynse idee na Engeland oorplant. Soos Plato  
dan aan die owerheid die sorg vir die religie opdra,  
sou die Bisantinisme op die Renesans geleerdes die in-  
feksie oordra, via die juriste en uitloop in cuius regio  
eius religio.

stelsel ontwikkel waarin die kerk uiteindelik op die terrein van die staatsowerheid sou oorskry. Met die kroning van Karel die Groote sou kerk en staat, en daarmee die Christendom na buite 'n eenheid vertoon.<sup>23)</sup> Wanneer die kerk egter uiteindelik die staat oorheers, is dit in skrilte kontras met die Bisantynse tradisie waar die staatsowerheid vir sake van die religie sorg, sodat die Christelike religie verlaag word tot 'n funksie van daardie staatsowerheid. In die weste sou egter 'n onlosmaaklike eenheid ontwikkel „for men could not separate in fact what was indissoluble in thought. Christianity seemed to stand or fall along with the great Christian state, they were but two names for the same thing.“<sup>24)</sup>

Immers beide pousdom en ryk kom op in 'n eeu toe die menslike gees verlam was voor tradisie en gesag, waarin die individu nêrens tot sy reg kom nie.<sup>25)</sup> Trouens in ruwe ongestigte en ongedifferensieerde samelewings gehoorsaam en respekteer die mens die bestaande ordes, sonder inagnome van beginsels.<sup>26)</sup>

Op staatsfilosofiese gebied sou die sintese met die antieke heidendom die juiste fondament vir die owerheidstaak ondergrawe, en die lyn van Augustinus spoedig verlaat. By die opvatting van natuurreg, wat bo die positiewe reg verheue is, sluit egter ook die Christelike gedagte van Goddelike norme, gegee in die skeppingsorde vir die etiese en juridiese aspekte, aan.<sup>27)</sup> Daaruit vloei die besef dat owerheidsreg wat nie in dié Godgegewe etiese en juridiese norme gefundeer is nie, geen owerheidsreg is nie. Daarnaas is die oortuiging dat alle wêreldheerskappy aan die soewereiniteit van

23) Kuyper A., Locus, bls.379. 800 v.C. Daar sê Bryce „was pronounced the union of the Roman, and the Teuton, of the memories and the civilization of the South, with the fresh energy of the North.“ The Holy Roman Empire, bls.49. Vgl. Von Ranke L., a.w., bls.13.

24) Bryce, The Holy Roman Empire, bls.47.

25) „When private judgement was impossible to most and sinful to all.“ Bryce, a.w., bls.416.

26) Bryce, a.w., bls.52.

27) Mekkes J.P.A., Hum. Rechtsstaatstheorieën, bls.86.

Christus onderworpe is, 'n noodsaaklike voortrap vir die aanvaarding van immanente grense vir die owerheidstaak.<sup>28)</sup>

Uitgaande van die natuurreggedagte sou ook die juriste<sup>29)</sup> ondanks die praktyk van die owerhede gedurende dié tydperk,<sup>30)</sup> in beginsel 'n beperkte owerheids gesag en taak handhaaf. Uit 'n natuurstaat as hipotese, vloei logies 'n kontraktuele basis, waarop vir komende generasies die gedagte geformuleer word dat die burgerlike reg van enige staat die praktiese toepassing van geregtigheid en rede is. Beslissend is die gedagte dat alle staatsgesag vloei uit die populus romanus,<sup>31)</sup> wat in die praktyk van Gotiese en Germaanse volkere wel bevestiging sou vind.<sup>32)</sup> By die aftakeling van die Romeinse Keiserryk, sou die selfgenoegsaamheid van die owerheidspersoon as gesagsbron, vanweë die vergoddeliking van sy persoon, dan ook wyk voor 'n radikaal nuwe gedagte soos ingedra deur die Christendom. Die staat is nou instituut deur die Wil van God met gesag bekleed, en aldus bepaal deur en onderhewig aan die Wet van God. Die owerheidstaak is hier derhalwe begrens deur die reg, wat 'n selfstandige bestaan het.<sup>33)</sup> Hierin kry dit die ondersteuning van magte wat hoër geag word as die ongeindividualiseerde middeleeuse staat, naamlik die Romeinse regstelsel soos deur die kerk verchristelik, maar boweal die onfeilbare waarheid van die Skriftuurlik geopenbaarde Goddelike wet, waarin die beginsels van alle reg vasgelê is. Binne die kader van dié aldus beperkte gesag is die owerheidstaak nomokraties gerig, d.w.s. in ooreenstemming met die neergelegde reg,

28) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.85.

29) Vgl. Carlyle, a.w., Vol.I, bls.79 e.v. vir betekenis van die juriste.

30) 2de tot 9de eeue.

31) Carlyle, a.w., Vol.I, bls.64 "in their view the Roman citizens are the sole ultimate source of authority, whether legislative or administrative." Ulpian kan dan poeneer "The Emperors' will is law, but only because the people choose to have it so."

32) Hyma A., World History, a Christian Interpretation, Eerdmans, Michigan, 1947, bls.134 e.v.

33) Du Plessis L.J., a.w., bls.14.



(nomos).<sup>34)</sup> Dit sou 'n belangrike vordering beteken het, indien die jong Germaanse volkere wat nouliks die patriargale organisasie ontgroeï het, nie gepoog het om hulle leierskap te konsolideer in 'n staatkundige, — by name monargale, — vorm nie. Daarvoor kleef hulle die Romeinse tradisie aan, en poog die monisme af te dwing op hulle volkstamme, wat voorasnog geen nasionale-solidariteit het nie.<sup>35)</sup> Die vermeniging van Romeinse en Gotiese staatsvorme soos veral onder Theodorik merkbaar, is bewys daarvan dat die monargale inspirasie (uit Romeinse tradisie)<sup>36)</sup> en die katolieke leerstuk van die sigbare eenheid van die liggaam van Christus, stukrag sou verleen aan die vorming van 'n aardse eenheidsorganisasie. Die Germaanse vorste, hoewel hulle oor potensieel lewenskragtige volksmateriaal beskik, moes egter insien dat daardie materiaal lank nog nie genoegsaam deelhebers is aan die kultuur- en geestesbesit nie. Daarom is hulle aangewys op kerklike beamptes en veral die eenheidstaal van die kerk (Latyn). Daarmee is die uiteindelijke verhouding van kerk en staat in koers, reeds op oorskryding van grense gerig. Maar waar dit alles geskied sonder voorafgaande verstewiging van die magsorganisasie in 'n stadskultuur in Wes Europa, was hierdie monargale monisme gedoem,<sup>37)</sup> en kon die vorste hulle op die end hoogstens self handhaaf op die kontraktuele ooreenkomste met leenhere. So is die kerklike eenheidskultuur deur die owerheid aan die Germanedom opgedring; maar die resultaat was 'n veeleenheid van gesag — kerklik, keiserlik, koninklik, landsheerlik en korporatief, saamgebind deur 'n alsydig beperkende kontraktuele verband — Staatkundige

34) Du Plessis L.J., a.w., bls.14.

35) "and it would have taken many generations to weld them into one" — Oman C., Europe 476-918 Period I, Percival & Co., London, 1893, bls.18.

36) Vgl. Dooyeweerd H., De Crisis — bls.169 vir die invloed van die Romeine op die staatsabsolutistiese teorie.

37) Vgl. Du Plessis L.J., a.w., bls.15.

monisme het geswig voor 'n pluralistiese hiërargie — 'n gewyde piramidaal opklimmende gesagsveelheid.<sup>38)</sup>

So sou die Roomse kerk in dié periode verselfstandig en as geestelike magsentrum die uiterlike eenheid van die mensdom help bevorder tot 'n Heilige Romeinse Rykseenheid. Derhalwe kom die ware taak van juridiese integrasie van die owerheid in hierdie pluralistiese gesagsordening geensins tot sy reg nie. Gelukkig was die owerheid ook nêrens sterk genoeg om te vroeg in te gryp in die ontluikende samelewingsvorme, en dit aldus weer te stagneer, nie.<sup>39)</sup>

Die groot taak aanvaar deur die owerhede sentreer egter weer rondom die missionêre — die kerstening van die heidendom, soos veral onder 'n kragtige figuur soos Karel Martel (720-741) duidelik blyk. Daarbenewens is sy aanvaarde doel die handhawing van sy eie gesag teenoor die kerklike,<sup>40)</sup> veral waar hy as redder van die Christendom aangemerkt staan.<sup>41)</sup>

As in die sewende en agste eeue die beskawing tot 'n laë peil verval,<sup>42)</sup> en veral die opkoms van bygeloof en beeldeaanbidding, die maatskaplike verval verder aanstu, kom van beide kerk en staat pogings om wal te gooi. Dink hier aan Leo se edik teen hierdie bygeloof en beelddiens<sup>43)</sup> (726), en die Dekreet van Konstantinopel (753) deur Konstantinius Capronymus (740-775), teen beelddiens. Dink ook aan sy poging om die-kloosterwese te vernietig — 'n onbegonne taak indien onthou word dat die ontworteling van 'n lewenshouding

38) L.J. du Plessis, a.w., bls.15.

39) Vgl. in die verband *Andræ Staatssozialismus und Stände-staat*, bls.2 e.v. Vgl. verder Bühler A., *Public Finance*, bls.15-6. "On the whole a philosophy of limited public functions prevailed throughout the mediaeval as well as the ancient world."

40) Vgl. sy inmenging met Biskoppe en selfs sy verbod op *Sinodes* sonder sy verlof. Nietemin het hy die kerstening van die Friese as taak aanvaar!

41) Na die slag van Paictius 732.

42) "The civilization of the whole realm had sunk to a very low level compared with that which prevailed in the fifth." Tout, T.F. *The Empire and the Papacy*, 918-1273. 9de Druk, Rivingtons, London, 1931, bls.56.

43) Ikonoklastiese Edik —

gevestig op die praktyk van eeue, nie deur 'n vors aangepak kan word indien dit sy volk ontbreek aan geeskrag, en hom dus nie daarin kan skraag nie.<sup>44)</sup> Ander voorbeelde is die sending van Bonifacius (745) om die euwels in die kerk uit te wis<sup>45)</sup> en Pippyn se optrede om die Frankiese geestelikes terug te dwing na kanonieke dissipline, en die verwydering van euwelpraktyke, soos simonie.<sup>46)</sup>

In Italië sou die heerskappy van die Langobarde (568-653) die pousdom versterk, vanweë die feit dat hierdie volk sonder enige kennis van die Romeinse kultuur, as die mins beskaafde van al die Teutoniese volkere, 'n breuk met die Romeinse tradisie op staatkundige gebied sou meebring.<sup>47)</sup> Die pous toon hier duidelik optrede op staatkundige gebied as Gregorius (590-604) sonder imperiale sanksie pous word, en die "temporal authority and spiritual precedence" van die kerk na die vrede van Agilulf (599), inlui.<sup>48)</sup>

Temidde van dit alles blyk egter dat die staat tog nog 'n mate van selfstandigheid behou, veral waar sterk vorste na vore tree, en daarom sou die staat sig nooit geheel en al onderwerp aan die kerklike sedewet nie.<sup>49)</sup>

Die ongedifferensieerde verbandswese van die vroeg-middeleeue, laat reeds die korporasie begrip deurskemer in die lyn van die eertydse Romeinse collegia illicita.<sup>50)</sup> Meesal is nog radikaal verskillende samelewingstrukture in 'n enkele ongedifferensieerde verbandsvorm verenig, (gilde, buurskappe, markte). Selfs die selfstandigheid van hierdie genootskappe was nog van ongedifferensieerde aard, omdat nêrens bevoegdheidsgrense afgebaken is nie, en alles berus het op privileges,

44) Oman C., a.w., bls.314.

45) Oman C., a.w., bls.332-34.

46) Sinode van Verneuil 754, Oman C., a.w., bls.334.

47) Oman C., a.w., bls.188-190.

48) Hy onderhandel met die vyand, sluit 'n verdrag met die Hertog van Spaleto 592, en stel tribunes aan! Oman, C., a.w., bls.334.

49) Vgl. die gewelddenary selfs tydens die kruistogte.

50) Gierke O., Political Theories of the Middle Age, Vertaling Maitland F.W., Cambridge, 1938, bls.IX e.v.

skenkings, afkoms ens.<sup>51)</sup> Nogtans kry die begrip universitas in hierdie tyd sy beslag, hoewel Pous Innocentius IV (1243, Sinibald Fiesci) eers 'n ware teorie van fiktiewe regs persoonlikheid formuleer, waarin vanweë die pluralisme van die middeleeue, die korporasie as fundamentele begrip in die wêreld-omvattende gees ingeorden word.<sup>52)</sup> Aanvanklik begin die korporasies dan as soveel state binne die staat, wat sou meebring dat ook hulle nie-tipiese take aanvaar, in verregaande oorskryding op die gebied van die owerheidstaak. Immers waar 'n juridies integrerende staatsfaktor inderdaad ontbreek, word eenheid gesoek in 'n wyer omvattende eenheidsbegrip, waarin alle pluraliteit aan eenheid gesubordineer word.<sup>53)</sup> So is die mensdom één omvattende korporasie, waarin die dualiteit van kerk en staat as dissonante toon opklink,<sup>54)</sup> omdat die spore van twee wêreldordes, geestelik en sekulêr, helaas by Augustinus nie uitgewis is nie,<sup>55)</sup> en Thomas van Aquino in die volle aanvaarding van die natuur-genade sintese juis die dualisme tot dogma sou verhef.<sup>56)</sup>

Ons het voorwaar met 'n tydperk te doen waar hoewel die begrip van nomokrasie kenbaar is, die staat vanweë talryke oorsake nie by magte is om die arché-tipiese taak van regshandhawing uit te voer nie. Immers dit kan beswaarlik gebiedsoorskryding op eie erf afweer. Daarnaas het ons hier weer 'n illustrasie gehad van die a-tipiese taak aanvaar deur beide staat en kerk in tye van burgerverval. Treffendste van alles is die toetrede van Pippyn tot die gebied van die kerk om wanpraktyke uit te roei, wat volgens Kuyper alleen te regverdig is in gevalle van interne onbevoegdheid vanweë verval en verlies aan geestelike spankrag.

51) Vgl. Mekkes J.P.A., Hum. Rechtsstaatstheorieën, bls.84.

52) Vgl. Gierke O., a.w., bls.IX e.v.

53) omnis multitudo derivatur ab uno, ad unum reducitur — Gierke O., a.w., bls.3.

54) Vgl. Gierke O., a.w., bls.9,10,11.

55) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.57 e.v. Augustinus kan sig van die dualisme tussen gees en stof, nie ontworstel nie.

56) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.58.

Ekonomiese toestande in die agste en negende eeue word oorheers deur feodo-vassalistiese betrekkings,<sup>57)</sup> wat met die Karolingers,<sup>58)</sup> vanweë buitelandse gevare stelselmatig opgebou is. Selfs kerkeiendomme is op die beneficiostelsel uitge-deel,<sup>59)</sup> sodat die vors ook op hierdie hiërargiese vasale kan steun.<sup>60)</sup> Die verbrokkeling van staatsgesag tussen die negende en twaalfde eeue, is te danke aan die beneficio. Maar indien die sentrale gesag aan heerlikheid inboet, word dit juis in-stand gehou deur hertogdomme en graafskappe in leen van die koning ontvang (foedum).<sup>61)</sup>

Karel die Grote sou vanweë sy progressiewe beleid veel beskawingsarbeid verrig, maar ook hy het geswig voor die be-vestiging van die wêreldse mag van die pous as hy die kroon van die pous ontvang met die vaag omskrewe opdrag om die Christendom te beskerm.<sup>62)</sup> Daarnaas tree egter nou 'n nuwe politieke teorie in die weste na vore, in die universele heerskappy van die Romeinse Ryk. Waar die keiser se gesag voorheen op sy verkiesing deur die Franke en Lombarde berus het, is hy nou deur God gekroon en „for the future he showed an increasing tendency to insist on the omnipotence of his authority in things ecclesiastical and moral as well as civil matters.”<sup>63)</sup> Die owerheidstaak wat hieruit vloei behels voog-dyskap oor alle moraliteit en reformasie van die Christendom, sowel as beskerming van die kerk—<sup>64)</sup> Die nuwe ryk verteen-

57) Ganshof F.L., a.w., in De Pelgrimstocht, bls.198.

58) Karel Martel, Karloman I, Pippyn III,.

59) Vgl. Otto I se rykskerk (955) en die biskoppe met staats-regtelike bevoegdhede wat sy vernaamste steun uitmaak.

60) Tussen 814 en 887 onttrek talle hulle egter weer van die vors. Ganshof F.L., a.w., bls.199.

61) Die verbrokkeling sou in Wes Frankryk verder vorder as in Duitsland, waar feudalisme min of meer volgens Germaanse volkstamme geskied. Die selfstandigheid van talle graafskappe kortwiek egter die mag van die vors.

62) Oman C., a.w., bls.346 e.v. Vgl. Von Ranke L., Die Römischen Päpste, bls.13.

63) Oman C., a.w., bls.375. Vgl. Von Ranke L., a.w., bls.13. „In den Landschaften die Sankt Peter übergeben sind finden wir Karl den Grossen unzweifelhafte Akte einer höchsten Autorität vollziehen.”

64) Vgl. Karel se optrede t.o.v. (i) Bekering van Sakse (ii) presideer by Rade en Sinodes, „The defence of all law and morality was involved in the imperial name, any offence against him and his ordinances was a direct crime against the annointed of God, Oman C., a.w., bls.376.

woordig dus 'n intieme en bewuste vereniging van kerk en staat. Waar die keiser as taak beskerming en toesig oor die kerk aanvaar, sou dit egter eindig in die pousdom as toesighouer oor die staat!<sup>65)</sup> Nietemin is die heerskappy van suiwer barbaarse magsgeweld nou beeindig<sup>66)</sup> deur 'n vors wat die administrasie orden, want sy heerskappy "is the revival of order and culture, seeking to fuse the West into a compact whole."<sup>67)</sup> Sy hele organisasie is Romeins in die strewe na uniformiteit en presisering, waarin sisteem en perfeksie deur die heerskappy van die reg, gehandhaaf word.<sup>68)</sup> Daarmee het Karel onmiddellik tot sy eerste arché-tipiese taak as owerheid deurgedring, regsbestelling in 'n veelheid van regsbelange. Ten opsigte van die kerk, handhaaf hy egter nog byna despotiese superintendentskap<sup>69)</sup> en maak selfs voorskrifte vir die lewe van geestelikes. Daarby het hy as taak aanvaar die kerstening van die samelewing,<sup>70)</sup> waarin duidelik blyk dat die gehele sosiale en morele plig afgelei is van die plig tot gehoorsaamheid aan die sigbare outokratiese hoof van die Christelike staat.<sup>71)</sup>

Vanweë die enorme omvang van die territoriale gebied met sy gebrekkige verkeer en nasionale verskille sou die druk van die owerheidstaak ontsettend word, ook vir sy opvolgers.<sup>72)</sup> Daarnaas sou die pous steeds 'n faktor bly met wie terdeë

65) Oman, C., a.w., bls.376.

66) Vgl. die Aachen Dekreet 802. t.o.v. manslag, gasvryheid, geweld teen kerk, weduwees, wese, vreemdelinge, ens. Voortaan is almal gebind om te werk in diens van God. Bryce J, a.w., bls.66.

67) Bryce J., a.w., bls.69.

68) Bryce J., a.w., bls.73. Bryce noem dit Rule of Law.

69) Vgl. Oman C., a.w., bls.384-7 en Bryce J. a.w., bls.65 e.v. "the attitude of protection which he held towards the Church and the Holy See belonged properly and only to an Emperor." Vgl. Von Ranke L.a.w., bls.13. "Der Papst dagegen, Oberhaupt der Hierarchie in dem römischen Okzident, ist ein Mitglied des fränkischen Reiches geworden."

70) Vgl. die Eed wat almal moes aflê. (Aachen 802).

71) Vgl. die teokratiese idees van Alcuin Bryce J. a.w., bls.67.

72) Oman C., a.w., bls.384-7. Vgl. Bryce J., a.w., bls.71 e.v.

gereken moet word.<sup>73)</sup> Lodewyk die Heilige sou spoedig daarmee kennis maak,<sup>74)</sup> en die pouslike triomf sou weldra bevestig word in die banvloek op Lothar tot 868.<sup>75)</sup>

Ondanks die triomf van die kerk op die weg van 'n eenheidskultuur vir die gehele Christendom, is alle tekens egter daar dat die negende eeu 'n verval is na primitiewe chaos en barbarisme,<sup>76)</sup> mede as gevolg van die verswakking van die wêreldlike gesag en die skeuring van die kerk na die sinode van Konstantinopel 866. Die invalle van die barbare<sup>77)</sup> sou verder bydra tot die verval, waaruit Feudalisme Europa gered het.<sup>78)</sup> Die toestand van die staatsvolk was hopeloos "its actual representatives the Roman people, were a turbulent rabble, sunk in a profligacy notorious even in that rude age."<sup>79)</sup>

Die hele skema van die middeleeuse Christendom is nou reeds in kiem aanwesig, en begin meer en meer aanleun op die idee van die sigbare kerk, met sy simbool en ankers in die priesterskap wat die reste van beskawing sou bewaar, tesame met die idee van een universele tydelike staat.<sup>80)</sup>

Waar die staatsowerheid, veral vanweë feudale verbrokkeling, nie by magte was om sy a-tipiese, taak wat nou sterk uitgelok word in die heersende burgeronmondigheid, te verrig

73) Bryce J., a.w., bls.71. Immers in die eeu van Karel "men were and could but be governed chiefly by physical force," the Emperor was practically if not theoretically, the grand figure!" Maar wanneer die mag van die idee sterker word, hel die skaal oor, hoewel dit eers ten tyde van Innocentius III heeltemal waar sou word. Bryce J., a.w., bls.431.

74) Waar hy homself gekroon het, was hy verplig om in te stem tot herkroning deur die pous(816). 'n Sinistere aanduiding van die mag wat die geestelikes nog sou verwerf!

75) Oman C., a.w., bls.428 — "One of the greatest triumphs that the papacy had won since the days of Gregory the Great."

76) Hassal A., A Survey of European History, Bloches & Son, London, 1906, bls.16 "the ninth century had proved disastrous for religion — Italy had fallen into a state of anarchy," sê Hassal op bls.27, van a.w.,

77) Veral in die Deense invalle (885-6) en die latere stryd teen Islam wat aan die begin van die negende eeu 'n aanvang sou neem en eers teen 972 enigsins verlig sou word — Hassal A., a.w., bls.14-15.

78) "That time (Karolingiese tydperk) was indeed the nadir of order and civilization — From all sides the torrents of barbarism which Charles the Great had stemmed was rushing down upon his Empire" — Sarasene, Dene en Noormanne. — Bryce J., a.w., bls.78. Vgl. Hyma A., a.w., bls. 160 e.v. Immers Feudalisme is gebore uit die nood en chaos van die 9de en 10de eeu.

79) Bryce J., a.w., bls.88-9.

80) Bryce J., a.w., bls.95.

nie, was die kerk die enigste alternatief. Hiervoor was ook die ontreddende en verwêreldlike kerk nie volledig toegesien, en vandaar die Cluny-reformasie en reorganisasie van die kerk, wat die skeiding tussen kerk en staat in beginsel toegee en daarmee die moontlikheid dat Europa van Feudalisme bevry kan word.<sup>81)</sup> Bowendien veral dat staat en kerk elkeen in sy eie gebiedsbevoegdheid teruggedwing sal word, na 'n langdurige tweestryd, temidde van die skyn van 'n universele eenheidskultuur!

B. Die Middeleeuse eenheidskultuur — Die Staatlike Owerheids-taak misken!

Die negende eeu kan inderdaad as 'n nuwe tydperk aange-merk word, juis omdat die kloof tussen die Teutoniese gemeenskappe en die antieke ryk daarin meer en meer beslissend word. Waar die staatsgesag teenoor die kerk aan die begin van die negende eeu relatief die hoogste was, sou die posisie geleidelik omgekeer word tot by die Isodorianaanse briewe. Die idee van die eie sferes is nou nog die sterkste, hoewel beide pous en keiser terdeë bewus is van die interseksie daarvan, en die probleem van afbakening reeds aktueel word.<sup>82)</sup> Immers Sedulius Scotus poog om die taak van die staatsowerheid te omlin soos saamgevat in "the cause of religion, as well as the temporal wellbeing of the state."<sup>83)</sup> Daarmee is die tipiese middeleeuse konsepsie van die beskermende taak van die owerheid ten opsigte van die kerk ingedra,<sup>84)</sup> maar daarby waarsku hy die vors dat hy geen praejudicium ten opsigte van kanonieke sake het nie. Dat die staat 'n religieuse instelling is, en dat owerheids-gesag heilig is, word ook poneer. Daarby sluit ook aan

81) Hassal A., a.w., bls.29.

82) Carlyle, a.w., Vol.I, bls.258.

83) Carlyle, a.w., Vol.I, bls.258.

84) "Sedulius did not imagine that the state could stand aside and refuse to take part in the service of religion."—  
So moet die owerheid toesien dat Sinodes gehou word.  
Carlyle, a.w., Vol.I, bls.258.



Hincmar van Rheims, Cathulfus en Ambrosiaster.<sup>85)</sup> Voorts word Cicero se definisie van die owerheidstaak as secuity and justice' aanvaar veral by Hrabanus Maurus, sodat die negende eeu die konsepsie van wetgewing en deliberasie in wetgewing 'n sterk stimulus gee. Naas die respek vir die owerheid en sekulêre outoriteit aanvaar die teuriste die wet van die Christelike kerk, wat deur die vors respekteer moet word,— 'n bevestiging van die patristiese teorie van twee magte wat by Gelasius in sy twee swaarde, beliggaming vind.<sup>86)</sup> Die teorie sou voortsetting vind by Hincmar van Rheims en Jonas van Orleans. Jonas beskou egter die twee hoofde, as synde binne in die kerk.<sup>87)</sup>

Hieruit kan ons, sonder om verder op die gedagtes van die teuriste in te gaan, konkludeer dat die mees onderskeiden- de element in die tradisionele politieke teorie van die middeleeue geleë is in die dualisme in die struktuur van die menslike gemeenskap, soos dit vanaf Ambrosius in die 4de eeu, gedra is oor Gelasius in die vyfde eeu, oor die teuriste van die negende eeu, na die 11de en 12de eeue.<sup>88)</sup> Teorie en prak- tyk word veral geskeie gehou deur die toenemende feudalisasie, wat die posisie van die biskoppe teenoor die staatsowerheid vertroebel en die vraag na begrensing nie oplos nie!

Vir die owerheidstaak is egter nou baie belangrik dat daar geloof kom in die heerskappy van die reg en regsbestel- ling. Trouens 'n gemeenskap wat voortbeweeg op die pad van beskawingsontwikkeling moet nie slegs besiel wees met 'n religieuse ideaal of minstens etiese beginsels nie, maar

85) Carlyle, a.w., Vol.I, bls.258 e.v. So poneer Sedulius dat die koning -- "Vicar of God" is. Cathulfus sê, die koning is in die plek van God, die priester in die plek van Christus, terwyl Ambrosiaster weer die beeld van God en die beeld van Christus vir kerk en pous respektieflik aanwend.

86) Vgl. Carlyle, a.w., Vol.I, bls.254-256. Vgl. Carlyle, Vol. II, bls.148. Asook Vol.I, bls.190-3 vir Gelasius.

87) Die priester dra die gewig want hy sal ook vir die dade van konings geoordeel word, waar die Biskop die koning beëdig, is dit bewys van sy hoër rang. Carlyle, a.w., Vol.I, bls.256.

88) Vgl. Carlyle, a.w., Vol.IV, bls.386.

„must also develop some method or form for securing the effective authority of its principles.“<sup>89)</sup> Dit word reeds in beginsel by die Romein en Teutoon aangetref.<sup>90)</sup> Die konsep-sie dat die owerheid sy gesag van God ontvang, of op sekulê-re wyse erflike gesag handhaaf, maar altyd deur verkiesing of keuse in sy posisie geplaas word, en dus volgens die reg heers, bring die juridiese begrensing van die owerheidstaak in beginsel op die voorgrond, want die burgerlike juriste hou vas aan die begrip dat die wet (jus) die beliggaming is van geregtigheid, en dat alle regstelsels voorbeelde is van pogings om die beginsels van geregtigheid van toepassing te maak op die werklike lewensomstandighede van die mens.<sup>91)</sup> Die vorme waarin hierdie konsepsies gegiet word, word ontleen aan die patristiek, sodat formele politieke filosofie gedomineer word deur die kontras tussen natuur en konvensie. Daarom bly vir die patristiek en die middeleeuse burgerlike en kanonieke juriste, alle institusies van die samelewing konvensioneel.<sup>92)</sup> Daarby is die idilliese menssiening wat van natuur vry en gelyk is, voorvereiste vir die regverdiging van konvensionele instellinge as korrektief vir menslike ondeug, as die mens sy eerste onskuld verloor.<sup>93)</sup> Hierdie konsepsies sou selfs nog

89) Carlyle, a.w., Vol.III, bls.147.

90) Die juriste van die Digest erken net één bron van gesag naamlik die Romeinse Volk. Carlyle, Vol.II, bls.57.

91) Carlyle, a.w., Vol.II, The Pol. Theory of the Roman Lawyers and the Canonists from the 10th century to the 13th century, bls.26. „they have carried on from the institutes the immutable principles by which the world is governed, principles apprehended by men, but not controlled by them.“ Die begrip jus naturale word dan deur Azo — poneer in die gedagte dat enige owerheidsbevel wat daarmee teenstrydig is, ongeldig is. — Sum. Cod. l.22 - 2. Vgl. ook Albericus en Placentinus. Carlyle, a.w., bls.32, e.v.

92) „The enduring force of custom in law“ is veral deur Azo en Hugolenius bevestig. Carlyle, a.w., Vol.II, bls.66.

93) Carlyle, a.w., Vol.III, bls. 3-4. Die verlies van ori-ginele onskuld en noodsaak van mag om die onredelike harts-togte van die menslike natuur te kontroleer en beperk, word inderdaad eers by Thomas verander as hy die staat as hoog-ste natuurlike gemeenskap sien as „the necessary form of a real and full human life,“ maar die teorie gaan ten spyte van Thomas deur na die 16de, 17de en 18de eeu tot by die polisie-teorie van Spencer en die Engelse radika-liste. Carlyle, a.w., Vol.III, bls.5-6.

tot by Rousseau en Burke voortlewe as die onbetwisbare erfenis van die Stoïsynse en ander filosofiese skole, waarvan ook die patristiek sig nie kon ontworstel nie.

Vir ons is verder belangrik dat die teorie van die „just end” van die staat in die 9de, en 10de en 11de eeue voortgesit word<sup>94)</sup> en dat nóg die pouslikes nóg die imperialistiese twyfel aan die teorie van die owerheid as regsbesteller.<sup>95)</sup> Immers waar in die 11de en 12de eeue dit reeds aanvaar is dat die staat 'n Goddelike instelling is, en waar die owerheid sy gesag van God ontvang, word daar aan die taak van die owerheid 'n etiese of morele, naas die materiële inhoud gegee.<sup>96)</sup> Die Goddelike oorsprong van gesag word hier egter rasioneel verklaar deur 'n morele doel van die wêreldlike owerheid.<sup>97)</sup>

Daarmee word Augustinus se formele aanvaarding van die essensiële en onderskeidende karakter van die staat, as geleë in die juridiese, ook gehandhaaf.<sup>98)</sup> Hoewel daar in die 11de en 12de eeue wel aanduidings is dat die idee van 'n universele ryk nog voortlewe, naas die kerklike universalisme, sou eers die 13de en 14de eeue die begrip in die politieke denke aktueel maak, juis wanneer die nasionale monargie aan die opkom is!<sup>99)</sup>

94) Abbo, Ab van Fleury, voor 997, ook Ratherius van Verona en Wippo. Vgl. Carlyle, Vol.III, bls.108.— „The justice of the king is to oppress no man by force to judge without favour of persons, to be the defender of strangers, children and widows, to put down vice and crime, maintain poor with alms, to set just men over the affairs of the kingdom, defend against enemies and to hold the Catholic faith.”

95) Carlyle, a.w., Vol.III, bls.109, so sê Waltram, biskop van Naumburg, dat die staat bestaan om wet en geregtigheid te handhaaf. Vgl. bls.110 e.v. Ook Manegold van Lautenbach en John van Salisbury poneer die prins „is the minister of the public utility and the servant of equity.”

96) Carlyle, a.w., Vol.IV, bls.115.

97) Die gesag is Goddelik omdat sy funksie is „to secure the establishment and maintenance of justice.”

98) Carlyle, a.w., Vol.III, bls.106. Welliswaar meen Carlyle dat daar ook aanhalings by Augustinus is „which led him to deny that the state must find its essential and distinguishing quality in justice.” Vgl. Vol.I, bls. 165, 170.

99) Carlyle, a.w., Vol.III, bls.179.

'n Probleem lê vir ons opgesluit in die parallelle ontwikkeling van die kerklike reg en regspraak, waar reeds deur Pillius geponeer word dat die wet van God, die wêreldlike oorheers, en die pous in geestelike sake dieselfde volwaardige (plena) jurisdiksie het as wat die vors in sekulêre sake het.<sup>100)</sup> Die invloed van Gelasius<sup>101)</sup> sou hierop beslissend wees. Verder sou die gedagte, dat die pouse die ryk van die Grieke en Romeine oorgedra het op die Germane, en derhalwe gesag moet uitoefen by aanstelling en abdikasie van vorste met die wapens van vrystelling van ede en ekskommunikasie, in die praktyk bevestig word.<sup>102)</sup> As opvolgers van Petrus het die pouse tydelike en geestelike mag,<sup>103)</sup> soos ook nog later in die sogenaamde donasie van Konstantyn daarvoor bevestiging gesoek is.<sup>104)</sup> Die bestaan van twee afsonderlike regsringe het nietemin nie noodwendig beteken dat die kanonieke enige plek in die sekulêre erlang nie en omgekeerd.<sup>105)</sup> So sou Innocentius III weier om die onegte kinders van die graaf van Montpellier eg te verklaar, op grond daarvan dat hy nie in wêreldse reg kan legitimeer nie!<sup>106)</sup>

Naas die kenmerkende outonomie van die geestelike sfeer en sy onafhanklikheid van kontrole van die wêreldse owerheid,<sup>107)</sup> vind ons 'n egte en fundamentele beginsel agter al die betoë van die opponerende faksies, naamlik die ontwikkeling van die konsepsie van individualiteit of persoonlikheid van die mens,

100) Vgl. Carlyle, a.w., Vol.II, bls.86 e.v.

101) Carlyle, a.w., Vol.II, bls.148, Vol.I, bls.190-3.

102) Vgl. Gregorius VII. Die Sinode van 1078, en Gratianus se optrede.

103) Gratianus se Dekrete DXXII.

104) Vir donasie sien Bryce J., a.w, bls.100 e.v. "unimpeachable evidence of the thoughts and beliefs of the priesthood which framed it," hoewel dit self 'n vervalsing was.

105) Carlyle, a.w, Vol.II, bls.229. Maar nogtans moet daarin gesien word 'n poging om die hoof aan die religieuse gemeenskap in elke opsig te laat konformeer met sy prototipe, hoof van burgerlike lewe. Bryce J., a.w., bls.101. Vandaar die geweldige skema van pouslike wetgewing na Hadrian I tot met die Kode van Gregorius IX in die 13de eeu — die Justinianus van die Kerk. Vgl. Tout, a.w., bls.334.

106) Carlyle, a.w., Vol.II, bls.231.

107) Soos deur Gelasius, en die juriste en kanoniste van 12de en 13de eeue poneer. So poneer ook Stephen van Tournai die deurgevoerde dualisme — "Two peoples, two orders in church, two modes spiritual and carnal, two authorities priesthood and kingship, twofold jurisdiction, divine law and human law." Carlyle, Vol.IV, bls.395.

onbekend in die antieke wêreld.<sup>108)</sup> Daarom sou die eenheids-gedagte nie veel invloed op die ware politieke idees van die middeleeue uitoefen nie,<sup>109)</sup> want in die ontluikende, monding-wordende burgery is die waarborg vir die heerskappy van die reg en die gemeenskap as bron van gesag, onafhanklik geponeer, selfs van die Christelike leer.

Reeds het die praktyk die twee sferes aanvaar, maar ook dikwels geloënstraf, met wedersydse oorvleueling,<sup>110)</sup> en alle wysgerige pogings tot afbakening van die taakgebied van owerheid en pous strand op die wesenlike gemis aan 'n verbands-leer.<sup>111)</sup> Die investituurstryd sou dan juis ontbrand rondom die koop van ampte (simonie) en die plek van die geestelike in die administrasie van politieke sake.<sup>112)</sup>

Eers in die 13de eeu sou die politieke denke weer met Aristoteles kontak vind, nadat die na-Aristotelelianse denke opereer het in die konvensionele basis van gemeenskap, met 'n primitiewe menslike toestand as hipotese.<sup>113)</sup> Thomas van Aquino (1225-1274) sou dan die staat weer sien as 'n natuurlike instelling<sup>114)</sup> en daarmee Aristoteles se konsepsie van die politieke gemeenskap as voorvereiste vir menslike lewe en

108) Carlyle, a.w., Vol.III, bls.7.

109) Carlyle, Vol.V, bls.3.

110) Vgl. hier (i) prinse en leke by kerkvergaderings (Augsburg 952 o.a.)

(ii) prinse en leke hulp in kerklike administrasie;

(iii) die invloed van pouse en biskoppe op elek-sie van konings;

(iv) die rol van keisers Otto I tot Hendrik III in aanstelling en afsit van pouse. Otto en John XII 962 en die kiesing van Leo VIII in 964. Hendrik III sit met die Raad van Satri 1049 vir Gregorius VI af en Clement II volg hom op. Vgl. verder Bryce J., a.w.,

bls.100 vir die wisselende posisie van die keiser van die 5de tot 15de eeue.

111) Vgl. ook nog Peter Domain se pogings, "there is a great difference between the sword of the prince and the infula of the priest." Carlyle, Vol.IV, bls.47-8.

112) Carlyle, a.w., Vol. IV, bls.51.

113) Idillies by Seneca. 'n Gedagte wat by die patristiek vanaf Irenaeus (2de eeu) tot Augustinus (5de eeu) en Gregorius die Grote 6de eeu sou voortlewe. Carlyle, Vol.V, bls.6

114) Die invloed van Egidius van Colonna, wat die staat uit die familie en dorpie laat voortvloei, met die gedagte van die mens as politieke wese, word deur Carlyle hier aangedui, Vol. V, bls.13.

voortgang gebaseer op morele geregtigheid, aanvaar.<sup>115)</sup>

In Thomas sou die skolastiek dan kulmineer, uitgaande van die idee van natuur en bo-natuur, waarby die Griekse motief geïnkorporeer is.<sup>116)</sup> Daardeur sou al sy teologiese, sowel as filosofiese denkbeelde prinsipieel bepaal word. In die trant van die heersende dualisme verdeel hy die skeppingsorde in 'n natuurlike en bonatuurlike sfeer. Onder die sosiale aandrift ontplooi die gemeenskapslewe trapsgewys van die kleinere na die grotere,<sup>117)</sup> en juis omdat die redelike sedewet ingeskape is in die redelike natuur van die mens, vind hy in hierdie gemeenskapslewe sy hoogste vervolmaking. Eweneens is in hierdie redelike aanleg ook die doel wat nagestrewes word beliggaam, naamlik die algemene welsyn.<sup>118)</sup> Vanweë die dialektiese spanning in die religieuse grondmotief is oorkoepeling van hierdie natuurlike onderbou deur die bonatuurlike superstruktuur onvermydelik. Die owerheidstaak fungeer derhalwe nie meer waar dit oor die sieleheil van die mens gaan nie, en indien die natuurlike samelewing wat in die staat afgesluit is, 'n Christelike karakter wil dra, moet die leiding van die kerk in alle sake waarin die bonatuurlike betrokke is, oorheers. Die eenheid in die pluriformiteit waartoe alles gereduseer moes word, is dus kerklik-universalisties gekonsepieer, met 'n skema waarin die tydelike samelewing oplos in die geheel en sy dele, sonder erkenning van die innerlike eie-aard van die samelewingskringe soos gegee in die skeppingsorde.<sup>119)</sup>

So is die Aristoteliaanse begrip van die verhouding van die staat tot die ander natuurlike lewenskringe, as die van die geheel tot die deel, andermaal herbevestig. Vir die owerheidstaak moet ons dan poneer dat dit voortaan belas sal

-----  
115) Daarmee het Aristoteles egter nie 'n vrye en gelyke persoonlikheid erken nie! Vgl. Carlyle, Vol.V, bls.7.

116) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.64.

117) Die huisgesin as die simplistiese, die staat as die komplekse, selfgenoegsame gemeenskap.

118) Venter E.A., a.w., bls.67.

119) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.67. e.v.

wees met 'n grensoorskryding waar die innerlike aard van die geheel, van beslissende belang is in die bepaling van wat tot sy dele gereken kan word. Immers daar sou wel 'n mate van outonomie vir die dele binne die geheel wees, maar die grense daarvan is afhanklik gestel van die belange van die geheel. Daarin word nie rekening gehou met die innerlike aard en struktuur van huweliksgemeenskap, gesinsverband, kerkverband, ens., wat vanweë hulle andersoortigheid nie binne dusdanige geheel-deelskema gedwing kan word nie.<sup>120)</sup> Die subsidiariteitsbeginsel wat aldus deur die Thomisme geponeer word, kan vir die owerheidstaak geen grense verskaf nie, anders as in die aanvaarding van die reël dat die hoëre gemeenskap nie 'n taak sal aanvaar wat deur 'n laëre gemeenskap self onderneem kan word nie. Maar juis waar die algemene welsyn beslissend is, is daar ook geen begrensing vir die owerheidstaak deur die begrip te beperk tot die dinge waarin die mens nie self (of deur sy laer gemeenskappe) kan voorsien nie. Beslissend sal wees dat die hoogste selfgenoegsame verband op natuurlike terrein die „algemene wil“ sal bepaal,<sup>121)</sup> en daarmee is die owerheidstaak sonder grense, op die pad van staatstotalitarisme. Immers die denkstruktuur van die Thomisme moet noodwendig lei tot óf askese (ontvlugting van die natuurlike gebied) óf totale onderwerping van die natuurlike aan die genadeterrein.<sup>122)</sup> Daarvoor moet die owerheid konfessioneel gebonde wees, en sal alle lewenskringe, byvoorbeeld ook

120) Vgl. Mekkes J.P.A., Hum. Rechtsstaats teorieën, bls.90. „het doel der onderdelen blijft slechts relatief zelfstandig.“ Vgl. verder sy opmerkings op bls. 91 „de lagere gemeenschappen bezitten wel outonomie, maar hare bevoegdhede berusten in die Thomistiese leer niet op haar in eigen kring souvereine interne structuurwetten voor die gemeenschappen.“

121) „Het is het algemeen welzijn, dat vryheid, eigendom en andere natuurlike rechten kan doen beperken, en dit algemene welzijn, als grondnorm van het staatsbeleid heeft alleen een volstrekt juridische begrenzing tegenover het recht der kerk, practisch niet tegenover de natuurlike rechten der andere gemeenschappen en der individuen,“ Mekkes J.P.A., a.w., bls.90.

Vgl. Carlyle, a.w., Vol.V, bls.33.

122) Vgl. Venter E.A.; a.w., bls.73.

kuns en wetenskap, aan die kerk ondergeorden word.<sup>123)</sup> So word ook die gesinslewe onder kerklike voogdy geplaas, waar die huwelik dan wel 'n sakrament is. Die kerk in sy sigbare institutêre verskyning is dan die hoëre Vorm vir die Materie, die natuurlike samelewing,<sup>124)</sup> en daarmee is gegee die geestelike worteleenheid van die gemeenskapslewe. Vir 'n uitoefening van die owerheidstaak binne die kader van die sferes van vryheid in eie bevoegdheid is geen ruimte gelaat nie. Verdwyn hierdie gesag van die kerk, dan bly slegs die onderbou van die Aristoteliaanse dualisme, die geheel en sy dele wat in meeste Roomse lande tot 'n owerheidstaak wat allersins totalitêr gekonsipieer is, sou lei.<sup>125)</sup>

Reeds Dante sou die inherente swakheid van die skema openbaar as hy die antitese kerk-staat, sterk na vore laat tree deur aan die owerheid die taak toe te ken van voorsiening van die tydelike geluk van die mens. Daarmee is die sekularisasie van alle nie-kerklike lewenskringe deurgevoer, wat dan ook merkbaar is in die disintegrasie teen die einde van die middeleeue. Juis daarom kan die Thomisme geen radikaal Christelike eenheidskultuur grondves nie, omdat 'n waarlik Christelike samelwingsorde nie in die dualisme kan bestaan nie, want die universeel-kosmologiese beginsel van die Christendom is prysgegee in die dialektiese spanning natuur-genade. Daarom vertoon die middeleeue dan buite die enge kader van die kerklike, geensins die nagestreefde eenheid nie,<sup>126)</sup> en belligaam die staatsorganisasie soos dit, — welliswaar onder kerklike leiding, — as 'n hiërargiese gesagsordening ontwikkel het, die natuurregtelike beginsel van 'n organiese patriargalisme met monargale tendens, na analogie van die menslike liggaam en die stamorganisasie.<sup>127)</sup> In hierdie opklimmende orde

123) So ook gilde, bedryf en handel.

124) Venter E.A., a.w., bls.69. Vgl. ook bls.73.

125) Venter E.A., a.w., bls.73.

126) Venter E.A., a.w., bls.76.

127) Du Plessis L.J., a.w., bls.38.



het elke korporasie, stad en gilde sy bepaalde funksie ten bate van die geheel, onder eenheidsleiding, sodat die onderbou die boue-bou kondisioneer. Hiervolgens is die staatsgesag die bron van die positiewe reg, maar alleen ter verwesenliking van die natuurreg, en volgens sy organiese funksionering ten bate van die geheel.<sup>128)</sup> Daarin het die owerheidstaak 'n eties-relatiewe inslag, en verwesenlik alleen sy eie volmaaktheid, as noodsaaklike voortrap vir 'n hoër wesensorde.<sup>129)</sup> Bowendien is struktuur en doel gelykgeskakel, en soos Mekkes tereg opmerk het die owerheid slegs teenoor die kerk 'n volstrek juridiese begrensing, terwyl die grense van die outonomie van die ander gemeenskapsvorme deur die algemene welsyn bepaal word.<sup>130)</sup> Die veld vir die owerheidstaak aldus geopen ken derhalwe slegs relatiewe grense na benede, en onderskei sig slegs in die omvattender en hoër doelstelling van die kerk. Hierdie entelegiese beginsel maak eenheidsleiding steeds onontbeerlik, selfs in die staat van onskuld, en juis daarom aanvaar Thomas nie die staat as instelling terwille van die sonde nie, en vestig hy die swaardmag in die relatiewe, sonde-gebroke natuurreg.<sup>131)</sup> Waar die kerk terwille van die sieleheil van die onderdaan toesig het oor die staat, is dit egter ook tot dié doel beperk, omdat die staat die hoogste voorbereidende gemeenskap vir die ware bestemming van die mens is. Derhalwe geen kontrole oor dit wat onder die natuurlike terrein resorterende taak van die owerheid aange-merk is nie.<sup>132)</sup> Vordering in die rigting op 'n regstaatsgedagte in die kontrole van die kerk is merkbaar, omdat die ewige einddoel van die individu nou 'n Christelike beklemtoning gekry het, vanweë die feit dat 'n instituut wat bo die staat sorteer, kan ingryp sodra die einddoel bedreig word.<sup>133)</sup>

128) Du Plessis L.J., a.w., bls.38.

129) Vgl. Du Plessis, L.J.a.w., bls.38.

130) Mekkes J.P.A., a.w., bls.91.

131) Mekkes J.P.A., a.w., bls.92.

132) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.96.

133) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.97.

Daarmee het Thomas dan ook 'n formele en materiële regstaatsgedagte in sy teleologiese wetsidee gefundeer, sonder om die owerheidstaak in sy verhouding tot die bevoegdheid tot interne regsforming van die ander in-eie-kring bevoegde nie-staatlike instansies, te verreken, insoverre natuurlik as wat die middeleeuse struktuurvorme dusdanige individualisering bereik het.

Vir die owerheidspersoon in die bestek van sy geheel-taak, het die feit dat die staat volgens sy natuurlike aard self geen wesenlik Christelike karakter, anders as in sy ordening aan die kerk, kan erlang nie, 'n treffende betekenis omdat hy sy roeping in die Christelike samelewing as priester, profeet en koning, alleen kan vervul in diens van die kerk-instituut, wat die gehele Christendom in al sy uitinge in universalistiese sin omvat. So is die volkome outarkie van die staat resloos oorgedra op die kerk, soos deur Rome vereenselwig met die bo-tydelike koninkryk van God in die liggaam van Christus.<sup>134)</sup>

Enkele grepe uit die staatspraktyke van dié tydperk sou voldoende wees ter illustrasie van die voorafgaande teoretiese uiteensetting. Vanweë die afwesigheid van sterk gesentraliseerde owerhede, voer die pous ongetwyfeld self veel wêreldse heerskappy en tot omstreeks 1054 wel onbetwis.

Die stryd tussen Gregorius VII en Hendrik IV. sou dan die oorheersende investituurstyd ontketen (1073-1303)<sup>135)</sup>, wat noodwendig moes volg waar twee onversoenbare imperialismes — caesaropapisme en pouslike-teokrasie in praktyk teenoor mekaar te staan kom. Die vernedering van Hendrik te Canossa (1077)<sup>136)</sup>

134) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.98.

135) Hildebrand (Gregorius VII) word pous in 1073 — Sy ideaal was wêreld hervorming deur 'n universele monargie vir die pousdom, sodat temidde van feudale anargie vrede, beskawing en orde herstel kan word, "by submitting the church to the papacy and the world to the church." Tout A., a.w., bls. 126. Sy stryd teen Simonie vind ons by die Sinode van Rome 1075, waar ook leke investituur verwerp word. Vir verdere verloop van die Investituur stryd vgl. Tout, a.w., bls.133, e.v. Vgl. Von Ranke L., Die Römischen Päpste, bls.16. "er beschloss die Päpstliche Gewalt von der Kaiserlichen zu emanzipieren" — Vgl. ook bls.17.

136) Vgl. Tout, a.w., bls.133.

en die weerwraak as Gregorius vlug na Salerno (1084) illustreer die gevare verbonde aan 'n kerklike eenheidsleiding ten beste. Pogings tot herstel van die ewewig is te vind onder andere in die konkordaat van Worms 1122 waar keiserlike invloed by die keuse van biskoppe uitgeskakel word;<sup>137)</sup> maar dit was slegs 'n pouse in die stryd.

Waar die tiende en elfde eeue nog blykbaar rustig in die stroom van die negende eeu voortgaan, bring die twaalfde eeu ander karaktertrekke. As gevolg van die bedreiging van Islam word die kerk andermaal 'n strydende kerk.<sup>138)</sup> Daarom sou die kerk in sy aanspraak op supremasie, dit ook op alle terreine merkbaar maak. Duidelik is die invloed op prysbeheer in die beginsel van justum pretium, sowel as op die rente verbod in die 12de eeu.<sup>139)</sup> Waar teoloë en juriste rente afkeur word die wêreldlike owerheid gedwing om toe te tree tot die ekonomiese lewe. Vandaar ook die kontrole op verkoopsgoedere, en die prysnoteringe wat deur die stede vasgestel word,<sup>140)</sup> maksimum-en minimum-pryse vir die handel, en vaste somme vir ambagsprodukte. 'n Optrede wat gehandhaaf word tot en met die Franse Revolusie as teenwig vir die monopolistiese gees van die opkomende gildewese.<sup>141)</sup> Inderdaad 'n ingryping om die gildes, as struktuurvorme met ekonomiese fundering, in die grense van hulle bevoegdheid terug te dwing, asmede 'n taak van juridiese integrasie in regshandhawing in 'n

137) Vgl. Tout, a.w., bls.147-8. Hendrik V (1106-1125) en Calixtes II (1119-1124).

138) Vgl. byv. die invloed van dié stryd onder ander op Spanje. "They acquired, as a result of the continued Crusade that gave them existence, a character intensely warlike, turbulent, religious and enthusiastic. On the ruins of the civilization of Islam arose one of the most characteristic types of Mediaeval Christianity— Tout, a.w., bls.464.

139) Thomas se pleidooie vir regverdige lone en pryse maak hom miskien een van die eerste pleitbesorgers vir sosiale wetgewing. Cook T.I., a.w., bls.224. Smeenk C., De Ontwikkeling der Maatschappy, bls.90. Dit is in volle ooreenstemming met Thomas van Aquino se idee van ekonomiese regverdigheid, veral waar die sosiale lewe 'n materiële basis het. Daarom bepleit hy staats-toetrede tot die ekonomiese lewe. "It must control commerce and prevent unjust and excessive profits." Cook T.I., a.w., bls.224.

140) Smeenk C., a.w., bls.90.

141) Polak S. Beknopte Geschiedenis der Staatshuishoudkunde in Theorie en Praktijk, 2de Druk, Gröningen, 1915, bls. 101-2.

toenemende veelheid van regsbelange. Juis die herlewing van handel en stede sou as gevolg van die nywerheidslewe die stedelinge noodsaak om ander regsinstellings as die platteland te skep en te legaliseer, selfs deur dit af te dwing van die vors!— Mettertyd sou hulle die status van korporasies erlang, en mede as gevolg van die heersende feudale verbrokkeling, ontwikkel tot selfregerende munisipaliteite. Oral word plaaslike outonomie afgedwing, wat later deur die vorste in die stryd teen die pous soms doelbewus geskend of aangewend is.<sup>142)</sup> In die opkoms van die stede sien Bryce „the triumph of freedom and civilization.”<sup>143)</sup>

Ten tyde van Innocentius III vind ons die hoogtepunte van pouslike invloed, as hy homself ingrawe op owerheidsgebied,<sup>144)</sup> en aldus die masjienerie opbou vir pouslike absolutisme. Sy ambisie is klaarblyklik om die tradisionele grense wat kerk en staat skei, te verwyder, deur soveel vorste as moontlik as kerklike vasale te verkry. Maar nou is daar vir die eerste keer sterk reaksie, „the peoples of their (vorste) realms began to make common cause with them against the political aggresions of the papacy.”<sup>145)</sup> Waar die kerk voorheen gestaan het as beskermmer van burgerregte teenoor die tirannieke vorstedom, staan die pous nou gebrandmerk as vyand van die politieke regte van die opkomende burgery, en hoe meer polities sy strewe word, hoe meer daal sy prestige in die morele en religieuse sfere.<sup>146)</sup> Immers in die stryd tussen keiser en pous is die weg berei vir die nasionale monargie

142) Vgl. die opstand van die Liga van Verona 1164, en die Liga van Lombardye 1168, en die munisipale vryheid toegeken in 1183, waardeur stede selfs kon fortifiseer.

143) a.w., bls.123.

144) „Innocentius entrenched far upon the authority of the state”. Tout, a.w., bls.314.

145) Tout, a.w., bls.327.

146) Vgl. Cook T.I., a.w., bls.189, „at least by the fourteenth century a strong sense of nationality was developing and there was a growing resentment against a nominally spiritual organization which was increasingly Italian and increasingly dominated by its temporal interests.”

soos dit reeds aan die optree is in Engeland sedert die dae van Hendrik Plantogenet 1154, terwyl in Frankryk onder die Capets (1108-1186) geleidelik sentrale gesag gevestig word. In die laaste helfte van die twaalfde eeu is perke reeds gestel aan die ergste uitwasse van feudalisme „and strong and wellordered states ruled by powerful kings had replaced the chaos of the dark ages.”<sup>147)</sup> Frederik Barbarossa het die stryd tydelik tengunste van die keiser beslis, en so die weg gebaan vir die werk van Frederik II (1216-1250), wat insiggewende vordering toon in die rigting op 'n monopolie oor die swaardmag en van juridiese integrasie. Immers private oorloë word verbied, en die adel word kriminele jurisdiksie ontnem tengunste van koninklike regspraak.<sup>148)</sup> Bowendien was geestelikes belastingpligtig, terwyl kerklike howe beperk, en deur ingekrimpte privileges, aan bande gelê is. Die verdere aanwas van kerklike eiendom word beheer deur 'n strenge wet van mortua manus. Op die ruïnes van kerklike, landsheerlike en munisipale onafhanklikheid stoel die administratiewe stelsel welig,<sup>149)</sup> waarin hy feudalisme vertrap ten behoeve van gesentraliseerde burokrasie.<sup>150)</sup> Op kerklike gebied beywer hy hom vir hervorming, maar sy enigste konsepie daarvan, was absorbering van die kerk in die staat.<sup>151)</sup> Eers na sy dood sou die pousdom weer triomfeer.

Gedurende die 13de en 14de eeue sou die stedê hulleself verder sterk ingrawe en sommige van hulle het die handel van die wêreld begin monopoliseer ten opsigte van sekere kommoditeite.<sup>152)</sup> Hulle sou selfs 'n eie muntwese daarop na

147) Tout, a.w., bls.295.

148) Daarin was hy die res van Europa wel 'n eeu vooruit, Tout, a.w., bls.362, veral in sy Estates.

149) „He threw to the winds every mararchical and national tradition,” Tout, a.w., bls.370.

150) Tout, a.w., bls.389-90.

151) Tout, a.w., bls.392.

152) Vgl. Champagne, Brugge Venisië Genoa en London. Ganshof F.L., a.w., in Pelgrimstocht, bls.255-6. Vgl. die invloed van Venisië verder in Alexius se pogings om hulle na Konstantinopel te lok, deur vrystelling van aksynsbelastings 1082. Selfs 'n eie woonbuurt word toegeken. Dit dui op 'n merkantilisme! Tout, a.w., bls.337-8.

hou.<sup>153)</sup> In hierdie tydsbestek word ook die ambagslui bewus van hulleself en organiseer in ambagte. Geleidelik sou hulle bots met die patrisiaat (handelaars, werkgewers en hoofde van stadsregerings) totdat hulle self die leidende posisie verower, en die burgerlike patrisiaat verdring.<sup>154)</sup> Daarmee het die vrye bedryfsorganisasie wel reeds ontluik maar ook weer in afwesigheid van sentrale staatsintegrasie in juridiese sin, sosiale, godsdienstige kulturele en juridiese take aanvaar, naas die eie tipiese taak in die ekonomiese.<sup>155)</sup> Waar die gildes dan aanvanklik die ekonomiese lewe oorheers, het hulle weldeeglik kerklike sanksie onder die dogma van ekonomiese geregtigheid, soos vervat in die denkwysie wat in Thomas kristalliseer het.<sup>156)</sup> Die gilde sou wel hulle invloed bly behou selfs as reaksie intree na die aristokratiesing van die gildewese.<sup>157)</sup> Kerklike invloed in die billike prys en loon, bly egter steeds 'n steen in die weg van vrye bedryfslewe, hoewel beskerming van die verbruiker merkbaar suksesvol was.<sup>158)</sup>

Nuwe ekonomiese aktiwiteite skep nuwe geleenthede, terwyl die Swarte Dood ook sou bydra om die feudale orde verder uit sy fundamente los te woel.<sup>159)</sup> Daarby sou die toenemende

153) Vgl. die Floryn van Florence (1252) en die dukaat van Venisië.

154) Florence sou hier weer die voorbeeld stel. In die ooste sou die Venisiane die voordeel van beskawingsverval benut, "to turn from their factories and counting houses to play the part of conquerors and rulers," Tout, a.w., bls.338.

155) "On the one hand carried out functions performed in a latter day by benevolent societies, the predecessors of our Trade Unions and on the other hand it did work now carried on by Rotarians and chambers of commerce." Cook T.I., a.w., bls.190. Vgl. van Riessen Ir.H., Maatschappij der Toekomst, bls.102-3.

156) Waar die staatsowerheid sig hier oënskynlik onthou en aan die beroepsorganisasie self die interne reëlinge van hulle bedryfslewe oorlaat, moet egter steeds onthou word dat dit mede die gevolg is van 'n swak gedifferensieerde staatslewe. Vgl. hier Cook T.I., a.w., bls.189.

157) Cook T.I., a.w., bls.190.

158) Vgl. Cook T.I., a.w., bls.190.

159) Cook T.I., a.w., bls.191.

materialisme (wat volg op nywerheidsontwikkeling) die kerk se houvas aansienlik verminder, en reeds gaan in die 13de en 14de eeue die kreet om kerkhervorming, hoewel sporadies, tog wel op.<sup>160)</sup> Nietemin sou Bonifacius VIII aan die begin van die 14de eeu nog sterk uitdrukking gee aan die gedagte van die oppergesag van die kerk.<sup>161)</sup>

Phillips die Skone (1285-1314) het, onder invloed van sy kroonjuris Pierre Dubois, met Bonifacius gebots as hy begin om belastings op geestelikes te hef. In dieselfde tyd sou John van Parys poneer dat die owerheid se taak in die morele doel van die staat beslote is.<sup>162)</sup> Waar die dertiende eeu egter die perfeksie van die teorie van pouslike supremasie en apogee van pouslike gesag vertoon, is die 14de eeu reeds in die teken van die verset, veral as die Babiloniese ballingskap van die pouse te Avignon die prestige laat daal. Thomas van Aquino sou wel erken dat nasionale belange verskil, maar kleef nog vas aan eenheid wat alleen deur die pousdom verseker is. Maar nou sou 'n federale gedagte naarstiglik vir die kerk sy begrensing poneer, teneinde ruimte te laat vir die taak van die nasionale monargie.<sup>163)</sup> Juis ten tyde van Boniface sou Dante Alighierri (1255-1321) as imperialis verlang na die heerskappy van Frederik II, en daarom poneer hy twee entiteite, elkeen oppermatig in eie sfeer, waarin die pous teruggedwing word tot die sfeer van die soteriologiese.<sup>164)</sup>

- 
- 160) Daarin is meesal ook selfsugtige belange gemeng van konings in die reeds ontluikende nasionale monargië.
- 161) Hy berispe die Franse en Engelse vorste in die openbaar, en bemoei hom met die kandidaat vir die keiserlike kroon.
- 162) Carlyle, a.w., Vol.V, bls.31. Ook hier sê Carlyle is Aristoteles se invloed duidelik.
- 163) Cook T.I., a.w., bls.229. Soos later verder ontwikkel sou word in die konsiliêre beweging met D'Ailly en Gerson aan die spits.
- 164) Gesag is vir Dante gebaseer op die doel-begrip. Daarby het die mens tweërlei bestemming. 'n Botsing tussen die tydelike en geestelike mag is onmoontlik omdat die mens op aarde net één hoogste doel het. — Die pous sal die menslike geslag lei ooreenkomstig die geopenbaarde dinge na die ewige lewe. — Die keiser wys die weg aan na die tydelike geluk. — Daarom kom in sy twee entiteite duidelik die dualisme te voorskyn, wat die natuurlike ontkersten en sekulariseer. Vgl. Venter E.A., a.w., bls.74.

Die genoemde Pierre Dubois (1250-1312?) sou aan nasionalisme impetus verleen, as hy as praktikus die enigste teenvoeter vir anargie sien in die nasionale monarg.<sup>165)</sup> Hy beklemtoon veral die selfstandigheid van die vorstelike regspraak en meen dat die pouslike regspraak reeds 'n anachronisme is.<sup>166)</sup> Daarom moet die pous hom terugtrek na sy eie sfeer — die bevordering en beskerming van die geloof —. Hy meen ook dat die kerk deur die staat gefinansieer moet word teneinde die kerk geheel en al vry te laat in sy religieuse taak. Voorts bepleit hy onderwys as owerheidstaak, teneinde beter burgers en 'n welvarende ryk te skeep. 'n Belangrike debat-teer punt was juis wie die onderwys moes kontroleer — staat of kerk. Nou sou die sekulêre en naturalistiese in die owerheidstaak toonaangewend word.<sup>167)</sup>

Die analitiese denker Marsillius van Padua (1270-1342) sou in die stryd tussen Pous Johannes XXII en Lodewyk van Bavarië, as koninklike apologeet optree. As medeskrywer van die Defensor Pacis (1326 f),<sup>168)</sup> het hy die pouslike pretensies verwerp. Waar die rusie veral oor 'n egskeiding gegaan het, sou Marsillius poneer dat huweliksake regtens onder die staat sorteer. 'n Revolusionêre stelling in 'n wêreld oorheers deur die Rooms-katolieke visie van die sakramentele aard van die huwelik. Vir hom is die owerheidstaak in laaste instansie gereduseer tot handhawing van die vrede. Die staat is 'n assosiasie waardeur die mens sy hoogste potensialiteite kan ontwikkel. Die heerskappy van die reg, soos vroeër deur John van Salisbury gekonsipieer, dra hy nou oor op 'n soewereine

165) Sy werke De Abbreviatione en De Recuperatione Sanctae Terrae (1306) weerspieël sy afkeur aan die temporale mag van die pous, veral in judisiële sake. Hy beveel o.a. die ontbinding van religieuse ordes aan, en die aanwending van hulle fondse vir 'n kruistog!

166) Du Bois is veral gemoeid met die regspraak, en vra vereenvoudiging van die prosedure, en toeganklikheid tot die howe vir almal. Voorwaar 'n duidelike begrip van die regstaak van die staat.

167) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.75. Soos DuBois in De Recuperatione (1307) poneer.

168) Cook T.I., a.w., bls.237. Johan van Jandun sou hom tersyde staan. Vgl. Mekkes J.P.A. a.w., bls.103.



burgery, in 'n staat wat van die kerk geskei is, en bloot sekulêr en nasionaal word.<sup>169)</sup> Daarmee is die staat beroof van sy sedelike karakter, wat Aristoteles, Plato en selfs Thomas nog daaraan toeken, en opereer die owerheid op die tydelike welvaart, die bevordering van algemene belange -- 'n owerheidstaak uitsluitlik gemoeid met sosiale utiliteit.<sup>170)</sup>

In belang van die algemene welsyn moet die owerheid die sosiale funksies organiseer, en bowendien die kerk beskerm, omdat die burgery alleen tevrede sal wees met die groots moontlike sekerheid omtrent hulle ewige heil.<sup>171)</sup> Hoewel geloofsake op wêreldlike terrein tersyde gestel word, ken die Defensor Pacis aan die owerheid reg van optrede toe ook op kerklike terrein. Daarmee is die kerk onder die staat ingeorden.<sup>172)</sup> 'n Gedagte waarby Willem van Ockham (1290-1349) sou aansluit as hy ter bevordering van die nasionale staat, vryheid teenoor die kerk bepleit, en veral die jurisdiksie van die staat in alle wêreldlike geskille poneer.<sup>173)</sup> Die owerheidsgesag word egter steeds ondergeorden aan die natuurreg, terwyl gewone wette konvensioneel is en op toestemming berus.<sup>174)</sup> Die owerheidstaak is egter gebonde aan "the utility of the people." Daarop is selfs 'n reg van weerstand gebaseer indien die owerheid dit nalaat.

169) Cook T.I., a.w., bls.239. Vgl. Venter E.A., a.w., bls.76. Vir 'n sekulêre en naturalistiese staat by Marsillius, soos ook hy gevange sit in die skolastiek, maar waar onder dwang van die verval van die kerklike superstruktuur, die skyn van Christelikheid ook self verval, moet hy aan die natuurlike staat 'n selfgenoegsame bestaan toeken. Vgl. Carlyle, a.w., Vol.VI, bls.41. "The purpose and end of state is the good life." Hierin meen Carlyle is Marsillius direk deur Aristoteles beïnvloed.

170) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.104.

171) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.104.

172) Mekkes J.P.A., a.w., bls.106.

173) Cook T.I., a.w., bls.244. Immers Ockham is deurgevoerde nominalis en is verantwoordelik vir religieuse skeptisisme. Vgl. Carlyle, a.w., Vol.VI, bls.49-50. Die heerser het plenitudo potestas in alle tydelike sake. Daardeer word die kerk uitgeskakel. Vgl. ook Dr. F. Sassen, De Ontwikkeling van het Christelijk denken in de Middeleeuwen, Cult. Gesch. der Chr., Vol.II, bls.380.

174) Cook T.I., a.w., bls.245.

Hierdie aanslae teen wat gangbaar genoem word die middeleeuse eenheidskultuur<sup>175)</sup> sou uit reaksie teen pouslike tirannie, dan die laaste fase van die nomokratiese staats-teorie voer tot 'n etiese staatsabsolutisme. Die regsfilosofie het wel verselfstandig, maar steeds word reg en staat, en veral die samelewingsorde as geheel, eties besien.<sup>176)</sup> Daarom beef die Christelike gewete in bange spanning tussen die teenstrydige pole van die Goddelike heiligheidswet, en die aardse, pouslike en keiserlike magsorganisasie,<sup>177)</sup> soos dit inderdaad ook by Luther 'n intense konflik na vore dwing. Die konflik is alleen oplosbaar in die fundering van die owerheidstaak, — vanweë die groeiende verveelvoudiging en verselfstandiging, en ontwikkeling van die samelewingsordes, — in die juridiese, soos Bartolus (1314-1357) dan inderdaad begin doen.<sup>178)</sup>

Enkele opmerkings oor die owerheidstaak in die Oosterse ryk te Konstantinopel moet ter aanvulling op hierdie stadium gemaak word. Aan die begin van die 10de eeu is daar 'n skril-le kontras tussen Oos en Wes. Waar stryd en disintegrasie die Latynse wêreld begin verteer staan Konstantinopel onaangetas, en heers daar 'n standaard van beskawing orde en welvaart, ongeewenaard op enige ander plek in die wêreld op daardie tydstip.<sup>179)</sup> Deur die konsolidasie van imperiale despotisme in 'n erflike koningshuis, word die senaat spoedig sy wetgewende magte ontneem, en ook alle munisipale bestuur sou verdwyn.<sup>180)</sup> 'n Hoër peil van administrasie word gehandhaaf, naas 'n stelsel van noodleniging en sosiale opheffingswerk.<sup>181)</sup>

175) Vgl. veral Gierke O., Pol. Theories of the Middle Age, bls.XI, e.v.

176) Du Plessis L.J., a.w., bls.40.

177) Du Plessis L.J., a.w., bls.41.

178) Vgl. du Plessis, L.J., a.w., bls.42.

179) Tout, a.w., bls.152.

180) Ver al tentyde van Leo die Filosoof. Tout, a.w., bls.154.

181) "a poor law system and philanthropic organisation anticipated much that we are apt to regard as exclusively modern." Tout, a.w., bls.156-7.

Geleidelik sou die vertoon van Konstantinopel legendaries word, veral wanneer ook die groot grondbesitters onderdruk is (Basil II, 976-1025) as laaste struikelblok in die weg van despotisme.<sup>182)</sup> Die kerk is tradisioneel geduldig in sy onderordening, hoewel Nicephorus, Phocas dit nog nodig vind om die gesag van die kerk doelbewus teen te hou.<sup>183)</sup>

Voorts tref ons heelwat optrede teen armoede aan soos byvoorbeeld toe Johannes I (969-976) 'n private fortuin daartoe aanwend. Hy stig ook 'n hospitaal vir melaatses.<sup>184)</sup> Temidde van 'n hoë beskawingsvlak is die a-tipiese taak van die owerheid hier beperk tot armesorg. Opmerklik is die aanvaarding van gesondheidsdienste as taak. Die caesaropapisme sou egter steeds die owerheidstaak belas met die religieuse, en dan wel in kerklik-konfessionele sin. — Waar die kerk hier egter 'n nasionale kerk was, sou dit kohesie en lewenskrag aan die ryk gee, maar terselfdertyd sou die nasie kwyn, waar die kerk tog soveel minder 'n geestelike en intellektuele faktor was in die lewe van die mense, as byvoorbeeld die westerse kerk. Dit alles vanweë die swaar owerheidshand wat rus op die patriarg en biskop.<sup>185)</sup>

Die vyftiende eeu sou die finale ontbinding van die reste van die eertydse kerklike eenheidsleiding meebring, wat sedert die einde van die twaalfde eeu slegs vertraag is. Die sektewese het egter geleidelik 'n houvas begin kry, en op staatkundige gebied sou veral die stadsgemeenskappe en die opkomende nasionale monargië die aftakeling aanhelp. Immers die eerste era van kapitalisme, met toenemende werkgeleentheid

182) Tout, a.w., bls.163.

183) 'n Streng wet van mortua manus sou gronduitbreiding stopsit. 963-969, Tout, a.w., bls.160.

184) Tout, a.w., bls.161.

185) Bryce J., a.w., bls.334-5. "The Eastern church was always the handmaid of the Eastern state," en verder "the fettering of the mind by decrees of ancient councils, concentration of attention on abstract and sometimes scarcely comprehensible propositions," was verantwoordelik vir die gebrek aan "sense of duty, morality in conduct and glacial torpor" wat ons by die oostelike Christendom aantref, sê Bryce op bls. 36 van a.w.,

sou feudale afhanklikheid vir meeste burgers onnodig maak. Daarnaas sou nou ook 'n deurgevoerde sekularisasie volg as die skolastiek geleidelik deur die nominalisme ondergra- we word met 'n individualisme, wat die bestaan van algemene begripsobjekte in die werklikheid ontken, en slegs individuele entiteite aanvaar.<sup>186)</sup> Derhalwe sou die Goddelike wilsopen- baring geen sistematiese eenheid kan vertoon nie, nog minder sou die menslike lewe 'n bo-individuele struktuurverband van nature kan bevat.<sup>187)</sup> Voortaan dus alleen ruimte vir 'n ower- heid wat sy taakvervulling aanvaar op die basis van 'n on- herroepelike oordrag uit die staatsgemeenskap deur 'n rege- ringsverdrag, wat as verdrag of kontrak, gebore uit die jus gentium, ook natuurregtelik bind.<sup>188)</sup> Die staatsverband is also geinkorporeer as korporasie<sup>189)</sup> en derhalwe natuurregte- lik juridies gefundeer. Daarmee verkry die owerheid beskik- king oor die positiewe reg, en is slegs kontraktueel begrens. Die weg is nou gebaan vir 'n juridies-formele owerheidstaak.<sup>190)</sup>

Tenslotte moet ons nog kortliks aandag gee aan die universiteite gedurende die middeleeue. In die lyn van die opkomende korporatiewe ordening,<sup>191)</sup> sou die universiteite

186) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.78.

187) Vgl. Du Plessis L.J., a.w., bls.40.

188) Vgl. Venter E.A., t.a.p.

189) Gierke O., Pol. Theories of the Middle Age, bls.4 en Gough J.W., The Social Contract bls.1-44.

190) Vir voorafgaande vgl. Gough J.W., The Social Contract, bls.28 e.v. Figgis, From Gerson to Grotius—, bls.6 e.v. Vgl. Du Plessis L.J., a.w., bls. 41-42. Vgl. Carlyle, a.w., Vol.V, bls.36. Hy poneer dat die fundamentele M.eeuse begrip daarin geleë is dat die reg oppermagtig is, waar- aan ook die prins gebonde is. Staatsreg is onderworpe aan die Wet van God óf die natuurreg, maar binne die staat is die reg oppermagtig. Waar daar nou sprake is van bewuste wetgewing soos beslote in die wil van die wet- gewer, het die owerheid nou wel beskikking oor die posi- tiewe reg, sodat hier inderdaad 'n ander konsepsie van die oorsprong van reg is, as die 10de en 11de eeue erken het. Dit het egter geen tred met die beskawingsontwikkel- ing gehou nie as dit die reg nie beskou het as die doel- bewuste ekspressie van die wetgewende gesag nie, maar dit eerder in die gewoontes en gebruike van die gemeen- skap gesoek het. Carlyle, a.w., Vol.V, bls.51. Vgl. Carlyle, a.w., Vol.2 bls.66 vir Azo en Hugolinus en die mag van gewoonte.

191) Boeren P.C., Het Christendom en het Cultuurproces in Cult.Gesch.der Chr., Vol.II, bls.466.

veral gedurende die 12de eeu die gemeenskaplike trek van 'n  
gemeenskap van meesters en studente<sup>192)</sup> teneinde selfstandig  
te staan teenoor biskoppe wat toesig oor onderwys het —  
begin vertoon.<sup>193)</sup> Kenmerkend van die pouslike belangstelling  
ook in die hoër onderwys, is die feit dat die prins self tot  
universiteit stigting oorgaan, soos te Toulouse 1229. Die  
doel was hier die bestryding van die Albigense kettery.<sup>194)</sup>  
Met die opkoms van die skolastiek sou die middeleeuse univer-  
siteite mettertyd 'n internasionale karakter vertoon, en Parys  
word daarvan voorbeeld as sentrum.<sup>195)</sup> Illustrasie van keiser-  
like bemoeiing is in die oprigting van die Universiteit van  
Napels (1224) te sien. Hier vind inkorporasie plaas deur  
koninklike oktrooi, en het tot doel staatsbelang, sodat die  
staat selfs sy onderdane verbied om elders te studeer „and  
all through its history, the rigid dependence of its teachers  
and students on the state deprived it of that freedom which  
was necessary to play a real part in the history of thought.”<sup>196)</sup>  
Immers vroeg in die stryd tussen staat en kerk gryp albei na

- 
- 192) Vgl. Fisher H.A.L., A History of Europe, Arnold, London, 2de druk, 1936, bls.245. Vgl. Tout, a.w., bls.429. „The strong instinct for association...brought about the organization of the masters and scholars into the Universities which still remain as the most abiding product of the genius of the middle ages.”
- 193) Ganshof F.L. De Middeleeuwen, a.w., bls.254. Universitas magistrorum discipulorumque. Vgl. Fisher H.A.L., a.w., bls.247.
- 194) „Met het doel in de geheele Christenheid over lichamen te beschikken die in zijn geest en volgens zijn eigen aanwyzingen hooger onderwys zouden geven en den gedachtengang in de wereld beïnvloeden.” Ganshof F.L. a.w., bls.253 en Tout, a.w., bls.410. Die universiteit van Toulouse is die eerste studium generale deur pouslike bul opgerig „and gave wider currency to orthodox teaching.”
- 195) Belangrik om te onthou dat die werk van Abelard en Anselmus en die opposisie van St. Bernard veel gedoen het om die universiteit te Parys beslag te gee — „So numerous were the masters in Paris schools that they formed themselves into a guild or corporation from which the germ of the university of Paris and all other trans-alpine universities grew.” bls.214. Vgl. Fisher H.A.L., a.w., bls.247. Parys se invloed as Univ. strek verder na Oxford, en vandaar na Cambridge. Vgl. Fisher H.A.L., a.w., bls.248. Al genoemde bronne haal aan uit Rashdall H., H., Universities of Europe in the Middle Ages, 1895. Vgl. Tout, a.w., bls.428.
- 196) Tout, a.w., bls.363.

universiteit stigting teneinde die eie doel te bevorder.<sup>197)</sup>

Maar nietemin was die kerk tot laat in die middeleeue die enigste werklike beskawingskrag,<sup>198)</sup> en aanvaar sy 'n nie-tipiese taak ten opsigte van baie aspekte van die hoër onderwys, by afwesigheid van die sentrale staatsowerheid. Hier het verskillende stedelike besture egter in die plek van die staat getree en veral die nodige finansiële steun verskaf.<sup>199)</sup>

Die gesinsverband sou in die middeleeue buite die bestek van die owerheidstaak val ten opsigte van die noodsaaklike voorafgaande basis daarvan in huweliksluiting. Vanweë die feit dat die kerk die huwelik as sakrament aanvaar, is dit prakties onontbindbaar. Kanonieke reg gee hier die deurslag waar die Romeinse reg nog nie daarmee konformeer nie.<sup>200)</sup> Botsings oor hierdie aangeleenthede het veral sterk na vore gekom in gevalle waar keisers en konings in ontug gelewe het. So sou Marsilius van Padua juis die huwelik binne die kader van die burgerlike owerheidstaak plaas teneinde sy heer se huwelik goed te praat.<sup>201)</sup> Waar die kerk in die 13de eeu haas onbetwiste seggenskap het, was die huwelik egter ook in die middeleeue ontbindbaar.<sup>202)</sup> Die Oosterse kerk het wel die onlosmaaklikheid geleer, maar ook ten opsigte daarvan voor die staat geswig, sodat egskeidings onder siviele reg geduld word.<sup>203)</sup>

197) Gregory IX stig die Pouslike Univ. te Toulouse en Fred. II, die univ. van Napels. Tout, a.w., bls. 410. Vgl. Phillip Augustus wat aan die universiteit vrystelling gee van die gewone munisipale gesag. Tout, a.w., bls. 429. Vgl. ook die Spaanse Universiteite -- "No local state that aspired to civilized life could dispense with a studium generale." Tout, bls. 431. Vandaar kom ook die doelbewuste skepping deur pous en staat van dit wat voorheen spontaan gegroei het.

198) Cook, T.I., a.w., bls. 170.

199) Vgl. die Univ. van Boulogne, Fisher, H.A.L., a.w., bls. 247. Vgl. Tout, a.w., bls. 430.

200) Immers as die keiserlike gesag kwyn, kry die kerk houvas op die huwelik. Vanweë sy sakramentele aard gaan die huwelik nou gepaard met religieuse seremonies. "Papal lawgivers insisted upon this in order that the pope might obtain exclusive temporal jurisdiction." Vgl. Appeldoorn, Gesch. der Ned. Huwelijksrecht, Amsterdam, 1935, aangehaal Van der Merwe A., Die Huwelik, bls. 65-66.

201) Vgl. Cook, T.I., a.w., bls. 237.

202) Vgl. v.d. Merwe A., a.w., bls. 70. Hy haal ook sulke gesaghebbendes soos Messer en Mary Burt aan.

203) So publiseer Mennas in 536 die 14 Titels. Vgl. v.d. Merwe A., a.w., bls. 65-66.

universiteit stigting teneinde die eie doel te bevorder.<sup>197)</sup>  
Maar nietemin was die kerk tot laat in die middeleeue die enigste werklike beskawingskrag,<sup>198)</sup> en aanvaar sy 'n nie-tipiese taak ten opsigte van baie aspekte van die hoër onderwys, by afwesigheid van die sentrale staatsowerheid. Hier het verskillende stedelike besture egter in die plek van die staat getree en veral die nodige finansiële steun verskaf.<sup>199)</sup>

Die gesinsverband sou in die middeleeue buite die bestek van die owerheidstaak val ten opsigte van die noodsaaklike voorafgaande basis daarvan in huweliksluiting. Vanweë die feit dat die kerk die huwelik as sakrament aanvaar, is dit prakties onontbindbaar. Kanonieke reg gee hier die deurslag waar die Romeinse reg nog nie daarmee konformeer nie.<sup>200)</sup> Botsings oor hierdie aangeleenthede het veral sterk na vore gekom in gevalle waar keisers en konings in ontug gelewe het. So sou Marsilius van Padua juis die huwelik binne die kader van die burgerlike owerheidstaak plaas teneinde sy heer se huwelik goed te praat.<sup>201)</sup> Waar die kerk in die 13de eeu haas onbetwiste seggenskap het, was die huwelik egter ook in die middeleeue ontbindbaar.<sup>202)</sup> Die Oosterse kerk het wel die onlosmaaklikheid geleer, maar ook ten opsigte daarvan voor die staat geswig, sodat egskeidings onder siviele reg geduld word.<sup>203)</sup>

197) Gregory IX stig die Pouslike Univ. te Toulouse en Fred. II, die univ. van Napels. Tout, a.w., bls. 410. Vgl. Phillip Augustus wat aan die universiteit vrystelling gee van die gewone munisipale gesag. Tout, a.w., bls. 429. Vgl. ook die Spaanse Universiteite -- "No local state that aspired to civilized life could dispense with a studium generale." Tout, bls. 431. Vandaar kom ook die doelbewuste skepping deur pous en staat van dit wat voorheen spontaan gegroei het.

198) Cook, T.I., a.w., bls. 170.

199) Vgl. die Univ. van Boulongne, Fisher, H.A.L., a.w., bls. 247. Vgl. Tout, a.w., bls. 430.

200) Immers as die keiserlike gesag kwyn, kry die kerk houvas op die huwelik. Vanweë sy sakramentele aard gaan die huwelik nou gepaard met religieuse seremonies. "Papal lawgivers insisted upon this in order that the pope might obtain exclusive temporal jurisdiction." Vgl. Appeldoorn, Gesch. der Ned. Huweliksrecht, Amsterdam, 1935, aangehaal Van der Merwe A., Die Huwelik, bls. 65-66.

201) Vgl. Cook, T.I., a.w., bls. 237.

202) Vgl. v.d. Merwe A., a.w., bls. 70. Hy haal ook sulke gesaghebbendes soos Messer en Mary Burt aan.

203) So publiseer Mennas in 536 die 14 Titels. Vgl. v.d. Merwe A., a.w., bls. 65-66.

Waar die kerklike eenheid tot hiertoe oor nasionalisme geseëvier het, gaan ons nou die era binne waarin die grondslae van 'n nuwe nasionale kerkorde binne die raamwerk van die monargie sou oorheers,<sup>204)</sup> 'n tydperk waarin die owerheids-taak geleidelik sou kristalliseer in die juridiese aspek, maar waarin die hervorming en die gevolglike godsdienstige botsings weer hierdie spoor in a-tipiese rigting sou laat voer.

---

204) Vgl. Von Ranke L., a.w, bls.19.



## VIII. DIE RENAISSANCE.

Waar ons in die middeleeue inderdaad geen eenvormigheid ten opsigte van die beskawingsontwikkeling kon aandui nie, en trouens konstateer het dat daar van eenheidskultuur slegs in kerklike sin sprake was, <sup>1)</sup> is die term donker middeleeue nogtans 'n onjuiste aanduiding, 'n oorvereenvoudiging daarop gemik om die Renaissance-era meer te laat skitter. Die middeleeue was geensins 'n proses van intellektuele stagnasie nie. <sup>2)</sup> Natuurlik moes die volke van die middeleeuse Europa ook teer op die grootheid van die verlede, solank as wat hulle nog nie die peil van die ou beskawings bereik het nie. <sup>3)</sup> Daar moet ook onthou word dat ons hier met 'n wesenlik nuwe kanalisering en bou te doen het onder leiding van 'n geheel nuwe religieuse grondmotief, wat vanweë sy absolute pretensie moes worstel met die gangbare begrippe en maatskaplike vorme, soos dit intellektueel — paganisties gestagneer het in 'n eeue-proses. Sy beskawingswerk sou inderdaad alleen seëvier wanneer dit aan die motiewe, wat die ou beskawings ten grondslag lê, radikaal ontworstel is. In dié proses sou vele swig <sup>4)</sup> voor die sintese, soos dit beliggaming vind in die skolastiek. Eers die hervorming sou die weg baan vir 'n radikale breuk met die heidendom, en also 'n ware Christelike beskawing van 'n beginpunt voorsien.

- 1) Vgl. Docyeweerd H., W. de W., Vol. I, bls. 144. Troeltsch gebruik die term kerklike eenheidskultuur tereg in die sin van kerklike beheersing van staat, gesin, bedryf, ens. Vgl. hiermee Gierke O., Political Theories of the Middle Age, wat sonder reserwe praat van die middeleeuse eenheidskultuur.
- 2) Vgl. Venter E.A., a.w., bls. 79. Hy dui aan dat die Renaissance weinig of niks gedoen het om die vordering wat reeds merkbaar was noemenswaardig te stimuleer nie. Die waninterpretasie berus op die werk van Jacob Burchardt waarvolgens die Renaissance as 'n verskynsel sui generis gesien word met geen historiese agtergrond nie. Reeds die werk van Emile Gebhardt het die valsheid daarvan aangedui.
- 3) Bryce J., The Holy Roman Empire, bls. 249.
- 4) In dié opsig is die Christendom nie in 'n unieke posisie nie. Immers Avicenna (980-1037) sou die Korangelof met Aristoteles probeer versoen, en Moses Maimonides (1135-1204) sou sintese slaan tussen Aristoteles en die Ou Testamentiese Judaïsme. Vgl. W. de W., Vol. I, bls. 145. Vgl. Boeren P.C., Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 87-89.

Wanneer ons van die Renaissance<sup>5)</sup> spreek moet steeds onthou word dat vanaf die 12de tot die begin van die 14de eeu reeds groot vordering op die gebied van lettere gemaak is, wat byna ongemerk oorgaan in die Renaissance, waar laasgenoemde era gangbaar aangedui word as tussen 1350 en 1500. Die kode van Justinianus (12de eeu) val dus buite dié periode, sowel as die opbloeï van die skolastiek (13de eeu) en die kerkhervormings van die Albigense, Wycliff en Huss.<sup>6)</sup>

Van 'n plotselinge breuk is daar na ons mening geen sprake nie, en die politieke tendense word geleidelik vanuit die middeleeue voortgedra.<sup>7)</sup> Die middeleeuse beskawing bereik sy mees komplette ekspressie in die 13de eeu, en begin eers teen die einde van daardie eeu klaarblyklike tekens van verval toon "and it was only very slowly and gradually that the new system of the modern world emerged."<sup>8)</sup>

Die gangbare probleem van periodisering laat hom ook hier merkbaar geld,<sup>9)</sup> en die Renaissance as beskawingstydperk word nog slegs beskou as 'n idee van geleerdes, en histories slegs besien as 'n beweging van die herlewing van die Grieks-

5) 'n Term gebruik deur Honoré de Balzac in sy novelle *Le bal de Sceaux* (1829). Aanvaar deur Michelet in geskiedskrywing en Jacob Burckhardt in *Die Kultur der Renaissance in Italien* (1860). Vgl. Boeren P.C., *Nieuw Contact tussen Grieks-Romeinse Wereld en Christendom*, in *Cult.Gesch.der Chr.*, Vol.III, bls.73.

6) Vgl. Bryce J., a.w., bls.250.

7) Vgl. ook Fisher H.A.L., *A History of Europe*, Edward Arnold, London, 2de Druk, 1936, bls.429. So is die nominalisme voor die 14de eeu telkens deur die kerk veroordeel, en sou dié gedagtegang eers as rigtinggewende kultuurfaktor van wêreldomvang na vore kom as die kerk sy beheersende mag verloor. Vgl. W. de W., Vol.I, bls.147.

8) Carlyle, a.w., Vol.V, bls.2.

9) Vgl. Troeltsch wat Luther by die Middeleeue plaas, en Huizinga wat die 15de eeu as 'n herlewing van Feudalisme beskou. Ook Henri Hauser beskou die 16de eeu as nie-modern. Derhalwe word die begin van die era teruggeskuif na die 13de en selfs 12de eeue, benoemde onder andere Franciscus van Assisi te akkomodeer! Vgl. Boeren P.C., a.w., *Cult.Gesch. der Chr.*, Vol. III, bls.74-5. Ook Ludwig Pastor ontken die organiese eenheid van dié periode en onderskei tussen Christelike en heidense Renaissance.

Romeinse oudheid.<sup>10)</sup> Vir ons doel verwys ons hier na ons opmerkings oor periodisering in Hoofstuk I. Ons wil derhalwe duidelik vasstel met welke religieuse grondmotief ons hier te doen het, en daarvolgens oordeel of ons met 'n wesenlik nuwe era te doen het. Alleen so meen ons sal ons ware perspektief kan kry ook ten opsigte van die owerheidstaak.

Reeds is aangedui dat die nominalisme as uiting van 'n oordrewe individualisme en naturalisme die skolastiek ondergrawe het in die werk van Roger Bacon, Dun Scotus en Willem van Ockham.<sup>11)</sup> Die verwoesting aangerig het die Christendom egter ten goede gekom deurdat met die totale disintegrasie van die skolastiek, die heidense en Christelike elemente vrygelaat is om elk sy eie weg te bewandel. So was die Hervorming instaat om 'n integraal Christelike stellingkeuse te poneer, terwyl andersyds in die religieuse skeptisisme die heidense gedagterigting vrygelaat is, sodat die humanisme in die volkome gesekulariseerde vryheidsgedagte van die Christendom, aktief orent kon kom.<sup>12)</sup>

Daarmee word 'n tydperk van ongeloofsfilosofie ingelui, wat in die soeke na 'n plaasvervangende filosofie vanweë die vergevorderde sekularisasie en naturalisme, — kenbaar sedert die 12de eeu, — geredelik weer aansluiting by die antieke sou vind. Die kernprobleem wat ook in die middeleeuse denke vanweë sy vergroeidheid met die antieke, aktueel was, dring sig weer op in die versoening van gewyde en profane bronne.<sup>13)</sup> Tydelik skynbaar opgelos in die 13de eeuse sintese, sou dit in die 15de eeu in groter omvang opdoem. In

10) Ook dié skakel is nooit geheel en al onderbreek nie as ons onthou dat minstens die idee van die Christendom in die Christelike wêreldryk, 'n Romeinse tradisie is. Dink ook aan die prosa van Cicero en die kode van Justinianus. Immers die Stagiriet is reeds in die 12de eeu ontsluit as Averroes (1126-1198) op bevel van die sultan van Morokko Aristoteles se werke vir almal toeganklik maak. Die invloed van die kruistogte word ook hier nie genoegsaam verreken nie.

11) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.81.

12) Vgl. Dooyeweerd H., W. de W., Vol.I, bls.151.

13) Boeren P.C., a.w., Cult. Gesch. der Chr. Vol.III, bls.108.

Italië sou 'n integralistiese rigting, beoog as versoening van Plato en die Stoa met die Christendom, die gehele mens en die gehele lewe opeis.<sup>14)</sup> Verder na die noorde sou 'n meer bybelse-humanisme, 'n geestelike erns skeep, wat egter hoogstens sanered op die sekulêre gees sou inwerk.<sup>15)</sup> Inderdaad, die Renaissance is 'n periode wat staan in die teken van 'n hartstogtelike terugkeer na die heidendom!<sup>16)</sup>

So is die Christelike lyn van die middeleeuse denke — soos dit minstens nog in die tradisie van Augustinus gehandhaaf is — verlaat, deurdad die elemente waarin Thomas van Aquino sintese probeer verkry het, onversoenlik blyk. Dit sou inderdaad verder onversoenlik bly al word Aristoteles deur Plato vervang,<sup>17)</sup> want dit bly wesenlik 'n miskening van die koers van die Westerse beskawingstroom, al beteken dit 'n bevryding van die Westerse denke van die invloed van Islam<sup>18)</sup> en dat in Plato weer die objektiwiteit van algemene begrippe, so duidelik deur die nominalisme misken, in ere herstel word.<sup>19)</sup> Heel gou sou die natuur-genade sy gewaande spankrag inboet as die primaat aan die natuur toegeken word en daardeur die eiewetlikheid van die rede geproklameer word. Dit sou inderdaad alleen moontlik wees omdat die huis van die klassieke heidendom skoon en uitgevee was, om die godeafvallige bewoner

14) Boeren P.C., a.w., Cult.Gesch.der Chr., Vol.III, bls.86-87. Vgl. ook bls.114.

15) Hieronder kan gegroep word John Colet 1467-1519, leermeester van Thomas Morus en Desiderius Erasmus 1469-1536. Naas hulle sou Wessel Gansfort (1420-1489) egter weer deur en deur vyandig teenoor die kerk staan. Vgl. Smeenk C., Ontwikkeling der Maatschappy, bls.72.

16) Venter E.A., a.w., bls.81. Vgl. ook sy Krisis in die Westerse Beskawing, Die Bult, Jaargang II, 1954, bls.78. Vgl. ook Bryce J., a.w., bls.265. "The spirit by which the men who led these movements fancied themselves animated was in truth a pagan or at least a strongly secular spirit." (Ons kursiveer). Bryce wys daarop dat dit veral na vore kom as Euripides en Ovidius vir Dante en St. Francis vervang, a.w., bls.264.

17) Vgl. Boeren P.C., a.w., in Cult.Gesch.der Chr., Vol.III, bls.107.

18) Ver al die invloed van Averroes (1126-1198) en sy voorganger Avicenna (980-1037) as eksponente van Arabiese skolastiek, Boeren P.C., a.w., bls.87-88

19) Boeren P.C., a.w., in Cult.Gesch.der Chr., Vol.III, bls.114.

andermaal onderdak te verskaf.<sup>20)</sup> So is die mens finaal tot bron van waarheid verklaar en is alle elemente, wat nie uit die natuur verklaarbaar was nie, uitgeban.<sup>21)</sup>

Daar vind inderdaad 'n aksent-verskuiwing plaas, waarin die menslike denke geensins bevry is van gesag nie, maar bloot by hernuwing onderwerp is aan die antieke gesag.<sup>22)</sup> In die plek van uiterlike dwang, tree 'n meer subtiele en verfynde vorm van innerlike slawerny van die denke, juis omdat dit die vryheidslug van 'n integraal Christelike denke ontsê word.<sup>23)</sup> Derhalwe het ons hier te doen met 'n periode van beskawingsverval, eerder as beskawingsontwikkeling,<sup>24)</sup> waarin die skemerlig van die skolastiek uitgedoof is.<sup>25)</sup> Die manne van die Renaissance het inderdaad soos Anselmus 'n vuur opgesteek wat geen lig verskaf het nie, maar die huis met rook gevul het. Waar die eiewetlikheid van die mens en die soewereiniteit van die rede tot dogma verhef word, sou dit die religieuse koers van alle beskawingsaktiwiteit oorheers, veral as dit nog gepaar word met die toekomsverwagting dat die natuurwetenskaplike beheersing van die kosmos, daardie vryheid van die persoonlikheid in al sy waardigheid sou verwerklik, sonder uitwendige outoriteitsgeloof of hulp van hoër magte.<sup>26)</sup>

20) Terwyl Machiavelli, Van Hutten en Montaigne nog intellektuele vryheid verheerlik, kom deurgevoerde sekularisme spoedig na vore, waar die onsterflikheid van die siel geloen word (Pompanazzi) en waar materialisme en naturalisme, naas okkultisme en towery, met demone en geeste en selfs mistisisme hoogty vier.— Vgl. Venter E.A., a.w., bls. 80-81. Dink daaraan dat die Konsilie van Lateran in 1517 dit nodig vind om die onsterflikheid van die siel te poneer teenoor die Italiaanse verligting. Smeenk C., a.w., bls. 72.

21) Venter E.A., a.w., bls. 79.

22) Vgl. Venter E.A., a.w., bls. 79. Vir Machiavelli het welliswaar die tydperk van "ontrokken zijn" aan elke normstellende outoriteit aangebreek.— Vgl. Schulte-Nördholt A., Het Beeld der Renaissance, Amsterdam, 1948, bls. 94.

23) Vgl. Boeren P.C., a.w., in Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 134

24) Venter E.A. Die Krisis in die Westerse Beskawing, a.w., bls. 78. "Hierdie manne van die verligting was met 'n duistere vrees besiel vir demone en geeste, het ywerig die okkultisme beoefen, en het met hul bygeloof die werklike kwaliteit van hul beskawing openbaar." (Ons kursiveer).

25) Venter E.A., a.w., bls. 79. Vgl. ook sy Die Krisis in die Westerse Beskawing, a.w., bls. 78.

26) Vgl. Venter E.A., a.w., bls. 78.

Hierdie sekularisasieproses is in die 17de eeu voortgesit, totdat dit uiteindelik kulmineer in die Aufklärung wat aan ons 'n samelewingsbeeld bied, waarin die staatsidee dermate die kerklike verdring, dat die verwesenliking van die humanistiese ideale „slechts in de secularisasie aller levensgebieden haar beslag zou kunnen krijgen.“<sup>27)</sup>

Voordat ons die staatsfilosofiese denke verreken moet ons eers vooraf enkele gedagtes uitspreek oor die versoeningsbeweging binne die kerk ter oorbrugging van die Groot Skisma.<sup>28)</sup> Daartoe is as eerste ideaal gestel die eenheid van die Christendom, en daarmee is inderdaad 'n wal opgewerp teen die toenemende aanslae op die kerklike eenheidskultuur.<sup>29)</sup> Dit gaan egter gepaard met 'n diepe besef van hervorming van die pouslike outoriteit en taak.<sup>30)</sup> Die onmisbaarheid van 'n gesag bo die van die pous is hier duidelik — die pous moet ondergeskik word aan 'n Raad, soos 'n konstitusionele monarg.<sup>31)</sup> Waar voorheen slegs gedink is aan die afkamping van die kerk op die gebied van geestelike gesag en skeiding van sekulêre gebied, soos Willem van Ockham en Marsilius van Padua poneer het, het ons nou ook te doen met 'n saak vir verteenwoordiging as intrinsieke deel van enige beperking op die owerheidsgesag en owerheidstaak.<sup>32)</sup> Die eerste kampvegters vir die konsiliêre

27) Haitjema A., Het Verval en zijn Oorzaken in Cult. Gesch. der Chr., Vol.IV, bls.108. Vgl. hier veral sulke figure soos Baruch de Spinoza (1632-1677) en Pieter Boyle (1647-1706). Vir dié voortgesette sekularisasie vgl. ook Van Duinkerken H., Moederbodem van Behoud, Cult. Gesch. der Chr., Vol.IV, bls.121 e.v.

28) Tussen 1305-1377 is die pouslike ballingskap te Avignon (Clemens V tot Gregorius XI). As Gregorius XI terugkeer na Rome 1377, word dit beëindig. Na sy dood egter twee pouse Urbanus VI te Rome en Clemens VI te Avignon. Die Skisma is eers in 1417 beëindig deur Sigismund na die Konsilië van Konstans (1414-1418). Vgl. Hyma A., a.w., bls. 220 en Ganshof F.L., a.w., in De Pelgrimstocht, bls.274.

29) Vgl. Gierke O., Pol. Theories of the Middle Age., bls.3-7. Hy praat van „Antique-Modern ideas“ wat die eenheidskultuur sou aantast.

30) Cook T.I. a.w., bls.256 e.v. Vgl. ook Sabine G., a.w., bls.262, e.v.

31) 'n Terugkeer derhalwe na die toestande wat bestaan het voordat Bonifacius VIII en Innocentius III die bestaande toestand van pouslike absolutisme geskep het. Vgl. ook Sabine G., a.w., bls.248.

32) Vgl. Sabine G., a.w., bls.248.

beweging, Pieter d'Ailly (1350-1420), en Jan Gerson (1363-1429) sou die oppergesag van die raad proklameer.<sup>33)</sup> Wanneer by die Raad van Basil (1431-1448) 'n federale beginsel gekonsepieer word, sou Nicolaas van Cusa 'n belangrike bydrae lewer.<sup>34)</sup> Insiggewend is dat die kerk nou ook behandel word as 'n politieke gemeenskap, met probleme analogies aan die van die staat, met die behoefte aan 'n owerheid wat tred hou met die ontwikkelingsgang, sonder om noodwendig met die tradisie te breek. Daarmee is ook die gedagte geproklameer dat die pous as uitvoerende hoof, geen outokraat kan wees nie, maar dat sy gesag 'n trust is, wat hy hou ten behoeve van die hele kerk.<sup>35)</sup> Op die wyse sou die kerk finaal teruggedwing word in sy eie regsbevoegdheid, juis omdat die opkomende nasionale monargie, veral in Frankryk weer geneë was om die vorseenoor die pous te versterk. Die hele konsiliêre beweging het egter insoverre misluk as wat die pous, — terug in Rome, — sy vroeëre gesag sou handhaaf, en derhalwe ook nagelaat het om van binne te hervorm. Die bydraes van die teoretiese van die beweging is egter vir die owerheidstaak belangrik, waar die tradisionele skolastiese filosofie aan die opkomende nasionale monargië teenoor pous en keiser geen teoretiese regverdiging bied nie.<sup>36)</sup>

Gerson sou dan die eerste onderskeid trek tussen die amp van die pous en die tydelike bekleër van daardie amp.<sup>37)</sup>

33) Vgl. Carlyle, a.w., Vol.VI, bls.158-163. Gerson sien die oorsprong van die staat patristies en stoïsiens in 'n staat van onskuld. Daarna volg coercive authority. Waar die mens van nature civilis is, moet hy die staat gehoorsaam, "to the end that they may live in peace." So kom die monargie voort uit "common consent". Daarom bepleit hy 'n gemengde grondwet-monargiaal, aristokraties en timokraties. Ook Pieter d'Ailly bepleit 'n gemengde grondwet en beperkte monargie. Vgl. Carlyle, Vol.VI, bls.163-4. Vgl. ook Figgis, From Gerson to Grotius, bls.40-45, asook bls.49 en 56-7.

Vgl. verder Smeenk C., a.w., bls.69.

34) Vgl. Gough J.W., The Social Contract, bls.38. In die lyn van Engelbert van Volkersdorf en Jan van Parys poneer hy doelbewuste populêre toestemming as oorsprong van wetgewende gesag in 'n uitdruklike pactum.

35) Vgl. Sabine, History of Pol.Theory, bls.274-5.

36) Vgl. Mekkes J.P.A., Hum.Rechtsstaats teorieën, bls.109.

37) Vgl. Cook T., a.w., bls.263. Vgl. Carlyle, Vol.VI, bls.158-163. Vgl. Figgis, a.w., bls.44-5.

Waar die pous afwyk van natuurreg, of nie sy ampstaak vervul nie, mag die koning as hoof van die wêreldse gesag 'n Raad byeenroep om hom af te sit. Daarmee dra Gerson dan die Christen-koning 'n taak op van preservasie van die Christelike geloof, vanweë sy verantwoordelikheid vir die welvaart van sy onderdane.<sup>38)</sup> Voorts beteken dit 'n erkenning dat nasionale elemente 'n regmatige aanspraak het op deelname aan die kerklike regering.

Nicolaas van Cusa sou navore kom met 'n teorie van harmonie eerder as gesag. Vir hom is die voortreflikheid van die Raad geleë in die verteenwoordigende beginsel.<sup>39)</sup> Die feit dat pouslike oppermag tog hieroor triomfeer het, kan ons verklaar daarin dat dieselfde verskynsel op staatkundige terrein aangetref word; waar die middeleeuse verteenwoordigende liggame sou swig voor die mag van die opkomende nasionale monarg.<sup>40)</sup> Nasionalisme sou nog aan die staat die nodige impuls verleen om die ou konstitusionele instellinge te laat herleef, en die standeverteenwoordiging sou min of meer ononderbroke uit die middeleeue voortvloei. Die Roomse kerk kon daarenteen geen dusdanige bindingskrag monster nie! Uit reaksie teen die konsiliêre beweging poneer Jan van Torquemada eerder die soewereine gesag van die pous wat slegs

38) Cook T.I., a.w., bls.264. Daarmee is Gerson as utilis aangemerkt — salus populi suprema lex. Figgis, a.w., bls.57.

39) Vgl. Sabine, a.w., bls.275, Vgl. Figgis, a.w., bls.59.

40) Vgl. Sabine, A History of Political Theory, bls.281. Vgl. ook Hyma, a.w., bls.241 en Pelgrimstocht der Menscheid, bls.277-8. Die Engelse adel en parlement verloor veel magte na die oorlog van die Rose. Die koning soek stelmatig steun by die handelslui in die stede wat slegs rus en vrede vra. Die burgery in die Commons toon min belangstelling vir die politiek, en kom vir lang tye nie byeen nie. Die Revolusie van 1688 sou inderdaad wees "to restore ancient customs and to end absolutism which was an innovation from abroad." Hyma, a.w., bls.251. In Spanje sou Isabella en Ferdinand dieselfde weg volg en sedert 1479 verloor die aristokrasie, geestelikes, en Cortes van Aragon en Castille, en groot munisipaliteite veel magte. Hyma, a.w., bls.180-3.



deur die reformasie betwis, — inderdaad vir die huidige nog bindend is binne die Roomse kerk. Daarom merk Figgis hom tereg aan as die eerste eksponent van "The divine Right of Kings."<sup>41)</sup>

Belangrik vir die owerheidstaak is egter dat twee teenstrydige politieke teorieë op die staatkundige terrein ingedra word, naamlik die beginsels van sowel 'n regstaat, as 'n magstaat. Albei sal dan ook besondere betekenis erlang in die opkomende nasionale monargie, waarbinne 'n kragtige sentralisering van gesag noodwendig ook burokratiese verstewiging meebring. As die betekenis en invloed van die adel, en daarmee ook van alle feudale betrekkinge daal,<sup>42)</sup> en die koninklike juriste na die resepsie van die Romeinse reg, die primaat bo die kanoniste verower,<sup>43)</sup> begin die staat self, by toenemende tegniese en ekonomiese ontwikkeling, sig steeds meer en meer met die lewe van die burgers bemoei.<sup>44)</sup>

Immers die selfhandhawing — en uitbreidingsug van die nasionale state, laat die klem noodwendig val op administrasie. Die staat word nou gesien as bron van positiewe reg, en wel in absolutistiese sin. Nietemin is daarmee tog 'n<sup>45)</sup> formeel juridiese karakter aan die owerheidstaak toegeken. Terselfdertyd het die humanistiese individualisme ook stewig in die saal gekom in die staatsteorie van die Renaissance, en wel in die gesag — vryheidsprobleem.

41) Figgis, From Gerson to Grotius, bls.234. Daarin dan 'n voortsetting van Wycliffe in die 14de eeu, oor Aeneas Sylvius (1446). Die doel van die staat is vrede en geregtigheid, en wat die prins doen geskied met Gods toelating, derhalwe is passiewe gehoorsaamheid die plig van die onderdaan — Verder sou Luther, sowel as Melancton soortgelyke gedagtes poneer. Carlyle, a.w., Vol.VI, bls.189-190.

42) Sabine, a.w., bls.286.

43) Mekkes J.P.A., a.w., bls.112.

44) Du Plessis L.J., a.w., bls.44. Immers Carlyle beweer "the notion of an absolute king was not mediaeval, but grew up during the period of the decline of the political civilization of the middle ages." — Vol.V, a.w., bls.457, (Ons kursiveer).

45) Du Plessis L.J., a.w., bls.44.

Machiavelli (1469-1527),<sup>46)</sup> produk van die opkomende nasionale monargie, en geesteskind van die gesekulariseerde en ontkerstende vryheidsmotief van die Renaissance, wil die sentrale owerheid so sterk moontlik maak. In die gees van die reeds aangeduide afvalsgeloof sou hy radikaal breek met alle tradisioneel Christelike verwerping van owerheidsabsolutisme,<sup>47)</sup> sowel as met die juridiese erkenning wat die middeleeue aan nie-staatlike korporasies toegeken het.<sup>48)</sup> Daarmee herleef die heidense staatsbeskouing waarin alle lewensfere vir die owerheid opgeëis word.<sup>49)</sup> 'n Leer van politiese noodwendigheid waarin die owerheidstaak tot staatsraison herlei word, en die regstaatsgedagte in die wortel afgesny word. Ons kry dus 'n owerheidstaak wat prinsipieël sonder grense is. Trouens selfs misdaad is te regverdig onder die vaandel van staatsraison, waar selfs sedelikheid en geregtigheid deur en


---

46) Vgl. Figgis, From Gerson to Grotius, bls.82-100.

47) Osgniach A.J., The Christian State, Bruce Pub.Coy., Milwaukee, 1943, bls.100, wys daarop dat die Christendom 'n korrekte opvatting van menslike waardigheid poneer „gradually emancipating them from the state absolutism which pervaded the entire ancient culture to the detriment of personal rights and liberty.” (Ons kursiveer). Waar Machiavelli in sonderheid die Christelike leer aanval, poneer hy daarteenoor egter 'n naturalisme wat by die Stoïsynse natuurregslaar aansluit. Vgl. Sabine, a.w., bls.285, e.v. Vgl. ook Cook T.I., a.w., bls.272, en Mekkes J.P.A., a.w., bls.110 e.v.

48) Vgl. Fisher, Studies in History, „Liberty is the product of the mediaeval world with its system of states in which authority was restricted by privileged groups and powerful classes.”

49) Vgl. Osgniach A.J., a.w., bls.100. „Under the auspices of the Renaissance the pagan concept of the state revived.” Hiervan is Machiavelli hoof eksponent waar hy beoog „emancipating politics from every superior order.”



ten behoeve van die staat gemaak word.<sup>50)</sup>

Die primêre vereiste vir 'n moderne staatsregtelike soewereiniteitsbegrip, is die differensiëringsproses in die raam van die gehele beskawingsontwikkeling, waarin die strukture van die samelewing sig uit die ongedifferensieerde vervlegtingsvorme van die middeleeuse verbande sou ontworstel. Maar juis die kerklike-eenheidskultuur waarin, onder Aristoteliaans-Thomistiese invloed, die hiërargiese beginsel die samelewing konstrueer in ongedifferensieerde samelewingsvorme, bring dit nie verder as hoëre en laere ordes, met 'n mate van outonomie vir laasgenoemdes nie. Van 'n soewereine owerheid en soewereiniteit in-eie-kring van die nie-staatlike sferes is derhalwe geen sprake nie, en verbroekeling van hierdie kerklike eenheidskultuur is voorvereiste vir die opkoms van die begrip owerheidsoewereiniteit.<sup>51)</sup>

Dit sou dan inderdaad die regte bodemgesteldheid oplewer vir die soewereiniteitsbegrip van Aeneas Sylvius<sup>52)</sup> wat assulks voorloper was van die stelling van Jean Bodin

50) Vgl. Swain J.E., A History of World Civilization, New York, 1947, bls.384. Mekkes wys tereg daarop dat allerlei ideologiese vorme soos algemene belang, mite van bloed, grootheid van die staat, en in internasionale verhoudinge, droit de convenance, vitale belange, Lebensraum ens., herverskynings is van Machiavelliaanse staatsraison— a.w., bls.111-2. Machiavelli maak enigsins onderskeiding tussen die owerheidstaak in noedtoestande en normale toestande. Sy eie tyd is 'n tyd waarin die individu opgeoffer moet word aan die staatsbelang (The Prince), terwyl sy Discourses 'n prentjie van bestendige owerheidsopptrede wil wees. Vgl. Cook T. a.w., bls.287-9. Vgl. ook Swain J.E., a.w., bls.384. "When the entire safety of our country is at stake, no consideration of what is just or unjust, merciful or cruel praiseworthy or shameful must intervene. On the contrary, every other consideration being set aside that course must be taken which preserves the existence of the country and maintain its liberty." Vandaar die feit dat die Jesuïete Machiavelli ook sou aanhang. Vgl. Figgis, a.w., bls.89-9, Sy voorkeur vir 'n republikeinse orde kom egter veral na vore in sy Discourses — Vgl. Boeren P.C., Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls.119.

51) Mekkes J.P.A., a.w., bls.112. Vgl. Boeren P.C., Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls.46. "Een nationale afzondering zonder national kerkelijk cachet kan men zich nog niet voorstellen — Hier wreekte sich de al te innige verbinding van kerk en Christenheid, waarvolgens werkelijke gemeenschap van Christene die Christelike Imperium is."

52) Gough J.W., a.w., bls.43-4. Vgl. Carlyle, a.w., Vol.VI, bls.189-190.

(1530-1596)<sup>53)</sup> wat reeds gedrenk in die nuwe wetenskaplike metode, die magsvolkomenheid van die vors sou poneer as amptelik onontbonde van positiewe reg — princeps legibus solutus est.<sup>54)</sup> Derhalwe kan die owerheid, volgens eie insig, in belang van die staat afwyk van die reg, waar die owerheidsgesag in personalisties-absolute trant, in die wil van die owerheid self gesentreer is, as hoogste en finale geldingsbron van positiewe reg. Die staatsraison sou slegs deur natuurreg en Goddelike reg begrens word.<sup>55)</sup> Daarom is die enigste werklike funksionele begrensing van die omvang van die owerheidstaak, geleë in die juridiese geldingsgebied van die hoogste regsbronne buite die positiewe reg. Van 'n strukturele begrensing van die owerheidstaak in sy verhouding tot die nie-staatlike vorme kom niks tereg nie. Immers die nie-staatlike geledinge is bloot korporasies van gefingeerde persoonlikheid wat berus op publiekregtelike delegasie.<sup>56)</sup> Daarmee is hier-

53) Vgl. ook Sabine G., a.w., bls.340 e.v. Vgl. Carlyle, a.w., Vol.VI, bls.417-428.

54) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.113. Daarin sien Mekkes sy beïnvloeding deur die Romeinse imperium-gedagte. Veral is dit korrek as ons konsidereer dat Bodin soewereiniteit definieer as "supreme power over citizens and subjects, unrestrained by law," Sabine G., a.w., bls.345. Daarom poneer Carlyle, (Vol.VI, bls.417-425) dat die staatsgesag hier wel op mag gefundeer is, maar nie in geregtigheid nie, waar selfs gewoonte geen versagtende invloed het nie, en die onverdeelbare majestas alles oorheers. Vgl. Murray A.H., Prolegomenon to S.A. Political Theory, No.3. The Vindiciae Contra Tyrannos, Bulletin of Dept. of Phil., Cape Town, University, Maart 1956, bls.29.... "His naturalistic method, which leads him to ask questions about the historic origin of the state brings him very near to Machiavelli and marks him as one of the first of the modern political scientists."

55) "The sovereign was bound by the law of God and of nature," Sabine, a.w., bls.347.

56) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.119. Vgl. Sabine, a.w., bls.346-7. "The corporate bodies exist only by the sovereigns permission and all their powers are derived from his consent", selfs al berus hulle op gewoonte en organiese groei en nie direk op koninklike oktrooi nie. Vgl. Murray A.H., a.w., bls.22-3, "yet he refuses to give these institutions status in natural law, as he does to the family, and he argues that three colleges would not constitute a commonwealth for they do not possess sovereignty. A corporation is for him a right of association under sovereign law. The corporation makes its own internal laws and has limited internal coercive powers, but always under the sovereign, without whose permission there may not be a college."

die samelewingsvorme nie meer te sien as ongedifferensieerde dele van die ongedifferensieerde geestelike en wêreldlike eenheidsorganisasie van die middeleeuse Christendom nie, maar wel gedifferensieerde onderdele van die staat, in diens van die staatsverband, wat alleen met selfstandige gesagstruktuur toegerus is. Waar Huig de Groot (1583-1645) later wel nog 'n reg tot sesessie aan die ondergeskikte geledinge toeken in noodgevalle, vanweë hulle prioriteit in die beskawingsontwikkeling,<sup>57)</sup> sou Thomas Hobbes (1588-1679) hulle bloot as skeppinge van die staat erken en also onder strenge staatsupervisie duld.<sup>58)</sup>

Die lyn kan ook deur Puffendorf en Thomasius getrek word na Rousseau wat ook alle tussengeledinge wil vernietig. Duidelik volg hulle almal in die Renaissance spoor van Jean Bodin, sodat 'n regstaat, met soewereiniteit in-eie-kring as strukturele begrensing van die owerheidstaak, nêrens tot erkenning vorder nie.

So het die staatsfilosofie van die Renaissance, by monde van Machiavelli en Bodin, ons wesenlik belas met 'n owerheidstaak, waarin die owerheidspersoon ongebonde, — d.w.s. slegs teoreties deur natuurreg begrens, — die staatsbestel sou hanteer in die gees van staatsraison. Daarmee is in teorie

57) Vgl. Gough J.W., The Social Contract, bls.77. Die staat bestaan uit gefedereerde onderdele, hoewel hy nie die vrye selfbeskikking toelaat wat Althusius in sy vyf klasse van assosiasies toelaat nie. Die idee van sesessie het hy klaarblyklik van Althusius. — Vgl. ook Gough J.W., bls.71-2.

58) Sy minagting vir nie-staatlike verbandslewe kom duidelik uit in sy Leviathan II, bls.29 e.v. "That great number of corporations which are as it were many lesser commonwealths in the bowels of a greater, like worms in the entrayles of a natural man." Mekkes wys tereg daarop dat die selfstandige korporasies onder die nasionale monargie geleidelik verval vanweë die feit dat die jurisprudentie sig steeds op Romeins-regtelike bodem stel, sodat teenoor die pretensie van salus publica die privileges van die korporasies geen weerstand kan monster nie, a.w., bls.118. Vgl. in dié verband Gierke O., a.w., bls.XII-XLIII vir Romeinse Collegia illicita en die ontwikkeling van die korporasieleer.

59) Vgl. Gough J.W., The Social Contract, bls.112-118. Gough beweer dat Puffendorf, Althusius se fondament gemodifiseer het in die lig van Hobbes se teorie, en also 'n unitêre of monistiese staatsvorm poneer — 'n volledige staat met summum imperium.

die staatsabsolutisme aan die grondslag van die nasionale monargie ondergeskuif. 'n Grondslag waarop so heg voortgebou sou word dat eers die gedagte van godsdiens- en gewetensvryheid die katolieke en protestantse monargvegters daarteenoor sou mobiliseer.<sup>60)</sup> Die neiging in Europa selfs nog gedurende die 17de en 18de eeue om die owerheid bo die reg, en as bron van reg te beskou, het dan sy historiese oorsprong ook in die Renaissance, en "was nothing but a relapse into a less developed conception of the public order."<sup>61)</sup> Inderdaad nogeens bewys daarvan dat ons in die Renaissance-era ook met beskawingsverval moet rekening hou, veral waar die nuwere humanisme nou geleidelik die beslag op die geeste kry:

In die praktiese politiek van hierdie era vind ons ter aanvang Engeland en Frankryk gewikkel in 'n stryd oor nagenoeg honderd jaar. 'n Tydperk waarin oorlog teen die Franse dusdanig deel van die nasionale agtergrond in Engeland word, dat dit haas fatalisties aanvaar is.<sup>62)</sup> Waar albei hierdie lande vir 'n hele eeu letterlik in 'n noodtoestand lewe, sou die owerheidstaak 'n absolutistiese omvattendheid as beslag kry,<sup>63)</sup> wat aan die einde van die stryd nouliks nog daardie noodtoestand — kenmerk as abnormaal sou erken of prysgee. As ons daarby nogeens die versterking van die monargie na die oorlog van die Rose verreken, dan sien ons inderdaad 'n owerheidstaak in sy militêre oorspanning.<sup>64)</sup>

Bowendien is Europa in hierdie tyd deur die regslose landarbeiders geskok in 'n reeks opstande.<sup>65)</sup> Die Swart Dood 1350, sou 'n ekonomiese krisis, wat die puberteit van die Westerse samelewing inlui, ten gevolge hê. In die spoor

60) Vgl. Gough J.W., a.w., bls.48-64.

61) Carlyle, a.w., Vol.V, bls.459. Vgl. Hassal, a.w., bls.133.

62) Vgl. Fisher, H.A.L., A History of Europe, bls.314-15.

63) Veral in die 2de periode van die stryd 1422 (Hendrik VI en die Hertog van Bedford teen Karel VII) as die verarming van albei lande reeds vergevorder het. Vgl. Ganshof F.L., a.w., bls.276.

64) Vgl. Hassal, a.w., bls.84.

65) Boereopstand in Wes Vlaandere 1328, en Jacquerie 1357, met die opstand van Wat Tyler (1381) effens later.

daarvan sou ernstige morele en sosiale versteuringe volg,<sup>66)</sup> wat in Frankryk nog deur die Jacquerie opstand aksentueer word. Waar juis in hierdie tyd die kreet van bien public op die lippe van Karel V is, kry ons die verregaande dekrete om die chaos na die Swarte Dood en die Jacquerie die hoof te bied,<sup>67)</sup> waardeur inderdaad die feudalisme gefossiliseer word, as lone vasgepen en die arbeider selfs sy bewegingsvryheid ontnem word.<sup>68)</sup> Daardeur is tydelik die inkomste van die staat en bevoorregte klasse verseker, maar dit sou futiel wees as poging om die bestaande ekonomiese verhoudinge te stagneer. Nietemin dien onthou te word dat die algemene ontwikkelingspeil van die massas inderdaad laag was en dat die owerhede tereg gevaar sien in hulle nuwe magssposisie, die gevolg van 'n natuurlike katastrofe, eerder as van kulturele en maatskaplike ontwikkeling. Maar teen die einde van die 14de eeu is deur die toenemende staatsbehoefte, op menige wyse die gewoonte-kors deurbreek.<sup>69)</sup> Hoë belastings, daling in geldwaardes en hoë pryse van kommoditeite sou die verhoudings tussen werkgewer en werknemer, tussen heer en horige nie alleen versteur nie, maar ook gaandeweg versleg. Terselfdertyd sou egter ook die pouse in hulle geldelike sake enig-sins beklemd voel, en het die finansiële beleid en korrupte metodes, onder andere van Johannes XXII, die morele aansien van die pouslike gesag ernstig laat daal. Dit sou egter bloot die nasionale monarg bevoordeel as sy onderdane gebuk gaan

66) Vgl. die aanvalle op Jode in Mainz en ander Duitse stede deur Roomse fanatici. Verder die plesierlus naas die religieuse eksesse.

67) Vgl. Boeren P.C., Ontbindende Factoren in de Cultuur der Late Middeleeuwen, Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 60.

68) Frankryk pen lone vas op  $\frac{1}{3}$  van die vroeëre. In Engeland word die ou lone gehandhaaf en die trek van arbeiders verbied, vgl. Fisher H.A.L., a.w., bls. 320 e.v.

69) As die state generaal in 1439 'n dekreet promulgeer waardeur dit die verantwoordelikheid vir die staande mag aanvaar, kry die kroon kontrole van nasionale mag en nasionale inkomste - Hassal a.w., bls. 110.



onder onpopulêre pouslike jaargelde!<sup>70)</sup> Immers die absolutisme as kenmerk van die owerheidstaak kom veral duidelik na vore in die finansiële nood van die vorste, maar is ook juis daardeur uiteindelik getemper, soos in Engeland en elders.<sup>71)</sup>

Die opkoms van die Italiaanse despote gaan gepaard met die tydperk van handelsupremasie van die stede van Italië, waar die noodsaaklikheid van bemiddeling tussen botsende ekonomiese belange groepe, sterk figure nodig het.<sup>72)</sup> Veral moet 'n vrye hand gelaat word aan die handelaar en val die verdedigings- en regstaak op die skouers van die aristokratiese klas. Hier ontspring 'n leke-beskawing, aristokraties getint, in teenstelling met die kerklike-kultuur. Vanweë ekonomiese onafhanklikheid word alle geestelike gesag uitgedaag en veral word die renteverbod verontagsaam. Hierteenoor sou enkele kragtige pouse bloot deur imperialistiese metodes aan Rome dieselfde wêreldlike aansien as Florence, Venisië en Genua gee.<sup>73)</sup> Maar ook sou die volslae verwêreldliking van die kerk tred hou as die gewone volk in heidense bygeloof verval, en die hoëre stande in ongelowige rigting

70) "It remains true that the age was marked by the decay and gradual disappearance of the political and social forces which were characteristic of the middle ages." Hassal, a.w., bls.85.

71) Trouens reeds die oorlog van die Rose sou die Britse monargie versterk as die Britse adel in hulle onderlinge twiste 'n sterk monarg bevorder, Hassal, a.w., bls.13, maar juis sy finansiële nood sou die Britse vors op demokratiese regering laat terugval. Vgl. Bill of Rights (1689).

72) Hassal, a.w., bls.64-5. "In the place of the feudal system and vicarious justice a well-organized government and national courts of law were demanded."

73) Immers Sixtus IV (1471-1484) en Alexander VI sou kragtig meedoen, vgl. Von Ranke L. Die Geschichte der R. Päpste, Verlag Agrippina, Köln, 1955, bls.32-3. Leo X sou in sy ywer om te kompeteer met die bouwerke van die wêreldse despote, die ontsettende koste van die St. Petrus kerk op die wêreld afdwing -- alles in die gees van die Renaissance tradisie: "Man ging," sê Von Ranke, "zum Vatikan, weniger um bei den Schwellen der Apostel anzubeten als um in des Papstes Hause die grossen werke der Antiken Kunst, den belvederischen Apollo, den Laokoon zu bewunderen," a.w., bls.33. Vgl. Smeenk, a.w., bls.72. Immers "pousdom en monnikwesen stonden in de late middel-eeuwen voor een geestelijk-zedelijk bankroet," sê Smeenk, a.w., bls.69.

keers.<sup>74)</sup> Daarom sou die staat in hierdie era telkens opgeroep word om die kerk te suiwer — 'n gedagte wat meermale in die 15de eeu opduik.<sup>75)</sup>

As die politieke raamwerk van die middeleeue induie stort, is dit veral die stam van die laat -Romeinse ryk, — 'n morele grootheid eerder as 'n staat, waarin die keiser die kollektiewe siel van die oekumenie verteenwoordig, — waarop die middeleeuse Christendom as't ware geënt was, — maar waarin die pous posisie ruil met die keiser.<sup>76)</sup>

Voortaan word die politieke toneel egter oorheers deur nasionale state, waarvan die vorste in hulle absolutisme naas filosofiese regverdiging, ook nog gesterk word deur die gebrekkigheid van hulle nasionale hulpbronne, die morele en intellektuele agterstand van die burgermassas en die onontwikkelde materiële bronne.<sup>77)</sup> Die kroniese bankrotskap van die nasionale vors, miskien die beste geïllustreer deur Karel V is veral van laasgenoemde 'n treffende voorbeeld. Die staatkunde is nog onvolwasse, die politieke ekonomie skaars orent, en die enigste denkbare bron van nasionale rykdom is die winste van imperialistiese oorloë. Gedryf deur finansiële nood na binne en imperialistiese aanslae van buite, sou die nasionale monarg allesins 'n owerheidstaak aanvaar in antipiese sin. Welliswaar is hiervoor eers nodig die volledige

74) Vgl. Von Ranke L., a.w., 28-9. Selfs Erasmus was verbaas oor die godslastering wat hy in Rome aanhoor, as selfs met 'n beroep op Plinius getrag word om hom te oortuig dat daar tussen die siel van die mens en dier geen onderskeid is nie. Dit was hierdie dinge wat stellig ook vir Luther sou skok. — Vgl. ook Von Ranke L., a.w., bls. 34-5.

75) Vgl. Savonarolla, (1452-1498), ook Wycliff en Huss wat die pous as anti-christ sien, Boeren P.C., Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 67.

76) Vgl. Hobbes se opmerking t.o.v. middeleeuse pous "The ghost of the Roman Empire sitting on the grave thereof."

77) Vgl. hier veral die reeds aangeduide werk van Phillip Augustus, Lodewyk VIII, Lodewyk IX en Karel VII. Onder hulle ferme optrede triumfeer die nasionale monarg oor disintegreerende neigings. So word die posisie van die vors geleidelik verstewig en sou die revolusie (1789) eers daaraan wysiging bring. Vgl. Hassal, a.w., bls. 64, 84, 103.

aanvaarding van die tipiese owerheidstaak, soos bewys word in die geleidelike primaat van die vorstelike- teenoor pouslike- en keiserlike regspraak.

Immers die nasionale monarg het die historiese taak om die verbrokkelde regsgebied tot eenheid saam te snoer en om te skep in 'n nasionale regsgebied, naas die nasionale bedryfslewe, nasionale ekonomie en weldra nasionale kerk.<sup>78)</sup> Kortom die nasionale monarg moet in sy tipiese taak te staan kom voor die probleem van "kleine belangen" van vrye here, gilde, dorpe, en stede, wat saamgevat en gestu moet word in die rigting van die breëre nasionale belang. Waar die burgermassas nog geen deelname aan die landsbestuur het nie, is personeel vir die administrasie onontbeerlik; vandaar universiteit stigting deur die nasionale vors om in die behoefte te voorsien.<sup>79)</sup> Die heersende imperialisme sou egter ook die probleem van tussenstaatlike verhoudinge na vore dwing. Waar die buurstate potensiële vyande is — vanweë hulle enersduidende strewe — moet teenoor hulle mannekrag en kapitaal gebolwerk word. Derhalwe tree die nasionale owerheid op in alle terreine van die nasionale bedryfslewe — fabriekswese, grondstofvoorsiening, handelsverkeer, vervoer en betaalmiddele.<sup>80)</sup> Daar is één doel geken en erken — die mag en invloed van die staat, met 'n handelsbalans in die eie guns. Hier dus 'n nasionale ekonomiese beleid, ook bekend as merkantilisme.<sup>81)</sup> Veral waar die gildewese krag verloor het, is 'n nuwe organisasie nodig om leiding te gee in die bedryfslewe. Dit is onder historiese toestande gevind in die staatsowerheid, wat

78) Vgl. hier ook Polak S., Beknopte Geschiedenis der Staatshuishoudkunde in Theorie en Praktijk, Wêreldbiblioteek, Groningen, 2de Druk, 1919, bls.151. Vgl. Boeren P.C., Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls.118, vir losmaking van

79) Imperium en Monargie as belangrike bydrae van die Renaissance op politieke gebied. Vgl. Wene 1365 en Heidelberg 1385 gestig deur die Hertog van Costenryk en die Paltsgraaf onderskeidelik.

80) Polak S., a.w., bls.155-6. Vgl. die opkoms van 'n regeringsbeskermede industrie in die sy-bedryf te Lyons in laaste helfte van XVde eeu.

81) Vgl. Polak S., a.w., bls.155.

alles moes reël en doen omdat "de maatschappelijke krachten zelf nog niet voldoende geschoold waren om zelfstandig die taak aan te vatten."<sup>82)</sup> Waar die owerheid nou ook die taak aanvaar om 'n afsetgebied vir die staatsondersteunde fabriëke en nywerhede te vind, sou weldra kolonisasie, verowering en beskerming teen buitelandse konkurrensie as nasionale beleid gevolg word. Daaruit vloei die merkantilisme as 'n samestel van praktiese voorskrifte, om die middel te verskaf waardeur die nasionale monargie magtig en groot sou word.<sup>83)</sup> Waar vanaf die 4de tot 14de eeu haas geen kolonisasie plaasvind nie, sou ons nou egter 'n meer kritiese houding vind wat nie langer berus in bestaande toestande nie, maar vooruitgang en verbetering beoog.<sup>84)</sup> Veral Engeland, Frankryk en Spanje illustreer hierdie nuwe lewenshouding.<sup>85)</sup> Die nasionale monargie het welliswaar in absolutisme verval, maar daarmee andermaal die krag van die monargie as hefboom vir beskawingsontwikkeling bevestig.<sup>86)</sup>

Immers die kreet van bien public -- so populêr sedert die dae van Karel V (1365-1380), -- as staatkundige doel geformuleer onder inspirasie van Thomas Aquino se bonnum commune en Aristoteles se bonne police,<sup>87)</sup> sou die owerheidstaak bepaal. Daardeur sou die politieke beginsel van algemene welsyn as sentraliserende en integrerende faktor die nie-tipiese owerheidstaak oorheers, en juis daarmee word in beginsel reeds 'n geleide ekonomie aanvaar.<sup>88)</sup> Hiertoë was bowendien nodig dat die nasionale vors sig ontworstel aan die knelgreep van die bankiers se internasionale genootskappe, wat aanvanklik die

82) Polak S., a.w., bls.159. Vgl. Pelgrimstocht der Mensheid, bls.283, vir afname van invloed van die Hansa in 15de eeu. Hy wys daarop dat enersyds die steun van 'n magtige staat ontbeer word, naas verminderde lewenskrag en die engelse beleid t.o.v. 'n nasionale vloot (1437-1441).

83) Vgl. Polak S., a.w., bls.159.

84) Immers die kruistogte misluk omdat die owerhede nie belangstel in kolonisasie van verowerde gebied nie. Hyma A., a.w., bls.203.

85) Hyma, A.a.w., bls.209.

86) Vgl. L.J. du Plessis, a.w., t.o.v. die antieke monargie en beskawingsontwikkeling.

87) Boeren P.C., Ontbindende Factoren in de Cultuur der Late Middeleeuwen, Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls.60.

88) Boeren P.C., a.w., in Vol. III, bls.60.

nasionale monarg wel finansieer het, maar geleidelik mag-  
posisies verwerf het, wat geheel in stryd was met die een-  
heidstrewe op nasionale territorium.<sup>89)</sup>

Onder die invloed van die toenemende handelsverkeer en  
verbreiding van geleerdheid ontwikkel egter geleidelik 'n  
mondiger burgertipe, wat binne die geledere van hulle onder-  
skeie stande, konstitusionele toegewings afgedwing en dit soms  
tenspyte van absolutisme, gehandhaaf het. Tegelykertyd het  
ons egter ook te doen met 'n burgertipe wat die Christelike  
religie tot 'n hoë mate afgesweer het.<sup>90)</sup> In Duitsland sou  
die humanisme egter 'n meer bybelserigting inslaan en daar-  
mee ook 'n diepere teologiese belangstelling in die rigting  
van 'n innerlik-beleefde Godsdiens.<sup>91)</sup> Daarteenoor het die  
wetenskaplike ontwikkeling egter vir die derde stand 'n era  
van ontvoogding ingelui, waaraan die gedeformeerde kerk geen  
geestelike rigting kon verskaf nie. Onder hierdie religieuse  
motiefwisseling is dit derhalwe geen wonder dat die inhoud  
van die owerheidstaak formeel en materieel belas word met  
die persoonlike glorie van die owerheidspersoon, onder die  
kreet bien public nie.<sup>92)</sup> Daarby word dit nog van groter

89) Vgl. die invloed van Fugger van Augsburg, en Strozzi  
van Florence. Dié greep kon die Roomse kerk nie afskud  
nie, waar die bankiers nog in die 16de eeu die aflaat-  
predikers agtervolg! Vgl. Boeren P.C., Cult. Gesch. der  
Chr., Vol.III, bls.59. Vgl. Polak S., a.w., bls.155.  
„Tetzels aflaathandel, had mede ten doel om een schuld  
van de pous aan Fugger af te lossen,” sê Smeenk C., a.w.,  
bls.98.

90) „De beschaving, waarin men roemde, droeg het heidendom  
in het hart” — sê Smeenk C., De Ontwikkeling der Maat-  
schappy, bls.73, Vgl. Von Ranke L., a.w., bls.35, „Am  
Hofe sprach man von den Satzungen der katholischen  
Kirche, von den Stellen der Heiligen Schrift nur noch  
scherzhaft, die Geheimnisse des Glaubens würden  
verachtet.” (Ons kursiveer).

91) Vgl. Smeenk C., a.w., bls.72. Hy wys egter daarop dat die  
„heilige vuur” ontbreek, en dat Erasmus o.a. nie alle  
geloofswaarhede aanvaar nie, en daardeur eerder sterker  
in die negatiewe as in die teitiese staan.

92) Vgl. die werke van die despote in belang van kuns, wat  
inderdaad bedoel was om hulleself in die kunswerke van  
ander van onsterflike roem te verseker. Fisher, H.A.L.  
a.w., bls.448-9 „the days of anonymous architecture, of  
Gothic Cathedrals” built by generation after generation of  
nameless craftsmen were past. The architect of the Re-  
naissance... expected within his own lifetime to reap a  
harvest of fame from his completed work.” Dit alles is wel  
te verstaan in die religieuse wortel van die moderne huma-  
nistiese persoonlikheidsideaal.

omvang en trefkrag voorsien as ons onthou dat diegene wat die owerheidsamp beklee 'n ongekende aanpassingsvermoë, durf en avontuurlus openbaar, sodat hulle optrede minder klassiek en meer waagsaam is. Dink hier veral aan Caesar Borgi as uitstaande persoon. Vandaar die losmaking ook van die ekonomie uit sy tradisionele verbinding met die Christelike geloof en sy geleidelike verheffing tot outonomie en eiewetlikheid.<sup>93)</sup>

Waar die rente verbod nog in die 13de eeu met die toenemende staatsbemoeling streng gehandhaaf word (in die guns van die vors!) word dit nou steeds meer ontduik en onhoudbaar gemaak.<sup>94)</sup>

Opsommend kan ons vasstel dat ons by die Renaissance wel gevorder het tot 'n juridiese grondslag van die owerheids-taak, maar dan in absolute sin. Rede hiervoor was dan die verbrokkeling van die natuur-genade sintese, waarna die moderne gees op natuurgrondslag, met uitsluiting van die genade idee, sou voortwoeker. Waar die denke dan nou weer in beginsel gepaganiseer is, is die natuur ook nie meer opgeneem as onpersoonlike rede-stelsel nie. Immers die natuuridee is reeds verpersoonlik, sodat die moderne natuurgrondslag in die menslike rede en persoonlikheid sy beslag kry.<sup>95)</sup> Die probleem sal nou weldra wees om uit die natuurlike toestand van vrye individue die bestaan van die soewereine owerheidsgesag, en daarmee die owerheidstaak te regverdig. Waar selfs Christen geleerdes na 'n binding van die bron van positiewe reg aan die natuurlike vryheidsreg van die burgers soek en struikel, is dit illustrasie daarvan dat ook hulle intellektueel verheidens het.<sup>96)</sup> Die humanistiese denke sou inderdaad vanaf die 16de eeu beheers word deur hierdie probleem in sy polarisasie -- owerheidsoewereiniteit in die antiek-monargale lyn

93) Dat ook die verheffing van die ekonomiese tot die Renaissance teruggevoer word beweer Tawney en Henri Pirenne.- De Middeleeuwen, vertaling J.A. Meiyers, 1948. Vgl. Boeren P.C., a.w., Vol. III, bls. 58.

94) Vgl. Smaenk C., De Ontwikkeling der Maatschappy, bls. 73.

95) Vgl. du Plessis L.J., a.w., bls. 43. Vgl. W. de W., Vol. I, bls. 154  
"Het humanistisch persoonlijkheidsideaal is de saecularisatie der Christelijke vryheidsgedachte."

96) Vgl. hier L.J. du Plessis, a.w., bls. 45.

oor Machiavelli en Bodin na Hobbes; en burger-soewereiniteit in die klassiek-politargiese lyn oor Marsillius van Padua en Nicolaas van Cusa na Locke. Trouens die Renaissance lewer aan ons 'n owerheidstaak beheers deur die bittere noodsaak van die magstrewe waarin geregtigheid, ook in tussenstaatlike verhoudinge, fantasie en illusie word — homo homini lupus.<sup>97)</sup> Daarmee is elke owerheidsdaad geregverdig vir staatsbehoud, waarin die owerheidspersoon self onder sy eie hartstogte gebind is in naturalisties-deterministiese sin — 'n owerheidstaak slegs begrens deur die hartstogte van 'n sondige mens! Waar ons die langgerekte stryd teen absolutisme van keiser en pous egter ook gevolg het vanaf die konserwatiewe liberalisme van Gerson, sal ons dit nou sien kulmineer in die openlike verset van Luther teen die absolute pous. Juis in die ontwikkeling van dié verset het ons steeds die voortsetting van die regstaatsgedagte deur die konsiliêre-beweging, met sy verteenwoordigende beginsel, soos geken in die middeleeue, vasgehou, want "the notion of an absolute king was not mediaeval, but grew up during the period of the decline of the political civilization of the middle ages."<sup>98)</sup> As die koninlike absolutisme verder uitdrukking vind in die sakrale en charismatiese koningskap,<sup>99)</sup> is dit andermaal bewys daarvan dat die intieme verbinding tussen kerk en algemene Christenheid, die kerk gedenatureer het tot 'n afspieëling van die

97) Huizinga, Versamelde Werke, bls.299. Vgl. Boeren P.C. Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls.118.--Hy poneer as bydrae van die Renaissance op politieke gebied die ontkenning dat "de top der maatschappelijke en politieke hiërarchie ten opzichte van de lagere rangen gebonden zou zijn door de normen der moraal."

98) Carlyle, a.w., Vol.V, bls.457. Die verval is duidelik te bespeur as die Parlement van Parys in 1527 verklaar dat die koning bo die wet staan. Michel L'Hopital, kanselier van Frankryk (1560-1573), sou dit handhaaf en sê dat indien die koning onder die wet staan, dit bloot vrywilliglik is. Vgl. Carlyle, a.w., Vol.VI, bls.417. Bodin se de Republica (1576) is dan in aansluiting by die praktyk van die era.

99) 'n Verskynsel sedert die 12de eeu duidelik merkbaar in Engeland en Frankryk. Egter nie terug te voer na die Karolingers en die salwing van Clovis I nie. Vgl. Boeren P.C., a.w., in Vol.III, bls.48. Hier het die Judaïsme egter 'n belangrike bydrae gelewer.

maatskappy, veral waar die nasionale monarg nou wydingsmagte van die kerk opeis en so die investituurstryd, wat nog eintlik op die sakelike bestuurnag en kerklike eiendom toegespits was, in die skadu stel.<sup>100)</sup> Daarmee is die implikasies vir die owerheidstaak dusdanig verheerlik, dat die lyn in ongebondenheid sou voortstippel, en sou selfs die humanisme eers bewus daarvan word as die gewaande vryheid bowendien opgeoffer word aan die natuurwetenskaplike metode, in die lig waarvan Hobbes die persoonlikheidsoewereiniteit uiteindelik resloos sou laat versink in die vaarwaters van sy Leviathan<sup>101)</sup> en die owerheidstaak aldus gereduseer hou tot staatsraison!

---

100) Vgl. Boeren P.C., a.w., bls. 49, soos aangehaal uit Schramm P.E., "der König von Frankreich, Das Wesen der Monarchie, von 9. zum 16. Jahrhundert, 2de Druk, Weimar, 1931.

101) Hobbes, Leviathan, Everyman's Library, bls. 2.



HOOFSTUK III.

DIE OWERHEIDSTAAK — ONTWORSTELING

AAN DIE ABSOLUTISME.

AFDELING I.

DIE REFORMASIE.

A. INLEIDING.

Toe ons aan die einde van ons vorige hoofstuk die Renaissance era afgesluit het, het ons die owerheidstaak gevange in die absolutistiese onbegrensdeheid en onbepaaldheid van die antiek-monargale tradisie — soos dit in die Renaissance en opkomende nasionale monargie opnuut herleef — as heersende gedagterigting en bruikbare staatsbeleid in staatsraison sien kristalliseer. Enigermate kon ons welliswaar wys op die natuurregtelike begrensing op die positief-regtelike, onbeperkte bron van die reg, by Jean Bodin. Dit sou by Huig de Groot die formalisties-natuurregtelike grondslag van 'n kontrak van die individuele komponente aanneem en die owerheidstaak aldus reeds in beginsel rig op die weg van 'n juridiese staatsabsolutisme.<sup>1)</sup>

Waar die staatkunde en staatsinrigting, wat sedert die dae van Konstantyn opgekom het, na analogie van sy administratiewe genie, allesins in absoluut-monargale vorm gegiet is, sou hierdie tradisie in die loop van duisendjaar die politieke denke van Europa beklem. As Christenkeiser het hy die Christelike religie en kerk volgens die oosters-monargale

-----

1) Vgl. du Plessis L.J., a.w., bls.45. Duidelik het reeds alle soteriologiese elemente uit die owerheidstaak verdwyn.

praktyk, in absolute sin gebind aan die keisersamp.<sup>2)</sup> Hieruit het ontwikkel 'n tradisie van Bisantinisme wat deur die juriste van Frankryk, Spanje, Duitsland en Engeland ook in die regsverhoudinge van hulle onderskeie state ingedra is. Derhalwe is daar tenoëregte 'n Christelike staatkunde gesien in wat inderdaad die voortgesette beliggaming van die antiek-oosterse monargie is.<sup>3)</sup> 'n Verwarring wat tot op die huidige die humanistiese visie op die Christelike gesagsleer geheel en al benewel.

Die reaksie teen die absolute monargie het ons ook reeds in die konsiliëre beweging en die volksoewereiniteitsgedagte, — in die klassiek-politargiese lyn — sien uitbrand teen die beslag wat die antiek-monargale tradisie op die praktyk en denke gelê het in die bestek van 'n gehele millenium. Welliswaar sou die Renaissance hierdie vonkies lewend hou as die staatsregtelike beginsels van Griek en Romein andermaal bekend word, maar die eerste radikaal opponerende beginsel teen die absoluut-monargale tradisie, sou deur die hervorming, en byname die Calvinisme, gekonsipieer word.<sup>4)</sup> Daarmee is die vereenselwiging van die Christelike staatkunde met die caesaro-

- 
- 2) Vir ontwikkeling van die gedagtegang by Konstantyn sien verder Berkhof H., De Kerk en de Keizer, bls.8 e.v. Sien ook Murray, R.H.; The Political Consequences of the Reformation, E. Benn, Ltd., London, 1926, bls.50 e.v. Sien ook Kuyper A., Locus de Magistratu, bls.340. Waar Konstantyn as Christen die bestaande regstelsel as ontoepasbaar beskou op die veranderde religieuse koers van die maatskappy, kry ons 'n mengvorm waarin hy naas Romeinse reg in sy eie wetgewing, ook historiese verhoudinge uit die Christelike religie oorneem, gesien die posisie waarin die Christelike kerk nou geplaas is binne die staat. Vgl. ook verder Berkhof H., bls.159-160.
  - 3) Vgl. Kuyper A., Locus, bls.340 en Berkhof H., 159-160. Vgl. veral Eusebius en Konstantyn se beskouinge. Vir Eusebius staan die doel van die staat, sowel as die staat self van te vore vas, en dien die Christelike kerk om die staat tot sy doel te bring. Vir Konstantyn dien die kerk bloot die staatsplan.
  - 4) Du Plessis L.J., a.w., bls.40-41 wys daarop dat die konsiliëre beweging tevergeefs uit die geïndividualiseerde massa, deur vrywillige wilsvereniging in die stelsel van verteenwoordiging, 'n saambindende, gesagsverband, probeer herstel. Die Christelike gewete beef tussen die pole van die Goddelike heiligheidswet en die aardse en keiserlike gesagsmeganisme.

papisme in die wortel afgesny, as Genève die middelpunt word vanwaar Christelik-reformatories die staatsabsolutisme aangedurf word.

Aan die begin van die 16de eeu heers welliswaar Machiavelli se filosofie, waarvolgens die sukses of mislukking van die politiek hoofsaaklik afhanklik gestel word van die bekwaamheid van die staatsowerheid.<sup>5)</sup> Dit sou in die lig van die heersende verheffing van die mens, volgens die materiële eerder as geestelike maatstaf, daartoe lei dat morele en religieuse, naas ekonomiese en politieke faktore gesien word as soveel magte wat deur die skerpsinnige owerheidspersoon ten voordele van die staat aangewend of selfs geskep kan word. Daarmee is die normatiewe — sowel as die oorsaaklikheidsorde omgekeer.<sup>6)</sup> Nogtans sou die volkome sekularisering van die owerheidstaak eers twee eeue later 'n gemeenskaplike kenmerk van die humanistiese denke en praktyk word, want die hervorming het voortaan beslag op die geeste gelê<sup>7)</sup> en Lutheraan, Anglikaan en Katoliek sou nog almal put uit dieselfde erfenis en ervaring waarop die Bisantynse tradisie sy onmiskenbare stempel afgedruk het.<sup>8)</sup> As religieuse verskille binne die staat die aandag van die owerheid eis, word die probleme van die verhouding tussen kerk en staat, waarmee die middeleeue belas was, op die reformatoriese-era geprojekteer en in drakrag selfs geintensifiseer. As godsdienstige eenheid bowendien van die owerheidsoptrede afhanklik gestel word — as voorvereiste vir openbare orde — is ons nog steeds in die vaarwaters

5) Vgl. Murray R.H., a.w., bls.7 en 17. "Truth is that Machiavellianism was already old when Machiavelli invented it," want sukses was lank reeds in praktyk die maatstaf vir staatsmanskap.

6) Sabine G.H., A History of Pol. Theory, bls.302. Vgl. Murray R.H., a.w., bls.6-7. In Italië is byvoorbeeld talle illustrasies van die geraffineerde geweld van die despoot, wat in sy individualisme tog meer middeleeus is vanweë sy felle onbeheerste instinkte, en sy verstand slegs gebruik tot listige selfverheffing en selfverryking. Vgl. Enno van Gelder H.A., Renaissance, Reformatie en Contra-Reformatie, in De Pelgrimstocht, bls.295.

7) Sabine, G.H., a.w., bls.304.

8) Sabine, G.H., a.w., bls.305.

van die monargale tradisie van Konstantyn. Trouens die vraagstuk van godsdienstige toleransie, skynbaar opgedoek in cujus regio, ejus religio, herinner aan die godsdienstige eenheid wat Konstantyn in staatsregtelike sin begeer het.

Die probleme sou egter, in weerwil van Machiavelli en die syne, illustreer dat die staatkunde en religie in intieme relasie staan en die wetenskaplik-staatkundige denke, ook van die humanisme, sou daarvan getuig dat religieuse verskille en selfs teologiese dogma, drakrag het op sowel die teoretiese as die praktiese gang van die owerheidstaak.<sup>9)</sup> Bevry van die eenheidsentrum in die Romeinse kerkstaatidee, word die owerheid van die nasionale staat voortaan belas met die bewaring van die geloof, selfs ten opsigte van die suiwer dogmatiese.<sup>10)</sup> Waar — soos in Duitsland — die vorste self aan die spits van die hervorming staan, sou die opkoms van vrye denkbeelde ten opsigte van die owerheidstaak in godsdienstige sake nie ontwikkel nie. Trouens, bevryding vanuit die kerkers van die oosters-monargale dogma, sou slegs moontlik wees in radikale motief-wisseling — 'n volslae en volgehoue breuk met die klassieke heidendom. Daarom sou weldra vanuit Genève hierdie oorwinningsmars begin, wat in die Hugenote, Holland en Amerika historiese voorbeelde sou bolwerk.<sup>11)</sup> Juis hierdie heraanvaarding van die Christelike grondmotief, wat voortaan ten grondslag van die suiwer reformatoriese denke sou lê, is radikaal teenstrydig met die absolutistiese beslag van die Bisantynse tradisie, en dan veral ten opsigte van die owerheidstaak in die godsdienstige lewe van die burgers. Daarom sal ons hierdie teenstelling nader moet beskou.

9) Murray R.H., a.w., bls.21 e.v., wys veral daarop dat Machiavelli in dié verband ernstig gedwaal het.

10) Sabine G.H., a.w., bls.305.

11) Vgl. Kuyper A., Locus, bls.341. Ook Campbell, History of the Presbyterians in Holland, England and America, soos aangehaal Kuyper A., t.a.p.

B. DIE REFORMASIE.

I. Religieuse stellingname :

Die sigbare kerk het in die bestek van duisendjaar in 'n regeringsvorm gefossiliseer of minstens tot 'n hiërargie gedegenerer.<sup>12)</sup> Voor die lewenskragtige volke van die noorde en weste, staan Rome as 'n bloedlose, bevrore stelsel, wat die vrye denke verstik in hierdie organisatoriese stagnasie. Ingegrawe naas die burgerlike, as mede — of selfs kompeterende owerheid binne die ryksgebied, word daarmee praktiese beslag gegee aan die gangbare dualisme tussen die geestelike en natuurlike in die mens, wat so vernietigend op die middeleeuse lewe ingewerk het in die verlaging van die natuurlike lewe en die skeiding van religie en moraal.<sup>13)</sup> Hierdie dualisme — die dialektiese uitwasse van die middeleeuse sintese pogings — het ons egter reeds sien voortlewe ondanks die nominalisme se eenheidsaansprake. Ook die humanisme, wat reeds voorlopige gestalte in die Renaissance kry, slaag nie daarin om dié eenheidsaanspraak in die motief natuur-vryheid, te regverdig nie.<sup>14)</sup>

Die natuur-genade motief het die spanning tussen 'n Christelike en nie-Christelike terrein in sy boesem as konsekwensie geberg, wat die totale disintegrasie van die kerklike eenheidskultuur sou beteken, as die sekularisme die grense van die gebieds-polarisasie misken en die primaat en outonomie van die rede oor die ganse linie proklameer! As by hierdie

- 
- 12) Bryce J., *The Holy Roman Empire*, bls.373. Luther sou ook hierin die onderdrukking van die egte religieuse gevoel sien omdat naamlik in die hiërargiese ordening aan baie inherente heidene onderdak verskaf is. Vgl. ook Cook T. J., a.w., bls.315 en Murray R.H., a.w., bls.56. Huss plaas die hiërargie opsy vir die priesterskap van die gelowiges — 'n gedagte wat Luther weer sterk sou opneem.
- 13) Bryce J., a.w., bls.376. Trouens die skolastiek kan ook deur die humanisme tereg gesien word as die toppunt van konserwatisme, selfgenoegsaamheid en verwaterdheid — volkome steriel vir die geestelike lewe. Vgl. Enno van Gelder H.A., a.w., in *De Pelgrimstocht*, bls.294.
- 14) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.93. Eers in die 17de eeu sou Descartez (1595-1650) die humanisme vir die eerstemaal suiwer formuleer.

voorwaardes ook nog die moontlikheid van natuurwetenskaplike beheersing van die kosmos, gevoeg word, is die motief, vryheid deur natuurbeheersing beklemtoon en binne die kader van die eie innerlike dialektiek sou weldra die persoonlikheidsideaal oorskadu word.<sup>15)</sup> Teenoor hierdie deurgevoerde sekularisme, wat by sommige Renaissanciste reeds ateïsme is, was die pseudo-Christelikheid van die Thomisme magteloos. Eers as die reformatore weer die ware Christelike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing poneer, is die riglyne vir die deurgevoerde proklamering van die soewereiniteit van God op alle lewensterreine uitgestippel, en sou dit ondanks die felheid van <sup>die</sup> skolastiese, en nominalistiese en daarna die humanistiese sekularisasie, die leiding van die Westerse beskawing verower aan die begin van die 16de eeu. Daarmee is die grondslae gelê van die moderne Westerse beskawing, en as die Christelike religie in sy ware universele spankrag herstel is,<sup>16)</sup> sou dusdanige beslag op die Westerse mensheid gelê word, dat die humanisme vandag nog daarop parasiteer in die handhawing van demokratiese regstaatsvorme.

Die Christelike religie is vryheidsreligie, wat ook op staatkundige erf nie onbetuigd sou bly nie. Juis die swak gedifferensieerde middeleeuse samelewing, wat vanweë die oorheersing van die Grieks-heidense kultuurreligie en die Thomistiese sintese, nêrens sowel teoreties as prakties die moontlikheid tot verdere differensiasie gebied is nie, sou nou hierby baat. Die hervorming bring inderdaad die vrymaking van die bindinge van die kollektivistiese beslag van die middeleeuse samelewingsorde, omdat dit die weg open vir ware diens van God. Vrymaking tot gehoorsaamheid onder die tug van Sy Woord, sou die weg berei vir die bloei van die

-----  
15) Die humanisme het nietemin gemeen dat daarmee die eenheid tussen gees en stof verkry is. Vgl. Berkelbach v.d. Sprenkel, a.w., bls.299.

16) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.89.

volle lewe omdat die mens sig voortaan 'n geroepene voel.<sup>17)</sup>

As Calvyn die skeppingsbeginsel van soewereiniteit in eie kring poneer,<sup>18)</sup> waardeur die burgervryhede nuwe betekenis en beslag sou kry in so 'n gedifferensieerde/<sup>en</sup> gespesialiseerde samelewingsorde, waarin elke lewensvorm en lewensuitgang tot individualisering en gevolglike vryheid in eie bevoegdheid sou kom, het ons inderdaad nuwe horisonne vir die owerheidstaak geopen. Want vir Calvyn is die punt vanwaar die oorsprong, eenheid en samehang van die tydelike werklikheid beoordeel word slegs in die religieuse apriori te vinde, en derhalwe is suiwere kennis gebaseer op 'n suiwere Godskennis. Daarmee is die noodsaaklikheid ook gegee om sowel die verskeidenheid as die samehang van alle aspekte van die werklikheid in die tydsorde te verreken. Die na eie-aard geskiedenis van die dinge verbied die verabsoluttering van enige skeppingsgegewe. As elke lewensvorm volgens eie innerlike aard en lewenswet verreken word, in die lig van die eie gesags- en bevoegdheidsgrense, is die intrinsieke uniekheid van die owerheidstaak reeds by implikasie duidelik, omdat hier nou vir die eerste maal 'n beginsel van strukturele begrensing ingedra word, wat as baken en wegwysers kan geld in 'n beskawingsmondige samelewing. Dat hierdie beginsel van epogmakende en wêreldverbreide invloed sou wees, sal ons later voldoende aandui. Inderdaad het ons by die owerheidstaak in Israel, met die roeping van Abraham, gekonstateer dat ons voortaan sou moet reken met 'n wesenlike nuwe materiële inhoud, hoewel dit in sy formele uitdrukking konformeer met die van die omringende heidendom. Nou het ons te doen met 'n konsep-sie van die owerheidstaak waarvan sowel die inhoud as die

17) In heel de geschiedenis bestaat geen andere periode "waarin de vrije mens so volledig zijn energie voor het ene doel van de arbeid gegeven heeft" sê E. Fromm, De Angst voor de Vryheid, bls. 74. Vgl. Van Riessen, a.w., bls. 270.

18) Vgl. ook Venter E.A., a.w., bls. 87.

uitdrukking alle staatsabsolutisme in die wortel sou afsny, en 'n begrip van juridiese integrasie in 'n veelheid van regsbelange oproep, juis omdat dit 'n beskawingsmondige en kragtige burgery veronderstel, wat temidde van 'n veelheid van regsverhoudinge, vanweë hulle Christelike verantwoordelikheid, burgerlike solidariteit sal handhaaf. Daarom moet ons die Reformasie eerstens sien as 'n religieuse beweging, opgeroep deur die diepste behoeftes van die Christen op alle terreine van die lewe. Daarom is dit ook 'n intellektuele hervorming, deurdadig dat dié nuwe insig geopen is, dat wanneer die Heilige Skrif die bril word waardeur die werklikheid betrag word, elke wysgerige stelsel beheersend bepaal word deur die religieuse grondmotief wat op die hart van die denker beslag gelê het.<sup>19)</sup> Verder het die reformasie ook die samelewingsorde ingrypend geraak insoverre as die opkoms van 'n mondige burgery<sup>20)</sup> as draers van die Christelike religieuse grondmotief, die essensie van die beginsel van Christelike vryheid, in die ware en volle geestelike implikasies daarvan, beliggaam.<sup>21)</sup> Trouens die beskawingsmondige en verantwoordelike menslike persoonlikheid is tipies verteenwoordigend van die westerse volkere van wie die beskawingsontwikkeling onder leiding en besieling van die Christelike religieuse grondmotief staan.<sup>22)</sup>

-----  
19) Vgl. Ganshof F.L., De Middeleeuwen in a.w., bls.218 en Venter E.A., a.w., bls.86.

20) Die reformasie raak veral die burgery. "The great nobles would have nothing to do with the teachings of Calvin and Luther. The mass of the peasants cared not at all for independent religion. They clung to the strange, superstitious Gallic Catholicism. Only the burghers, merchants, lesser nobility, men who were struggling for independence, listened to the new teachings," sê Lawrence D.H., Movements in European History, Oxford U.Press, 1931, bls.233. Vgl. ook a.w., bls.253. Vgl. ook Hassal, a.w., bls.150.

21) Vgl. Bryce J., a.w., bls.373. "It was in its essence the assertion of the principle of individuality — that is to say of true spiritual freedom."

22) Vgl. Strauss H.J., Religieuse Koers en Burgervryheid, Geref. Vaandel, Junie 1954. Vgl. ook Venter E.A., a.w., bls.90.



Juis daarom sou die hervorming die gehele Europese samelewing beroer, omdat dit beslag lê op die gehele mens as onverbreekbare eenheid, in al sy lewensuitgange waarvan die hart die religieus-beheerde sentrum is. — Die individuele mens, en daarmee die owerheidspersoon, sou in sy taakvervulling steeds moet strewe na die eer van God. — Juis daarmee is die waardering van die owerheidstaak en die beoordeling van die gedane taak van hoër en verheerlikte aard.

Waar kerk en staat nog steeds intiem verbonde was in Bisantynse tradisie, sou ook die feit dat deur die hervorming juis die kerk as geweldigste skepping van die middeleeue, — in beginsel altans — in die sfeer van eie bevoegdheid teruggedwing word, die gestagneerde samelewing in sy fundamente skud. Waar die Roomse kerk nou onherstelbaar sy aanspraak op katolisiteit verloor het, sou die ontwikkelingsgang van die religieuse stryd in die onderskeie lande, egter beslissend wees tenopsigte van die verhouding van die nasionale owerheid en die nasionale kerk, waarvan die grensgebiede nou saamval. Die heersende gedagtegang ten opsigte van die owerheidstaak in die versekering van dogmatiese eenheid, soos in teorie erken in die verhouding ook van die Roomse kerk en die Romeinse Imperium in 'n rykskerk, word nou toegepas op die nasionale staat en die nasionale kerk, soos dit trouens in die Augsburgsevrede (1555) as praktiese staatspolitiek in die beginsel van cujus regio ejus religio beliggaam is.<sup>23)</sup> Daarmee is die antiek-monargale lyn andermaal opgeneem waarteen sowel die Calviniste as die Rooms-katolieke, elk uit eie motief, die stryd sou opneem. Juis die aanvaarding van hierdie praktyk moet ons vooraf by Luther verreken vanweë die invloed daarvan op die owerheidstaak.

-----  
23) Vgl. Bryce J., a.w., bls. 380-1.

B.II. Martin Luther :

Ondanks die feit dat Luther se politieke denkbeelde die indruk skep van praktiese ervaring en noodsaak van die moment, eerder as deurdagte en prinsipiële verantwoordde formuleringe, het die hoofmomente tog duidelik na vore gekom, veral as ont-hou word dat sy doel hoofsaaklik kerkhervorming was,<sup>24)</sup> en dat hy 'n leier teen Rome en nie vir 'n nuwe orde was nie. Hy het inderdaad die konflik waarin die Christen sig bevind in die spanning tussen die Goddelike heiligheidswet en die pouslike en keiserlike gesagsmeganisme, intens belewe.<sup>25)</sup> Juis omdat hy nog allesins gevange bly in die dualisme van natuur en genade, kon hy hier geen bevredigende oplossing vind nie.<sup>26)</sup> Want die sondige natuur van die mens moet aan eie ordeninge oorgelaat word,<sup>27)</sup> sodat die verlossende geloofserkenten- is, dat die heiligheidswet deur Christus vervul is en dat die geregtigheid daarvan in Hom uit vrye genade geskenk is — sonder menslike gesagsbemiddeling — tot sy reg kan kom. So is elke gelowige dan vry om die Christelike naasteliefde te beoefen, vry van owerheidsdwang.<sup>28)</sup> Hierdie liefdes-geregtigheid het dan ook spankrag oor die hele lewe van die Christen in elke natuurlike lewensvorm en nie net in die geestelike sfeer van die kerk nie.<sup>29)</sup> Uit hierdie beginsel kan egter geen gesags-

-----

24) Vgl. Murray R.H., a.w., bls.43 en Hyma A., a.w., bls.227.

25) Du Plessis L.J., a.w., bls.41. Vgl. verder Luther se "Von Weltlicher Obrigkeit" in Hyma A., Renaissance to Reformation, Eerdmans, Michigan, 1951., bls.314.

26) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.121.

27) Vgl. sy gedagtegang in Von Weltlicher Obrigkeit waar hy duidelik die skepping van twee owerhede, regeringsvorme po- neer — 'n geestelike en tydelike — die massa bly steeds buite die Christelike gemeenskap, en het behoefte aan or- dening tot vrede en orde. Vgl. Hyma A., Ren. to Ref., bls. 314. Sien ook bls.316. "For although the temporal power needs this law for ruling the unbelievers, and may use it, nevertheless you shall not seek to take advantage of it, for you have the kingdom of heaven, and therefore you must leave the earth to those who wish to take it." (Ons kursiveer).

28) Sien du Plessis L.J., a.w., bls.41. Vgl. ook Mekkes J.P.A., a.w., bls.121.

29) Trouens Mekkes wys daarop dat die kerkbegrip suiwer gees- telik is, en dat die uiterlike organisasie en kerkreg selfs vir die kerk uiterlik en daarom aangeleentheid is waar 'n onverskillige houding niks sal afdoen nie, a.w., bls.122.

organisasie bestaansreg verkry nie. So 'n toestand sou bepaald chaos op aarde beteken, waarteen Luther genoegsaam gewaarsku is in die optrede van die Anabaptiste, en daarom beskou hy so 'n organisasie as noodsaaklik en Godgewild.<sup>30)</sup> So poneer hy in die lyn van Augustinus gesag as voorvereiste vir die oorwinning van die reg.<sup>31)</sup> Trouens God regeer ook oor die wêreldryk, en Hy laat Sy regiment daartoe nie los nie, maar oefen dit uit deur mense aan wie hy daartoe amp en stand verleen,<sup>32)</sup> en verder deur ordeninge wat Hy ingestel het om Sy skeppingswerk in hierdie gevalle wêreld te beveilig teen die mag van die bose.<sup>33)</sup> Die wêreldryk ken egter 'n ander geregtigheid, justitia civilis,<sup>34)</sup> wat tesame met dié deur God ingestelde ampte en ordeninge gegee is. In sy vereenselwiging van persoonlike moraal en ampsmoraal, sien hy dieselfde mens in tweërlei verhouding tot God staan — deur die evangelie geroepe tot geloof in sy regverdiging; deur amp en stand geroepe tot 'n taak in hierdie wêreld. Daarmee verval hy nie-temin resloos in die Thomistiese dualisme, as hy poneer dat van evangelisering of kerstening van hierdie wêreld geen sprake

30) Vgl. du Plessis L.J., a.w., bls.41. Die staat het dus bloot betekenis vir die sondetoestand, en word beheers deur wêreldse ordeninge. Vgl. ook Mekkes J.P.A., a.w., bls.121, en Hyma A., Ren. to Ref., bls.314.

31) Daarom bestry hy die Boereopstand en sanksioneer hy selfs staatsoptrede teen Anabaptisme. Vgl. sy Von Weltlicher Obrigkeit, Hyma A., Ren. to Ref., bls.313-4 en Ermanunge zum Friede, in Hyma A., a.w., bls.323 e.v.

32) Luther poneer — veral teen die sekularisasie van Aegidius van Colonna, wat die bybel nêrens verreken nie, maar terugval op Aristoteles, Homeros, Cicero en Plato — die Goddelike sanksie op die wêreldlike mag. Vgl. Hyma A., Ren. to Ref., bls.330 e.v.

33) Kooiman W.J., Luther in Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls.302. Vgl. sy Von Weltlicher Obrigkeit, die tydelike mag word in sy diens gebruik „to bring the evil persons to trial and execution and to protect the good citizens“, Hyma, A., Ren. to Ref., bls.316.

34) Kooiman W.J., a.w., bls.302. Vgl. Hyma A., Ren. to Ref., bls. 317, Die twee soorte mense vereis twee soorte reg en regering, elke koninkryk het sy eie wet. Hierdie mag van die tydelike regering het bloot betrekking op lewe en eiendom en die uiterlike dinge van die wêreld.

is nie, en selfs die kultuur nie gereinig hoef te word nie,<sup>35)</sup>  
omdat die liefdesbeginsel wel die owerheidspersoon kan deur-  
drenk, maar die staat as instituut daaraan vreemd bly.<sup>36)</sup>

Die driedeling kerk, staat, gesin of "Maatskappy" is vir  
hom wesenlik. Hy plaas dan die natuurlike ordeninge<sup>37)</sup> (huwelik,  
familie) naas outoriteitsordeninge (staat, reg, opvoeding) en  
heilsordening (kerk en gemeente). Dit is egter belangrik dat  
ons steeds onthou dat die drie Ersgewalten nie as afsonder-  
like gebiede met "Eigengesetzlichkeit" vir hom bestaan nie.<sup>37)</sup>

Tot die politieke orde behoort owerheid sowel as onderdaan  
en in die kerklike orde is die owerheidspersoon lid van die  
gemeente. In die funksie vervulling tussen outoriteits-  
ordening (staat) en heilsordening (kerk), dra die staatsower-  
heid die swaard.<sup>38)</sup> Hier onthou ons egter ook steeds dat

Luther vashou aan die idee van corpus christianum, daarom is  
die westerse mensheid en die Christenheid vir hom identies.<sup>39)</sup>

As logiese gevolg van hierdie visie ken hy geen ander ower-  
heid as die Christen owerheid en geen ander samelewing as die  
met 'n Christelike karakter nie. Waar by hom egter steeds  
die oortuiging bestaan dat God se Koninkryk nie die kerstening  
van die kerklike, sosiale of ekonomiese strukture beteken nie,<sup>40)</sup>

-----  
35) Dit is veral verbasend as ons onthou dat Luther ten volle  
bewus is van die heidense invloed van Aristoteles, en hom  
totaal verwerp en daarop aanspraak maak dat hy Aristoteles  
beter verstaan het as Thomas. Sien sy skrywe aan die  
Christelike adel. Vgl. Hyma A., Ren. to Ref., bls.331.

36) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.121. Vgl. Hyma A., Ren. to  
Ref., bls.334. "He believed that the sphere of religion  
was basically separate from temporal things — Each per-  
son was subject to two powers, the spiritual and the  
temporal."

37) Kooiman W.J., a.w., Vol.III, bls.305. Daarmee het Luther  
enigermate die universalisme oorwin, maar nietemin nie  
deurgedring tot die volle aanvaarding van die eie aard  
van die verskillende verbandstrukture nie. 'n Visie wat  
eers Calvin sou open.

38) "He exacts lay authority at the expense of the ecclesias-  
tical" sê Murray R.H., a.w., bls.63. Vgl. ook Hattersly,  
a.w., bls.108. Vgl. sy stelling in Von Weltlicher Obrig-  
keit gegrond op Ps.63. Immers die owerheid moet nie  
heerder i.p.v. laksman wil wees nie!

39) Kooiman W.J., a.w., in Vol.III, bls.308.

40) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.121. Kooiman W.J., a.w., Vol.  
III, bls.306, en Murray R.H., a.w., bls.68. Trouens die  
staat is 'n morele organisasie buite en apart van die kerk.

is hy voorstander van die behoud van bestaande vorme, en onderskei ons wel by hom naas ernstige pogings om daardie bestaande vorme met 'n nuwe gees te vul, ook 'n onmiskenbare begeerte na "Fortbildung des Überliefertem." <sup>41)</sup> Hierdie gedagtegang vind ons sprekend uitgedruk in sy opmerkings oor die stryd teen die Turke. Die geestelike wapens behoort aan die kerk en die swaard aan die owerheid, vir wie dit inderdaad gaan om die taak van die owerheid in die beskerming van land en volk. <sup>42)</sup> Sodoende behou Luther weldeeglik die gedagte van twee regerings, geestelik en wêreldlik — laasgenoemde juis as gevolg van die sonde. <sup>43)</sup>

Dat die owerheid die taak van ordening, leiding en tug het in die bereiking van die Godgestelde doel, in die beskerming teen kwaad en die versekering van bestaansmoontlikhede aan die goeie, is juis noodsaaklik vir die verskaffing van die nodige rus en ruimte vir die verkondiging van Gods Woord. <sup>44)</sup> Daarmee het Luther die staat of wêreldlike mag as insigsself beslote ordening, wat steeds buite die kritiek van die kerklike geleë is, nie prysgegee nie, <sup>45)</sup> maar beroep hy hom op die priesterskap van alle gelowiges — ook van die staatsowerhede. <sup>46)</sup>

Die bevryding van die staat van kerklike bemoeienis, sou egter weer lei tot die eiewetlikheid van elke kultuurgebied, sodat die weg berei word waardeur staatsraison van

41) Kooiman W.J., a.w., Vol.III, bls.306.

42) Die kerk het geen roeping om oorlog te voer of dit te propageer nie, maar het wel die taak om die keiser te vermaan om sy amp waar te neem as 'n goddelike mandaat. Vgl. sy Vom Krieg wider die Türcken, Hyma, Ren.to Ref., bls.330.

43) Carlyle, a.w., Vol.VI., bls.189-190. Vgl. Hyma, A., Ren.to Ref., bls.317 e.v. Vgl. ook bls.327 vir onderskeiding tussen koninkryk van God en koninkryke van die wêreld.

44) Kooiman, W.J., a.w., Vol.III, bls.318.

45) Dunning W.A., A Hist. of Pol. Theories, Mc.Millan Coy., New York, 1938, bls.7. Hy meen dat twee aspekte van Luther se politieke denke steeds onderskei kan word nl. absolute soort-skeiding tussen geestelike en wêreldlike belange en gesag en passiewe onderdanigheid aan politieke gesag.

46) 'n Gedagte wat ons by Ignatius en Polycarpus, Justinianus die Martelaar, Ireneus, Tertulianus, Origenes en Augustinus aantref. Ook Marsillius sou juis hiervan gebruik maak om leke gesag in die raad te regverdig, sowel as die verteenwoordigende beginsel. Vgl. Murray R.H., a.w., bls.52.

die etiese bande bevry is.<sup>47)</sup> Waar die lewenspraktyk Luther verplig het om die landsvors-kerkhoof te aanvaar, sou die owerheid sig wel begin bemoei met kerklike lewe en prediking.<sup>48)</sup> Dit sou die profetiese amp in die kerk verstik, soos stellig geblyk het in die gelykskakeling van die Duitse Christendom met die nasionaal-sosialisme en die vergoddeliking van die staat.<sup>49)</sup> Dat Luther self hierdie koers gewil het, is nie juis nie. Eerder het politieke verhoudinge in Duitsland 'n intieme verbinding tussen kerk en staatsowerheid begunstig,<sup>50)</sup> juis omdat dié praktyk reeds onder Renaissance ideale wortel-skiët en ons in alle Rooms-katolieke lande insgelyk staats-absolutisme aantref.<sup>51)</sup> Immers die Landesherrliche Kirchen-Regiment is 'n produk van die Bisantynse tradisie, waarvolgens die vors in noodgevalle as advocatus ecclesiae optree.<sup>52)</sup> Verder moet poneer word dat Melanchton die vader is van die idee van die landskerk, waardeur die Reformasie spoedig sou verstik in politieke verhoudinge waarmee die vorste die volk wil dwing om godsalig en eerbaar te lewe.<sup>53)</sup> Daardeur kry die vors deur

47) Kooiman W.J., a.w., Vol.III, bls.319.

48) Augsburg 1555 — Hier word in beginsel aan die staat die uiterlike reëling van die kerk opgedra, al is die staat self in die wortel wêrelds en onchristelik en daarby onkerstenbaar.

Dit was 'n ontwikkeling wat in stryd staan met sy stelling in Von Wêttlichen Obrigkeit. Vgl. Hyma A., Ren. to Ref., bls.317-8. Trouens God alleen regeer die siel van die mens. Psalm 7.

49) Kooiman W.J., a.w., Vol.III, bls.319.

50) Die Landesfürsten-kirchentum het inderdaad 'n belangrike faktor in die hervorming in Duitsland geword. Waar bisdom grense voorheen min of meer met landsgrense saamval, kan die vors nou gerieflik die kerklike bestuur in eie hande neem as kerkhoofde na die breuk met die pous. Vgl. sy skrywe aan die Christelike adel van Duitsland, waarvan ook Hyma A., Renaissance to Ref., bls.307-310 'n deeglike opsomming gee. Veral vanaf 1527 het Luther hierdie koers erken. Vgl. bls.329.

51) Kooiman W.J., a.w., bls.320. Vgl. Luther se skrywe aan die Elektor van Sakse, waarin hy Jan daarop wys dat Konstantyn teen die Ariane opgetree het by die Raad van Nicea Vgl. Hyma A., Ren., to Ref., bls.330.

52) Kooiman W.J., a.w., Vol.III, bls.321.

53) Melanchton slaan vroeg 'n rigting in wat Venter E.A., a.w., bls.9 'n protestantse-skolastiek noem, waarin die sintese-motief 'n meer protestants-teologiese karakter kry, maar waarin die reste van Thomistiese dualisme nooit finaal oorwin is nie, en wat selfs die gees van 'n Kuyper gevange gehou het. Dengerink J.D., a.w., bls.52.

die consistorie gesag in die kerk, sodat noodgeval, normale toestand word.<sup>54)</sup> Die caesaropapisme sleep daarmee die kerk in die politieke belange-stryd van die vorste, wat selfs tot in die 19de eeu sou voortleef. Dat Luther hulp by die vorste soek begryp ons,<sup>55)</sup> maar in ons tyd het die Lutherisme "niet met voldoende kracht stelling genomen tegen de bemoeiing der overheid met kerkelijke zaken."<sup>56)</sup> Die verhoudinge waaronder die Duitse Evangeliese kerk nog altyd geleef het, het selfs aan Hitler die geleentheid gebied om met die skyn van reg sig te bemoei met die kerk.<sup>57)</sup>

Dat die Lutherisme inderdaad die owerheidstaak in absolutisme gevange hou, beweer ook Figgis, as hy poneer "The reformation reinforced the doctrine of absolutism with the sanction of divine right."<sup>58)</sup> Waar Luther dan die volk emansipeer van die onderwerping aan die outoritare godsdiens van die Roomse kerk,<sup>59)</sup> versterk hy nietemin die wêreldlike vors, soos blyk uit die konfiskasie van klooster-eiendomme. As die universele kerk met landskerk vervang word, kry die vors 'n soewereine taak in die kerklike lewe.<sup>60)</sup> Vandag is nog

- 
- 54) Smeenk C., a.w., bls.78. Vgl. Dengerink J.D., a.w., bls. 52-3 vir die beginsel van cura ecclesiae — taak om beskerming aan die kerk te verleen. Uitvloeisel van majesteitsreg wat vors oor kerk uitoefen.
- 55) Sien die aanhef tot sy skrywe aan die Duitse Adel in 1520, in Hyma A., Ren. to Ref., bls.307. "The distress and misery that oppress all the Christian estates have led not only myself but everyone else to cry aloud and ask for help."
- 56) Smeenk C., a.w., bls.78. Vgl. Dengerink J.D., a.w., bls.52. Hy wys daarop dat Stahl reeds aandui dat die verwarring kom as die advocatus en kerkbestuur sinoniem word.
- 57) Smeenk C., a.w., bls.78.
- 58) Vgl. Hattersly A., a.w., bls.108. Vgl. Carlyle, a.w., Vol.VI, bls.189-190.
- 59) Kooiman W.J., a.w., Vol.III, bls.325. Vgl. Hattersly, a.w., bls.110. Sy stryd met die pous, "led him to magnify the authority of the secular prince."
- 60) Dat die hervorming assulks die beginsel van cujus regio, ejus religio inspireer het, weerspreek Luther se werk, Von Weltlichen Obrigkeit duidelik. Vgl. Hyma A., Ren. to Ref., bls.311 e.v. Maar hy erken inderdaad in sy Ermanunge zum Fride die reg van die prins om die prediking van die evangelie in 'n sekere dorp te belet, en raai sy volgelinge aan om na 'n ander dorp te vlug. Vgl. Hyma A., a.w., bls.376. Vgl. Dengerink J.D., a.w., bls. 53-4, vir Stahl se opmerkinge oor die verhouding kerkstaat.

waar dat die religieuse onverskilligheid teenoor die politieke wêreld en die etiese passiwiteit ten opsigte van die openbare lewe van die Lutherisme nie die gees van Luther is nie. Daarby moet ons egter dadelik voeg dat die Lutherisme nie noodwendig dusdanige passiwiteit bevorder nie, maar nitemin moet ons poneer dat die staatskerkgedagte minstens steriliteit as konsekwensie berg. Immers Skandinawië en Swede het groot politieke bewegings gegenereer, en ook die Finne, Balte en Magjare toon nie merkbare politieke traagheid nie. In Suid-Duitsland, wat oorwegend Rooms gebly het, het politieke onderworpenheid en onmondigheid baie langer geduur as in die noorde.<sup>61)</sup> Maar die dualisme waaraan Luther sig nie kon bevry nie, en waarop Melancton sy protestantse-skolas-tiek sou voortbou, het die twee ryke van weleer gedenatureer tot twee geskeie gebiede.<sup>62)</sup> Daarom sy etiese vertolking van die Christelike liefdeswet as blote gesindheidsnormering, wat die Christen in liefde laat handel ook in en teenoor die staatsbestuur en die regsreëlinge.<sup>63)</sup> Vanweë die dualisme vind hy hierin egter geen eie wet vir die gesagsorganisasie nie. Die Christen se houding daarteenoor is dus blote onderwerping, behalwe in gewetensake.<sup>64)</sup> Die uiterlike struktuurvorm vir die sedelike en godsdienstige lewe word dus verskaf deur die staat uit sy eie natuurregtelike beginsel, wat deur God beskik

61) Kooiman, W.J., a.w., in Vol. III, bls. 320 e.v.

62) Kooiman W.J., a.w., Vol. III, bls. 319. Daarin het hy gefaal soos bewese in die Nas. Sosialisme, Haitjemá A., Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 183. Daarteenoor was die Calvinisme konsekwent insoverre dit Gods Soewereiniteit en die deurwerkende gesag van Gods Woord op elke terrein van die lewe poneer. Vgl. Dunning W.A., a.w., bls. 15 e.v. vir Melancton se terugval op die antieke en ook die kanonieke reg.

63) Du Plessis L.J., a.w., bls. 41.

64) Vgl. Hyma, A., Ren. to Ref., bls. 335-6. Luther behou die gedagte dat die keiser se gesag van Goddelike oorsprong is, en ongeag of die keiser 'n slegte persoon is, moet die volk hom onderdanig wees. Opstand teen die keiser sou 'n kwessie van streng genome juridiese of politieke aard wees, tussen hom en die elektors. Vgl. bls. 334. Vgl. Dunning, W.A., a.w., bls. 7. Vgl. ook bls. 18-19 vir Melancton en die owerheidstaak. "The characteristic function of civil government is the punishment of offenders by corporal penalties in order to maintain external tranquillity in the state and promote morality, true religion and proper discipline among the people."



is en wat inderdaad buite die sfeer van die Woordenopenbaring en Genade wet staan.<sup>65)</sup> Daarby moet gevoeg word sy natuurregtelike opvatting van die staatsgesag, wat lyk op die van die juriste. Aldus het ons by die Lutherisme inderdaad die owerheidstaak vasgevang in 'n etiese staatsabsolutisme, soos dit later in aansluiting by Bartolus in juridiese staatsabsolutisme sou oorgaan.<sup>66)</sup>

Waar Luther organiese gesondmaking van bestaande sosiale vorme beoog, bring hy geen nuwe sosiale program nie, en hou hy sterk vas aan die patriargale gedagte wat in die 16de eeu in Europa,<sup>67)</sup> mede as gevolg van die korporatiewe ordening van die samelewing van die middeleeue, nog wesenlik was. Die Lutherisme kom dan juis op in lande waar hierdie ordening nog sterk is.<sup>68)</sup> Daarom sou sy vrymaking van die gesin vir die beskawingsontwikkeling van groot belang wees, veral daar die gesin vir hom as „kiemsel" van die samelewing, met die vader in die priesteramp, oerbeeld is van alle menslike verhoudinge.<sup>69)</sup> As hy die taboo wat bestaan teen kontrole van huwelik en egskeiding deur die staatsowerheid verwyder,<sup>70)</sup> is daarmee vir die eerste keer weer aan die owerheid die taak van juridiese integrasie ten opsigte van die eksterne regsverhoudinge van die gesin terugbesorg, sonder dat daarmee in sy staatsteorie egter enige strukturele waarborge vir die

65) Du Plessis L.J., a.w., bls.41.

66) Vgl. du Plessis L.J., a.w., bls.41-2. Immers Melanchton sou poneer dat die owerheid se taak tot die eksterne verhoudinge beperk is tot uitsluiting van die bloot geestelike. Daarmee is dit egter nie beperk tot die bloot materiële nie — die plig van die heerser is nie om net vir die maag te sorg nie, maar ook vir die siel. Daarmee verval Melanchton as't ware terug op die middeleeuse dogma dat die owerheid die ware geloof moet promoveer in ooreenstemming met die kerk se bevel. Vgl. Dunning W.A., bls.19-21.

67) Goodsell W., Problems of Family, Century Coy., New York, 1928, bls.66-7.

68) Kooiman W.J., a.w., Vol.III, bls.311. Hy wys daarop dat die Calvinisme juis weer opkom waar persoonlike inisiatief 'n stempel op ontwikkeling druk. Vgl. hier ook Nicholls J.M., History of Christianity, 1650-1950, New York, 1956, bls.66-7.

69) Kooiman, W.J., a.w., Vol.III, bls.311.

70) Goodsell W., Problems of Family, Century Coy., New York, 1928, bls.71.

begrensing van die owerheidstaak ten opsigte van die soewereiniteit in eie kring van die gesin, gebied word. Inderdaad mis ons dieselfde begrensing by die owerheidstaak in die godsdienstige lewe en veral in die kerklik-konfessionele aspekte, waar die staatsowerheid die hervorming van die kerk moet onderneem — indien die wettige kerkorgane weier om daartoe oor te gaan,<sup>71)</sup> op grond van die algemene priesterskap van die gelowiges. In hierdie lyn sou cujus regio illius et religio as rykswet gevolg word, ook in Roomse lande waar die inkwisisie staatsinstrument word,<sup>72)</sup> of waar vorste die titel Defensor Fidei aanvaar.<sup>73)</sup> 'n Dusdanige ontwikkeling is slegs ook te begryp in die lig van die heersende gees in Duitsland na 1555, wat behoudend, selfvoldaan, bekrompe en lewensmoeg is.<sup>74)</sup> Trouens 'n kragtige godsdienstige lewe en die stryd van twee wêreldbeskouinge prikkel alleen dan tot energie en nuwe skepping as dit gepaard kan gaan met materiële bloei en gesonde politieke lewe, wat in Duitsland welliswaar grotendeels ontbreek.<sup>75)</sup> Derhalwe die gees van subordinasie by kerkleiers, waardeur die religieuse die speelbal van die internasionale politiek word, soos inderdaad na vore kom in die

71) Luther skrywe dan inderdaad oor die Christelike adel van die Duitse nasie, dat hulle tot taak het die verbetering van die Christelike staat. Die Ryksdag van Spiers gee inderdaad vryheid volgens gewete m.b.t. die Edik van Worms „Daardoor ontving het hervormingsrecht der landsheren, krachtens welk recht zij over het al of niet deursoeren der Reformatie in hun landen de beslissing aan zich hielden zijn wettelijke door het ryk erkende grondslag,” Kooiman W., a.w., bls.321-2. Vgl. Smeenk C., a.w., bls. 77. Vgl. Hyma A., Ren. to Ref., bls.307 e.v.

72) So sou die inkwisisie by die Franse kerk en veral in Spanje owerheidstaak word. Vgl. Boeren P.C., a.w., in Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls.149-150.

73) Vgl. Hendrik VIII. Vgl. ook Karel IX van Swede (1599-1611) wat die Katolisisme verbied.

74) Vgl. Enno van Gelder H.A., a.w., in De Pelgrimstocht, bls.349.

75) Die Hanse het geval. Die Suid-Duitse nywerhede kwyn. Die Boerestand verkeer in armsalige onderwerping. Die Noorde het wel welvaart, maar met 'n hardnekkige behoudsug, en konserwatisme. Vgl. Pelgrimstocht, bls.349.

beleid van Richelieu en Wallenstein.<sup>76)</sup>

Uit die voorafgaande oorsig blyk dat ons tydens die hervorming ver gevorder het in die rigting van 'n juridiese integrasie-gedagte as owerheidstaak ook in die religieuse. So is die beginsel van itio in partes waardeur religieuse vraagstukke deur vreedsame onderhandeling tussen protestantse en katolieke state, in plaas van 'n meerderheid in die ryksdag, besleg word, aanvaar. Daarby is Lutheraan en Calvinis onafhanklik van die jurisdiksie van pous en katolieke-prelate verklaar.<sup>77)</sup> Aldus word nou siviele regte erken, wat volgens middeleeuse en Rooms Katolieke teorieë slegs aan diegene binne die Roomse kerk toekom, soos die uitwerking van die verdrag van Westfalen dan ook was.<sup>78)</sup> Daarmee is aan die owerheidstaak weldeeglik 'n juridiese karakter verleen, maar ons moet steeds onthou dat die absolutistiese inslag behoue bly. So sou Frederik II baie vir die onderdane van Pruise doen, maar niks daarvan "through or by them."<sup>79)</sup>

Die taak van die owerheid in a-tipiese sin op sosiale en ekonomiese gebied het Luther bowendien nie uit die oog verloor nie. Met die oog op beskawingsontwikkeling en die gepaardgaande sosiale opheffing, word bedelordes dan ook tereg deur

76) Vgl. Hassal A., a.w., bls.167, "The religious question overshadowed and influenced rivalries whether between states or individuals." Bryce J., a.w., bls.386-7.

"Richelieu encouraged protestantism abroad, while trampling it down at home." Van Wallenstein sê Hassal, a.w., bls. 173, "He was resolved to subordinate religion to politics."

77) Bryce J., a.w., bls.388.

78) "An abrogation of the sovereignty of Rome and the theory of Church and state with which the name of Rome was associated." Geen wonder dat Innocentius X dit nietig verklaar het nie! 20 November 1648 "Zello domus Dei — Vgl. Bryce a.w., bls.388-9.

79) Derhalwe geen moontlikheid vir die ontwikkeling van medegenskap of 'n gees van Germaanse nasionalisme nie. Bryce J., a.w., bls.392. Waar Melancton dus nog versetreg aan die stande toeken, (1546) sou dit weldra in Lutherse lande 'n anachronisme word. Vgl. Carlyle, Vol.VI, bls.189-190.

hom bestry.<sup>80)</sup> Handël kry ook sy eties-morele beslag terug, en arbeidsplig word beklemtoon. Laasgenoemde dien as rigsnoer vir die owerheid by sosiale hulp wat selfhulp en selfwerksaamheid as doel het. Want lewe en religie sou andermaal een word,<sup>81)</sup> as lewenskrag die plek neem van Roomse en Mohammedaanse lediggang.

### B.III. Die Owerheidstaak by Calvyn :

Vanweë die Bisantynse-tradisie, soos dit aangepas is by die leer van cujus regio, en die gevangenskap in die natuur-genade dualisme, waardeur outoriteitsordeninge 'n saak van Vernunft bly teenoor die geestelike liefdesbeginsel, was die owerheidstaak by Luther dan ook slegs eties begrens. Johannes Calvyn (1509-1564) bring daarenteen 'n radikaal-Christelike verweer teen die heidense motief, waardeur die "natuurlike" lewe, resloos aan die bevel van die staat ondergeorden word.<sup>82)</sup> Soos die humanisme, eis ook die reformasie 'n staat wat bevry is van kerklike oorheersing, maar Luther kan vanweë sy uitgangspunt hierdie skeiding nie deurvoer nie, en word die owerheidstaak verstrik in die prinsipieel finesses-verhoudingsprobleem, staat - kerk.

Calvyn sou dan inderdaad staatsleer en staatsreg op skriftuurlike grondslag plaas. So wil hy hom in alle opsigte vry maak van enige humanistiese invloed in die heersende staatsopvattinge, waarby hy in die praktyk aansluiting moes vind. Dit is dan veral waar van die soewereiniteitsbegrip van Bodin

80) Kooiman W.J., a.w., Vol.III, bls.314 e.v.

81) Murray R.H., a.w., bls.60 e.v.

82) Dit dien andermaal beklemtoon te word dat Luther self terdeë bewus was van die invloed van Aristoteles vir wie hy prontuit as heiden bestempel. Maar dat hy vanweë sy skolastiese skoling die heersende staatsopvatting huldig bly ook onteenseglik waar.

en die princeps legibus solutus est.<sup>83)</sup> Calvyn sou die soewereiniteit van God oor die ganse skepping proklameer, waardeur die interior homo sonder die gewone, aardse burgerlike lewe ondenkbaar is. Derhalwe 'n regsorde en owerheidsmag om die orde te handhaaf, as een van die uiterlike middele waardeur God Sy genadewerk op aarde in stand hou en verder wil uitbrei.<sup>84)</sup> Op die wyse word owerheidsgesag 'n ampsgesag, nie afgelei van die wil van die vors self nie (princeps legibus) of uit die volk nie.<sup>85)</sup> State en owerhede verkry van Hom gesag oor die menslike lewe in die sfeer van Sy genadewerking ter bevordering van die aardse heil van die mensheid. Daarmee is die owerheidsgesag in beginsel genormeer en bindend verklaar vir die onderdane. As mandaathouer van God is die owerheid in sy taakvervulling derhalwe begrens deur die ampsoopdrag. 'n

-----

83) Aanvanklik beïnvloed deur Seneca ten opsigte van die natuurreg as begrensing van princeps legibus. Immers Calvyn is dit eens met die antieke dat wette in die burgerlike samelewing die funksie moet vervul van tempering van die hartstogte van mense, om willekeur in te perk en om sodoende geregtigheid te handhaaf en die menslike societas saam te hou, maar hy verwerp Aristoteles se staatsvorming uit die sosiale natuur van die mens. Welliswaar is die patriargale ordening so af te lei maar nie die staatsorde nie. Verdere invloed van die antieke is te vinde in die civitas gedagte van Cicero, en die staat as organisme van Plato. Ook is aan te toon die Romeinse reg. Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 121, Haitjema Th.L. in Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls. 342-343. Vgl. Hyma A., Ren. to Ref., bls.389-390 vir humanistiese invloede by Calvyn. Vgl. Breen Quirimius, John Calvin : A study in French Humanism, Grand Rapids, Michigan, 1931, bls.159-161.

84) Vgl. Kuyper A., Locus de Magistratu bls.22-66. Sien ook Haitjema Th.L. a.w., in Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls.334. Vgl. verder Kuyper A., De Gemene Gratie, J.H. Kok, Kampen, 3de Druk, 1931, vols.I-III. Sien die Institusies van Calvyn waarvan ons die Vertaling van Dr. A. Sizoo, uitgawe W.D. Meinema Delft, 1931, en die verkorte vertaling van Ds. A. Duvenage, Uitgawe van Sacum, 1951, hanteer. In albei gevalle Boek IV, XX, 2 "Die geestelike ryk van Christus werk hier op aarde in ons al die beginsels van die hemelse koninkryk — Maar as dit die wil van God is dat ons hier op aarde vreemdelinge sal wees, kan ons daardie behulpsels (van die burgerlike regering) nie ontbeer sonder om ons natuur geweld aan te doen nie."

85) Die staatkundige gesag is geen eiendom van die owerheid nie, dit is selfs nie 'n feudale leengoed nie. — Dit is 'n om-skrewe en herroepbare ampsbevoegdheid. Du Plessis L.J., a.w., bls.121. Vgl. Johannes Calvyn Institusie, Vert. Sizoo A., Boek IV, XX,4. Die Here betuig dat die amp van die owerheid vir Hom aangenaam is. Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.123.

Prinsipiële beperkte handelingsbevoegdheid van 'n owerheid van wie dié ware taak gebodsvervullend uitgevoer moet word.<sup>86)</sup> Deur aldus aan die politieke samelewing 'n eie grondgedagte onder te skuif, het Calvin die religieuse spankrag van die Christelike grondmotief as't ware ontketen, en is eers in Wes-Europa en daarna in Amerika, die politieke beginsels en staatsreg in nuwe bane gelei.<sup>87)</sup>

Oor die onderdaan het die owerheid geen absolute gesag nie. Aan hierdie front dien ander gesagsdraers in die nie-staatlike lewensvorme, as afgrensing van enige absolutistiese of totalitêre gedagte, hoewel Calvin nog slegs die riglyne vir 'n Christelike struktuurleer uitstippel.<sup>88)</sup> Immers grensoorskryding van die owerheid op die gebied van die historiese volksvryhede moet deur die mindere owerhede selfs met die swaard bekamp word.<sup>89)</sup> By hierdie tweeledige begrensing van die gebiedsomsang van die owerheidstaak voeg Calvin nog 'n gewetensbegrensing, waar die gehoorsaamheidsplig van die onderdaan ophou indien die owerheidsbevele 'n goddelike gebod skend.<sup>90)</sup> Hier breek hy dan radikaal met die princeps legibus

86) Vgl. Hyma, A., Ren. to Ref., bls. 459. Vgl. die rede van Dr. Anema, Tweede Internasionale Kongres van Calviniste, 1934. "A Calvinist feels aversion to a weak and hesitating government; its task is to exercise power and to maintain order. He abhors slackness and weakness in the performance of duties which are imposed by God. (Ons kursiveer).

87) Vgl. Haitjema Th.L., Calvyn en het Calvinisme, Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 338.

88) Vgl. ook Venter E.A., a.w., bls. 87 t.o.v. Calvin en s.i.e.k. Vgl. Institusie, Vert. Sizoo A., Boek IV, XX, 31. Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 125, Die regsprinsipe, wat slegs deur die Goddelike liefdeswet, in openbaring ontslote, waarlik geken kan word, is die bo alle menslike willekeur verhewe, goddelike reg wat die wedersydse posisie van owerheid en onderdaan bepaal, op alle lewensterreine, en aan iedere kring sy eie regsbestaan sal verseker.

89) Vgl. Institusie, J. Calvin, Vert. A. Sizoo, Boek IV, XX, 31. Immers hierdie volksmagistrate sou ontrou en meinedig wees as hulle swyg en stil sit en nie die vryheid van die volk beskerm nie.

90) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 123. Hier dien onthou te word dat die ongehoorsaamheid slegs betrekking het op 'n bepaalde gebod, terwyl die owerheidsgesag en onderdaan gehoorsaamheid andersins geldend is en bly. Vgl. Institusie, Vert. A. Sizoo, Boek IV, XX, 32. "As hulle iets teen die wil van God gebied, moet dit as kragteloos verwerp word." — Vgl. Durand J.J., Die Wysgerige Grondslae van die jus resistendi by Calvin, M.A. Verhandeling U.V., 1956, vir dié reg van verset.

solutus, wat — die stoïsynse begrensing deur die sedewet tenspyt — in die hand van die owerheid die kenmerk van tirannie is.<sup>91)</sup> Daarmee tree Calvin na vore as pleitbesorger vir 'n konstitusionele staatsorde, waarin vryheid onder die reg, regering deur die gekose volksmanne,<sup>92)</sup> onderworpe aan die absolute soewereiniteit van God, politieke vryheid idealiter, in die praktyk is.<sup>93)</sup> Want juis daarin bring hy die juridiese inslag in die owerheidstaak na vore, insoverre positiewe wetgewing die praktiese toepassing is van die normatiewe onveranderlike regsprinsipe, waaraan dit ook imperatiewe krag ontleen, maar wat alleen in die lig van die Goddelike Woordopenbaring korrek gevat kan word, en derhalwe nie in 'n natuurreg of natuurlike regsbesef geleë is nie.<sup>94)</sup> Daarmee het die owerheid tot sy tipiese (arche-tipiese) taak, die positivering van Goddelike regsbeginselfs, in gelowige besinning, deurgedring, wat sig prinsipieel onderskei teenoor die positivering gelei deur die gewaande subjektiewe regsgevoel

91) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.123-4. Die owerhede is nie buite die wet of self 'n lewend-besielde wet wat outokraties die wet voorskrywe aan die burgers nie, maar is ook gebonde aan die positiewe wette van die volk — Haitjema Th.L., a.w., in Cult. Gesch.der Chr., Vol.III, bls.340.

92) „Die gesteld zijn om de al te grote begeerlijkheid en moedwil der koningen te bedwingen en in te toomen”, Smeenk C., a.w., bls.81. Daarby dien gevoeg te word dat die middel-eeue 'n reg van verset by skending van die voorwaardes by die verkiesing, deur die volk gestipuleer, erken. Die Calvinistiese verset van die 16de eeu sluit in praktyk hierby aan, maar met religieus verdiepte, motiewe.

93) Institusie, vert. A.Sizoo, Boek IV, XX, 16. Vgl. ook Mekkes J.P.A., a.w., bls.123-4. Sien Bohatec J., Calvin und das Recht, Teudingen, 1934, bls.69 en Doumerque Calvijs Jeugd, Vert.W.T.A.Winckel, bls.473. Hy noem Calvin tereg die stigter van moderne vryhede. Trouens demokrasie as gesagsuitoefening deur volksverteenvoording, gekies deur algemene kiesreg vloei uit die kerkinrigting te Genève. 'n Vryheidsgolf vertak in drie rigtings en versprei so vanuit Genève oor Europa. Dit is deur Troeltsch tenonregte via Beza en Knox volksoewereiniteit genoem. Haitjema Th.L., a.w., in Vol.III, bls.345-6.

94) Institusie, Vert. A. Sizoo, Boek IV, XX, 14, 15. Ook die wedersydse regte en pligte is nie slegs gegrond op omskrewe regsbeplinge nie, maar ook uit hoofde van die diepste eise van die sedelike orde, soos deur Godswoordopenbaring blootgelê en deur sy konserverende Genade behou is.

van alle mense, en daarmee van die owerheid.<sup>95)</sup>

Met die lewensappe geput uit die Heilige Skrif ontplooi hierdie nuwe beslag van die owerheidstaak egter in tyd-historiese gebondenheid aan die staatkundig geordende samelewing van sy naaste omgewing en van sy eeu in die algemeen.<sup>96)</sup> So kry sy denke 'n verdere positief-regtelike inslag, waardeur die onveranderlike regsprinsipes tot gelding kom.<sup>97)</sup> Daarby is sy besondere klem op die gewete as rigsnoer vir 'n dankbare lewe van die Christen, belangrik in die bevordering van burgerlike geregtigheid en positiewe reg deur die owerheid.<sup>98)</sup>

By hierdie belangrike juridiese inslag van die owerheidstaak bring Calvyn, vanweë sy sterk ou-testamentiese oriëntering<sup>99)</sup> die gedagte van 'n verbond tussen owerheid en volk,<sup>100)</sup> waardeur inderdaad die verdragsteorie 'n religieuse verdieping erlang.<sup>101)</sup> Trou sweer aan die grondwetlike verpligtinge en ontsag vir die grondwetlike reg geskied voortaan om Gods wil. Daardeur word die volk ook in die lig van Sy majesteit gestel, en aldus is 'n ander verdragsidee in die politieke denke gedra — die verbond tussen God en Sy volk.<sup>102)</sup>

'n Verdere juridiese inslag erlang die owerheidstaak waar vroomheid beskerm, openbare godsdiens verseker, en die algemene

95) Institusie, Vert. A. Sizoo, Boek IV, XX, 15, 16. Hy poneer dat elke volk vryheid het om wette te maak wat volgens sy oordeel vir hom nuttig sal wees, maar hulle moet volgens die ewige reël van die liefde ingerig wees." Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 125.

96) Haitjema Th.L., a.w., Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 338.

97) Institusie, Vert. A. Sizoo, Boek IV, XX, 16. Die billikheidsinhoud van die reg.

98) Haitjema Th.L., in a.w., Vol. III, bls. 343.

99) Haitjema, a.w., bls. 343. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 124, aangehaal uit Bohatec J., Calvin und das Recht, Teudingen, 1934, bls. 83.

100) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 124. Beyerhaus G., Studien zur Staatsanschauung Calvins, Berlyn, 1910, bls. 13, meen dat die verdrag in sy latere konsepsie nog nie aanwesig is nie, maar dat die voortekens van die leer van die monargvegters reeds deurskemer. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 125-6 meen dat Calvyn se opvatting van die verhouding tussen owerheid en stende, die grondslag vorm van die monargvegters se benadering van die weerstandsreg. Vgl. Durand J.J., a.w., bls. 10 e.v.

101) Vgl. Haitjema Th.L., a.w., in Vol. III, bls. 342-3.

102) Vgl. Haitjema Th.L., t.a.p.



welsyn van die volk bevorder word, maar steeds in eerbiediging van die persoonlike vryhede van die burgers, hulle lewe en eiendom, terwyl die burgery van hulle kant hulle vryhede laat inperk terwille van die algemene welsyn onder andere in belastings en militêre diens, wat albei aanslae op eiendom, respektieflik lewe behels.<sup>103)</sup> Hierdie nuwe benadering van die owerheidstaak sou sy uitwerking op die konstitusionele staatsreg nie mis nie en word gereken as een van die mees ooglopende bydraes en vrugte van die Calvinisme.<sup>104)</sup>

By die juridiese begrensing van die owerheidstaak voeg Calvyn ook nog die aanvaarding van geografiese en nasionaleitsonderskeidings in 'n veelheid van state. Die staats-territorium is egter histories bepaald, en daarmee is die owerheidstaak by 'n bepaalde owerheid noodwendig hoofsaaklik territoriaal begrensd, synde die limiet ook van die swaardmagdoeltreffendheid. In soverre as die taak tot regshandhawing egter daardie grense oorskry, ook ten opsigte van die taak van alle owerhede in die handhawing van vrede, is dit nie 'n absolute begrensing nie. Maar dit is belangrik om te onthou dat Calvyn baie duidelik die staat as owerheidsorganisasie van die hele mensdom afwys.<sup>105)</sup>

Vir die owerheidstaak is verder van uiterste belang dat Calvyn kerk en staat prinsipiëel van mekaar onderskei, sonder wedersydse subordinasie en sonder om die staat aan die gesag van Gods Woord te onttrek. Waar hy dan ook die owerheid wel 'n taak toeken by die instandhouding van die erediens en die bestryding van die valse godsdiens, selfs met die swaard,

-----  
103) Vgl. Institusie, Vert. A. Sizoo, Boek IV, XX, 13.

104) Haitjema Th.L., a.w., bls. 340.

105) Vgl. Institusie, vert. A. Sizoo, Boek IV, I. Alleen die kerk, in sy verdiepte geestelike sin as moeder van al die gelowiges is onderhouer van eenheid."

beteken dit geen terugval op Bisantynse monargisme nie.<sup>106)</sup>  
Veeleer impliseer dit dat van die owerheid niks meer verwag word as om op publieke terrein te funksioneer, nie primêr om die kerk se ontwil nie, maar om homself ontwil. Immers onge- loof bring ook owerheid en staat in gevaar en dit skend Gods majesteit eweveel as die ondergrawing van die Christelike kerk en godsdiens. Want binne die kader van die geheel-taak van die mens as priester, profeet en koning is die owerheid nie minder in diens van God as byvoorbeeld die kerk nie.<sup>107)</sup>

Die invloed sfeer van die owerheid word daardeur nie verbreed of beperk nie, want juis Bellarminus het beweer dat Calvyn per defectum sondig deur te min mag aan die kerk in siviele sake toe te ken.<sup>108)</sup> Trouens by Calvyn is die begrip van die absolute outonomie van die kerk nog nie sterk aanwesig nie, soos dit in die historiese stryd teen vorsabsolutisme sou opkom nie.<sup>109)</sup> Selfs Voetius sou kerk en staat nog nie prinsipieel uit die wortel van die openbaring laat opkom nie. Nogtans het in die praktiese neerslag in Calvinistiese lande, vanweë Calvyn se penetreerende visie, die staatskerk-gedagte,

-----  
106) Smeenk C., a.w., bls.84. Meen dat daar by Gereformeerdes en Lutherane albei 'n sterk nawerking van Konstantyn se denkbeelde oor die roeping van die owerheid ten aansien van die religie is. So het die Lutherse nog die Calvinis Krell te Leipzig op die skavot geplaas. Persoonlik meen ons dat Konstantyn min of weinig invloed by Calvyn self gehad het. Hy is eerder gemoeid met die owerheidsplig om die ryk van die antichris te gronde te rig. Hierdie gedagte het wel verbreed tot valse erediens by (Guido de Bres) of Roomse antichris (Moresius) waarin die owerheid selfs doodstraf mag toepas in die vervulling van hierdie taak. By Voetius bly huisgodsdiens uitgesluit, maar die erediens en vergaderings nie. Indien die owerheid mag besit om sodanige publieke uitinge te verhinder moet hy dit doen. Maar die owerheid sal nogtans gewetens- vryheid waarborg en niemand straf oor sy godsdiens nie.

107) Vgl. die handhawing van Art.36 van die Ned. Geloofs- belydenis in sy volle strekking in dié verband. Sien Visscher H., a.w., en vgl. Rapport Deputate aan Sinode Geref. Kerke in S.A., 1949.

108) Vgl. Kuyper A., Locus, bls.12-13 e.v. Die hiper- ultramontane sondig daarenteen per excessum waar dit aan die pous wêreldlike mag toeken.

109) Vgl. Kuyper A., Locus, bls.16 "een product van den stryd met de vorsten over de zelfstandigheid van de kerk teenover de overheid."

nie deurgevoerde erkenning gekry soos in die oorwegende Lutherse of Roomse lande nie.<sup>110)</sup>

Waar die Calvinisme geen indifferentisme teenoor die owerheid openbaar nie, en andersyds ook nie die owerheid as absoluut verstaan nie,<sup>111)</sup> is dit inderdaad logies dat hier weldra tot dusdanige verhoudingswaardering sal geraak word, waarin nog staat nog kerk ooit wedersyds kan dien as kruk, wat weggegooi word sodra die eie posisie stewig genoeg is.

In a-tipiese sin sou Calvyn se invloed op die owerheids-taak egter naas die juridiese 'n baie belangrike bydrae lewer. Tereg is die Calvinisme dan ook die hoogste ontwikkelingsvorm van die godsdienstig-staatskundige beginsel van die 16de eeu genoem.<sup>112)</sup>

Die morele vooruitgang, die afsnyding van ruwe uitwasse, die sivilisering van die sedes, is kenmerkend van die 16de en 17de eeue. Oor die algemeen het die burgery getrou hulle beroepsarbeid verrig en 'n ingetoë lewe gelei.<sup>113)</sup> Die reformatoriese Christen is geen askeet nie, maar dien God in 'n dankbare lewe in aardse beroep, wat nie langer as hoër of laer ordes geld nie.<sup>114)</sup> Weldra, as die skriftuurlike beginsels van sondeval en verlossing die oorwinning oor die dualisme

110) Vgl. Amerika uit Calvinisme gebore, sonder 'n staatskerk. Verskeie Switserse kantons breek daarmee. Nederlande het sedert die vorige eeu geen staatskerk nie. In Engeland het die Calviniste van Skotland en Wallis meer as 'n eeu teen die staatskerk geveg (disestablishment). Hierteenoor is in Roomse lande geen poging aangewend om dit te beeindig nie. Italië, Spanje en Oostenryk is hiervan voorbeelde. Die invloedssfeer van die Griekse ortodokse kerk is insgelyk hieraan skuldig. Denemarke, Swede en Noorweë is weer voorbeelde van Lutherse invloedsgedagtes. Vgl. Locus, a.w., bls.20. Frankryk is vandag voorbeeld van 'n moderne staat waar ook die Roomse kerk, sy posisie verloor het, in 'n sekulêre staat.

111) Soos die anabaptisme inderdaad in indifferentisme verval, asook die Lutherse/<sup>was</sup> tans eers waarlik tot die besef van aktiewe deelname aan die politiek kom, en die humanisme wat in owerheidsabsolutisme — hetsy vorsabsolutisme (Hobbes) of in gewaande volksoewereiniteit (Rousseau) verval.

112) Vgl. Smeenk C., a.w., bls.87.

113) Vgl. Smeenk C., a.w., bls.87.

114) Vgl. Institusies, Vert.A. Duvenage, Boek IV, XX, 2.

behaal, word die wêreld nie langer prysgegee aan die natuurlike, sondige terrein nie. Die hele skepping is deur Christus vrygemaak, ook die staat en staatkundige lewe, en die owerhede is dienaars ons ten goede. Die vervulling van die owerheidsamp is dus ewe-eens 'n Goddelike beroep. Soos die Institusie duidelik verklaar, dat die amp van die owerheid sig uitstrek oor albei tafels van die wet.<sup>115)</sup> In die tweede tafel kom die roeping om reg en geregtigheid te doen, algemene welsyn en vrede te bevorder.<sup>116)</sup> Daarmee bring Calvin in die owerheids-taak die bewussyn van 'n wêreld-historiese roeping, in die positiewe kultuurarbeid onder leiding van die religie. So begryp ons dat die innerlike dryfkrag van die mens steeds die besef is, dat God van die mens eis om met sy hêle lewe, sonder skroom, onder Sy Woord en Gebod te staan. Daarmee is ruimte gegee aan persoonlike inisiatief en ondernemingsgees. Trouens die predestinasieleer sou religieuse-individualisme, 'n ware besef van die persoonlikheidsidee en — verantwoordelikheid, 'n fundamentele plek in die samelewingsorde gee. Weldra sou die Calviniste, deur die vervolging uit staatsposte geweerd, op die gebied van handel en nywerheid toonaangewend word,<sup>117)</sup> en veral as dié bewustheid, dat die beroep die aangewese middel is om vir die doeleindes van die koninkryk van God te ywer sterker posvat. "Dié opvatting is ongetwyfeld de economische emancipatie zeerten goede gekomen,"<sup>118)</sup> sê Haitjema.

-----  
115) Vgl. Institusie, Vert.A. Sizoo, Boek IV, XX, 9.

116) Vgl. Institusie, Vert. A. Sizoo, Boek IV, XX,9. Jer. 22 vers 3, Deut. 1:16, Ps.101.

117) Vgl. Smeenk C., a.w., bls.96. Verdere voorbeelde van hierdie ondernemingsgees word algemeen aangedui in die Mayflower koloniste (Brewster, Robinson). Die Ned. kolonisasie arbeid — die handelsgees van Oos en Wes Indiese Kompanies ens. Vgl. Haitjema Th.L., Vol.III, bls. 350.

118) Haitjema Th. L., a.w., Vol.III, bls.312. Is dit sonder betekenis dat die Calvinistiese en reformatoriese lande groot-handels- en nywerheids-ondernemings bolwerk teenoor die agrariese en ambagslewe van Lutherse en Roomse lande? Aldus Dr. Haitjema. Vgl. Nicholls J.M., a.w., bls.66-67. Ook hy erken dat die Lutherse Protestantisme minder beskawingsmondigheid bring as die Calvinisme.

As die begeerte om Gods ordinnansies soos geopenbaar in Sy Woord, te eerbiedig die Calvinis aanvuur in sy praktiese kultuur en beskawingsarbeid, kry owerheidsopptrede 'n diepere sin. As Calvyn dan die owerheid oproep om volksge-sondheid te bevorder, en werkloosheid te bekamp is hierdie breëre religieuse diepgang bepaald nie in te perk deur 'n bloot juridiese afsydigheid of laissez-faire lediggang nie.<sup>119)</sup> Calvyn, is diep bewus van die ellende veroorsaak deur siekte, oorlog en onbeheerde instroming van vreemdelinge, en spoor die Genéfse owerheid aan tot bemoeing met sosiaal-ekono-miese aangeleenthede, waarteen hy nêrens beswaar geopper het nie.<sup>120)</sup> Hy self ontwerp 'n suksesvolle linne- en fluweel-werheidsprojek.<sup>121)</sup> Voorts skenk hy aandag aan riolering, polisie, onderwys, burgerlike wette en selfs sentrale ver-warming. Bowendien, ontworstel aan die skolastiekkanonieke opvatting ten opsigte van rente, — wat nog by Melancton en Zwingli naleef<sup>122)</sup> — beklemtoon hy die betekenis van die staat vir die ekonomiese lewe, in die beskerming van eiendom, en die waarborg van rus en veiligheid sodat handelsverkeer ongestoord kan plaasvind.<sup>123)</sup> Wanneer toestande dit wenslik maak het hy geen beswaar egter teen rentebepaling deur die

119) Vgl. Hyma A., Ren. to Ref., bls.462. Veral in die winter van 1544-1545 het Calvyn voor die stadsraad van Geneve pleidooie gelewer vir werkverskaffing. Vgl. daarmee die meergenoemde Gladstone verklaring in die Engelse parlement aan die einde van die 19de eeu dat die staat geen verantwoordelikheid ten opsigte van werkloosheid het nie! Smeenk C., Christelik Sociale Beginselen, J.H. Kok, Kampen, 1934, bls.47 e.v.

120) Smeenk C., Ontw. der Maatschappy, bls.95.

121) Vgl. Hyma, A., Ren. to Ref., bls.441. Calvyn se briewe behandel dikwels die belange van finansies, handel en industrie — Troeltsch E., The Social Ethics of the Christian Churches. Vol.II, bls.643-645. Hyma wys daarop dat Troeltsch slegs één dusdanige brief kan wys! bls.457.

122) Sien in dié verband Hyma, A., Ren. to Ref., bls.443, e.v. na aanleiding van kommentare op Deuteronomium, Psalm 15 en Eségiel XVIII. Onthou moet word dat beide Luther en Calvyn sekere voorbehoude t.o.v. rente gehad het, maar dat albei die Aristoteliaanse konsepsie van die steriliteit van geld verwerp. — Vgl. Hyma A., a.w., bls.454-456. Vgl. Domerque J., Calvin, Vol.V, bls.683.

123) Smeenk C., Ontw. der Maatschappy, bls.89.

owerheid nie.<sup>124)</sup> Daarmee is Calvyn uiters modern, waar ons owerhede vandag tot 'n sekere hoogte tog invloed uitoefen op rente in 'n gekompliseerde samelewing, met 'n vrye-, halfvrye- of geleide ekonomie.<sup>125)</sup> Uit 'n oogpunt van billikheid in die sfeer van algemene welsyn van die maatskaplike lewe, is kapitaalrente gewettig. Maar vir ons is ook hier belangrik die dinamiese krag, die ontvouing tot selftug in die vervulling van die ekonomiese taak, en die positiewe waardering van daardie taak. So het die Calvinisme egter nie bewus die kapitalisme bevorder nie.<sup>126)</sup>

Calvyn en sy volgelinge het van die wufte Genève 'n „arbeidzame, nijvere stad" gemaak,<sup>127)</sup> en sy voorkeur vir 'n sobere lewe verklaar weldeeglik verdere bemoeiing met herberg besoek (1546) en deur weeldewette (1558), wat egter geensins vreemd voorkom in geheel Europa op daardie tydstip nie.<sup>128)</sup> Immers die herbergbesoek-regulasies is in beginsel niks anders as ons eie dranklisensierade en die talryke wette ten opsigte van drankhandel, hotels en losieshuise nie.

Ook Calvyn se aandrang op burgerlike bemoeiing met huwelikswetgewing, vloei logieserwyse uit sy verwerping van die sakramentele aard van die huwelik, soos dit in Roomse tradisie sedert die dae van Gregorius gehandhaaf is.<sup>129)</sup>

124) Immers hy en Beza het die rentevoet te Genève bepaal, vgl. Haitjema Th.L., in Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls.354. Vgl. egter hierteen Hyma A., a.w., bls. 457 e.v. Hy beweer dat Calvyn van rente en ekonomie min kennis gedra het, en dat bepaling van rentevoet gevolg was van sy vrees vir woeker.

125) Vgl. ook Smeenk C., a.w.,, bls.92.

126) Max Weber beweer dit ook, vgl. Haitjema Th.L., in Vol.III, bls.355. Vgl. hier die deurgevoerde, en na ons mening stewig uitgeboude bewyse hierteen deur Hyma A., Ren. to Ref. bls.440-466.

127) Smeenk C., Ontw.der Maatschappy, bls.85. Vgl. ook Smeenk C., Chr. Soc. Beginselen, bls.47.

128) Dit word betwyfel of Calvyn enigiets met die herbergbesoek te doen gehad het. In 1546 het hy bepaald min invloed gehad. Daarby moet onthou word dat wat baie in ons tyd as verregaande owerheidsbemoeiing sou bestempel, in die 16de eeu nie ongewoon was nie.

129) Vgl. Institusies, Vert. A. Sizoo, Boek IV, XIX, 34 e.v. Die vraag na egskeiding kan egter nie bepaal word deur die burgerlike owerheid nie.

Inderdaad is hierdie a-tipiese owerheidsbemoeiinge be-  
doel ter versterking van die nog betreklik onselfstandige bur-  
gery van sy tyd,<sup>130)</sup> en dit mag geensins gesien word as 'n  
verstaatliking van die hele lewe nie. Daarom praat Calvyn  
van noodsaaklike staatswerk. Duidelik het Calvyn nêrens die  
volkome eiewetlikheid van die ekonomiese geproklameer nie,  
maar ook die ekonomiese (handels) aktiwiteite van die mens  
onder beïnvloeding van die religie (of moraal) gehou. So is  
ook hierdie terrein nie aan die norme van Gods Woord onttrek  
nie. Verder was die owerheidstaak tot bevordering van die al-  
gemene welsyn, intiem gemoeid met die ekonomiese lewe, wat  
ingryping in beginsel nodig maak.

Aldus het ons by die hervormers met die owerheidstaak  
gevorder van etiese staatsabsolutisme by Luther, na 'n juri-  
diese sowel as strukturele begrensing by Calvyn, wat by Alt-  
husius egter eers tenvolle beslag sou kry. Daarmee is die  
riglyne gelê vir 'n regstaatsbeskouing, wat 'n owerheid impli-  
seer wat sy taak as vader des volks sou vervul.

Ten slotte moet ons nog verwys na die besondere taak  
wat Calvyn toeken aan die owerheid in die bestryding van die  
valse godsdiens. Juis omdat Calvyn die burgerlike regering  
nie sien as 'n onheilige saak wat die Christen in die geheel  
nie aangaan nie, sien hy die doel van die burgerlike owerheid  
om die godsdiens en die kerk te beskerm, sowel as om ons lewe  
so te reël dat dit die welvaart van die samelewing sal be-  
vorder.<sup>131)</sup> Dat Calvyn die owerheidstaak nie wil beperk tot  
die materiële welvaart en regsbestelling nie, maar dit beslis  
uitbrei na die beskerming van die ware godsdiens, is duidelik. Die ower-  
heid kry dan tot taak om toe te sien dat die ware religie nie

130) Waterink J., Fouten der Kerk en der Christenheid, Cult.  
Gesch. der Chr., Vol. IV, bls. 145-7. Analfabetisme was  
nog angswekkend in die 16de en 17de eeue. Daar was  
trouens 'n groot teenstelling tussen geletterdes en een-  
voudiges. Die leiding berus by die weiniges, terwyl die  
horison van die massas nog eng is.

131) Institusie, Vert. A. Sizoo, Boek IV, XX, 2.

deur openbare goddeloosheid ongestraf geskend sal word nie.<sup>131a)</sup>  
In sy skrywe aan Koning Frans van Frankryk laat Calvyn hierdie aspek na vore kom dat die owerheid van die ware religie moet kennis neem, en daarvolgens moet handel, as hy sê dat hy die saak van alle gelowiges en van Christus Self bepleit, wat in Frankryk op alle maniere verskeur en vertrap is.<sup>131b)</sup>

Hierdie stelling van Calvyn dat aan die owerheid 'n taak in die religie toekom, is dan ook tereg beliggaam in Art.36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die staat kan nie aan die soewereine majesteit van God onttrek word nie, deur die owerheid alle roeping vir die geestelike lewe te ontse nie.<sup>131c)</sup> Hoewel die sfeer van die gewete aan owerheidsmag onttrek is, kan die owerheid nie onverskillig staan teenoor die leringe wat versprei word nie.

Die skraping van Artikel 36 uit die Belydenis in 1905 word deur Visscher na ons mening met goeie gronde bestry. Ook die weiering van die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika om die artikel te skraap wil ons met instemming verwelkom.<sup>131d)</sup> Trouens ons kan ons geen voorstelling maak van 'n onpersoonlike owerheid, wat nie vra na die gesag van God en Sy Woord nie. 'n Owerheid wat nie sy vastigheid soek in die Woord van God nie, word vanweë normloosheid, selfs te magteloos om die ergste uitwasse van die sonde te bestry — juis al sou die sogenaamde wetenskaplike en morele „waardes" aangewend word. Dink aan die pogings om egskeiding en geslagsperversiteit teen te gaan met nog meer seksliteratuur en propaganda in ons skole en pers — die sogenaamde voorligting,

-----  
131a) Institusie, vert. A. Sizoo, Boek IV, 22, 3. Vgl. ook IV, 22, 9, t.o.v. die Tweede Tafel van die Wet en IV, 22, 15 vir Eerste Tafel.

131b) Skrywe opgeneem in Institusie, Vert. A. Sizoo, Deel I, bls. XIII en Vert. A. Duvenage, bls.17.

131c) Visscher H., De Staatkundige Beginselen der Ned. Geloofsbelijdenis, J. Bout, Huizen, 1939, bls.62 e.v.

131d) Rapport insake Art.36 van die Ned. Geloofsbelydenis, aan die Eerw. Gen. Sinode van die Geref. Kerk in S.A., in sitting byeen D.V., 26 Jan. 1949 e.v.d.



wat in Swede die ergste uitwasse van vroeër oortref het.

Die staat moet optree as die vlam van afgodery en die daarmee samehangende onsedelikheid uitslaan op die openbare terrein. Dit is en bly die taak van die owerheid om die ryk van die anti-Chris te gronde te rig.

#### B.IV. Die Monargvegters :

Calvyn se beroep op die stande as beskermers van die historiese volksregte, en wat as tussengangers tussen die nog onmondige burgery en vors optree, bring 'n besondere verhouding tussen vors en stand mee. Trouens dit kry geleidelik beslag as stande-staatsreg, namate dit opkom uit die nog swak gedifferensieerde verhoudinge van die feudalisme, totdat dit kristalliseer in 'n verdragsverhouding.<sup>132)</sup> In hierdie rigting sou die meer formeel juridiese verdragskonstruksie van die rasionalistiese individualisme, egter eers later sy beslag vind, as die individualistiese humanisme deur die konstruksiemetode van die opkomende matematiese natuurwetenskappe, 'n nuwe wêreldbeeld voortower. Intussen het ons eerder te doen met 'n religieuse verdieping van die verdragsidee in die sin van die verbond van God met Sy volk.<sup>133)</sup> Trou aan die grondwetlike regte en verpligtinge, geskied deur die wil van God, en also word beide vors en volk in die lig van Gods majesteit gestel. Word hier egter met natuurregtelike beginsels geopereer, kry die verbondsgedagte weldra die sekulêre verdragsaanskyn, wat 'n twee-gemeenskap konsepie moes genereer.<sup>134)</sup> Waar die verdragsgedagte vanaf Manegold van

132) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.125-6. Institusie Boek IV, XX, 31.

133) Haitjema Th.L., Cult. Gesch. der Chr., Vol. III, bls. 342-343. Vgl. Languet se kontrakgedagte — Pactum — tussen God koning en volk, en Foedus — die regeringsverdrag tussen koning en volk. Vgl. Gough J.W., a.w., bls. 51-4.

134) Vgl. Figgis, From Gerson to Grotius, bls. 62-3, ook bls. 72 veral vir Jesuïete.

Lautenbach perke op die monargie geplaas het deur wedersydse verpligtinge,<sup>135)</sup> het dit veral in die feudale staat met sy wederkerige regte en pligte, soos veral in die kroningseed be-  
liggaam word, verstewiging gekry.<sup>136)</sup>

Trouens die wederkerigheid van beskerming en gehoorsaam-  
heid soos wat dit vloei uit die aard van die verpligtinge  
wat die leenhere aan die vasal bind, sou deur du Plessis  
Mornay as uitgangspunt geneem word.<sup>137)</sup> Daar bestaan 'n ori-  
ginele verdrag tussen God en sy volk (Jehova en Israel) waar-  
deur God beskerming bied en die volk van sy kant die bewaring  
van die ware geloof. Onbeperkte gehoorsaamheid is slegs aan  
God verskuldig, en die vors se delegaat is van 'n beperkte,  
deur Godswet gebonde, karakter.<sup>138)</sup> Aan die reg word nou die  
inhoud gegee van 'n onveranderlike en onpartydige prinsipe,  
gebaseer op universele rede — waardeur die majesteit van die  
reg in die staatsfilosofie in beginsel bepleit word.<sup>139)</sup>

Buchanan sien dan tereg in die regte van die stande 'n  
beperking op die owerheid, wat by aflegging van die eie pri-  
vileges, wel sy taak van geringer omvang maak, maar juis  
daardeur sterker staan.<sup>140)</sup>

-----  
135) Vgl. Gough, J.W., a.w., en Figgis, a.w., bls.148.

136) Immers Francois Hotman beskou die verdrag nie as 'n  
abstrakte beginsel nie, maar 'n generalisasie van die  
feite uit die middeleeue: Figgis, a.w., bls.157. Vgl.  
Gough J.W., a.w., bls.51.

137) Vgl. ook Figgis, a.w., bls.149-150. Ook Beza sou hier-  
die wederkerigheid beklemtoon, veral vir die owerheid  
wat 'n plig sowel as 'n reg het teenoor die volk —  
obligatio solemnī et publico consensu contracta. —  
Gough, J.W., a.w., bls.51.

138) Vgl. du Plessis Mornay, *Vindiciae contra Tyrannos*, aan-  
gehaal Figgis, a.w., bls.154.

139) Figgis, a.w., bls.156. Ook Francois Hotman gaan bo die  
positief-regtelike uit as hy die verhouding tussen vors  
en volk voorstel as 'n algemeen geldende norm —  
Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.126 en Figgis, a.w., bls.  
155-6.

140) Vgl. ook Mekkes J.P.A., a.w., bls.127. Vgl. Gough J.W.,  
a.w., bls.57-64. Vgl. die eed afgelê deur Jacobus VI  
"to discharge truly and honourably the office given  
him by God over them." —

Van Roomse kant sou Jean Boucher en Rosseaus na ons mening die belangrikste bydraes lewer tot die verdragsgedagte. Veral Boucher beroep hom op die foedus tussen God, volk en koning, waarin die volk 'n groter aandeel het en die koning dus moet dwing om sy verpligtinge na te kom. Waar die volk dus die potestas behou by instelling van die koningskap, is die owerheid gebonde in religieuse sake. Waar Boucher hom nog op Bybelse gronde beroep, sou Rosseaus die verdragsgedagte sekulariseer, en derhalwe politieke gesag as die doelbewuste en kunsmatige skepping, — die arbitrêre keuse — van 'n oorspronklik soewereine volk, poneer.<sup>141)</sup> Aldus word regering 'n gemeenskaplike bundeling vir die behoeftes van sekuriteit. Die owerheid is deur die doel van sy bestaan, d.w.s. sekuriteit en beskerming van individuele vryheid gebonde. Daardeur kan geen owerheid ooit absoluut wees nie, veral omdat owerheidsgesag sy oorsprong in regte het.<sup>141a)</sup> Hierdie laaste gedagte sou Mariana ook aanvaar in die beperking van die owerheid deur die doeleindes waarvoor dit ingestel word.<sup>142)</sup>

Hoewel die monargvegters hulle skuldig maak aan natuurregtelike konsepsies, bly dit nietemin waar dat die positiefregtelike beslag van die middeleeuse standereg op hulle denke deurslaggewend is. Veral by Hotman, Du Plessis-Mornay en Buchanan is die juridiese posisie van die owerheid teenoor God in dié verband beslissend. Ons moet derhalwe konkludeer dat indien die monargvegters geen nuwe bydrae tot die owerheidstaak lewer nie, dit die reeds behaalde juridiese begrensing verstewig en uitbou, in formele sin; na die strukturele sy sou die verdragskonstruksie egter die nie-staatlike

141) Gough J.W., a.w., bls.57-8. Vgl. ook Carlyle, a.w., Vol. III, bls.342 e.v. en Enno van Gelder H.A., a.w., in de Pelgrimstocht, bls.372.

141a) Figgis, a.w., bls.161.

142) Figgis, a.w., bls.169. Vgl. Dunning, a.w., bls.68 e.v. Vergelyk veral Mariana se interessante beskouinge t.o.v. administrasie en praktiese owerheidsopptrede in die derde Boek van sy De Rege. Gough J.W., a.w., bls.59-60.

verbande negeer sodat die beginsel eers deur Johannes Althusius ingedra word. Welliswaar het ook hy nog 'n verdrag as grondslag van die simbiotiese groep, in soverre as die plek van die Aristoteliaanse doelgesigspunt geneem word deur die begrip van die juridiese verbandfunksie.<sup>143)</sup> Waar hy die gemeenskapslewe onder die noemer van simbiose plaas, vorm die verdragskonstruksie die juridiese bo-bou, op 'n organies-sosiologiese onderbou.<sup>144)</sup>

Die gedagte dat die sosiale lewe in die goddelike wêreldorde gegrond is, beheers die hele teorie van Althusius in fundamentele sin.<sup>145)</sup>

As voorbeelde van sy consociationis poneer hy familie, genootskap (gilde), gemeente, provinsie en staat. Die nie-staatlike vorme en die individue is nie dele van die territoriale staat nie.<sup>146)</sup> Vir alle vorme geld 'n reg, waardeur owerheid en onderdaan geskei en vir elke lewensvorm sy eie reg, na sy eie besondere aard, erken word.<sup>147)</sup> Aldus kan hy poneer dat én volk, én owerheid, en die efore (stande) aan die wet van God vir die staatslewe onderworpe, en aan Hom vir hul taak-beoefening verantwoordelik is.<sup>148)</sup> Daarmee is die onderworpenheid van die staatsgesag aan die positiewe reg — as positivering van Goddelike norme — beklemtoon, naas die oorspronklike en materiële bevoegdheid van die nie-staatlike samelewingsvorme in 'n strukturele begrensing van die owerheidstaak in die rigting van soewereiniteit in eie kring.<sup>149)</sup>

143) Mekkes J.P.A., a.w., bls.129.

144) Vgl. Du Plessis L.J., a.w., bls.131-2.

145) Vgl. Du Plessis L.J., a.w., bls.131.

146) Mekkes J.P.A., a.w., bls.132. Vgl. Dunning W., a.w., bls. 63 en Figgis J., a.w., bls.203. e.v.

147) Vgl. Dunning W., a.w., bls.62 "in each the given end conditions the administration of its affairs...." Sien ook du Plessis L.J., a.w., bls.132.

148) Du Plessis L.J., a.w., bls.133.

149) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.134-5. Sien du Plessis L.J., a.w., bls.132. Die publieke funksie is besturend teenoor die private deurdat hulle laasgenoemde verbeter, beperk, uitbrei, en rig tot heil en nut van die hele samelewing.

Waar daar minstens 'n tweeledige doel in die sosiale organisasie aan te wys is. — in die geestelike en sekulêre welvaart van die lede — stem die owerheidstaak verder daarmee ooreen, in die supervisie van religie, erediens, moraliteit en opvoeding. Naas die neerlê van reëls vir sosiale gedrag moet die owerheid in die tweede plek 'n wye veld van konkrete aktiwiteite dek in die positiewe bevordering van die algemene welvaart, wat insluit handel industrie, muntwese, ykwese, administrasie van openbare inkomste en eiendomme en beskerming teen interne en eksterne bedreigings.<sup>150)</sup> Althusius het dus gevorder tot 'n punt waar die owerheidstaak een van juridiese integrasie in 'n veelheid van regsbelange word, alhoewel die individualisering, van kerk en staat nie ten volle deursien word nie.<sup>151)</sup> Maar daarby hou hy terdeë rekening met die a-tipiese owerheidstaak soos onder andere blyk uit die sensuur op sedes in tye van verval en dekadensie.<sup>152)</sup>

-----  
150) Vgl. Dunning, W., a.w., bls.66,67.

151) Vgl. Figgis, a.w., bls.207. Die kerk is vir hom nog nie 'n aparte assosiasie nie, en die soewereiniteit in religieuse sake berus by die gehele volk.

152) Vgl. Dunning, W.A., a.w., bls.67. Immers die doel van regering is die gemeenskaplike welsyn (common good) en "its final end, is a life in which men quietly and rightly serve God," Carlyle, a.w., Vol.III, bls.358-360. Vgl. du Plessis L.J., a.w., bls.135. Du Plessis meen dat Althusius egter geen oog het vir die histories-gedifferensieerde nasionale afronding van die staatsvolk, waardeur die soewereine staatsgesag eiginlik bepaal word nie. — 'n Punt waarop ons hoop om in Hoofstuk VI, terug te keer.

## AFDELING II.

### DIE HUMANISME.

#### A. VOORTGESETTE STAATSABSOLUTISME.

##### 1. Inleiding :

Reeds as Luther hom van Erasmus distansieer in sy mensbeskouing, sou dit duidelik wees dat die humanistiese grondmotief van vryheid deur natuurbeheersing, in die wortel nie te versoen is met die Christelike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in Christus Jesus, nie. Want Luther verdedig die gebondenheid en onmag van die gevalle mens, waaruit Gods genade, in verlossing, hom roep tot boetedoening en geloof. Dit is geen ontkenning van die vryheid van die wil nie, omdat dit nooit uitgeskakel word in die sedelik-religieuse verantwoordelikheid van die handelende mens nie.<sup>153)</sup> Hierteenoor staan Erasmus as die beskoulike intellektualis vir wie dit slegs daarom gaan, om in alle dade die menslike verantwoordelikheid in alle skerpte te laat uitkom.<sup>154)</sup> Daarby was dit vroeg reeds duidelik dat ook Erasmus strewe na 'n Christelike filosofie wat vanweë 'n sterk moralistiese inslag, die paganisme van Cicero in herinnering roep.<sup>155)</sup> Só kry die sonde as verskynsel van ons gebroke bedeling geen plek, as die religie opgaan in moralisme, teneinde die menslike verantwoordelikheid te handhaaf, nie. In teenstelling het Luther baie duidelik poneer dat daar in die genade van God, soos geopenbaar in die verlossing deur Christus Jesus, geen werkverdeling tussen God en mens kan bestaan nie.<sup>156)</sup>

153) Vgl. Haitjema Th.L., Houding der Protestanten teenover het Humanisme, Cult.Gesch. der Chr., Vol.III, bls.181.

154) Vgl. Haitjema Th.L., a.w., Vol.III, bls.181-2.

155) Nauta D., Standpunt van Luther en Calvyn teenover het Humanisme, in Cult. Gesch. der Chr., Vol.III, bls.269.

156) Nauta D., a.w., in Vol.III, bls.272 — 'n Volkome afwysing dus van die pelagianisme en bevestiging van die absolutheid van die genade.

Waar die natuur-genade-motief, die bron was van ver-wêreldliking, van 'n lewenshouding waardeur die verband tussen Christus en die daaglikse lewe losgemaak word, en hierdie wêreld as die terrein van die natuur resloos van Gods soewereiniteit onttrek word, sôu die oorskatting van die rede die mens weer die gevoel gee dat hy met sy verstand die wêreld kan beheers en in 'n totaliteitsblik saamvat. Sedert die 16de eeu sou die hoogmoed van die intellektualisme gerig wees op die verheerliking van die "veel wetende, veel kennende en de schepping in zijn greep gevange-houdende mensch."<sup>157)</sup>

Deur hierdie rasionalisme en supra-naturalisme het die mensheid uit die spoor van die Christendom in die glybaan van 'n nuwe heidendom beland.<sup>158)</sup> Aldus is beide die Reformatoriese Christendom en die Rooms-Katolisisme as kultuurmagte op die agtergrond gedring deur die opkomende humanisme. Alles sentreer voortaan om die denkende mens en sy heldere persepsies — "want denke en begrip is vóór die woord, ook vóór Gods Woord."<sup>159)</sup> Die mens gaan oor van deemoedige afwagting van Gods openbaring na die houding van die denker wat die vastepunt in homself soek, met die rede as toetssteen vir alle waarheid.<sup>160)</sup> Daarom die rasionalistiese verwerping van die Heilige Skrif, omdat dit aan dié toets onderwerp, sou faal!

René Descartez (1595-1650) lê dan die riglyne neer vir hierdie nuwe denkwyse wat soos ons reeds aangedui het, voorlopige gestalte in die Renaissance gevind het, en voortaan welig sou inent op die stok van die ontkerstende, gesekulariseerde denke van die middeleeuse Romanisme.<sup>161)</sup> In die dialektiese spanning tussen 'n Christelike en nie-Christelike terrein,

157) Waterink J., Fouten der Kerk en Christenheid, Cult. Gesch. der Chr., Vol.IV, bls.136-8.

158) Waterink J., a.w., bls.138.

159) Haitjema Th.L., Crisis der Outoriteit in Cult. Gesch. der Chr., Vol.IV, bls.102. So word die Lex aeterna vervang deur die wil en selfbeskikkingsreg van die enkeling met sosiale nut as enigste maatstaf.

160) Haitjema A., Crisis der Outoriteit, bls. 102-3.

161) Vgl.Venter E.A., a.w., bls.93-4. Wat Thomas vir die Rooms-Katolisisme gedoen het, het René Descartes vir die moderne ongeloof gedoen. Hy wys ook op die intieme verband tussen Descartes en die Roomse-gedagtegang bls.94-6. Vgl.Mekkes J.P.A., a.w., bls.140.

sou hierdie wêreld sorteer binne die magsgebied van die rede, wat Descartez outonoom verklaar. Die weg tot verwerkliking van die menslike vryheid sou weldra eindig in die natuurwetenskaplike beheersing van die kosmos.

Die vryheid deur natuurbeheersing — persoonlikheids-ideaal of wetenskapideaal — sou voortaan op die gebied ook van die staatsfilosofie in sy inherente dialektiek oorheers, en die owerheidstaak stu namate in die polarisasieproses, die primaat sou wissel. Daarmee sou die humanistiese regstaatsgedagte sig verder wesenlik distansieer van die humanistiese magstaatsgedagte in die lyn van Machiavelli en Bodin, waar die owerheidstaak in antiek-monargale lyn, die uiterste konsekwensies van die kontinuïteitspostulaat van die humanistiese wetenskapsideaal ten prooi val. By die regstaatskonsepsies van volksoewereiniteit in die lyn van Willem van Ockham en Marsillius van Padua is die owerheidsgesag van enkelinge afgelei, en daarmee is die individualisme as voorloper van beide reg- en magstaatsteoretici uit humanistiese huis gekenmerk. Voortaan sou die ewige goddelike reg- lex aeterna — vervang word deur die wil en selfbeskikking van die enkeling met sosiale nut as enigste maatstaf by die aanhangers van vors of burgersoewereiniteit in die lyn van die juridiese staatsabsolutisme.

#### A.II. DIE ANTIEK-MONARGALE LYN VOORTGESIT IN STAATSRAISON.

##### (i) Filosofiese Grondslae :

As Descartez (1596-1650) met sy cogito die teoretiese skepping van 'n nuwe heelal moontlik maak, sou die menslike rede voortaan self die samehang en verskeidenheid daarvan konstrueer.<sup>162)</sup> Maar vir die persoonlikheidsideaal sou hierin weer die gevaar skuil dat natuurwetenskaplike metodes op die normatiewe aspekte van die tydelike werklikheid toegepas,

-----  
162) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 140-1.



die selfgenoegsame persoonlikheid sou verstik.<sup>163)</sup> As Hobbes dan die hele kenbare werklikheid onder die noemer van die bewegende liggaam bring, konstrueer hy die staat uit sy eenvoudigste elemente in 'n kontrak. Daarmee is die byl reeds aan die wortel van die soewereiniteit van die individu!<sup>164)</sup>

In die lyn van die ontwikkeling van hierdie denkriktig sou Grotius (1583-1645) in die erkenning van die redelike, sedelike natuur van die mens 'n toegewing doen aan die persoonlikheidsideaal.<sup>165)</sup> Hobbes sou dit egter resloos opdoek, en die natuurwetenskaplike metode aanwend in die opbouing van 'n naturalisme waarin die grense tussen wet en norm onder die kontinuïteitspostulaat sou vervaag, totdat alles onder die grondnoemer van natuurwette tuisgebring sou word.<sup>166)</sup> Die verswelging van die individu in matematies-meganiese natuurwetmatigheid!<sup>167)</sup> —

Vir die owerheidstaak is verder van belang dat die oorsprong van die staat uit subjektivistiese noodsaak gebore<sup>168)</sup>, per kontrak uit die diskrete enkelinge, en in finale en

-----  
163) Mekkes J.P.A., a.w., bls.141. Daarom sou ons by hom die primaat van die persoonlikheidsideaal in die wetenskapsideaal self vind. Vgl. Dooyeweerd, W.de W., Vol.I, bls. 177. Vgl. Venter E.A., a.w., bls.106-7. Descartes sou in sy res extensa en res cogitans as erkenning van die wetenskapsideaal en persoonlikheidsideaal respektieflik, die dualisme van die religieuse grondmotief, waar die versoening van die natuurwetmatige met menslike vryheid as onoplosbare raaisel bly bestaan, ten beste illustreer.

164) Vir Hobbes is die fundamentele werklikheidsaspek materialisties-atomisties, m.a.w., 'n fisikaliese, met die eenheidsmetode in die matematies-meganiese. Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.41, ook bls.228. Publieke reg domineer in alle opsig die private reg.

165) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.144 — in natuurreg as uitwendige Schranke vir wetgewerswillekeur, maar nietemin bly die staatsbelang die hoogste wet, waar die owerheid die onderdaan sy regte in staatsbelang kan ontnem. Derhalwe 'n owerheidstaak konsepsie wat wesenlik onbegrens is, soos illustreer in die onderskeiding tussen publieke en private reg, waarin te alle tye die primaat aan eersgenoemde toekom. Daarom is die ander lewensvorme onder die gesag van die staat. Vgl. Dunning, W.A., a.w., bls. 179 e.v.

166) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.148-9 en Dunning, W.A., a.w., bls.263 e.v.

167) Venter E.A., a.w., bls.107.

168) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.149.

onherroeplike oordrag van gesag, by name regeergesag, verklaar word.<sup>169)</sup> Daardeur word die owerheid andermaal tot bron van die positiewe reg proklameer, en selfs die natuurreg vorm geen begrensing meer nie. Inderdaad die algehele primaat van die persoonlikheidsideaal! Die verdrag waarin die staat sy ontstaan het is dan bloot 'n juridiese konstruksie, waarin die onderwerping van die individue aan 'n eenheidswil (in ooreenstemming met sy individualistiese konsepsie) voltrek word.<sup>170)</sup>

'n Owerheidstaak vloei dan hieruit voort wat die algehele uitwendige reëling van die samelewing, ook in kerklike verband, deur positiewe wette behels.<sup>171)</sup> Na binne het die owerheid volle beheer oor die individue en na buite in die tussenstaatlike verhoudings heers nog 'n natuurtoestand! So het die formeel juridiese verdragskonstruksie uitgeloop op 'n juridies absolute, d.w.s. onbeperkte, owerheidsoewereiniteit, waarin van strukturele begrensing van die owerheidstaak geen sprake kan wees nie,<sup>172)</sup> en waarin die juridiese verdragsdaad juis die finale opheffing van enige juridiese begrensing meebring. Daarom sou onpartydige regspraak die vors hoogstens eties kon bind, synde die advies van Hobbes aan 'n verstandige vors.<sup>173)</sup> Trouens die doel van die staat is bloot utilitaristies, insoverre as dit alle kragte en middele gebruik soos dit bevorderlik skyn te wees vir gemeenskaplike vrede en verkeer.<sup>174)</sup> Daarmee is dit duidelik dat die herstel van oorspronklike gelykheid van die individue ook nie tot die owerheidstaak gereken word nie.

-----  
169) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w.,bls.150.

170) Du Plessis L.J., a.w.,bls.47. Mekkes J.P.A.,a.w.,bls.150.

171) Mekkes J.P.A.,a.w.,bls.151. Vgl. Dunning W.A., a.w., bls.296 e.v.

172) Vgl. Venter E.A., a.w.,bls.108. Deur die werklikheid in 'n fisiese natuurfunksie af te sluit kan Hobbes geen oog hê vir die realiteit en eie-wetlikheid van die verskillende samelewingsordeninge nie... Wetmatigheid is gehipostaseer (ten koste van die individualiteit.

173) "The law of nature and of nations and even the law of God have binding force upon the individual only through the will of the political sovereign." Dunning W.A.,a.w., bls.302. Vgl. Mekkes J.P.A.,a.w.,bls.151 en Du Plessis L.J., a.w.,bls.47.

174) Andreae,W., Staatssozialismus und Ständestaat, bls.65.

Die invloed van hierdie gedagterigting is verder by Baruch de Spinoza (1632-1677) sterk aan te dui, wat ook nie daarin slaag om die owerheidsgesag juridies te begrens nie. Want natuurmag en natuurreg is identies,<sup>175)</sup> en word res-loos aan die heerser in die verdragsdaad oorgedra. Weereens hang die owerheidstaak saam met die wil en insig van die heerser, ongeag die feit dat Spinoza gewetensvryheid bepleit.<sup>176)</sup> Uit hierdie dilemma sou ook Pufendorf (1632-1692) se gesags- of heerskappyverdrag ons nie verlos nie, want wel word 'n juridiese begrensing in vooruitsig gestel, maar die aanvulling van natuurreg by sogenaamde gebreke in die positiewe reg, laat die oordeel oor dusdanige gebreke aan die willekeur van die owerheidspersoon oor. Juis daarom is die oordeel per sanum hominem nêrens bruikbaar as grens of omskrywing van die owerheidstaak nie.<sup>177)</sup>

Thomasius (1655-1728) sou in die natuurtoestand die rede laat geld teenoor Hobbes se hartstogte. Uit hierdie rede-like natuurwet lei hy die reg, sowel as die etika af. Die reg skep die uitwendige verpligtinge wat deur die staat ge-handhaaf word. Die moraal en godsdiens as innerlike gegewe, begrens dan die owerheidsbevoegdhede. Hier word die owerheidstaak een van uiterlike regsreëling tot onderlinge af-grensing van die individuele vryheidsfere, wat heenwys na die latere liberalistiese konsepsies. Die uitwendige vrede as owerheidstaak, word dan ook tot in die kerk gehandhaaf. Aldus

-----  
175) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.152 en Dunning W., a.w., bls. 311.

176) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.152-3. Die ideaal is dat die owerheid deur die rede gelei sal word hierin, maar ten spyte daarvan gee staatsraison die deurslag, wanneer sonde teen die naaste vrome optrede word as dit in belang van die staat gepleeg word! Vgl. Dunning a.w., bls.500 e.v.

177) As kompromis tussen de Groot en Spinoza sou hy inderdaad die naturalisme enigsins probeer terugdwing ten gunste van die persoonlikheidsideaal deur die erkenning van die natuurlike sedewet. Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.155 en Dunning a.w., bls.156.

begrens deur die gewete, bly die kerk nietemin die taak van 'n owerheid wat bron van alle reg is ook van die nie-staatlike reg. Daarmee is die skynbare vordering tot juridiese begrensing bloot een van individuele gewetensvryheid, terwyl die lewensordeninge nog resloos aan die staatsverband uitgelewer word. Slegs die innerlike van die mens bly buite die bevoegdheidsfere van die staat ten opsigte van voorskrifte oor godsdiens en moraal, terwyl van soewereiniteit in eie kring van nie-staatlike vorme geen sprake is nie, juis omdat geen onderskeid gemaak word tussen staatlike en nie-staatlike reg nie. Met moraal en godsdiens as vryhede, bly hy dus gevang in die totalitêre onderordering van die nie-staatlike regsgebiede. Met hoogstens dus 'n konsessie aan die persoonlikheidsideaal, bring Thomasius ons nie verder as 'n etiese begrensing ten opsigte van individuele regte nie. 'n Gedagtegang wat by Christiaan Wolff (1679-1754) sou kristalliseer in aangebore onvervreembare regte uitvloeiende uit die redelike natuur, naas verworwe, vervreembare regte wat uit die kontrak spruit. Die oorgang na 'n regstaatkonsepsie is duidelik, hoewel staatsraison slegs deur salus publica begrens word.<sup>178)</sup> Inderdaad 'n nuttige gedagte vir Frederick die Grote in sy polisiestaat!

Die owerheidstaak bly derhalwe in die gedagtegang van hierdie individualistiese kontrakteoretici, steeds gevange in die magstaatskonsepsie, waarin die kontinuïteitspostulaat van die wetenskapsideaal die primaat bo die persoonlikheidsideaal verwerf het. Hierdie koers sou dan ook vir 'n gehele eeu die praktiese gang van sake in Europa beheers want daardeur

178) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.160, 228.-- Immers die staatsdoel is vir hom saamgevat in vitae sufficientia, tranquillitas en securitas -- Maar die aangebore vryhede en die verworwe eiendom kan in belang van algemene welsyn beperk word. -- Die gedagte van 'n noodreg wat selfs op natuurreg uitsonderings toelaat. Die behartiging van die individuele behoeftes vorm dan die prinsipe van die staatsraison "dat ook voor de jura connata geen halt maakt," bls.228.

is inderdaad 'n meganiese orde verseker in verabsoluttering van die wil van die owerheidspersoon. Aan die gesagvereistes is steeds voldoen, maar die vryheid is negeer!<sup>179)</sup>

Weldra sou daar in die denke 'n aksentverskuiwing plaasvind as die klem val op die gevoelsmatige, eerder as die redelike. Daarmee is die primaat weer aan die geesteswetenskaplike gegee bo die natuurwetenskaplike.<sup>180)</sup> Daar is derhalwe nou sprake van volutarisering van die humanisme, waarin Jean Jacques Rousseau (1712-1778) teenoor die korrupte beskawingsdwang as vryheidsapostel sou figureer.<sup>181)</sup> Immers die van nature, vrye individu word deur Hobbes se meganiese beskawingsdwang verslaaf. Derhalwe is nodig 'n juridiese staatskonstruksie, waardeur die natuurlike vryheid nie opgehef word terwille van meganiese orde nie, maar omgeset word in geordende burgerlike vryheid.<sup>182)</sup> Vandaar sy algemene wil<sup>183)</sup> (wat deur 'n kontrak tot stand kom as 'n transpersonele persoon, met 'n eie bestaan en wil, wat staan teenoor die individuele wil.<sup>184)</sup> Die owerheidstaak lê dan juis daarin opgesluit dat hierdie algemene wil alle staatsaktiwiteite rig op die algemene belang. Daarmee kry die gemeenskap andermaal die primaat oor die enkeling! 'n Posisie waarin die enkelinge egter gelyktydig owerheid en onderdaan is, as gevolg van die owerheidsverdrag van die enkelinge met die kollektiwiteit.<sup>185)</sup> Vanuit die individualisme, het Rousseau die universalisme in sy kollektiwiteit benader — die staatswil as spreekbuis van die algemene belange.<sup>186)</sup> Aldus 'n totalitêre opvatting op

179) Du Plessis L.J., a.w., bls.48.

180) Juis in die natuurwetenskaplike neem ook Rousseau kennis van die meer organiese chemie (wat integreer) teenoor die meganistiese fisika. Vgl. Venter E.A., a.w., bls.109, du Plessis L.J., t.a.p.

181) Du Plessis L.J., a.w., bls.48.

182) Du Plessis L.J., a.w., bls.48-9.

183) Fisher, Studies in History, bls.29 meen dat die algemene wil deur Diderot geïnspireer is.

184) Mekkes J.P.A., a.w., bls.285, e.v. In ooreenstemming met sy opvatting dat die finale gesag in 'n mistieke volkswil setel. Venter E.A., a.w., bls.109.

185) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.278 e.v.

186) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.315 — 'n punt waar transpersonalistiese staatsabsolutisme hom in die gesig staar!

individualisties-demokratiese grondslag, waarin die publieke reg, die private reg verdring, en waarborg word vir die almagtige owerheid in die naam van die algemene wil. So is die algencegsame enkelingpersoonlikheid opgehef deur die meerderheidsdwang.<sup>187)</sup> Daarmee is terselfdertyd die juridiese begrensing van die owerheidstaak opgelos in 'n konsekwente deurvoering van die individualisme. Daarom sou Rousseau ook aan die strukturele aspek geen reg laat geskied nie, as hy die tussengeleding, korporasies en nie-staatlike ordeninge bestaansreg ontsê — 'n staat met absolute burgersoewereiniteit het dus die negasie geword van burgervryhede — <sup>188)</sup> waar sy verzet teen die oorheersing van die menslike persoonlikheid deur die matematiese wetenskapsideaal hom uitdrywe, sou hy die enkeling tot vryheid dwing onder die algemene wil, wat op sy beurt individualiteitsferê nivelleer.<sup>189)</sup>

Met Rousseau het ons dan aan die einde van die 18de eeu die lyn van die juridiese staatsabsolutisme as voortgesette denkrigting onder antiek-monargale invloed voltooi, hoewel hyself eerder politargies georiënteerd was, en tot 'n groot hoogte ook onder die regstaatsdenkers 'n plek verdien, maar nietemin 'n owerheidstaak in absolute sin konsipieer.<sup>190)</sup> Die gevangenskap van die owerheidstaak in die voortgesette staatsraison, met flou pogings tot begrensing waarin agtereenvolgens goddelike reg, natuurreg en *salus publica* as uitwendige Schranke sou figureer, sou egter soos 'n onkeerbare vloed die staatspraktyke meesleur, sodat die aktuele owerheids-optrede in die bloeitydperk van staatsabsolutisme, allesins

-----  
187) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.306 e.v.

188) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.315, en 601. Vgl. Venter E.A., a.w., bls.109. Omdat Rousseau alleen die bestaan van individuele dinge erken, kan sy staat alleen tot stand kom per kontrak tussen individue. Daarom wys hy die gildeweese af en verwerp selfs politiekepartyvorming.

189) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.315.

190) Hy hou die staat immers aan ons voor as godsdienstige vereringsobjek. Verder poneer hy "It is the duty of the state to form the mind and character of the citizens, and an obligation rests upon parents to see that their children are duly indoctrinated with respect for the laws and institutions, Consideration sur le Gouvernement, de Polagne—

die stempel van onbegrensdeheid sou dra. Hiervan sou 'n Lodewyk XIV en Frederick die Grote die kwintessens vorm.<sup>191)</sup>

A.II(ii) Merkantilisme as konsekwensie van Staatsraison.

Waar in die middeleeue die begrippe stad en staat min of meer sinoniem is, was die stad reeds op ekonomiese gebied soewerein, in afwesigheid van 'n ander sterker sentrale gesag. In die 16de eeu sou hierdie toestand verander. Die tussenstedelike verhoudinge word meer intensief, en die behoefte aan algemeen geldende regspraak en owerheidsgesag word skerp geteken. Sterk handelstede sou vir 'n lang tyd egter nog die ekonomiese politiek beheers, soos veral in Nederlande die geval was. Die sentrale owerhede sou van die veranderde omstandighede wel profiteer en sig meer bemoei met die ekonomiese versterking van die volk en die staat.<sup>192)</sup>

In Engeland was reeds in die 13de en 14de eeu dusdanige verskynsels merkbaar, wat in die laaste helfte van die 16de eeu deur Koningin Elizabeth I (1558-1603) verder ingespan sou word in belang van nasionale welvaart. In Frankryk sou Hendrik IV (1589-1610) in dieselfde tydperk 'n politiek begin volg wat nywerheidsontwikkeling en nasionale welvaart ten doel het.<sup>193)</sup> 'n Beleid wat dan ook aldaar 'n deurlopende en voortgesette beeld vorm oor Richelieu, Mazarin, Lodewyk XIV,

-----  
191) Want die Groot Elektor van Brandenburg, die Karels van Swede (X,XI,XII), Pieter die Grote van Rusland, asook Catharine die Grote, benewens Willem van Oranje self, weerspieël almal in meerdere of mindere mate die neigings wat by Lodewyk XIV so besonderlik geaksentueer is. "The basal motive in each case was, not so much the promotion of their creed or the welfare of their subjects, as their own personal and dynastic aggrandizement." Dunning, W.A., a.w., bls.307.

192) Vgl. Enno van Gelder H., in De Pelgrimstocht, bls.352. Die ekonomiese taak van die owerheid tree in die plek van die kleiner gebiede of stede. — Immers Merkantilisme is "Stadtpolitik in lokaler Vergrößerung," en bestaan daar slegs 'n graadverskil tussen stedelike gildepolitiek en nasionale merkantilisme. — Van der Ploeg J.G., Streven naar een hernieuwde Christelijk samenleving, Cult. Gesch. der Chr., Vol.V, bls.85.

193) Vgl. Fisher, A History of Europe, bls.624, 630.

Danton, Napoleon, Delcassé, Clemenceau en Poincaré.<sup>194)</sup> Dieselfde gees adem Olivarez van Spanje onder Phillip IV (1621-65).

In Duitsland sou die afsonderlike state by ontstentenis van 'n sterk sentrale gesag, die taak in alle erns aanvaar.<sup>195)</sup> Juis hier sou owerheidsbemoeling die mees verre-gaande konsekwensies aanneem. Die Groot Elektor (1640-1688) het weldeeglik sy invloed in die rigting van sentralisme laat geld,<sup>196)</sup> waar die hoofprinsipe, vanweë die na-oorlogse toestan-de, die uitbreiding van die bevolking as voorvereiste vir her-winning van verlore krag is. Derhalwe allerlei maatreëls om die bevolkingsaanwas te bespoedig, naas versigtige toesig oor die getalle arbeiders in elke beroep, met die oog op 'n geson-de getalsverhouding tussen die beroepe onderling op nasionale basis.<sup>197)</sup> Hierdie rigting word deur Frederik Wilhelm (1713-1740) voortgesit,<sup>198)</sup> totdat ons in Frederick die Grote (1740-1786) die volledige beliggaming van 'n staatsabsolutisme in die gees van staatsraison sou vind. Sy beleid sou egter veelal stuit op die agterlike toestand van die burgery, en by name die boerebevolking, wat hy verag as „eine verwünschte

194) Immers Antonio Serra (1613) bepleit reeds bevordering van die bedryfslewe deur die staat, Vgl. Smeenk C., a.w., bls.139.

195) Hassal, a.w., bls.238-40. Hier kry ons dan wel merkanti-lisme in die rigting wat Thomas Mun aangedui het. Smeenk C., a.w., bls.139.

196) „The inhabitants of Brandenburg preferred prosperity under a despotic ruler to poverty and possible invasion under a constitutional government," Hyma A., World His-tory, bls.260.

197) Calviniste sou gretig ontvang word. Daarby sou die Kreistag-besluite te Neurenberg (1650) die noodtoestand ten beste illustreer (Manne benede 60 jaar word toegang tot kloosterordes geweier, priester-huwelike goedgekeur en selfs monogamie word tydelik opgehef!) In praktyk het egter gegeld swaar belastings op ongehudes, met 'n sterk belasting op Joodse huwelike (hulle getalle moes laag gehou word!) Vgl. Smeenk C., a.w., bls.112. Polak S., a.w., bls.181. Vgl. Hyma; A., World History, bls.261. In 1685, is nagenoeg 20,000 hugenote ontvang

198) Vgl. Enno van Gelder, H.A., a.w., bls.353. Vgl. Hyma, A., World History, bls.261. Onder hom sou na die verdrag van Utrecht burokrasie in die plek van plaaslike wet-gewende liggame ontwikkel, wat behoue bly tot 1918.



Rasse! 199) Mede as gevolg van hierdie beskawingstoestand sou Frederik 'n beleid van staatsosialisme volg soos deur die kameraliste bepleit.<sup>200)</sup> As hy homself as dienaar van die staat aanmeld verskil dit in die praktyk egter nie van Lode- wyk XIV se le'tat 'cest moi nie!<sup>201)</sup> In ooreenstemming met die kameralistiese opvatting van die owerheidstaak, wat 'n drieledige implikasie het, het Frederik 'n ware polisiestaat gehandhaaf. Die owerheidstaak is dan gesien eerstens as 'n ekonomiese of landhuishoudkundige, tweedens as 'n polisie of stadhuishoudkundige en derdens as 'n besondere of finansiële kameraalwetenskaplike taak,<sup>202)</sup> inderdaad 'n omvattende absolu- tisme op die resep van Christiaan Wolff!

Eenheid van muntwese, met doelbewuste handelspolitiek, staatsmonopolies vir in- en uitvoer, en aanmoediging van in- dustrie sou weldra die praktiese uiting van hierdie beleid be- hels. Niks kon hom stuit nie, selfs nie arbeidstekorte nie, wat hy onder andere, die sterftesyfer tenspyt, deels opgelos het deur die wese van Potsdam verpligte arbeid in die sy- nywerheid te laat doen.<sup>203)</sup> Swaar strawwe geld vir arbeiders wat loonsverhogings eis of loonsverminderinge probeer verhoed. Stakings was verbode met minimum- en maksimum- lone van ower- heidsweë vasgestel.<sup>204)</sup> Dit geskied alles onder staatsraison

199) Bartstra J.S., Rede, Revolusie, Romantiek in De Pelgrims- tocht der Mensheid, bls.444. Vgl. Fisher, a.w., bls.747 e.v. Immers die tweestryd tussen Oostenryk en Pruise 1740-1763 sou geen verligting kan bring vanweë die oor- logstoestande nie.

200) Vgl. Andreae, W., Staatssozialismus und Ständestaat, Gustav Fischer, Jena, 1931, bls.56 (voetnota).

201) Polak S., a.w., bls.183. Vgl. Smeek C., a.w., bls.112-3. Vgl. Hyma A., World History, bls.262. "Although he cal- led himself the first servant of the state, he distrusted the masses of people and continued to rule as an absolute monarch."

202) Vgl. Ludwig von Sechendorff 1655. Der Teutsche Fursten- state en Joseph von Sonnenfels, Grundsätze der Polizei, Handlung und Finanzwissenschaft (1763-7).

203) Vgl. Smeek C., a.w. 113

204) Vgl. Enno van Gelder H.A., a.w., bls.353. Tereg merk Neuman S., Estatism in Europe, Acad. of Pol. Science, Vol.XXIV No.1; bls.19, op van Pruise "even its rising capitalism was a feudal capitalism, instigated by the state as an entrepreneur, the army as a first big con- sumer, and the bureaucracy as a chief, organizing force."

in die bereiking van nasionale outarkie,<sup>205)</sup> want die nasionale state sou die politiek van die middeleeuse stede voortsit, ~~---~~  
stadsbelang word nou ryksbelang.<sup>206)</sup> Die ekonomiese posisie in die 16de en 17de eeue by state, wat met 'n betreklike swak ontwikkelde staatskrediet, sigself moes finansieer in 'n tydstip toe ruilmiddele vir die handelsverkeer noodsaaklik was, indien die volk nie by ander wil agterstaan nie, verg toenemende geld toevloei na die staat, met minimum uitbetalings.<sup>207)</sup> Vir die seevarende moondhede sou kolonisasie wel dra 'n welkome toevoeging tot hulle hulpbronne beteken, en waar hulle afsetgebiede vir fabrieksnywerhede beoog, sou nywerhede in die kolonies belet word.<sup>208)</sup>

Merkantilisme sou in Frankryk met Hendrik IV begin opbloeï in die bevordering van nasionale industrie, met bepaalde privilegies en selfs staatsubsidies. Allerlei fabrieke is opgerig om die binnelandse aanvraag te bevredig, met uitskakeling van invoer. Hendrik IV se bemoeienis met die sy-nywerheid is kensketsend hiervan. Daarby het hy noukeurige aandag aan in- en uitvoertariewe gegee, waarin alles dui op uitbreiding en beskerming van industrie veral in die moeilike begin jare.

In hierdie optrede van Hendrik is die absolutistiese strewe op staatkundige terrein duidelik sigbaar, al het hy 'n

-----  
205) Smeenk C., a.w., bls. 113.

206) Vgl. die verbod op koffie verbruik van die Landsgraaf van Hesse 1766, om invoer te beperk. Pruiise se verbod op rouklere (1716) om gekleurde stowwe te populariseer, en Fred. Wilhelm I se verbod op kloppe (1717) ten behoeve van die leerindustrie. Vgl. Smeenk C., a.w., bls. 114.

207) Vgl. die verbodsbepalinge op die uitvoer van edele metale. Vgl. Enno van Gelder H.A., a.w., bls. 353. Selfs die oorloë word geldelike ondernemings, wat owerhede in nou verbinding met bankwese bring en langsamerhand die finansiële apparaat daartoe oproep in belegging, uitgifte en betalingsverkeer, ens.

208) In Engeland sou nog in 1700 die Ind. Kompanje nie toegelaat word om geweefde goedere uit Indië in te voer nie. Inderdaad is die politiek van die middeleeuse stede, wat sig rig op 'n monopolistiese posisie vir die eie burgers, voortgesit deur hierdie 17de eeuse state in hulle kolonies, Vgl. Smeenk C., a.w., bls. 114. Hassal A., a.w., bls. 233 sê van Kanada, "But almost from the days of the explorer to those of Montcalm, governmental interference checked the natural developement of Canada."

konsessie aan sy vroeëre geloofsgenote gemaak in die Edik van Nantes.<sup>209)</sup> Hierdie kragtige politiek sou deur Lodewyk<sup>210)</sup> XIV (1661-1715) en Colbert (1669-83) in groter mate toegepas word.<sup>211)</sup> Hoewel hy landbou enigsins probeer verligting gee, is sy groot klem op die handel en nywerheid,<sup>212)</sup> en daarom die aandag aan verkeer en tolwese. Die bekende conseil de commerce, sou deur konsulate buitelandse handel reël, en selfs industrialiste na Frankryk lok. Van regeringweë word groot bedrywe opgerig met monopolies of besondere voorregte. Die owerheid bemoei sig ook ten opsigte van die bedryfsorganisasie en die wyse waarop die grondstowwe bewerk word, met noukeurige voorskrifte vir standaarde en kwaliteite.<sup>213)</sup> Stedelike besture kry die toesig oor die afgelewerde produkte. Swaar strawwe het gegeld by ontduiking van voorskrifte, onder andere die skandpaal vir fabrikate van swak gehalte en by volharding vir die fabrikant self! Selfs die werksure en toestande is deeglik gereël, ja die lewe van die werker

209) Mazarin en Richelieu sou hierdie absolutistiese neiging verder uitbou in die volkome verontagsaming van die State-Generaal. Vgl. Enno van Gelder, H.A., a.w., bls.354-6.

210) Lodewyk se apologete Bossuet dra immers aan die vors 'n veel omvattende taak op — religie en geregtigheid. Vgl. Dunning W. H., a.w., bls.329-330.

211) Colbert dien inderdaad die absolute koningskap as verpersoonliking van die almagtige staat, waarin privilegies van persone en groepe lastige belemmeringe in die werkverrigting van die sentrale regering is. Vgl. Lawrence D.H., *Movements in European History*, bls.260. Hy noem Colbert "an apostle of protection and state interference," bls.189-190. Vgl. Fisher a.w., bls.664. Sien Geyl P., De Bloeytyd van het Absolutisme, De Pelgrimstocht der Mensheid, bls.387.

212) "He had the superman's mania for regulation" sê Fisher van hom, a.w., bls.665.

213) So was daar meer as 150 reglemente op die vervaardiging van stowwe. Vgl. Wetboek van 15 Maart 1671 — met 217 artikels oor kleure en verf van stowwe. Hassal, a.w., bls.189, praat oor "an inquisitorial system with regard to manufacturers.

ook buite die fabriek.<sup>214)</sup> Trouens 'n strenge pers sensuur sou die land verseël teen buitelandse invloede.<sup>215)</sup>

Die gepaardgaande skerp proteksionisme het telkens verhogings op invoerregte teweeggebring, wat selfs die oorlog met die Republiek van Nederlande sou uitlok.<sup>216)</sup> Bowendien was daar uitvoerpremies, waardeur die land tot welvaart sou kom. Oor die algemeen was hierdie bemoeiinge suksesvol en getuig van energie en ondernemingsgees, maar is geneutraliseer deur die oorloë en godsdienstopolitiek waardeur van die beste nywerheidskragte die land verlaat het.<sup>217)</sup> Die beginsels van Colbertisme was egter niks anders as die ergste vorme van staatsabsolutisme, waarvan veral sy minagting van individue en samelewingsvorme duidelik spreek.<sup>218)</sup> Beheers deur die magsbegeerte, is alle regte en privilegies sistematies afgebreek wat die state-generaal sedert eeue toegekome het. Selfs die kerk ontkom nie aan sy absolutisme nie, as hy hom nie alleen beperk tot vervolging van Hugenote nie,

-----  
214) Vgl. Lawrence D.H., a.w., bls.268. Vgl. Smeenk C., a.w., bls.116, Die oktrooistelsel is oral toegepas in die beskermingspolitiek van die state, "zij waren niet alleen, bedryfsorganen, maar regeringsorganen." Elke fabriek, elke industrie het op die guns van die owerheid tot stand gekom, "die zich dan ook het recht voorbehield om alle mogelijke voorschriften te geven, een vrye bedryfsoefening kende men niet."

"His regulations were so minute as to take the spring out of industry," sê Fisher, a.w., bls.665.

215) Fisher, a.w., bls.667.

216) Na die vrede van Nymegen (1678) is die verdubbeling en verdriedubbeling van die 1664 tariewe in 1667 weer ingetrek. Vgl. Hassal H., a.w., bls.189-190. Vgl. ook bls.197.

217) Vgl. Lawrence D.H., a.w., bls.264 — Die tweede doel van 'n monargie is "to satisfy the pride and stiffen the sinews of the nation by active war," die koning sou dan inderdaad hierdie deel verrig, terwyl Colbert na produktiewe welvaart moet omkyk! Vgl. Hassal, a.w., bls. 200-1. "Thousands of the emigrants escaped to Brandenburg, Holland and England, all of which countries found that the advent of the emigrant was followed by an important industrial revival in the respective countries." Vgl. verder die Spaanse Suksessie-oorlog 1700-1713. Fisher, a.w., bls.683.

218) Vgl. Pelgrimstocht, bls.387 — Immers Colbert se konsep-sie van die doel waartoe die koning se wil aangewend moet word is mag, en die mag kan enersyds bereik word deur die resultate van ekonomiese welvaart. Pelgrimstocht, t.a.p. Vgl. sy aanvalle op bruidskatte, wat die finansiële posisie van gesinshoofde bemoeilik, die verpligting op staatsamptenare om geld tē belē in kompanjies, ens.

maar ook onafhanklik van die pous wil wees.<sup>219)</sup> So word kerklike feesdae van owerheidsweë ingekort, en konfiskeer Colbert ook kerklike eiendomme.<sup>220)</sup> Die staatsraison van ons magstaatsdenkers spreek veral uit Colbert se plan om met reg of bedrog Franse linne na Amerika te neem! 'n Ander flagrante voorbeeld spreek uit sy verdraaiing van berigte teneinde voordeel vir die koning te verkry. „Hebben is hebben en krijgen dat is de kunst" word hier verheerlik.<sup>221)</sup>

In Engeland sou ons naas talle voorskrifte ter bevordering van die handel, egter mede as gevolg van die heersende regstaatsgedagte aldaar ook arbeidswetgewing kry. Die wet van 1562 reël sekere vakmansprobleme, met vasstelling van lone deur vrederegters. 'n Ekonomiese politiek gerig op ontwikkeling van skeepsvaart, wol- en metaalindustrie, is veelal op Franse lees egter toegepas volledig met uitvoerverbod, invoertariewe, privileges ens.<sup>222)</sup> Die bekende navigasie aktes van Cromwell 1651 sou dan ook ter aanvulling dien van 15de en 16de eeuse aktes, wat die sterk proteksionistiese koers en owerheidsteun aan industrie, handel en seevaart ten beste illustreer. Die landbou geniet ook beskerming in die koringwette van 1689 (Willem III), waarin konstante produsente- en redelike verbruikerspryse beoog word. Die toepassing van die wetgewing sou egter nie dieselfde absolutistiese patroon volg nie. Getuienis daarvan is die beleid van

219) Vgl. Hassal A., a.w., bls.197, hy strewende na „establishing the practical independence of the French church,..... showed his intention of not tolerating in France any power whether papal, Jansenist or Huguenot which was not subservient to the French crown." Immers Lodewyk XIV en die pous is eers in 1693 versoen! Vgl. Fisher, a.w., bls.676 e.v.

220) Ander bemoeiinge is o.a. 1673 --gesag oor die emolumente gedurende vakatures. 1682 Franse geestelikes en Bossuet se vier proposisies „embodying the rights of the king and the semi-independence of the French church" -- is in ooreenstemming met die beleid dat geen mag sal inmeng met die koninklike supremasie nie, Hassal, a.w., bls.197, vgl. Fisher, a.w., bls.677.

221) Die aggressiwiteit van Colbert se ekonomiese staatkunde was hom weldeeglik steeds by, vasbeslote om sy deel van die wêreld se handel en rykdom te kry! Geyl P., a.w., bls.388.

222) Vgl. die skrywe van die soutvervaardigers aan Karel II, waarin hulle 'n bevel vra wat vissers sal verplig om net sout in Engeland vervaardig te gebruik.

Karel II tot 1685, wat tog in sy hart 'n outokraat was.<sup>223)</sup>

Opmerklik is dat in Nederlande 'n minder deurgevoerde merkantilisme toegepas word vanweë die belange oorweging van die handelstede wat in eie belang beslis. Juis het die staat in die individualiseringsproses daardie middeleeuse outonomie van die stede nog nie kon aftakel nie.<sup>224)</sup> Prinsipiële besware teen merkantilisme was daar inderdaad nie. Oor die belange van verbruiker en industrialis heen het die maritieme handelsbelange geseëvier. Daarby moet steeds onthou word dat die sukses van die handelskompanies, wat in Nederland en elders gestig en met staatsmonopolies en selfs staatsregtelike bevoegdhede begiftig was, die gedagte versterk het.<sup>225)</sup> Trouens "by energy and thrift, by their practice of religious toleration, as well as by the high average standard of their education,"<sup>226)</sup> ontwikkel Holland tot daardie sterke handelsposisie, sonder die deurgevoerde owerheidsbemoëing. Treffend illustrasie van die invloed van beskawingsontwikkeling en veerkrag van 'n burgery op die owerheidstaak.

Die eensydige beleid sou egter ook sy nadelige invloed hê, as Nederland vanweë diverse faktore sy handelsupremasie verloor en dan op industriële gebied met 'n agterstand belas word.

Waar ons in die merkantilisme van Colbert 'n duidelik beleid van staatsraison gesien het,<sup>227)</sup> moet daar egter ook op gewys word dat mede onder invloed van die protestantisme

223) Vgl. Fisher, a.w., bls. 676.

224) Hiervan getuig ook die voortgesette invloed van die gildewese aldaar, nadat die gildes in Duitsland byvoorbeeld lank tevore in staatsorgane omgeskep is.— Vgl. Smeenk C., a.w., bls. 112. Enno van Gelder H.A., a.w., bls. 353.

225) Vgl. Polak S., a.w., bls. 188. Dat Nederland 'n hoë handelspeil bereik het, tot die nayer van Engeland bewys die stryd van Karel II teen Holland. Fisher, a.w., bls. 668. So is die versoek om beskerming deur die linnerywerheid (1648) afgewys op grond daarvan dat handel vir die land meer werd is as nywerheid.

226) Fisher, a.w., bls. 668-9.

227) Vgl. Lawrence D.H., a.w., bls. 260, "It was the burgher Colbert who ruled for prosperity."

in Nederland en Engeland weldeeglik groot sukses behaal is, sonder noodwendige aanvaarding van die Machiavelliaanse gedagtegang. Juis die stedelike-raison sou in Nederland aan die integrerende taak van die owerheid 'n skeefgegroeide bestand besorg en eensydig laat ontwikkel. Dat die owerheidstaak egter oral prakties omvattend en onbegrensd was, het ons terdeë aangedui.<sup>228)</sup> Trouens min respek is getoon vir individuele vryhede. Van tussengeleding, wat sig hardnekkig handhaaf soos die gildewese het die staatsraison in Frankryk dan ook wel genoeg gehad. Vandaar Turgot se edik in 1776, wat daarop gemik is om voordele vir handel en nywerheid te bring, en derhalwe algehele afskaffing beoog. Juis vanweë sy Machiavelliaanse skoling, het hy geen oog vir die nadele vir die staat by die verdwyning van sulke korporasies nie. Die teenstand in 1776 gebied, sou egter in 1791 weggevee word, as elke vorm van vereniging vir gemeenskaplike belange verbied word. Inderdaad het die owerhede sig meer en meer as maatskaplike regulateurs aangemeld. Opmerklik was egter dat in Duitsland onder Frederik II, die gildes as ambagsorganisasies heel vroeg hul selfstandigheid inboet, en as staatsorgane fungeer in diens van die staat, in plaas van ambagsvereniginge wat teenoor die owerheid staan in eie bevoegdheid.<sup>229)</sup>

Inderdaad het ons te doen met 'n owerheidsbeleid en praktyk wat met die staatsgedagte vervul is, met eenheid in onderwerping aan die vors as hoofprinsipe, waarin selfs religieuse afwykinge as dissonante tone sou opklink. Daarom die herroeping van die Edik van Nantes, teen alle staats-

228) Vgl. die eersug wat steeds meer substansiële bevrediging in die konvensionele rigting van dinastieke mag en gebiedsuitbreiding soek, met die algehele verontagsaming van die vraag hoe of waar. Vgl. Geyl P., a.w., in De Pelgrimstocht, bls.389.

229) Enno van Gelder H.A., a.w., bls.352-3. Stedelike gilde-regiment word geleidelik vervang deur landelike reëlinge.

en ekonomiese belange in.<sup>230)</sup>

Merkwaardig is die verskynsel dat die derde stand van Frankryk wat in die 16de eeu kragtige oplewing toon,<sup>231)</sup> in die 17de eeu slaafs en sonder teenstand die voete van die sonkoning kus! As rede hiervoor noem Biemond "omdat dat niet meer hetzelfde fiere Frankryk was van de zestiende eeuw. Zij die voor de vryheid op de bres hadden kunnen staan, de land adel en de protestanten, waren in aantal verzwakt door de godsdienst oorlogen en voor goed onschadelijk gemaakt door den kardinaal-minister de Richelieu,"<sup>232)</sup> want Lodewyk XIV het sy troon gebou op die ruïnes van alle stande in die staat.<sup>233)</sup> Voorwaar treffende illustrasie van die owerheidstaak, gevange in antiek-monargale tradisie met die staatsraison-infeksie. Vanweë die bepaalde tydhistoriese omstandighede sou daar wel veel ontwikkeling en welvaart bereik word, maar weldra sou die miskende vryhede deurbars, en dan in gesekulariseerde vorm, om aldus vergestaltung te gee aan die regstaatsgedagte van die humanisme, wat ons nog sal verreken.

Roem, omvang, bevolking, rykdom en mag — die ware doel van die staatsabsolutisme sou ons dus as kenmerk van die owerheidstaak onder invloed van die staatsraison denkrigting moet poneer.<sup>234)</sup> Andreae stel dan vas dat Frederik II se staatskapitalisme en sentrale finans-administrasie nie terwille van die ekonomie ingerig word nie, maar terwille

230) Die eenheidsgedagte van Bossuet in sy essensie. Vgl. Hassal, a.w., bls.200. "Louis, impelled by his attachment to the principle of uniformity, had placed disabilities upon the Huguenots and penal edicts against churches.

231) Vgl. Biemond J, De Grondslag der Volksverteenvoording, A.H. Kruyt, Amsterdam, 1922, bls.43. In 1560 tree hulle byvoorbeeld sterk op in allerlei sake, o.a. sameroeping van die state-generaal om die twee jaar, kodifikasie van ordonnansies, ens.

232) a.w., bls.43.

233) Lawrence, D.H., a.w., bls.262.

234) Vgl. Lodewyk XIV se opmerkings aan sy seun, "When the state is in view, one works for oneself," Fisher, a.w., bls.663.



van die staat.<sup>235)</sup> In hierdie gees is dan die tradisie van etatisme in Europa gevestig, want die goue eeu van laissez-faire, wat ons regstaatsdenkers aanstons sou bevorder, sou in die meeste lande 'n mite bly. Etatisme sou slegs van land tot land graadverskille toon.<sup>236)</sup>

Hoogstens het die sukses van die 1688 Revolusie waardeur die filosofie van John Locke in aansien kom, en die werke van Isaac Newton en Bolingbroke wat hulle weg na Frankryk vind, — as dit deur Voltaire na sy verblyf in Engeland populariseer word — verliggende neigings.<sup>237)</sup> Weldra sou ensiklopediese literatuur teen staatsabsolutisme Europa oorstroom,<sup>238)</sup> en ook Wene, Berlyn, St. Petrusburg en Madrid bereik. Nietemin sou die sogenaamde verligte despote poneer dat die verbetering en verheffing van die gemeenskap bereik sou word onder die vaderlike kontrole van die outokraat. Trouens ook Voltaire was geen deurwrogte demokrat nie,<sup>239)</sup> gesien sy minagting vir kerklike soewereiniteit in eie kring, waardie kerklike hiërargie vir hom in die weg staan van intellektuele en sosiale vooruitgang.<sup>240)</sup> Ook by Diderot kry

235) „Eine Unterordnung der Wirtschaft unter die Staatszwecke, nicht eine Verwirtschäftlichung des Staates hat er herbeigeführt.“ a.w., bls. 52. Vgl. Vander Ploeg, J.C., Cult. Gesch. der Chr., Vol. V, bls. 88.

236) Neumann S., Statism in W. Europe, Acad. of Pol. Science, Vol. XXIV, No. 1, bls. 13. „Statism in Europe is not of yesterday, it will not be destroyed by to-morrow. It is a permanent feature of the European landscape.“ Hy wys daarop dat 'n ware middelklas in Pruise, of Turkye (Kemal se Revolusie) of in die Iberiese skiereiland, vandag nog nie bestaan nie, omdat dit onder etatisme geen lewensruimte het nie. So het die posisie nie onder Salazar en Franco ontwikkel in die Iberiese skiereiland nie, maar dit het altyd bestaan, a.w., bls. 19.

237) Hy vertoef in Engeland tussen 1726-9. Vgl. Sy Lettres sur les Anglais 1733. Ook de Montesquie sou Engeland as regstaatsrigting roem — Travel Notes (1729-31). Vgl. Cook T.I., a.w., bls. 583 e.v.

238) Dink o.a. aan die 34 Volumes (1751-72) van die Ensiklopediste.

239) Sien Cook T. a.w., bls. 663 e.v. Vir benevolent despotism, or enlightened despotism.

240) Cook T.J., a.w., bls. 667 e.v.

ons die gedagte dat die moraal deur wetgewing gehandhaaf kan word. Derhalwe geen perke op die owerheidstaak om deur wetgewing — wat inherent die potensie het — tot verbetering van die menslike-natuur te kom nie.<sup>241)</sup> Hierin sien ons nog steeds 'n voortsetting van die konsepsie van die absolute taak van die owerheid, en as die Parlements van Parys sedert 1715 in die weg van alle hervorming staan, word in Frankryk geen vordering op weg na 'n regstaatsgedagte bespeur nie.<sup>242)</sup>

Dieselfde patroon ontwikkel op die res van die vasteland. In Swede sou die eras van Gustav Adolf en Christina, by Karel X in 1654 voortsetting vind. Outokrasie kom stewig in die saal ook ander Karel XI. Dit sou veral Karel XII wees wat in sy oorlogsugtigheid staatsraison, soos vertolk onder sy eie hartstogte handhaaf.<sup>243)</sup> Dat dit plaasgevind het is juis daarom merkwaardig dat ons hier met protestantisme te doen het, maar dan met die Lutherse en veral die na-Lutherse subjeksie van kerk en religie aan die staatsowerheid. Want die Calvinisme bring meer beskawingsmondigheid as die Lutherse Protestantisme.<sup>244)</sup>

Die 17de eeuse Rusland bied 'n trieste beeld van beskawingsarmoede van 'n volk onder eeue lange onderwerping aan 'n fanatieke priesterdom wat alle opflikkering van intellektuele verligting meedoënloos onderdruk, in voortsetting

-----  
241) So sê Helvetius "it is the good legislator, who makes the good citizen," Fisher H., a.w., bls.706.

242) Vgl. Fisher H., a.w., bls.706. Immers die gees van Machiavelli huiwer nog steeds oor die Tuilleries. Vgl. die oorwinning van Belleisle oor Fleury oor die opsegging van die pragmatiese sanksie 1740 — "What is an obligation to an opportunity?" Fisher H., a.w., bls.749. (Ons kursiveer)

243) Vgl. Fisher, H., a.w., bls.712 e.v.

244) Ook erken deur Nicholls J.M., *Histr. of Christianity*, 1650-1950, New York, 1946, bls.66-7.

van die oosters-bisantynse tradisie van caesaropapisme.<sup>245)</sup>  
Die opkoms van die huis van Romanoff sou egter gepaard gaan met geleidelike/westerse tegniese hulpmiddele, maar dit sou eers Pieter die Grote wees wat sedert 1689 die geweldige taak onderneem om die land se vooruitgang en krag te verseker. Dit behels 'n historiese voorbeeld van positiewe owerheids-optrede en ingrype in die gang van beskawingsontwikkeling. 'n Ontwikkeling wat inderdaad vanweë die inherente onmag van die oosterse-ortodoksie tot slakkegang afgerem of geheel en al gestagneer is. Dat die owerheid onder dusdanige omstandighede tot veel atipiese werk geroepe is, het ons reeds prinsipiëel gepostuleer, maar ons moet konstateer dat juis hier die Machiavelliaanse tradisie in sy brute, oosterse vorm aan die werk was, sonder weerga in die westerse geskiedenis.<sup>246)</sup> Dat hy egter daarin slaag om die land op tegniese gebied op 'n redelike hoër peil te bring is inderdaad waar. Die langsame, werklike beskawingsproses sou hiermee nog nie tred hou nie, daarvan getuig die agterlikheid van die burgerry ten tyde van die Bolsjewistiese Revolusie in 1917 nog deeglik.<sup>247)</sup> Die ingeslane weg van Pieter die Grote is deur Catharina I,<sup>248)</sup> Pieter II, Anna van Courland en Elizabeth

-----  
245) Vgl. Fisher, H.A.L., a.w., bls. 715 e.v. Vgl. Berkhof H., a.w., bls. 1-2. Vgl. Hyma A., World History, bls. 260. Hy skrywe van Rusland, dat sy "had been out of touch with the great thought movements as well. So poor was their location that they had experienced great difficulty in deriving much benefit from the renaissance and the commercial revolution." Trouens die oriëntalistiese inslag bly steeds oorwegend vanweë 'n duisendjarige kontak met Asiatiese nomade, en selfs Bisantinisme kon geen behoorlike ingang maak nie. Steeds stry Rusland teen oosterse invalle vanaf die 4de tot die 15de eeue. (Hunne 4de eeu Magjare en Hongare, Seljuk Turke 11de eeu, Mongale 13de en 14de eeu.)

246) Die sentrale regering is wel volgens Sweedse model ingelig. Die Tsaar as hoof van die kerk dikteer die geestelikes ook wat betref aanstellings. Vgl. Hyma, A., World History, bls. 265.

247) Vgl. S & B. Webb, Soviet Communism, A New Civilization, bls. 3.e.v.

248) Vgl. Catharina se Kodifikasie van wette.

voortgesit. Westerse invloede<sup>249)</sup> sou die isolasie geleidelik deurbreek en daarmee verder treffend illustreer dat die agterlike staatsvolk, alleen deur 'n geweldadige Machiaveliaanse prins in Rusland enigsins eers tot tegnies-kulturele ontwikkeling gekom het, maar ook dat indien dit die leidende religie aan geestelike spankrag ontbreek, die ware beskawingsontwikkeling nog vir eeue vertraag kan word.<sup>250)</sup>

Hiermee het ons voldoende voorbeelde gegee ter illustrasie van die staatsraisonpraktyke van die owerhede in die 16de en 18de eeue, wat telkens vanweë intieme verweeftheid met die heersende staatsfilosofiese denkrigtings, meegesleur word in die breëre religieuse strominge waarin dit ingebed is. Daarby is die agterlike beskawingstoestand van die burgery telkens verreken as oorsaak van velerlei owerheidsbemoeiing. Maar juis waar die Christelike denke beslag sou gee aan 'n owerheidstaak, waarin die owerheidspersoon in sy ampsbekleding met besondere verantwoordelikhede belas is, sou ons in die 16de eeu veral veel optrede kry wat daardeur geïnspireer is. Merkantilisme was inderdaad nie die eerste om owerheidsbemoeiing met die nywerheid te bepleit nie. Calvyn, self het 'n linnenyerheidsprojek geloods! Dit was egter eers die humanistiese wetenskapsideaal wat in sy prismaat-verowering, die owerheid sou rig in die oorskryding van die taak van „vader des volks” in die rigting van algehele staatstotalitarisme, met staatsraison in die vaandel. Hier wil ons ten slotte weer beklemtoon dat ook hierdie antiek-monargale rigting, soos dit filosofies in die 16de tot 18de eeu ontwikkel het, inderdaad in tydshistoriese sin

-----  
249) Vgl. die Westerse gedagtes ingedra deur Östermann as kanselier en Munnick as leërbevelvoerder van Anna van Courland, Catharina II was self Duits van geboorte en Frans deur opvoeding.

250) Tereg merk Hyma op, a.w., bls. 267, „all that these rulers did was to cover the heart or soul of the Russian nation with a thin veneer of Western culture”- (Ons kursiveer).

'n taak vervul het ter bevordering van die westerse-beskawing en ter mondigwording van die Europese burgery, wat weldra bewus van eie selfstandigheid, minder owerheidsopptrede moontlik gemaak het, en daarmee die owerheidstaak verlig het.

## AFDELING II.

### B. DIE HUMANISTIESE REGSTAATSGEDAGTE.

#### I. Filosofiese Denkrigtings :

Parallel met die antiek-monargale rigting in sy voortsetting as staatsraison in die juridiese staatsabsolutisme, wat met Hobbes kulmineer in die praktyk van 'n owerheidstaak onbegrensd en onbepaald in sy omvattendheid, ontwikkel egter die politargiese gedagte van soewereiniteitsbeperking.<sup>251)</sup> Rasionalisties-individualisties in sy oorsprong, gaan dit ook uit van die natuurregslêer. Die natuurlike vryheid van die mens bly hier egter nie beperk tot grondslag van die staatstruktuur nie, maar werk voortdurend beperkend in op die soewereiniteit van die staat ten opsigte van die positiese reg. Weldra sou natuurreg egter plek maak vir ander Schranke op die soewereiniteit van die owerheid. Waar in die juridiese staatsabsolutisme die gesag van die owerheid, met die humanistiese eis van burgervryheid versoen word deur gelykshakeling en identifikasie van volk en owerheid, in die idee van 'n eenheidstaat, sou die opponerende gedagtegang staatkundige soewereiniteit beperk juis deur volk en owerheid te onderskei, waarin eersgenoemde se kontrole oor die owerheid verseker word, naas ander bepaalde grondwetlike

-----  
251) Du Plessis L.J., a.w., bls.54. Inderdaad 'n voortsetting van die volksoewereiniteitsgedagte wat ons reeds gevolg het vanaf die middeleeue; daarop sou die Calvinistiese soewereiniteitsbeperking weldra ook nie onbetuig bly nie.

perke op die owerheid self.<sup>252)</sup> So kry ook die owerheids-  
taak teenoor die absolute, eerder 'n relatief-juridiese  
inslag, insoverre as wat die mens in die dialektiese  
motief-spanning bevry moet word van die heerskappy van die  
natuurwette, waaraan hy uitgelewer is in die magstaatkonsep-  
sies.<sup>253)</sup> Die miskenning van die bestaan van 'n objektiewe  
wêreldorde by die regstaatdenkers, dui egter daarop dat hier  
bloot polarisasie-primaat wisseling is en geen wortelverskil  
nie. Ook hier word die mens van God bevry en onder eie be-  
vel geplaas, juis in belang van hierdie individu tree die  
regstaatsdenkers op teneinde hom as vrye burger in 'n staat  
waarin owerheidsbevoegdhede begrens is, sy hoogste ont-  
plooiing te verseker. Ook hier bly die reformatoriese waar-  
dering van die menslike persoonlikheid as skepsel van God  
nie onbetuig nie, maar dan egter in die konsekwente sekula-  
risasie daarvan, wat in die verabsoluttering van die individu  
die oorspanning van die burgerlike vryheidsfeer ten gevolg  
sou hê.<sup>254)</sup> Met owerheidsgesag afgelei uit die wil van die  
massa as logiese konsekwensie van die verabsoluteerde enke-  
lingvryhede, word die klem by die owerheidstaak verskuif van  
staatsraison na volksbelang, soos uitgedruk in die meerder-  
heidswil!<sup>255)</sup>

John Locke (1632-1704) sou, teneinde die primaat ander-  
maal aan die persoonlikheidsideaal te laat toekom, sy indivi-  
du as selfstandige gegewe, wiese wil en gevoel slegs deur  
die rede kenbaar is, poneer. So breek hy finaal met die  
determinisme van die naturalistiese wetenskapsideaal.<sup>256)</sup>

Bowendien is sy individu begiftig met aangebore, onvervreem-  
bare regte,<sup>257)</sup> wat die staat ter beveiliging oproep bywyse

252) Sien in die verband Mekkes J.P.A., se aantekeninge oor  
die ontwikkeling van die formule regstaat in Engeland,  
a.w., bls. 162 e.v.

253) Vgl. du Plessis L.J., a.w., bls. 54-5.

254) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 197-8.

255) Ons mag nie uit die oog verloor dat staatsraison wel-  
deeglik 'n historiese integreringsbeginsel is nie.

256) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls. 201. Locke, Essay concerning  
Human understanding (1690). Vgl. Cook T.I., a.w., bls. 521-3.

257) Mekkes J.P.A., a.w., bls. 203, Cook T.I., a.w., bls. 522-3.

van verdrag, deur oordrag van selfbeskermings- en weerwraakregte. Die owerheidstaak sal dan inooreenstemming hiermee enkeling belange en algemene belange harmoniseer.<sup>258)</sup> Salus publica sou dus voortaan sinoniem wees met die belange van die staatsvolk as geheel.<sup>259)</sup> In geen opsig staatsraison nie, maar die common good!<sup>260)</sup>

Die swaardmag taak van die owerheid vind uitdrukking en regverdiging in die force of the community, as som-totaal van alle enkelingmagte.<sup>261)</sup> Siedaar fundering en bestemming van die staat gelykgeskakel! Die owerheidstaak is dan teoreties begrens in 'n aangebore, natuurtoestand — 'n kwarantyngebied waar die owerheid sig nie durf begeef nie —<sup>262)</sup> en dit wel in die strenge skeiding van die owerheidstaak in sy wetgewende en uitvoerende aspekte.<sup>263)</sup> Naas hierdie begrensing ook nog 'n onderskikking van die owerheid aan die positiewe reg, as uitvloei van die volkswil, soos verteenwoordig deur die gekose volksverteenvoorders.

Met 'n staat as konglomerasie van enkelinge het ons hier inderdaad uiteindelik geen individualiteitstruktuur en geen staatlike verbandsreg nie, met 'n swaardmag ontleen aan die individu. Daarmee is publieke reg prysgegee vir burgerlike privaatreë, en ook die staat self in beginsel in die lyn van die politieke liberalisme op die weg na

-----  
258) Die reg word aldus as doel van die staat beskou, en derhalwe waarborg van die inherente, aangebore regte. Cook T.I., a.w., bls.523-4, ook bls.525 e.v.

259) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.202.

260) Mekkes wys egter daarop dat die antinomie tussen salus publica en individuele vryhede onoplosbaar bly in die humanistiese regstaat, a.w., bls.216.

261) Vgl. Cook T.I., a.w., bls.537.

262) 'n Natuurregtelike soewereiniteitsbegrensing in die nuwe gewaad van fundamentele regte teenoor die eertydse regsbegrip waarin geregtigheid inderdaad figureer, maar tog afhanklik van staatsraison! Daarmee is Locke se regstaat beperk op die sfeer van beskerming van persoon en eiendom op grond van natuurreg — Vgl. Andreae, W., a.w., bls.67.

263) Cook T.I., a.w., bls.532-7.

staatsnihilisme. Waar by botsing van staatsraison en enkeling-belange die meerderheidstirannie deurslaggewend is,<sup>264)</sup> berg dit egter alweer die kiem van staatsabsolutisme, soos Rousseau dan inderdaad bevestig het.

Die gevare van die meerderheidstirannie sou de Montesquieu (1689-1775),<sup>265)</sup> die Trias Politica laat toepas. Immers sy staat, die produk van 'n psigiese swakheidsgevoel van staatlose enkelinge, het tot doel die geluk van die burger, wat regtens tot uitdrukking kan kom deur die eie, positiewe wetgewing as uitdrukking van die volkswil.<sup>266)</sup> Die owerheidstaak begrens hy dan verder in die versplintering van die owerheidsamp in drie geskeie politieke magte.<sup>267)</sup>

'n Materiële begrensing van die owerheidstaak gaan egter verlore in die praktyk van state, waar die normatiewe individualiteitstruktuur sig self handhaaf.<sup>268)</sup> Vir de Montesquieu geld die liberalistiese konsepie van die doel van die staat, wat die doel van alle ander verbande resloos verswelg. Daarby het alle state vir hom selfbehoud in gemeen, maar daarbenewens het elkeen 'n eie besondere doel. So het Sparta tot doel staatsverheerliking (aggrandizement), die Joodse staat bestreef godsdiens en Sjina staatsrus (tranquility).<sup>269)</sup>

264) "Salus populi suprema lex is certainly so just and fundamental a rule, that he who sincerely follows it cannot dangerously err" — Vgl. Locke, Two Treatises of Government, Everyman's Library, J.M.Dent, London, 1949, bls.118, e.v.

265) Charles de Secondat, Baron de Montesquieu, Vgl. Cook T.I., a.w., bls.581.

266) Cook T.I., a.w., bls.590 e.v.

267) Vgl. Cook T.I., a.w., bls.600 e.v.

268) Vergelyk onder andere gedelegeerde wetgewing, verbod op toetsreg van howe, en die algemene ontwikkeling van administratiewe regspraak. sien in die verband ons aantekeninge in Vrouestemreg, bls.32. Vgl. verder Robson, Justice and Administrative Law, Port "Administrative Law, Van Poelje S.O., Admin. Recht en Rechtspraak. Diegene wat egter weer in Admin. Regspraak gevare sien is onder andere Lord Hewart, A New Despotism.

269) Le Esprit des Lois, Geneve, 1749, 1, XI, C.5. Vgl. Osgniach A.J., a.w., bls.57. Rhodos het tot doel seevaart, Marseilles weer handel, ens. Vgl. Cook T.I., a.w., bls.594 e.v.



Inderdaad moet ons handhaaf dat ons by die owerheids-  
taak hierdie drie juridiese funksies onderskei, maar dan nie  
as soveel outonome magte nie. Ons let bowendien daarop dat  
hoewel funksievervulling-in-verdeling, die teoretiese be-  
grensing van die owerheidstaak in grensoorskryding van die  
magte waarborg, die vraag waaraan die owerheid in sy wetge-  
wende taak prakties sy hand mag lê daarmee geensins opgelos  
is nie, en moet ons die antwoord daarop inderdaad vind in  
die liberalistiese nihilisme as heersende dogma, waar dit  
op die staatspraktyke aankom. Vandaar die diverse doelein-  
des aan die staat voorgetower, met slegs selfbehoud as grond-  
noemer. Dit dui alles egter op 'n owerheidstaak wat reeds  
relatief gekonsipieer is, vanweë die aanvaarding van parle-  
mentêre kontrole, natuurregtelike beperkinge, deling van  
owerheidsfunksies en die tydhistoriese geestesgesteldheid  
van die volk.<sup>270)</sup> Juis die verdere uitwerking van die  
trias politica deur Blackstone (1765) sou op die owerheids-  
taak in die westerse wêreld 'n meer juridies-relatiewe be-  
slág lê.

Met voortgaande empirisme en die beklemtoning van die  
noodsaaklikheid van vryheid in die ekonomiese sfeer, as ook  
die akkommodasie van filantropisme as uiting van die  
Aufklärung, sou die behoefte aan 'n nuwe grondslag om die  
onhistoriese natuurregslêer te vervang, weldra opdoem.<sup>271)</sup>

In die lyn van die reeds gesignaleerde liberalisme van  
Locke, ontwikkel nou 'n gedagte van morele sowel as juri-  
diese beperkinge op die owerheid self, met behoud van die  
positief-regtelike staatsabsolutisme.

Telkens sou ander beperkingsvorme egter gesoek word.  
So sou die utilitaristiese in Engeland oorheers, en op die  
vasteland die méer idealistiese. Die Utilitarisme sou

270) Vgl. in die verband L.J. du Plessis, a.w., bls. 55, vir  
die aspek van tydhistoriese geestesgesteldheid van  
die volk.

271) Vgl. du Plessis L.J., a.w., bls. 56.

sig self weer onderverdeel in 'n hele aantal gesigsye, waarin beperkinge op die soewereiniteit gesoek word. Die remmende invloede van die histories-gewordene, (wat by Stahl, Groen en Kuyper self sterk gehandhaaf bly) die trias politica en beveiliging van regte in 'n onbuigsame fundamentele grondwet (soos deur liberalistiese kringe in Suid-Afrika in die jongste tyd nog gehandhaaf word), sou egter oorwoeker word deur die meer morele beperking in 'n owerheidstaak ter bevordering van die onderdaangeluk. Ook die verteenwoordigende stelsel sou by hierdie gelukbestrewing aanhakplek vind, wat in die praktyk uitdrukking was van die abstrak individualistiese grondpeilers van die liberalisme—vryheid en intellektualistiese materialisme.<sup>272)</sup>

Die geestelike vader van die Utilitarisme Jeremias Bentham (1748-1832), sou in die laaste kwart van die 18de eeu reeds die nuwe bane uitstippel, waar natuurregtelike of enige ander juridiese beperking op die owerheid verwerp word ten gunste van 'n bloot positiewe reg, waardeur die soewereine staat weldeeglik weer as juridies onbeperkte bron van die positiewe reg proklameer word. Die owerheidstaak kry sy beslag in die doel waartoe die staat ingestel is, naamlik die geluk, veiligheid en welvaart van die onderdaan. 'n Etiese beperking en bepaling van die omvang van die taak, wat in die optelsom van die geluk van die grootste aantal sy finale beslag erlang. Die individualistiese toepassing van die beginsel impliseer vryheid om die eie heil te bevorder, derhalwe 'n beperkte owerheidstaak, meer bepaald in die ekonomiese sfeer, met 'n sterk filantropiese inslag as dryfveer van die owerheidspersoon. Dit alles sou bereik word deur die parlementêre regering met burgerstemreg in die

-----  
272) Vgl. ons aantekeninge in Vrouestemreg, bls.139. Vgl. Anema A., Een keerpunt in ons Kiesrecht, bls.9. Vgl. verder Du Plessis L.J., a.w., bls.56-7.

trant van die oud-liberale tradisie toegeken.<sup>273)</sup>

Op die vasteland sou Immanuel Kant (1724-1804) as eksponent van parlementêre liberalisme optree met 'n meer idealistiese persoonlikheidsvisie van 'n individu<sup>274)</sup> wat in sy outonome posisie met 'n rede begiftig is, en van wie die sedelike handeling steeds sal geskied onder die kategoriese imperatief,<sup>275)</sup> waardeur hy in vrye/selfbepaling volgens universele natuurwette optree. Die owerheidstaak word hier weiddeelik 'n regstaak in die reëling van die uiterlike verhoudinge<sup>276)</sup> waarin die verskillende, in-sedelike-vryheid-handelende-individue, met mekaar versoenbaar is. 'n Kontraktuele regsinstituut dus, waar sedelikheid en reg versoen is,<sup>277)</sup> en waarop die staat regtens fundeer is, in teenstelling met die utilitarisme. 'n Volslae sekulêre staat word aldus geskep,<sup>278)</sup> waarin die individu in die primaatswisseling binne die humanistiese grondmotief, 'n verhewe selftug sal toepas, en waarin Christelike beginsels oorbodig word. Ook die owerheidspersoon, begenadig met hierdie immer aanwesige kategoriese imperatief sal, daarin 'n Schranke, ook in sy taak aanvaarding, vind! Immers Kant voer tot 'n nuwe konsepie van die salus publica, in ooreenstemming met die regstaats-idee, soos gegrond op volksoewereiniteit en trias politica.<sup>279)</sup>

273) Vgl. ons aantekeninge in Vrouestemreg, bls.139 e.v. Die uitsoek van geskikte kiesers volgens materialistiese en intellektualistiese maatstawwe. — eiendom en geleerdheid.

274) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.347. Met Kant tree die humanistiese wysbegeerte die fase van vryheidsidealisme binne, wat met Hegel afsluiting sou vind. 'n Tydperk van selfbesinning op die religieuse grondslae van die humanistiese wysgerige instelling.

275) Vgl. Mekkes, J.P.A., a.w., bls.349.

276) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.350, 355.

277) Vgl. Andreae A., Staatssozialismus und Ständestaat, bls.78. Die staat word vir Kant dan 'n wetgewende apparaat van wie „zwang als Verhinderung eine Hindernisses der Freiheit, aangewend word. (Ons kursiveer).

278) Inderdaad sien Kant elke „moralistische Beeinflussung des Staates als eine Trübung dieser reiner Quelle (Plato se konsepie - enkel 'n Staatsgeschöpf, wiese ethos apriori staatlik is.) Andreae, W., a.w., bls.78. Kant sien moraal as privaatsaak van die individu, die ethos is vir Plato uitdrukking van die staatlike natuur van die mens — bls.77.

279) Vgl. Mekkes J.P.A., a.w., bls.362 e.v.

Daarmee is in beginsel ook die moontlikheid van staats-nihilisme geregverdig — waar die individu onder sy eie kategorieëse imperatief staan is die staat nie nodig nie.<sup>280)</sup>

B.II. Verset teen Merkantilisme :

Die Aufklärung wat ons kan dateer vanaf die Engelse Revolusie 1688 tot die Franse Revolusie 1789, openbaar 'n opstand teen die na-Colbertisme veral op die ekonomiese terrein.<sup>281)</sup> Sir Dudley North sou in 1691 vryhandel en skeepsvaart bepleit,<sup>282)</sup> met 'n owerheidstaak beperk tot vrede en goeie regspraak waardeur welvaart vanself sal toeneem. Nicholas Borbon bepleit in 1690 vryhandel met slegs owerheidsbemoeiing t.o.v. rentekoerse.<sup>283)</sup>

Dit sou egter David Hume met sy Political Discourses (1752) wees wat die doodsvonnis van merkantilisme in vryhandel bepleit. Hy poneer dat deur handel en nywerheid die middestand sou bloei, en dat geen groter waarborg bestaan vir staatsvryheid as in die selfbewuste krag van die middelklasse nie. Hy behou egter 'n beperkte owerheidstaak in die ekonomiese, soos invoerregte en bevolkingsaanwas.<sup>284)</sup>

d'Argenson (1694-1757) sou die owerheid beperk tot laissez-faire, morbleu, laissez-faire, in handel en nywerheid, waaraan Vincent de Gournay sou toevoeg laissez-passer. Laissez-faire, as synde bedryfsvryheid sonder gilde-dwang en owerheidsregimentasie en laissez-passer as beginsel van verkeersvryheid. Ons let egter daarop dat selfs by die verkondiging van die liberale vryheidsleer, sekere dogmatiese insigte van die merkantilisme behou word wat manne soos Hume en Child<sup>285)</sup> ook later sou doen. Dat ook die

280) Weldra egter sou juis die kategorieëse imperatief vertolk word as blinde gehoorsaamheid aan die staatsowerheid — 'n Tradisie waarop Hitler en die syne kon voortbou!

281) Polak S., a.w., bls.198.

282) Discourses upon Trade.

283) A Discourse of Trade. Vgl. Polak S., a.w., bls.201-2.

284) Polak S., a.w., bls.207.

285) Polak S., a.w., bls.214-15.

praktiese toestande nog nie ryp was vir fisiokratisme en liberale vryheid nie, bewys die opstande teen Turgot by die afskaffing van middeleeuse wegdienste, koringaksyns, gilde en meesterregte (1776).<sup>286)</sup> Dat die fisiokrate<sup>287)</sup> nog nie volledig breek met die absolutistiese owerheidstaak konsep-sie nie, sien ons daarin dat hulle 'n verligte despoot wil vind om die ordre social naturel te verwesenlik. Positiewe wetgewing moet niks anders behels as uitvoering van natuur-regtelike norme en die toepassing daarvan op bestaande toe-stande nie.<sup>288)</sup> Maar die nalewing van eeue oue tradisies sou nie sondermeer versak word nie. Die gilde bestaan wel in die assumpisie van die selfstandigheid van die ekonomiese sfeer. In die middeleeue het ons beide kerk en staat die ekonomiese sfeer sien subordineer, en was daar alleen ver-skille oor die bepaalde sfere wat onder kerk of staat sou val. Die Christelike etiek t.o.v. die justum pretium sou pryskontrole regverdig in sy ekonomiese, regs, teologiese en etiese aspekte.<sup>289)</sup> Die motiewe vir staatsintervensie sou sentreer om kommunikasie, betaalmiddele en voedselproduksie, wat terselfdertyd militêre, ekonomiese en politieke probleme van kardinale belang was. Enige behoefte wat sig voordoen, het inderdaad owerheidsoptrede opgeroep en geregverdig. Nog verder terug in die antieke het ons staatskontrole op die ekonomie aangedui, waarvan Lipson opmerk „the politics of food, involving direct governmental intervention was a dictate of humanitarianism, expediency and plain necessity.<sup>290)</sup>

286) Vgl. Smeenk C., Ontwikkeling der Maatschappy, bls.138 e.v.

287) Francois Quesnay (1694-1774). Immer Turgot was dissipel van Quesnay. Afsydig en gelyktydig moet ons onthou dat Voltaire 'n dergelike gedagte populariseer, t.o.v. 'n verligte despoot. Vgl. Cook T.I., a.w., bls.664. Vgl. van der Ploeg J.C., Cult.Gesch.der Chr., Vol.V, bls.88. Vgl. Smeenk C., Chr. Soc. Beginnselen, bls.55.

288) Polak S., a.w., bls.223-227.

289) Vgl. Lipson L., Great Issues, bls.178.

290) a.w., bls.177. Vgl. hier saaklik weer die lys van ekono-miese take deur die antieke owerhede aanvaar — Kommuni-kasie (Parsië se paaie, Klein Asië Vgl. die Romeine) betaalmiddele, (Staatmonopolie in Athene en Rome), voedselvoorsiening (graan invoer uit Sicilië en Noord Afrika) — Markkontrole, vlootbeskerming, subsidies op brood, sentrale aankope ens.

Merkantilisisme het egter onder die nasionale monargie die ekonomiese resloos gesubordineer aan politieke en militêre mag — „Hence under the aegis of mercantilism economics was necessarily the serving maid of politics.”<sup>291)</sup> Derhalwe sou die ekonomiste teen die staat wel 'n stryd om vryheid aandurf, soos die religie dit in die voorafgaande eeue gedoen het. Juis in hierdie sfeer van ekonomie en politiek sou baie insiggewende argumente omtrent die owerheidstaak geformuleer word. Dit moet egter onderstreep word dat voor die 18de eeu die intimiteit van staat en ekonomie nêrens betwyfel is nie,<sup>292)</sup> hoewel die eksesse van die merkantilisisme ook wesensvreemd was.

Die ekonomiese liberalisme, die klassieke ekonomie, en laissez-faire sou almal egter die gedagte van begrensing, out-of-bounds vir die staat poneer, wat 'n sfeer van sosiale aktiwiteit afsonder wat ten beste deur die individu self geeksploteer kan word. Die oorlaat van die agrariese en ekonomiese aan die natuur,<sup>293)</sup> is inderdaad in volle ooreenstemming met die algemene positivistiese gang van sake, waarin die opsporing van absolute natuurwette en absolute beskawingswette analogies word. Voortaan sou die normatiewe terreine en menslike samelewingsvorme onder heerskappy van gefingeerde wette geplaas word.<sup>294)</sup> Ook die staatsteoretiese denke wat sig sedert Locke in hierdie rigting beweeg, sou oor Jeremias Bentham (1748-1832) en

291) Lipson, a.w., bls.180. (Ons kursiveer).

292) Lipson, a.w., bls.175.

293) Laissez nous faire, Laissez nous passer. Vgl. Smeenk C., Christeljk Sociale Beginselen, bls.51.

294) Immers Francois Quesnay poneer die soewereine mag van natuurwette, wat die grondreël van alle positiewe wette behoort te wees. Die bestaan van 'n natuurlike en noodsaaklike orde van die menslike maatskappy, waarin die natuur 'n vrye loop kry word verkondig. „De overheid wachte er sich voor om op de vrye ontwikkeling van het economisch leven naar eeuwige natuurwetten inbreuk te maken”, Smeenk C., a.w., bls.139. Vgl. Van der Ploeg, J.C., Cult.Gesch.der Chr., Vol.V, bls.88. Die ordre positif (soos dit imperies voorkom) moet aanpas by die ordre naturel. Geen obstruksie dus vir die werking van die natuurlike orde nie — Derhalwe staatsonthouding.

James Mill (1773-1836) met 'n matematisies gekonstrueerde staatsvolk die staatsnihilisme proklameer. Die owerheids-taak konsepsie in sy utilitaristiese reduksie tot die grootste geluk van die grootste aantal, sou dieselfde natuurwetmatige onderworpenheid openbaar as die rekenkundige probleem ter verkryging van die utopies-sosiale balans.<sup>295)</sup>

Voortaan sou die afsydigheid van die staatsowerheid die beste waarborg bied vir die vrye, heilsbeskikking van 'n verabsoluteerde individu.<sup>296)</sup>

Ook die teoretiese ekonomie sou in hierdie bane volg, sodat met Adam Smith (1723-1790) Thomas Malthus (1766-1834) en Dawid Ricardo (1772-1823) natuurwette ook in die normatiewe sfeer van die ekonomie ontdek is. So sou vraag en aanbod alle ekonomiese verhoudinge reël, waarin die mens sig resloos moet onderwerp, as onveranderlike natuurwet,— waarborg vir bestendige vooruitgang tot behoud van die beste.<sup>297)</sup>

Von Humboldt sou die vryheid van die individu slegs insoverre beperk as wat staatsbeskerming nodig is teen interne en eksterne vyande, en vir Ferdinand Lasalle, word die staat 'n blote nagwag "a mere guardian of law and order."<sup>298)</sup>

295) Vgl. Strauss H.J., Vakbondwese en Westerse beskawingsverval, bls.2-3.

296) Ook de Molinari poneer dat natuurlike wette die voortbrenging en verdeling van rykdomme op die nuttigste wyse beheers. Daarom moet alle natuurlike hinderpale verwyder word, en ook geen kunsmatige hindernisse geskep word nie. Vgl. Smeenk C., a.w., bls.143. Vgl. Van der Ploeg J.C., Cult. Gesch. der Chr., Vol.V, bls.89. Hy wys daarop dat die idee van ordre naturel gemeengoed bly tot in die 19de eeu, en selfs Marx se ekonomiese determinisme bepaal.

297) Strauss H.J., Vakbondwese, bls.2-3. Vgl. Van der Ploeg J.C., Cult. Gesch. der Chr., Vol.V, bls.89. "als men deze natuurlike rechten nu maar eerbiedigt, dan zal een ideale toestand ontstaan"—derhalwe staatsonthouding in die mees optimistiese sin. Dit is inderdaad slegs een koers. Die ander koers is dié van Robert Malthus (pessimisme t.o.v. oorbevolking)—Ricardo en Lasalle (loonteorie).

298) Osgniach, A.J., a.w., bls.93. Vgl. Smeenk C., Chr. Soc. Beginselen, bls.45.

So het die ekonomiese individualisme die owerheidstaak teruggedwing tot die negatiewe funksies van orde- en regtebeskerming. Nietemin is die denke, ook van J.B. Say en F. Bastiat naas dié van Smith en Ricardo, van fundamentele betekenis beskou by die Industriële Revolusie,<sup>299)</sup> waar die vryheidskreet die weg sou baan vir aktiwiteit, want die owerheidstaak is nou om vir elke individu die wydste aksie sfeer te verseker, in blote regsbeskerming. Dus kan Kant tereg poneer dat die primêre staatsdoel gesoek moet word in "an equal measure of liberty and not in promoting the general welfare."<sup>300)</sup> Hierdie uiteindelijke redusering van die staat, — van Godswet geëmansipeer, ook van alle ander humanistiese idealisme — tot die eksklusiewe beskerming van persoonlike vryhede, lewer aan ons 'n owerheidstaak waarin geen etiese of morele wette inmeng met die meganiese-materialistiese selfaandrywing nie.<sup>301)</sup>

Die klassieke ekonomiste opereer dan met ekonomiese wette, in die pretensie om vir die ekonomiese lewe 'n wetenskap te skep op dieselfde basis as die natuur- en skeikunde. Aan die aldus gekonstrueerde wette mag niemand raak nie, en daarin kan ook geen vakorganisasie of owerheidsaksie geduld word nie. Juis hierin sou die gevaar vir die afsydige

-----  
299) Smeenk C., Chr. Soc. Beginnselen, bls.59 e.v.

300) Vgl. Osgniach A.J., a.w., bls.91-2. "Under the aegis of this theory vice and corruption will find a fertile soil for growth and expansion" — 'n passiewe staat wat as't ware die vernietiging van die etiese aspekte aanmoedig — "Rather it has the duty to aid by passivity the affront directed against what is most sacred and dear to the family and society itself." So verklaar Mirabeau in dié gees, laat ons die mens sien soos God hom wil sien, onbepaalde heerser oor sy persoon en goedere en daarvoor slegs aan die natuur verantwoording verskuldig. Vgl. Smeenk C., a.w., bls.139.

301) Vgl. Osgniach A.J., a.w., bls.91-2. Vgl. in dié verband, Lasalle se ysterloonwet en Dawid Ricardo se loonteorie. Polak S., a.w., bls.261. 'n Teorie wat van Smith tot Mill (1869) van krag bly. Eers Thornton sou dit in 1869 deeglik afkam! Vgl. Smeenk C., Chr. Soc. Beginnselen, bls.60 e.v.



staatshuishouding geleë wees, dat slegs in betreklik geringe gevalle (soos onder andere die waarde verskynsel) die kausale verband met dusdanige sekerheid vasgestel kan word sodat van wette gespreek kan word. Daarom word eerder die woord tendens gebruik.<sup>302)</sup> Nietemin sou die liberale staatslui in ooreenstemming met die klassieke ekonomie slegs 'n geringe en beperkte owerheidstaak in die ekonomiese visualiseer.<sup>303)</sup> Is eenmaal die outonomie van die mens op godsdienstige en politieke terrein geproklameer, en die deurwerking van die sonde op alle lewensterreine — ook die ekonomiese — ontken, sou Lasalle weldeeglik sy kleppermanstaat kan proklameer, want nou is daar ook geen oog vir die struktuur van die staat en die Goddelike instelling van die owerheid nie.

Adam Smith reduceer dan die owerheidstaak tot drie aspekte, naamlik, beskerming teen geweld (intern en ekstern), vasstelling en handhawing van die reg en sekere openbare werke wat die individu nie kan onderneem nie.<sup>304)</sup> Ook vir hom is die samelewingsorde weinig anders as die somtotaal van losstaande individue van wie die aksie en reaksie meganies-deterministies die gemeenskaplike welsyn sal verwek — derhalwe skaars ruimte vir enige owerheidstaak. In dié trant sou ook die epigone van Smith in die eerste helfte van die 19de eeu toonaangewend bly. Smith se invisible hand<sup>305)</sup> het

302) Aldus Dr.C.A.Verrijn Stuart, De Wetenschap der Volkshuishouding, bls.34. Vgl. Smeenk C., Ontw. der Maats., bls.143. Vgl. ook sy Chr. Soc. Beginselen, bls.61,73.

303) 'n Voortsetting van die owerheidstaak soos deur die Fisiokrate konsipieer — onderwys, verdediging en regsbedeling in engere sin. Op stoflike gebied het die owerheid dan vrywel geen taak om te vervul nie — geen arbeidsbeskerming, geen korreksie op sosiale ongelykheid nie. 'n Bedrieglike optimisme wat roem in die verligting en inderdaad die sondewerklikheid nie sien nie. Smeenk C., a.w., bls.141. Vgl. van der Ploeg J.C., Cult. Gesch. der Chr., Vol.V, bls.85.

304) Vgl. Bühler, Public Finance, bls.9. Sien Smith A., Wealth of Nations, 1776, Boek IV, Hoofstuk 9. Vgl. Smeenk C., Chr. Soc. Beginselen, bls.59 e.v.

305) Vgl. ook Finer H., Representative Government and a Parliament of Industry, Allen & Unwin, London,1923, bls.121.

die positiewe bewuste taak van 'n van God met amp-  
beklede owerheid, vervang. Dat hiermee nie rekening gehou  
word met verskille van plek, tyd en omstandighede en die be-  
sondere gesteldheid van elke land en volk nie, is duidelik.<sup>306)</sup>  
Smith erken egter nog die bestaan van riële groothede wat  
meer gehoorsaamheid afdwing as die ekonomiese wette. Daar-  
om erken hy dat die nawigasie wetgewing van Cromwell, hoewel  
skadelik vir vrye handel, vir die Britse Ryk onmisbaar is.<sup>307)</sup>  
As hy egter nog gemeenskapsbelang erken, sou die Manchester  
skool na die eeuswisseling deurgevoerde individualisme  
predik.<sup>308)</sup>

Dat in die sogenaamde lande van die regstaat, en by  
name Engeland, ten tyde van Smith se stellinge nog veel  
owerheidsbemoeiing was, verdien egter saaklik ons aandag.  
Die gedagte dat die Amerikaanse kolonies vanweë die merkan-  
tilisme verlore gegaan het,<sup>309)</sup> het nouliks sanerend ingewerk.  
Oral bestaan invoerregte op sulke kommoditeite soos seep,  
kerse, leer en sout. Die invoerregte op koring word steeds  
behou. Die uitvoer van wol, deur Karel II (1660-85) verbied,  
word gehandhaaf. Die uitvoer van masjienarie vir breiery en  
tekstielware is beperk. Mynwerkers is nog steeds gedwing om  
grondhoriges te bly, en kry eers in 1797 werklike vryheid.  
Die vakleerlingwette van Elizabeth (1558-1607) word streng  
toegepas. Die verbod op arbeider-emigrasie sou pas eers in  
1824 herroep word. Die verbod op vakverenigings (1779)  
dateer egter uit die nuwe tydperk, en is eers onder Smith

-----  
306) Vgl. Diepenhorst P.A., se kritiek, Smeenk C., Ontw. der Maats.  
bls. 147. Vgl. ook sy Chr. Soc. Beginselen bls. 61-2 vir  
Diepenhorst en Bordewyk se kritiek en die probleem  
van verwarring tussen ekonomiese teorie en ekonomiese  
politiek.

307) Polak S., a.w., bls. 240.

308) In die verband verdien ook melding die anargisme van  
Kropotkin e.a. en die uiterste individualisme van Her-  
bert Spencer.

309) Vergelyk in die verband ook Burke se pleidooie vir vry-  
heid vir die kolonies t.o.v. handel en industrie, Vgl.  
Cook T.I., a.w., bls. 692-4.

se invloed passeer.<sup>310)</sup> Die binnelandse beweging van persone met die oog op die armwette is eers in 1793 deur Willem III opgehef. Trouens in 1756 word stukwerk nog bywyse van wetgewing gereël. Die herroeping van beperkende wetgewing neem dan pas in 1757 'n aanvang. In 1776 weier die House of Commons die petisie oor die spinning jenny. Daarmee begin die laissez-faire beleid hier kragtig deurwerk. "Within a generation" sê S & B. Webb, "the House of Commons exchanged its policy of protection for one of administrative nihilism."<sup>311)</sup>

Tot die Industriële Revolusie was die ekonomiese probleme gesentreer rondom grondbesit en grondverdeling, voedselvoorsiening, buitelandse handel en prysbeheer. Wel is oor besonderhede verskil, maar "that the power of the state could include the general control of the economy was not an article of dispute."<sup>312)</sup> Waar Smith staan ten tyde van die ontluikende industrie, en die groeiende wêreldbedryf, is sy leer baie welkom as draer van die persoonlike vryheidsreg. Hy predik staatsonthouding en bedryfsvryheid juis toe die burgery van Engeland daartoe, vanweë hulle beskawings-toestand en -mondigheid, bevoeg is en dit verwelkom. So parasiteer die humanisme dan weldeeglik op die beskawingsprodukte van die reformatie!

-----  
310) Vgl. Strauss H.J., Die Vakbondwese en Westerse Beskawingsverval, Sacum Brosjyre, bls.3. Inderdaad deur Smith reeds in 1776 bepleit. Vgl. Adam Smith, Wealth of Nations, Boek I, bls.48.

311) History of Trade Unionism, London, 1920, bls.48.

312) Lipson L., a.w., bls.176.

AFDELING III.

A. DIE REVOLUSIONÊRE TYDPERK.

- Die formidabele taak vir die Franse owerheid temidde van die chaotiese anargisme, waarin die vors nomineel deur 'n burokrasie gekontroleer word, sou gedurende die 18de eeu daartoe lei dat aan die individu alle inisiatief en ondernemingsgees ontnem word, terwyl die stede selfsugtige oligargië word „unenterprising, corrupt, sluggish.“<sup>313)</sup> Insgelyk was die bemoeienis van regeringsamptenare in die landelike gebiede noodlottig in soverre as wat die volk daarin onderrig is dat die owerheid vir hulle welvaart — in alle besonderhede daarvan — verantwoordelik is. Waar hierdie intendants voorts by die insameling van taille, gabelle en corvees geassosieer word met die oorblyfsels van feudalisme, sou die wrewel van die volk ook daarteen oplaai sodat met die uitbreek van die revolusie die ontevredenheid met die burokratiese verknegting vrywel universeel was.<sup>314)</sup> In die regspraak was benewens feudale jurisdiksie, ook die Parlements in die weg van persoonlike vryheid. Die Franse stelsel van die 18de eeu was 'n verwarde massa van feudalistiese oorblyfsels, waarin die finansiële hervorminge van Necker en Turgot steeds op die Parlement van Parys stuit.<sup>315)</sup> 'n Kragtige burokrasie slaag daarin om die middelklasse van alle aandeel in regeringsake te weerhou „also of all share in the management of their own affairs.“<sup>316)</sup> Die burgery het egter reeds 'n ryk en goed ontwikkelde groep uitgemaak, maar alle vooruitgang is deur sekere dienste bemoeilik, almal oorblyfsels van 'n uitgediende stelsel.<sup>317)</sup> Trouens die boere

313) Hassal, a.w., bls.265. Staatsbemoeiing sê hy "deprived individuals of all incentive to enterprise."

314) Hassal A., a.w., bls.265.

315) Vgl. Hassal A., a.w., bls.269.

316) Hassal, a.w., bls.267.

317) Hassal A., a.w., bls.267.

glo dan wel dat revolusie om die bestaande landelike en fiskale beleid te vervang, die enigste oplossing is, veral omdat die revolusionêre gedagte by die breëre massa aanklank gevind het. Die proses word inderdaad bevorder deur die treurige toestand van die Franse kerk en die genoemde sosiale misstande. Veel het inderdaad op hervorming gewag, ook op staatkundige gebied, egterniks wat revolusionêre afbraak regverdig nie, maar dit het die leidsliede ontbreek aan perspektief en visie tot tydige ingrypende hervorminge.<sup>318)</sup> Daar moet steeds onthou word dat die derde stand, en nie die vierde stand (arbeiders) nie, die leiding van die revolusie op hulle neem, en juis die vierde stand uitskakel in die organisasie-verbod en sensuskiesreg (3 Nov.1791):

Vir die owerheidstaak haal ons slegs enkele grepe uit die era. 4 en 5 Augustus 1789 staan dan wel aangemerkt as die finale breuk met die feudalisme en middeleeuse korporatiewe ordening. Trouens die afskaffing van heredienste, erflike ampte, en privilegies van gilde, stede en provinsies, dui op 'n nuwe maatskaplike ordening wat in die lyn van Hobbes na Rousseau die staat as hoogste soewerein poneer tot uitskakeling van alle tussengeledinge.

Die verklaring van die regte van die mens en die burger, wou Lafayette laat aanvul met die onvervreembare reg van verset teen onderdrukking en beskerming van individuele eiendom as staatsdoel.<sup>319)</sup>

-----  
318) Derhalwe kan Groen van Prinsterer poneer "'n omwenteling is niet dé Revolusie. Deze laatste was de vrucht van ongelooftheorieën." Vgl. ook Smeenk C., a.w., bls. 154 e.v. Vgl. ook De la Saussaye se uitspraak in 1853 "dat de Revolusie niet zo zeer is enige historis- che gebeurtenis, als veeleer de geest van verwerping van elk gezag, die in de Franse revolusie voor het eerst als een heersend beginsel in de wereldgeschiede- nis is openbaar geworden." Vgl. ook Edmund Burke se besware teen die Revolusie, Cook T.I., a.w., bls. 695 e.v.

319) Bartstra J.S., Rede, Revolusie, Romantiek, in De Pelgrimstocht, bls.4.

Onder die Nasionale vergadering tref ons die reorganisasie van die kerk, met burgerlike inrigting van geestelikheid op die basis van volksoewereiniteit — voortaan gekies en dan 'n eed aflê aan die koning, die wet en die nasie! Die huwelikslewe van die burgerstand sou bowendien onder siviele wette staan.

In die voorjaar van 1793 sou die ekonomiese stagnasie, die owerheid laat oorgaan tot die voor-revolusionêre merkantilisme deur inbeslagneming en minimum pryse, hoewel die Girondyne doktrinêr aan die vryhandel sisteem vashou.<sup>320)</sup> Hulle sou egter swig voor ekstremiste met sosialistiese denkbeelde en die buitelandse gevaar waardeur die aristokrate meer aktief wêrd.<sup>321)</sup>

Die instelling van die Revolusionêre regbank op 10 Maart 1793 laat die reg van appél verval in staatsbelang. Robespierre se algemene wet op maksimum maak alles slegs 1/3 duurder as in 1790 en alle lone die helfte hoër.<sup>322)</sup> Dit, naas sy pogings tot invoering van 'n natuurlike staatsgodsdienst, kenmerk hom weldeeglik as revolusionêre vernietiger, besiel met die staatsgedagte.

Die gebonde ekonomie sou in skrilte kontras staan met die individualistiese gees van die revolusie. Maar as op 24 Nov. 1795 vrye handelsverkeer herstel word, volg 'n ekonomiese debakel, waarin pryse die hoogte in skiet. Merkwaardig is dit dat in hierdie tyd in Engeland met die misoeste van 1794 en 1795, 'n minimum loon vir armes vasgestel

-----  
320) Immers die Bergmanne wil nie ekonomiese reëling hê nie, omdat dit die verkoop van nasionale goedere en daarmee die finansiering van die revolusie in gevaar bring.

321) Na 2 Junie 1793 sou die Herbertiste 'n revolusionêre leer eis om die boere hulle voorrade wat hulle vashou af te pers, de rol van Cromwell te spelen! Bartstra J.S., a.w., bls.484.

322) Bartstra J.S., a.w., bls.485.

word, wat weer in stryd is met die laissez-faire gedagte.<sup>323)</sup>

Die Direktooraat en Napoleon sou bowendien in nood-toestande fungeer met pers sensuur. Ekonomiese maatreëls onder invloed van Francois Romel, soek die ewewig tussen geleide ekonomie en die vrye ekonomie wat die doktrinêres handhaaf.<sup>324)</sup> Trouens Napoleon was geroepe om vryheid en orde te versoen.<sup>325)</sup> Hy aanvaar dan sy taak in die antiek-monargale rigting met alles wat dit impliseer ten opsigte van staatsraison. Merkantilistiese praktyke sou weldra weer floreer in die oprigting van openbare werke, en 'n nasionale Franse bank, naas aanmoediging van handel. Met onderwys - laer, middelbaar, tegnies en universitêr - blyk hy weldeeglik bewus te wees van daardie eise gestel aan die owerheids-taak.<sup>326)</sup> Hy sou egter in die regspraak met sy siviele kode, (1804) wat in 1807 as die Code Napoleon kulmineer,<sup>327)</sup> juis op die tipiese owerheidstaak konsentreer as voorvereiste vir 'n geordende staatslewe. Die konkordaat met die pous (1801 en 1802) sou die verhouding tussen kerk en staat reël.<sup>328)</sup> Sy bemoeienis met die huwelik is vir ons verder van belang, en kan oor die algemeen poneer word dat indien 'n Roomse staat onder sy invloed was, dit siviele egskeidings toelaat.<sup>329)</sup>

323) en as die loon te laag was, 'n koei gratis uit die publieke kas! Bartstra J.S., a.w., bls. 490.

324) Bartstra J.S., a.w., bls. 497.

325) Hassal, a.w., bls. 282.

326) Insiggewend is dat plaaslike owerhede vir laer onderwys verantwoordelik is.

327) Dit behels o.a. vryheid van persoon, geloof en arbeid. Die versakeliking van die huweliksreg en ook 'n onbeperkte eiendomsreg. Opgestel deur Trouchet en Portalis is dit tereg genoem die maatskaplike bybel van die gehele rasionalistiese bourgeoisie van die westerse wêreld - Bartstra J.S., a.w., bls. 506.

328) Daardeur word die R. Katolieke godsdienst as die godsdienst van die meerderheid van die Franse staatsburgers erken. Alle openbare eredienste gehou te word deur geestelikes wat 'n eed van trou sweer aan burgerlike owerheid. Opgee van alle aanspraak op vervreemde grond. Volgens die konkordaat van Julie 1801 kry die eerste konsul soos die eertydse konings die benoemingsreg van biskoppe! "Men kan lachen over die auguren, maar het is goed met hen de heilige kippetjies op te eten." Vgl. Smeenk C., a.w., bls. 138 e.v. Vgl. Bartstra J.S., a.w., bls. 504. Napoleon was aanvanklik bereid om die Roomse kerk as staatskerk te erken.

329) Fisher, Studies in History, bls. 210.

Teenoor die heersende laissez-faire gedagtegang sou hy tariefwette om goud in Frankryk te hou, passeer en veral sy kontinentale stelsel as oorlogswapen skep. Geen tussengeledinge is geduld, in 'n beleid wat tegelyk revolutionêre-demokraties en gesentraliseerd was, deurdrenk met die sekulêre gees van die revolusie nie. Tereg merk Fisher op "no corporations religious, legal or industrial are suffered to abridge the liberty of the individual or to intercept the power of the state."<sup>330)</sup>

Temidde van die revolusionêre gewoel sou Napoleon die owerheidstaak in tipiese en a-tipiese sin handhaaf in weerwil van opkomende laissez-faire. Maar hy sou die militêre aspek oorspan en daarmee verval in Machiavelliaanse taakwaardering en bepaling onder sy eie hartstogte.

### III.B. Die Wêreldbeeld aan die einde van die 18de eeu.

Ter afsluiting van hierdie hoofstuk is 'n kritiese oorsig van die wêreldbeeld by die eeuswisseling nodig.

Intussen het ons die owerheidstaak vanaf die begin van die 16de eeu gevolg totdat ons enersyds 'n gematigde vorsabsolutisme sien oorgaan in staatsnihilisme, soos in Engeland, andersyds sou die poging om aan vorsabsolutisme te ontkom op anargie en revolusie uitloop, met gevolglike heropname van die antiek-monargisme deur Napoleon.

Daarmee is die revolusionêre gedagte egter nie uitgebou nie, en sal die volgende eeu enersyds neig na verregeande nihilisme (Engeland) en andersyds na gematigde vorsabsolutisme op die vasteland, wat self weer sou kulmineer in staatsosialisme. Om dan hierdie rigtings van die 19de en 20ste eeue korrek te bepaal moet ons weer saaklik let op die samelewingsbeeld wat deur Spinoza en Bayle (1647-1706) gepropageer word, waarin die kerkidee dermate deur die staatsidee verdring is, dat die humanistiese ideale deur die bestrewers

-----  
330) Studies in History and Politics, bls.200.



daarvan in teorie slegs verwerklik kon word in die sekularisasie van alle lewensgebiede. Reeds in die 17de eeu is hierdie koers merkbaar sodat die Aufklärung inderdaad slegs 'n voltrekking van 'n proses was.<sup>331)</sup> Die verhouding van die owerheid en die religie beweeg dan spoedig in die rigting van 'n staatskerkgedagte.<sup>332)</sup> Uitgaande van die rede as toetssteen van alle waarheid, is die evangelie veral deur Spinoza en Bayle verintellektualiseer en gerelativeer tot moraal.<sup>333)</sup> Welliswaar 'n gees van kritiek op die kerklike wêreldbeskouing, waarin die rede in sy aanmatigende outonomie, meen om eeueoue vooroordele met heldere rede-begrippe te vervang! Die felle aanslag volg dan op die Christendom waarvan die pretensie, as alleensaligmakende koers, in die weg staan van 'n humanistiese "Welt-kultur", waarin die Skrifinhoud gereduseer word tot God, deug en onsterflikheid. Juis vind die onderworpenheid aan die Goddelike Woordopenbaring wel ondergrawers in die Renaissance en vroeg-humanisme, maar die norme waarop hulle bou kristalliseer nog nie tot dusdanige algemene aanvaarding, om 'n merkbare gevaar vir die oningeligte te wees nie. Die Aufklärung pretendeer egter as norm die ewige waarheid van die rede.<sup>334)</sup> So staan

- 
- 331) Haitjema Th.L., Crisis der Outoriteit, Cult Gesch. der Chr., Vol. IV, bls. 108.
- 332) Spinoza ken aan die owerheid 'n beslissende rol toe in die openbare beoefening van die religie - 'n publieke religie, in diens van die staat tot ware deug - So kom die owerheid 'n bevoegdheid toe in die uitleg van die skrif (Boek van die religie!). Vgl. Haitjema Th.L., a.w. bls. 104.
- 333) Spinoza se ware deug, Bayle se morale évangélique en Leibniz se solidé piété is hiervan getuigenis. Vgl. Spinoza, Ethics, Everyman's Library, 1941, IV, 1, V, 23. Vgl. Haitjema Th.L., a.w., bls. 108. Want die Aufklärung verset sig teen 'n kerklik gebonde kultuur, gegrond op die volstrekte gesag van die besondere openbaring. Die organiese kerkstaat-kultuur, wat deur die Calvinisme ook in takt gehou is hoewel vanuit 'n nuwe dinamiese middelpunt van die samelewing, die lewende Woord van God wat deur die kerk verkondig moet word, word nou resloos uitgeban. Vgl. Haitjema Th.L., a.w., bls. 108.
- 334) So kan Spinoza dan verklaar dat Godsopenbaring nooit iets anders met gesag kan openbaar as die ware sedelikheid nie.

die godsdiens-wysgerige Deïsme, as kind van die verligting, in volle wisselwerking met die gees van Descartez, Spinoza en Bayle.<sup>335)</sup> Waar hierdie gees in Frankryk 'n meer geforseerde radikalisme en revolusionêre karakter aangeneem het, teneinde alle geeste te rig op vryheid, gelykheid en broederskap,<sup>336)</sup> staan dit tydhistories gebonde en het die toestand van die burgers daarmee veel te doen.

Ook in Duitsland sou die sekularisme eers in die gewaad van sintese by Christiaan Wolff verskyn, wat probeer aantoon dat dié gees in volle ooreenstemming met die evangelie is. Deur hom het dié gedagte op staatkundige terrein nie onbetuigd gebly nie. Na hom sou Lessing (1729-1781) en Kant (1724-1804) die sekularisering deurvoer, tot wat Troeltsch noem die entheologisering van alle lewensgebiede,<sup>337)</sup> selfstandig in hulle ontkerstenheid, soos ook die outonome individu. Die gees van intellektualisme waardeur alle denke tot uitgebreidheid gereduseer word, sou via Descartez nog steeds deurwerk.<sup>338)</sup> Die diensbaarstelling van alles aan die algemene bruikbaarheid, sou bowendien 'n miskenning van diepte in die gemoedslewe, 'n sentimentalisme en filantropiese dweepsug, naas 'n diesseitige optimisme, as korrelate opdoek.<sup>339)</sup>

---

335) In die gedagtegang dat God die wêreld met vaste wette voorsien het, en Hom dan verder nie weer daarmee bemoei nie. Dit is inderdaad wat Vinet 'n vergulde atheïsme genoem het. Smeenk C., a.w., bls.139.

336) Haitjema Th.L., a.w., bls.110. Vgl. die meevoering van die kultuurlewe, met die wysheid van die ensiklopediste de la Mettrie, L'Homme Machine en Holbach, Systeme de la Nature.

337) Vgl. Haitjema Th.L., a.w., bls.111.

338) Vgl. Venter E.A., a.w., bls.102.

339) Die oppervlakkige almanak verligting waarvan Da Costa praat, Haitjema Th.L., a.w., bls.111-2. Prof. Waterink, Cult. Gesch. der Chr., Vol.IV, bls.139, merk op dat daar geen poging was om vanuit die openbaring van God die roeping teenoor die lewe te bepaal nie, maar dit is gedoen in culturele habitas. Die mens redeneer vanuit die sosiale struktuur na Christus toe!

As alle beskawingsarbeid geleidelik van die Christelike wortel losgesny word, en wetenskap en wysbegeerte die gesagsbande van Gods Woord sowel as kerklike dogma deurbreek tot gewaande rus in rede-outonomie, is dit alles in ooreenstemming met die sekulariseringsdrang van die humanisme wat met 'n selftevreedenheid in Deïstiese religie, alle kerklike godsdienstigheid verloën.<sup>340)</sup> Die mensdom het sig andermaal geerger aan die kruis van Christus!

Ook die staat en die staatkunde sou in dié proses prinsipiëel verheidens word, as alle owerheidsgesag in die natuurregtelike vryheidsgebied van die individu wortel. Wel is die natuurregsleer van die 18de eeu, in<sup>die</sup> aansluiting van Huig de Groot by die middeleeuse skolastiek, na die antieke terug te voer, maar die verdragsteorie sou tans in sy uiterste sekulêre gewaad gepopulariseer word, en aldus 'n neutrale staat. Hieraan sou selfs die kerkreg nie teen infeksie immuun bly nie — getuig die kerkorde van Willem III in 1816.<sup>341)</sup> Die gedagte van die staatskool sou voorts weldra die onduidelikheid van kerklike toesig in die onderwys vir die humanisme illustreer.

By die eeuswisseling sou die beskawingskoers van positiewe, op God gerigte ontwikkeling plek maak vir 'n negatiewe, koers met 'n Welt-mensch-gerigtheid. Tereg merk Troeltsch op dat alles getuig van die werklikheidsvreemdheid van die Godsbegrip vir die moderne laboratorium mens — vandaar sy soek na 'n algemene natuurlike godsdienst.<sup>342)</sup>

340) Vgl. Haitjema A., a.w., bls. 113.

341) Vgl. egter hier ook die Psalm-beryming van 1773 deur die owerheidsbemoëing ingevoer, wat inderdaad nie vry was van die verligtingsgees nie. Tog het die kerk dit geduld sonder teenstand. Vgl. Smeenk C., a.w., bls. 136. Dieselfde verskynsel is in Oostenryk onder Josef II aangetref. As die regering met die Jesuïete bots hef die pous die orde op in 1773 en dit is eers in 1814 weer herstel!

342) Haitjema A., a.w., bls. 114. Vgl. Spinoza se algemeen Christelike geloof, Kant se algemene natuurlike godsdienst en Herbert Cherbury se vyf algemene begrippe van alle religie. Vgl. Smeenk C., a.w., bls. 136.

Dit alles impliseer 'n verdunning van die ware wese van die evangelie van Christus. Ons kan derhalwe die opkoms van die oud-liberalisme as voorbeeld poneer van hierdie religieuse verslankingsproses, wat deur die Aufklärung voltooi is.<sup>343)</sup> Trouens die brutale verwerping van godsdiens deur de Montesquieu, — wat die pous as 'n verslete afgodsbeeld tipeer — of die giftige galdrup van 'n Voltaire, kenmerk waarlik 'n tydstip waar die Roomse kerk dan wel kulturele agterlikheid verkies uit vrees vir die gevare van intellektuele ontwikkeling.<sup>344)</sup>

Die invloed van die hervorming neem geleidelik af, en in die brute omwentelinge van die laaste doodsnikke van die eeu sou finaal die God van die Skrifte verlaat word vir die godin van die Rede.

Juis hierom getuig die onrusbarende koers van die owerheidstaak, wat ons onder liberalistiese denkfilosofie in die rigting van staatsnihilisme sien ontwikkel, van struktuurverwoesting aangerig in 'n nog ontluikende samelewingsorde. Daarom kan ons tot geen gesagsbeskouing geraak wat die owerheid in sy van God geroepenheid herstel nie, en daarom 'n owerheidspersoon gedegradeer tot 'n mandataris, 'n vaagomskrewe meganies-individualistiese ratwerk van wie die perpetium mobile die outonome, godgeworde individu is.<sup>345)</sup> Daarom geen suiderkruis om die humanistiese owerheid selfs

-----  
343) Die leerstuk van die sondeval sou aldus in moraliserende optimisme van 'n christologie en biblisme opgedoek word.


344) Van Duinkerken A., Saecularisatie, Cult. Gesch. der Chr., Vol.IV, bls.127. Hy wys daarop dat die houding van Rome in die opsig te regverdig is, teneinde die volk te beskerm. Smeenk C., a.w., bls.137 skrywe "En in de gelovige, veelal eenvoudige kringen ontbrak de veerkracht, ook het intellektuele vermogen om tegen de geest der eeuw het nodige verweer te bieden."

345) Daarom sou in die Franse Revolusie gehoor word "daar is één god, die volk."

die koers en inhoud van die owerheidstaak aan te dui nie, behalwe die sondegebroke rede-lig, — deur die nuwe afval nog verder verdof — Geen wonder dat Edmund Burke sou waarsku dat die gepredikte beginsels sou lei tot revolusie, skrikbewind en diktatuur nie.<sup>346)</sup>

---

346) Vgl. Cook T.I., a.w., bls.704. Vgl. ook Smeenk C., a.w., bls.134.



389/Hoofstuk IV.....